YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH WEST UNIVERSITY
NOORDWES UNIVERSITEIT

Vaaldriehoekkampus

DIE CRUYWAGENS VAN SUID-AFRIKA: 'N GENEALOGIESE EN KULTUURHISTORIESE ONDERSOEK (1690 – 1806)

WILLEM ADRIAAN CRUYWAGEN
HONS. BA (UP), D. Phil. (h.c.)(UP)

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in die Vakgroep Geskiedenis in die Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof JWN Tempelhoff
Hulppromotor: Dr D Prinsloo (UNISA)

Vanderbijlpark
2004

NOORDWES UNIVERSITEIT
VAALDRIEHOEKKAMPUS

SAMEVATTING

Die navorsing oorsien die bewindvoering van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap van 1690 tot 1806 en is afgestem op 'n tak van 'n Kaapse familie, die Cruywagens, van wie die skrywer 'n afstammeling is. Die Cruywagen-stamvader, Jan, 'n meulenaar, het met sy tweede vrou en 'n seun, Meendert, gebore uit die eerste huwelik, in 1690 in die Kaap aangekom gedurende die regeertyd van goewerneur Simon van der Stel. Hy het spoedig 'n vryburger geword en as herbergier, soos die meeste ander inwoners van die gehuggie aan die voet van Tafelberg, 'n lewenstog gemaak. Die voorsiening van inwoning, voedsel en drank aan die passasiers en bemanning van verbyvarende vlote was 'n winsgewende bedryf en het Jan en sy seun spoedig in staat gestel om dorps- en plaaseiendomme te bekom. Meendert se seun, Johannes, wat die plaasgrond oorgeneem het, was vir 18 jaar van 1724 tot 1742 'n houer van 'n perseel van die vleispag vir die voorsiening van vleis aan kompanjieskepe, die hospitaal en dorpsbewoners. Sy veeplase wat gestrek het van St. Helenabaai in die noorde tot aan die mond van die Gouritsrivier naby Mosselbaai het in 1739 om en by 39 000 morge beslaan. Teen daardie tyd was hy beskou as een van die welvarendste Kaapse burgers. Hy het persoonlike verbintenisse met die Kaapse owerhede en hoë kompanjiesamptenare gehad en 'n betekenisvolle invloed op Kaapse sake uitgeoefen. Dieselfde het gegeld vir sy twee seuns, Jan (IV) en Gerhardus Hendrik, notabele burgers, wat 'n prominente rol gespeel het in die Patriotbeweging van 1779. Die navorsing eindig met die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806.

Aandag word nie slegs aan vooraanstaande persone gegee nie, maar wel ook aan die leefomstandighede, gebruike, gewoontes, tradisies en ingesteldhede van "gewone" burgers. Wetenswaardige inligting is bekom deur ondersoek te doen na die lewe van die ongenoemdes en ongesiendes – hulle lewensverhale voeg waarde by die gebeure wat hulle lewens geraak het,

Die basiese waarheid dat die genealogie van elke land deur die verloop van die geskiedenis van 'n land bepaal word en dat die geskiedenis van 'n land toegelig word deur sy genealogie, word beklemtoon.[1] Deur die integrering van genealogie met

[1] L.G. Pine , *The genealogist's encyclopedia*, p.91.

kultuurgeskiedenis en ander dissiplines van die geskiedeniswetenskap is 'n nuwe metodologie ontwikkel wat moontlik vrugbaar deur ondersoekers aangewend kan word.

ABSTRACT

The research covers the time of Dutch East India Company rule at the Cape from 1690 to 1806, and focuses on a branch of an early Cape family, the Cruywagens, of which the writer is a lineal descendant. The Cruywagen ancestor, Jan, a miller, his second wife, and a son, Meendert; born from his first marriage arrived at the Cape in 1690 during the governorship of Simon van der Stel. He soon became a free burgher and, like most other Capetonians, provided board and lodging to the crews and passengers of passing fleets. The good profits reaped from the lucrative boarding-business enabled Jan and his son to acquire town properties and extensive agricultural land. Meendert's son, Johannes who inherited most of the farmland, was for eighteen years, from 1724 to 1742, the holder of part of the "pag" or licence to provide the Company with meat for its ships, the hospital and the town. His cattle farms which stretched from St. Helena Bay in the north to the mouth of the Gourits River near Mossel Bay in 1739 covered nearly 39 000 morgen. By 1739 he was considered to be one of the most affluent burghers of the time. He had many dealings with the government and senior Company officials and exerted a meaningful influence on the affairs of the Cape. The same accounts for his two sons Jan (IV) and Gerhardus Hendrik, notable gentlemen who were prominent in the Patriot movement of 1779. The research ends with the second British occupation of the Cape in 1806. Attention was not only given to notable individuals but also to the general living conditions, customs, traditions, beliefs and dispositions of the ordinary citizens and countrymen. Interesting evidence on certain historical periods was collected by studying the lives and activities of the quiet, sometimes unnoticed individuals – their life stories impart meaning to the events which they experienced. The research underlined the basic truth advanced by L.G. Pine in his *The Genealogist's Encyclopaedia*, namely *The genealogy of every country is determined by the course of history; conversely, the history of a country is elucidated by its genealogy.*[1]

By integrating genealogy with cultural history and other historical disciplines a new methodology is advanced in the belief that it may prove advantageous to future researchers.

[1] L.G. Pine, *The genealogist's encyclopedia*, p. 91.

DANKBETUIGINGS

Aan prof. Johann Tempelhoff, 'n woord van hartgrondige dank. In die eerste plek omdat hy 'n kandidaat, wat normaalweg nie meer as 'n student sal deurgaan nie, aanvaar het. Voorts vir sy simpatieke leiding, raadgewing en verrykende gesprekke rondom die onderwerp. Dit is deur sy toedoen dat die manuskrip met die nodige bywerking na 'n proefskrif opgegradeer is. Sy bydrae om die finale werkstuk iets van 'n unieke status te gee, was nie gering nie.

As tweede in bevel verdien dr. Dioné Prinsloo besondere dank en waardering. Haar deeglike nagaan van ingelewerde werk het verfyning van die inhoud en taalgebruik verseker, ook dat kommas korrek geplaas was! Haar dinkwerk saam met prof. Tempelhoff het 'n deeglike produk verseker.

Vir steun en aanmoediging van kinders en kleinkinders, my opregte dank. Meer bepaald aan Rialine wat boeke aangedra het van UNISA se biblioteek (waar skrywer 'n buitelid is), aan Erika wat getik en Hannes en Albert wat rekenaar- en tegnologiese dekking en hulp verskaf het.

Aan my vrou, Snow, wat my vir ongeveer vyf jaar aan my lessenaar afgestaan het en lang tye saam met my in argiewe gesit het, DANKIE! Ek kan nie beter doen as om hierdie finale produk met liefde aan haar op te dra nie.

Aan die God van die geskiedenis, wat aan die Cruywagens 'n stippel-ruimtetjie in sy groot verhaal gegee het, en my begunstig en begiftig het om iets daarvan te vertel, lof en dank!

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING **1**

Historiografiese oorsig

HOOFSTUK 1 **13**

Agtergrond en toeligting

- Ontwikkelingsagente en stimuli wat nuwe gemeenskappe voortbring 13
- Kultuurontwikkeling 14
- Europese en Westerse wortels 20
- Die religieuse grondmotief 21
- Afsondering 'n bedreiging 33
- Invloed van die Bybel 35
- Naas verskille homogeniteit 39
- Enkele antropologiese fasette 47

HOOFSTUK 2 **50**

Die stamvader, Jan Meindertsz Cruywagen

- Inleiding 50
- Herkoms en Aankoms 50
- Trauma van verhuising 51
- Die seereis 55
- Regeertyd van Simon van der Stel 60
- Immigrasie en akkulturasie 62
- Jan word vryburger 68
- Aankoms van skepe 69
- Die Kaapse drank en gasvryheidsbedryf 71
- Die vrou – enkele woorde 76
- Slawe in die Kaapse samelewing 80
- Die Cruywagens as slawe-eienaars 91
- Nog slawe-aangeleenthede 94

HOOFSTUK 3 **100**

Die Cruywagens vind 'n nuwe vaderland

- Die Kaap word vaderland 100
- Kerklike sake, onderwys en armsorg 102
- Die waagstuk 'n sukses 109
- Die Jan Cruywagen - Olof Berg-dispuut 111
- Die dorpsomgewing en laaste dae 117

HOOFSTUK 4 **122**

Meendert Cruywagen

- Huwelik en huweliksgebruike 122
- Negosiëring 125
- Eersteling op Kaapse bodem 127
- Herkoms weeg swaar 128
- Die woonomgewing 130
- Die gesin groei 137
- Die bierbedryf en nog 'n dispuut 140
- Willem Adriaan van der Stel – die burgerstryd 147
- Afloop van die stryd 153
- Interne gisting en volksvorming 155
- Nuwe goewerneurs 157
- Die veeboerdery brei uit – Meendert se aandeel 161
- Die pokke-epidemie van 1713 167
- Gesondheidsorg, siektes en geneesmiddels 168
- Jagters en voertuie 172
- Meendert, veeboer en akkerbouer 178
- Nog nuwe gesagvoerders 182
- Meendert en Catharina se testament 184

HOOFSTUK 5 **187**

Johannes Cruywagen die invloedryke entrepreneur

- Die eerste Kaapsgebore Cruywagen se jeugjare 187
- Huwelik en gesin 188
- Houer van die vleispag 192
- Veeposte, weilisensies en baie plase 197
- Rekognisie met vee afgelos 202
- Handige helper en raadman 204

- Gemeenskapsbetrokkenheid 208
- Reis na Mosselbaai 214
- Drosters, landlopers en vabonde 216
- Die Hanglipbende – misdadigheid en spanning 219
- Die veeruilers van 1738 en Estiénne Barbier 227
- Johannes en die kommando van 1739 235
- Barbier se einde 246
- Die spogplase in die Tygerberg 252
- Vandisies 255
- Johannes se testament … en die einde 257

HOOFSTUK 6 **260**

Jan IV, 'n notabele burger

- Sy jeug, boerderybelange en huwelik 260
- Kerklike betrokkenheid en die 1637-Statebybel 265
- Offisier in burgermilisie 272
- Die Ryk Tulbagh-tydvak 279
- Slawe-aangeleenthede 286
- Prag- en praalwette 290
- Weer pokke 294
- Goewerneur Van Plettenberg 302
- Heersende toestande 305
- Amptenare: vergunnings en misbruike 307
- Burgerwoelinge – aanloop en verloop 310
- Verskeurde gemeenskap 317
- Jan Cruywagen en die rekwes van 1784 321
- Die rol van *notabele burgers* 326
- Sy testament 332

HOOFSTUK 7 **335**

Gerhardus Hendrik van *Cruywagen & Kie*

- Jeug en toetrede tot kompanjiesdiens 335
- Huwelik en belangrike take 336
- 'n Groot gesin: die eerste vyf 340
- Nog dogters en seuns 346
- Die laaste ses 350
- *Cruywagen & Kie.*: verweer teen aanklagte 358
- Reaksie op burgeraksies 363
- Pogings om 'n wolfabriek te begin 365

- Vestigingsdoel en vestigingsverloop 368
- Die kompanjie begin wankel 371
- Franse teenwoordigheid 372
- Kaapse sosiale orde 375
- Testament en laaste jare 377

HOOFSTUK 8 **380**

Die Cruywagens uit die kollig en die VOC se son sak

- Onstuimige tye 380
- Die Oosgrens 388
- Die eerste Britse oorname (1795) 388
- Die Kaapse samelewing verander 391
- Cruywagens in Britse diens 396
- Die Bataafse bewind 398
- Die tweede Britse besetting (1806) 404

HOOFSTUK 9 **408**

Slotwoord en evaluering

BRONNELYS **412**

BYLAE

- Illustrasies 426
- Afstammingslys 427

INLEIDING

Die rekonstruksie van die leefwêreld en aktiwiteite van mense uit vroeër geslagte bly die vernaamste bron waaruit verledekennis opgebou kan word. Hierdie kennis word nie soseer verkry uit die makro-geskiedenis, die geheelbeeld van volke en hulle regeerders, hulle militêre veldtogte, staatstelsels en diplomatieke netwerke nie. Die nadere kennis word gehaal uit die mikro-geskiedenis, uit deelbeelde van die groot historiese ontwikkelingsgang. Dáár word kennis gemaak met families, gesinne en gesinslede en elkeen se ervaringe, hulle belewenisse van triomfe en hartseer. Dáár word sosiale verbande ontrafel en ontdek hoe die kultuurproses stil sonder verposing verloop en aan ryker waardes wen; ook ekonomiese en kerkgeskiedenis en arbeidspatrone kom in die prentjie. Daar betree die navorser mense se wonings, herehuise en pondokke, ook die gedagtewêreld van die bewoners. Die grondliggende feit, naamlik, *The genealogy of every country is determined by the course of history; conversely, the history of a country is elucidated by its genealogy*, mag nie misgekyk word nie.[1]

Hierdie navorsing, afgestem op 'n tak van die familie Cruywagen, kan hopelik bydra om 'n deel van die 17e eeu en die hele verloop van die 18e eeu beter te belig en te verstaan. Daar word juis deur bekende historici nadruk gelê op die gebrekkige kennis wat daar oor hierdie tydvak van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan. Prof. F.J. du Toit Spies, in lewe verbonde aan die Universiteit van Pretoria, verwys na die 18e eeu as 'n kritiese periode in die proses van volkswording en dat die bestaande kennis beperk is tot *uiterlikhede*. Hy het navorsing wat die *innerlike volksgroei* kan belig, bepleit.[2] Prof Nigel Penn, van die Universiteit van Kaapstad sê in die voorwoord van sy boek, *Rogues, rebels and runaways. Eighteenth century Cape characters*, dat die bestudering van onbekende persoonlikhede en randfigure 'n belangrike bydrae lewer om die bestuur en leefwyse aan die Kaap van die 18e eeu te verstaan. Die verhale van gewone mense en hulle bestaansdramas help om bepaalde historiese periodes te

---

[1] L.G. Pine, *The genealogist's Encyclopaedia*, p. 91.

[2] F.J. du Toit Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G.Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, pp. 45, 46.

verlig.[3] Insgelyks vestig dr. A. van Wyk, eertydse dosent aan UNISA, in 'n resensie van dieselfde werk die aandag daarop dat Penn se aandag aan *limietmense ... dolende op die buitenste limiete van die Kaap* 'n groot gat slaan in 'n donker eeu.[4] Die Cruywagens was nie limietmense nie maar gewone Kaapse burgers wat saam met hulle mede-burgers en die randfigure sekere van die gebeure van die 18e eeu intens meegemaak en deel gehad het aan die kultuurontplooiing van daardie tyd. Daar word geglo dat hierdie ondersoek lig kan werp op kolle historiese skemer van die 18e eeu.

Deurgaans is aandag ook aan die tydgees, konvensies en alledaagse gebruike gegee in 'n poging of die leefwêreld van almal, ook die onvermeldes, te beskrywe. Die gewone landsburger, kolonis en volksmens het geleef en gehandel soos die geldende wet, konvensie, tradisie en daaglikse bestaanswyse gedikteer het. Sommige het weggebreek om limietfigure, verstotelinge, wetverbrekers en veroordeeldes te word. Die kleur, helder of donker, wat notabeles en minderes aan die geskiedenisbeeld van die tyd gegee het, is nie misgekyk nie. Mens, tyd en omstandighede is byeengebring.

Die volksmassa wat soos spook- of skadubeelde op die verledeverhoog beweeg het se bydrae en invloed was nie gering nie. Hulle was die draers van geloofsoortuiginge, ingesteldhede en waardestelsels onder invloed waarvan onderskeibare wesenskenmerke na eie aard ontwikkel het: gebruike, tradisies, 'n eie identiteit, taal en volkskap. Hulle was vormgewers, kultuurskeppers en –draers. Daar is gewerk met inagneming van wat C.A. van Peursen, die Nederlandse kultuurfilosoof geskrywe het, *Cultuur word ... gezien als de levensuiting van ieder mens en elke mensegroep.* Met die verdere byvoeging, *Alle levende wezens beïnvloeden hun milieu en zetten er hun stempel op.*[5]

Daar is gewerk van 'n stamboom met al die indiwidue in die direkte afstammelingslyn. Inligting wat nie in die bekende *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* van De Villiers en Pama gevind kon word nie, is aangevul uit 'n *Genealogiese Verslag oor die nageslag van Jan Cruywagen*, die stamvader, opgestel deur die Genealogiese Instituut

---

[3] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways* ..., pp.1-7.

[4] A. van Wyk, *Beeld*, 14 Junie 1999, boekresensies.

[5] C.A. van Peursen, *Cultuur in stroomversnelling*, p. 14 & p. 147.

van Suid-Afrika en uit oorspronklike en gepubliseerde argivale bronne. Die tien gepubliseerde dele met die *Resolusies van die Politieke Raad*, was 'n bron van onskatbare waarde. So was ook die *Resolusies* wat bygewerk is maar nog nie in druk verskyn het nie en op internet beskikbaar is, 'n vrugbare verwysingsbron. Menige dokumente in dié elektroniese bron waarin die naam Cruywagen voorkom, lewer dikwels baie velle papier maar min bruikbare inligting op. Indien hierdie inligting in boekvorm kan verskyn, sal dit die bestaande volumes van die *Resolusies* goed aanvul en afrond en ook vir meer belangstellendes beskikbaar wees.

Die Argiefwerk in die Kaapse Argiefbewaarplek en die Argief van die N.G. Kerk was tydrowend, maar lonend. Dit is nodeloos om te sê dat dit 'n onbegonne taak is om binne die bestek van enkele jare die relevante bronne intensief deur te werk. Leibbrandt se vier volumes, *Precis of the archives of the Cape of Good Hope* (1905), het waardevolle gegewens opgelewer. In die uitgebreide reeks argief-jaarboeke vir Suid-Afrikaanse geskiedenis was daar enkele volumes wat met aspekte van die 18e eeu handel. Hiervan was dr. A.J. Böeseken se *Nederlandse kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap* (1945) by verre na die nuttigste. Vir die deurlopende draad van die verhaal, 'n konstante kern van gebeure, was verskeie van die "algemene" geskiedenisboeke goeie riglyne. Vernuwende sieninge ten opsigte van die hoofgebeure maar ook oor alledaagse gebruike en ingesteldhede is gevind in Herman Giliomee se indrukwekkende werk *The Afrikaners: Biography of a people* (2003). Soos wat dit vir skrywer was, sal hierdie werk vir toekomstige navorsers onontbeerlik wees.

Ten opsigte van die leefwêreld en alledaagse lewensordening van die Kaapse inwoners en die burgery het Hattersley se *An Illustrated social history of South Africa* (1973), C. Graham Botha se *Social life and customs during the 18th century* (1970) asook Pieter W. Grobbelaar se uitgebreide werk oor die *Afrikaner en sy kultuur,* veral deel 1 (1974) en deel 4 (1975), die soektog vergemaklik. Onder die meer resente werke was *Dogter van Sion. Machtelt Smit en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap 1749-1799* (1997) deur Karel Schoeman met 'n verstommende volume inligting uit gepubliseerde sekondêre bronne uiters waardevol. Dit het nuwe gesigshoeke geopen of die korrektheid van data wat reeds ingesamel was, bevestig. Van dieselfde skrywer het sy, tot hiertoe nog ongepubliseerde manuskrip, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-*

1765, net soveel interessante en bruikbare stof voorsien. Dié werk is geskrywe aan die hand van primêre sowel as sekondêre gepubliseerde bronne. In die voorwoord skrywe Schoeman dat genealogiese navorsing wat vertikaal gedoen word, waar slegs gekonsentreer word op name en datums, met geen horisontale vertakkings nie, in baie gevalle vir hom twyfelagtig en selfs gevaarlik voorkom. Met sodanige "skagsinkery" gaan die breër implikasies van name en datums wat moeisaam vasgestel is, eintlik verlore.

Die navorsingsresultate in beide die werke van Schoeman is eintlik 'n soort ensiklopedie van die 18e eeu aan die Kaap, tematies gerangskik vir maklike opsporing. Kennis oor die 18e eeu, grotendeels onverkende terrein in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, word aansienlik uitgebrei met die uiters leesbare agtergrondinligting wat Schoeman verskaf.

Dat Schoeman se werk van groot waarde is, word bevestig deur Herman Giliomee. Toe aan hom gevra is watter historici of ander akademici hy sou uitsonder as mense wat 'n belangrike vormende invloed op sy werk as historikus gehad het, het hy saam met ander ook Karel Schoeman genoem.[6]

Naas werke van Schoeman, wat histories deeglik verantwoord is, is daar ook ander nuttige letterkundige produkte wat as hulpmiddels kan dien om die gebrek aan feitlike gegewens uit primêre bronne, wat dikwels voorkom, aan te vul. Data oor gebeurtenisse en indiwidue is in vele gevalle fragmentaries en onvolledig, daarom dat die verlede gewoonweg slegs gedeeltelik weergegee word. Hierdie leemte kan aangevul word met materiaal uit historiese romans waarin vertellings of verslae van gebeure, of die kommentaar daaroor, op dokumentêre getuienis gegrond is. Die verbeelding wat outeurs aanwend om gebeure te rekonstrueer moet egter gerugsteun word deur 'n aanvaarbare balans en versoenbare interaksie tussen analise (kritiese ondersoek) en historiese narratief (vertelling). 'n Verbeeldingryke maar histories verantwoordbare verhaal wat spruit uit gedokumenteerde getuienis wat geraadpleeg is, dien geskiedskrywing op 'n vrugbare wyse. Voorbeelde van sodanige bronne wat

---

[6] J. Tempelhoff, "Historia in gesprek met Herman Giliomee", *Historia*, vol. 48 (1), Mei 2003, pp. 11,12.

deur skrywer geraadpleeg is, is *Pieternella van die Kaap*...(Daleen Matthee) en *Eilande* (Dan Sleigh). Al het die narratiewe tradisie inherente swakhede is dit nie heeltemal arbitrêr nie. Dit word deur dokumentêre getuienis onderlê en vir die historikus is dit die uitgangspunt en hoofriglyn. Daarteenoor: op die romanskrywer rus daar geen verpligting om dié uitgangspunte en hoofriglyne te eerbiedig nie! Historiese en genealogiese romans is bruikbare bronne maar historici moet oortuig wees dat feite die vertelling lei. Johann Tempelhoff en Nigel Penn verskaf praktiese riglyne oor die narratiewe tradisie in geskiedskrywing.[7]

Die reisbeskrywings van persone wat vir korter of langer tye aan die Kaap vertoef het, kan in 'n ondersoek soos die onderhawige nie links gelaat word nie. Dikwels het hulle oordeel hulle in die steek gelaat of het hulle vooroordele hulle mislei, tog bied skrywers soos Valentijn, Mentzel, Stavorinus en ander baie en hoogs bruikbare inligting waarmee 'n redelike raak beeld van die Kaapse samelewing geskilder kon word. Die uitgebreide bronnelys gee 'n aanduiding van alle geraadpleegde werke.

Daar is getrag om 'n afgeronde en leesbare verhaal van die "hooffigure" van die Cruywagen-familie en hulle tydgenote te gee; 'n verhaal en tydsomstandighede waarin die Rossouws, Van Reenens, De Wits, Cloetes en noem maar op, ewe maklik ingepas kan word. 'n Magdom sekondêre bronne het materiaal verskaf om aan die bestaansverhaal verder lyf te gee. Dit het egter 'n omvangryke leesprogram tot gevolg gehad, en weer was dit nie moontlik om die hele veld te dek nie anders was die skryfpoging nog nie voltooi nie, of met nog 'n volume vergroot. Daar word vertrou dat beperkings wat deur tyd, koste en omvang genoodsaak was, nie hinderlike leemtes of onnodige en swakbeoordeelde weglatings tot gevolg gehad het nie. Geskiedenis as rekonstruksie van 'n vergange werklikheid is altyd uit die aard van die saak 'n selektiewe en onvolledige poging.

Daar is gepoog om genealogie, familie-, en kultuurgeskiedenis op 'n verantwoorde en wetenskaplike wyse te integreer en met mekaar te versoen. Dié werkmetode en benadering het volgens skrywer se oordeel bevredigende resultate gelewer. Navorsers

---

[7] J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede: die hermeneutiese verstaansmetode in die geskiedenis,* pp. 219-235; N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*..., pp. 2-7.

wat beoog om ook op die voetspore van die voorvaders terug te loop, mag dié werkswyse vrugbaar vind.

Ter toeligting van voorgenoemde werkswyse en strategie, word enkele belangrike standpunte gestel en ook gelet op tendense in die geskiedskrywing, ook internasionaal, wat op 'n bepaalde werkwyse betrekking het en dit selfs beïnvloed het.

Daar is in die familieverhaal redelike ruimte aan kultuur en kultuurgeskiedenis afgestaan. Dit is eintlik natuurlik dat dit gedoen word want refleksie op en denke oor die eie kultuur is 'n kenmerk van alle beskawings.[8] Die kultuurkomponent van die verhaal is kronologies aangebied en daar is deurgaans gehou by die tydsverloop. Hierdie wyse van aanbieding kan daarom as verhalende kultuurgeskiedskrywing gekatgoriseer word. Dit is 'n aanbiedingswyse wat deur die kultuurhistorikus, O.J.O. Ferreira, as belangrik onderstreep word waar hy skrywe:

> *Aangesien die chronologie (en daarmee saam periodisering) so 'n belangrike plek in die verhalende kultuurgeskiedskrywing inneem, is verhalende kultuurgeskiedskrywing nie net wenslik nie, maar bestaan daar 'n dringende behoefte daaraan.*[9]

In die kultuurgeskiedenis het, as gevolg van 'n verskeidenheid omstandighede, betekenisvolle verskuiwings plaasgevind. Die belangrikste hiervan was 'n verskuiwing *weg van die benepenheid met die geskiedenis van elite-groepe en 'n soeke na die gewone mens in die verlede.*[10]

In die Verenigde State van Amerika het die American Historical Association oor die afgelope twee dekades hom gerig op 'n projek, *The Cultural Approach to History.* In hierdie benadering het historici aanvaar dat die interaksie en samehang tussen

---

[8] E. Brugmans (red.), *Cultuurfilosofie: Katholieke, reformatorische, humanistische, Islamitische en Joodse refleksies over onze cultuur*, p. 9.

[9] O.J.O. Ferreira, "Taak van die kultuurhistorikus", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 2, nr. 2, April 1988, p. 97.

[10] J. Tempelhoff, "Skotomisering en die nuwe kultuurgeskiedenis: 'n eschatologiese hoogtepunt?", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 16, nr. 1, Junie 2002, p. 3.

verskillende geesteswetenskaplike dissiplines of kultuurgebiede onontbeerlik is.[11] Die ondersteuners van die "cultural approach" glo dat

> *Adoption of the cultural approach by historians may indeed be regarded as a cultural phenomonon in itself.*[12]

Ekonome het sosiale omstandighede met statistiese series verduidelik, sosioloë het ongeïdentifiseerde maatskaplike groepe na vore gebring, sielkundiges het iets van die aard van die mens in sy sosiale verhoudings blootgelê en nuwe tegnieke van massakommunikasie en ekspressie het alle lae van die samelewing in hulle operasieveld ingetrek. Hierdie nuwe gesigspunte het historici gekonfronteer met die vraag hoe die massas vroeër gelewe, gedink en gereageer het.

> *They began to realize that whereas they had considerable information about rulers and how they had experienced their power, they had little or none about the ruled and how they had responded.*[13]

Inligting uit ander kennisvelde en buurwetenskappe, benewens die wat pas aangehaal is, ook antropologie, volkekunde, argeologie, argitektuur, huishoudkunde en so meer, sal nodig wees om 'n kultuuruiting in konteks te bestudeer. Die noodsaak van inter- en/of multidissiplinêre navorsing soos deur die Amerikaners aanvaar en deur Ferreira bepleit, behoef nouliks verdere voorspraak. Laasgenoemde wys die weg aan waar hy sê:

> *Moontlik het die tyd aangebreek dat ons moet ophou om te besin oor wat Kultuurgeskiedenis dan eintlik moet wees maar ons eerder met basiese en sinvolle navorsing besig moet hou sodat die uiteindelike produkte van hierdie arbeid spontaan die antwoord op die vraag: Wat is Kultuurgeskiedenis? sal gee.*[14]

---

[11] P.G. Nel, "Kultuurgeskiedenis as wetenskap", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 1, nr. 1, 1984, p. 6.

[12] C.F. Ware, "Introduction", C.F. Ware (ed.), *The cultural approach to history*, p. 8.

[13] C.F. Ware, "Introduction", C.F. Ware (ed.), *The cultural approach to history*, p. 8.

[14] O.J.O. Ferreira, "Kultuurgeskiedenis by die kruispad", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 11, nr. 2, November 1997, p. 121.

In Suid-Afrika is die luim en verwagting oor kultuurgeskiedenis bra somber en pessimisties. Die rede daarvoor moet gewyt word aan twee hoofoorsake: Die eerste is dat by tersiêre inrigtings belangstelling in kultuurgeskiedenis as vak ernstig aan die kwyn is en in gevalle van die rooster verdwyn het. Voorts is daar 'n kommerwekkende verval van die historiese bewussyn. Die rede vir hierdie verlies moet gesoek word in die feit dat wanneer tradisies hulle betekenis verloor het en bevolkingsgroepe hulle identiteit nie meer daaraan ontleen nie, die historiese besef vanselfsprekend verdwyn. *Kultuurgeskiedenis is ... een van die weinige middels waardeur 'n historiese besef nog gekweek kan word.*[15]

Dit is nie die geleë plek om strategieë ter redding en verbetering van die status en aansien van kultuurgeskiedenis te gee nie. Die volgende kommentaar sal wel van pas en tot hulp wees: In genealogiese navorsing is inligting oor die voorgeslagte dikwels baie skraal. Met die bybring van die tydsomstandighede waartydens die mense gelewe het, asook hulle nerings, gebruike en lewensgewoontes (met ander woorde kultuurgeskiedenis) word hulle egter "verlewendig" met 'n eie plek in die samelewing van die dag. Deur die gebruikmaak van die stoflike en geestelike milieu waarteen voorouers gelewe het, kan die gebrekkige inligting met verantwoordelike historiese beredenering aangroei tot 'n verledeverhaal met 'n ryke inhoud en word genealogiese navorsing opsluit kultuurgeskiedenis van besondere gehalte. Met die groeiende belangstelling in die genealogie kan navorsing wat volgens die voorgaande wyse "verryk" word die kultuurgeskiedenis van groot hulp wees. Tradisies waaraan identiteitsbewussyn ontleen word, kry weer betekenis en gevolglik groei die historiese besef.

Benewens aandag aan die gesteldhede van kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika, is dit ook van belang dat kultuurgeskiedenis sy internasionale verbintenisse uitbrei. Sodoende kan kennis geneem word van strominge wat elders in die kultuurgeskiedskrywing bestaan. Daar moet kennis geneem word van die *Alltagsgeschichte*, die geskiedenis van die alledaagse lewe, in besonder die alledaagse lewe van die arbeidsklas in Duitsland, waar dié rigting baie gewild is. In Engeland is

---

[15] O.J.O. Ferreira, "Kultuurgeskiedenis by die kruispad", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 11, nr. 2, November 1997, p. 118.

dit die British History Workshop wat ook die geskiedenis van die arbeidsklas, die sogenaamde "history from below", voorstaan en bevorder. *Min van laasgenoemde beweging se ondersteuners is opgeleide historici en daar word dikwels na hulle verwys as 'barefoot professors'.*[16]

In teenstelling met die bedroewende prentjie in Suid-Afrika is daar in Nederland 'n geweldige oplewing van die belangstelling in kultuurgeskiedenis. Talle nuwe leerstoele in kultuurgeskiedenis is by Nederlandse universiteite ingestel.[17] 'n Baie resente publikasie (2002), *Cultuurfilosofie: Katholieke, reformatorische, humanistische, Islamitische en Joodse reflecties over onze cultuur*, is 'n handboek opgestel in opdrag van die *Open Universiteit van Nederland.* Dit is 'n inhoudelike uitbreiding van die handboek van 1994 vir studente in dié vakrigting. Dit is 'n indrukwekkende werk van byna 900 bladsye wat die erns weerspieël waarmee kultuur en kultuurgeskiedenis nog in een van die stamlande bejeën word.

In die pasgenoemde werk, *Cultuurfilosofie...*, word onder andere betoog dat 'n kultuurfilosofie vanuit lewensbeskoulike perspektiewe 'n positiewe bydrae kan lewer tot die toekoms van die Nederlandse kultuur.[18] Daar word ook 'n ander belangrike standpunt gestel wat weens die belang daarvan volledig aangehaal word:

> *Betoogd wordt dat normatieve vragen ten aansien van de geschiedenis in de moderne cultuur versmald zijn tot een oppervlakkig vooruitgangsgeloof dat geen ruimte bied voor een gemeenschappelijke visie op verleden en toekomst. In de hedendaagse cultuur lijkt het historische besef te ontbreken. Het onvermogen om verleden, heden en toekomst als een zinvolle eenheid te sien, is een van de belangrijkste dimensies van de kritische situasie waarin de hedendaagse cultuur verkeert.*[19]

Die twee kerngedagtes, lewensbeskoulike perspektiewe (positief) en gebrek aan historiese besef (negatief) is nie vreemd aan die breë kultuurterrein in Suid-Afrika nie.

---

[16] O.J.O. Ferreira, "Kultuurgeskiedenis by die kruispad", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 11, nr. 2, November 1997, p. 124.

[17] O.J.O. Ferreira, "Kultuurgeskiedenis by die kruispad", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jg. 11, nr. 2, November 1997, p. 126.

[18] E. Brugmans (red.), "Ter inleiding", *Cultuurfilosofie* ...., p. 10.

[19] E. Brugmans (red.), "Ter inleiding", *Cultuurfilosofie* ...., p. 12.

Deur toegewyde navorsing en weloorweë geskiedskrywing kan historici, ook die "barefoot" amateurs, die positiewe versterk en die negatiewe teenwerk.

Vir die beter verstaan van wat volg, word nog enkele algemene toeligtende opmerking oor begrippe en terme wat gebruik word, gemaak.

Telkens sal verwysings na 'n kommissaris-generaal of 'n kommissaris wat die Kaap besoek het, raakgelees word. Die kommissarisamp is in 1659 deur die Here XVII ingestel. Die onderliggende gedagte was dat die kommissaris 'n inspeksie van die Kaapse administrasie en bestuur en burgersake moes doen en opvolg met 'n verslag aan die bewindhebbers. Gewoonlik is admiraals van retoervlote as kommissarisse aangestel.

> *Alleen wanneer die rang van die admiraal van die retoervloot dieselfde of hoër as die rang van die goewerneur van die Kaap was, het hy opdrag gekry om as kommissaris op te tree.*[20]

So byvoorbeeld wanneer 'n Kaapse goewerneur beklee was met die status van Raad-Ekstra-Ordinaris of Ordinaris (wat aan enkele Kaapse goewerneurs toegeken was) en die gesagvoerder van die vloot het 'n seemansrang gehad, het laasgenoemde nie as kommissaris opgetree nie. Die omgekeerde het ook gegeld: indien die admiraal byvoorbeeld die rang van Ordinaris of hoër beklee het en die goewerneur nie, het die vloothoof as kommissaris opgetree. Daar is ook by geleenthede spesiale kommissarisse na die Kaap gestuur. Hulle was gewoonlik uit die hoogste amptenare-kaders van die kompanjie. So sal met here met die range van goewerneur-generaal van Indië of direkteur-generaal kennis gemaak word. Die verslae van hierdie here het gewoonweg meer aandag gekry as die van ander kommissarisse omdat hulle vir bepaalde redes aangestel is.[21]

Beide die begrippe Europeër en blank word in die geskrif gebruik. Aanvanklik word na die eerste- en tweede geslag immigrante van diverse Europese oorsprong, as

---

[20] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 2.

[21] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...., *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 2, 3. Bylae 1, pp. 229-232 bevat 'n lys met die name van kommissarisse (met ster aangedui) en admiraals van die retoervlote. Die rang en statusverskille kom duidelik na vore.

Europeërs verwys. Die Afrikabodem en ander faktore het hierdie Europeërs verander in Afrikamense wat op pad was om Afrikaners te word. Wat leefwyse (kultuur) betref, was hulle nie meer Europeërs nie, maar ten opsigte van hulle raseienskappe, was hulle nog onderskeibaar. Hulle het hul Indo-Europese of Ariese voorkoms as witvelliges nie afgeskud nie. Daarom word na die eertydse Europeërs, ter onderskeiding van die inlande mense- en volkgroepe, waar gepas, as blankes verwys.

Oor die gebruik van die woorde kolonie en koloniste is daar uiteenlopende opvattings. Omdat die woord gelaai is met emosie as gevolg van die geskiedenis van kolonialisme word dit sover moontlik vermy. Waar die gebruik wel nog gangbaar is, word verkies om Kaapse inwoners eers vanaf 1806, toe die Kaap 'n permanente Britse kolonie geword het, as koloniste te tipeer. Skrywer het hom laat lei deur die woordkeuse van sprekers en skrywers uit die vroeër Kaapse geskiedenis en gerespekteerde historici wat hulle van die terme bedien het. Enkele voorbeelde word aangehaal.

In 1687 het die Here XVII ernstig besin of Franse vlugtelinge (Hugenote) na die Kaap gestuur moes word. Daar moes besluit word of die Kaapse nedersetting bloot as 'n verversingstasie sou voortbestaan en of dit, met die toevoeging van groter getalle immigrante, tot 'n kolonie moes uitgroei. Op 5 Oktober 1687 is die saak weer bespreek *en toe is besluit om 'n aansienlike kolonie aan die Kaap te vorm en om soveel koloniste moontlik daarheen te laat gaan.*[22] Die Kamer van Amsterdam het in Januarie 1688 'n kommissie aangestel om die aangeleentheid te ondersoek. Die kommissie het aanbeveel dat die landbou aan die Kaap deur koloniste behartig moes word en dat Franse Hugenote daarvoor geskik sou wees.[23]

In hul oorweging van die vestiging van Franse vlugtelinge verwys die bewindhebbers self dikwels na *Coloniers* wat na die Kaap gestuur sou word.[24] Ook Simon van der

---

[22] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 70.

[23] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 70.

[24] C.J. Leipoldt, *Die Hugenote*, pp. 146, 147.

Stel praat in 'n brief van 26 April 1688, van die wyse waarop die Hugenote *dese Colonie*, dit wil sê die Kaap, tot bate kan wees.[25]

Dat historici die uitdrukkings gebruik in die beskrywing van periodes lank voor die Britse besetting van die Kaap, blyk duidelik uit die volgende voorbeelde. P.J. van der Merwe verwys reeds na koloniste in die tyd van Simon van der Stel toe veeboere vinnig besig was om al verder die binneland in te beweeg.[26] Die dokument met die burgers se klagte teen W.A. van der Stel (1706) word deur F.A. van Jaarsveld betitel as: *Klagskrif van die Kaapse koloniste aan die Here XVII teen W.A. van der Stel.*[27] In die burgermemorie van 1779 gebruik die opstellers ook die term *Colonisten* vir Kaapse ingesetenes.[28] Reeds vroeg in sy werk *The Afrikaners* ..., gebruik Giliomee 'n subhoof, *A Colony of settlement*, met verwysing na die eerste helfte van die 18e eeu.[29]

Waar in die onderhawige navorsingsproduk ook na kolonie en koloniste verwys word, gebeur dit teen die agtergrond van die voorgaande riglyne.

---

[25] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 94.

[26] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)*, p. 65, p. 76 en verder.

[27] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, p. 12.

[28] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente ..., p. 26.

[29] H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*, p. 26 & p. 28.

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN TOELIGTING

Ontwikkelingsagente en stimuli wat nuwe gemeenskappe voortbring

Die navorsingsresultate wat in hierdie dokument weergegee word, handel met 'n Kaapse familie, die Cruywagens, van wie die stamvader in 1690 aan die Kaap geland het. Op daardie tydstip was die Kaapse nedersetting 'n skrale 38 jaar oud en steeds 'n pioniersgebied. Die Kaapse Vlek, die gehuggie tussen Tafelbaaistrand en Tafelberg, was heel klein. 'n Groot groep van die inwonertal was kompanjiesamptenare, van die goewerneur en hoër amptenare tot klerke, ambagslui, soldate en matrose, ensovoorts. Naas die amptenare-korps was daar vryburgers, eertydse amptenare wat uit diens van die kompanjie getree het en as "vry ondernemers", akkerbouers en veeboere en ambagslui en in ander bedrywe hulle bestaan gemaak het. Hierdie vryliede se geleenthede was egter uiters beperk omdat die gemeenskap so klein was en hulle die slagoffers was van allerlei kompanjiesvoorskrifte wat die kompanjie se monopolistiese handelsbeleid moes beskerm. Die meeste van die dorpsbewoners, ook diegene wat 'n ander lewensverdienste gehad het, was herbergiers of losieshuishouers wat goeie geld gemaak het met die voorsiening van huisvesting, voedsel en drank aan opvarendes van besoekende skepe. Wyn- en graanplase was versprei tot anderkant die sandvlaktes van die skiereiland in die rigting van die Hottentots-Hollandberge, by Stellenbosch en in die Drakensteinvallei. Omdat weiding oor die algemeen swak was en skaarser geraak het, het die veebesitters tot ergernis van die owerheid, stadigaan uitgewyk: noordwaarts in die rigting van die Piketberge en ook suidooswaarts.

Terwyl daar ontwikkelings- en vormingskragte in die klein Kaapse samelewing aan die werk was, was daar vanuit Nederland eintlik min of geen aksies of invloed wat ondersteunend tot die Kaapse ontwikkeling bygedra het nie. Teen 1670, nie 'n volle 20 jaar na die aanvang van die nedersetting aan die Kaap nie, was die Nederlandse Goue Eeu so te sê afgeloop en daar was by die Nederlanders 'n stadige verval van kultuurprestasies en nasionale vitaliteit. Die pioniersgroep, eerste geslag immigrante, wat die verversingspos in 1652 begin het en hulle nakomelinge wat later bekend

geword het as Afrikaners, het in die wordings- en vormingsjare eintlik nie 'n wêreldmag agter hulle gehad nie. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) as stigtermaatskappy het, om verskeie redes, ook van sy dryfkrag en ondernemingsgees verloor. Daar kan gesê word dat die Kaapse burgergemeenskap in die vormingsjare geen groot eksterne staatkundige of ekonomiese dryfkrag gehad het in die opbou van 'n kenmerkende lewenswyse en eiesoortige kultuurontwikkeling nie.[1] Die dryfkrag wat daar was, was afkomstig van die inwoners self.

Kultuurontwikkeling

Sekere gebeure, eintlik ontwikkelingsgange binne 'n mensegemeenskap, verloop stadig en onopgemerk. Een so 'n bestaansfaset het betrekking op kultuurontplooiing veral waar kultuurdraers uit verskillende kultuuragtergronde met mekaar in aanraking kom. Hoewel daar in die kultuur verskillende beklemtoninge aan die begrip kultuurontplooiing geheg word, word hier meer bepaald verandering, ontwikkeling en beskawing bedoel. Hierdie en ander begrippe kan ook saamgevat word met die term kultuurdinamiek wat verwys na die voortstuwende verandering van die mens se kultuur.[2] Dit is nie 'n proses wat oor enkele mensegeslagte verloop en afgespeel raak nie. Kultuur bereik nooit 'n eindpunt, 'n voltooide toestand nie; dit is 'n wegwyser, 'n taak. Kultuur is 'n verhaal, onvoltooid, wat verder vertel moet word.[3] Die kultuur op enige moment is maar 'n faset, 'n onderdeel van die ontwikkelingsgeskiedenis wat geteken word. Die proses van ontwikkeling verloop nie georganiseerd nie en is 'n voortvloeisel van menslike aanpasbaarheid om behoeftes te bevredig.[4] Kultuur is die wyse waarop die mens met die werklikheid kontak maak en hierdie werklikheid verwerk.

Dit was ook die geval in Suid-Afrika toe die eerste Nederlandse amptenare in 1652 voet aan wal gesit het. Die harde werklikhede van die Suid-Afrikaanse bodem het

---

[1] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, pp. 34, 36.

[2] H. van der Wateren, *Kultuur: kleed van die mens*, p. 84.

[3] C.A. van Peursen, *Kultuur in stroomversnelling*, pp. 16, 17.

[4] H. van der Wateren, *Kultuur: kleed van die mens*, p. 85.

ander eise gestel as die waaraan die Europese mens gewoond was. Die nuwe werklikheid het aanpassings afgedwing en ter bevrediging van behoeftes 'n eie ontwikkelingsgang onafwendbaar gemaak.[5] Die mens sou die omgewing omvorm maar die omgewing sou ook die mens omvorm, strewes in hom smoor en tegelykertyd nuwe behoeftes en begeertes by hom wek.

Die Europeërs, hoewel van diverse oorsprong en afkoms, het hoofsaaklik 'n Dietse kultuuragtergrond gedeel: hulle het merendeels Nederlands of 'n verwante taal of dialek gepraat, was aanhangers van die Protestantse geloof en leer en het hulle so ver as moontlik ingerig volgens Nederlandse maatskaplike instellings en oorgeërfde gebruike en leefreëls.[6] Daar was bepaalde gemeenskaplikhede wat saamgebind het.[7] Desnieteenstaande het die Afrikaanse bodem, klimaat, kontak met inheemse volke en ander stimuli ingewerk op die Europese kultuuragtergrond en in 'n moeisame en stadige proses nuwe kultuurmense met 'n nuwe taal voortgebring. Dit was net nie meer moontlik om binne die raamwerk van die gevestigde Nederlandse gedissiplineerde en geregimenteerde lewenspatroon te lewe nie. Aan die Kaap, 'n ongetemde wêreld met eiesoortige bestaansprobleme en behoeftes, is konvensies en gedragspatrone spoedig aangepas en verander. Aanpassing by die voorskrifte, wat deur die VOC se monopolistiese handelspolitiek gedikteer is, het op sigself 'n aansienlike verskuiwing in ingesteldheid en optrede gevra. 'n Bekende historikus het opgemerk,

> *That Europeans at the Cape gradually ceased to resemble the industrious and enterprising Netherlanders or North German townsmen is to be attributed rather to the restrictive policy of the Company than to the influence of climate.*[8]

Daar was ook ander faktore wat belemmerend ingewerk het op die ontwikkeling van eiesoortige wesenskenmerke by die Kaapse burgers, en veral hulle wat later al verder

---

[5] F.J. Potgieter, "Suid-Afrika as kultuurbodem", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 1, p. 129.

[6] P.J. Nienaber, "Die geboorte van die Afrikaanse gedagte: 'n wonder", M.S. du Buisson, (samesteller) *Die wonder van Afrikaans*, pp. 36, 37.

[7] H. Giliomee, "The development of the Afrikaner's self-concept", H.W. van der Merwe (compiler), *Looking at the Afrikaner today,* pp. 2, 3.

[8] A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa,* p. 16.

van die Kaapse sentrum gewoon het, was betekenisvol daardeur geraak. Aardrykskundige en ekonomiese toestande het hierin 'n betekenisvolle rol gespeel. Daar was min aanloklike vooruitsigte wat groot getalle immigrante na die Kaap getrek het, soos later met die behandeling van die owerheid se immigrasiebeleid sal blyk. Getalle was nooit 'n stimulant vir besondere groei en ontwikkeling in die Kaapse samelewing nie. Die ver afstand tussen die volksplanting en die moederland het die burgerbevolking aan die Kaap grootliks van die beskaafde Westerse wêreld afgesny.

Nieteenstaande 'n veelheid van belemmeringe was daar binne die klein vestigingsgemeenskap reeds sedert die aanvang van die nedersetting ontwikkelings- en vormingsprosesse aan die gang. Dit is daarom te verstane dat 'n los groep indiwidue, hoofsaaklik Nederlanders, aangevul met byna eweveel Duitsers en met die toevoeging van 'n Franse element, mettertyd verander het in 'n gemeenskap wat hom met 'n groeiende inheemse aard, met 'n Afrika-karakter en 'n eendersheid van gewoontes, gebruike en oortuiginge kenbaar gemaak het. Hierdie heterogene groep, aangesterk deur eie aanwas en aangevul met 'n baie geringe immigrantetoevloei, was die voorgangers van wat later die "Afrikaner" sou word.

Die Cruywagens was, soos baie ander pioniersgesinne, deel van hierdie ontwikkelingsproses en omvormingsverloop. Dit wat histories met die Cruywagens gebeur het, die lewensomstandighede aan die Kaap, waarbinne elke indiwidu en gesin hulle bevind het, sowel as die veranderingsfaktore self, word nagespeur. Hulle was deel van en vervleg met 'n proses van kultuurontwikkeling wat stil, sonder onderbreking voortgegaan het. Die proses van kultuurontwikkeling en die stoflike en geestelike kultuurgoedere wat voortgebring is, mag nie misgekyk word nie. Dit is deur sy kultuurarbeid, deur sy inwerking op die natuur en die bo-natuur, en omgekeerd, dat die mens, ook in sosiale verband met sy medemens, werklik geken word.[9] Daar moet besef word dat dit in historiese studie inderdaad ook om kultuurontwikkeling gaan.[10] Wanneer daar oor die mens gepraat word, impliseer dit onmiddellik kultuur want kultuur sonder die mens is ondenkbaar en nie moontlik nie.

---

[9] P.W. Grobbelaar, "Kultuur en beskawing", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 1, p. 7.

[10] P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling,* p. 86.

Dié waarheid is kernagtig raakgevat deur 'n Nederlandse geleerde waar hy geskrywe het *als de mens binnen de aardse dampkring opduikt, komt de cultuur in het zicht.*[11] Kultuur is die neerslag van die aktiwiteite van die mens en daarom hoort kultuur tot die breë panorama van menslike handelinge.[12] Kultuur is daarom *al die stoflike en geestelike dinge wat die mens skep deurdat hy, onder dwang van sy gees, op die natuur inwerk, waarby die bonatuur ook altyd sy rol speel.*[13]

Dat die groepie Europeërs wat hulle van die middel van die 17e eeu (1652) aan die Kaap gevestig het en ander wat in die loop van die 18e eeu by hulle aangesluit het, ontwikkel het tot 'n aparte volk, die Afrikaners van later, en die draers geword het van 'n eiesoortige kultuur, is nie uniek nie. Daar is talle voorbeelde van kolonies wat gegroei het tot selfstandige state waar die bevolking uiteindelik totaal verskil het van die moedervolk of volke.[14]

Arnold Toynbee, die Engelse historikus, wat die ontstaan en verval van beskawings bestudeer het, was van oordeel dat daar faktore was wat die ontstaan van nuwe beskawings en volke begunstig en gestimuleer het. Wat Toynbee as vaste wette beskou het, word deur baie geleerdes slegs as tendense of waarskynlikhede gesien maar tog van sodanige belang geag dat ernstig daarmee rekening gehou moet word.[15] Omdat sy teorieë en bevindinge goeie toepassing op gebeure in Suid-Afrika vind en gangbare antwoorde op vrae rondom aspekte van volksvorming verskaf, word kortliks daarna verwys.

Die eerste begunstigingsfaktor of stimulus wat Toynbee beredeneer, is *the stimulus of hard countries.*[16] Hy voer aan dat moeilike geografiese en klimatologiese omstandighede eerder die kweekplek van beskawings is as landbodems waar alles maklik gaan en dit nie baie inspanning vra om nuut te vestig nie. In Suid-Afrika het

---

[11] C.A. van Peursen, *Cultuur in stroomversnelling,* p. 13.

[12] C.A. van Peursen, *Cultuur in stroomversnelling,* pp. 13, 14.

[13] P.W. Grobbelaar, "Kultuur en beskawing,", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* p. 6.

[14] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.) *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* p. 31.

[15] E.A. Venter, *Wysgerige temas: 'n keur van Christelik-wysgerige opstelle.* pp. 50-53.

[16] A.J. Toynbee, *A study of history,* abridgement of vols. 1-6 by D.C. Somervell, pp. 88-99.

die nuwe kultuurbodem van die begin af die bewoners tot die uiterste beproef en het die moeilike geografiese en verwante omstandighede 'n groot rol in volksvorming gespeel. Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, is daar historici wat glo dat teenoor die teorie van die moeilike bodemgesteldheid die feit gestel moet word dat boere nuwe plase maklik bekom het en dat veeboerdery só min eise aan mense gestel het dat hulle van luiheid beskuldig is.[17] Hoewel daar "gemaklikheids"-faktore in die Suid-Afrikaanse konteks teenwoordig was, het dit nie opgeweeg teen die uitdagings wat lang afstande na markte vir die vervoer van produkte en die aankoop van broodnodige lewensmiddele meegebring het nie, en dit oor "paaie" wat eintlik nie bestaan het nie.[18] Die waterskaarste in sekere gebiede en lang verwoestende droogtes moet nie uit die oog verloor word nie. Die vorming van die tipiese Afrikaanse landsburger van later het plaasgevind gelyktydig met die inbesitneming en makmaak van 'n woeste wilde wêreld.

Daar mag nie 'n oorwigtige belangrikheid aan die invloed van die bodem op volksvestiging en -wording toegeken word nie[19] maar as dit in gedagte gehou word dat die Afrikaner nie in 'n makgemaakte wêreld gevorm is nie[20] sal 'n regmatige gewig aan die invloed van die bodem toegeken word. Scholtz gaan in sy behandeling van die bodem so ver om te skrywe: *Hier het 'n mens inderdaad met een van die grootste skeppende faktore in die wording van die Afrikaanse volk te doen.* Hy verwys na die berge, die hooglande, die droë Karoo, die afwesigheid van bevaarbare riviere, die gebrek aan behoorlike verbindings, die onvrugbaarheid van 'n groot deel van die bodem, die afwesigheid van minerale en die klimaat om sy stelling te staaf.[21]

---

[17] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* p. 33.

[18] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie,* pp. 60, 61.

[19] P.W. Grobbelaar, "Kultuur en beskawing", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 1, pp. 14, 15.

[20] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes,* pp. 129, 130; H.B. Thom, "Ons historiese vorming", in *Die waardes van die Afrikaner,* Referate by jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1968, p. 25.

[21] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 169.

Die tweede stimulus wat Toynbee behandel, is *the stimulus of new ground.*[22] Volgens hom was die prikkel soveel sterker wanneer die verhuising nie oorland nie, maar na 'n oorsese vestigingsplek plaasgevind het. Hy beweer so 'n verhuising is

> *more intensive when the migrants take ship than when they trek over solid ground, carrying with them much of the social apparatus which has to be discarded by the seafarer.*[23]

Met 'n oorsese verhuising word familiebande as gevolg van langer afstande so te sê "permanent" verbreek en baie gebruiksgoedere moet weens beperkte skeepsruimte agtergelaat word. Die Kaapse vestiging was nie 'n volksverhuising nie maar as dit fyn ontleed word, is elemente van Toynbee se siening nie uit pas nie: daar was 'n uitdaging tot groter vitaliteit in nuwe, veraf vestigingsgebiede, immers meer as wat voortgesette bedryf in die vaderland met sy gevestigde gebruike en instellings sou gevra het.[24]

Naas aardrykskundige gesteldhede sluit Toynbee se teorie nog teenwerkinge wat stimulerend op beskawings en volksvestiging ingewerk het, in. Hy verwys byvoorbeeld na *the stimulus of blows, pressures* en *penalizations.*[25] Hierdie stimuli val saam met Toynbee se algemene teorie van *challenge and response,* wat neerkom op 'hoe groter die uitdaging des te groter die respons of reaksie'.[26] Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is vol voorbeelde van allerlei teenslae wat die wordende volkie getref het maar die uitdagings is beantwoord met 'n ryker ontplooiing van die volkseie. Pogings om die volkskarakter en -bestaan te vernietig, het die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die onsimpatieke houding van die VOC en voortdurende botsings met inlandse mense het juis aan die bevolking krag en vitaliteit gegee.[27] Die pasgenoemde standpunt van Toynbee kry aanvaarbare geldigheid in die lig van die volgende aanhaling,

---

[22] A.J. Toynbee, *A study of history,* pp. 88-108.

[23] A.J. Toynbee, *A study of history,* p. 105.

[24] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* p. 32.

[25] A.J. Toynbee, *A study of history,* pp. 108-111, pp. 111-125, pp. 125-139 in volgorde.

[26] A.J. Toynbee, *A study of history,* pp. 60-79. Sien ook afdeling oor *"Virtues of adversity"*, pp. 80-87.

[27] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het." G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* p.33.

> *Dit is veral in die moeilike keerpunte in die geskiedenis van 'n volk dat die diepste oortuiginge en geesteskrag van 'n volk, soos vertoon in die optrede van hulle wat dan die deurslag gee, duidelik te voorskyn kom.*[28]

Dit sou 'n verskraling van die geskiedenis wees as die wordingsgrondslae en vormingselemente wat die Afrikaner-volksmens tot stand gebring het, beoordeel word slegs vanaf die tyd dat die vroeë stigters op Afrikabodem geland het. Net so kan uiterlike faktore alleen nie in berekening gebring word in die soeke na 'n verklaring vir die ontstaan van 'n nuwe volk met eie beskawings- en kultuurgoed nie.

> *Die Afrikaanse volk is ... 'n verlengstuk van die Westerse beskawing. So gesien, het die Afrikanervolk nie in 1652 of 1657 in die skadu van Tafelberg begin nie, maar 'n mens kan ook die Griekse, Romeinse en Christelike wortels van die Westerse beskawing as begin aantoon.*[29]

Vir die doel van die onderhawige studie is dit genoeg om te onthou dat die volksplanting se wortels teruggevoer kan word na Athene, Rome en Jerusalem.[30] Daar sal nie aandag gegee word aan hierdie belangrike oorspronge nie maar Jerusalem (religie) en Nederland se invloed op volksvorming op Suider-Afrikaanse bodem verdien verdere toeligting.

Europese en Westerse wortels

Die groepie Nederlanders wat saam met Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap geland het, was Westerlinge, die draers van 'n lang kultuurtradisie, die afstammelinge van voorvaders wat reeds besonder presteer het in die skepping van waardevolle stoflike en hoogstaande geestelike kultuurgoedere. Die geskiedkundige, S.F.N. Gie, het tereg geskrywe,

> *Nederland was ryk, ryk veral aan manne, helde van die penseel, die pen en die swaard, helde van die woord en die daad!*[31]

---

[28] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes,* p.6.

[29] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het." G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* p.33.

[30] P.S. Dreyer, "Die grondslae van die Westerse leefwyse", G. Cronje (red), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* pp. 6-15.

[31] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 55.

Die stigting van die Kaapse verversingstasie was die daad van 'n groot handelsmaatskappy wat die steun gehad het van 'n sterk en trotse staat wat hom op alle terreine laat geld het. Die vroeë grondleggers het as't ware uit die lig van die Nederlandse Goue Eeu op Suid-Afrikaanse bodem gestap.

Die religieuse grondmotief

Die grondleggers was draers en bewakers van die Westerse beskawing maar veral ook die draers van 'n bepaalde religie. Die verband tussen religie en beskawingsvorm word duidelik wanneer die invloeddraende krag van religieë wat in verskillende wêrelddele oorheers het, in aanmerking geneem word. Elke religie het 'n eiesoortige beskawingsvorm gevestig met kenmerkende trekke en identiteit.

> *Oral waar 'n natuur-religie oorheersend is,* [inboorlinge van Midde-Afrika] *vertoon die beskawing dieselfde karakteristieke hoedanighede, ... heeltemal afgesien van watter volk of ras die gebied bewoon. Oral waar die Rooms-Katolisisme (sintese-religie) beslag lê op 'n volk, kom dit tot openbaring in sekere onmiskenbare eienskappe van die beskawingsvorm.*[32]

Dieselfde geld ook vir die ander religieë – kultuur-religie (ou Griekeland), 'n Christelike religie (bv. Suid-Afrika) 'n sintese-religie (bv. Suid-Amerikaanse state) en humanistiese religie (Rusland in die 20e eeu). Daar is 'n onlosmaaklike betrekking tussen religie en beskawingsvorm en –stand.

> *Elke religie gryp die mens in sy hart aan en rig dan al sy lewensuitgange op die vaste grond van sy vertroue. Daarom sal die religieuse koers van 'n volk ook mettertyd die aard en karakter van sy beskawing bepaal.*[33]

Die vestiging van die Christendom aan die begin van ons jaartelling het inderdaad 'n radikaal nuwe beskawingsvorm in die lewe geroep en met die Reformasie (kerkhervorming) van die 16e eeu is die moderne Westerse beskawing gebore.

Die Gereformeerde protestantisme het vanaf die tweede helfte van die 16e eeu na verskillende lande versprei en is by vele gemeenskappe gevestig. Van Switserland

---

[32] E.A. Venter, *Wysgerige temas* ..., p. 53.

[33] E.A. Venter, *Wysgerige temas* ..., p. 54.

het dit na Frankryk versprei, wortel geskiet in Wes-Duitsland, Engeland en Skotland, dit rank aanvanklik welig in Pole en Hongarye en vind 'n vaste staanplek in Nederland.

> *Die kerk wat so op Nederlandse bodem in die lewe geroep is, het weldra die naam van die Calvinistiese kerk in Frankryk, 'l'Eglise reformee' net eenvoudig vernederlands. Vir byna twee eeue sou die Calvinistiese kerk en godsdiens in Nederland slegs een naam ken, naamlik Gereformeerd.*[34]

Met die koms van Jan van Riebeeck is die Gereformeerde Kerk met sy Calvinistiese inslag op Suid-Afrikaanse bodem oorgeplant. In sy eerste gebed aan die Tafelbaaikus bid Van Riebeeck en vra dat ook ten opsigte van die onbeskaafde inlandse mense (gemeet aan sy westerse standaarde) *uwe ware gereformeerde Christelijcke Leere mettertijt machte voortgeplant ende verbreijt worden.*[35] Calvyn was 'n tweede geslag hervormer en het nie die grondbeginsels van sy leerstellinge eerste na vore gebring nie

> *maar dit is deur hom en sy medewerkers en opvolgers beter as elders tot 'n stelsel opgestel en deur die Gereformeerde teologie is dit as 'n vormende krag in die lewe van die Wes-Europese volke gebring.*[36]

Calvinisme as leerstellige sisteem en lewensrigting kan nie van mekaar geskei word nie. As lewensrigting is dit 'n sedelike en geestelike krag wat elke menslike lewensuiting en -handeling rig en waarin uitverkiesing en roeping sterk beklemtoning vind.

Calvinisme het sy stempel afgedruk op bepaalde lande in so 'n mate dat daar gepraat kon word van Calvinistiese volkere. Daar is al probeer om dit psigologies te verklaar deur te beweer dat 'n bepaalde volk aangetrokke gevoel het tot die Calvinisme, omdat dit so goed by die bepaalde volkskarakter gepas het. Ongetwyfeld is daar so 'n psigologiese element teenwoordig maar dit is nie voldoende nie en moet eintlik histories gesien word. In Nederland bv. het Anabaptistiese, Lutherse en Calvinistiese

---

[34] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1652-1824,* deel 1, p. 10.

[35] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, pp. 5, 6.

[36] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes,* p. 70.

invloede mekaar opgevolg. Dit was eerder om historiese as psigologiese redes dat ten slotte die Calvinisme aanvaar is.[37] Die Calvinistiese Protestantisme het aan die moderne Westerse beskawing, ondanks latere verval, 'n wonderlike glans en bekoring verleen.

> *Die beskawingsmondige en verantwoordelike menslike persoonlikheid is tot vandag toe 'n tipiese verteenwoordiger van daardie Westerse volkere wie se kultuurontplooiing onder leiding en besieling van die Christelike religieuse grondmotief gestaan het en nog staan.*[38]

Nadat hierdie faktore buite Suid-Afrika, uit die "voorgeskiedenis", wat beskawingsvestiging en volkswording gestimuleer en bevorder het onder oë geneem is, kan nader aan eie bodem beweeg word. As in ag geneem word dat die eerste vestigers en koloniste eenvoudige Nederlandse burgers was, is dit geregverdig om te vra of so 'n getalswakke, onbenullige groepie, werklik die draers en bewakers van die Westerse beskawing en Nederlandse kultuur kon gewees het. Hier word hoofsaaklik van Nederlanders gepraat omdat die Duitse element baie vinnig ver-Hollands het en die Franse ook nie vir lank hulle identiteit behou het nie.

Die antwoord moet ook in die religieuse grondmotief gesoek word. Die Christelik-Protestants-Calvinistiese religie waarin die vroeë vestigers opgevoed is en waarmee hulle opgegroei het, het die eenvoudige mense ook aan die hart gegryp en het hulle lewensuitgange gerig op grond van hulle geloofsvertroue.

> *Ten diepste word elke mens in sy denke en dade gelei deur die religie van sy hart. ... Soos 'n mens in sy hart glo, so is hy, en so dink en doen hy.*[39]

Die Calvinisme was vir die vroeë voorsate van die Afrikaner identies aan godsdiens, kerk en 'n regsinnige lewenswandel en daarvolgens het hulle hul hele lewensbestaan geskik. Die Calvinisme het op hierdie wyse die grondslag van die Afrikaanse wêreldbeskouing en lewensopvatting gevorm, die onbewuste stuurman van elkeen se beskouings en hul doen en late.[40] Die eie-aard of identiteit wat by die Kaapse

---

[37] K. Runia, *Calvijns betekenis in onze tijd*, p.34.

[38] E.A. Venter, *Die ontwikkeling van die Westerse denke*, p.71.

[39] E.A. Venter, *Wysgerige temas...*, p. 191.

[40] P.S. Dreyer, "Die tipering van Afrikanerskap", P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 40.

inwoners ontwikkel het, was ingebed in die kollektiewe geestesgesteldheid van die wordende volksgemeenskap.

Die VOC se rol in die geestelike versorging van sy dienaars mag ook nie uit die oog verloor word nie. Die feit dat geen ander belydenis as die Gereformeerde aan die Kaap toegelaat is nie (met uitsondering van die Lutherane in die laat 18e eeu) het aan die Gereformeerde religie 'n sterk voorkeurposisie gegee. Die rol wat gesagvoerders van Jan van Riebeeck af ten opsigte van godsdiensbeoefening en kerkvestiging gespeel het, moet in gedagte gehou word.

> *Die prominente rol wat godsdiensbeoefening in die Fort en Kasteel gespeel het, beklemtoon nie net die noue band tussen owerheid en kerk aan die Kaap nie, maar ook die waarde wat aan die gereformeerde geloof geheg is en die toewyding waarmee dit beoefen is.*[41]

Ook die vryburgers het van die begin af 'n belangrike rol in kerklike ampte gespeel. Die kerklike orde aan die Kaap is ingerig volgens die kerkorde van 1643 van goewerneur-generaal Antonie van Diemen. Dit het onder meer bepaal dat die helfte van die kerkraadslede uit die geledere van amptenare en die ander helfte uit die vryburgers gekies moes word.

> *Die vryburgers se meelewing met die kerklike lewe, soos die bywoning van eredienste en die gebruik van die sakramente, het nie verskil van dié van die VOC-amptenare nie.*[42]

Waar afstande vir verder-wonende burgers probleme met kerkbesoek meegebring het, het hulle oor die algemeen egter die sakramente – veral die doop – gereeld onderhou.

Uit wat tot hier toe gesê is, kan die afleiding gemaak word dat daar 'n godsdienstige klimaat aan die Kaap geheers het, 'n etos waarin godsdiens en kerk 'n oorwegende rol gespeel het. Ook die burgers se beskouinge oor hulle verhouding met die inheemse mense was religieus gekleur. Dit was 'n verskynsel wat nie net aan die Kaap voorgekom het nie.

---

[41] D. Sleigh, "Kerkdienste in die Fort en Kasteel", G. Hofmeyr (hoofred.), *N.G. Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk* 1652-2002, p. 35.

[42] C. de Wet, "Van vryburgers tot veeboere", G. Hofmeyr (hoofred.), *N.G. Kerk 350, Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk* 1652-2002, p. 40.

> *... [N]amate die Europeër in groot getalle na ander kontinente verhuis het, is daar van die begin af – soos in alle Protestants-besette gebiede – onderskeid tussen 'Christen' en 'heiden' getref waarby die ervaring mettertyd die beskawingsfaktor gevoeg het: omdat die Christen beskaafd en 'n Blanke was en die heiden onbeskaafd en gekleurd, het die differensiasie 'n kleuraksent gekry en is bloedvermenging met sterk morele, en later politieke sanksies afgekeur.*[43]

Dit was 'n tipiese 'grens'-oortuiging wat die Europeër as besetters ter wille van selfbehoud daarvan gevrywaar het dat hy nie in die nie-blanke meerderheid opgeneem is nie. Dit het aangesluit by die mensbeeld van die vroeg-koloniale tydperk waar die stelsel van oortuiginge op 'n begrip van meerderwaardigheid-minderwaardigheid, 'n baas-kneg-verhouding berus het. Historici het baie redes aangevoer vir hierdie oortuiginge en ingesteldheid wat by die Afrikaner ontstaan het. Hermann Giliomee gee egter die beste antwoord vir die beter verstaan van die "kleur"-oortuiginge by die Kaapse burgers en hulle nageslagte.

> *It is a tale of processes rather than decrees and social institutions (particularly the family and church) rather than political institutions that shaped the rigid structure of Cape society.*[44]

Hoewel, soos later beskrywe sal word, geslagsverkeer en huwelike tussen blankes en slavinne plaasgevind het, het veral koloniste wat in die land gebore is, hulle houding teenoor nie-Europese bevolkingsgroepe algaande radikaal gewysig. Vooroordeel teen gekleurdes en inheemse mense het aan die begin van die 18e eeu nog nie bestaan nie en het met die verloop van tyd geleidelik ontwikkel.

> *Ras en huidskleur het mettertyd by die bepaling van sosiale verhoudings al hoe belangriker geword en langsamerhand het daar 'n sterk uitgesproke kleurvooroordeel ontstaan ...*[45]

Die houding van die Kaapse koloniste teenoor die inboorlinge het 'n sterk Ou-Testamentiese grondslag gehad – selfs houdings wat op ander grondslae en vooroordele berus het, is deur 'n beroep op die gesag van die Bybel geregverdig.[46]

---

[43] F.A. van Jaarsveld, *Omsingelde Afrikanerdom*, p. 8.

[44] H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people*, p. 35.

[45] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p. 256.

[46] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, pp. 256, 257; H. Giliomee, "The Development of the Afrikaners' self-concept", H.W. van der Merwe (comp.), *Looking at the Afrikaner today*, pp. 3-7; F.A. van Jaarsveld, *Afrikaner Quo Vadis?* pp. 33, 34.

In die postmodernistiese tradisie is sedert die 1970's heelwat aandag aan die konsep van mag in alle lewensverbande gegee. Veral die werk van Michel Foucault het daartoe meegewerk dat die interpretasie van magsverhoudinge binne die samelewing, onder meer ook dié tussen kerk en staat, vanaf die sewentiger jare van die 20e eeu aan nuwe interpretasies uitgelewer is. Indien die kerk en godsdiensoefening aan die Kaap vanaf die 17e eeu in hierdie konteks beoordeel word, is dit duidelik dat die bewindhebbers van die Kaap op bepaalde maniere hulle invloed in die kerkgemeenskap laat geld het. Onregstreeks is die gemeenskap beïnvloed om bepaalde beleidsriglyne van sekulêre regering te aanvaar. Dit sou vanselfsprekend 'n invloed uitoefen op die wyse waarop mense met mekaar saamgewerk het. Ook het dit in kerkverband algaande 'n faktor geword wat die verhoudinge tussen mense van verskillende rassegroepe aan die Kaap beïnvloed het.[47]

Van vroeg af in die Christelike era het kerk en staat elk sy eie terrein en roeping gehad dog die voorwerp van hulle belangstelling en verpligtinge was dieselfde en beide se aktiwiteite was gerig op die welsyn van dieselfde mense. Albei het hulle beroep op die goddelike gesag waarmee hulle beklee is en hierdie gesag moes binne dieselfde gemeenskap en gesagsgebied uitgeoefen word. Dat kerk en staat elkeen onbeperk gesag binne sy eie huishouding sou uitoefen, was weinig meer as 'n ideaal, meer bepaald te opsigte van die kerk. Oorheersing van die één oor die ander was veel meer die geval as afsonderlike ontwikkeling langs parallelle bane.[48]

Met die Hervorming, toe Protestantse kerke naas die Rooms-Katolieke kerk ontstaan het, moes die politieke owerheid openbaar wat hy as die ware godsdiens en kerk beskou het. Tydens die Hervorming was die Protestantse kerk swak en van alle kante aangeval en genoodsaak om by die staat beskerming te soek. Die behoefte aan en noodsaak van staatsbeskerming en -begunstiging was aanleiding daartoe dat die Protestantse kerk in verskeie lande in Europa oor lang tydperke aan die leiband van die politieke gesag moes loop.[49] Die Gereformeerde kerk in Nederland is in die 16e

---

[47] R.J. Evans, *In defence of history,* pp. 195-197.

[48] B.Booyens, "Kerk en staat, 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p.1.

[49] B.Booyens, "Kerk en staat, 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p.2.

eeu deur die staat erken en die owerheid het hom die mag toegeëien om te beslis hoedanig die kerk sou wees wat hy geroepe sou wees om te beskerm. Om hierdie opvatting het die stryd oor staats- en kerklike regte ontstaan.

Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie het volgens die magsdelegasie wat aan hom toegesê is ook beheer oor kerklike aangeleenthede gekry. Die maatskappy het die bevordering van die publieke godsdiens en die geestelike belange van sy dienare as plig aanvaar. Spoedig het die kompanjie die waarde van godsdiens as skakel met die inheemse bevolking in die Ooste en as medium tot die bestendiging van goeie betrekkinge besef. *En so moes ook die godsdiens ingespan word om die handel, die allesoorheersende doelstelling van die kompanjie, te bevorder.*[50]

Die nedersetting aan die Kaap was vir die tydperk 1652-1795 staatkundig en kerklik ondergeskik aan Nederlands-Indië. Verskeie faktore waaronder swak kommunikasie het beheer vanuit Batavia laat afneem en het die Here XVII meer direkte toesig oor Kaapse sake gehad. Aan die Kaap was die Politieke Raad die maghebber en die verhouding tussen kerk en staat is deur dié liggaam bepaal. Die Politieke Raad het uit die staanspoor, voor die stigting van die eerste gemeente, by wyse van resolusies en instruksies alle kerklik-godsdienstige sake gereël. Prosedures en gebruike by eredienste, bywoning van dienste, bid- en vasdae, doopbediening en huweliksbevestiging, alles was onder beheer van die Politieke Raad. Die aanstelling van predikante en sieketroosters, hulle diensbeëindiging en hulle besoldiging en die benoeming van kerkraadslede het by die owerheid berus. Ook die stigting van nuwe gemeentes, hulle grense, die oprigting van kerkgeboue en pastorieë was die Politieke Raad se verantwoordelikheid.[51] Die kerk het met sy boodskap die sieleheil van sy lidmate op die oog gehad en kan in dié opsig as 'n geestelike mag gesien word, maar organisatories en proseduregewys het dit geen mag gehad nie en het die landsowerheid oor kerklike sake die soewereine mag gehad.

---

[50] B.Booyens, "Kerk en staat, 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p.10.

[51] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, p. 66.

Ná die Kaapse gemeente in 1665 tot stand gekom het, was daar 'n mate van skeiding tussen die terrein van die kerk en die staat. Die betrokkenheid van die owerheid het afgeneem en die kerkraad het dermate aan gesag gewen. Dit het egter geen selfstandige kerk beteken nie want tot aan die einde van die kompanjiesbewind in 1795 het die owerheid seggenskap in kerklike sake behou. Die owerheid het streng toesig oor kerksake gehou deur 'n hoë amptenaar (gewoonlik die sekunde wat tweede in bevel was ná die goewerneur) by kerklike vergaderings te laat insit. Die kommissaris-politiek, soos die amptenaar bekend was, het selfs die bevoegdheid gehad om op 'n vergadering se agenda in te gryp en te bepaal watter sake aan die orde mag kom. [52]

Die Gereformeerde, of Hervormde kerk, soos dit ook aan die Kaap bekend was, het egter steeds die begunstigde kerk gebly en het nie geskroom om op die sterk arm van die landsbestuur staat te maak om kerklike gesag te laat geld nie. Enkele voorbeelde sal die geldigheid van dié stelling illustreer.

Onder die amptenare van die kompanjie was daar 'n groot aantal Lutherane. Reeds in 1665 is hulle toegelaat om nagmaal in die Gereformeerde kerk te gebruik. Lutherane wat geneë was om die avondsmaal te vier, moes daarvoor aansoek doen en van onberispelike gedrag wees. Saam met hulle Christelike verdraagsaamheid het die Gereformeerdes, met ander woorde, die kerk, egter ook taktiese oorwegings gehad: die hoop om sodoende die Lutherane mettertyd tot die skoot van die Gereformeerde kerk oor te bring. Die klassis van Amsterdam, onder wie se gesag die Kaapse gemeente gestaan het, het die optrede van die kerkraad onderskryf.[53] Die kerk aan die Kaap het hier opgetree, nie alleen om sy gereformeerde karakter te beskerm nie, maar ook om sy lidmaattal te vergroot.

Toe die Lutherane gedurende die loop van die 18e eeu herhaalde versoeke by die Politieke Raad ingedien het om openbare godsdienstige byeenkomste te hou, is dit deur die owerheid en die kerkraad van die Kaapse gemeente geweier. Die oprigting

---

[52] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, pp. 66, 67; B. Booyens, "Kerk en staat ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, pp. 17-19.

[53] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, p. 72.

van 'n Lutherse kerk alhier sou 'n bedreiging vir die Gereformeerde godsdiens ingehou het, was die beswaar.[54] Die kerk en die landsowerheid het 'n "magsblok" gevorm om 'n ander Protestantse kerk te weer.

Toe die Lutherane begin voorspraak maak het vir 'n eie kerk het die Gereformeerde kerkraad en die klassis van Amsterdam versoek dat indien daar 'n Lutherse kerk aan die Kaap opgerig sou word, alleen Gereformeerdes in regeringsposte aangestel moet word. Hierteen het die Politieke Raad beswaar gemaak omdat hulle eerder op die bekwaamheid van kandidate gelet het as op hulle belydenis. 'n Langdurige stryd was die gevolg met talle rekweste by die Here XVII uit beide die kampe.

> *Die beëindiging van die Kompanjie se heerskappy aan die Kaap in 1795 het ook die einde beteken van die Gereformeerde kerk se invloed by die owerheid en sy stryd in die handhawing van besondere voorregte.*[55]

Daar was ook enkele Rooms-Katolieke onder die eerste nedersetters aan die Kaap. Anders as met die Lutherane is Katolieke nooit toegelaat om openbare godsdiensoefeninge te hou nie. Die Gereformeerde kerk het noulettend daarna omgesien dat die Protestantse karakter van die ingesetenes nie bedreig word nie. Die enkele Roomse gesinne het hulle godsdiens onder streng beperkende maatreëls beoefen. Tot 1674 is Katolieke ouers toegelaat om hulle kinders in die Gereformeerde kerk te laat doop en kon mede-Katolieke as doopgetuies opgetree het. Daarna is sodanige doopouers versoek om Gereformeerde getuies te vind.[56]

Die koms van die eerste buitelandse sendeling, Georg Schmidt, het omstandighede geskep wat die onbuigbare sieninge van die kerk en die uitoefening van kerklike gesag duidelik illustreer. Schmidt was van die Protestantse Morawiese sendinggenootskap, ook bekend as die Hernhutters, en het in 1737 onder die Khoi in Baviaanskloof, die latere Genadendal, begin werk.[57] Toe hy van sy eerste

---

[54] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, pp. 72, 73.


[55] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, p. 75.

[56] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, pp. 75. 76.

[57] H. Hofmeyr, "Die opkoms van sendinggenootskappe", G. Hofmeyr (red.), *NG Kerk 350* ..., p. 68.

bekeerlinge gedoop het, het sy optrede verontwaardiging en protes van die Kaapse predikante uitgelok. Die kerk aan die Kaap het self nie gedurende die 17e en 18e eeu enige spesifieke kersteningsprogramme onderneem nie. Nieteenstaande dié versuim was die opvatting steeds dat kerstening die verantwoordelikheid van die erkende kerk was.

> *Wanneer heidene dus tot geloof sou kom, is dit as vanselfsprekend beskou dat hulle tot die geledere van die bestaande kerk toegevoeg sou word.*[58]



Georg Schmidt van die Moerawiese Broederskap of Hernhutters, die eerste Protestantse sendeling in Suid-Afrika. (Genadendal–Sendingmuseum / LuxVerbi.BM).

Daarom, al word Schmidt aanvanklik geduld ('n aanduiding dat die kerk nie teen die doen van sendingwerk gekant was nie) sou die kerk nie daarmee genoeë neem wanneer hy, as ongeordende, die doop bedien het nie. Die Gereformeerde kerk aan die Kaap was die enigste erkende kerk en met hulle beskouing omtrent die eenheid tussen kerk en kerstening, kon hulle nie anders as om teen Schmidt op te tree nie.

---

[58] N.J. Smith, *Elkeen in sy eie taal* …, Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 'n historie-missiologiese analise en ekklesiologiese beoordeling, p. 30.

Selfs in die afwesigheid van 'n eie kersteningsprogram was dit vir die kerk onaanvaarbaar dat gekerstendes buite sy jurisdiksie te staan sou kom.[59]

Die kerk het dus nie beswaar teen die doen van sendingwerk deur Schmidt gehad nie, maar die bediening van die sakrament, in oorstemming met die wet van die land was uitsluitlik die bevoegdheid van geordende Gereformeerde predikante. Die Here XVII het streng gehou by die beginsel *Cuius regio illius religio* (ook *Cuius regio, eius religio*). Dit wil sê, *Wie se gebied, sy godsdiens*.[60] Hierdie beginsel is met die Vrede van Augsburg in 1555 vasgelê om die voortsetting van die godsdiensstryd te probeer voorkom.



Genadendal aan die voet van Baviaanskloof, die sendingstasie wat Georg Schmidt gestig het. Naas Kaapstad was Genadendal in 1800 die grootste nedersetting. (Genadendal-Sendingmuseum / Lux Verbi.BM).

Dit val moeilik om 'n verklaring vir so 'n selfbestrydende ingesteldheid te gee. 'n Moontlike antwoord kom na vore in opvattings van die filosoof Baruch de Spinoza (1632-1677). Hy het hom verstom dat aanhangers van die Christendom wat liefde, vreugde, vrede en matigheid gepredik het, mede-Christene en mense van ander belydenisse met soveel haatdraendheid bestry het. Hy het betoog dat hulle geloof oorwoeker is deur angs as gevolg van onsekerheid. In 'n poging om die onsekerheid

[59] N.J. Smith, *Elkeen in sy eie taal* ..., pp. 30, 31.

[60] N.J. Smith, *Elkeen in sy eie taal* ..., pp. 30, 31.

te verberg, word 'n dogmatiese sisteem opgebou wat die aanhangers bereid is om met vuur en swaard te verdedig. As gevolg van dié ingesteldheid kom politiek én vroomheid in gevaar want volgens Spinoza kan beide slegs gedy wanneer mense vir hulleself kan uitmaak wat waarheid is. Die toestaan van vryheid van keuse doen nie afbreuk aan vrede in die samelewing nie en skep 'n toestand waar vroomheid floreer en vroomheid is die waarborg vir publieke vrede. Politieke vryheid is bevorderlik vir die religie en religieuse vryheid is bevorderlik vir die politiek.[61]

Oor kerklike gesag en mag en die misbruik daarvan is enkele opmerkings gepas. In sy ywer om die Gereformeerde belydenis te beskerm en geen ander kerk toe te laat nie, het die Kaapse kerk aanvanklik die bymotief gehad om Lutherane en Katolieke lidmate van die Gereformeerde kerk te laat word. Dié ywer het die kerk blind gemaak vir die feit dat geloof nie opgelê of afgedwing kan word nie. Afgedwingde geloof lei slegs tot hipekrise (skynheiligheid en huigelary) en minagting van God want niemand kan op bevel van 'n ander tot geloof kom nie. Slegs die individuele keuse wat mense maak, gee gestalte aan hulle oortuiginge en bindinge. *Alleen een geloof waartoe men zich zonder dwang van buiten bekent, is God waardig.*[62]

Om ander godsdienste te weer in die verwagting dat 'n gekanoniseerde geloof ook 'n eensgesinde en gelykgestemde samelewing sou verseker, was 'n hersenskim. Hierdie magsuitoefening van die kerk, dikwels met die steun van die staatsowerheid, het juis die teenoorgestelde uitwerking gehad. Aan die Kaap het die stryd tussen Gereformeerdes en Lutherane baie spanning en hartseer veroorsaak en eensgesindheid teengewerk. Die beleid om bekwame amptenare van ander belydenisse uit owerheidsposte te hou, het verbittering meegebring en tot verdere spanning tussen die twee maghebbers, owerheid en kerk, aanleiding gegee.

Dit was eers met die kerkorde van kommissaris-generaal De Mist in 1804 dat alle kerklike genootskappe in elke opsig gelykberegtig en begunstig sou word.[63] Die gelykstelling van die onderskeie belydenisse (religieuse vryheid) het groter

---

[61] F. Jacobs, "Pluralisme", E. Brugmans (red.), *Cultuurfilosofie* ..., pp. 113, 114.

[62] F. Jacobs, "Pluralisme", E. Brugmans (red.), *Cultuurfilosofie* ..., p. 122.

[63] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, deel 1, p. 74.

godsdienstige verdraagsaamheid tot gevolg gehad maar rus en vrede het steeds nie geheers nie omdat die strydperk, hoewel nie gewelddadig nie, verskuiwe het na die gebied van die kultuur.

Afsondering 'n bedreiging

Toe die veeboere al dieper die land ingetrek en die nedersetting se grense al verder verskuiwe het, het godsdiens en die kerk 'n belangrike invloed op hulle uitgeoefen. Die pioniersomstandighede, die half-nomadiese bevolking, die groot afstande en gebrekkige kommunikasiemiddele het meegebring dat gemeentestigting stadig verloop het en dat na 150 jaar van Nederlandse besetting die totale getal Nederduits Gereformeerde gemeentes op sewe gestaan het. Die gemeentes was groot en uitgestrek en dit het die geestelik-godsdienstige lewe van die lidmate geraak deurdat hulle eredienste nie gereeld kon bywoon nie.

Terwyl die handjievol blankes beskawingsinvloede moes ontbeer, was hulle byna voortdurend in aanraking met die inlandse mense. Soos Scholtz wat redelik uitvoerig hieroor geskrywe het dit gestel het, het al die faktore veroorsaak

> *dat die jong Afrikaanse volk, veral gedurende die agtiende eeu toe die trek na die binneland begin het, as't ware op die rand van 'n afgrond geloop het.*[64]

Die toestand van isolasie het die gevaar van 'n dalende peil van Europese beskawing en kultuurstagnasie algaande vergroot. In Kaapstad en sy onmiddellike omgewing met 'n groter sametrekking van bevolking en meer bestaansmiddele en -dienste, was die moontlikheid van verwildering kleiner. Diegene aan die voorpunt van afsondering het meer in gevaar verkeer.

Bekommerde stemme het opgegaan oor die toestand van landsburgers wat hulle ver van die Kaapstad bevind het. Die eerste het gekom van kommissaris-generaal Van Imhoff, van wie later meer gehoor sal word. Op 14 Februarie 1743 het hy voor die Politieke Raad verklaar dat hy met

---

[64] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p.116.

> *leetweesen hadde ontwaard, en so ook in welke groote sorgelooshijd en onweetenheijd een groote gedeelte der buijten luijden in dien opzigh leeven, sig aan den Godsdienst wijnig of niet bekennende.*[65]

Vir hom het hulle wat so geleef het voorgekom as 'n versameling heidene eerder as 'n kolonie Christene en Europeërs. Van Imhoff het opdrag gegee vir die stigting van twee gemeentes, Roodezand (Tulbagh 1743) en Swartland (Malmesbury 1745).[66]

In 1768 het J.W. Cloppenburg, toenmalige sekunde (die rang net onder die goewerneur en dus tweede in bevel) ook 'n reis deur die kolonie onderneem. Soos Van Imhoff was hy ontsteld oor wat hy waargeneem het en in 'n lang memorandum het hy daaroor geskryf en sekere aanbevelings gedoen. Hy sê onder andere dat weens die uitgestrektheid van die land 'n

> *groote verwildering van Godsdienst, van Obedientie en gevolglijk van een goed gedragh onder de tegenwoordige geslagten klaarblijklijk in derselver nageslagt dreigt.*[67]

Cloppenburg het verskeie voorstelle gemaak wat hoofsaaklik daarop gemik was om mense bewus te maak van die gevare van verwildering wat hulle in die gesig gestaar het. Ontaarding kon volgens hom teengewerk word deur gesinshoofde te wys op hulle *huisvaderlijke* pligte en om mense voortdurend daaraan te herinner om onderlinge hulpverlening nie te verwaarloos nie en om hulle verantwoordelikheid teenoor die Opperwese en die landsowerheid na te kom.[68]

Cloppenburg wou onder andere gebruik gemaak het van die drukpers vir verspreiding van literatuur onder die mense. Vir hom was dit egter nie beskore om die beskawingsvoordele van 'n drukpers te kon smaak nie want eers tydens die Britse besetting van die Kaap is hier drukwerk gedoen. Voorts het hy die gedagte uitgespreek dat geen slawe meer ingevoer moes word nie.

Beide Van Imhoff en Cloppenburg se vrees was dat die vroeë Afrikaners van God en sy gebod sou afwyk. Hulle was blykbaar nie bewus van hoe diep religieus die mense

---

[65] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C 35, Politieke Raad, p. 135.

[66] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, p. 21.

[67] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 58, Verbatimkopieë, 1768.

[68] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 117.

was en watter lewensfondament hulle godsdiens selfs in omstandighede van durende afgesonderdheid vir hulle was nie. Word al die omstandighede in ag geneem, is die volgende stelling van Scholtz nie oordrewe nie:

> *Nooit het die Calvinisme vir die Afrikaanse volk soveel beteken as in die agtiende eeu, toe dit vir die eensame trekboer, ver van enige beskawende invloede, die groot faktor was wat verhinder het dat hy tot die peil van die omringende heidense barbare sou sink. Inderdaad kan beweer word dat dit die Calvinisme was wat die jong Afrikaanse volk van 'n spoedige ondergang gered het.*[69]

Die krag en invloed van die religieuse grondmotief word deur die voorgaande voorbeelde duidelik onderstreep.

Invloed van die Bybel

Vir groter duidelikheid moet gesê word dat Van Imhoff en Cloppenburg die toestand in die voorste grensgebied te donker gesien het. Kommissaris Daniël Nolthenius wat die Kaap in 1748 besoek het, het in 'n memorandum sy tevredenheid uitgespreek dat daar aan die *godvruchtig oogmerk* voldoen is om *de gemeene man uijt sijne onwetenheijd te brengen tot't ligt des Evangeliums.*[70] Goewerneur Joachim van Plettenberg wat in 1778 'n reis deur die Kaapse buitedistrikte onderneem het, het in die omgewing van die Sneeuberge, in daardie stadium die mees afgeleë blyplek van veeboere, gevind dat die mense arm was. In die toestand van armoede en geestelike nood was daar in elke eenvoudige huisie 'n Statebybel wat as geestelike kragbron en wegwyser vertroetel en gehoorsaam is.[71] 'n Versoekskrif wat daardie inwoners aan die owerheid in 1778 gerig het vir 'n kerk en leraar is 'n aanduiding van hulle erns oor hulle godsdiensbehoeftes.[72] Nepgen verklaar:

> *Verstoke van kerklike voorregte en sonder die voorligting van geestelike leidsliede het hulle onder die drang van hulle godsdienstige*

---

[69] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 118.

[70] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 118. Nota: Scholtz se datum, 1744, vir die besoek van Nolthenius is nie korrek nie. Sien A.J. Böeseken, *Die Nederlandse kommissarisse* ..., p. 230.

[71] P.B. van der Watt, *Die Nederduits Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, p. 21.

[72] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 118.

> *tradisie as vanself, 'n des te groter plek toegeken aan die lees van die Heilige Skrif.*[73]

Boeke was skaars op die platteland tog het die meeste families naas die Statebybel ook die gesange van Willem Sluiter, die *Heidelbergse Kategismus* en die *Kortbegrip* van Helmbroek (Hellenbroeck) en geskrifte van Smijtegeld en a'Brakel besit.

> *Sommige families het ook nog een of ander predikasieboek besit. Die bekendste hiervan was die "Donderslag der Godelozen" wat preke met aantekeninge en gebede vir elke dag van die jaar en alle moontlike spesiale geleenthede bevat het.*[74]

Die Statebybel was die één boek wat die Afrikaner op elke skof van sy geskiedenis vergesel het en getrou by huisgodsdiens gelees is. Daar word met nadruk gesê dat dit veral die lees van die Bybel was, en nie die seldsame aanraking met die georganiseerde kerk nie wat die godsdienstradisie by die Afrikaner in stand gehou en bevorder het.[75] Dat dit die geval was, spreek verder uit die feit dat die stigting van die vyfde gemeente Swartland, in 1745, en die sesde, Graaff-Reinet, eers in 1792 gevolg het. Kontak met die georganiseerde kerk het soms selfs probleme veroorsaak.

Klagtes oor swak preke is nie 'n moderne verskynsel nie want in 1770 kla 'n kerkganger, wat twee dienste op 'n Sondag bygewoon het, dat dit met die meeste toehoorders gaan soos met homself – hy het die kerk verlaat niks wyser as toe hy dit betree het nie.

> *Dit is zeker meestal de schuld der toehoorders zelve, maar ook menigmaal van de predikers, die niet genoeg studeren, om naar de vatbaarheid hunner toehoorders te prediken, en derzelve aandacht gaande te houden.*[76]

---

[73] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 59.

[74] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, pp. 247, 248; sien ook P.S. Dreyer, "Tipering van Afrikanerskap", P.G. Nel (red.) *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 41,42.

[75] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, pp. 59, 60.

[76] Soos aangehaal deur C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 60.

Ongelukkig was dit ook so dat vele van die geestelike leidsliede van die 17e en 18e eeu nie 'n gunstige indruk gemaak het nie. In April 1751 het 'n gekombineerde kerkvergadering aan die Klassis van Amsterdam geskrywe dat van die gemeentes van predikante voorsien was wat geensins as waardige verteenwoordigers van die amp getel kon word nie. Hulle het dan ook versoek dat *geen onbequaeme* predikante, *of van een eregerlijk* (ergerlike) *leeven* uitgestuur moes word nie. Die Kaapse kerk moes nie verplig word nie om *onkundige vossen te gebruiyken, die de wijngaert des Heeren bederven ... .*[77] Daar moet onthou word dat die predikante van die Kaapse kerk amptenare van die kompanjie was en daar was verwyte dat in baie gevalle die predikant sy bediening opgeneem het asof dit 'n wêreldlike amp was en dat baie die Kaap slegs gesien het as 'n deurgang na 'n beter betrekking.

Daar kan oor die plek en die rol van die Bybel in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Afrikaner volstaan word deur te sê: die Bybel was vir die voorvaders van die Afrikaner hulle teologie, hulle geskiedenis, hulle wetenskap en al hul literatuur.

> *As gevolg van die plek wat die Bybel onder die Afrikaner nasie in sy wordingstydperk ingeneem het, en veral as gevolg van die invloed van die Bybel in die familielewe, kan die sosiale, kulturele en etiese waarde van die Skrif moeilik oorskat word in 'n poging om die Afrikaner gemoed te verstaan.*[78]

In sy behandeling van die invloed wat die Statebybel op die verspreide en afgesonderde vee- en trekboere op die ongetemde voorposte gehad het, het P.J. van der Merwe die volgende betekenisvolle opmerking gemaak:

> *Op hul trek na die binneland was die boere verplig om baie agter te laat wat by die beskaafde lewe tuisgehoort het, maar tog het dit reisigers dikwels verbaas om soveel beskawing op die grense aan te tref, ten spyte van die geringe moontlikhede om dit te bekom.*

En voorts:

> *Miskien het die boere selfs gedurende die 18e en 19e eeu meer aan geestelike kultuur gewen as verloor.*[79]

---

[77] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, pp. 60, 61.

[78] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 63; sien ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, pp. 186, 187; H. Giliomee, *The Afrikaners* ..., pp. 41-45.

[79] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p. 254.

Kundige navorsers en skrywers wat hulle besig gehou het met volksvorming op die suidlandse bodem van Afrika en wat die karaktertrekke van die nuwe Afrikamens, die Afrikaner, en sy lewenstyl, wêreldbeskouing en lewensopvatting beskrywe het, verwys almal in die proses na die trekboerpioniers op die koloniale voorposte. Die historikus Gie noem hulle die hoofdraers van die Afrikaner se historiese ontwikkeling.[80] Baie eienskappe van die Afrikaner se identiteit en sy kenmerkende aard en lewenswyse word gekoppel aan wat in die pioniersgemeenskap diep in die binneland gestalte gekry en geword het. So word daar byvoorbeeld verwys na die Afrikaner se geheimsinnige trekdrang, hulle word genoem mense van die gesigseinder en ook

> [d]*ie vlaktemens, mens van die stilte. Die Afrikaner as kultuursoort is gevorm in die stilte van ons vlaktes* ...[81]

Nepgen hanteer die trek na die binneland en die isolasie waaronder die mense gelewe het en kom tot die volgende slotsom:

> *So het daar in die loop van die 18e en 19e eeu in die binneland van Suid-Afrika 'n volk met 'n eie individualiteit en karakter ontstaan, ... In die eensaamheid van sy 'ver afwoonentheijd' het hy homself geword...*[82]

F.J. du Toit Spies stem saam dat die veeboer 'n uiters belangrike invloed op die ontwikkeling van die eie-aard van die wordende Afrikanervolk gehad het. Hy voeg egter by dat die invloed van die meer gesete boere nader aan die Kaap, die wyn- en graanboere, asook die bevolking van Kaapstad en in ander dorpe nie buite rekening gelaat moet word nie.[83]

---

[80] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 188.

[81] A. Coetzee, "Die wortels en kenmerke van die tradisionele Afrikaanse lewenstyl", P.D. van der Walt e.*a.* (reds.), *Besinning en uitsig*. 'n Keur van die referate gelewer tydens die eeufeesjaar van die P.U. vir C.H.O. en die teologiese skool, p. 34.

[82] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 56.

[83] F.J. du Toit Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en die wording van sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.) *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, p.43.

Daar is egter historici wat van oordeel is dat die dorpenaars van *De Kaap*, die latere Kaapstad, nie 'n groot rol gespeel het in die proses van kultuurontwikkeling en volkswording nie,

> *Cape Town, a multi-racial and multi-lingual city, was considered to be the centre of cultural and intellectual life, but in actual fact it was a backwater.*[84]

Daarteenoor stel Giliomee egter die werklike sentrum vanwaar besondere invloede op die ontwikkeling van die bevolking en op hulle denke ten opsigte van groepsvoortbestaan voorgekom het.

> *It was the rural Western Cape that wielded the most important influence on the development of a burgher community with certain distinctive institutions and a specific way of thinking about collective survival ... it was this rural Western Cape community that formed the epicentre of the norms the burghers took with them when they settled in the deeper interior.*[85]

Naas verskille homogeniteit

Hoewel daar merkbare verskille tussen die Kaapse bevolkingselemente en die beïnvloedingsfaktore wat op die groepe ingewerk het, was en verskillende bestaanswyses tot gevolg gehad het, het daar 'n groot mate van homogeniteit of eendersheid en gelyksoortigheid tussen die groepe bestaan. Daar kan gevra word hoe die homogeniteit ontwikkel het.

'n Mate van homogeniteit was aanvanklik reeds teenwoordig by draers van die Westerse beskawing van Dietse oorsprong, mense met 'n gemeenskaplike bloedstroom, tradisies en godsdienstige oortuiginge. Hierdie Europese afkoms en die hoë kultuurstand het na baie geslagte, ook in die afgesonderde binneland, sy invloed behou.

---

[84] H. Giliomee, *The Afrikaners*: ..., p. 28.

[85] H. Giliomee, *The Afrikaners*: ..., pp. 56, 57.

> *Dit het miskien nie altyd ewe sterk na vore gekom nie maar die bewustheid van 'n kultuurpeil wat oor eeue gestrek het, het nooit verdwyn nie.*[86]

Daarnaas was daar verskillende kultuurmorfologiese faktore op Suid-Afrikaanse bodem wat mense tot 'n hegter eenheid gebind het. Reeds met die landing van Jan van Riebeeck en sy klein kontingent neem hulle eerste lewenservaring op Afrikaanse bodem 'n aanvang, 'n proses van saamleef en saamwerk.[87] Alhoewel hierdie stigters op 'n bodem geland het waar daar geen geriewe was nie, was die gemeenskap georden, orde en wet het gegeld en toesig is gehou. Daar is ook planmatig en georganiseerd gewerk aan bepaalde doelwitte, alles elemente wat samehorigheid in die hand gewerk het. Daar is gebou op 'n beskawingsfondament en kultuurbasis wat saamgebring is vanaf Europa. Verder moet die oorheersende gesag van die kompanjie altyd in gedagte gehou word.

> *Die vroeë homogeniteit van die Afrikaanse volk moet in 'n groot mate aan die beleid van die kompanjie toegeskryf word.*[88]

Die amptelike optrede van die kompanjie, wat die Kaap eintlik as 'n provinsie van Nederland beskou het, het gehelp om die invloed van ander elemente te beperk: Vreemde nasionaliteite is vermy, so ook vreemde godsdienste. Toe daar wel in 1700 pogings was om meer immigrante na die Kaap te lok, het die Here XVII 'n duidelike voorbehoud gestel dat sodanige nuwe aankomelinge so ver doenlik *Nederlanders of onderdaanen van deze Staat of van Hoogduijtsche natien* moes wees en ook *van de gereformeerde of Luijterse godsdiens ..., dogh geen Franschen.*[89] (Dit was eers op 18 Oktober 1779 dat die Here XVII met 'n resolusie goedgekeur het dat 'n Lutherse gemeente aan die Kaap gestig kon word.)

---

[86] M.J. Swart, "Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850", *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns*, jg. 5, Desember 1958, p. 80.

[87] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van der Heever & P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 43 & p. 46.

[88] F.J. du Toit Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en die wording van sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, p.38.

[89] F.J. du Toit Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en die wording van sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, pp. 28, 29.

Waar mense van dieselfde afstamming saamgeleef het en waar hulle eintlik verplig was om hulle na die gereformeerde leer te skik, moes 'n groot mate van gelyksoortigheid en homogeniteit ontwikkel. Die monopolistiese beleid van die kompanjie en al die handelsvoorskrifte en -verbiedinge het by die burgery 'n merkbare geykte leefwyse tot gevolg gehad. Georganiseerde proteste teen kompanjies- of amptenare-uitbuiting, soos later sal blyk met die optrede teen Willem Adriaan van der Stel, het die eenheids- en selfstandigheidsgevoel asook onderlinge verbondenheid versterk. Die voortdurende gedempte ongelukkigheid oor die beperkende bepalings van die owerheid en die georganiseerde proteste wat by tye voorgekom het, het 'n kenmerkende invloed op die karakter van die mense gelaat en eensgesindheid gestimuleer.

> *Gestadig het daar ontwikkel wat met reg genoem kan word 'n afkeerkompleks teen die owerheid en teen alle vorm van dwang. Die nedersetters het stadigaan die houding aangeneem van onwelwillendheid teenoor staatskontrole en die owerheid begin ag as 'n onsimpatieke uitvindsel om belastings af te pers en met die vryheid te peuter.*[90]

Die lewenswet van oorlewing en selfbehoud was by die verder-wonende burgers voorop in die gedagte en 'n besef van die eie verdedigingsvermoë, die enigste waarop hulle kon staatmaak, het 'n belangrike rol gespeel. Die verpligting op burgers om by te dra tot militêre paraatheid en landsverdediging het die groepsgevoel versterk. Die optrede van die eerste burgerkommando in 1715 en die verdere uitbou van hierdie verdedigingsorganisasie het geen geringe rol as samebindende krag gespeel nie.[91]

Die religieuse grondmotief en meer bepaald die invloed van die Gereformeerde-Protestants-Calvinistiese godsdiens in kultuurskepping en beskawingsbehoud het reeds aandag gekry. Die godsdienstige ingesteldheid van die Kaapse koloniste was 'n baie wesenlike faktor in die ontwikkeling van 'n eiesoortige volks- en kultuurproduk op Kaapse bodem.

---

[90] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 115.

[91] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van der Heever & P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 53.

> *Binne die skoot van die een Boerekerk wat hier gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu aan ontwikkel was, het 'n beslis kultiverende mag gelê. Wat het dit nie bygedra tot bewus-geestelike, veral sedelike vorming van die vryburgergemeenskap nie; en meer nog aangesien dit almal in een kerklike verband saamgesnoer het.*[92]

Die rol van die Gereformeerde godsdiens met sy Calvinistiese inslag moet gesien word as die hoof-samebindende faktor onder al die Kaapse koloniste; dit lê die homogeniteit wat ontwikkel het ten grondslag.

> *Dat die Afrikaners almal tot 'n Calvinistiese kerk behoort het, was 'n feit wat vir die volkslewe, godsdienstig, politiek en kultureel, van groot betekenis was. Dit het 'n eenheid gebring wat beslis nooit daar sou gewees het nie, indien 'n deel van die volk die Rooms-Katolisisme bely het.*[93]

'n Ander faktor van belang was die politieke stelsel wat met die volksplanting van Nederland gebring is. Die Politieke Raad wat hier ingestel was en die meer plaaslike bestuurstelsel van landdros en heemrade was van Nederlandse oorsprong, of het uit soortgelyke Nederlandse instellings gespruit. Die stelsels was nie juis demokraties nie, maar soos die burgers verteenwoordiging op die rade gekry het, het hulle verantwoordelikheidsbesef teenoor die gemeenskap en die nuut-aanvaarde vaderland algaande gegroei. Dieselfde kan gesê word van die Romeins-Hollandse regstelsel wat aan die Kaap gegeld het en die Afrikaner se karakter beïnvloed het soos later blyk uit die staatsinstellings van die republieke in die 19e eeu.[94]

Word gelet op die vryburger-gemeenskap, 1 613 in getal, wat gedurende die eerste 50 jaar na vestiging aan die Kaap gewoon het, gee Giliomee die volgende inligting: oor slegs ongeveer een derde (570) van hulle is enigsins iets bekend. Van die 570 het meer as die helfte vryburgers gebly, dertig is verban, 39 is teruggeneem in kompanjiesdiens, 70 het as verstekelinge op verbygaande skepe weggekom en 103 het verlof gekry om die Kaap te verlaat. Die groepie burgers se identiteit het op drie gronde berus: *their European descent closely linked with their Christian faith, their*

---

[92] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van der Heever & P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 53.

[93] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 120.

[94] F.J. du Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, p. 41.

burgher status and the Dutch language.[95] Die man wat geboer het, kan beskou word as 'n spesiale soort burger, want hy het anders as sy teenhanger in die dorp gewerk vir meer as sy onmiddellike belange. *They had become defenders of the land against internal enemies, along with being the indispensable producers of food.*[96] Om landsverdedigers te kon wees, het die eenheidsgevoel aansienlik versterk.

Al het die grenspioniers 'n verdelende individualisme ontwikkel is 'n teensy van hierdie mense ook waar.

> *Teen die einde van die 18e eeu was hulle reeds 'n geestelike eenheid, en het 'n groepsbewussyn van gemeenskaplike ervaring en 'n selfdeurleefde verlede gehad, hoewel hulle nie daarvan bewus was nie.*[97]

Die geestelike eenheid wat die afgesonderde grenspioniers onderling ontwikkel het, het ook wyer gestrek want daar was wedersydse geestelike affiniteite tussen hulle en die gevestigde inwoners van die Kaap en die ander dorpe en hulle omringende plattelandse gebiede. Ver van kerk en skool het die grensboere tog nie ontaard nie.

> *While some farmers were desperately poor and lived the simplest lives, they strongly wished to conform to the values and norms of the racially exclusive burgher community of the rural western Cape, although the obstacles were severe.*[98]

Buiten die ander samebindende faktore was daar ook 'n waardegedrewendheid wat seker uit die Calvinistiese lewensingesteldheid verklaar kan word. Die Calvinistiese eenheidskultuur met sy kenmerkende nadruk op die beginsel dat godsdiens en lewe nie in afsonderlike komponente bestaan nie, moet gesien word as die sterkste dryfkrag wat homogeniteit en 'n geestelike eenheid onder die Kaapse inwoners teweegbring en versterk het.

Die proses van eenderswording en binding tot 'n groter geestelike eenheid het begin toe mense van verskillende Europese kultuuroorspronge mekaar op die Kaapse bodem ontmoet het; reeds voor die verspreiding na die binneland. Op watter tydstip

---

[95] H. Giliomee, *The Afrikaner*: ..., p. 21.

[96] H. Giliomee, *The Afrikaner*: ..., p. 21.

[97] F.A. van Jaarsveld, *Afrikaner Quo Vadis?* p. 43.

[98] H. Giliomee, *The Afrikaner*:..., p. 21.

daar reeds merkbare, onderskeidende en nuwe eienskappe en kenmerke by die wordende volksgemeenskap te bespeur was, val moeilik om te bepaal. Du Toit Spies het by geleentheid gepostuleer:

> *Miskien moet 'n mens dit so sien dat die Afrikaanse volk reeds sy patroon gekry het in die Boland voor die groot trekbeweging van die veeboere; dat die veeboere in hoofsaak daaraan getrou gebly het en dat die afgeslotenheid van die veeboere tog nie so volstrek was as wat 'n mens sou dink nie.*[99]

Dat die onderskeidende en unieke wesenskenmerke van 'n ontwikkelende volk binne die bestek van die eerste 50 vestigingsjare vasgelê kon gewees het, is egter sterk te betwyfel. Boonop sal dit die bevindinge van reisigers en ander getuies oor die isolasie waarin die veeboerpioniers verkeer het, en die uitwerking daarvan, negeer.

Innerlike gesteldhede en geestelike verwantskappe kan ongelukkig nie altyd histories verklaar word nie. Naas 'n groot aantal bewuste kultuurfaktore wat nadere aansluiting tussen indiwidue en groepe moontlik gemaak het, is daar ook

> *onderbewuste en moontlik onbewuste faktore, wat uiteraard sosiologies tot samehorigheid in die dieper sin van die woord gedwing het.*[100]

Daaronder kan getel word die identiese regskode wat vir almal gegeld het, die spreektaal, die Bybel as lektuur en etiese kode, die Calvinistiese geloof soos dit op hierdie bodem ontwikkel het. Belangrik ook is,

> *allerlei maatskaplike gewoontes en gebruike wat hier gangbaar geword het, gemeenskaplike lewenservaringe, stryd en strewe en aanpassing op die nuwe bodem, kortom, die onafwendbare inwerking van 'n gemeenskaplike lewensopvatting wat ontstaan en karakter wat gevorm is.*[101]

Wyl daar op eenwording en 'n groter homogeniteit gekonsentreer word, moet ook in gedagte gehou word dat soos die lewe meer gekompliseerd geraak het, daar binne individuele verhoudinge verskille ontstaan het. So het daar ook differensiasie binne

---

[99] F.J. du Toit Spies, "'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en die wording van sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.) *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, p.43.

[100] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 55.

[101] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 55.

gemeenskappe ontstaan en kleiner of groter gemeenskapsgroeperinge met verskillende sieninge en opvattings tot stand gekom.

> *Hierdie neiging tot groepsplitsing, wat die meer onbewuste gevormde organisme skynbaar versplinter, is nogtans 'n noodsaaklike stap in die proses van meer intense kultuurbewuswording.*[102]

Sterker besinning tree in wat tot uiteenlopende bevindinge lei. Dit voer die groot geheel tot meer wesenlike verdieping en dit is die bedding waar die stroom van eenheid stiller vloei.

Die historiese werklikheid van Suid-Afrika is wel dat heterogene elemente saamgebind is om 'n nuwe volk met 'n ontluikende bewussyn, ooreenstemmende waardeoordele, gemeenskaplike ervaring en tradisies en 'n eie taal te vorm.[103] Soos immigrante uit Europese stamlande op Noord-Amerikaanse bodem "Amerikaners" geword het, het hulle op Afrikabodem "Afrikaners" geword. Die term Afrikaner was reeds aan die begin van die 18e eeu gebruik om die Suid-Afrikaanse Europeane van die Europeërs te onderskei.[104]

Daar is onder historici eenstemmigheid dat die nuwe produk gedurende die 18e eeu sy beslag gekry het. Die rustige historiese verloop vanaf die ná-Van-der-Stel-gebeure was 'n tyd van die verinniging en vaslegging van die nuwe eiesoortige karaktertrekke en eienskappe wat die Kaapse bevolking besig was om te ontwikkel. Dat die 18e eeu 'n belangrike vormingsperiode was, word deur velerlei bronne gestaaf. A.J.H. van der Walt skrywe oor die verspreiding van die veeboer na die Kaapse binneland gedurende die 18e eeu en sê dat dit besondere betekenis gehad het omdat die heterogene elemente van die wordende volk saamgebind is tot 'n nuwe lewenseenheid met 'n ontluikende bewussyn van 'n nasionale andersheid. Hy wys daarop dat, nieteenstaande verskille wat deur afgesonderdheid meegebring is, daar tussen landbouers en veeweiders 'n essensiële eenheid ontwikkel het.

> *Eindelik is in hierdie tyd ontwikkel 'n eie ideologie ten opsigte van die behoorlike verhouding tussen Christen en heiden, blank en gekleurd,*

---

[102] H.M. van der Westhuizen, "Kultuurbewuswording van die Afrikaner", C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 3, p. 55.

[103] A.J.H. van der Walt *e.a.* (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 137.

[104] F.A. van Jaarsveld, *Omsingelde Afrikanerdom*, p. 7.

> *wat, saam met sy godsdiens, en inderdaad eng daaraan verbonde, geword het een van die vaste hoekstene van die lewensopvatting van die Afrikaner.*[105]

Daar kan aanvaar word dat die volkswordingsproses slegs aan die beginstadium was tydens en ná afloop van die Willem Adriaan van der Stel-episode. Dit sou verkeerd wees, soos later verduidelik word, om te aanvaar dat die Afrikanervolk met 'n nasionale bewussyn toe al gevorm was. Volgens taalkundiges het die Afrikaanse taal ook in dié tyd tot so 'n mate sy beslag begin verkry dat dit teen 1725 reeds goed gevestig was. As daar dus gevra sou word wanneer die nuwe volksmens herkenbaar na vore getree het, antwoord Du Toit Spies dat *die Afrikaner gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu gevorm is.*[106]

Ook ander kenners wys die eerste helfte van die 18e eeu uit as die belangrike volksvormingsperiode. Ná Scholtz al die faktore beredeneer wat wisselwerkend of afsonderlik tot volkswording bygedra het, skrywe hy,

> *Aan die suidpunt van Afrika het daar vroeg in die agtiende eeu 'n nuwe volk, hoofsaaklik van Nederlandse afkoms en lewensbeskouing, ontstaan. En hierdie volk het 'n nuwe taal gepraat, wat onder invloed van allerlei omstandighede uit Nederlands ontwikkel het.*[107]

'n Ander skrywer wys daarop dat die Afrikaner se eie taal en onderskeidende kultuur nie later as die tweede helfte van die 18e eeu beslag gekry het nie. Hy betoog dan verder,

> *Word die opvallende gelyksoortigheid van die Afrikaanse kultuur, soos dit deur min mense in 'n baie groot gebied gedra is, in aanmerking geneem, dan kan moontlik die afleiding gemaak word dat die nuwe volk (minstens in een of ander mate) al in die eerste helfte van die*

---

[105] A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboerpionier", A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 137.

[106] F.J. du T. Spies, "'n Historiese analise van die faktore van 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het", G. Cronje (red.), *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika*, p. 40.

[107] G.D. Scholtz, *Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 191.

> *agtiende eeu 'n onderskeidende en eiendomlikheid of identiteit begin openbaar het.*[108]

Ook De Kiewiet het geskrywe dat gedurende die lang rustigheid en stilte van die 18e eeu die latere Boerevolk gevorm is. By bekende mooi eienskappe wat by die geïsoleerde grensboere posgevat het, voeg hy egter ook 'n paar negatiewe trekke:

> *Their tenacity could degenerate into obstinacy, their power of endurance into resistance to innovation, and their self respect into suspicion of the foreigner and contempt for their inferiors.*[109]

In die bepaling van die eie-aard van 'n volk moet dit nie sodanig gaan om die isolering en identifikasie van bepaalde eienskappe of houdings nie. Daar moet eerder gekyk word hoe hierdie eienskappe met mekaar geïntegreer geword het om 'n onderskeidende volkseenheid te vorm. Ten diepste gaan dit om die geestelike en sedelike gesteldheid wat karakteriserend van die gemeenskap is. Gedrag en houdingseienskappe dui nie op inherente identiteit nie.[110] Daarom kan daar met prof. Booyens saamgestem word waar hy beweer dat die Afrikaner eers na behore verstaan kan word wanneer die Protestants-Calvinistiese neerslag in sy geskiedenis behoorlik begryp word. Dit het te make met 'n geestelike gesteldheid.

Enkele antropologiese fasette

Vir 'n volledige begrip van die mens se ingesteldheid en optrede in die proses van beskawingshandhawing en kultuurskepping is dit nodig dat kennis geneem word van enkele filosofiese en antropologiese fasette van menswees. Dit sou nie verkeerd wees om dié weg te bewandel nie veral as daar gelet word op die volgende uitspraak:

> *Die geskiedenis is by uitstek die geesteswetenskap waarin ons die verweefdheid met die wysgerige antropologie sien. Die rede hiervoor is dat in verband met die geskiedenis en op die werf van die geskiedenis die filosofie van die geesteswetenskappe in 'n baie groot mate gebore en grootgemaak is.*[111]

---

[108] G. Cronje, "Die sosiale ordening van die Afrikaner", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur*, deel 1, p. 143.

[109] C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa*, p. 17.

[110] B. Booyens, "Wesenskenmerke van die Afrikaner se identiteit", *Handhaaf*, Augustus 1970.

[111] P.S. Dreyer, "Die wysgerige antropologie en geskiedenis", G. Cronje (red.), *Die Wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 81.

Die skrywer wat hier aangehaal word, gebruik die term *geskiedenis* in die sin van geskiedenis-as-wetenskap, terwyl hy die term *verlede* gebruik vir geskiedenis-as-verlede-werklikheid. Van al die aspekte van die filosofie wat in die geskiedenis geïmpliseer is, is die mensbeeld die allerbelangrikste die fundamenteelste en die allesbepalende – nie net vir die filosofie van die geskiedenis nie, maar vir die geskiedskrywing self. Omdat die veld omvangryk is, word kortliks na enkele aspekte verwys.

Die historikus hou hom besig met voorwerpe, voorwerpe wat hom iets vertel, wat 'n getuieniskarakter het; maar ook nie alle getuienis nie, wel getuienis aangaande die mens. Sy bemoeienis met dokumente en ander bronnemateriaal het ten doel om by die mense van die verlede uit te kom.

> *Waarin die historikus belangstel is in wat die mens van homself, van die gemeenskap waarin hy verkeer met al sy vorme, onderafdelings en aktiwiteite daarvan, van die omringende materiële wêreld en van sy verhouding tot die transentendente maak.*[112]

Die mens aanvaar egter nie sy wêreld as natuurlike gegewe nie, maar wil dit altyd tot iets maak, hy is voortdurend besig om homself en sy wêreld te vorm en te verander.

> *Hierdie vorming doen hy ooreenkomstig 'n bepaalde harmoniese verband van waardes wat vir hom geldigheid besit en waaraan hy gehoorsaam is.*[113]

Die volgende wysgerige en antropologiese uitgangspunte, vanuit 'n Christelike mensbeskouing, lê ten grondslag van menslike handelinge en hou verband met wat tot hiertoe gesê is:

> *[D]ie ganse menslike bestaan is religieus bepaald; die religieuse grondmotief wat beslag gelê het op die hart, beheers metterdaad elke lewensuiting; ....*[114]

---

[112] P.S. Dreyer, "Die wysgerige antropologie en geskiedenis", G. Cronje (red.), *Die Wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 82.

[113] P.S. Dreyer, "Die wysgerige antropologie en geskiedenis", G. Cronje (red.), *Die Wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 83.

[114] E.A. Venter, *Wysgerige temas...*, p. 30; P. de Kock, *Christelike wysbegeerte: inleiding*, pp. 12-29.

Daar kan gepraat word van die mens se religieuse aanleg en religieuse behoefte, 'n religieuse gerigtheid.[115] In die Suid-Afrikaanse geval is die gerigtheid gerealiseer in die Christelike religieuse grondmotief. Vanuit daardie beskouing kom dan ook na vore dat die mens by die skepping 'n kultuuropdrag ontvang het om sy leefwêreld te bewerk te bewaak en dit te beheers in gehoorsaamheid. By hierdie opdrag is ook 'n vermoë gegee om die verantwoordelikheid na te kom: daar is aan die mens 'n ingeskape kultuurvermoë gegee om kultiverend te kan optree en so, denkend-omskeppend bring hy deur sy dade sy kultuur voort.[116]

Die mens is gedurig besig om bewus gestalte aan sy lewe en wêreld te gee. Eintlik is die mens besig om deur sy lewe en wêreld gestalte aan sy eie menswees te gee; daarom dat daar nie skeiding te make is tussen die mens aan die een kant en sy lewe en/of sy wêreld aan die ander kant nie. Die wêreld kan alleen geken word in die lig van die wesensaard van die mens; en omgekeerd kan die mens alleen geken word in en deur die wêreld waarin hy aan homself gestalte gee.[117]

Veel van wat later gesê word, pas in die raamwerk en uitgangspunte wat in hierdie hoofstuk gestel is en deurgaans word die mens en sy wêreld nie geskei nie.

---

[115] H. van der Wateren, *Kultuur: kleed van die mens*, pp. 58-60

[116] H. van der Wateren, *Kultuur: kleed van die mens*, pp. 56, 57.

[117] P.S. Dreyer "Die wysgerige antropologie en die geskiedenis, G. Cronje (red.), *Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 89.

HOOFSTUK 2

DIE STAMVADER, JAN MEINDERTSZ CRUYWAGEN

Inleiding

In die voorgaande hoofstuk is ingegaan op die elemente wat tot die ontstaan van kohesie en samehorigheid in die Kaapse gemeenskap vanaf die sewentiende eeu aanleiding gegee het.

In hierdie hoofstuk word gepoog om aan die hand van die geskiedenis van die stamvader van die Cruywagens in Suid-Afrika, Jan Meijndertsz Cruywagen, aan te dui hoe daar op kleiner vlakke van gemeenskapsvorming – die gesin en die familie – ingegaan kan word om die identiteit van 'n groter samelewing in die Suid-Afrikaanse geskiedenis na te speur.

Herkoms en Aankoms

Die stamvader, Jan Meijndertsz Cruywagen, sy tweede vrou, Swaantjen, (gebore Van Alsen) met wie hy op 27 Augustus 1681 getroud is, en sy seun, Jan Meijndertsz (Meendert), gebore uit Jan se eerste huwelik, was van Zwolle, hoofstad van die provinsie Overyssel in Nederland, afkomstig.[1] Jan het as meulenaar in diens van die kompanjie na die Kaap verhuis. Daar sal verder na die seun, Jan Meijndertsz, as Meendert verwys word. Dié naam kom ook voor in De Villiers en Pama se *Geslagsregisters van ou Kaapse Families*. Dit skakel verwarring tussen vader en seun uit. Omdat die spelling van Meindertsz, in allerlei variasies voorkom, ook Meyndertsz, Meindertsz, sal deurgaans, behalwe in aanhalings en in die geval van Meendert, by 'n ietwat vereenvoudigde vorm, Meijnderts, gehou word.

Die tyd van die familie se aankoms aan die Kaap is onbekend. In geskrifte, wat dateer uit die ontstaantydperk van die Kaapse nedersetting en daaropvolgende jare tot

[1] A.J. Böeseken, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, voetnoot 47, p. 445 en deel 4 voetnoot 61, p. 7.

ongeveer 1690, is daar geen vermelding van 'n Cruywagen in die argiefbronne gevind nie. Ongelukkig bestaan 'n waardevolle bron wat moontlik lig kon gewerp het op die aankoms van die Cruywagens aan die Kaap nie meer nie. In die *Inventaris van die Argief van die Politieke Raad* in die Kaapse Argiefbewaarplek verskyn op bladsy 85 die volgende aantekening: *Dagregisters vir 1690-1693 ontbreek.* Dit bring mee dat daar uit ander inligting 'n benaderde aankomstyd afgelei moet word.[2] So byvoorbeeld is dit bekend dat Meendert, Jan se seun, op 23 November 1692 aan die Kaap getroud is, 'n aanduiding dat die gesin voor daardie datum hier aangeland het.

In een van sy werke, wat handel met gebeure tot 1691, gee die historikus, Theal, 'n lys van name onder die opskrif, *The most notable burghers in the Cape district were ...* en hierin verskyn *Kruywagen, Johannes, with wife.*[3] Dié "Johannes" moet verwys na Jan Cruywagen, die stamvader wat volgens Theal in 1691 reeds aan die Kaap was. Die verwysing kan nie op Meendert betrekking hê nie want hy is eers aan die einde van 1692 getroud.

Inligting oor 'n Cruywagen in die opgaafrolle van die kompanjie – opgawes van persone en hulle besittings wat van 1672 bygehou is – kom vir die eerste keer voor in 1692. Daar word Jan Meijnderts (Meendert) en sy vrou Catharina van Maarsen, van Kaapstad, vermeld.[4] Aangesien daar geen inligting oor enige Cruywagen voor 1690 opgespoor kon word nie en waar daar bevestiging bestaan dat Jan Cruywagen in 1691 reeds aan die Kaap was, kan met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat die familie in 1690 aan die Kaap geland het.

Trauma van verhuising

Om die vaderland te verlaat en hulle in 'n nuwe tuiste, 'n ongenaakbare, nuwe en by tye sukkelende kolonie, te gaan vestig, was vir Jan Cruywagen en sy gesin seker geen

---

[2] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164.

[3] G.M. Theal, Chronicles of Cape commanders, or an abstract of original manuscripts in the archives of the Cape Colony dating from 1651 to 1691, compared with printed accounts of the settlement by various visitors during that time, p. 300.

[4] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J, A2250. Opgaafrolle, 1682 – 1757, nr. 58.

maklike besluit nie. Die redes vir hulle verhuising uit Nederland, wat op ekonomiese, maatskaplike en kulturele terrein 'n leierland was, is nie bekend nie. Die naam van die nuwe tuiste, Kaap die Goeie Hoop, kon hulle nie mislei het nie want die naam het nie gedui op hoopgewende vooruitsigte wat die Kaap self gebied het nie. *Die wat merkwaardige benaming sloeg op de goede hoop van zeelieden spoedig Indië te bereiken.*[5] Die aantrekkingskrag kon ook nie die kompanjie se hulpskema aan immigrante gewees het nie want immigrasievoordele was hoofsaaklik daarop gemik om koloniste aan te moedig om boere, en meer bepaald akkerbouers, te word.[6] Dit was nie bedoel om amptenare te werf nie want amptenare is vir bepaalde take deur die kompanjie gestuur na vestigingsplekke waar hulle nodig was. Die Kaapse gemeenskap het ook min gebied om opgewonde oor te raak. In 1685 het die Kaapse bevolking (Stellenbosch ingesluit) 1 443 koppe getel. Hierdie getal het bestaan uit vryburgers, kompanjies-amptenare, knegte en slawe.[7] Die meeste van die amptenare was ongetroud, tewens daar was slegs 13 gehude pare met gesinne van beskeie grootte - in totaal 12 seuns en 15 dogters.[8] Hierdie getalle het met die aankoms van die Cruywagens vyf jaar later maar stadig vermeerder. Teen 1700 het die Kaap slegs negende op die rangorde van VOC-vestigingsplekke gestaan.[9]

Om aan die Kaap te kom vestig, was allermins 'n bemoedigende vooruitsig. In 1679 het Hendrik Crudop, waarnemende kommandeur voor Simon van der Stel se koms, die Kaapse gemeenskap beskryf as 'n ... *verarmde en de genoegsaam sieltogende* (dit wil sê byna sterwende) *colonie.*[10] Daar is ook aan die Here XVII berig dat die aantal burgergesinne aan die verminder was. Dit gee die indruk dat die vrye bevolking van die nedersetting begin dink het dat hier vir hulle geen toekoms was nie.[11] Baie nuwe aankomelinge was ontnugter en moes gedink het soos Jan Pieterzoon Coen, die groot vaderlander en grondlegger van die Hollandse koloniale ryk in die ooste en wat van 1617 gesagvoerder aldaar was, toe hy by geleentheid oor die Kaap geskrywe het:

---

[5] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop, een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730,* p. 19.

[6] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., p. 19.

[7] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36 Verbatimkopieë, p.541.


[8] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., p. 22.

[9] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., p. 22.

[10] F. Smuts (red.), *Stellenbosch drie eeue,* p. 51.

[11] F. Smuts (red.), *Stellenbosch drie eeue,* p. 51.

Hier behoort niemand te kom nie behalwe die wat deur nood geen ander keuse het nie. [12]



Skeepvaartroetes na die Ooste en die Nederlandse Oos-Indiese handelsryk. (Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika.)

Die enigste ander rede wat vir die Cruywagens se soeke na 'n nuwe tuiste oorweging verdien, is 'n aansienlike mate van avontuurlus wat by Jan maar veral by die jongman, Meendert, aanwesig moes gewees het. Die stukrag van een van die drie natuurlike drifte wat in elke mens setel, naamlik die drang om die onbekende te verken (eksplorasiedrang), was seker die vernaamste rede vir die familie se verhuising. Die waagmoed wat hulle aan die dag gelê het, was nie vreemd aan die Nederlanders van hulle generasie nie. Soos hulle lewensgeskiedenisse op Suid-Afrikaanse bodem verloop het, lyk so 'n afleiding geregverdig te wees.

Dat so 'n verhuising vir enigeen wat dit aangepak het 'n spannende en neerdrukkende onderneming moes gewees het, is nie te betwyfel nie. Die verlies van 'n bekende

[12] J.C. Steyn, *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans,* p. 103.

tuiste en afskeid van die vaderland, die kennismaking met 'n nuwe woonplek en sy eiesoortige omstandighede, die inskakeling by 'n vreemde gemeenskap en die ontmoeting met die inheemse nie-Westerse mense van die kontinent, moes bykans onbeheerbare innerlike spanninge en selfs vrese tot gevolg gehad het. Boonop was die oortog na die Kaap met al die gevare en selfs ontberinge wat 'n lang seereis aan die einde van die sewentiende eeu ingehou het, 'n benouende vooruitsig.

Daar moet ook onthou word dat die Cruywagens Nederland onder oorlogstoestande verlaat het. Die oorlog van die Verbond van Augsburg (1689-1697) is deur Frankryk as die aggressor teen onder andere Engeland, Oostenryk en Nederland, gevoer. Hoewel die oorlog hoofsaaklik oor Europese sake geveg is en Nederland nie 'n prominente teenstander was nie, het 'n fel stryd vir koloniale oppergesag terselfdertyd op land en ter see gewoed.[13] Aan die Kaap is deeglik kennis geneem van die oorlog wat gewoed het. Op 6 Julie 1690 verwys die Politieke Raad byvoorbeeld na *den hachelijke tijden van oorlog die wij thans beleven* en maak ook melding van 'n opdrag van die *Heeren en Meesteren om op onse hoede te wesen.*[14] Die gevaar van seerowery en die moontlike kaping van Nederlandse skepe deur die Franse was groot. Die Cruywagens moes met hierdie gevare en die moontlikheid dat hulle nooit hulle Kaapse bestemming sou bereik nie, rekening gehou het.

Weens stormgevaar en die teenwoordigheid van seerowers het Nederlandse handelskepe nooit alleen gevaar nie. Hulle was altyd deel van 'n vloot. Daar was ook gesette tye van die jaar wanneer vlote van Nederland na Oos-Indië vertrek het. Vertrektye het verband gehou met heersende winde en weersgesteldhede. Die Paasvloot het in April of Mei geseil, die Kermisvloot in Augustus of September en die Kersfeesvloot, gewoonlik die grootste, in die Europese wintermaande Desember of Januarie. Die eerste skof op die heenreis tussen Nederland en die Kaap het ongeveer vyf maande geduur.[15] Met watter van die vlote Jan Cruywagen, sy vrou en seun Nederland verlaat het, en op watter skip hulle die reis aangepak het, is onbekend. As

---

[13] C.J.H. Hayes, *A political and cultural history of modern Europe*, vol. 1, p.304; A.E.R. Boak et al, (eds.), *The growth of European civilization*, vol. 2, pp. 157, 158.


[14] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, p. 222.

[15] D. Sleigh, *Die Buiteposte, VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795*, p.1.

1690 as hulle aankomsdatum aan die Kaap aanvaar word, kon hulle met die Paasvloot van daardie jaar of die Kermis- of Kersfeesvloot van 1689 uitgeseil het.

Die seereis

Jan en sy familielede moes hulle vir die lang seereis versoen het met beknopte skeepsruimtes en hulle noodgedwonge spoedig aangepas het by die alledaagse roetine op die skip. Die algemene inligting oor 'n seereis wat hier meegedeel word, omstandighede wat deur elke reisiger ervaar is, is uit 'n Internetbron en notas soos aangedui, afkomstig. Vir verdere inligting wat gebruik is, word die bepaalde bron tussenin wel vermeld.[16]



Die Nederlandse Oos-Indiëvaarder, die *Noord Nieuwlandt*, vaar Tafelbaai binne – 21 Augustus 1762. 'n Mooi voorbeeld van die tipe VOC-handelsboot waarmee die stamvader en sy gesin na die Kaap gereis het. (William Fehr-versameling.)

Aan boord van die VOC se handelskepe was daar met die heenreis na die Ooste gemiddeld 206 persone aan boord en met die terugreis 109. Daar is twee verklarings vir die getalleverskil: 'n groot aantal van die kompanjiesdienaars is op see of in die Ooste oorlede, en 'n ander deel het verkies om hulle permanent oorsee te vestig.

---

[16] Internet, http://voc-kenniscentrum.nl, 9 April 2002.

Die opvarendes het hoofsaaklik bestaan uit seeliede (60%) en militêre personeel (30%). Verder was daar ambagslui en passasiers, soos in hierdie geval die Cruywagens en seker nog 'n aantal ander. Die seeliede se werk het begin sodra die skepe na die oopsee begin beweeg het. Hoewel die soldate en ambagslui gewerf was vir take in die oorsese vestigingsplekke het hulle die seelui gehelp met wagdiens en reparasies. Jan en sy seun het seker gehelp met wagdiens. Of hy as meulenaar veel kon help met skeepsreparasies is te betwyfel. Terwyl die offisiere en passasiers beskik het oor aparte kwartiere, het die bemanning hulle ingerig in die ruim van die skip voor die groot mas. Vir die laer range was die leefomstandighede baie swaar. In die donker, swakverligte en sleg geventileerde, beperkte ruim het die hangmatte met 'n matras, kussing en deken dig teen mekaar gehang. Vars lug het deur die geskutpoorte en luike na binne gekom maar met slegte weer is dié openinge gesluit. Die omstandighede was bevorderlik vir die uitbreek van allerlei siektes soos skeurbuik, malaria, beriberi, verkoues en longontsteking. Oor die oorsprong van die meeste siektes het daar in die tyd van die VOC min kennis bestaan. Skeurbuik is veroorsaak deur 'n gebrek aan vars groente en vrugte. Verlamming van ledemate en ontsteking van die tandvleis was die bekendste simptome. Beriberi was die gevolg van 'n eentonige rysdieët. Verkoues en longsiektes was die gevolg van skerp klimaatswisselinge: in Europa koue en reën en in die trope baie warm dae afgewissel deur koue nagte. Nie minder ernstig nie was tifus wat soms uitgebreek het en versprei is deur menslike uitwerpsel en luise.

Die voedsel aan boord was oor die algemeen eentonig en arm aan vitamines. Die voedselvoorraad het vinnig bederf omdat produkte van swak kwaliteit aangekoop is en die bewaringsomstandighede in die warm en bedompige ruim bederf bespoedig het. Drinkwater was 'n groot probleem omdat die gehalte daarvan vinnig afgeneem het.

Die bemanning en meevarendes is in eetgroepe, "bakke" genoem, ingedeel. Gewoonlik het lede van so 'n groep vir die duur van die reis byeen gebly en gesamentlik wat voorgesit is, geëet. Daar kan aanvaar word dat die Cruywagens saam met ander amptenare wat 'n bestemming in een of ander koloniale gebied gehad het,

by een bak ingedeel was. Aan boord is daar drie maaltye genuttig. Die ontbyt was net na die oggendgebed, omstreeks agtuur, en het hoofsaaklik bestaan uit gort gemeng met pruimedante of rosyntjies en aangevul met water, bier of wyn. Vir die middagmaal het opvarendes teen twaalfuur aangesit vir gekookte ertjies of boontjies met 'n sous van botter of vet. Hierdie dis is vier keer per week aangevul met stokvis, twee dae met spek en een dag met gepekelde beesvleis. In die aand het die maaltyd bestaan uit die reste van die middagmaal met die toevoeging van brood en bier. Lewende hoenders, varke of skape waarvan 'n aantal meegeneem is, is af en toe geslag en as vars vleis voorgesit. Die aandgebed was teen vyfuur die middag en tussen ses en ag saans was daar tyd vir joligheid en ontspanning as alles rustig verloop het.[17] Daar is toneelstukke opgevoer, musiek gemaak, gesing en gedans en skaak en dambord gespeel. *Kaarten en dobbelen waren nadrukkelijk verboden en word bestraft met een geldboete.* Hierdie en ander voorskrifte was neergelê in die *artikelbrief* wat elke vier tot ses weke voorgelees is. Daar was ook streng reëls vir rook aan boord en ligter vergrype soos vloek, swak onderhoud van wapens en weggooi van kos, is met 'n geldboete gestraf. Oor ligter oortredings het die skeepsraad, d.w.s. die skipper en ander hoë kompanjiesamptenare aan boord, uitspraak gegee. Ingeval van ernstige misstappe was sake in die hande van die *brede raad* wat uit die skeepsowerhede van die hele vloot bestaan het.[18]

Voorgaande kort beskrywing vertel egter nie die volle verhaal nie omdat geen melding van ongevalle gemaak word nie. So vestig byvoorbeeld die *Joernaal of Dagregister* van die *siketroster op't schip Amazona voor gevallen in den jare onses Heren 1709* ('n enkel vel aan weerskante beskrywe) die aandag op 'n ander werklikheid: die lot van die minder-gelukkiges wat nie hulle bestemming bereik het nie. Teenoor 2 Januarie 1709 staan aangeteken, *Pieter Rinkel, soldaat in den Here ontslapen.* By 20 Julie, Jan Horn wat omtrent nege uur die môre oorlede is *en des avonds te 4uren over bort geset.* Gewoonlik is die lyk in seil toegedraai en na 'n kort godsdiensoefening oor boord gelaat. Op 24 September 1709 is twee seeliede dood in aksie teen seerowers en op 7 Oktober het een gesterf weens wonde wat opgedoen is in


---

[17] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se briefboek en memoriaal", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 3, 1940 deel 1, p. 4.

[18] Internet, http://voc-kenniscentrum.nl/, 9 April 2002.

die voorafgaande botsing. Daar is ook 'n verwysing dat 'n opvarende in die hospitaal in Kaapstad oorlede is.[19] Indien in ag geneem word dat hierdie register melding maak van enkele seelui wat oorlede is, vergelyk dit goed met gevalle waar byna die hele bemanning van skepe omgekom het.

Oor die Cruywagens se reis is niks bekend nie behalwe dat dit geval het binne die algemene belewing van skeepsreise van daardie dae, miskien ook die meemaak van die oorboordsetting van afgestorwenes. Ook oor hulle eerste indrukke van hul nuwe tuiste is daar geen inligting nie. Daar kan egter nie twyfel bestaan nie dat wat hulle deurleef het, vanaf die besluit om te verhuis tot met hulle aankoms aan die Kaap, 'n heel spannende en traumatiese lewenservaring moes gewees het. Daar kan aanvaar word dat Jan en sy familie, synde 'n amptenaar, deur die kompanjie van huisvesting voorsien is; en vir 'n meulenaar seker heel beskeie.



Die Kasteel de Goede Hoop. (*Historiese Monumente van Suid-Afrika.*)

Van die stamvader is die volgende baie interessante feit vermeldenswaardig:

> *Die Cruywagens was in Holland al 'n gesiene familie en een van die min geslagte waarvan die stamvader by sy aankoms hier al 'n familiewapen gehad het.*[20]

---

[19] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MIS 69, Diverse dokumente, 1709, p. 335.

[20] Dr. C. Pama, "Dr. T.E. Dönges se stamvaders", *Die Huisgenoot,* 2 Februarie 1968. In Pama se *Die groot Afrikaanse familienaamboek* is daar op die bladsy voor p. 33 'n afdruk van die Cruywagen-wapen hier ter sprake – sien nr. 335.

Hoewel die heraldiek en familiewapens, oorspronklik 'n simbool was van die aansien en status van leidende en vername stande in die samelewing het dit met verloop van tyd oor steeds groter wordende lae van die bevolking, ook na ondertoe uitgebrei. Dit is onder meer om 'n heel praktiese rede gedoen.

> *Dit was noodsaaklik om te kon seël. 'n Seël wat in lak of was afgedruk kon word, het die betekenis gehad wat 'n handtekening in ons dae het. Op die seël moes iets staan, en omdat die adel met heraldiese wapens geseël het, het die burgery gou dieselfde gedoen... Van 'n aristokratiese stand-simbool het die heraldiek amper 'n volksgebruik geword.*[21]



Lakafdruk (effe beskadig) van die familiewapen van Jan Cruywagen, die stamvader in die Bell Krynauw-versameling. 'n Wiel is prominent bo die helm en 'n halwe wiel in die onderste helfte van die skild. In die boonste helfte van die skild, bokant die halwe wiel is 'n gekroonde slang (nie sigbaar in die beskadigde deel). (*Die groot Afrikaanse familie-naamboek.*)

Jan se familiewapen mag daarop dui dat hy ver terug in die geskiedenis adellike familiebande kon gehad het, of dit kon ontstaan het uit die voorgenoemde behoefte om te kon seël. In die sewentiende eeuse samelewing aan die Kaap het die besit van

[21] C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek,* p. 25.

'n familiewapen miskien gedui op familie- en volkstrots, want in wapentrots het die republikeinse Hollanders nie by die Middeleeuse wapenbesitters agtergestaan nie. Dit is bekend dat in Nederland daar 'n besondere liefde vir familiewapens bestaan het, 'n liefde wat ook by Kompanjies-dienare tot uiting gekom het. Die hele Oos-Indiese Kompanjie was taamlik heraldiekbewus.[22] Die besit van 'n familiewapen het egter geen sosiale waarde gehad of verhewendheid van stand aangedui nie.

Die Kaapse samelewing as geheel het nooit die streng maatskaplike standverskille wat in die Nederlandse besittings in Oos-Indië, die Britse kolonies en Amerika voorgekom het, geken nie. De Wet verklaar byvoorbeeld:

> *Sosiale omgang was hoofsaaklik beperk tot lede van dieselfde maatskaplike groep ... Die vrouens het ook 'n bedrywige onderlinge sosiale verkeer gehad.*[23]

Dat daar wel 'n statusbesef in die Kaapse samelewing teenwoordig was, word later kortliks behandel.

Regeertyd van Simon van der Stel

Die Cruywagengesin het aan die Kaap geland tydens die regeertyd van Simon van der Stel wat van 1679 tot 1699 geduur het. Van der Stel het aan die begin die opperhoofskap aan die Kaap as kommandeur beklee, maar hy is op 14 Desember 1690 bevorder tot goewerneur. Van toe af het alle gesagvoerders aan die Kaap die titel *goewerneur* gedra. Dat Simon van der Stel 'n bekwame en ywerige gesagvoerder was, val nie te betwyfel nie. H.A. van Reede, wat die Kaap in 1685 as kommissaris-generaal besoek het, het Van der Stel groot lof toegeswaai in 'n verslag aan die bewindhebbers in Nederland. Onder datum 14 Mei 1685 het hy geskrywe Van der Stel is *een eerlijke man en getrou dienaar* van die Kompanjie en hy besit so veel bekwaamhede dat hy die *commandement*, (met ander woorde die Kaapse nedersetting) voordelig bestuur. Hy is *arbeytsaam en eergierig om goed te doen*, hy het uitgebreide kennis oor die landbou, *qualiteite... die niet altijd in een persoon gevonden werden.*[24]

---

[22] C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, p. 25.

[23] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707*, p. 118.

[24] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, pp. 303, 304.

Dat Simon van der Stel eerlik was en die voorskrifte van die Here XVII nougeset uitgevoer het, blyk uit 'n geleentheid toe 'n Franse oorlogskip die Kaap aangedoen het. Die goewerneur het die kaptein en van sy offisiere ontvang op 19 Mei 1688. (Die tolkwerk is deur Grevenbroek, die sekretaris van die Politieke Raad, behartig.) Uit erkentlikheid vir die vriendelike ontvangs wat Franse burgers aan die Kaap te beurt geval het, het die kaptein 'n toekenning aan die goewerneur gemaak wat bestaan het uit 'n goue medaljon met die beeltenis van die Franse koning daarop aan 'n blou lint en goue ketting. Die goewerneur het die verering aanvaar met die verstandhouding dat die Here XVII met die eerste retoervloot daarvan in kennis gestel sou word. Indien hulle dit goedgevind het, sou die geskenk nie na die vaderland gestuur word nie, maar *ter bewaaring van den Ed. Hr. Commandeur gelaaten worden.*[25] Dit val op dat hierdie vorm van erkenning van goeie verhoudings tussen regerings, of ter verering van persone wat presteer het, reeds baie lank in gebruik is. Interessant dat die toekenning aan Van der Stel aan die Here XVII verklaar moes word en toestemming verkry moes word dat die ontvanger dit kon behou. Dit is waarskynlik gedoen sodat welwillendheidshandelinge nie tot persoonlike voordele of selfs omkopery aanleiding kon gee nie.

Toe Simon van der Stel op 12 Oktober 1679 deur die waarnemende gesaghebber aan die Kaap, Hendrik Crudop verwelkom is, het die amptenare en vryburgers met hul vroue, kinders, slawe en knegte 767 siele getel.[26] Hiervan was slegs 22 by die landbou betrokke. Die nedersetting het toe bestaan uit 'n aantal plasies aan die voet van Tafelberg, die kompanjiesposte by Saldanhabaai, Hottentots-Holland en Tygerberg en 'n paar verspreide opstalle van boere wat in die binneland op 'n tydelike basis gevestig was.[27]

Op 'n reis om die Kompanjie se buitepos te Hottentots-Holland te inspekteer, het Van der Stel met 'n omweg na die Kaap teruggekeer en aan die Eersterivier 'n omgewing aangetref wat 'n besondere indruk op hom gemaak het. Met sy terugkoms in Kaapstad

---

[25] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C 20, Politieke Raad, (1688-1691) pp. 3, 4.

[26] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 41.

[27] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 90.

het hy bekend gemaak dat boere in die nuutgevonde streek, wat hy Stellenbosch genoem het, plase kon kry. Voor die einde van 1679 het die eerste boer hom al in Stellenbosch gevestig.[28] Agt jaar later in 1687, het die goewerneur 'n aantal vryburgers wat nog nie plase gehad het nie, aan die Bergrivier aan grond gehelp. Hierdie nedersetting het hy Drakenstein genoem. Met hierdie uitbreiding na die binneland het die goewerneur geglo dat hy die akkerbou aansienlik sou bevorder en die produksie sou verhoog.[29]

Immigrasie en akkulturasie

Die jare tussen die stigting van die nedersetting en die tyd toe Simon van der Stel immigrasie ywerig nagestrewe het, was 'n periode van geringe direkte immigrasie. Slegs 22 mans en 23 vroue en kinders het na die Kaap verhuis. Van der Stel het immigrasie op verskeie maniere bevorder en sy pogings was suksesvol want gedurende die tydperk 1680-1699 het 200 persone, dit wil sê ongeveer een derde van die totale aantal immigrante na die Kaap verhuis.[30] Dit was ook 'n periode van beperkte vrywording want slegs 43 vrybriewe is aan kompanjie-amptenare toegeken. Dié geringe getal immigrante en stadige vrywording was nie bevorderlik vir die vestiging van 'n permanente bloeiende nedersetting nie. Selfs uit die oog van die kompanjie was die Kaapse nedersetting 'n mislukking. Die taak het nou op die skouers van Simon van der Stel gerus om meer bevredigende toestande vir die jong stigting te skep sodat dit kon voldoen aan sommige van die verwagtinge wat aanvanklik daarvoor gekoester is.[31]

Die teenkanting teen immigrante en kolonisasie moet eintlik by die Here XVII gesoek word. Hierdie here het die Kaap slegs as 'n verversingspos gesien en was van oordeel dat daar nie 'n beduidende toekoms vir nuwe vestigers was nie. Daar het in 1685 egter 'n verandering in die houding van die bewindhebbers gekom omdat 'n groter wordende


---

[28] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 90.

[29] A.J.H. van der Walt e.a. (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 90.

[30] J.E. Lourens, Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese kompanjie, (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1954), p. 239.

[31] J.E. Lourens, Immigrasie aan die Kaap ..., p. 92.



'n Tipiese grondbrief van 'n Hugenoot-plaas. Goewerneur Simon van der Stel en De Grevenbroek, sekretaris van die Politieke Raad, se handtekeninge is duidelik leesbaar. (*Die Hugenote van Suid-Afrika.*)

stroom Franse vlugtelinge in Nederland aangekom het. Op 3 Oktober 1685 het die Here XVII besluit om ter bevordering van die landbou en tot verligting van die garnisoen 'n aantal immigrante na die Kaap te stuur. Vir Suid-Afrika is dit van belang

dat daar besluit is dat ook Franse Gereformeerdes onder diegene kon wees wat na die Kaap gestuur sou word. Wynbouers en distilleerders van brandewyn kon uit die geledere van die Franse gewerf word en dit kon die wingerdbedryf aan die Kaap aansienlik bevorder het. Die reaksie van Franse kant was swak en die kompanjie het self nie veel gedoen om sy eie besluit ten uitvoer te bring nie.[32]

Hoewel immigrasie traag verloop het en die getal nuwe aankomelinge geen beduidende indruk gemaak het nie, was daar onder hulle mense van besondere gehalte. Een van hulle was die Nederlander, Johannes Guilelmus Grevenbroek (soms ook De Grevenbroek). Hy was deeglik in die klassieke geskool en is kort na sy aankoms in 1684 as sekretaris van die Politieke Raad aangestel. Behalwe vir 'n kort onderbreking toe hy die Oosterse handelsryk besoek het, is hy met sy terugkeer weer as sekretaris aangestel. Hy het 'n breedvoerige verslag oor die Khoi-Khoin in Latyn opgestel, 'n merkwaardige geskrif wat getuig het van sy beheersing van Latyn en die letterkunde in die taal. Die dokument het ook inligting bevat oor toestande van die nedersetting, oor die vryburgers, oor wie se gebrek aan arbeidsaamheid hy hom skerp uitgelaat het, en "dom" predikante. Hy was 'n vrygesel wat hom later op die plaas Welgemoed (in gevalle ook Welmoed) in Stellenbosch gevestig het waar hy omstreeks 1725 oorlede is.[33]

Die gesegde dat een swaeltjie nie somer maak nie, bly waar maar dat die teenwoordigheid van 'n groot gees soos Grevenbroek in 'n klein gemeenskap 'n opheffende en rigtinggewende invloed moes gehad het, is nie te betwyfel nie. Later word na nog persone van dié statuur en hulle beskawingsinvloed verwys.

Kort na die besluit van die Here XVII van 3 Oktober 1685 is die Edik van Nantes, wat in Frankryk aan die Hugenote en hulle gereformeerde godsdiens bestaansreg gegun het op 22 Oktober 1685 herroep. Die stroom Franse vlugtelinge na Nederland het aansienlik toegeneem en dit het die bewindhebbers se houding oor kolonisasie verander. Die Here XVII het hulle besluit van Oktober 1685 weereens bekragtig en

---

[32] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 68.

[33] L. Fouche (red.), *Het dagboek van Adam Tas – 1705-1706*, p. 63, voetnoot 70; sien ook Sleigh se *Eilande* hoofstuk sewe pp. 686-756, wat aan De Grevenbroek gewy is.

daaraan toegevoeg dat nie alleen Franse vlugtelinge nie maar ook Piedmontese vlugtelinge as nuwe vestigers oorweeg sou word.[34] Daar is 'n verskil gemaak tussen Franse vlugtelinge en die Piedmontese. Oral in Frankryk was daar klein groepies toegewyde Hervormers. Laasgenoemdes het hulle oorsprong te danke aan 'n groep wat bekend was as die Waldense wat reeds vanaf die vierde eeu daarvoor bekend was dat hulle die Christelike evangelie suiwer bewaar en vanweë hulle vaste oortuiginge in stryd met die Rooms-Katolieke leer gekom het. Die Waldense het hoofsaaklik gewoon in Piedmont, 'n gebied tans in Noordwes-Italië en vandaar die naam Piedmontese waarby hulle later bekend was.[35]

Die getal Franse vlugtelinge wat in 1688 met verskillende skepe na die Kaap gekom het, word op 151 gestel. Hierdie nuwe aankomelinge is verspreid laat woon as bewuste beleid om hulle met die reeds gevestigde inwoners te laat assimileer. In opvolgende jare het nog vlugtelinge hulle aan die Kaap kom vestig maar die immigrasiepoging was teen 1689 eintlik afgeloop. In Julie 1699 is die VOC gevra om nie meer Franse na die Kaap te stuur nie.[36]

Die Franse vlugtelinge is hoofsaaklik in Stellenbosch en Drakenstein gevestig. Teen 1692 was daar omtrent 201 Franse aan die Kaap wat toe 23,48 % van die bevolking uitgemaak het.

> *In Suid-Afrika is daar aanvanklik nie van die Franse as Hugenote gepraat nie. Benaminge wat wel in historiese dokumente gevind word, is "Fransche vlugtelingen", "de Uytgeweecken Pietmontoissen"...,"de fransche gereformeerde vluchtelingen"... en "de fransche Coloniers".*[37]

Daar was spoedig spanning tussen die Hugenote en die Kaapse owerheid wat op botsings uitgeloop het. Die eerste botsing het gegaan om die handhawing van hul eie identiteit terwyl die tweede konfrontasie vanaf vroeg in die 18e eeu was met Willem A van der Stel. Hierin het hulle egter nie alleen opgetree nie en was daar

---

[34] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika...*, pp. 68, 69.

[35] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika...*, p. 11.

[36] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika...*, pp. 81, 82.

[37] P. Coertzen, "Die Franse gereformeerde vlugtelinge", G. Hofmeyr (hoofred.), *N.G. Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002, p.* 54.

samewerking tussen die onderskeie inwonergroepe. Waar Simon van der Stel hom by geleenthede skerp uitgelaat het teenoor die Hugenote is daar, veral weens hulle weerstand teen Willem van der Stel, ook vleiende opmerkings oor hulle gemaak. So praat Adam Tas van hulle trou en patriotisme en noem hulle *onze Franse broeders*. Die gesamentlike verset teen tirannie het 'n nuwe eenheid onder die vryburgers tot gevolg gehad.[38]

Daar was ook 'n ander omstandigheid wat die Here XVII gedwing het om hulle houding teenoor immigrasie te wysig. Gedurende ongeveer die laaste kwart van die sewentiende eeu was Nederland byna voortdurend met Engeland en Frankryk in oorlog gewikkel. Die moontlikheid dat die Kaap aangeval kon word, was nie uitgesluit nie. Daarom was dit nodig om die verdediging van hierdie mees strategiese punt op die Indiese handelsroete betekenisvol op te knap. Die garnisoen is onder andere aansienlik versterk met gevolglike ekstra uitgawes – iets wat vir die bewindhebbers nie welkom was nie. Om uitgawes te verminder en 'n besparing mee te bring, het die opvatting ontstaan dat die vermeerdering van die burgerlike bevolking, wat almal diensplig was, die vermindering van die garnisoen moontlik sou maak.[39]

Opvallend was die groot aantal Duitsers wat as amptenare van die kompanjie na die Kaap gekom het, teenoor die geringer getal Nederlanders. Die rede hiervoor was die florerende ekonomiese toestand in Nederland en die kleiner Nederlandse bevolking wat nie al die mannekrag vir die seevaart en die reusagtige oorsese handelsonderneming kon voorsien nie. Duitsland daarteenoor het na die verwoesting van die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) min gunstige bestaansvooruitsigte aan sy redelik groot bevolking gebied en baie het 'n heenkome in die welvarende Nederland gaan soek. Wat minder bekend is, is dat die VOC selfs werwingsagente in Hamburg en Bremen gehad het. In Hamburg is 'n werwingsbrosjure met die titel *'Trots der Armen'* uitgegee in 'n poging om koloniste na die Kaap te lok.[40] Dit is bekend dat die

---

[38] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika...*, pp. 95, 97.

[39] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 86, 87.

[40] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 40. (Met vergunning van Protea Boekhuis, Pretoria).

hoë sterftesyfer onder kompanjie geëmplojeerders vir die VOC probleme geskep het. Die groot lewensverlies het nie slegs Nederlanders afgemaai nie. Groot getalle mense in diens van die kompanjie was van Noord-Europa afkomstig en het vir lande in daardie streek 'n ernstige demografiese verlies beteken. Die Nederlandse bydrae tot die Afrikaner se samestelling was in 1807 persentasiegewys weinig meer as die Duitse, naamlik 36,8% teenoor 35% onderskeidelik.[41]

Etlike van hierdie Duitsers was mense van hoë afkoms met 'n goeie akademiese agtergrond. Net om 'n lewensbestaan te bekom, het baie Duitsers as soldate tot die kompanjie se diens toegetree maar het hulle later as vryburgers aan die Kaap gevestig.[42] 'n Opmerklike verskynsel is dat die Duitse volkselement aan die Kaap spoedig ver-Hollands het; anders as die Franse Hugenote wat lank gestry het om die eie taal en volkskarakter te behou. 'n Voorbeeld van Duitse assimilasie met die Hollandse kultuur en bestaanswyse is die gebore edelman Joachim Nickolaus von Dessin wat op 9 Maart 1727 as soldaat in Tafelbaai aan wal gestap het. Hy kry kort daarna 'n aanstelling in die *Sekretarye van Justisie* en *eenmaal verlos uit die slawerny van sodatediens* vorder hy tot onderkoopman. Hy is drie jaar na sy aankoms met Christina Ehlers, 'n Franse afstammeling wat in 1688 hier aangekom het, getroud. Franken merk op:

> *Binne vyf jaar het die adellike Koninklik-Pruisiese Kamerjonker hom geheel aangepas by sy nuwe omgewing ... ook wat taal betref ... Ook het hy sy nasionale volksbewussyn ingeboet deur met 'n Afrikaanse meisie te trou en opgegaan in haar familie.*[43]

Die maklike assimilasie van die Duitsers word daaraan gewyt dat daar oorwegend mans na die Kaap gekom het wat later getrou het met Afrikaans-Hollandssprekendes. Gedurende die agtiende eeu, toe daar meer Duitsers as Hollanders na die Kaap gekom

---

[41] J.A. Heese, "Die herkoms van die Afrikanervolk", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 1, p. 52; J.E. Lourens, Immigrasie aan die Kaap..., p. 240; Van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, pp. 87, 88.

[42] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18e eeu uit Von Dessin se briefboek en memorial", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 3, 1940, deel 1, p.3.

[43] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18e eeu ...," p.5; sien ook W. Tyrell-Glynn, "Joachim Nickolaus Von Dessin", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek*, deel 1, pp. 889, 890.

het, het dit nie die Hollandse karakter aangetas nie. Die taalverwantskap tussen Duits en Hollands het die inburgering ook vergemaklik. Hoewel sommige Duitsers uit gebiede gekom het wat staatkundig Duits was, was die taal na aan Hollands. Boonop was die Nederlandse kultuur in die sewentiende eeu toonaangewend en die taal van die beleidmakers, regeerders en werkgewers was Hollands. Dit was die taal van 'n volk wat aansien gehad het terwyl die Duitsers afkomstig was uit 'n verarmde land wat geteister was deur oorlog. Die Duitsers het min omgang met mekaar gehad en daar was nie 'n begeerte om as aparte kultuurgroep te bly voortbestaan nie. In die beginjare het baie Duitsers wat in diens van die Kompanjie getree het hulle voorname verhollands en soms ook hulle vanne verander. Dit was onder andere vir bevordering voordelig gewees om as Hollander te kon deurgaan.[44]

Jan word vryburger

Jan Cruywagen het na die Kaap gekom as meulenaar in diens van die Oos-Indiese Kompanjie, hy was dus nie 'n "vry-immigrant" nie. Hy het egter slegs vir 'n baie kort tydjie vir die kompanjie gewerk, die diens verlaat en vryburger geword. In 'n dokument gedateer 2 Augustus 1711, gerig aan Louis van Assenburg, die Kaapse goewerneur, meld Jan dat hy reeds vir omtrent 19 jaar 'n vryburger aan die Kaap was. Dit beteken dat hy teen ongeveer 1691-1692 uit kompanjiesdiens moes getree het.[45]

'n Verdere aanduiding dat Jan Cruywagen nie lank aan die Kaap as meulenaar in diens van die kompanjie werksaam was nie, word gevind in G.C. de Wet se *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707.* Daarin word verwys na verskillende beroepe, bedrywe en dienste en die persone wat daarby betrokke was se name is aangeteken. Onder die hoof "meulenaar" word nie van Jan Cruywagen melding gemaak nie, terwyl ander persone wat tussen 1691 en 1707 meulenaars was, wel genoem word.[46] Die afwesigheid van Jan se naam kan daarop dui dat hy só kort in die bedryf gestaan het dat diegene wat destyds oor dié sake boek gehou het nie eens

---

[44] J.G. Steyn, *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*, p. 113.

[45] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 297-301.

[46] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes* ..., pp. 86-88.

van hom bewus was nie, of hom nie werklik as 'n deelhebber aan die bedryf beskou het nie en dus sy naam verswyg het.

Jan Cruywagen is reeds in 1691 onder die vooraanstaande burgers in die klein Kaapse gemeenskap gereken.[47] Die oorwig van getuienis bevestig egter dat hy in 1692 nog wel meulenaar was soos later sal blyk.[48] Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat hy gedurende die loop van daardie jaar 'n vrylied geword het.

'n Ondersoek wat gedoen is na hoeveel manlike vryliede wat tussen 1657 en 1707 aan die Kaap gewoon het 'n nageslag agtergelaat het, bevestig ook dat Jan Cruywagen 'n vryburger geword het. Daar is bevind dat van die 1 043 vryburgers van wie dit onbekend is wat van hulle geword het, net 195 (18,7%) 'n nageslag gehad het. Waarskynlik is die meeste van hulle in die Kaapse nedersetting oorlede maar in baie gevalle ontbreek die dokumentêre bewyse om dit te staaf. *In hulle geledere is 'n aantal bekende Afrikaanse stamvaders ... soos Jan Meyndertsz Cruywagen.*[49]

Die aankoms van skepe

Nadat Jan Cruywagen uit die diens van die kompanjie getree en 'n vryburger geword het, het hy op verskillende maniere 'n lewensbestaan gemaak. Hy het as houer van 'n deel van die wynpag 'n taverne of taphuis bedryf en huisvesting aan besoekers verskaf.[50] Daar moet in gedagte gehou word dat met elke vloot wat na die Ooste gevaar het en met elke retoervloot op pad terug na Nederland, daar op gesette tye groot getalle seeliede met geld in hulle sakke aan die Kaap vertoef het. Gedurende die tien tot veertien dae wat hulle op land deurgebring het, was die Kaapse herberge, tavernes en taphuise 'n welkome uitkoms, weg van die beknopte ruimtes op volgelaaide skepe en verlos van die eentonige en ongesonde proviand wat die lewe van groot getalle van hulle makkers as gevolg van skeurbuik en vele ander

[47] G.M. Theal, Chronicles of Cape commanders ..., p. 300.

[48] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 376 & p. 380.

[49] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes* ..., p. 203.

[50] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 311.

ongesteldhede geëis het.[51] Veral die koms van die retoervloot uit Indië was jaarliks 'n groot gebeurtenis vir die Kaapse nedersetters. Die skepe het nie net benodigdhede uit Oos-Indië aan boord gehad nie maar die inwoners van Kaapstad het reisigers en skeepslui wat teen goeie betaling huisvesting gesoek het, met graagte verwelkom.[52]

> *Die stadjie aan die voet van Tafelberg was een groot herberg. Die ekonomiese welvaart van die inwoners daarvan het afgehang van die komende en gaande gaste.*[53]

Die taphuise aan die Kaap het ook as herberge en losiesplekke gedien en so te sê al die burgers het 'n bestaan gemaak deur seeliede

> *van de schepen en vlooten, daar te anker komende, in hunne huizen ... te herbergen.*[54]

Die aansienlikes, dit wil sê belangriker persone en van hoër rang, het drie etes per dag gekry en die *gemeene lieden* slegs een maaltyd.[55]

Die vreugde en opgewondenheid onder die Kaapse mense wanneer skepe wat in aantog was vanaf die uitkykpunte gewaar is en kanonskote die nuus uitgebulder het, is baie realisties soos volg verbeeld:

> *Dan het almal gejuig en rondgehardloop – Hollander, Hottentot, slaaf en kneg. Elke asem op die skepe het gekom om te eet en te drink, te koop en te verkoop. Dit was lewe, dit was vrolikheid, nuus, familie en vriende. Dit was elke taphuis se oestyd, want daar was duisende dors matrose op pad.*[56]

Daar het egter ook vir 'n wyle 'n somber skadu oor die opgewondenheid en verwagtinge gehang. Die plesierigheid was oor die opvarendes wat nog gelewe het,

---

[51] R. Elphick & H. Giliomee (eds.), *Shaping of South African society*, p. 17; sien ook A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap". *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 17; D Matthee, *Pieternella van die Kaap: historiese roman oor Pieternella en Eva-Krotoa*, pp. 37, 38.

[52] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", p. 13.

[53] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18e eeu...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 3, 1940, deel 1, p.19.

[54] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met den zaaken daar toe behoorende*, Van Riebeeck Vereniging, deel 1, 2e reeks, p. 204.

[55] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope* ..., pp. 204-206.

[56] D. Matthee, *Pieternella van die Kaap* ..., p. 37.

die dooies was klaar oor boord gegooi en die half-dooies, sterwendes en ernstige siekes wat aan land gebring is, was 'n droewige gesig. Die chirurgyn van elke skip het besluit watter siekes op die skip kon bly en watter aan wal gebring moes word. Laasgenoemdes is met toue van die skepe laat sak en met roeibote na die kaai gebring.

> *Hulle word na die siekehuis in slaapmatte of stukke seil gedra, nes halfdooie robbe. Uitgeteer. Monde oop, tande toegeswel van blou tandvleis. Die meeste tande klaar uitgeval. Skeurbuik – die bloedskyt. Kan nie roer nie, kreun net, alles seer.*[57]

Die treurige gesig het 'n weemoedskadu oor die bonte mengelmoes toeskouers laat toesak ... nie vir lank nie, want die lewe gaan voort en die oorlewendes het gewag vir kos en drank en jolyt en dit was in die tavernes en herberge beskikbaar ... ook die deure van Jan Cruywagen se tappery het oopgestaan!

Die Kaapse drank en gasvryheidsbedryf

Voor Jan se betrokkenheid in die drankhandel, en meer bepaald in wynvoorsiening, aandag kry, moet gelet word op die gebruik van wyn en hoe die handel in dié kommoditeit daar uitgesien het en hoe dit in die praktyk bedryf is.

Naas die sosiale gebruik van wyn het dit 'n belangrike rol in die seevaart gespeel:

> *In die vroeë dae van seilskepe was die voorsiening van water op lang seereise, een van die grootste probleme vir skeepslui. Die water het bederf en siektes van allerlei aard was die onvermydelike gevolg. Onder dié omstandighede het wyn met 'n lae persentasie alkohol 'n uiters belangrike rol as plaasvervanger van water gespeel.*[58]

Jan van Riebeeck het met die stigting van die verversingspos geen formele instruksies in verband met die voorsiening van wyn aan die verbygaande skepe gekry nie. Dit is egter bekend dat die direkteure van die kompanjie geïnteresseerd was in die voorsiening van vars wyn aan hulle skepe en dat dit 'n probleem was wat hulle heelwat hoofbrekens besorg het. Voor daar enigsins wyn aan die Kaap geproduseer

---

[57] D. Matthee, *Pieternella van die Kaap* ..., p. 38.

[58] G.J. Krause, Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die H.O.I.K. (M.A.-verhandeling, UOVS, 1955), p. 8.

was, was die Kompanjie van ingevoerde dranksoorte vir Kaapse gebruik afhanklik.[59] Die instelling van die vryburgers in 1657 en die aanplant van wingerde het 'n eie wynboukultuur laat ontwikkel. Die Kaap het stadigaan selfvoorsienend geword en vanaf 1677 het daar 'n duidelike skeiding gekom tussen die ingevoerde dranksoorte en die plaaslik geproduseerde wyne.[60]

Ekonomiese bedrywighede wat min direkte voordele vir die kompanjie ingehou het, soos die lewering van bepaalde voorrade en lewensmiddele waaronder drank, vleis, sout en tabak, is aan plaaslike indiwidue toegesê, of soos dit bekend gestaan het, *verpag*. Aanvanklik is die voorreg om drank in herberge te verkoop, gratis aan bepaalde persone toegeken. Daarna is sekere dranksoorte onder verskillende lisensies gegroepeer, waarvoor geen direkte betaling geëis is nie. Die kompanjie het egter spoedig ingesien dat die verkoop van hierdie konsessies die moontlikheid van direkte winste inhou het. Die reg om bepaalde dranksoorte te verkoop, is toe verpag, en die pagte is in die publiek opgeveil. Die hoogste bieder, of bieders soos later sal blyk, het dan die voorreg geniet om die bepaalde dranksoort in kleinhandel- hoeveelhede vir 'n vasgestelde tydperk van een jaar in sy taphuis(e) te verkoop, sonder dat enige persoon hom enigsins hierin kon benadeel.[61] Finansiële voordeel was altyd die Kompanjie se hoofoogmerk maar nog 'n rede waarom oorgegaan is na die pagstelsel was om die smokkelhandel – onder andere met die Khoi-Khoin – en drankvoorsiening aan veral slawe enigermate teen te werk.[62] Die vryliede wat die tappersberoep beoefen het, was die voorlopers van die latere groot drankpagters. Die beroep het vir goeie winste gesorg en die tappers was van vroeg af van die welvarendste mense onder die vryliede.[63] Vryliede het selfs die boerdery verlaat om tappers te word. In 1672 was daar reeds 18 tot 20 kroeë aan die Kaap. Die beroep was lonend want drank is teen hoë pryse verkoop. Besoekers het beweer dat brandewyn en arak twee keer so duur as

---

[59] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 8.

[60] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 43.

[61] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 5, 6; G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707*, p. 46.

[62] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 40, 41.

[63] G.C. de Wet, *Vryliede en vryswartes* ..., p. 47; G.J. Krause, Drankpagte ..., pp.56,57.

in Europa was.[64] Arak was 'n soort Oos-Indiese, sterk alkoholiese drank gestook uit rys, rietsuiker en kokosneut-sap.

Die vernaamste besoekers aan die verskillende kroeë was matrose, soldate en kompanjiesamptenare. Drankmisbruik was algemeen en

> *... die verlies wat die Kompanjie gely het as gevolg van losbandigheid en verkwisting deur die matrose en amptenare was nooit te vergelyk met die profyte wat gemaak is deur die verkope van drank nie – die effek hiervan is nooit in aanmerking geneem nie.*[65]

Die owerheid het probeer om die sosiaal onaanvaarbare toestande en gedrag te voorkom en daar is deurlopend aanpassinge aan voorskrifte gemaak. So byvoorbeeld het Simon van der Stel op 6 Januarie 1690 'n plakkaat afgekondig wat tappers en herbergiers verbied het om op Sondae of gedenkdae *(vierdagen)* drank aan klante te voorsien en te verkoop. Dit was ook verbode om na sonsondergang drank aan 'n lid van die garnisoen te voorsien, kompanjiesamptenare wat na 'n vasgestelde tyd sonder toestemming in 'n kroeg betrap sou word, sou beboet of gelaars word.[66]

'n Herindeling van die pagte wat opgeveil sou word, is ook gemaak. Eerste was die Kaapse koel wyne en daarna was die vaderlandse ingevoerde dranksoorte aan die beurt. Die Kaapse brandewynpag is eers later ingestel.[67] Aanvanklik, vanaf 1679, is alle drankpagte apart in één *perseel,* dit wil sê vir aankoop deur één persoon, opgeveil. Vanaf 1699 is die wynpag egter in vier persele opgeveil en toegeken aan vier verskillende persone.[68] Tussen hierdie jare was daar verskeie aanbevelings en gewysigde bepalings ten opsigte van die drankhandel. Veral kommissaris-generaal. H.A. van Rheede het hierin 'n groot rol gespeel. Kommissaris Daniël Heins het in 1699 weer betekenisvolle verbeteringe in die pagvoorwaardes aangebring.

---

[64] G.C. de Wet, *Vryliede en vryswartes* ..., p. 47.

[65] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 16, 17.

[66] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC Verbatimkopieë 1689 – 1692 ...,p. 345.

[67] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 55-64, en pp. 72-75.

[68] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 162.

Die opveil van die drankpagte het jaarliks in die voorportaal van die kasteel plaasgevind en wel op die laaste dag van Augustus, tensy die dag op 'n Sondag geval het.[69] Die bode van die hof het deur die vernaamste strate gestap en aandag getrek deur op 'n simbaal (koperplaat) te slaan en aan te kondig dat die pag om nege uur die voormiddag opgeveil sou word.[70] Net soos met alle ander veilings het dit altyd 'n groot skare getrek, ... *trouens dit was een van die belangrikste gebeurtenisse en hoogtepunte van die jaar.*[71] Aan die aanwesiges is op koste van die kompanjie wyn, bier, brandewyn en tabak ryklik bedien.[72] *Op bevel van die Here XVII is die Goewerneur en die hele Politieke Raad verplig om die geleentheid by te woon.*[73]

Jan Cruywagen het op die Augustus-veiling van 1700 een van die vier persele van die Kaapse wynpag vir f10 700 (gulde) gekoop, die hoogste prys van al die kopers en so sy toetrede tot die drankhandel gemaak.[74] Dit het hom saam met drie ander pagters die reg gegee om Kaapse wyn in kleinhandelshoeveelhede vir 'n jaar sonder mededinging te verkoop. Wanneer bloot op die Jan Meijndert-name afgegaan word, sou 'n mens weereens stuit teen 'n naamsverwarring tussen pa en seun. In hierdie geval word die probleem opgelos deur die feit dat Jan self verklaar het dat hy *dikwels de wijnpagt gehad heef.*[75] Een van die drie ander kopers wat saam met Jan tot die tapbedryf toegetree het, was J Phijffer wat met later pagveilings onregmatig deur goewerneur W.A. van der Stel bevoordeel is.

Die gulden, ook gulde, die geldeenheid waarin die transaksie beklink is, was geldig in Nederland en die Nederlandse oorsese gebiede. Dit was 'n silwermunt of ook 'n banknoot. Oorspronklik was dit 'n goudmunt wat in ongeveer 1250 in Florence (Italië) in omloop gebring is – vandaar die naam *floryn* en die f vóór die bedrag. Die munt is aanvanklik in 28 en na 1679 in 20 stuiwers verdeel. Daar word ook verwys na Nederlandse of *swaar* gulde met 'n waarde van 20 stuiwers, terwyl die Kaapse of *ligte*

---

[69] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 163.

[70] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 169.

[71] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 162.

[72] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 162.

[73] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 171.

[74] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag p. 177.

[75] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 311-313.

gulde vir 16 stuiwers verwissel is. Die *ligte* gulde het nie werklik bestaan nie, dit was slegs 'n *boekmunt* en sy instelling het die voordeel van die kompanjie beoog. Die afkorting *gl* of *gld* is gebruik, byvoorbeeld 50gl., of 'n f voor die syfer, byvoorbeeld f50, (eintlik floryn).[76]

Met die veiling van 1701 kom Jan se naam nie voor as 'n paghouer nie.[77] Dat hy na slegs 'n jaar in die winsgewende drankhandel nie weer belang gestel het om 'n perseel van enige pag te koop nie, is onwaarskynlik. Dat hy op die veiling totaal oorbie is, is 'n moontlikheid. As die hoogste prys wat in 1701 vir 'n perseel betaal is, naamlik f 5 700, vergelyk word met die hoë prys wat hy op die vorige veiling betaal het, kan dié moontlikheid egter ook buite rekening gelaat word. Die rede vir Jan se afwesigheid moet eerder gesoek word in die feit dat die wingerde voor die 1701-oes *so van sprinkhaanen en calender...* verniel is dat die wynopbrengs teen 1702 aansienlik afgeneem het.[78] Jan was in 1702 weer een van die houers van die Kaapse wynpag, natuurlik met die verwagting dat die druiweoes beter sou wees. Ook in 1703 en 1709 was hy 'n paghouer.[79]

Goewerneur W.A. van der Stel se inmenging in en manipulering van die wynpagvoorwaardes in 1705 het meegebring dat sy vriend Johannes Phijffer bevoordeel is en die alleenhouer van die wynpag geword het.[80] Die feit dat 'n persoon soos Phijffer ... *wat weens bedrog etlike jare lank tot hardepad gevonnis is ... direk bevoordeel is ..., het die burgers erg omgekrap.*[81]

Daar was hoofsaaklik twee tipes taphuise en herberge: die eerste groep het *buitenlui* of *up country people* bedien en die tweede groep was meer op *scheepenlui* of *maritime personnel* ingestel. Baie van die taphuise is deur die weduwees van kompanjiesamptenare bedryf *who would have known many of the upper echelons of*

---

[76] P.C. Schoonees e.a. (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, deel 3, p. 483.

[77] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag, p. 178.

[78] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 77.

[79] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag p. 178 en p. 180.

[80] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 78, 80.

[81] G.J. Krause, Drankpagte ... , p. 82.

maritime personnel passing the Cape. So was daar byvoorbeeld die *Blaauwe Anker* wat in die hande was van die weduwee Van Schoor.[82] Hierdie Van Schoor-dame was heel waarskynlik een van Meendert Cruywagen se dogters of Susanna of Catharina Everdina. Catharina was getroud met Adriaan van Schoor en Everdina met Evert van Schoor, twee broers wat redelike senior kompanjiesposte beklee het. Nog twee taphuise deur weduwees bedryf, was die *Goude Anker* (Baartman) en *Opregte Anker* (De Waal).

Die maritime tavernes het 'n breë spektrum van nasionale groepe bedien en bepaalde taphuise was die geliefde aanloopplekke van sekere nasionaliteite of etniese groepe. Daar was onder andere die volgende taphuise waarvan die name duidelik aandui watter nasionaliteite aan hulle voorkeur gegee het, *Amsterdamse Wapen, Fransche Cazerne, Koning van Pruisen, Sweedse Vlag* en *Wurtembergsche Vlag*. Dan was daar ook name wat lukraak gekies was en seker 'n redelike verskeidenheid van kliënte bedien het, soos *De Laaste Stuivertje, De Brouwerij* en *De Planke Vloer*.[83] Dit is opmerklik dat gesins- en familielede mekaar ondersteun en saamgewerk het wanneer dit een geluk het om 'n inkomstegenererende geleentheid te bekom. Die Kaapse ekonomiese omgewing was baie beperk en boonop so belas met voorskrifte vir die beskerming van die kompanjie se monopolie dat so 'n ondersteunende gesindheid goed te begryp is. Dit kan as 'n gegewe aanvaar word dat Meendert sy pa in sy taphuis(e) gehelp het, en omgekeerd toe Meendert self pagte in die drankhandel verkry het. Ander voorbeelde van onderlinge steungewing tussen familieverwante sal in die loop van die verhaal voorkom.

Die vrou – enkele woorde

Om oor die vrou in die vroeë Kaapse geskiedenis te skrywe, is moeilik want oor die vroue en die stammoeders van die pioniersjare is min bekend. Oor die mans het Karel Schoeman geskrywe,

---

[82] L. Guelke & R Shell, The *Deeds Book. The Cape cadastral calendar, 1677-1731*, Contextual introduction, pp. 6, 7.

[83] L. Guelke & R. Shell, *The Deeds book* ..., Contextual introduction, p. 8.

> *Afgesien van hulle plek van herkoms, wat dikwels taamlik summier aangedui is, is daar oor die agtergrond van die meeste laer Kompanjiesdienaars ... min bekend.*[84]

Indien dit van die mans waar was, word dit duidelik dat die vrou nog meer verskuil was en selde of ooit vermeld was. 'n Vroeë poging om die kollig op die vrou te laat val, was *Die Afrikaanse vrou*, wat in 1921 uit die pen van E. Stockenström verskyn het. Hy skrywe in sy tweede hoofstuk oor die Tagtigerjare Oorlog om te wys hoe dit eintlik as vormingsgebeure gedien het om karaktertrekke soos patriotisme, leeuemoed en hoë morele waardes by die Nederlandse vrou te kweek – eienskappe wat sy met haar saamgebring het na Suid-Afrika. In hoofstuk drie noem hy Maria van Riebeeck en enkele ander vroue uit die eerste vestigingsgroep en behandel verder die regeertyd van Simon van der Stel. In hoofstuk vier is hy reeds by die vrou tydens die uitbreiding na die binneland en beklemtoon die belang van die periode 1700-1786 in die wordingsgeskiedenis van *Hollands-Suid-Afrika*. Die inligting is baie karig, baie algemeen en nie spesifiek nie. Die vrou was vaag in die agtergrond.[85]

Selfs oor die gades van goewerneurs en vooraanstaande amptenare is die inligting bra skraal soos byvoorbeeld blyk uit die voorwoord en inhoud van 'n boekie, *Vrouegalery,* deur dr. Anna de Villiers.[86] Die gebrek aan gegewens oor die beskeie onbekendes is nog meer opvallend, maar hulle het elkeen *hul eie klein merkwaardige geskiedenisse geleef en vorm gegee aan dié van ander.*[87] Dit is hulle wat hulle mans vergesel het na verre geweste en aan die opwinding en teëspoed van die pionierslewe deel gehad het. Ten opsigte van die rol van vroue in die vroeë Kaapse geskiedenis sou Jordaan se verdere stelling gepas herhaal kan word:

> *Die lewe is gevul met hierdie soort heroïek. Dit word nie breedsprakig geproklameer nie, maar sag geleef in die klein beriggies van menslike bestaan; in die voetnote van die groot menslike verhaal.*[88]

---

[84] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 50.

[85] E. Stockenström, *Die Afrikaanse vrou*, pp. 11-42.

[86] A. de Villiers, *Vrouegalery,* voorwoord en p. 5, p. 7, p. 10.

[87] W. Jordaan, "Van mens tot mens", *Beeld,* 26 Junie 2002, p. 14.

[88] W. Jordaan, "Van mens tot mens", *Beeld,* 26 Junie 2002, p. 14.

Van Jan Cruywagen se vrou, Swaantjen is slegs haar naam en nooiensvan (Van Alsen) bekend. Dat sy ook haar stukkie merkwaardige geskiedenis geleef en vorm gegee het aan dié van ander, is so te sê vanselfsprekend. Dit kan ook nie anders nie as kennis geneem word van uitsprake oor die Nederlandse vrou se deugde en eienskappe deur historici van naam uit verskillende tydvakke. John Motley het geskrywe,

> *The position ... of women in the commonwealth* [verwysende na die Nederlandse Republiek] *proved a high degree of civilization. They are described as virtuous, well-educated, energetic, sovereigns in their households, and accustomed to direct all the business of home. ... The Hollanders, so rebellious against Church and King, accepted with meekness the despotism of women.*[89]

Prof. P.J. Blok noem in sy breedopgesette en komprehensiewe werk oor die geskiedenis van die Nederlandse volk, waarin sosiale omstandighede baie aandag kry, 'n hele lys van prysenswaardige volkseienskappe en verwys verder na *...de veredelende invloed harer vrouwen op de samenleving* wat selfs deur kwaadwillige en krities ingestelde beoordelaars hoog aangeprys is.[90]

Van die besondere eienskappe waarvoor die Nederlandse vrou bekend was, was die burgerlikheid van haar lewenswyse en 'n innigheid in die huislike lewe, haar godsdienstigheid en eenvoud van sedes, haar hardwerkendheid, sindelikheid en bedaardheid. Hierdie eienskappe is na die Kaap oorgedra en bo alles die innige huislike lewe. Van individuele vroue is min bekend maar skildery van Nederlandse vroue deur bekende kunstenaars het die vrou raak verbeeld: stralend van lewenskrag en lewenslus, fors en vol ondernemingsgees. Vroue uit die arbeidersklas was liggaamlik sterk, gewoond aan harde fisiese werk; onder hulle was *turfdraagsters, steendraagsters* en skoonmakers van markte.[91] Eienskappe en ingesteldhede soos die voorafgaande was uiters geskik en waardevol in die moeilike pioniersjare aan die Kaap.

Godsdiens was deurslaggewend in die vorming van die kultuur en volksaard van die Afrikaner. Dit was juis die terrein waarop die vrou gedurende die 17e en 18e eeu, ook

---

[89] J.L. Motley. *History of the United Netherlands*, vol. 4, p. 525.

[90] P.J. Blok, *Geschiedenis van het Nederlandse volk*, deel 2, p. 92.

[91] J.C. Pretorius, Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, p. 10.

buite haar huis, so 'n groot rol gespeel het. Die vrou was in alle kerkgenootskappe bekend as getroue kerkganger.[92]

Hermann Giliomee vestig die aandag op die feit dat naas die kerk die Europese vrou die kritieke faktor in die vorming van 'n bepaalde identiteit was. Hy sê onder andere dat in die 17e en 18e eeu die vrou in Nederland meer regte as ander Europese vroue geniet het. Vroue kon van hulle mans skei en by sowel egskeiding as die eggenoot se afsterwe, het die helfte van die boedel na hulle oorgegaan. Hierdie reg waaroor vrouens beskik het, het mans op hulle hoede gestel anders kon hulle deur onaanvaarbare optrede binne die huwelik maklik 'n aansienlike deel van hulle besittings kwyt gewees het. Waar daar aanvanklik heelwat gemengde huwelike aan die Kaap voorgekom het, het dit na 1725, toe daar 'n beter balans tussen die getal Europese mans en Europese vroue ontwikkel het, al meer 'n seldsame verskynsel geword.

> *Die wit vrou het skanse opgerig teen enige onegte kinders wat haar man of seuns verwek het, en in die huis wou bring.*[93]

Die wetlike posisie van kinders wat buite die eg gebore is het dit buitendien vir hulle moeilik gemaak om in die blanke gemeenskap opgeneem te word aangesien die Kaapse wette nie vir sodanige geborenes voorsiening gemaak het nie. Basters het geen aanspraak kon maak op die vader se besit nie behalwe vir onderhoud. Die wet het bepaal die *Bastaard heeft geen vader of erfenis*. Hierdie kinders het nie geërf nie behalwe as die vader daarvoor voorsiening gemaak het in sy testament.[94] Dit is te verstane dat die blanke vrou die belange van haar kinders beskerm het teen "indringers" wat uit 'n losse en ontugtige verhouding gebore is.

Aan die Kaap, soos in die hele mensheidsgeskiedenis, het vroue wat nie eers die voetnote gehaal het nie, hulle deel gedoen om aan 'n breër verhaal gestalte te gee.

---

[92] J.C. Pretorius, Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, pp. 224, 225.

[93] H. Giliomee, "Voëlvlug van 'n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar", *Historia*, vol. 46(1). Mei 2001, p. 5.

[94] H, Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 38.

Dit pas om nog een en ander oor die vrou se posisie te sê. By die dood van haar eggenoot is die vrou goed nagelaat veral as die egpaar vaste eiendom en ander besittings gehad het; die vrou het die helfte van die boedel geërf en die kinders die ander helfte. *Many widowed Cape women married several times, accumulating a small fortune.*[95] Waar 'n vrou aan die Kaap, algemeen gesproke, op redelike materiële bates kon staatmaak, het dit aan haar 'n groter mate van sosiale selfstandigheid gegee – groter as aan vroue in ander koloniale gebiede. Dit is interessant dat besoekers aan die Kaap die vroue alhier meer intelligent en beter ingelig as hulle manlike eweknieë gevind het.[96]

Daar moet ook melding gemaak word van die rol van die vrou in die ontwikkeling van Afrikaans. Die dorpie aan Tafelbaai was veelrassig en veeltalig; verskeie tale is gepraat en gemeng om kommunikasie en omgang te laat vlot. Uit hierdie mengeling van tale en die interaksie tussen hulle het Afrikaans gedurende die loop van die 18e eeu ontstaan. Prof E.H. Raidt wat hierdie ontwikkelingsgang nagevors het, het bevind dat Nederlandse stammoeders 'n beduidende rol gespeel het.

> *Omdat hulle in die algemeen van eenvoudige herkoms was, betreklik min onderwys geniet het en slegs op informele vlak in die kring van hulle eie huise en huisgesinne opgetree het, het hulle die vrymoedigheid gevoel om hulle eie dialektiese taalvorm te behou en die gebroke Nederlands van hul eggenote, kinders, slawe en bediendes oor te neem en dit alles tot 'n nuwe spreektaal saam te smee.*[97]

Binne die huisgesin, die kring rondom die vrou, was die kweekbedding van Afrikaans wat teen 1770 al redelik as spreektaal gevestig was.

Slawe in die Kaapse samelewing

In die nuwe en derde wêreld was Europese koloniste en pioniers die hoofspelers in die verloop van die geskiedenis wat op verskillende plekke en tye daar afgespeel het.

---

[95] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p.38.

[96] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p.38.

[97] K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., p. 41.

Die ondergeskikte rolspelers was die oorspronklike inwoners van die gebiede waar die vestiging plaasgevind het.[98]

In Suid-Afrika was die inwoners die inheemse Khoi-Khoin en die San. In hierdie ondersoek word eers later aan hulle aandag gegee omdat die Cruywagens met hulle aankoms nie onmiddellik met die Khoi-Khoin in georganiseerde stamverband kennis gemaak het nie. Dieselfde geld vir die San wat eintlik "randfigure" was met betrekking tot die vroeë Cruywagens se lewe aan die Kaap. Met 'n ander ondergeskikte groep, ook immigrante soos die Europeërs, die slawe, was dit anders gesteld.

Reeds met die aanvang van die Kaapse nedersetting in 1652 is ernstige arbeidsprobleme ondervind. Jan van Riebeeck het nie lank na sy aankoms nie 'n versugting geslaak vir meer arbeiders. Reeds met die bou van die fort moes hy van sy onderhoriges kalmeer toe hulle opstandig geraak het omdat hulle min te ete gekry het maar steeds gedryf is om harder te werk. Kommissaris Rijckloff van Goens het die probleem tot 'n mate verlig toe hy aan Van Riebeeck toestemming verleen het om skeepsvolk van verbygaande skepe te onttrek vir die baie take waarvoor hy verantwoordelik was. Van Riebeeck was telkens in die moeilikheid omdat hy die vergunning sou misbruik het.[99]

Die gebruik van slawe op VOC-vestigingsplekke was nie vreemd nie. So byvoorbeeld was slawe gebruik op die eerste nedersetting aan die Afrikaanse kus naamlik Mauritius, tussen 1638 en 1658. Jan van Riebeeck het tydens sy loopbaan in die Oos-Indiese handelsryk bekend geraak aan die gebruik van slawe. Daarom is dit voor die handliggend dat hy, toe hy aan die Kaap 'n tekort aan arbeidskragte ondervind het, eenvoudig die voorbeeld van sy landgenote in ander kompanjiesbesittings gevolg het en aangedring het op die invoer van slawe.[100]

---

[98] H.F. Heese, *Groep sonder grense. (Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795)*, p.1.

[99] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 25-29.

[100] W. Blommaert, "Het invoer van de slavernij aan de Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 1, deel 1, 1983, pp. 4, 5.

Omdat hulle 'n prominente deel van die Kaapse gevestigde bevolking was, 'n groot rol in byna elke lewensfaset van die Kaapse gemeenskap gespeel het en omdat die Cruywagens ook slawe-eienaars was, verdien hulle meer as verbygaande aandag.

In 1700, nie lank na die aankoms van die eerste Cruywagens nie, was daar 1 308 blankes en 838 slawe in die Kaapse volksplanting. 'n Halwe eeu later, in 1750 was daar 4 860 blankes en 5 327 slawe.[101] Hierdie groei in die getal slawe gee 'n aanduiding van die belangrike rol wat dié onvry arbeiders in die maatskaplike en ekonomiese lewe van die klein Kaapse samelewing van die agtiende eeu gespeel het. Elke deel van die Kaapse gemeenskap, elke indiwidu, selfs nie-slawe besitters, is deur die gebruik van slawearbeid en slaweteenwoordigheid geraak en beïnvloed. Die landbouer is deur hulle werkkrag gedra, die rykdom van die dorpenaar en boer word aan die getal slawe in hulle diens gemeet, die meeste handwerkbedrywe was deur hulle uitgeoefen, selfs die kleinhandel was dikwels deur middel van slawe bedryf; hulle het vermaak en musiek by private en publieke feestelikhede verskaf, hulle het deelgeneem aan die huisgodsdiens van die Kaapse inwoners; by geleentheid het hulle die blankes gehelp om vyandelike aanvalle af te weer, dan weer het van hulle saamgesweer en die eiendom en lewe van die verspreid wonende burgers bedreig.

Eintlik is dit vreemd dat slawe enigsins na die Kaapkolonie, met sy gematigde klimaat en eie inboorlingbevolking, ingevoer is. Die Kompanjie het wel blanke knegte uit Europa ingevoer en van sy eie dienaars aan koloniste verhuur maar daar is van die begin af voorkeur aan slawe-arbeid gegee. Blanke loonarbeiders het in vergelyking met die getal slawe 'n nie-betekenisvolle deel van die Kaapse bevolking uitgemaak.[102]

Kaapse slawe kan in twee kategorieë ingedeel word: die een groep, en met die loop van jare, die grootste groep, was slawe wat aan burgers behoort het en vir wie die eienaars ten volle moes sorg. Die volgende groep was die slawe wat aan die kompanjie behoort het en vir wie se diens slawe aanvanklik ingevoer is. Die

---

[101] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 200.

[102] W. Blommaert, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 1, 1938,deel 1, , p. 1.

kompanjieslawe is in die beginjare in die fort en later in die kasteel gehuisves. Vir steeds groeiende getalle is teen 1680 aan die onderpunt van die kompanjiestuin 'n slawelosie gebou wat, soos behoeftes gedikteer het, telkens verander en herbou is. Toe dit in 1751 weer vergroot en verbeter is, het dit aan 600 slawe onderdak verskaf. 'n Groot personeel onder 'n hoofopsigter moes na die welsyn van die slawe omsien.[103] Ander kompanjieslawe is by hulle werkplekke, die tuine, die hospitaal, stalle en die verskillende buiteposte gehuisves.[104]

Die blanke geslagsverhouding aan die Kaap was totaal buite verhouding – te veel mans en te min hubare blanke vroue. Dieselfde skewe verhouding het ook vir die slawebevolking gegeld: Daar was in 1711 ongeveer 140 blanke mans in die Kaapse distrik woonagtig teenoor 100 vroue en 420 slawe teenoor 100 slavinne.[105] Daar is net een huwelik tussen 'n blanke en 'n Khoi-Khoin-vrou aangeteken in 1664. 'n Huwelik tussen 'n blanke en 'n inheemse vrou het nie weer tydens die VOC-tydperk aan die Kaap voorgekom nie.[106] Huwelike tussen blankes en slavinne was egter nie ongewoon nie en daar is voorkeur gegee aan slavinne uit Indië weens hulle aantreklike voorkoms.[107]

Die grootste meerderheid gemengde huwelike is in die Kaapse distrik en Kaapstad self gesluit. In 1773 was daar in Kaapstad en die Kaapse distrik ten minste 26 gevalle waar die vrou van 'n blanke immigrant of burger as *van de Caab* of van 'n Oosterse gebied afkomstig, aangedui word.[108] In die buitedistrikte is gemengde huwelike deur Europese naamgewing verbloem. In die binneland het sulke huwelike baie minder voorgekom. Die rede hiervoor was dat daar nie vryswart-gemeenskappe in die

---

[103] V. de Kock, *Those in bondage: An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company.* p. 36.

[104] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope.* Translated from the German by H.J. Mandelbrote, vol. 2, p. 124.

[105] H.F. Heese, *Groep sonder grense..,* p.15.

[106] H.F. Heese, *Groep sonder grense..,* p.5 & p.6.

[107] H.F. Heese, *Groep sonder grense..,* p. 6; V de Kock, *Those in bondage..,* p. 116.

[108] H.F. Heese, *Groep sonder grense..,* p. 5.

buitedistrikte was nie en dat daar relatief min slawe in die platteland was. *Die 'natuurlike status' van gekleurdes daar was klaarblyklik die van slawerny.*[109]

Geen vooraanstaande amptenaar of burger is egter gedurende die agtiende eeu met slavinne getroud nie en gewone amptenare of burgers het slegs by uitsondering met vrygebore gekleurde vrouens in die huwelik getree. Een rede vir hierdie veranderde ingesteldheid was dat die getalsverhouding tussen blanke mans en vroue stadigaan verbeter het. 'n Ander belangrike oorsaak was egter die statusverlies wat die neem van 'n gekleurde vrou meegebring het. By blanke mans het hierdie houding van die gemeenskap só swaar geweeg dat hulle verkies het om eerder vrygeselle te wees as om met 'n gekleurde te trou. 'n Ontleding van die sensus van 1731 toon dat 59 per sent van die plattelandse mans nooit getrou het nie. Dit het ook vir kinders uit gemengde huwelike (veral die manlikes) steeds moeiliker geword om in die blanke gemeenskap opgeneem te word.[110] Daarteenoor was die huwelik van 'n oud-slavin met 'n blanke man vir haar 'n ontsnappingsmeganisme uit slawerny, en dit het vir haar kinders wat binne die eg gebore is die weg geopen om ekonomies en sosiaal hoër sporte te bereik.[111]

Gemengde huwelike is amptelik aangeteken in die kerkregisters maar dit is moeilik om die omvang van buite-egtelike verbintenisse tydens die kompanjiesperiode na te gaan. Dat dit wel voorgekom het, word bewys deur die feit dat amptenare en burgers in 1669 verbied is om omgang met nie-Christelike vroue of slavinne te hê. Hierdie plakkaat is in 1678 gevolg deur 'n meer duidelike instruksie omdat waarnemende kommandeur Hendrik Crudop die omvang van ontugtigheid steeds as onrusbarend beskou het.[112]

Soldate en matrose van verskillende nasionaliteite het die slawelosie vrylik besoek. Dit was ook die aanloopplek van kompanjiesoldate en sekere Kaapse inwoners. Kinders uit hierdie praktyk gebore, was talryk in die slawelosie en die kwartiere van

---

[109] H.F. Heese, *Groep sonder grense..*, p.13.

[110] H. Giliomee, *The Afrikaners: ...*, p.37.

[111] H.F. Heese, *Groep sonder grense..*, p. 8.

[112] H.F. Heese, *Groep sonder grense..*, pp. 8, 9.

slawe-eienaars.[113] Dat dit inderdaad die geval was, getuig die verwysing daarna, wat kommissaris Van Rheede in sy verslag van 1781 gemaak het. *In sy verslag skryf hy dat nie minder nie as 32 seuns en 26 dogters 'van Duij(t)sche vaders geteelt' is.*[114] Die kommissaris het ook voorskrifte gegee vir die opvoeding en onderrig van hierdie kinders en vir hulle vrystelling by die bereiking van 'n bepaalde ouderdom. Al die bepalinge van die besoekende kommissarisse het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie en rasvermenging het steeds binne sowel as buite die huwelik plaasgevind. Dat dit die geval was, blyk onder andere uit die feit dat in November 1716 verdere voorskrifte met betrekking tot *de huishoudinge voor't comps slaven in de logie* afgekondig is. Die *geweldiger provoost*, 'n amptenaar van die kompanjie wat belas was met die handhawing van orde, die toepassing van tug en met die reg tot arrestasie, moes in die aand die rondte doen en seker gemaak het dat al die slawe ingekwartier was. Indien hy

> *zo in des avonts onder het doen der visits gevonden mogen te werden, eenige Europiaanen deselve uit de logie te doen vertrekken.*

Indien sodanige blankes nie gehoor gegee het aan sy opdrag nie en geweier het om die losie te verlaat, moes hy hulle arresteer en verslag daaroor aan die fiskaal doen.[115]

Uit dit wat tot hiertoe gesê is, moet egter nie afgelei word dat hierdie praktyke amptelike sanksie of godsdienstige goedkeuring weggedra het nie. Die amptelike standpunt was dat blanke mans hulle daarvan moes weerhou om in seksuele verhoudings met slawevroue betrokke te raak. Die kerk het ook met beslistheid sodanige verhoudings afgekeur.[116]

Arbeidsaangeleenthede het telkens aandag gekry, ook toe die bewindhebbers op 24 Junie 1724 in 'n skrywe aan die Politieke Raad gevra het of dit wenslik sou wees om meer blanke knegte na die Kaap te stuur en of hulle goedkoper as slawe aangewend sou kon word. Die goewerneur, Mauritz Pasques de Chavonnes, en die raadslede het

---

[113] V. de Kock, *Those in bondage..*, p. 119.

[114] H.F. Heese, *Groep sonder grense..*, p. 9.

[115] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C 40, Politieke Raad 17 November 1716 – 19 Februarie 1719, p.3.

[116] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 19.

afkeurend teenoor die gedagte van knegte gestaan. Alleen Dominique Marius Pasques de Chavonnes, broerskind van die goewerneur en hoof van die garnisoen, het die gebruik van blanke knegte gesteun. Hy het slawerny as *een kanker voor desen oort* beskou en aangeraai dat die invoer van slawe belet word. Sy pleidooi het egter op dowe ore geval en 'n uiters ongesonde arbeidsopset is toegelaat om verder te ontwikkel.[117]

Dit is interessant om daarop te let dat Dominique de Chavonnes se teenkanting teen die gebruik van slawe-arbeid heelwat later van 'n hoë amptenaar van die kompanjie steun ontvang het. Goewerneur-generaal baron Gustaaf Willem van Imhoff het dit tydens sy besoek aan die Kaap in Januarie-Februarie 1743 betreur dat die Kaapse landbou op slawe-arbeid gegrond was. Volgens hom was die gebrek aan *boere-arbeidslieden en boereknegten* 'n ernstige beletsel. en sou dit voordeliger gewees het om boereknegte te gebruik, veral as die koste om so baie slawe aan te hou, in ag geneem word.[118] Voorts het Van Imhoff ook ernstige bedenkinge gehad oor die werkskuheid onder die burgers van die land en hulle lae produktiwiteit. Hy wys daarop dat 'n messelaar en timmerman hier agt tot nege *schellingen* per dag verdien en daarby ook nog kos en drank ontvang het. Die ergste is egter dat hulle met dit alles *nog zo te veel niet doet als een halven ambagtsman in Europa.* Dit is wat hom betref ongehoord en ondraaglik vir die kolonie en bring mee dat die landbou ook grootliks daaronder gebuk gaan. Dan is daar 'n verwyt merkbaar as hy sê,

> *Hadde men van den beginne dat deze colonie is aangelegt met Europese begonnen en die in zodanige meenigte herwaarts gezonden ... ik denke het zoude wel wat beeter zijn gegaan.*

Met die gebruik van slawe

> *worden de gemeene Europese heeren en willen eerst zelfs wel gedient zyn eer zy denken om een ander te dienen.*[119]

---

[117] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 60, 62; *W.A. Cruywagen,* "Die VOC, wins en verlies: 'n perspektief vanuit 2002", *Historia*, vol.47(1), pp. 262, 264.

[118] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, 25 Februarie 1743, pp. 585, 586.

[119] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, 25 Februarie 1743, pp. 586, 587.

(Die gewone blanke word nou heer en meester wat eers self bedien wil word voordat hy daaraan dink om 'n ander te dien).

Van Imhoff het ook sterk taal teenoor die boere gebruik en gesê dat hulle eintlik nie boere was nie maar *bazen van de plantagie*. Baie van hulle het dit as 'n skande beskou om hulle hande aan werk te slaan en *zoo maakt dat quaade voorbeeld de knegts nog erger.*[120] Op grond van sy redelike raak opsomming van die burgery se arbeidsingesteldheid, het Van Imhoff opdrag gegee dat 'n besluit van 18 Augustus 1716 ingetrek moes word en dat geen knegte aan boere verhuur mag word tensy daar 'n behoorlike skriftelike kontrak tussen die landman en sy huurling aangegaan was nie. Hy het dit verorden om te verseker dat die boere ten minste genoeg *meesterskap* (toesig en aansporing tot vlytige arbeid) oor hulle arbeiders kon uitoefen.[121]

Die feit dat die blankes vir hulle ekonomiese bestaan van nie-blanke arbeid gebruik gemaak het, het allerlei nadelige gevolge vir die Kaapse samelewing gehad. Dit het nie alleen werkskuheid in die hand gewerk nie maar ook verhinder dat 'n werkerstand, noodsaaklik vir die ekonomiese lewe van elke volk, ontwikkel het. Die afwesigheid van 'n werkerstand in die volksplanting moet as een van die vernaamste redes aangevoer word waarom die ontwikkeling van die Afrikaanse volk as't ware van die begin af skeef verloop het en met verloop van tyd al hoe skewer geword het.[122]

Terwyl daar kommer was oor die vlytigheid en toewyding van baie Kaapse ingesetenes, het daar by die VOC self 'n innerlike gesteldheid ontwikkel wat aanleiding gegee het tot 'n verswakking van die Nederlanders se durf, daadkrag en arbeidsaamheid. Sleigh verklaar:

> *Laat in die agtiende eeu het daar ook 'n geestelike teenstander naamlik 'n afname in die prestasiebegeerte of -vermoë, wat vermoedelik buite die VOC-diens ontstaan het, bygekom om die hoop op sukses te verminder.*[123]

---

[120] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, 25 Februarie 1743, p. 587.

[121] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, 25 Februarie 1743, pp. 587, 588.

[122] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1 1652-1806, p. 113.

[123] D Sleigh, *Die buiteposte* ..., p.1.

Dit is moeilik om te bepaal tot watter mate hierdie ingesteldheid reeds in die Kaapse samelewing teenwoordig was, veral by leidinggewende amptenare van die Kompanjie wat geleidelik die weg van die minste weerstand begin volg het en eie-belang voor die welsyn van 'n groter saak en die breër belang geplaas het. Hiermee saam moet die oorheersende en onderdrukkende handelsmonopolie van die kompanjie, wat wins as die enigste rigsnoer gehad het, nie uit die oog verloor word nie. Om die kompanjie se monopolistiese belange te beskerm, is 'n gesonde handelsgees en vry ondernemerskap onder die burgers eenvoudig onderdruk. Hierdie dempende en ontmoedigende maatreëls het noodwendig 'n uiters nadelige invloed op die inwoners gehad.[124]

Daar moet onthou word dat die kompanjie self nie slawehandelaar was nie maar 'n groot slawe-eienaar. Die verantwoordelikheid is aanvaar om die Kaap van die nodige aantal slawe te voorsien.[125]

Die meeste van die slawe aan die Kaap is hierheen gebring deur Britse en Deense slawehandelaars. Kaapse slawe het hoofsaaklik uit Indiese, Maleis-Polinesiese en Neger-groepe (ook van Madagaskar) bestaan. 'n Baie klein aantal van die slawe aan die Kaap het van die Afrika-vasteland gekom.[126] Nederlandse skeepkapteins en ander seelui het ook slawe na die Kaap gebring en in alle gevalle is die slawe een vir een van die hand gesit aan individuele kopers.[127] Die boerevryburgers het, op 'n paar uitsonderings na, nie aan die slawehandel deelgeneem om geld te maak nie. Slawe is aangekoop om op die plase te werk en slegs dié waarmee die boere nie gelukkig was nie, is verkoop.[128] Na 1767 was 'n verbod teen die invoer van slawe uit die Ooste in swang.[129] Dit is moeilik om die redes vir dié besluit vas te stel. Dit het blykbaar meer uit praktiese as ander oorwegings gespruit. Gedurende die 18e eeu is baie slawe uit Madagaskar ingevoer. Hierdie slawe was besonder vernuftig en hoër pryse is vir hulle betaal. Slawe-besittende burgers het reeds in 1745 gekla oor die hoë kapitale uitgawe wat die aankoop van slawe meegebring het. Daar moet aanvaar word dat die

---

[124] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 87.

[125] A.J. Böeseken, Die Nederlandse kommissarisse ..., p. 68.

[126] V. de Kock, *Those in bondage...*, pp. 74, 75

[127] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks at the Cape 1658-1700*, p. 123.

[128] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks...*, p. 73.

[129] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse...", p. 68.

duur en uiters bruikbare slawe van Madagaskar nog goedkoper was as slawe uit die ooste wat baie verder vervoer moes word. Met die verbod op die invoer van Oosterse slawe is Buginese slawe wat berug was vir hulle wreedheid, en oor wie in hoofstuk vyf meer gesê word, gerieflik uit die land geweer.

Wanneer die lae lone van Kompanjies-amptenare in ag geneem word, is dit duidelik dat slegs hoër amptenare en redelik vermoënde burgers slawe kon besit.[130] Die koste om 'n slaaf aan te hou, het verder gestrek as die aankoopprys. Voeding en kleding was groot uitgawe-items veral as slawe oud geword het by hul eienaar/s wat hulle steeds moes onderhou al kon hulle nie meer met werk kompenseer nie.

In Jan van Riebeeck se tyd het verskeie vryburgers blanke knegte in diens geneem vir huis- en plaaswerk. Vanaf die begin van die 18e eeu het slawearbeid aansienlik toegeneem sodat daar teen die middel van die eeu min dorpsbewoners en inwoners van die omliggende gebiede was wat nie slawe in diens gehad het nie. Vir baie slawe was Tafelberg die plek van hulle daaglikse arbeid, want:

> *The regular employment of a large proportion of Cape slaves consisted of climbing the lower slopes of the mountain to collect the firewood needed for the cooking stoves, brick works and bakeries of Cape Town.*[131]

Verder het slawe water aangedra en op Sondae kussings en stoele by die kerk besorg. Vroueslawe het die huisvrou se pligte oorgeneem: koskook en bedien, huisskoonmaak, die konfoor en voetstofie met kole vir verwarming gereed kry en hulle vry uurtjies met naald- en borduurwerk spandeer. Slavinne uit Bengale of van die Koromandel-kus, Surat en Macassar was besonder in aanvraag weens hulle kundige vermoë met naaldwerk. Seuns het as bodes opgetree, die werkgewer se kinders help oppas, vir die dame van die huis die lantern gedra wanneer sy saans op straat sou beweeg en selfs met 'n waaier van volstruisvere vlieë en lastige insekte by die ete weggehou.[132]

---

[130] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18e eeu uit von Dessin se briefboek en memoriaal", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 3, deel 1, p. 54.

[131] R.Ross, *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa*, p. 57.

[132] A.F. Hattersley, *An illustrated social history...*, p. 16; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 18; O.J. Mentzel, *A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, vol.2, pp. 125,126.

Dit was egter nie net in die huishoudings op die dorp dat slawe omtrent al die werk verrig het nie. In die landbou, en meer bepaald die akkerbou, was die slaaf net so 'n onmisbare werkkrag en een en ander oor hulle arbeid op die plase is hier van pas. Johannes Cruywagen, oor wie later uitvoerig geskryf word, se wingerdboerdery is 'n goeie voorbeeld. Teen 1735 het hy reeds oor 100 000 wingerdstokke op verskeie plase in die Tygerbergomgewing beskik en 60 slawe het die werk daar behartig. Daar was graaf- en spitwerk om die grond vir aanplantings voor te berei. Later volg byna voortdurende skoffelwerk, bemesting toediening en elke seisoen se snoeityd. Teen die tyd dat die druiwe begin ryp word, het swerms vinke en mossies gepla en die oes verniel. Om die voëlplaag te bestry, is slawe van swepe voorsien en met sweepgeklap het hulle die indringers verjaag. Wanneer die oes ingesamel moes word, was dit druiwe sny en druiwetrap in die trapbalies.[133] Die meeste wynboere het ook koring gesaai en vee, wat opgepas moes word, aangehou. Die slawe het gewoonlik onder toesig van knegte gestaan maar daar is gevalle bekend waar 'n betroubare slaaf as opsigter-"bestuurder" opgetree het en dit meer doeltreffend as menige lui kneg verrig het.[134] Slawearbeid was reeds aan die begin van die 18e eeu so 'n integrale deel van die sosiale en ekonomiese lewe van die Kaap dat nóg dorpenaar, nóg landbouers daarsonder kon klaarkom.

'n Gebruik wat vroeër in die Suid-Afrikaanse geskiedenis liefs verswyg is, was dat baie Kaapse babas deur slawevroue geborsvoed is.

> *It made it possible for the biological mother to ovulate sooner and have children at shorter intervals. Thus wet nurses and nannies shared the burden of the prodigious growth of the burgher population.*[135]

Hierdie gebruik het daartoe bygedra dat die slawebevolking self nie gegroei het nie, want om 'n kind te soog het die fertiliteit van die slawevrou belemmer. So 'n slavin het ook minder tyd gehad om aandag aan haar eie gesin te kon gee, as sy gelukkig was

---

[133] V. de Kock, *Those in bondage* ...., p. 70; J.I.J. van Rensburg, "Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu, 1652-1752", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 17, 1954, deel 2, pp. 32, 33.

[134] V. de Kock, *Those in bondage* ...., p. 70.

[135] H. Giliomee, *The Afrikaners*..., p. 49.

om deel van 'n slawegesin te wees. Dit is te verstane dat daar 'n redelike intieme verhouding tussen 'n soogvrou en die kinders wat sy gevoed en hulle familielede ontstaan het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat sy die besondere naam *minnemoer* verwerf het. Daarom ook dat van hierdie soogvroue geredelik maklik in vryheid gestel is.[136]

Die Cruywagens as slawe-eienaars

Jan Meijndert Cruywagen het op 19 Mei 1693 'n agttienjarige slaaf, Claas van Bengale, vir rds.70 by die eerste stuurman van die *Brekel* gekoop. In Desember van dieselfde jaar koop hy ook vir Margarita van Madagaskar en haar baba-dogter vir rds.78.[137] Indien Jan toe nog 'n kompanjiesamptenaar was, sou hy met die salaris wat hy verdien het beslis nie instaat gewees het om 'n enkele slaaf te kon koop nie. Hy moes teen 1693 al 'n goeie inkomste uit sy herberg- en taphuisaktiwiteite verdien het soos sy verdere aankoop van slawe getuig. Jan en sy seun Meendert het gedurende 1694, 1697, 1698 en 1699 nog etlike transaksies beklink. In al die verhandelinge saam is tien slawe gekoop en vyf verkoop.[138] Besonderhede van die transaksies bring geen belangrike inligting na vore nie en word daar gelaat. Interessant is egter die lande van herkoms van die slawe, hoofsaaklik die Nederlandse Oos-Indiese handelsryk en dat indiwidue, hoofsaaklik seeliede van verskillende range, die slawehandelaars was wat met retoervlote hulle menslike handelsware na die Kaap gebring het.


Inligting oor transaksies na 1700 is nie geredelik beskikbaar nie. Die handel het egter toegeneem omdat die geringe aanwas onder die slawe nie in die vraag na dwangarbeiders voorsien het nie. Dat die Cruywagens hulle slawebesit gedurende die loop van die 18e eeu uitgebrei het, blyk uit inligting in die Opgaafrolle wat later aandag sal kry. Aangesien die stamvader en sy seun beide die naam Jan Meijndert

---

[136] H. Giliomee, *The Afrikaners*..., p. 49.

[137] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., pp. 163, 164. Nota: Die riksdaalder (rds.) was saam met die gulde die mees gebruikte munt aan die Kaap. Dit het naastenby die waarde van 2,5 tot 3 gulde gehad.

[138] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., pp. 164, 165, 176, 185, 186, 189.



Die Kaapse volksplanting na vyftig jaar. (*Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika.*)

gedra het, is dit dikwels moeilik om te onderskei wie van die twee by transaksies betrokke was. Daar word by die aankoop van slawe tot 1700 in party gevalle na *Jan Meijnderts* en in twee transaksies spesifiek na slegs *Meijndertsz* (Meendert) verwys. Dit sou gerade wees om by die spesifieke naamaanduidings te hou en as in 'n geval of twee *Jan Meijnderts* wel betrekking het op Meendert, sal dit nie 'n groot vergryp wees nie omdat dit slegs 'n verwarring tussen vader en seun is en nie ook ander familielede

betrek nie. Indien daar volgens die voorgaande aanname gehandel word, was daar twee kooptransaksies waarby Meendert voor 1700 betrokke was. Die eerste slaaf wat hy aangeskaf het, was Francis van Cochin (23-24 jaar) wat hy op 9 April 1694 vir rds.80 bekom het.[139] Daarna het hy die eienaar geword van Trijntje, 'n agtjarige slawedogter van Madagaskar wat hy op 11 Maart 1697 van die chirurgyn van die skip *De Soldaat* vir rds.40 aangekoop het.[140] In 1709, toe Trijntje om en by 21 jaar oud was, het Meendert haar van die hand gesit en het sy die eiendom geword van Elizabeth Menssink. Elizabeth was vervreem van haar man Willem Menssink, die voorste brouer aan die Kaap.[141] Elizabeth Lingelbach, om haar op haar nooiensvan te noem, het haar eie huishouding gehad terwyl Willem en sy ma in 'n ander huis in die Kaapse Vlek gewoon het.[142] Willem Menssink was die seun van Rutgert Menssink wat in 1695 deur die kompanjie as brouer na die Kaap gestuur is. Die brouery is by Papenboom (vlak by die huidige Nuweland-rugbystadion) gevestig waar die eerste bier in 1697 uit die brouketels gevloei het.[143] Rutgert is tussen April en Augustus 1700 oorlede en sy weduwee, Gerbrecht, en Willem het die bedryf voortgesit.[144]

Die verhaal van Trijntje en Elizabeth word daar gelaat, behalwe om te sê dat die verhouding wat tussen Trijntje en Willem Menssink ontwikkel het 'n vreemde verloop gehad het. Die uitkoms daarvan word gepas soos volg deur Nigel Penn beskrywe:

> *For the next four years, Willem Menssink was bound by an emotion so powerful that he would eventually disgrace himself, ruin his fortunes, and cause the death of the woman he loved. Trijntje of Madagascar had become brewer Menssink's fatal passion.*[145]

Willem Menssink en sy ma sal egter nog in wat verder volg, meepraat.

---

[139] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., p. 165.

[140] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., p. 176.

[141] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 5, Raad van Justisie, 24 November 1713, p. 97.

[142] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, pp. 9, 10.

[143] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 10, 13.

[144] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 15.

[145] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 10, Die Hoofstuk, "The fatal passion of brewer Menssink – sex, beer and politics in a Cape family, 1694-1722", gee 'n insiggewende blik op verskeie aspekte van die toentertydse Kaapse samelewing.

Dit is 'n interessante verhaal veral omdat dit 'n kykie gee op aspekte van die Kaapse samelewing en die realiteite van die vroeë koloniale geskiedenis – onder andere die gewelddadigheid wat geheers het. Dit skets die omstandighede pas ná die Cruywagens se aankoms aan die Kaap.

> *Ordinary men and women would have been fortunate to avoid becoming either a victim or a perpetrator of this violence. It is violence that links the marginal people of these pages together and it is violence that makes them our contemporaries.*[146]

Later word aandag gegee aan Meendert en sy seun Johannes, as plaaseienaars en die groot getal slawe wat gebruik is.

Nog slawe-aangeleenthede

Die versorging van die kompanjie se slawe is aan die begin van die 18e eeu nog hanteer volgens die instruksies van kommissaris Van Rheede. Daar is voortdurend veranderinge en aanpassinge gemaak aan die voorskrifte ten opsigte van behuising, kleding, voedsel en strawwe wat slawe-eienaars aan hulle onderhorige dienaars kon toedeel. Hoewel strawwe vir selfs geringe oortredings uiters onmenslik was,[147] is Kaapse slawe oor die algemeen goed behandel. Selfs kritiese vreemdelinge het hulle redelik gunstig oor die behandeling van slawe aan die Kaap uitgelaat soos onder andere blyk uit wat John White, 'n Engelse arts, in 1787 geskrywe het:

> *However severe and cruel the Dutch may be considered in other respects, they currently treat their slaves with great humanity and kindness: which I am sorry to say I scarcely ever saw done in the West Indies, during a residence there of three years.*[148]

Daar was gedurende die jare tagtig van die 18e eeu 'n vereniging wat slawekinders opgekoop het met die oog of vrylating. Hierdie kinders het gewoonlik by hulle ouers aangebly en is vir 'n verdienste uitgehuur aan simpatieke werkgewers. Wanneer dit by verkopings bekend was dat bepaalde slawekinders spesifiek vir vrystelling deur die

---

[146] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 7.

[147] A.M.W. Spilhaus, *The first South Africans and the laws which governed them,* pp. 129, 130; R. Ross, *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa,* p. 36.

[148] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", voetnoot 44, p. 65.

vereniging gekoop gaan word, is daar nie eintlik op hulle gebie nie en het die vereniging min betaal om hulle te bekom. Ongelukkig was die fondse van die vereniging nie toereikend nie en kon deur hulle toedoen nie groot getalle slawe vryheid verkry nie.[149]

Die vrystelling van slawe het met die loop van tyd al meer voorgekom. Ongelukkig het van die vrygesteldes spoedig hulpbehoewend geword en moes by die diakonie om steun gaan vra.[150] Daar kan aanvaar word dat die vrygelatenes in hierdie geval dikwels afgeleefde en onbruikbare slawe was. Kommissaris Simons het in 1708 bepaal dat 'n burger of amptenaar wat slawe in vryheid wou stel, borg moes staan sodat die vrygestelde slawe nie binne tien jaar *tot die bedelstaf sou geraak nie.* Later is die tydperk verleng tot 20 jaar.[151] In 1771 het die Politieke Raad benewens die borgstelling ook nog f50 vir elke vasgestelde slaaf geëis. Kompanjieslawe is gedurende die 18e eeu ook dikwels vrygelaat.

'n Interessante vrystellingsreël was dat indien Kaapse inwoners slawe meegeneem het na Nederland, sodanige slawe daar as vry mense beskou is en by hulle moontlike terugkoms na die Kaap of Oos-Indië, nie meer as slawe behandel of verkoop mag word nie.[152] Die rede vir dié bepaling was dat daar in Nederland geen slawemark was nie en slawerny nie in Nederland bedryf is nie.

Catharina Heufke, Meendert Cruywagen se dogter, het om en by 1761 na Nederland verhuis. Sy was vergesel van *a female slave, named Flora of Malabar, and a little slave, by the name 'Voorsigtigheid' of the Cape – 5 years old.*[153] Daar kan aanvaar word dat die twee slawe hulle vryheid gekry het met hulle aankoms in Nederland 'n *gunst sij met alhier te komen verkregen hebben.*[154] Die moontlikheid is natuurlik

---

[149] H.D. van Broekhuizen, *Die wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke in Suid-Afrika 1652-1804.* p. 119.

[150] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse...", 63; M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap onder die kompanjie", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 6, pp. 61, 64.

[151] A.J. Böeseken, "Nederlandse kommissarisse ...", p. 63.

[152] A.J. Böeseken, "Nederlandse kommissarisse ...", p. 64

[153] H.C.V. Leibbrandt, Requesten, vol. 1, p. 261.

[154] A.J. Böeseken, "Nederlandse kommissarisse ...", p. 64.

groot dat hulle onder omstandighede wat vir hulle totaal vreemd was, in Catharina se diens en onder haar voortgesette sorg gebly het.

Ná 1685 is slawe wat blanke vaders gehad het outomaties vrygestel by bereiking van die jare van onderskeiding ("age of discretion") dit wil sê die ouderdom waarop persone met verantwoordelikheid vir hulself kon oordeel. Vir mans was dié ouderdom 25 jaar en vir vrouens 22 jaar. 'n Vanselfsprekende voorwaarde vir vrystelling was die vermoë om Nederlands te praat en te verstaan en om belydenis te doen van die Christelike geloof en om lid van die kerk te wees.[155]

Slawe wat aan die Kaap gebore is en die ouderdom van 40 jaar bereik het, moes toegelaat word om hulle vryheid te koop. Slawe van elders moes dieselfde voorreg geniet ná 30 jaar getroue diens. Hierdie regulasies het nie vir vryburgereienaars wat duur vir hulle slawe betaal het, gegeld nie. Die vrystellingsgedagte het egter deurgesuur na alle lae van die bevolking. Die beweegrede agter dié voorsiening wat deur kommissaris Adriaan van Rheede in 1685 ingestel is, was dat geen mens moes leef sonder die hoop om vry te word nie.[156] Slawe wat op dié wyse hulle vryheid bekom het, was bekend as vryswartes en daar is wat hulle status en regte betref nie gediskrimineer nie en van hulle het later self slawe besit. *Most of the Free Blacks who owned slaves and employed labourers, black or white, were landowners.*[157] Böeseken maak die betekenisvolle opmerking dat dit nie bekend is hoe die vryswartes, wat van die voorvaders is van vandag se bruinbevolking, gelewe en ontwikkel het nie. Daarbenewens is dit ook nie bekend hoe en wanneer hulle die regte wat hulle as vryliede onder die VOC geniet het, verloor het nie.[158]

Aan die Kaap was daar baie werk vir ambagslui en veral kundige wabouers en wielmakers, ystersmede en timmermanne was altyd in aanvraag. Dit was ook die geval met klipkappers, messelaars en rietdekkers soos wat meer huise gebou is. Daar was egter 'n voortdurende tekort aan geskoolde ambagsmanne en daarom is slawe,

---

[155] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., pp. 80, 81.

[156] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., p. 82.

[157] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., p. 88.

[158] A.J. Böeseken, *Slaves and free blacks* ..., p. 97.

veral seuns, aangemoedig om leerjongens in verskillende ambagte te word. Veral Maleise slawe was baie aanpasbaar, veelsydig en goed onderleg in bou- en houtwerk, visvang en voedselvoorbereiding. 'n Gestadigde afname in ambagsvaardighede by vryburgers word gewyt aan die feit dat dié vaardighede deur slawe bemeester en oorgeneem is. Was dit nie vir die beperkinge op vervaardiging wat deur die kompanjie se monopolistiese beleid meegebring is nie, kon die Kaap met roustowwe soos velle en wol, en die sluimerende vaardighede van die slawe, in 'n belangrike vervaardigingsentrum ontwikkel het.[159]

Soos Europese volkselemente aan die Kaap 'n proses van kultuurontwikkeling op die nuwe bodem deurgemaak het, is die slawe ook geraak deur 'n proses van kultuurontwikkeling en verandering. In sekere lande waar slawerny beoefen is, het 'n slawe-subkultuur ontwikkel en hierin het onvry mense iets van 'n eie identiteit, 'n meer bekende tuiste en 'n gevoel van geborgenheid gevind, soos in die Verenigde State van Amerika. Aan die Kaap het so 'n subkultuur nooit ontwikkel nie. Slawe het in die Kaap aangekom as indiwidue en nie in skeepsvragte mense met gemeenskaplike bande nie. Al gemeenskaplikheid was hulle onvry en gebonde toestand. Hierdie enkelinge is van hulle kultuurwortels in Afrika en Nederlandse gebiede in die Ooste weggeruk en nuwe lewensinhoude en -patrone moes op Suid-Afrikaanse bodem gevind word. Terwyl daar geen slawekultuur bestaan het waarmee horisontaal geskakel kon word nie, was die enigste uitweg vertikale skakeling met die dominante Suid-Afrikaans-Europese kultuur soos dit in veranderende vorm reeds besig was om beslag te kry. Slawe aan die Kaap was nie daartoe instaat om nuwe aankomelinge tuis te laat voel in 'n kultuuromgewing wat hulle self geskep het nie. Hulle was nie veel meer as 'n heterogene groep onvry indiwidue uit verskillende agtergronde nie.[160] Die afwesigheid van betekenisvolle familiebande en 'n geordende gesinslewe het verhoed dat 'n kweekbodem vir 'n subkultuur, wat binne die gesin vasgelê is en deur gesinslede voortgedra kon word, beslag gekry het. Slawemans het die vroue in getalle ver oortref en min mans het vroue in eie geledere gekry. Daar was gevalle waar slawemans met Khoi-Khoin-vroue getrou het maar van hierdie verbintenisse het

---

[159] A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa,* p. 16.

[160] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 13,17.

dikwels tot jaloesie-moorde en verwante dade gelei.[161] Die skewe getalleverhouding en die lae vrugbaarheidsyfer het meegebring dat die slawebevolking beswaarlik deur eie aanwas gegroei het. Die afwesigheid aan kontinuïteit in bloedverwantskap het veroorsaak dat waardes wat moontlik deur een geslag ontwikkel is nie deur hulle seuns en dogters voortgedra en versterk kon word nie. Voor Islam as geloof teen die einde van die 18e eeu enige betekenisvolle invloed begin uitoefen het, was daar geen organisasie of broederskap wat nuwe aankomelinge in 'n eie kultuurtuiste kon verwelkom en êrens ingeskakel het nie.[162]

Hoewel die slawe die kultuur van hulle meesters begin aanneem en daarin opgegaan het, was dié ontwikkeling nooit volledig nie. Boonop is hulle nie as deel van die blanke kultuurgroep gereken nie. Daar het wel, wat genoem kan word, 'n algemene Kreoolse kultuur, of vermengde Nederlands-Oos-Indiese kultuur, in die strate van Kaapstad en op die plase in die Boland ontstaan – veral in die laaste jare voor die afskaffing van slawerny.

Die VOC met sy winsgedrewe en monopolistiese handelspraktyke kan maklik van 'n suiwer materialistiese ingesteldheid, waarin daar geen plek vir hoër geestelike waardes en kulturele uitinge plek was nie, verdink word. Daar is reeds op gewys dat die kompanjie byvoorbeeld in sy handelsywer nie die belange van die godsdiens en die Christelike kerk verontagsaam het nie. 'n Ander voorbeeld van die teendeel, dat die materialistiese ingesteldheid nie alles oorheers het nie, geld die gebruik van die Nederlandse taal. Daar is met die invoer van slawe uit die Ooste die vrees uitgespreek dat saam met die dwangarbeiders ook Portugees

> *of tenminste het Portugeesch-Maleische mengeltaaltje waarin de ontwortelde slaven elkaar het best verstond,*

na die Kaap gebring sou word.[163] Hier word eintlik verwys na Kreools-Portugees (in Suid-Afrika meer bekend as Maleis-Portugees) 'n mengeltaal wat reeds van die 15e eeu in die Portugese handelsgebiede aan die weskus van Afrika ontstaan het. Vandaar

---

[161] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 16.

[162] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 16.

[163] P. Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, deel 2, p. 456.

het dit oor die invloedsfeer van die Europese moondhede versprei en as wêreldwye kommunikasiemiddel gedien.[164]

Dit het nie by alarmistiese vrese gebly nie maar daar is daadwerklik opgetree om die insypeling van 'n vreemde taal – en wel dié van 'n onwelkome handelskonkurrent – aan die Kaap af te weer. Kommissaris Ryklof van Goens het Jan van Riebeeck tydens sy besoek in 1657 gewaarsku en eintlik opdrag gegee om *geen Portugeesche taal hier in te voeren* en Van Riebeeck sal *geen taal als ons moedertaal tegens de slaven gebruiken.*[165] Dat die taalgebruik met slawe soveel aandag gekry het, mag vreemd voorkom. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar by leidende figure in Nederland kommer begin ontstaan het oor die verswakking van die nasionale gevoel en trots, twee van die groot dryfkragte agter die sukses wat die Nederlanders met hulle handel en kolonisasie behaal en hulle 'n Goue Eeu laat beleef het. Die totale aftakeling van die Portugese ryk in die Ooste was vir Nederland 'n primêre oogmerk maar op plekke was die Portugese invloed nog sterk. In Cochin, aan die Malabar-kus van Indië wat in 1663 van die Portugese verower is en tot 1795 in Nederlandse hande was, was dit nodig om vir etlike generasies nog in Portugees te preek.[166] Die teësin teen die voortplanting van die Portugese taal aan die Kaap is te begryp. Voorts moet onthou word dat die Hollands wat aan die Kaap gepraat was weens 'n hele aantal faktore – waaronder taalvermenging en ander taalversteurings – reeds aan die begin van die 18e eeu nie meer suiwer was nie en stadigaan op pad was om Afrikaans te word.[167]

---

[164] K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., p. 40.

[165] P. Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, deel 2, p. 457.

[166] P. Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, deel 2, pp. 636, 639.

[167] J.C. Steyn, *Tuiste in eie taal* ..., pp. 101-123.

HOOFSTUK 3

DIE CRUYWAGENS VIND 'n NUWE VADERLAND

Die Kaap word vaderland

In 1685 het Simon van der Stel op 'n ekspedisie noordwaarts in die rigting van die huidige Namakwaland gegaan. Baie inligting oor dié gebied is ingesamel maar die betekenisvolste uitkoms van dié tog het op 'n ander vlak gelê:

> *Hy het begin voel soos baie van die amptenare en vryburgers aan die Kaap reeds gevoel het, dat hulle nêrens anders wou woon nie as aan hierdie suidpunt van Afrika, wat besig was om 'n plek in hul hart te verower en die geboorteland van hulle kinders te word.*[1]

Vir die eerste keer het 'n Kaapse bevelhebber van die Kaap sy nuwe vaderland gemaak en getrag om by die burgers dieselfde liefde vir hulle nuwe tuiste te ontwikkel.[2] Jan van Riebeeck se verwagting dat koloniste hulle van Holland sou *afwennen en de eenemaal van dese plaetse haer vaderlant mogen maecken,* is bewaarheid.[3]

Die stryd om bestaan in 'n nuwe land met baie probleme en ontberings het hoë fisiese en sielkundige eise gestel aan hulle wat dit gewaag het om hulle hier te vestig. Daar was baie wat uitgesak het, maar aan die ander kant het die moeilike pioniersomstandighede as natuurlike siftingsproses gedien wat verseker het dat net die sterkste mensemateriaal behoue gebly het om met die nuwe bodem as vaderland, die kern van 'n toekomstige volk te vorm.[4]

Dit tref dat die toename van die bevolking gedurende die dekade na 1690 nie aan immigrasie te danke was nie, maar aan 'n stygende geboortesyfer onder die Kaapse bevolking. Die groei in die bevolking het daartoe bygedra dat die kolonie ook 'n

---

[1] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 58.

[2] J.E. Lourens, Immigrasie aan die Kaap..., p. 93.

[3] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 52.

[4] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707,* p. 203.

redelike bloeiperiode beleef het. Die vooruitsig dat dit so kon voortduur, was bemoedigend want nouliks het een Sondag verbygegaan

> *sonder dat hier of aan Stellenbosch jonge kinderen gedoopt of dat jonge luyden in den egten staat bevestigd worden.*[5]

Aan die einde van Simon van der Stel se bestuur in 1699, *het die bevolking 402 mans, 224 vroue en 521 kinders getel.*[6] Die tendens het voortgeduur en deur hoofsaaklik natuurlike aanwas het die burgerbevolking van 1 308 in 1700 tot 1 669 in 1706 vermeerder.[7] Soos sal blyk, het die Cruywagens hiertoe 'n beskeie bydrae gemaak.

Die historikus, Theal, gee miskien 'n te rooskleurige beskrywing van die Kaapse nedersetting om en by die tyd dat die Cruywagens hier kom vestig het maar dit is beslis 'n aanduiding van gunstiger omstandighede wat weens Van der Stel se ondernemingsgees aan die ontwikkel was.

> *We leave it in 1691 in fairly prosperous circumstances, with no one accumulating great wealth, but on the other hand with no one wanting food. According to the testimony not only of official documents, but of the writings of travellers of various nationalities, English, French, German, Danish and Dutch, the little colony was a settlement in which life could be passed as comfortably and happily as anywhere in the world.*[8]

Die ontwakende gevoel van patriotisme wat Simon van der Stel en baie lede van die Kaapse burgery begin openbaar het, moes 'n positiewe invloed op Jan Cruywagen en sy seun, Meendert, gehad het. Hulle moes die tydgees aangevoel en die goeie vooruitsigte wat die opkomende Kaapse ekonomie kon bied, reg beoordeel het.

Daar moet in gedagte gehou word dat die Kaapse nedersetting met die aankoms van die Cruywagens heel klein was. Die Tafelvallei – in die ou bronne genoem *de Caabse vlek* en in Engelse geskrifte *Table Valley* – was die dorp geleë tussen Tafelberg en die see, rondom die fort en later die kasteel. Aanvanklik was die Kaapse distrik identies

---

[5] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 12 Verbatimkopieë, Sondag 19 Maart 1690, p. 397.

[6] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 44.

[7] J.E. Lourens, Immigrasie ..., p. 135.

[8] G.M. Theal, Chronicles of Cape commanders, or an abstract of original manuscripts in the archives of the Cape Colony dating from 1651 – 1691, p. 307.

aan die nedersetting, maar ná 1682 was dit nie meer die geval nie.[9] In die 18e eeu het *De Kaap* verwys na 'n gebied 'n dagreis vanaf Kaapstad.[10]

Kerklike sake, onderwys en armsorg

Daar is reeds op gewys dat pioniersomstandighede hoë fisiese en geestelike eise gestel het aan elkeen wat in baanbrekersituasies ingedwing is, of daarin beland het. Wanneer oorlewing die vernaamste bestaansmotief geword het, is daar nie gehou by erkende konvensies en geldende gedragspatrone nie. Die gevaar het bestaan dat verwildering en selfs ontmensliking kon intree as daar nie remmende beskawingsfaktore en sterk innerlike oortuiginge by baanbrekers teenwoordig was nie. In die Kaapse samelewing was daar selfs na 'n paar geslagte, nog baie omwentelings-agente wat fisiese en geestelike druk uitgeoefen het. Gelukkig was daar ook in die verre Kaapse uithoek invloede wat verval en verwildering teëgewerk het en behoudend op die gees van die koloniste ingewerk het. Een so 'n invloed was die kerk en godsdiens. In verband met die kerk aan die Kaap word die naam "Gereformeerd" aanvanklik gebruik. Aan die einde van die 18e eeu het die naam "Hervormd" ook sy intrede gemaak en word "Gereformeerd" en "Hervormd" deurmekaar gebruik.[11]

Die primêre doelstellinge van die VOC was kommersieel en het berus op die leuse, *Eerst de Commercie, dan de Religie.* Dit spreek byna vanself dat hierdie handelsmaatskappy nie in die eerste plek 'n kerklik-godsdienstige oogmerk met sy verversingsposte sou gehad het nie.

> *Dit was egter kenmerkend van die Goue Eeu in Nederland dat 'n handelsmaatskappy dit sonder verpligting van kerk of staat as deel van sy taak gesien het 'niet sleghts te koloniseren maar ook te evangeliseren'.*[12]

---

[9] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes...*, p. 3

[10] N. Penn, *Northern Cape frontier zone,* footnote 2, p. 49.

[11] G.D. Scholtz, "Ons Kerk die oudste en oorspronklike Kerk", of "Die naam van ons Kerk", J.N. Geldenhuys, (Hoofkompilator), *Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke,* 1652 Van Riebeeck – feesuitgawe, pp. 170-175.

[12] P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika ...*, p. 68.

Daarom het die VOC in sy handelsywer die belange van die "*Kercke Christi*" nie vergeet nie en is volksplanting en kerkplanting bloot as twee kante van dieselfde onderneming gesien.[13] In al die lande waar die VOC sy gesag gevestig het, het die kompanjie die behartiging van die sekulêre sowel as die geestelike belange van sy onderhoriges as deel van sy taak aanvaar. So is daar byvoorbeeld in die minder as 200 jaar van die kompanjie se bestaan ongeveer 9 000 predikante en nog baie meer sieketroosters op eie rekening na sy kolonies gestuur.

Die State-Generaal, dit wil sê die Nederlandse regering, het in 1622 in die tweede oktrooi wat aan die VOC verleen is, bepaal dat die maatskappy ondanks sy vooropgesette handelsbelange ook moes sorg ... *ommete conserveren het publijeke gelooff.*[14] Dit het prakties niks anders beteken nie as die stigting en bevordering van die Gereformeerde Kerk in daardie geweste waar mettertyd permanente Hollandse nedersettings sou ontstaan.

Die nedersetting aan die Kaap is staatkundig en kerklik as ondergeskik aan die Hoë Regering van Batavia beskou. Weens sy geografiese ligging was kommunikasie met Batavia gebrekkig en het die Here XVII meer direk toesig oor Kaapse aangeleenthede gehou as waartoe die Hoë Regering in Batavia in staat was. Daarom is die Kaapse kerk ondergeskik aan die klassis van Amsterdam gestel.[15] Die taak en roeping van predikante is deur die *Klassikale Akte* en die *Instruksies* van die bewindhebbers vir dienaars van die kompanjie bepaal. Hieruit blyk die onderhorige posisie wat die kerk teenoor die staat ingeneem het en dat leraars steeds as predikante van die kerk in Nederland beskou is.[16] Die Kompanjie was ook vir die vergoeding van predikante verantwoordelik. Uit die staanspoor is die openbare godsdiens by wyse van resolusies en instruksies deur die Politieke Raad gereël en is voorskrifte uit Batavia outomaties hier toegepas.

---

[13] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, pp. 3, 4.

[14] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, p. 4.

[15] B. Booyens, "Kerk en staat", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p. 13.

[16] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, p. 24.

Die eerste kerkdienste is in die fort en later in die kasteel gehou. Dit was dan ook in die kasteel dat Jan Cruywagen, as amptenaar van die kompanjie, verplig was om kerkdienste by te woon. Sy vrou en seun het seker die huisheer se voorbeeld gevolg. Mettertyd het kerk- en begraafruimte hier baie beperk geraak.

> *It was therefore necessary to select a site for a new church. It was resolved to take a portion of the lower end of the great garden for this purpose ... A plot of ground sufficiently large for a cemetery was enclosed with a strong wall, and on the 9th of April 1678 the foundation stone of the new church was laid in the centre of it.... The church was not completed until December 1703, but the ground was used as a cemetery.*[17]

Dit is moontlik ook hier waar die eerste Cruywagens by afsterwe te ruste gelê is, soos later sal blyk.

Benewens regeringsvoorskrifte ten opsigte van kerk en godsdienssake was dit eintlik gewone oortuigde gelowiges, lidmate van die Gereformeerde Kerk in Nederland, wat die kerk met hulle saamgebring het. Onder die klein bevolking van sowat honderd kompanjiesamptenare wat die aanvullingstasie in 1652 begin het, was daar sulke gelowige "kerkstigters".[18]

Waar die bevolkingsgetalle op handels- en verversingsposte nie die plasing van 'n voltydse leraar geregverdig het nie, is daar van die goedkoper en kerklik erkende hulpdienste van sieketroosters gebruik gemaak. Met sy vaste bevolking kleiner as dié van 'n gewone skip van die kompanjie se handelsvloot, kon die Kaapse nedersetting beswaarlik gedurende die eerste dertien jaar van sy bestaan op iets anders as so 'n krankebesoeker aanspraak maak.[19] Aangesien die sieketroosters nie geordende predikante was nie kon hulle nie die bondseëls – die nagmaal en die doop as sakramente – aan die vroeë Kaapse koloniste bedien nie. Vir hierdie voorreg moes die koloniste wag vir predikante wat die Kaap aangedoen het op uit- en tuisvarende

---

[17] G.M. Theal, Chronicles of the Cape commanders. p. 209; sien ook H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal: geskiedenis van die gemeente Kaapstad*, pp. 48, 51.

[18] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 4.

[19] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 14.

skepe van die kompanjie.[20] Voor die koms van die eerste gevestigde predikant, ds. J. van Arckel, in 1665 het 41 leraars aan die Kaap gepreek of hier aangedoen.[21]

Die owerheid het streng bepalings ten opsigte van die bywoning van kerkdienste gehad.

> *Niemand magh uitblyven, van wat gevoelen dat se ook souden mogen syn, sonder consent ofte straffe.*[22]

Amptenare in diens van die kompanjie was verplig om kerkdienste by te woon of hulle vas te loop teen strawwe wat neergelê is vir kerkdiensontduikers.

> *Vir 'n eerste oortreding is agt dae se wynrantsoen verbeur; vir 'n tweede 'n maand se soldy daarenbowe; op 'n derde versuim kon 'n jaar se arbeid in die ketting aan die openbare werke sonder loon volg.*[23]

Persone van ander geloofsoortuiginge as die Gereformeerde belydenis, was dwarsdeur die beginjare verplig om hulle godsdiens binne die amptelike kerk te beoefen of lidmaatskap daarvan te aanvaar.[24]

Dit was eie aan die Gereformeerde godsdiens om besondere aandag aan die opvoeding van die jeug te gee, beide wat geestelike sorg sowel as skoolonderrig betref. Artikel 21 van die Dordtse kerkorde het duidelik bepaal dat kerkrade moes toesien dat daar goeie onderwysers beskikbaar was wat kinders nie alleen moes leer lees en skrywe nie maar hulle ook in die godsaligheid en die kategismus moes onderrig.[25]

Die onderwys het aanvanklik nie genoegsame aanmoediging gekry nie en meer as 'n dekade het verloop voordat kinders in 1663 die voorreg van skoolonderrig sou smaak. Die onderwyser van die eerste skooltjie was sieketrooster Ernestus Back. Na hom het

---

[20] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, p. 23; H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal ...*, p. 16.

[21] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal ...*, p. 14.

[22] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal ...*, p. 15.

[23] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal ...*, p. 15.

[24] G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes ...*, p. 139.

[25] J.P. Claasen, *Die sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866*, p. 148.

nog verskeie sieketroosters gevolg. Hulle was die manne wat in die godsdienstige behoeftes van die eerste pioniers voorsien het, en wat gesorg het dat die openbare onderrig van die jeug nie afgeskeep is nie.[26] Toe die nedersetting na die aangrensende binneland uitgebrei het, was dáár ook behoefte aan onderwys en weer was dit die sieketroosters wat die grondleggers in hierdie streke was.[27]

Teen die begin van die agtiende eeu was daar reeds 'n hele aantal openbare ... sowel as privaatskole ... aan die Kaap.[28] Selfs van die jonger kinders het die voorreg gehad om skoolonderrig te ontvang. Op 6 Junie 1690 is die weduwee Aagje Keysers se versoek om *een school tot onderwysing van kleine kinders benede seven jare oud*, op te rig, toegestaan.[29] In afwesigheid van 'n beheerinstansie en algemeen-geldende onderwyswet was die kontrole meestal in die hande van die kerkrade. Goewerneur Mauritz Pasques de Chavonnes het in Augustus 1714 sy skoolordinansie uitgevaardig, 'n reëling wat orde, toesig en beheer in onderwyssake gebring het.[30] Dit was die onderwysomstandighede waarin Cruywagen-kinders 'n godsdienstige begronding gekry en gewone skoolonderrig ontvang het.

Benewens onderwys waarin die kerk 'n leidende rol gespeel het, het 'n ander ondersteuningsdiens, naamlik armsorg, vanaf 1665 die kerk se verantwoordelikheid geword. Die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, word kortliks behandel.

Toe die Kaap nog 'n amptenaarsvestiging was, was daar geen armlastiges in die nuwe nedersetting nie. Vanuit die Kaap is selfs geringe bystand aan die armes in die vaderland gegee toe 'n bedraggie van net meer as f30 in 1657 aan die klassis van Amsterdam gestuur is.[31] In 1657 is aan die eerste vryburgers grond toegeken en in daaropvolgende jare is 'n aansienlike aantal vrybriewe gegee aan nog

---

[26] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, pp. 57, 58.

[27] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, p. 58.

[28] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, p. 59

[29] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 12, Verbatimkopieë, , p. 442.

[30] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* ..., deel 1, p. 59.

[31] M.M Marais, "Armesorg aan die Kaap onder die kompanjie, 1652-1795", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jg. 6, 1943, p.1.*

kompanjiesdienaars wat hulle as vryliede wou vestig. Die meeste het hulle op die boerdery toegelê maar daar was ook onder hulle wat ander beroepe en ambagte beoefen het. Verarming het nie lank uitgebly nie en veral onder hulle wat gaan boer het, het treurige omstandighede geheers. Hulle het dikwels nouliks genoeg verdien om vrouens en kinders van kos en klere te voorsien.[32] Reeds van die aanvangsdae van die volksplanting het daar 'n

> *Diaconij – of Armefonds ontstaan wat algaande aangevul is met kollektes by die 'ordenarij praedickdagen' en legate,* [d.w.s. testamentêre bemakings], *asook met armbusse by die pastorieë, herberge, skepe en selfs 'taphuize' (kroeë)! Die fonds het dus reeds bestaan toe die gemeente van Kaapstad in 1665 met een ouderling en een diaken gestig is.*[33]

Die werksaamhede van owerheid en die kerk was so vervleg dat die diakonie die rol van die latere welsynsdepartemente én van kinderhowe vervul het.[34] Die kerk het ook nie lank op hom laat wag om sy aandag aan die versorging van armes te gee nie en algaande het die werkveld van die diakonie verbreed:

> *In 1687, bv. het die Politieke Raad die Kerk gelas om al die armes aan die Kaap, insluitende die weduwees en wese van afgestorwe Kompanjiesbeamptes, te versorg.*[35]

Armsorg is deur die kerk waargeneem onder die oppertoesig van die kompanjie. Aanvanklik het daar slegs een diaken op die kerkraad gedien, maar in 1699 was daar reeds twee en in 1719 het hulle getal tot vier gestyg.[36]

Aan die Kaap was daar geen georganiseerde welsynswerk voor 1788 nie. In daardie jaar het 'n aktiewe kring van werkers en werksters onder leiding van ds. Van Lier tot stand gekom wat later die naam *Bid-en-Werkvereniging* gekry het. Hulle het

---

[32] M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap ..., *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* pp. 1,2.

[33] J. Nieuwoudt, "Diakonie en diakonaat", G. Hofmeyr (hoofred.), *NG Kerk 350,* p. 36.

[34] J. Nieuwoudt, "Diakonie en diakonaat", G. Hofmeyr (hoofred.), *NG Kerk 350,* p. 36.

[35] M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap ..., *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 6, 1943, p. 5.

[36] M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap ..., *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 6, 1943, p. 5.

liefdadigheidswerk onder weeskinders en weduwees gedoen, hulle met die opvoeding bemoei en tyd afgestaan vir sendingwerk onder inboorlinge en slawe.[37]

Mentzel, amptenaar van die VOC en skrywer wat agt jaar aan die Kaap vertoef het, het soos volg geskrywe oor die kerkkollektes wat ingesamel en ten behoewe van die armes bestee is:

> *The collection plate brings in a considerable sum every year, and at communion the more wealthy burgers quietly slip whole piles of ducats under the napkins that cover the vessels. The Dutch contribute willingly and generously towards the support of the poor ...*[38]

Die Bybelwoord dat in hulpbetoning en barmhartigheid die linkerhand nie moet weet wat die regterhand doen nie, geld reeds van vroeg af, daarom sal dit nie bekend wees of welvarender Cruywagens ook aansienlike bedrae in die kollektebord of armbusse geplaas het nie. Wat wel bekend is, is dat Meendert Cruywagen en sy vrou Catharina in hulle testament 100 Kaapse gulde aan die diakonie te Drakenstein bemaak het.[39]

Vir groter duidelikheid moet daar nadruklik op gewys word dat die armoedstoestande onder Kaapse burgers nie oorvereenvoudig moet word deur dit aan 'n gebrek aan ondernemingsgees of aan werkskuheid toe te skryf nie. Soos in enige gemeenskap was daar aan die Kaap beslis ook die enkelinge wie se lewensingesteldheid en negatiewe houding teenoor produktiewe arbeid hulle permanent op die laagste ekonomiese bestaansvlakke gehou het. Verder moet in gedagte gehou word dat die landsgebied waar die verversingstasie en latere kolonie aangelê is, oor uiters geringe ekonomiese hulpbronne beskik het en dat die vestiging met 'n uiters beperkte doel begin is. Die hoofrede vir die toestand moet gesoek word in die streng monopolieë van die VOC en die allesoorheersende winsmotief. Skeepsverkeer was die lewensaar vir die Kaapse inwoners maar die verbod op wat en wanneer aan skepe gelewer mag word, was so dempend dat daar vir enige handel min beweegruimte was. Die agtiende

---

[37] C.J. Pretorius, *Die Afrikaanse vrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806*, pp. 242, 243.

[38] O.F. Mentzel, *Life at the Cape in the middle eighteenth century; being the biography of Rudolph Siegfried Alleman, captain of the military forces at the Cape of Good Hope*, Van Riebeeck-vereniging nr. 2, p. 155. Nota: Dukaton was 'n ou Nederlandse silwermunt ter waarde van ongeveer 3,15 gulde.

[39] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof, 15 Desember 1720, nr 3.

eeu is gekenmerk deur herhaalde oorloë tussen Engeland en Frankryk waaraan Nederland ook soms deelgeneem het. Skepe van oorlogvoerendes het Tafelbaai dikwels vir proviand aangedoen en met hierdie verhoogde aanvraag het die Kapenaars 'n geleentheid gehad om geld te maak. Tydperke van ekonomiese opbloei aan die Kaap het gereeld saamgeval met 'n oorlog in Europa.[40]

Hierdie siklus van tydelike ekonomiese voorspoed en 'n terugval in moeilike bestaansomstandighede vir baie koloniste, was 'n kenmerk van die Kaapse lewe tydens die regeertyd van die Kompanjie. Die lewe aan die Kaap het selfs in voorspoedsiklusse *nie net uit hoepelrokke, gepoeierde hare, kerslig en menuette bestaan nie.*[41]

Die waagstuk 'n sukses

Die Cruywagens se waagstuk om hulle aan die Kaap te kom vestig, geoordeel volgens bepaalde gebeure en omstandighede, het vir hulle sukses gebring. Volgens alle aanduidings het hulle betrokkenheid by die drank- en gastehuisbedryf 'n groot mate van finansiële selfstandigheid en voorspoed tot gevolg gehad. 'n Voorbeeld daarvan is dat hulle spoedig na hulle aankoms besonder bedrywig was in die vaste eiendomsmark van destyds. Die beskikbaarheid van grond was nie 'n groot probleem nie, veral vir diegene wat hulle aan die akkerbou wou waag. Die beskikbaarheid van geld was 'n groter struikelblok en vir amptenare van die Kompanjie met hulle karige vergoeding, was dit haas onmoontlik om vaste eiendom te bekom.

Vir Jan en sy seun Meendert, wat indien hy en sy eggenoot, Catharina, nie 'n eie losieshuis aangehou het nie, vir pa en ma in hulle ondernemings gehelp het, was finansies blykbaar nie so 'n groot hindernis nie. Reeds op 6 Oktober 1694 koop J.M. Cruywagen 'n erf van 0,017 morg in die Tafelvallei kontant van ene Jan Rubkins vir f200.[42] Omdat pa en seun dieselfde name gehad het, is dit uiters moeilik, indien nie

---

[40] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 91.

[41] K. Schoeman, *Dogter van Sion...*, p. 36.

[42] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book ...*, p. 18.

onmoontlik nie, om te onderskei wie by transaksies betrokke was. Ander inligting waarvan afleidings gemaak kan word, is in dié geval ook afwesig. Waar daar met die aankoop en verkoop van slawe gehandel is, is reeds op die onderskeidingsprobleem gewys. Stamvader, Jan, se presiese sterfdatum is ook nie bekend nie. Jan was in 1712 nog in die lewe, maar volgens Meendert en Catharina, sy vrou, se testament kan die afleiding gemaak word dat hy gedurende of voor 1720 oorlede is.[43] Met sekerheid kan wel gesê word dat Meendert vanaf 1720 in eie reg by transaksies opgetree het. Aangesien net twee persone, vader en seun, by die onderskeidingsprobleem betrokke is, is die probleem gelukkig nie groot nie. Hoofsaak is dat dit die lewenservaringe en –omstandighede van 'n pioniersgesin aan die Kaap toelig en hulle beskeie bydrae tot die ontwikkelende jong kolonie, soos dié van vergelykbare gesinne, in konteks plaas en toelig.

In totaal word daar tot 1728 met Meendert se dood op 69-jarige ouderdom, 16 transaksies beklink waarby 'n erf en woonhuise betrokke was. By van hierdie transaksies was Meendert na 1720 alleen betrokke. 'n Handige wins is met dié spekulasie in eiendomme gemaak. Vyf eiendomme wat teen 'n gesamentlike prys van f17 895 aangekoop is, is mettertyd vir f24 950 verkoop. Die wins kon groter gewees het as Meendert nie 'n eiendom wat hom f7 900 gekos het waarskynlik uit vaderlike goedhartigheid in 1728 vir f4 300 aan sy seun Johannes verkoop het nie.[44] Vanaf 1724 volg daar net verkooptransaksies. Pa Jan was reeds oorlede en Meendert het self oukant toe gestaan en wou seker die groot eiendomsportefeulje aansienlik afgeskaal het.

Die Cruywagens se belangstelling was egter nie tot dorpseiendomme in die Kaapse Vlek beperk nie. In 1703 word die eerste plaas, Maastricht, wat oor die kruin van die Tygerberg in die rigting van die huidige Durbanville geleë was, onder verband vir f1 500 aangekoop van Hendrik Seegers (in *The Deeds Book* word gepraat van

---

[43] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof 1721 – 1725, nr. 3.

[44] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book* ..., p. 136. Sien ook pp. 31 & 136; 58 & 81; 98 &136 en 108 & 117 vir die onderskeie koop- en verkooptransaksies.

Leegers).[45] Maastricht is in 1702 uitgegee[46] en aan H. Seegers toegeken.[47] Dit is interessant om daarop te let dat Maastricht vandag nog bekend is as 'n spog Bolandse wynplaas, heelwat groter as die oorspronklike, en tans in besit van mnr. J.B. Louw. Die aanname dat Meendert die naam Maastricht aan die plaas gegee het, sou nie verkeerd wees nie. Meendert se vrou Catharina, was van Maastricht in Nederland afkomstig[48] en deur die naamgewing wou Meendert seker erkenning aan sy lewensmaat se bydrae gee, haar vereer en haar Nederlandse herkoms bevestig. Oor Maastricht sal meer gesê word in die hoofstuk wat oor Meendert handel.

Die volgende plaasaankoop volg in 1705 en daarna tot in 1716 kom daar nog drie plase by. Van die plase wat aangekoop is, was nie lank in die Cruywagens se besit nie en volg daar etlike verkope. Soos die geval met die eiendomme in Kaapstad het die meeste plaasverkope vanaf 1721 tot 1726 geskied.[49] As die aankoop en verkooppryse van plase met mekaar vergelyk word, het hierdie transaksies ook goeie winste opgelewer. Die afstand doen van plaaseiendom het beslis ook te make gehad met Meendert se fisiese toestand wat, soos later sal blyk, hom toenemend gepla het. Van die plase is ook aan kinders en ander verwante verkoop.[50] Dit wil voorkom of Jan Cruywagen nie veel met die boerdery gemoeid was nie. In die opgaafrolle is niks van hom aangeteken nie terwyl van Meendert en die uitbreiding van sy bates in die landbou verskeie verwysings verskyn soos in 'n volgende hoofstuk verhaal sal word.

Die Jan Cruywagen – Olof Berg-dispuut

Terwyl Jan Cruywagen rustig besig was om 'n goeie verdienste in die gasvryheidsbedryf te maak en saam met sy seun, Meendert in dorps- en plaaseiendomme belê het, het hy in 'n dispuut waarvan hy nie die aanstigter was nie,

---

[45] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book* ..., p. 137.

[46] G.C. de Wet, Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, 1729 – 1734, p. 238.

[47] Genealogiese inligting en geslagsregister van die Louw-families waaraan verskeie ondersoekers meedoen en verkry van dr. Kobus Louw van Pretoria, p.55 van skrywer se kopie by die naam van Maria Johanna, a1; b1; c1; d4; e6; f5.

[48] N.G. Kerkargief, Kaapstad, G1 1/1, Huweliksregisters 1665-1695, p. 89.

[49] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book* ..., pp. 52, 58, 64, 71, 78, 97, 115, 126.

[50] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book* ..., pp. 64, 97, 115.

beland. Soos aangeteken in die Raad van Justisie se notule, het die bode, Jan Vermeulen, op 2 Augustus 1711, in opdrag van kaptein Olof Berg, bevelvoerder van die garnisoen, vir Jan aangesê om by die kwartiere van die burgerkrygsraad te rapporteer. As sersant in die burgermag het Jan dadelik gereaggeer en by die bestemde plek opgedaag. By sy aankoms het kaptein Berg hom *met grau gemoet en vol bitterheijt* uitgeskel as *een dief* (en) *schelm* wat sy (Berg) se kelder opgebreek en sy slawe tot aandadigheid verlei het.[51] Die *injurieuse* (krenkende of beledigende) woorde het Jan so verbysterd en verward gelaat dat hy nouliks 'n woord kon uiter. Hy het ook geen rede kon vind wat Berg beweeg het om hom in *sodanige treffelyke vergadering* op so 'n wyse te affronteer en te beledig nie.[52] Jan was van gevoel dat hy Berg nooit rede tot misnoeë gegee het nie. Inteendeel, hy het aan Berg die eer en respek bewys wat 'n burger aan sy offisiere verskuldig was. Nadat Jan enigermate tot verhaal gekom het, het hy met *alle nederigheijt* gesê dat hy maar net 'n soldaat was en nie teen sy owerhede in opstand sou kom nie maar nie sou nalaat om die nodige aksie te neem om hom te verweer nie. Dit was nodig want die bewerings en beledigings kon hom en *zijn nakomelinge in tijde en wijle tot reproche* [d.w.s. tot oneer of skande] *zoude moete strekke*.[53]

Jan het verder aangevoer dat hy reeds vir omtrent 19 jaar hier as vryburger gewoon het en dat niemand oor sy wellewendheid enige twyfel gehad het nie. Hy was dikwels houer van 'n perseel van die wynpag wat immers bewys het dat hy as 'n eerlike man bekend was. Jan het ook aangevoer dat hy 'n sersant in die burgermag was en dat hy nie so 'n posisie sou kon beklee het as hy as 'n skelm bekend was nie. Van die lede wat reeds vir baie jare saam met hom gedien het, kon getuig van sy handel en wandel. Almal wat hom geken het, was bewus van die feit dat hy nooit in die hande van die gereg was nie, nie vir enige misstap in ballingskap weggestuur was nie en dat geen kriminele aksie teen hom gevoer was nie.[54]

---

[51] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 297.

[52] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 298.

[53] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 298, 299.

[54] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 311-313.

Onder hierdie omstandighede het Jan hom genoodsaak gevoel om hom tot die goewerneur, Louis van Assenburg, en die Raad van Justisie te wend sodat hulle kon verklaar dat hy nie die soort man was *wat Berg hom heeft gelieven uijt te maken, en uijt te schildere nie*. As Berg in gebreke sou bly om die nodige regstellings te doen, moes die regsgesag hom *commandeerd* (om) *de lasterlijke woorden honorabel* (eerbaar) *en profitabel* (tot Jan se voordeel) terug te trek en reg te stel.[55]

Kaptein Berg was blykbaar reeds geruime tyd voor sy beledigende optrede teen Jan Cruywagen besig om getuienis by wyse van verklarings in te samel oor misstappe wat Jan sou begaan het. Een so 'n verklaring was afkomstig van 'n burger, Jan Cruseling, wat hy reeds op 2 Februarie 1711 onder eed op versoek van Olof Berg, afgelê het. Cruseling het verklaar dat Jan in 1692 wyn uit die kelder van Berg se vrou gesteel en in die meule verkoop het. Verder het hy melding gemaak van die tande van 'n eg wat van Martin Poussion gesteel was en dat skottels van Arij Prinsloo wat weggeraak het ook op Jan Cruywagen se rekening geplaas moes word.[56]

Die aanduidings is dat kaptein Berg hierdie en ander inligting om een of ander rede van Februarie 1711 tot September van daardie jaar teruggehou het en dit nié aan die Raad vir Justisie of die fiskaal oorhandig het nie. Op grond van die inligting waaroor Berg beskik het, is geen vervolging teen Jan ingestel nie. Op 10 September 1711 dien 'n saak voor die Raad van Justisie nie op grond van 'n aanklag van Berg nie maar, wel op grond van Jan se eis dat die lasterlike bewerings wat Berg gemaak het, teruggetrek en reggestel moes word.[57]

Die afleiding kan gemaak word dat kaptein Olof Berg nie wou kop gee nie en sy saak teen die eiser, Jan Cruywagen, wou versterk want hy het nog 'n verklaring oor Jan se beweerde misstap bekom. By hierdie geleentheid het hy 'n swaargewig-getuie gekies, niemand minder nie as oud-goewerneur Simon van der Stel wat toe rustig op sy plaas Constantia gewoon het. In sy verklaring wat die datum 2 November 1711 dra, het Van der Stel melding gemaak dat die vrou van kaptein Berg hom in teenwoordigheid

[55] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 301.

[56] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 380.

[57] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 60.

van die fiskaal, Joan Simons in 1692 (die dag en maand het hy nie meer onthou nie) besoek het. Sy het gekla oor die meulenaar van toentertyd, Jan Cruywagen, wat

> *een slaaf van haar heeft opgemaakt om met een valschen sleutel wijn uit haar kelder te bemagtigen,*

en die wyn toe in die meule verkoop het.[58] Van der Stel het voorts beweer dat hy opdrag aan die fiskaal gegee het om met die saak voort te gaan en die dief te straf.

Daar moet aanvaar word dat Berg hierdie keer dié stuk prima-getuienis by die Raad van Justisie ingedien het. Die Raad het op 19 November 'n sitting gehad en ook weer op 10 Desember 1711.[59] Ook by hierdie sittings is geen uitspraak gegee nie. Jan Cruywagen se eis vir naamskending teen Berg was nog steeds hangende en Van der Stel se verklaring het blykbaar ook nie Berg se saak versterk nie.

Op 'n vergadering van die Raad van Justisie op 28 Julie 1712 het die Cruywagen-Berg-saak weer oorgestaan omdat sekere verklarings nie beëdig was nie. Na hierdie datum kon geen verdere spoor van dié uitgerekte geding gevind word nie en moet aanvaar word dat dit doodgeloop het, of in hedendaagse taal, van die rol geskrap is. Of daar moontlik buite die Raad van Justisie om 'n skikking tussen Cruywagen en Berg plaasgevind het, vertel die geskiedenis nie. Van die hele onaangename episode het niks tereg gekom nie.

Hierdie verhaal wat verwys na gebeure oor 'n tydspan van 20 jaar, verg en regverdig 'n paar opmerkings. Dit bly vreemd en onverklaarbaar waarom Jan Cruywagen, indien hy wel diefstal gepleeg het, nie in 1692 aangekla, verhoor en gestraf is nie. Volgens Simon van der Stel het hy baie uitdruklik aan die fiskaal, Joan Simons, opdrag gegee om met die saak voort te gaan en straf toe te deel. Simons, die eerste independente fiskaal aan die Kaap, in 1689 aangestel,[60] was 'n pligsgetroue amptenaar en dit is bekend dat hy gedurende

---

[58] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 376.

[59] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 78, 87.

[60] S.D. Naude, "Willem Cornelis Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 362.

> *sijn verblijf alhier nae behoren getracht heeft 't reg te handhaven, en deese aangroeijende Republicq van alle overlast, dieverij, als ander diergelijke violentie te suijveren.*[61]

Dat Simons sy taak en opdragte nougeset en pligsgetrou uitgevoer het, word gestaaf deur die feit dat hy later bevorder is tot goewerneur van Ceylon en in 1707 het hy die titel Raad-extraordinaris van Indië ontvang. In 1708 het hy die Kaap weer as kommissaris besoek en baie waardevolle opdragte in verband met die administrasie en regspleging aan die Kaapse owerhede gegee.[62]

'n Amptenaar van die gehalte van Simons moes oortuigende redes gehad het waarom hy, selfs nadat hy opdrag van die goewerneur ontvang het, geen geregtelike stappe teen Jan Cruywagen ingestel het nie. Die verrigtinge van die Raad van Justisie vir die tydperk 3 Januarie 1692 tot 18 Desember 1692 bevat geen verwysing van 'n aanklag of kriminele aksie van enige aard teen Jan Meynderts Cruywagen nie.[63]

Die straf vir 'n misdaad soos die waarvan Jan beskuldig was, sou niks minder as 'n galgdood tot gevolg gehad het nie. Daar is baie voorbeelde in die Kaapse geskiedenis waar diefstal met die dood gestraf is.[64] Daar moet ook gevra word waarom die hele aangeleentheid 19 jaar ná die beweerde oortreding eers na vore gebring is. Dit het toe ook nie weens 'n kriminele aanklag deur kaptein Berg voor die Raad van Justisie gedien nie, maar omdat Jan Cruywagen 'n siviele eis ingestel het dat kaptein Berg die *lasterlijke verdigsel* en *frivole* (beuselagtige) *allegatie* moes terugtrek en regstel.[65]

Op grond van die voorafgaande uiteensetting blyk dit dat Jan Cruywagen heel waarskynlik reg was toe hy beweer het,

> *Het vermaak dat menschen nemen uit het ondersoeken van het leeven van haaren even naasten en desselfs goede naam ende faam met*

---

[61] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp. 306, 307.

[62] G.J. Schutte, "Cornelis Joan Simonsz", W.J. de Kock & D.W. Kruger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 683.

[63] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 3, Raad van Justisie, p. 1-15.

[64] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 21, Raad van Justisie, p. 12, p. 41, & D. Sleigh, *Eilande*, pp. 3.

[65] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 307 & p. 309.

> *schandvlek soeken te besoedelen in een welgesteld Republijk daar door veel quaad en droevig ongeval komt te ontstaan, jae de gemene kulte merklijk werd geapprobeert.* (Dat die gemene of lae kultus om mense af te kraak blykbaar ook goedkeuring geniet.)[66]

Die opmerking van dr. A.J. Böeseken dat Cruywagen hom aan wanpraktyke skuldig gemaak het, moet bevraagteken word.[67] Daar mag gerugte oor vreemdsoortige optrede die rondte gedoen het maar Jan Cruywagen is nooit voor 'n hof gedaag en in die proses skuldig bevind nie. Toe kaptein Berg in 1711 dus met sy aantygings vorendag gekom het, het Jan hom met goeie reg op die regsprekende gesag beroep om sy naam en eer te verdedig.

Die uitgerekte regsgeding waartydens verklarings, antwoorde daarop, beskuldigings en teenbeskuldigings eentonig op mekaar gevolg het, het tog enkele interessante brokkies inligting opgelewer: Jan moes hom ook met betrekking tot 'n ander saak verdedig. In Oktober 1711 is hy daarvan beskuldig dat hy rds.7 te veel uit die kompanjieskas vir 'n sak ertjies ontvang het.[68] By ondersoek het dit geblyk dat Jan nie fouteer het nie, maar dat die kompanjiesklerk in plaas van 'n halwe sak ertjies (wat Jan aan die kompanjie verkoop het) een en 'n halwe sak in die boeke aangeteken het en Jan daarvoor betaal het. Jan kon die klerk nie op die foutiewe inskrywing en betaling attent gemaak het nie, hy was *daarvan onnosel* (d.w.s. onkundig*) en onschuldig* omdat *hij niet leesen of schrijven kan.*[69] Jan was dus 'n analfabeet maar dié agterstand het hom blykbaar nie verhoed om 'n suksesvolle bestaan aan die Kaap te maak nie.

Dit is moeilik om te verstaan dat daar Nederlanders kon gewees het wat nie kon lees of skryf nie. 'n Belangrike rede vir die Verenigde Nederlande se opkoms en sukses, goeie regering, produktiwiteit en ondernemingsgees gedurende die 16e en 17e eeu was die feit dat hulle 'n welopgevoede en welonderrigte volk was. *There was hardly a Netherlander – a man, woman, and child – that could not read and write. The school*

---

[66] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 302.

[67] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 4, voetnoot, p.17.

[68] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, p. 310.

[69] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 1027, Raad van Justisie, pp.310, 311.

was the common property of the people ..., skrywe een kenner van die Nederlanders.[70] Die Kaapse setlaars het uit 'n breë spektrum van sosiale en ekonomiese agtergronde gekom. Sommige was redelik welvarend maar baie was armoedig en uit die laer stande van die Europese samelewing. *The VOC – with its low pay and high death rate – employed many down-at-heel adventurers, some of whom eventually became free-burgers.*[71] Dit blyk dat Jan Cruywagen nie uit die laer sosiale stande afkomstig was nie en ook nie as 'n versukkelde armoedige aan die Kaap geland het nie, tog bly sy onvermoë om te kon lees en skryf moeilik om te verklaar.

Die dorpsomgewing en laaste dae

As Jan hom nie op een van die plase wat in sy en Meendert se besit gekom het, gevestig het nie, het hy in die stadjie aan die voet van Tafelberg voortgegaan as herbergier. Word alleen die winste wat op grondtransaksies gemaak is, in ag geneem, kon hy selfs as rentenier 'n rustige bestaan gevoer het. Indien Jan in die Kaapse Vlek aangebly het, het hy as redelik welvarende burger seker in 'n dubbelverdiepinghuis, wat in Simon van der Stel se tyd hul verskyning gemaak het, gewoon. Van die dorpshuise het toe al gebakte teëls op die dakke gehad in plek van brandbare riet. Van die *nieuw q'inventeerde gebacken tigels* (nuut uitgevinde gebakte teëls, in Latyn "tegula") word in Jan van Riebeeck se dagregister op 7 Januarie 1660 melding gemaak.[72] 'n Proefneming om die water-koringmeul van dakpanne te voorsien, was 'n sukses en daar is besluit om *alle de Compangnies huysigen met gebacken tigels te laten decken.*[73] Die steen- en teëlbakker, Wouter Mostert, het eers in die behoeftes van die kompanjie voorsien en daarna het hy dakteëls ook aan burgers voorsien. Vanselfsprekend was dit in die begin net die gegoede huiseienaars wat teëls op hulle dakke kon bekostig.

---

[70] J.L. Motley, *History of the United Netherlands; from the death of William the Silent to the twelve years' truce – 1609*, vol.4, p. 525.

[71] R. Elphick & H. Giliomee (eds.), *The Shaping of South African Society*, p. 67.

[72] D.B. Bosman & H.B. Thom (reds.) *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthoniz van Riebeeck*, deel 3, 1659-1662, p. 174.

[73] D.B. Bosman & H.B. Thom (reds.) *Dagregister...*, p. 174.

In die middedorp het die huise werwe eerder as tuine gehad. Op die werf was die koetshuis, stalle, werkswinkel en slawekwartiere. Meer na die buitewyke, bokant die kompanjiestuin en veral teen die laer hange wat na Tafelberg gelei het, het die welgestelde burgers se huise in groot tuine gestaan. Die watertoevoer na die stadjie was voldoende om tuine nat te lei en die meul se wiele te laat draai. Die water was afkomstig van verskeie bergstrome wat in 'n opgaardam bokant die tuine gevloei het. Vanaf die opgaardam is die water met houtgeute tot by wat vandag die parade is, gebring. Hier het slawe huishoudelike water kom haal en was dikwels in rumoerige onderlinge opstootjies betrokke. 'n Paar spoghuise se water is met kiaathoutpype aangevoer.[74]

Dorpsfunksies het aandag ontvang van kommissarisse van die Raad van Justisie wat 'n soort burgerraad gevorm het. Die raadslede was verantwoordelik vir strate, waterleidings en vir die handhawing van die goeie orde. Hulle moes selfs toesien dat inwoners hulle nie aan skandelike optrede skuldig gemaak het nie. Daar is swaar geleun op die samewerking en gemeenskapsingesteldheid van die inwoners. Goewerneur Hendrik Swellengrebel (1739 – 1751) het die burgery meer direk betrek deur van hulle te verwag om kosteloos die dienste van een slaaf beskikbaar te stel vir die herstel van strate. Burgers was geneig om slegs die straatgedeelte voor hulle huise te versorg terwyl die middelste straatvlak soms omskep is in siedende strome water, veral in die winter. Die gangbaarheid van die strate en sypaadjies is verder verminder deur beeste en perde wat oral gewei het en deur die boere se swaar waens en spanne osse. Die inwoners se rus is versteur deur wadrywers wat hulle spanne met geskree en sweepslae vorentoe laat beur het. Die owerhede het later ingegryp en die boere was verplig om op die Boereplein aan die westekant van Heerengracht, uit te span.[75]

In 1696 is die burgerwag, bestaande uit ses afdelings van 30 burgers elk, ingestel om die dorp te patrolleer. Dit was 'n onbetaalde diens wat van elke manspersoon een keer per maand 'n wagbeurt gevra het. Daar was ook betaalde amptenare, die ratelwagte, wat die strate gepatrolleer het en 'n oog gehou het oor tavernes en onordelike burgers. Hulle kon slawe wat sonder 'n lantern of pas van hulle eienaars rondgedwaal het, tot

---

[74] A.F. Hattersley, *An Illustrated social history of South Africa*, p. 14.

[75] A.F. Hattersley, *An Illustrated social history of South Africa*, p. 13.

orde roep en arresteer. Dit was ook hulle plig om die tyd al om die uur uit te roep. Hulle teenwoordigheid was baie waardevol met die bespeur en aanmeld van brande. Die kompanjie het 'n brandweerstasie met toerusting soos 'n vuurenjin, waterslange en emmers ten weste van die parade in stand gehou. Daar was professionele vuurmeesters aan diens wat die slawe, wat water moes aandra, en soms die drukpomp moes beman, georganiseer het. Die organisasie met die bestryding van brande was so doeltreffend dat oorsese reisigers dit met hoë lof aangeprys het.[76]

'n Aangeleentheid wat nie met die fisiese leefomgewing verband gehou het nie, maar meer met die ingesteldheid van die Kaapse inwoners en waarvan Jan ervaring moes gehad het, ook in Nederland, moet hier aangesny word. By die Nederlanders het daar 'n lewendige bewustheid van rang en stand bestaan. Hierdie bewustheid was vanselfsprekend ook by die kompanjie teenwoordig. Daar word in geskrifte byna sonder uitsondering verwys na die *Edele Compagnie*, soms ook *Haar Ede, Groot Agtbare* en die *Edele Heeren Bewindhebbers*. Die kompanjie het hierdie bewustheid weer oorgedra na sy wydverspreide kolonies en handelsposte. Dit het gegaan om die mag van die kompanjie in die oë van sy laer amptenare en mededingers te onderstreep en te handhaaf. Prag, praal, status en seremonie was by die kompanjie en sy hoër amptenare deel van 'n gevestigde tradisie en aan die Kaap was dit nie afwesig nie.[77] Ook van gewone burgers moes die nodige ontsag en respek betoon. Alle rytuie moes vir dié van die goewerneur uitwyk en stilhou en vir dié van lede van die Politieke Raad uit die pad gaan.[78]

Ook by byeenkomste van lede van die burgery en hulle gades was die bewustheid van rang en voorrang nie afwesig nie. Vir mans het die rigiede kodes van besoek aflê en afsprake reël en nakom nie so seer gegeld nie. By huwelikspartytjies sou ondergeskikte amptenare en hoër geplaasdes en gewone burgers vryelik gemeng het;

---

[76] A.F. Hattersley, *An Illustrated social history of South Africa*, p. 14; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, vol. 1, Van Riebeeck-vereniging nr. 4, pp. 133, 134.

[77] K. Schoeman, *Dogter van Sion...*, pp. 28, 29.

[78] K. Schoeman, *Dogter van Sion...*, p. 31.

en 'n handelaar se dogter sou met 'n burger se seun gedans het. By die vroue egter was die skakeling baie meer formeel.

> *Among them social districtions are sharply graded; pomp and circumstance play a leading role in determining rules of etiquette. ... At no place, however, in the whole world are the minutiae of calling so elaborately worked out and slavishly followed as by the ladies of the Cape.*[79]

Die eenvoudiges wat vir al die vertoon in hulle bestaan nie ruimte gehad het nie, se hartsgevoel teenoor die grootdoenery van die Kaapse elite is mooi soos volg verwoord:

> *Hulle is net behep met hulle trots: wie sit voor in die kerk, wie was by daardie raadslid se gastemaal, wie loop met 'n parasol soos in die Ooste, wie het die kontrak gekoop vir wyn, die brandewyn, die vleis? Selfs die man met die kontrak om nagbalies te ry se vrou loop neus in die lug.*[80]

Hierdie ingesteldheid en optrede het dwarsdeur die kompanjiestyd gegeld. Dit is daarom nie vreemd nie dat op 16 Januarie 1795, om en by agt maande voor die Britte die Kaap die eerste keer oorgeneem en die kompanjie sy laaste stuiptrekkings gegee het, die Politieke Raad hulle besig gehou het met die opstel van 'n ranglys omdat die bestaande lys *zeer defectueus en ontoereikend was* omdat daar veranderinge in posbenaminge en range van vlootoffisiere was. Die hoogste waardigheidsbekleër op die ranglys was *Den Wel Ed: Groot Achtb: Heere Commissaris ofte den Hoofdgebieder in der tijd.* Sesde op die lys was *De Wel Ed: Gestrenge Heeren Gouverneurs* en laaste, twee bladsye verder, *Kosters der kerken.*[81] Dit is te betwyfel of hierdie ranglys ooit in gebruik gestel was.

In hierdie leefomgewing het Jan gewoon en sy laaste dae geslyt. Wanneer Swaantjen oorlede is, is nie bekend nie, ook nie Jan se sterfdatum nie. Dat dit egter voor 1720 was, staan aangeteken. In 'n testament wat Meendert en Catharina Cruywagen op 15 Desember 1720 laat opstel het, verklaar hulle duidelik dat hulle *geen ouders in 't*

---

[79] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope...*, vol. 2, p. 107.

[80] D. Sleigh, *Eilande*, p. 743.

[81] Internet www.tanap.net/, C228, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 12-15.

leeven het. Die naaste aanduiding wat van Jan se sterfdatum gegee kan word, is dat hy tussen 1712 en 1720 oorlede is.[82]

Op 20 November 1713 het Jan Meindert Cruywagen 'n aksie aan die gang gesit om fl 459 en agt stuiwers van die landbouer Arend Gildenhuÿs, wat aan hom geleen was, terug te kry. Die eisdokument is deur Jan met 'n kruisie geteken voor 'n amptenaar van die Raad van Justisie. By die kruisie het die amptenaar geskrywe, *'t merk van Jan Myndertse Kruijwagen.*[83] Dit is reeds bekend dat stamvader Jan nie kon lees of skryf nie. Indien Jan egter voor 1713 oorlede is, is die terugvorderingsaksie deur Meendert, sy seun, gevoer en dit open die moontlikheid dat Meendert ook 'n analfabeet was.

Jan het nie 'n testament nagelaat nie maar daar kan aanvaar word dat Meendert en Catharina in besit gebly het van al die bates wat hy agtergelaat het. Die plaaseiendomme was, volgens alle aanduidings, reeds van die aankoop af in Meendert se besit. Daar kan verder aanvaar word dat Jan en sy eggenote hulle laaste rusplek in die begraafplaas by die kerk vlak langs die tuine gevind het. Dat hulle op een van die plase, De Grendel of Maastricht, gewoon het en daar begrawe is, is wel 'n vae moontlikheid.

Jan Cruywagen, 'n eenvoudige Nederlander, wat besluit het om vroeg in die Kaapse geskiedenis 'n bestaansgeleentheid in die klein VOC-vestigingskolonie te waag, het die trauma van verhuising en 'n gevaarlike seereis, die onsekerhede van 'n vryburgerbestaan onder 'n uiters beperkende kompanjiesmonopolie getrotseer. Sy waagmoed en bydrae, soos dié van baie van sy tyd- en geesgenote, vorm deel van die legkaart van die Suid-Afrikaanse verlede ... 'n voetnoot tot die breë verhaal.

---

[82] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof *1721 – 1725, nr.3.*

[83] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 2687, Raad van Justisie, nr. 69, 20 November 1713.

HOOFSTUK 4
MEENDERT CRUYWAGEN

Meendert is gebore uit Jan Cruywagen, die stamvader, se eerste huwelik en die naam van sy moeder is onbekend. Die naaste aanduiding van sy ouderdom word gevind in 'n testament wat hy en sy vrou op 15 Desember 1720 laat opstel het waarin sy ouderdom aangegee word as *omtrent neegen en vyftig* jaar.[1] Dit dui daarop dat hy om en by 1661 gebore is. Op grond van hierdie inligting was Meendert omtrent 29 jaar oud toe hy saam met sy pa en stiefma, Swaantjen (gebore Van Alsen), teen 1690 in die Kaap aangekom het.

Huwelik en huweliksgebruike

Toe Meendert, nie baie lank na die familie se aankoms nie, trouplanne begin kry het, moes hy, soos die gebruik was, saam met die aanstaande bruid en bygestaan deur twee familielede of vriende voor die kommissarisse van huweliksake verskyn. Die kommissarisse moes onder andere vasgestel het of die partye bevoeg was om te trou, of hulle ouers nog geleef het en of hulle uit vrye wil voor die kollege verskyn het. *As daar geen huweliksbeletsel was nie, is toestemming tot die afkondiging van die gebooie gegee, gevolg deur die voltrekking deur 'n predikant.*[2] Die kollege van kommissarisse van huweliksake aan die Kaap is in 1676 in die lewe geroep en het in 1711 met die kollege van kommissarisse van klein sake saamgesmelt. Van toe af was dit bekend as die *College van Commissarissen van Kleine Civiele en Huwelyks Zaken.* Van kerklike weë is 'n doop- en huweliksregister reeds in 1665 aangelê en in gebruik gestel.[3]

Die kommissarisse moes tevrede gewees het dat alles in orde was en dat geen beletsel teen die huwelik voorgekom het nie. Daar kan verder aanvaar word dat die voorgenome huwelik bekend gestel is deur die gebruiklike gebooie wat op drie opeenvolgende Sondae in die kerksaal in die kasteel waar dienste gehou is, voorgelees

---

[1] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, *MOOC 7/1/3,* Meester van die hooggeregshof, 15 Desember 1720, nr 13.

[2] G.G. Visagie, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*, p.55.

[3] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, p.8.

is. Op 23 November 1692 is die huwelik voltrek en word in die huweliksregister aangeteken, *in den huijwelijken staat vereenigt Myndert Kruijwagen van Zwol, jongh man met Catharina van Maarsen van Maestricht jonge dochter.*[4] In die testament wat in die begin van hierdie hoofstuk genoem is, word Catharina se ouderdom as 61 jaar aangegee. Sy is dus in 1659 gebore en was op die troudag 33 jaar oud. Voorgenoemde troudatum word ook in 'n inskrywing in die Opgaafrol van 1692 aangegee.[5] Meendert se troudatum wat in deel 1 van C.C. de Villiers en C. Pama se *Geslagsregisters van ou Kaapse families,* op bladsy 164 as 29 November 1692 aangegee word, is dus nie korrek nie. Ds Leonardus Terwold (Ter Wold) was van 1689 tot 1695 predikant van die gemeente Kaapstad en daar kan aanvaar word dat hy Meendert en Catharina in die eg verbind het.[6]

Aangesien Meendert omtrent twee, drie jaar na sy aankoms aan die Kaap getroud is, is baie van die huweliksgebruike wat in die stamland gegeld het, ook in die klein Kaapse nedersetting gehandhaaf. *In die koloniën volgde men zoo goed mogenlijk de gewoonten van het moederland.* Dit was die getuienis van een van die Sweedse reisigers aan die Kaap in 1773.[7] Die belangrikste van die gebruike word kortliks beskrywe.

Nadat alles deur die huwelikshof in orde bevind was, kon die paartjie amptelik verloof raak, of *ondertrou*, soos dit in Nederland bekend was. (In 'n Nederlandse Bybel van 1892, in skrywer se besit, kom die uitdrukking voor in die Kersverhaal in Lukas 2 waar verwys word na *Maria zijne* (Josef se) *ondertroude vrouw*). Op 8 Oktober 1661 het Jan van Riebeeck so 'n geval aangeteken waar *ondertrouw gedoen* is tussen 'n vryburger en sy aanstaande bruid.[8] Die *ondertrouw* was volgens die Romeins-Hollandse reg 'n kontrak tussen die man en die vrou en was wetlik bindend. Met toestemming om te *ondertrouw* is ook bevestig dat die afkondiging (huweliksgebooie) van die aanstaande

---

[4] N.G. Kerkargief, Kaapstad, G1 1/1, Huweliksregister 1665-1695, p.89.

[5] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A 2250, Opgaafrolle (burgerrolle), 1682-1751, opgaaf vir die jaar 1692, nr. 58.

[6] A. Dreyer, *Eeuwfeest-album van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924*, p. 35.

[7] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, p.147.

[8] D.B. Bosman & H.B. Thom, (reds.), Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthoniz van Riebeeck, deel 3, p.402.

huwelik die *aencomende Sondagh* na die *Christelike sermoens* (die diens) kon geskied en dat verlof gegee word om ná die derde Sondag se afkondiging *de solemnisatie* (voltrekking) *te laten geschieden ende met de trouw pubblykelijk voort te varen.*[9]

'n Onderdeel van 'n Kaapse huweliksfees was ook die *commissarismaal*, so genoem omdat dit gehou is op die aand van die dag waarop die paartjie voor die huwelikskommissarisse verskyn en toestemming tot die huwelik verkry het. Die kommissarismaal is by die bruidegom se ouerhuis gehou. Dit was ook 'n voortsetting van 'n Nederlandse gebruik waarmee lank volgehou is want so laat as 1797 is dorpshuwelike nog steeds deur die kommissarismaal gekenmerk maar in teenstelling met die Nederlandse gebruik is daar by dié geleenthede wel gedans.[10]

Na die aflees van die eerste huweliksgebod het vriende gewoonlik by die bruid se ouerhuis byeengekom vir gesellige verkeer. *Indien die bruid se ouers egter wel vir 'n volle 'verlowingsfees' kans gesien het, het dit die volle tyd geduur wat die gebooie 'geloop' het.* Op die Sondag dat die paartjie in die huwelik bevestig is, het die bruid en die bruidegom na eersgenoemde se ouerhuis teruggekeer om die huweliksfees te vier.[11] Die gebruik om huweliksgeskenke te gee, is ook aan die Kaap teruggevind. Onder die veeboere was 'n bruidskat gewoonlik in die vorm van aanteelvee.[12]

Die ekonomiese vermoë van huwelikspare en hulle ouers het seker bepaal aan watter van die gebruike uitvoering gegee is, hoe lank feestelikhede aangehou het en wat die waarde van geskenke was. Immigrante wat nog nie lank aan die Kaap gevestig was en nog nie 'n redelike ekonomiese vermoë opgebou het nie, het seker aansienlik op al die verrigtinge en jolyt afgeskaal. Dat dit die geval moes gewees het met Meendert en Catharina se huwelik kan nie met bewyse gestaaf word nie, maar wanneer al die feite en omstandighede ten opsigte van hulle aankoms, kort verblyf en broodwinning in

---

[9] D.B. Bosman & H.B. Thom (reds.), *Daghregister ...*, deel 3, p.402.

[10] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, pp. 148, 149.

[11] C.W. Hudson & H. van der Merwe, P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, p. 153.

[12] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, p. 158.

berekening geneem word, moes hulle huweliksvieringe redelik beskeie gewees het. Later, toe van die Cruywagens vermoënde mense was, was hulle huweliksgeleenthede seker van die sosiale hoogtepunte aan die Kaap.

Die bruid was van Maastricht, hoofstad van die provinsie Limburg in Nederland, afkomstig.[13] Die van Van Maarsen kom nie in algemeen gebruikte en erkende geslagsregisters voor nie. Dit is onbekend wanneer Catharina in die Kaap aangekom het en of familielede haar vergesel het. Daar is wel in die Kaapse Argiefbewaarplek op die van Van Maersen afgekom – dit mag 'n ander spelling van Van Maarsen wees. Daar word vermeld van *Pieter Hendrukse van Maersen wagen rijden .... in dienst der E. compagnie* wat saam met 'n ander amptenaar op 13 Desember 1690 voor die Raad van Justisie verskyn het *wegens t' misbruyken van comp. rantsoenen.*[14] Die straf vir die oortreding was dat beide *strengelijk gelaarst* is, met ander woorde met 'n dik tou 'n groot aantal houe, gewoonlik oor die rug, toegedien is. Of daar enige verwantskap tussen hierdie ongelukkige amptenaar en Catharina was, is totaal onbekend.

In die opgaafrol van 1692 verskyn Meendert en sy vrou se name as inwoners van die distrik Kaapstad. Die enigste besittings wat Meendert opgegee het, was 'n snaphaan (geweer) en 'n degen (swaard.)[15] Die bates wat hy laat aanteken het, was geskik om 'n vrou en kinders te beskerm maar om hulle te huisves, te voed en te klee, was meer middele nodig. Hierdie middele is bekom deur herberg te voorsien aan die bemanning en passasiers van skepe wat Tafelbaai aangedoen het.

Negosiëring

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die bestaansmoontlikhede aan die Kaap vir vryburgers van alle nerings en bedrywe baie beperk was weens die kompanjiesmonopolie. Mense se ondernemingsgees is gesmoor en daar is 'n vrugbare teelaarde geskep vir misbruike en ontduiking van owerheidsvoorskrifte. Baie Kaapse inwoners het saam met die verskaffing van losies ook "genegosieer", dit wil sê, handel

[13] C.G. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164.

[14] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 3, Raad van Justisie, 1689-1691, p.37.

[15] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A 2250, Opgaafrolle, 1682-1751, opgaaf vir 1692, p.56.

gedrywe sover die monopolistiese stelsel van die kompanjie, of sluikhandel, geleentheid daartoe gebied het. Die omvang van hierdie handel het gewissel. Daar was diegene wat hulle ernstig daarop toegelê en algemene handelaars geword het, terwyl ander die handel tot die aankoop en invoer van eie benodigdhede en vir beperkte plaaslike verkope benut het.[16]

Negosieërders het gewoonweg met persone aan wie hulle losies verskaf en met wie hulle bevriend geraak het, ooreengekom om die verlangde handelsware in Nederland of in die Ooste aan te koop en later self, of met 'n ander "agent" in Tafelbaai aan wal te bring. Die aankopers en karweiers het altyd vergoeding ontvang vir hulle diens. Transaksies het nie elke keer suksesvol verloop nie en Kaapse invoerders is soms in die steek gelaat.[17] Die volgende *goederen sijn seer profitable voor de Caabse negotie:* slawe (veral jonger indiwidue) wat bedrewe was in verskeie ambagte, seil-, linne-, sy- en katoenmateriaal en kledingstukke, porseleinware soos skottels, tafelborde en *coffij en theegoed,* koffiebone, koperware, ensovoorts.[18] In moderne tye kom die enkeling alleen by uitsondering met die groothandelaar, die importeur en eksporteur oorsee in aanraking, indien ooit.

> *Direkte invoer deur die indiwidu was egter in die ou dae by 'n baie beperkte bevolking van die Kaapse Vlek en 'n skeepsverbinding van hoogstens driemaal per jaar en 'n oortog wat van drie tot ses maande geduur het ... 'n noodsaaklikheid en 'n uitsparing ... in 'n hawestadjie en verversingstation saam met herberg en schachery (taphuise) die aangewese bron van inkomste.*[19]

Indien Meendert nie self 'n negosieerder was nie, het hy en sy familie soos baie ander inwoners, voordeel getrek uit veral Oosterse handelsware wat in die Kaap in omloop was.

Byna elke privaathuis was 'n winkel waar allerlei transaksies plaasgevind het. Sommige van die verhandelinge was onwettig: burgers, en beamptes het nie ontsien om

---

[16] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se briefboek en memorial", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg.3, deel 1, 1940, p.19.

[17] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18de eeu ...," p.16, p.17, p.18, p.19.

[18] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18de eeu...," p.17

[19] J.L.M. Franken, "'n Kaapse huishoue in die 18de eeu...," p.20

die monopolie van die Kompanjie te omseil nie, en die koop en verkoop van oorsese produkte was nie tot die Kompanjieswinkel beperk nie.[20]

Eersteling op Kaapse bodem

Op 13 Maart 1695 sien die eerste Cruywagen wat op Suid-Afrikaanse bodem gebore is die lewenslig. Hy was ... *een Kind van Jan Mijndertz Kruijwagen en Katharina van Marsen genaemt Jan Mijndertz.*[21] Daar word na hierdie derde *Jan Mijndertz* byna deurgaans in dokumente verwys as Johannes. Hy is op die dag van sy geboorte gedoop wat in daardie tyd nie 'n vreemde gebruik was nie. Die vyfde hoofstuk word aan Johannes gewy en daarom word voorlopig oor hom geswyg, behalwe dat enkele feite in verband met die doopgebruike van daardie dae eers vermeld word. Terwyl in Nederland 'n kind so spoedig as moontlik ná sy geboorte gedoop is, was dit in die vroeë dae aan die Kaap nie altyd moontlik nie. Die rede daarvoor was die afwesigheid van predikante, die enigste kerklike amptenare wat dié sakrament kon bedien. Daar moes dikwels lank gewag word voordat 'n besoekende predikant met die uitvarende of tuisvloot die Kaap besoek het en 'n doopplegtigheid kon waarneem. Toe daar permanente inwonende predikante was, is kinders in Kaapstad en omgewing gewoonlik op die eerste Sondag ná hul geboorte gedoop. Die reël het gegeld dat minstens twee kerkraadslede by die plegtigheid teenwoordig moes wees. Omdat dit so spoedig na die bevalling was, kon die moeder dit natuurlik nie bywoon nie.[22]

Dit is dus moontlik dat Johannes se moeder, Catharina nie eers by sy doop teenwoordig was nie.

> *Geen kind kon aan die Kaap gedoop word tensy iemand hom 'gevader' het nie, met ander woorde tensy 'n peetouer beloof het om oor die kind se Christelike opvoeding toesig te hou nie. Soms was die vader self ook peetvader.*[23]

---

[20] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika of ons verlede,* deel 1, p.145.

[21] N.G. Kerkargief, Kaapstad, G1 1/1 Doopregister, 1665-1695, p.56

[22] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, pp. 139, 140.

[23] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur*, deel 6, p.140.

Op die doopdag het die vader en die peetvader saam kerk toe gestap gevolg deur 'n slavin wat die kindjie gedra het. Die peetvader het plegtig op die predikant se vrae geantwoord.

Nog 'n gebruik by die doop was om 'n *pillegift* te skenk. Die *pille* deel van die woord het die betekenis van doop- of peetkind gedra en *pillegift* was dus niks anders nie as 'n doopgeskenk. In Nederland is hierdie geskenk gedurende die 17e en 18e eeu deur die peetouers reeds by geboorte aan 'n kind gegee. Dit het 'n wye verskeidenheid van voorwerpe behels maar later was dit gewoonlik beperk tot een of ander silwer voorwerp. Aan die Kaap was die gee van 'n silwerlepel die meer algemene gebruik onder die dorpenaars. Die nie-dorpenaars het egter 'n heel prakties en Afrikaanse gebruik begin vestig deur aan die dopeling aanteelvee as *pillegift* te gee. Henning Hüsing het byvoorbeeld 12 verse as doopgeskenk aan sy seuntjie gegee. *Twaalf verse was destyds beslis buitekant Kaapstad waardevoller as twaalf silwer lepels.*[24] Die gebruik om 'n doopfees ná die plegtigheid by die huise van doopouers aan te bied, was in die Kaapse samelewing nie onbekend nie, hoewel dit ook van omgewing tot omgewing verskil het, meesal om ekonomiese redes.

Daar kan aanvaar word dat Johannes se doop met die gebruiklike handelinge van 'n *pillegift* en 'n doopfees gepaard gegaan het en dat Cruywagen-kinders wat ná hom gedoop is deel van die gevestigde gebruike was.

Herkoms weeg swaar

Terwyl die feit van die eerste Kaaps-gebore Cruywagen hier vermeld word, kan die aandag gevestig word op die belangrike plek wat herkoms, dit wil sê plek van geboorte, as element in maatskaplike identifikasie stadigaan by Kaapse mense begin inneem het. Daar is reeds genoem dat groot maatskaplike standverskille nie aan die Kaap voorgekom het nie. Aan die ander kant ... *leefde statusbesef heel sterk aan de Kaap de Goedehoop in de zeventiende en achttiende eeu.*[25] 'n Verskil in rykdom het tot

[24] C.W. Hudson & H. van der Merwe, "Van die wieg tot die graf", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 6, p.141.

[25] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop: een Nederlandse vestigingskolonie* 1680-1730, p.268.

duidelik waarneembare verskille in sosiale status aanleiding gegee. Daarnaas het juridiese onvryheid, soos die geval met slawe, ook 'n rol gespeel in die onderskeid wat tussen mense gemaak is. 'n Derde onderskeidingsfaktor wat 'n groot rol gespeel het, was herkoms. *Al heel vroeg ontwikkelde zich aan de Kaap een lokale trots.*[26] Die feit dat 'n persoon aan die Kaap gebore is, het toenemend as statussimbool getel. 'n Insident wat daarvan getuig, het in 1696 op Stellenbosch agter 'n skuur afgespeel. Jacob Cloete, 'n Kaapsgebore jong man, het die Nederlander Jan Smit, aangespreek oor die manier waarop laasgenoemde 'n perd hanteer het. Smit het hom vererg, sy degen getrek en Cloete wou hom op dieselfde wyse verdedig toe Jan Harmensz, seun van die dorpsmid, Potgieter, 'n tydgenoot van Cloete, hom 'n stuk hout gee om te gebruik met die woorde. *'t Is niet te dulden dat een Caaps kindt voor een vaaderlandts keerel sou moeten swigten.*[27]

'n Meer bekende voorval, ook op Stellenbosch op 6 Maart 1707, is besonder tekenend van dié ingesteldheid. 'n Paar rumoerige jong mans, tot kordaatheid aangevuur deur etlike sopies te veel, kry van landdros Starrenburg en heemraad Jan Botma, by die meule op die dorp 'n paar welverdiende houe met 'n rottang. Toe die ander wegvlug, het die uitdagende Hendrik Biebow ewe trots gesê,

> *Ik wil niet loopen, 'k Ben een Africaander. Al slaat de Landdrost mijn dood, of al sette hij mij in de tronk, ik sal nog wil niet swijgen.*

Die landdros, die meulenaar en die *schrijwer* van die meule, Dirk Simons, tot wie Biebow hom gerig het, was almal immigrante, nie gebore Kapenaars nie. Die feit dat Biebow hier gebore is, het aan hom status gegee.[28] Sy aanspraak op Afrikanerskap hou met sy Kaaps-gebore status verband en was in daardie vroeë stadium in die Kaapse geskiedenis nie 'n uiting van 'n nasiegevoel nie. Dat dit die geval is, word onder andere deur Hermann Giliomee bevestig waar hy daarop wys dat die term Afrikaner (eintlik 'n

---

[26] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., pp. 269, 270.

[27] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 242.

[28] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., p. 270.

variant daarvan, *Afrikanen*) in politieke-nasiolanistiese sin eers weer ongeveer 90 jaar later in 1830, na vore kom.[29]

Hierdie toespitsing op 'n persoon se geboortestatus was nie maar 'n geleentheidsargument tydens 'n rusie nie. Biewenga wys daarop dat byvoorbeeld Duitsers in V.O.C.-diens, wat na 'n verblyf in Oos-Indië hulle ervarings te boek gestel het, reëlmatig melding gemaak het van *de achterstelling van vreemdelingen by de V.O.C.* Dat herkoms wel 'n rol gespeel het, ook in owerheidsbeleid, blyk duidelik aan die Kaap. Vanaf 1701 tot 1713 tydens die Spaanse suksessie-oorlog was Nederland in 'n militêre stryd met Frankryk gewikkel en die Kaap kon maklik die vyand ten prooi geval het. Dit is dus te verstane dat die Van der Stels aangevoel het dat die suksesvolle verdediging van die Kaap afhanklik was van die trou van die Kaapse burgers, en veral van diegene wat hier gebore is.[30]

Die woonomgewing

Voor daar verder met die meer direkte wedervaringe van die Cruywagens gehandel word, is dit nodig om een en ander te sê van hulle woonomgewing en enkele omstandighede wat hulle lewens direk geraak het.

Die Kaapse Vlek was teen 1700 nog heel klein. Die vernaamste strate was *Heerengracht* (tans Adderleystraat), *Keizergracht* (tans Darlingstraat), *de Brugstraat* en *Bergstraat* (tans St. Georgestraat.)[31] In die vorige hoofstuk is reeds kortliks verwys na die toestand van die strate en hoe die "administrasie" van die gehuggie bedryf is. Daar kan volstaan word met een verdere verwysing wat die toestand miskien die beste beskrywe. Johanna Maria van Riebeeck, kleindogter van die stigterkommandeur en eggenote van Joan van Hoorn, goewerneur-generaal van Nederlands-Indië wat die Kaap in 1710 besoek het, het onder meer geskrywe, dat dit lyk asof *...de wilde varckens het*


---

[29] H. Giliomee, "Voëlvlug van 'n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar", *Historia,* vol. 46(1), Mei 2001, p. 10.

[30] A. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop* ..., pp. 270, 271.

[31] F.C. Dominicus, *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeu,* p. 12.

(die strate) *hadde omgevroet, soo dat men met vrees is van omvallen als men naar de stat sal ryden of de Campagnes tuijne.*[32] Die kompanjiestuin het tot groot hoogte gekompenseer vir die andersins swak toestande.



Die Parade 1762 deur Johannes Rach. (William Fehr-versameling)

Die tuin wat Jan van Riebeeck aangelê het, was ongeveer 18 ha. groot. Met die verloop van tyd is dele van die tuin vir ander gebruike aangewend. Eers is stukke aan die seekant afgesny vir die nuwe kerk en vir 'n begraafplaas toe die begraafplek in die kasteel te klein geword het. Later is weer dele aangewend vir die slawelosie en vir die hospitaal. Die kerk en die slawelosie was aan die linkerkant bo in Heerengracht en die hospitaal aan die regterkant.[33] Die tuin was uitsluitlik gebruik om kompanjieskepe van groente en vrugte te voorsien. In die tyd van Simon van der Stel het die vryburgers en die kompanjiestuin in Nuweland reeds soveel produkte gelewer dat die tuin aan die voet van Tafelberg nog beswaarlik vir die kweek van groente gebruik was. Van der Stel het die tuin (nou net ongeveer 16 ha. groot) geleidelik in 'n botaniese en siertuin omskep. Hierdie beleid is deur Willem Adriaan van der Stel en latere goewerneurs voortgesit. Die Kaapse tuin het plantkundiges en besoekers, onder wie die bekende Francois

[32] F.C. Dominicus, *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner…*, p. 73.

[33] J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika,* pp. 12, 13.

Valentijn, predikant en skrywer, wat die Kaap vier keer besoek het, in vervoering gehad en dit is met beroemde tuine van die wêreld vergelyk.

> *For nearly a hundred years ... writers of various nationalities could hardly find words to express their admiration of this famous garden.*[34]

'n Wandeling deur die kompanjiestuin *waar vele schrijvers van spreken als een van de wereld-wonders,* was vir die Kapenaars 'n groot genot en afleiding.[35] Dat lede van die Cruywagen families hieraan deel gehad het, val nie te betwyfel nie.[36] Hierdie trots van die Kaap is jaloers opgepas om dit teen vernielsugtiges te beskerm. Kompanjiesamptenare wat onder voorwendsel dat hulle in die tuin gaan wandel maar hulleself aan vrugte gehelp het, sou drie maande se loon verbeur. Persone wat die tuine geskend en berowe het, kon vir twee jaar dwangarbeid in kettings geslaan word.[37]



Ds. Francois Valentijn – reisiger en skrywer wat die Kaap vier keer besoek het en in sy geskrifte waardevolle inligting nagelaat het. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)

---

[34] G.M. Theal, Chronicles of Cape commanders ..., p. 217.

[35] F.C. Dominicus, *Het huiselik en maatschappelik leven van de Suid-Afrikaner*..., p. 73.


[36] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 144.

[37] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 12, Verbatimkopieë, 1689-1690, p.337.

Wat tot hiertoe oor die Kaapse vlek gesê is, moet nie die indruk wek dat dit met berg en see, die kompanjiestuin en enkele mooi huise 'n idilliese woonomgewing sonder steurnisse was nie. Steurnisse was volop: die swak toestand van die strate, vullis wat opgehoop en nagvuil wat die lug besoedel het. Voeg daar by die stof en sand wat met die so dikwels, stormagtige suidoostewind oral ingedryf is en dit soms byna onmoontlik gemaak het om dit buite te waag. Etlike oorsese besoekers het dit as die onaangenaamste ervaring van hul besoek uitgesonder. Naas welvaart en swier in sommige oorde was daar ook

> *vlieë, vlooie, luise, stof, modder, stank, ongerief, armoede, wreedheid, pyn en geïnstitusionaliseerde geweldpleging en onreg.*[38]

Die bou van die kerk waarvoor 'n deel van die kompanjiestuin afgestaan is, het gedurende 1700 volstoom op dreef gekom. Op 28 Desember van dié jaar *...lê Goewerneur W.A. van der Stel en enige van sy raadslede, tot bevordering van 'dese pieuse saak', die eerste stene vir die kerk ...*[39] Vir die volgende jaar of twee is almal in die klein Kaapse gemeenskap by die kerkbouery betrokke.




Die eerste Gereformeerde Kerk, Kaapstad, voorganger van die Groote Kerk. Dit is in 1704 voltooi en later in 1789 en 1834 vergroot. Die oorspronklike toring staan nog. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)

[38] K. Schoeman, *Dogter van Sion.* ..., p. 228 & p. 67, 70.

[39] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 51.

> *Slawe en vryliede werk daar saam met kompanjiesdienaars... Verskeie slawebase verhuur hul 'jonges' aan die kerkraad ... bekende manne laat wavragte dekriet uit die rietveld haal ... en ander vroeë vaders van ou Kaapse families ry hout aan.*[40]

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat Jan Cruywagen, die stamvader, en sy seun, Meendert, met eie inspanning en slawehulp ook ywerig hand bygesit het. Dit sou ook vreemd gewees het as hulle met families en al, nie die inwyding van die nuwe kerk op Sondag 6 Januarie 1704 bygewoon het nie.


Ao: 1701.
Onkost reekening
der Caapsche kerke, in de Maand
Januarij

Onkost rekening der Caapsche kerke, in de maand Januarij in 1701. Geld spandeer met die bou van die eerste kerk. Let op die items wyn en brandewyn (onderstreep). (Kerkargief, Kapstad / Lux Verbi.BM).

[40] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* …, p. 52.

Soos by ander geleenthede moes ook in die kerk die nodige respek aan die goewerneur bewys word. In die Ooste en aan die Kaap was dit die ongeskrewe reël dat alle mans die gepaste eer moes betoon wanneer die goewerneur en sy gesien die bedehuis binnegekom en aan die einde van die verrigtinge weer verlaat het.[41]

Aan die Kaap het die hele gemeente gewoonlik opgestaan en die hoogste amptenaar met 'n eerbiedige en diepe buiging begroet. Die nie-nakoming van dié respekvolle handeling kon ernstige gevolge hê. So is oudburgerraad Jan Rotterdam in 1705 na Batavia gestuur om hom daar te gaan verantwoord omdat hy by geleentheid versuim het om op te staan toe goewerneur W.A. van der Stel die kerk ingestap het. Sy verskoning dat hy 'n kwaal gehad het wat dit vir hom moeilik gemaak het om regop te kom, is as 'n beuselagtige verdigsel afgemaak en sy optrede is beskou as 'n handeling uit *puere malitie* (pure kwaadwilligheid) *en halstarrigheyd.*[42]

Die burgerwoelinge teen die goewerneur was toe reeds aan die gang. Of daar egter onder van die stadsburgers sulke sterk gevoelens teen die goewerneur aanwesig was dat dit selfs tot uitings van disrespek aanleiding gegee het, is moeilik om te bepaal. Na die goewerneur se afdanking en vertrek, was daar wel nog tweespalt in die gemeente, soos later verhaal word.

Valentijn het in 1714 omtrent 254 huise in die Kaapse Vlek getel – geboue van die kompanjie uitgesluit. Die huise was van klip gebou en die dakke was van riet wat volop was.[43] Die rietdakke het die gevaar van brand natuurlik vergroot.

> *Zeelieden, vooral als ze half dronken waren, gingen wel eens wat roekeloos om met hun pijp en een enkele vonk was genoeg om rieten daken in't droge seizoen in brand te steken ...*[44]

As voorkomende maatreël om enige brand te beperk, is in Februarie 1691 'n verbod geplaas op die opgaar van 'n hele maand se brandhout. Die opgaar van te veel hout kon

---

[41] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 61.

[42] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 61.

[43] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende*, Van Riebeek Vereniging, deel 1, 2e reeks, p. 78.

[44] F.C. Dominicus, *Het huislik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner* ..., p. 68.

... *sware onheilen, voornamelijk by vuursnood* ... laat ontstaan.[45] Die gevaar wat hope brandhout ingehou het, moes later aansienlik afgeneem het want Valentijn verwys na die groot ongerief wat die Kaapse mense moes verduur as gevolg van 'n tekort aan vuurmaakhout. Daar was by Houtbaai, aan die Bergrivier in Drakenstein en Hottentots-Holland wel nog bosse maar die kompanjie het dit streng vir eie gebruik uitgehou. Die burgers kon wel timmerhout bekom met geskrewe toestemming van die goewerneur. Die vuurmaakgoed wat wel beskikbaar was, was *kreupelbosch, stronken en knoetsen* waarna mense in Holland vir vuurmaak nie eers sou gekyk het nie.[46] Daar was vir die tekort aan brandhout blykbaar geen oplossing gevind nie want met die besoek van kommissaris baron Van Imhoff in 1743 het hy dit nodig geag om in sy verslag ook melding te maak van die probleem. Hy het op 25 Februarie 1743 in sy skrywe verwys na 'n *inconvenient* (ongerief) waarmee die Kaap te kampe gehad het, *voornamentlijk aan brandhout.* Die oplossing wat hy aan die hand gedoen het, was dat die kompanjie met die aanplant van *kaphout op leedig leggende gronden,* 'n goeie voorbeeld sou stel wat deur die ingesetenes nagevolg sou word.[47] Dit is te betwyfel of die kompanjie enigsins uitvoering aan die aanbeveling gegee het.

Die brandgevaar was egter steeds so groot dat 'n totale verbod teen rook in die strate van Kaapstad en die Tafelvallei op 30 Oktober 1704 afgekondig is. Ingesetenes en aankomelinge op uit- en tuisvarende skepe ... *van watter qualetijt zij souden mogen zijn, mitsgaders slaven en andere* ..., word uitdruklik verbied om langs die *Heeren wegen en straten* van die stadsgebied of die distrik van die Tafelvallei ... *'t zij bij dag of nagt, tabak of ander kruijd, te rooken: om alle onheijlen van brand als andersints soo doenlik te voorkomen.*[48]

Dit is interessant dat tabak en *kruijd* as rookgoed gebruik is. In Adam Tas se dagboek kom verwysings na beide voor. Hy skryf op verskeie plekke van besoeke aan vriende en sê, ... *wij dronken daar eenige glaasjes wijn en smookten enige pijpjes tabak.* By 'n ander geleentheid praat hy van ...*een pijpje dampkruijd* en ook van, ... *'t verbranden*

---

[45] M.K. Jeffreys, Kaapse argiefstukke, Kaapse plakkaatboek, deel 1 1652-1707, p. 260.

[46] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope* ..., deel 1, p. 216.

[47] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, p.585.

[48] M.K. Jeffreys, Kaapse argiefstukke, Kaapse plakkaatboek, deel 1, 1652-1707, p. 342.

van eenige pijpjes smookkruijd ...[49] Dit wil voorkom of pyprook 'n algemene sosiale gebruik was. By kuierpartytjies, waar peusel- en drinkgoed gewoonlik volop was, het die mans gerook ... *met langsteel-erdepype, waarvan in elke huis 'n behoorlike voorraad voorhande was.*[50]

In gevalle waar die diakonie begrafnisse vir armlastiges gereël het, is nie net vir die kis, doodskleed, ensovoorts betaal nie maar ook vir die begrafnismaal. Hierdie maaltyd was 'n erkende gebruik en is aangebied ná die begrafnisgangers van die kerkhof teruggekeer het. 'n Geval is aangeteken waar daar nie net vir die spyse betaal is nie maar ook vir *pypen en tabak.*[51] Pyprook was beslis populêr! Tabak was egter nie die enigste rookgoed nie want pype is ook met *kruijd* gestop. 'n Geregverdigde afleiding is dat hier van dagga sprake is. Dagga was bekend en selfs die kompanjie was skuldig aan handel met dié kommoditeit. Daar was 'n tyd dat die kompanjie 'n monopolie vir die verbou en verkoop van tabak gehad het; ... *maar ze ontzag zich niet om grof geld te verdienen aan de verkoop van 'Dagga' aan de Hottentotten, die daardoor nog dieper zonken.*[52] Die rookgewoonte en die gebruik van tabak het deur die hele 18e eeu voortgeduur en selfs aan die begin van die 19e eeu het die gebruik besoekers spoedig opgeval.[53]

Die gesin groei

Meendert se familie het intussen aangegroei met die toevoeging van 'n dogter, Everdina, wat op 13 Oktober 1697 gedoop is. Sy tree op 21 Januarie 1714 in die huwelik met Heinrich Oswald Eksteen (1678-1747), die Eksteen-stamvader.[54] Eksteen was baie betrokke by plaaslike sake want hy het gedien as lid van die weeskamer en huweliksraad en was ook 'n vuurmeester. Voorts was hy 'n ywerige sakeman wat vir

---

[49] L. Fouché (red.), hersien deur A.J. Böeseken, *Het dagboek van Adam Tas 1705-1706*, In volgorde van aanhalings p. 54, p. 52, p. 170.

[50] S.F. N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 148.

[51] M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap onder die kompanjie 1652-1795", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg.6, 1943, p.20.

[52] F.C. Dominicus, *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner* ..., p. 18

[53] K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., p. 102.

[54] N.G. Kerkargief Kaapstad, G1 13/1,Huweliksregister, 1713 – 1756, p.63.

aansienlike tydperke houer was van die brandewyn- en Kaapse wynpag, asook die vleispag. Hy was ook landbouer en eienaar van plase in die Tygerberg en die Benede-Bergrivier. Daarbenewens het hy ook visserybelange in Saldanhabaai gehad en was die kompanjie se hoofvoorsiener van soutvis. Eksteen was 'n baie vermoënde man.[55] Everdina was Eksteen se tweede vrou in 'n huwelik wat van 1714 tot 1718 geduur het en waaruit drie kinders gebore is. Eksteen is op 19 Februarie 1719 reeds vir die derde keer getroud wat 'n aanduiding gee dat Everdina omstreeks 1718 oorlede is.[56]

In Meendert en Catharina se 1720-testament wat aan die begin van dié hoofstuk aangehaal is, is Catharina Rosina Eksteen, een van die drie Eksteenkinders na wie pas verwys is, 'n erfgenaam. Sy sou saam met Johannes en Catharina (haar oom en tante) f10 000 gulde van die oupa en ouma ontvang.[57] Die ander twee Eksteen kinders, 'n seun en 'n dogter, word nie genoem nie wat die vermoede laat ontstaan dat hulle klein oorlede is.

Meendert en Catharina was geseënd met 'n derde kind – 'n tweede dogter – Catharina. Sy is gedoop op 5 Junie 1707. Op 23 April 1723 tree sy met Cornelis Heufke (ook gespel Heuftkien en Hofke) in die huwelik.[58] Heufke was volgens alle aanduidings 'n boer. Soos ander landsburgers het hy ook militêre verpligtinge gehad, soos uit die volgende blyk: Hy is in April 1716 as vaandrig (vaandeldraer, gewoonlik 'n onder-offisier), in die burgermilisie aangestel.[59] Op 14 April is hy tot luitenant bevorder.[60] Op eie versoek is hy deur die Politieke Raad op 22 Mei 1725 van sy offisierskap onthef.[61]

Van sy boerdery-aktiwiteite is nie veel bekend nie behalwe dat hy ten minste twee plase in die distrik Drakenstein gehad het. Op 21 Julie 1733 word aan hom *in erfpagt*

---

[55] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, voetnoot 56, p. 11; J. Hoge, "Personalia of the Germans at the Cape", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 9, 1946, p. 86.

[56] G.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van ou Kaapse families,* deel 1, p. 192.

[57] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die hooggeregshof, 1721-1725, nr 3.

[58] N.G. Kerkargief Kaapstad, G1 13/1, Huweliksregister, 1713-1725, p.12.

[59] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 5, 1716-1717, p. 68.

[60] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 6, 1720-1723, p. 180.

[61] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, p. 157.

verleend teen vier *schellingen* vir elke morg, net meer as 13 morge vir toevoeging tot sy plaas *Mollenberg,* en net meer as 14 morge om sy plaas, *de Staart van de Paardeberg,* te vergroot.[62] Heufke het ook ander plase op die Kaapse vlakte gehad. In 1729 word hy en een van sy mede-boere, Johannes Swellengrebel, deur droster-slawe van die Hanglip-bende van wie in die volgende hoofstuk meer gesê word, besteel. Dit was egter nog nie die einde van Heufke en Swellengrebel se ellende nie. *Other farms of these two rich men were raided from Table Mountain before a large number of the runaways were captured in Rondebosch ....*[63] Een van die slawe wat gevang is, het aan Heufke behoort. Volgens hierdie getuienis was Heufke een van die ryk Kaapse koloniste. Hierdie getuienis word bevestig deur Cornelis en Catharina se testament wat hulle in April 1744 laat opstel het. Daarin is aansienlik bedrae geld en 'n hele aantal slawe aan die vyf oorlewende kinders bemaak.[64]

Cornelis Heufke is in Augustus 1757 oorlede en in 1761 doen Catharina Cruywagen, ... *widow of the late ex-Commissioner of Civil and Marriage affairs, Cornelis Heufke* aansoek vir 'n passaat na Nederland vir haarself en twee slawe na wie reeds verwys is. Sy is na Zwolle waar sy op 26 Maart 1766 haar testament laat opstel het *en waarvan de opening plaats had te Zwolle op 9 November 1772.*[65] Catharina is dus êrens tussen 1766 en 1772 oorlede en wel in Nederland. Sy benoem in haar testament as erfgename *... Johannes Gerhardus Heuftkien en Cornelis Heuftkien, haar wettige kinderen, wonende op Caap de Goede Hoop ....*[66] Uit Cornelis en Catharina se huwelik is agt kinders gebore, ses seuns en twee dogters.[67] Ten tye van die opstel van hulle testament word slegs vyf erfgename genoem wat beteken dat drie kinders hulle toe reeds ontval het. Met die opstel van Catharina se testament was van die gesin nog net twee seuns in die lewe.

---

[62] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, 1729-1734, p. 299.

[63] R. Ross, *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa*, p. 62

[64] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 2657, Raad van Justisie, nr. 48, 18 April 1744.

[65] Brief van A Drost, Appeldoorn, Nederland, geskrywe aan A.J.D. Cruywagen destyds van Florida, Transvaal op 1 September 1960 (met inligting wat Drost verkry het van die stadsargivaris van Zwolle) en tans in skrywer se besit.

[66] Brief van A. Drost, hierbo aangehaal.

[67] C.C. de Villiers & C. Pama, *Die geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 312.

Die bierbedryf en nog 'n dispuut

Soos reeds vermeld, het Meendert 'n lewe gemaak deur huisvesting aan seelui te verskaf, soos omtrent elke Kaapse huishouding gedoen het. Later het hy ook by die Kaapse drankhandel, wat 'n winsgewende bedryf was, betrokke geraak. Voor daar oor Meendert se drankbelange uitgewei word, is dit nodig dat eers 'n kort beskrywing van die belangrike plek en rol van sekere dranksoorte, en die stand van sake in die destydse drankhandel en drankvoorsiening deur die tappersbedryf, gegee word.

In die opkoms van die Nederlandse handel was lakenstof, 'n hoë kwaliteit geweefde wolmateriaal, by verre die belangrikste handelskommoditeit. Naas die lakenhandel was handel in bier ook omvangryk. Bier, die volksdrank van die inheemse bevolking in Nederland van oudsher af, was reeds teen die middel van die 15e eeu baie hoog op die lys van Nederlandse uitvoergoedere.[68] Dié volksdrank het goeie handelswinste gelewer maar oormatige bierdrinkery het die Nederlanders se aansien geskaad. Die historikus Blok, wys op 'n hele lys van besondere eienskappe wat nie-volksgenote by die Nederlanders bemerk het en waarvoor hulle hoë waardering getoon het. Daarnaas noem hy ook minder goeie volkstrekke wat net so skerp in die oog geval het waaronder ... *haar overhellen tot den drank.*[69] Dit was 'n geneigdheid waaroor ander skrywers hulle ook uitgelaat het, selfs in skerper taal:

> *As a whole the Dutch had the unenviable reputation of being a nation of drunkards, and beer was their favourite tipple – at the breakfast table as well as in the tavern.*[70]

Hoewel die Nederlandse bierproduksie gedurende die agtiende eeu afgeneem het – soos wat verbruikpatrone verander het en meer koffie, tee, wyn en jenewer gedrink is, ... *beer remained supreme and brewing was a mainstay of the Dutch economy.*[71]

Ook in die skeepsvaart, een van die fondamentstene van die Nederlandse ekonomie, het bier 'n belangrike rol gespeel.

---

[68] P.J. Blok, *Geschiedenis van het Nederlandse volk,* deel 1, pp. 604, 609.

[69] P.J. Blok, *Geschiedenis van het Nederlandse volk*, deel 2, p. 92.

[70] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 11.

[71] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 11.

> *Bier was in die dae van lang seereise en die skeurbuik wat daarmee gepaard gegaan het, as 'n noodsaaklike deel van die skeepslading beskou. Dit was essensieel vir die dieet en die behandeling van sekere siektes; veral die suurdeeg in die bier het 'n helende uitwerking gehad.*[72]

Daar is reeds gewys op die gebruik van bier en wyn by die etes op VOC-skepe.

Daar was beide kulturele en ekonomiese kragte agter die kompanjie se voorneme om bierbrouery aan die Kaap op dreef te kry. Die eerste pogings daarmee was bra amateuragtig en onsuksesvol. Verskeie brouers het hulle in die bedryf begewe voordat die broukontrak vir die grootmaat lewering van moutbier in 1694 aan Rutgert Menssink (Mensingh), na wie in die vorige hoofstuk verwys is, toegeken is. Hoewel die brou van bier gespesialiseerde kennis vereis het, was kennis van resepte om drank tuis te brou, redelik algemeen bekend onder die Kaapse inwoners. Tuisgemaakte suikerbier, byvoorbeeld, was danig in aanvraag en 'n groot aantal persone het 'n lewensverdienste gemaak uit die verkoop van dié drank.[73] Die Politieke Raad het besef dat die suikerbier-brouery hulle veel sonde en ergernis op die hals sou haal, veral omdat die moutbierbrouer telkens gekla het dat hy benadeel word. Die reg om suikerbier te verkoop sou voortaan slegs aan weduwees en wese wat behoeftig was, toegestaan word.[74]

Die Cruywagens se aandeel in die drankhandel het vergroot toe Meendert met die veiling van die moutbierpag op 31 Augustus 1706 'n perseel van dié pag vir f3 350 gekoop het. Hy kon voortaan bier in klein maat verkoop.[75] Penn fouteer deur in sy *Rogues, rebels and runaways* op pp. 25, 26 na Meendert Cruywagen as 'n meulenaar te verwys. Hierdie *Jan Mijndertsz Kruijwagen* (Meendert) was 'n vryburger, en die seun van die eertydse meulenaar. In G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707*, p. 52, word 'n lys van vryliede aangegee wat tussen 1657 en 1707 die vergunning gekry het om bepaalde soorte drank, soos aangedui, te verkoop.

---

[72] G.J. Krause, Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die H.O.I.K., p. 117.

[73] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 11 en pp. 12, 13.

[74] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp.124, 125; O.F. Mentzel, *A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope.* (Translated from German by H.J. Mandelbrote), vol. 2, p. 141.

[75] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 131; N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 25.

Op dié lys kom die naam *Jan Meijndertsz Cruywagen (Meendert)* voor en hy het die vergunning gehad om moutbier te verkoop vir die periode 1706-1707.

Om sy tappery aan die gang te kry, het Meendert op 4 September 1706 vier aam bier by die Menssink-brouery by Papenboom in Nuweland gekoop en met twee aam bier teruggery Kaapstad toe. 'n Aam was 'n ou Kaapse inhoudsmaat van naastenby 83 liters en 'n halfaam die helfte daarvan.[76] Die res van sy aankope sou hy later laat haal vir verkoop in die buitegebiede, 'n aanduiding dat Meendert meer as een taphuis besit het. Voordat Meendert egter die tweede vrag laat haal het, het hy eers die Menssink-produk in sy besit geproe. Hy het die bier uiters sleg en skraal gevind en ondersteuning en bevestiging vir sy oordeel gekry van sy gewone klante, lede van die Politieke Raad en selfs die goewerneur W.A. van der Stel.[77]

Lede van die Politieke Raad het nie net van die slegte bier geproe nie, maar het die bierdispuut formeel op 'n vergadering van die Raad verder hanteer. Op 14 September 1706 het voor die Raad gedien,

> *seeker request door den burger en Caabze moutbierpagter, Jan Mijndertsz Cruijwagen ... inhoudende veele klagten tegen die weduwee van den brouwer Rutgert en haar soon Willem Mensink, wegens het slegte en ondeugende moutbier aan hem zedert het aangaan van deze zijne pagt verkogt en geleeverd ....*[78]

Meendert het 'n beëdigde verklaring van 14 persone wat die gelewerde bier sleg en ondrinkbaar gevind het, voorgelê. Hulle het verklaar dat indien beter bier nie voorsien kon word nie, hulle nie verder geld by Meendert se taphuise sou spandeer nie en dat hulle liewer suikerbier sou drink.[79]

Die bierbrouer, dit wil sê die grootmaat voorsiener, was volgens voorskrif verplig om ... *goed deugsaam moutbier te brouwen* ... om aan die pagters, die kleinmaat

---

[76] P.C. Schoonees e.a. (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal,* deel 1, p. 4 en deel 4, p. 39.

[77] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 26; G.J. Krause, Drankpagte..., pp.131, 132.

[78] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, 168-1707, p. 448; G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 131, 132.

[79] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 131, 132.

voorsieners, te lewer.[80] Meendert het betoog dat hy nie bruikbare bier van die brouer ontvang het nie en daarsonder het hy nie kans gesien om sy tappery voort te sit nie. Hy sou ook nie die paggeld ten bedrae van f3 350 kon bybring nie. Die Politieke Raad het Meendert gelyk gegee en besluit om die pag vanaf 8 September af te skrywe en die paghouer daarvan te onthef tot tyd en wyl Menssink aan hom 'n beter produk sou kon lewer. Voorts word drie lede van die Raad benoem om die brouer en sy moeder te ondervra en by 'n latere vergadering verslag te doen oor die ontmoeting.[81]

Die ontmoeting tussen die Raadsafvaardiging en die Menssinks – wat nie eers deur Willem bygewoon is nie – het die saak nie nader aan 'n oplossing gebring nie. Die weduwee Menssink het met *...een heevige passie en beevend ontstelt gelaat, uijt puuren quaadaardige obstinaatheijd voortkomende* ... aangedui dat die bier wat sy aan Meendert gelewer het so goed was as kan kom en dat sy niks beter aan die pagter kon verskaf nie.[82] Wat Gerbregt Menssink wel bereik het, (dit blyk ook uit die verslag van die Raadsafvaardiging) was om almal te oortuig van die *obstinate wrevelmoed en halstarrighijd* ... van die *twistgierige brouweres* en haar seun. Hierdie twee se ingesteldheid en houding kon voornemende pagters afgeskrik het tot nadeel van die kompanjie. Sodanige optrede kon nie deur 'n ... *welgemanierde regeering* ... *getollereert* ... word nie.[83]

Na rype oorweging het die Politieke Raad eenparig besluit om die weduwee Menssink en haar seun te verwittig dat hulle verantwoordelik gehou sou word vir koste en skade wat gespruit het uit hul onvermoë of onwil om *bequaame en deugtsaame* bier aan die Kaapse pagter, Meendert Cruywagen, te lewer. Die *Heeren Majores* in Nederland sou tergelegenertyd van die besluit ingelig word.[84]

Die Menssinks se optrede kan aan 'n ander motief as blote halsstarrigheid en onvermoë toegeskryf word.

---

[80] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 127.

[81] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 132.

[82] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 132, 133.

[83] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, 1681-1707, p. 450.

[84] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, 1681-1707, p. 450.

> *Wanneer die saak noukeurig ondersoek word, wil dit voorkom asof die Mensinghs hierdeur 'n doel wou bereik, naamlik om die pag wat in die hande van Kruijwagen berus het, weereens terug te kry. Hierdie suspisie word versterk wanneer ons verneem dat Willem Mensingh f2 700 aan Kruijwagen vir die pag aangebied het.*[85]

Vanaf 1699 tot 1705 het die familie Menssink behalwe die brouery ook die bierpag (kleinmaat-verkoop) in hande gehad. Die pag is jaarliks aan hulle toegeken sonder dat dit opgeveil is.[86]

Intussen het die Politieke Raad die brouketels wat die kompanjie aan die Menssinks verhuur het, teruggeneem. Aan huurgeld het hulle in 1706 reeds f2 000 aan die kompanjie geskuld. Dit het meegebring dat die Nuwelandse bierbrouery tot stilstand gekom het.[87]

Oud-burgerraad, Theunis Dirksz van Schalkwyk, wat van 1683 tot 1687 houer van die gesamentlike pag was, het in dié stilstand 'n geleentheid gesien en aansoek gedoen vir 'n stukkie grond met *een goede waterloop* om daar 'n brouery op te rig.[88] Die Politieke Raad het geoordeel dat kompetisie goeie besigheid tot gevolg kan hê en het aan die voet van Tafelberg, langs die stroom wat Kaapstad van water voorsien het, 'n stuk grond aan hom toegeken. Of Van Schalkwyk wel sy eie bierbrouery begin het, is nie seker nie.[89]

Al die gebeure het Gerbregt Menssink nie tot stilstand of swye gedwing nie. Op 20 April 1707 het sy 'n beswaarskrif, waarin sy 'n aantal griewe uiteengesit het, aan die Here XVII gerig. Die tydsberekening met die geskrif is nogal betekenisvol. Op 17 April 1707 het goewerneur Willem Adriaan van der Stel saam met ander senior amptenare ontslagbriewe uit die diens van die kompanjie ontvang. Gerbregt Menssink het 'n kans benut om met haar beswaarskrif Van der Stel se aansien 'n verdere knou te gee.[90] Benewens wat sy te sê gehad het oor onbillike pagvoorwaardes en Van der Stel

---

[85] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 133. NOTA: Die spelling Menssink en Mensingh kom biede in geskrifte voor. Menssink word deurgaans gebruik behalwe waar dit in aanhalings anders voorkom.

[86] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 130.

[87] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 130, 131; N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 29.

[88] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 127, en bylaag, pp. 175, 176.

[89] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 133, 134; N Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 29.

[90] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 29, 30.

se optrede om sy ondersteuners te bevoordeel, het sy na Meendert Cruywagen as een van Van der Stel se ondersteuners verwys wat volgens haar ... *a thief and a house breaker* ... was. Sy het verder gesê dat sy hom nie te na wou kom nie maar sy wou gehad het dat die hoë here moet begryp hoe skurke en diewe bevoordeel en eerlike mense onderdruk word. Sy het die verloop van die geskil met Meendert uitgespel en aangedui dat sy van plan was om hom vir skadevergoeding van f5 200 te dagvaar omdat die brouery vir 'n halwe jaar onbenut gestaan het. Sy het voorts gevra dat die gekonfiskeerde brouketels aan haar terugbesorg moet word en dat die reg om bier te tap vir die volgende tien jaar aan haar toegeken moet word, teen f2 000 per jaar.[91]

Die vermetele en aanmatigende versoeke van weduwee Menssink (nadat sy en haar gesin buitengewoon bevoordeel is) het 'n tyd geneem om Nederland te bereik en verdere tyd was nodig vir die oorweging daarvan. Ten spyte van Meendert se gegronde klagtes en die Politieke Raad se bevinding teen die Menssinks, is die pag in 1707 aan hulle toegeken sonder dat dit opgeveil is.

> *Die Politieke Raad het nog steeds op bevele van Here XVII gehandel, naamlik dat alle moontlike hulp aan die Menssink-familie gegee moes word. Tot tyd en wyl Here XVII anders besluit, sou die Menssinks dus die brouery sowel as die pag behou.*[92]

Die Menssinks was die enigste brouers en vanaf 1699 tot 1712 ook alleenhouers van die bierpag behalwe in 1706 toe Meendert Cruywagen die paghouer was en sy dispuut met hulle gevoer het.[93] Die Here XVII het in 1711 eers weer van hulle laat hoor, maar teen daardie tyd was Meendert lank reeds nie meer met die bierpag gemoeid nie.[94]

Hoewel Meendert se 1706-ervaring met die bierpag ontmoedigend was, het hy hom nie totaal aan die drankhandel onttrek nie. Hy was heelwat later, in 1716, 1717 en 1718, houer van 'n perseel in die brandewynpag. Ingevoerde brandewyn, gedistilleerde water en arak (rysbrandewyn) is saam gegroepeer in die brandewynpag.[95] Die eerste brandewyn is aan die Kaap gestook op 19 Mei 1672. Die koksmaat van die skip,

---

[91] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 30.

[92] G.J. Krause, Drankpagte ..., pp. 135, 136.

[93] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag, pp. 177, 180.

[94] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 136.

[95] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag, p. 182.

Pijl, het een 1êer van die slegste Kaapse wyn en nog 'n kwart lêer van ander wyne twee keer gedistilleer, die resultaat was drie ankers brandewyn ... *soo excellent ... als men moghte wenschen.*[96]

Meendert se skoonseun, Heinrich Oswald Eksteen, wat met Everdina getroud was, was vir veertien jaar van 1707 tot 1720, 'n perseelhouer van die brandewynpag en vir drie jaar, 1716-1718, saam met Meendert 'n belanghebbende.[97] Eksteen het ook van 1710 tot 1720 (uitgesonder 1711) persele in die Kaapse wynpag gekoop. As die jare waartydens Meendert pagte gehou het, in ag geneem word en vergelyk word met die jare waarin Eksteen in die drankhandel bedrywig was, kan 'n interessante afleiding gemaak word: Na Meendert se poging met die moutbierpag in 1706, het Eksteen in 1707 'n perseel van die brandewynpag gekoop en so voortgegaan tot 1720. Stamvader Jan se belang in die Kaapse wynpag het in 1709 gestaak en vanaf 1710 het Eksteen weer vir etlike jare persele in die wynpag gehad. Daar kan aanvaar word dat Jan, Meendert en Eksteen saamgewerk het in die verkryging van drankpagte en die bedryf van taphuise reeds voor hulle aangetroude familie geword het. Net een het vir persele gebie, en dit op sy naam laat aanteken.[98]

Dié vermoede van goeie samewerking word versterk as gelet word op 'n versoek wat op 9 Februarie 1717 voor die Politieke Raad gedien het. Daarin vra drie van die pagters van *vaderland se brandewijnen en gedistileerde wateren,* waaronder Cruywagen en Eksteen vir die aankoop van sterk drank uit die kompanjie-kelders. Daar was 'n tekort aan sterk drank en die gevaar het bestaan dat hulle ... *haare tapneeringe tot groote schade soude moeten* [laat] *stille staan.*[99] Omdat die vierde pagter se behoeftes nie bekend was nie, word 'n beslissing uitgestel totdat al vier gesamentlik kon aandui hoeveel drank hulle nodig gehad het – so is verseker dat een pagter nie bo die ander bevoordeel word nie.[100]

---

[96] G.J. Krause, Drankpagte ..., p. 113.

[97] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag vir jare soos aangedui; G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 5, 1716-1719, p. 207 en p. 300.

[98] G.J. Krause, Drankpagte ..., bylaag vir betrokke jare, pp. 117, 180.

[99] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 5, 1716-1719, p. 135.

[100] G.C. de Wet, Resolusies ..., p. 135.

Op Woensdag 10 Februarie 1717 het Meendert, Eksteen en die derde pagter persoonlik voor die Politieke Raad verskyn. Hulle het gerapporteer dat hulle die vierde en afwesige paghouer nie tot 'n besluit kon beweeg nie en het die feit benadruk dat dit tot almal se nadeel sou wees as daar nie aan hulle versoek voldoen word nie.[101] Na ernstige oorweging het die Politieke Raad besluit om die pagters nie langer ledig te laat sit nie en om aan elkeen ... *Een legger te presenteeren voor hondert rijkxdd.* Die vat was by die prys ingesluit.[102] Nodeloos om te sê dat die aanbod so aanvaar is.

Willem Adriaan van der Stel – die burgerstryd

Toe Simon van der Stel in Februarie 1699 as goewerneur uitgetree en hom op sy landgoed Groot Constantia gevestig het, is hy deur sy vyf-en-dertigjarige seun, Willem Adriaan, opgevolg. Gedurende die agt jaar van die nuwe goewerneur se bewind het etlike betekenisvolle gebeure plaasgevind, gebeure wat die verloop van die geskiedenis van die Kaapse nedersetting verander het. Die vernaamste was die vinnige uitbreiding van die veeboerdery en die gespanne verhouding tussen die burgers en die amptenare wat later breekpunt bereik het. Hierdie omstandighede het die totale klein bevolking van die Kaapse gewes nie onaangetas gelaat nie.

Na 'n verkenningstog na die binneland het goewerneur Willem A van der Stel aangekondig dat plase in die Land van Waveren (omstreke van die huidige Tulbagh) beskikbaar was en het die eerste burgers hulle daar gevestig teen die middel van 1700 met weilisensies wat aan hulle uitgereik is. *Ook word nuwe buiteposte dieper die land in gestig en, ondanks sy vader se raad moedig Van der Stel die vryburgers aan om veeboere te word.*[103] En so verdien hy ... *miskien die titel van Vader van die Veeboer-pionier.*[104] Die verbod op veeruil met die Khoi-Khoin wat sedert 1658 bestaan het, is

---

[101] G.C. de Wet, Resolusies ..., p. 137.

[102] G.C. de Wet, Resolusies ..., p. 137; Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C 40, Politieke Raad, 10 Februarie 1717.

[103] A.J. Böeseken, "Simon van der Stel", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* deel 2, p. 802.

[104] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 121.

vervang deur 'n plakkaat (regeringsdekreet) van kommissaris Wouter Valkenier op 28 Februarie 1700 wat veehandel met die inlandse mense oopgegooi het.[105]

Toe Willem Adriaan van der Stel aan die Kaap gekom het, het die meeste amptenare grond besit en geboer. Die verbod van 1668, wat bepaal het dat amptenare geen grond mag besit nie, was dus 'n dooie letter.[106]

In 1700 het voorgenoemde kommissaris, Wouter Valckenier, 400 morg in Hottentots-Holland, oos van die teenswoordige Somerset-Wes, aan die goewerneur geskenk. Hierdie plaas wat *Vergelegen* genoem is, is later op onbehoorlike wyse vergroot na 613 morg terwyl die gemiddelde plase van vryburgers maar 60 morg was.[107]



'n Voorstelling van Vergelegen, Willem A. van der Stel se landgoed. (Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.)

Die boerderybedrywighede waarmee kompanjiesamptenare hulle besig gehou het, het spoedig die vryburgers se bestaan as produsente begin bedreig. Toe daar boonop deur die goewerneur met die toekenning van die wynpag ingemeng is, het die oplaaiende ontevredenheid onder die boerende deel van die bevolking breekpunt bereik. Hoewel

[105] G.M. Theal, *Willem Adriaan van der Stel and other historical sketches,* pp. 191, 193.

[106] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 45, 46.

[107] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 46.

die vryburgers gekla het oor die gedrag van die hoofamptenare, was die meeste van hulle klagtes teen W.A. van der Stel en sy broer, Frans van der Stel, gerig.

> *Veral Goewerneur met sy uitgestrekte wingerde, vrugteboorde, koringlande en buiteposte, slegte maniere en eie-magtige optrede, heb- en skraapsug het hulle as 'n gevaar vir die Kaapse samelewing beskou.*[108]

Voorts word gekla oor die slawe, knegte en bekwame vakmanne wat die goewerneur op kompanjieskoste op sy plaas gebruik het. Veranderinge in die pagkondisies vir wyn en vleis het die vryburgers verder ontstel. Die nuwe pagters was geheel van die goewerneur afhanklik en omdat hy en so baie amptenare 'n belang in die handel met produkte gehad het, het die afsetmoontlikhede van die koloniste nog verder gekrimp.[109]

So te sê die hele termyn van Willem Adriaan van der Stel was 'n periode van vyandighede in Europa. Dit was die era van die Spaanse Suksessie-oorlog met Nederland en Engeland as bondgenote teen Spanje en Frankryk, wat van 1702 tot 1711 geduur het. Aanvalle op Nederlandse skepe het gereeld voorgekom en 'n aanval op die Kaap was nie uitgesluit nie. In hierdie gevaarvolle tye was Van der Stel van twee tot ses weke nie op sy pos nie maar op Vergelegen besig. Oor hierdie blatante pligsversuim is harde woorde oor Van der Stel uitgespreek. Theal het onder andere gesê dat, al was daar nie ander klagtes teen hom nie, was sy versuim om in sulke dringende omstandighede nie met die belange van die inwoners en die kompanjie besig te wees nie, totaal onverskoonbaar. *Many a governor has lost his head for crimes less glaring than his reckless neglect of duty for the sake of private interest.*[110]

Henning Hüsing (kom ook voor as Huijsing), een van die ryk en invloedryke inwoners, het intussen die vleispag verloor. Hy en sy neef, Adam Tas, het in die geheim 'n klagskrif opgestel wat deur 63 vryburgers onderteken is, onder wie 31 Hugenote. Die klagskrif is aan Abraham Bogaert, skeepsarts van die retoervloot van 1706, oorhandig wat dit op sy beurt aan die Here XVII besorg het. Met dieselfde vloot het Van der Stel in Maart 1706 'n getuigskrif na Nederland gestuur waarin hy sy eie voorbeeldige gedrag

---

[108] A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders,* p. 187.

[109] A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders,* p. 188.

[110] G.M. Theal, *Willem Adriaan van der Stel and other historical sketches*, pp. 215, 216.

geloof het. Hierdie dokument het 240 handtekeninge, waaronder die name van slawe en bannelinge en 'n groot aantal kruisies van ongeletterde, of moontlik versinde ondertekenaars, ingesluit.[111]

Intussen het Van der Stel teen die teenparty onder die burgers begin optree. Adam Tas is onder arres geplaas; ander is in die *donker gat* in die kasteel ingekerker en vier vermeende belhamels, onder wie Henning Hüsing, is gevang en na Nederland gestuur.[112]

Die Here XVII se beslissing op die vryburgers se klagskrif het nie lank uitgebly nie. In 'n brief van 30 Oktober 1706 (wat die Kaap eers op 17 April 1707 bereik het) word Van der Stel beveel om na Nederland terug te keer en so ook etlike van die hooggeplaaste amptenare onder wie ds. Petrus Kalden wat ... *gansch geen werk van de godtsdienst* gemaak het nie en hom ... *meer met zijne landerijen dan met zijn predikstoel bemoeit* het.[113] Frans van der Stel, die goewerneur se broer, is uit al die gebiede van die kompanjie verban. *Al die ander amptenare is kategories belet om grond te besit of handel te dryf – dus 'n algehele oorwinning vir die vryburgers.*[114]

Hierdie sege van die vryburgers het die bewys gelewer dat hulle terdeë in staat was om in die behoeftes van die vlote, die hospitaal en die garnisoen te voorsien.

> *Die Kaap sou nie, soos die Kompanjie se besittings in die Ooste, telkens deur 'n nuwe geslag amptenare gekoloniseer word nie, maar bewoon word deur blankes wat 'n blywende tuiste op die vasteland van Afrika gevind het.*[115]

'n Treffende kenmerk van die beweging teen die goewerneur was die eendragtigheid waarmee die landbouers opgetree het. Hollanders, Franse en Afrikaners het die stryd

---

[111] A.J. Böeseken, "Henning Hüsing", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 4, pp. 261-263; F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961, pp. 12, 24.

[112] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 48.

[113] L. Fouché, *Het dagboek van Adam Tas* ..., voetnoot 107, p. 80.

[114] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 48.

[115] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 50.

begin en dit saam deurgevoer.[116] Hierdie eenheidsoptrede was egter tot die boere, die ontevrede produsente, beperk want skynbaar het die stryd teen die goewerneur die mense van die Kaapse Vlek koud gelaat.

> *In deze beweging hadden de stadsburgers, de herbergiers en kosthuishouders, die in't stadje om't Kasteel een parasities bestaan zochten – hoegenaamd geen aandeel. Met de boeren hadden zij niets gemeen, want zij leefden, als echte parasieten, 'van God en de Vreemdeling' Het welzijn van't gemene best, het goed recht der kolonisten, dat ging hun niet aan.*[117]

Hierdie gesigspunt word ook deur die historikus, Eric Walker, aangespreek. Hy wys daarop dat die Here XVII deur die Van der Stel-gebeure verontrus is en besluit het om nie meer immigrante na die Kaap te stuur nie. Die getalle-wins onder die ongeveer 1700 vryburgers was voortaan deur natuurlike aanwas. *Hence the importance of this handful of Europeans to the future of South Africa was far greater than their numbers warranted.*[118] Die bevolking was in drie groepe te onderskei; die dorpsmense van die Kaap; die graan en wynboere van die Bergrivier-vallei, anderkant die sandvlaktes van die Kaap, dit wil sê dié boere wat die amptenare-kliek suksesvol teengestaan het en die beesboere wat al ver anderkant die berge gestaan het. Elkeen van die drie groepe het hul partikuliere belange en opvallende kenmerke gehad; en *their characteristics became still more marked during the two generations of isolation and dispersion which followed the fall of the van der Stels.*[119]

Vanuit die voorgaande gesigspunt kan gevra word na die verhouding tussen Meendert Cruywagen en goewerneur Willem Adriaan van der Stel. Daar moet aanvaar word dat almal in die klein Kaapse gemeenskap mekaar geken het. By die kerk is skouer geskuur; by die bou en inwyding van die nuwe kerk was almal nou betrokke; dan was daar die jaarlikse drankpagveilings wat die goewerneur en sy raadslede verplig was om by te woon. Dit is ondenkbaar dat die goewerneur nie vir Jan en Meendert op die jaarlikse pagveilings raakgeloop, gesels en saam gekuier het nie.

---

[116] L. Fouche, *Het dagboek van Adam Tas* ..., p. 388.

[117] L. Fouche, *Het dagboek van Adam Tas* ..., p. 390.

[118] E. Walker, *The history of South Africa*, p. 69.

[119] E. Walker, *The history of South Africa*, p. 69.

Meendert het die goewerneur betrek by sy dispuut met die Menssinks oor die slegte en byna ondrinkbare bier wat hulle in September 1706 aan hom gelewer het. Meendert se klagtes oor die swak diens is deur die Politieke Raad bespreek en hy is van sy pagverpligtinge onthef. Die verskyning van vertoëmakers met bepaalde versoeke voor die goewerneur en die Politieke Raad, soos Meendert Cruywagen en Eksteen vir die aankoop van brandewyn, was 'n algemene gebruik.

Gerbrecht Menssink se bewering dat Meendert 'n ondersteuner van Willem Adriaan van der Stel was, moet bevraagteken word. Meendert en ander het rede gehad om die goewerneur te wantrou oor sy inmenging in die pagverkope. Meendert het blykbaar nie kant gekies nie want hy het nie die burgerklagskrif teen Van der Stel of die goewerneur se selfopgestelde getuigskrif onderteken nie. Dit was seker die veiligste uitkoms vir 'n persoon wat hom skaars tien jaar aan die Kaap bevind het en volgens alle aanduidings suksesvol in die drankhandel bedrywig was. As stadsburger, herbergier en tapper, en volgens Leo Fouché van die *echte parasieten,* het Meendert geen aandeel in die Willem Adriaan van der Stel-saga gehad nie – buiten as onverbonde toeskouer.

Na sy afsetting het Willem A. van der Stel nog vir 'n jaar aan die Kaap gebly. Daar moes gewag word op die retoervloot om hom en sy gesin na Nederland te neem. Op 23 April 1708 het die retoervloot van daardie jaar Tafelbaai verlaat met die afgesette goewerneur, die sekunde en die gemeenskap se predikant aan boord.[120] Die vertrek van 'n vloot was nie so 'n opwindende gebeure as sy aankoms nie. Hierdie vloot met sy besondere passasiers het egter heelwat aandag getrek. Onder die burgery was daar verligting en vreugde oor 'n Kaap sonder Willem Adriaan van der Stel en sy intieme meelopers; onder sekere amptenare weer 'n gevoel van verlies oor 'n weldoener wat hulle onregmatiglik ruimte gegun het om die streng handelbepalings van die kompanjie tot eie voordeel te omseil. Op die kaai was verseker ook Cruywagens-toeskouers; dit was nie aldag dat soveel hoë afgedanktes die Tafelbaaise kus verlaat het nie.

[120] G.M. Theal, *Willem Adriaan van der Stel ...,* p.247.

Afloop van die stryd

Die Van der Stel-kwessie en twis is nie net op ekonomiese terrein gevoer nie, ... *ook die skippie van die Christelike kerk, wat so intiem met die volkslewe verbonde was,* het *die gevaarlike golwe van broederhaat en skeuring moes trotseer.*[121] Uit kerklike kring was daar 'n stormvoël wat verdere onmin gesaai het, ds. Engelbertus Franciscus le Boucq. Van huis uit was Le Boucq 'n Rooms-Katoliek wat sy priesteropleiding in 'n klooster in die Suidelike Nederlande geniet het. Toe sy geloof in die leerstellinge van Rome begin wankel het, het hy van België na Holland verhuis en in Dordrecht as prediker vir 'n groep Hugenote-vlugtelinge opgetree. 'n Benoeming in die kerk in Oos-Indië het hom in 1702 na Batavia gebring maar hy het geen beroep gekry nie omdat hy hom reeds dáár allerlei skerp uitlatings veroorloof het. Op eie versoek is hy na die Kaap gestuur waar hy teen einde Maart 1707 aangekom het juis toe daar met spanning gewag is op die Here XVII se beslissing in die Van der Stel-saak. Waar ds. Le Boucq oorspronklik veronderstel was om die gemeente Drakenstein te bedien, het hy dit egter so bewerk dat hy ds. Kalden van Kaapstad se medeleraar geword het.[122]

In hierdie tyd het die tyding die Kaap bereik dat die anti-Van der Stel-party deur die Here XVII in die gelyk gestel is en dat die goewerneur, saam met ander amptenare, waaronder ds. Kalden, na Nederland teruggeroep is. Ds. Le Boucq het aanvaar dat hy Kalden se opvolger moes word en om in die guns van die groep aan die wenkant te kom, het hy hom met felheid in die stryd gewerp en die kole van twis en skeuring opnuut aangeblaas. Uiteindelik het die vuur binne die kerkmure byna erger as in die raadskamer van die kasteel gewoed.

Le Boucq het aan die Klassis van Amsterdam geskryf oor misbruike wat volgens hom op elke terrein van die kerklewe bestaan het. Hy het ds. Kalden en ds. Beck van Stellenbosch aangekla en beweer dat hy laasgenoemde nie as kollega erken het nie en sê dat hy ... *nie die pousdom verlaat het om dit hier in Afrika opnuut met Beck as sy biskop te kom invoer nie.* Hy het oorhoops gelê met die Politieke Raad en het sy pligte gestaak toe hulle hom vir een diens in sy amp gestuit het. Hy het hieroor 'n hernude

[121] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 30.

[122] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 31.

aanslag op alles en almal gewaag totdat hy ... *in Januarie 1708 deur die Politieke Raad gelas is om met die eerste geleentheid na Batavia te vertrek en sy saak daar verder te voer.*[123] Voor sy vertrek het Le Boucq 'n skrywe aan die Raad van Justisie gerig waarin hy beweer het dat hy *in syn ampt eenige* (d.w.s. geen) *valsiteijt of trouloosheijt heef gepleegd* en dat sulke beskuldigings hom nie ten laste gelê moes word nie.[124] Dit is nie duidelik of die regsliggaam 'n uitspraak gelewer het oor Le Boucq se leersuiwerheid en of hulle sy skrywe onbeantwoord gelaat het nie.

Le Boucq het sy aanhangers gehad, dié manne wat teen die vorige bewind gekant was en hom nou as 'n verontregte en martelaar beskou het. Toe ds. Johannes Godefridus d'Ailly (ook D'Aily), die opvolger van ds. Kalden, in Februarie 1708 aan die Kaap geland het, *was die gemeente* (nou maar 130 lidmate) *nog in twee taamlik driftige partye verdeel.* Teen 1710 het daar egter 'n algemene rustigheid ingetree en teen 1713 het die lidmaattal bo verwagting op 170 gestaan.[125] Ds Le Boucq het in die Ooste sy rustelose bestaan voortgesit. Hy was vir 'n tyd predikant op die eilandjie *Onrust* by Batavia. Op 57-jarige ouderdom het hy in Nederland 'n doktorsgraad in die regte ontvang. Hy is terug na die Ooste en lê in Batavia begrawe.[126]

Of die Cruywagens in die kerktwis ook onverbonde was, is nie duidelik nie. Nêrens word hulle as prominente rolspelers genoem nie. Saam met ds. d'Ailly en die res van die gemeente was hulle seker ook maar dankbaar dat rustiger tye aangebreek het en dat die kerklike lewe kon voortgaan tot welsyn van almal.

Dit was egter nie net op kerklike gebied waar rustigheid moes terugkeer nie. Dit was ook die moeilike taak waaraan Joan Cornelis D'Ableing, wat as goewerneur moes waarneem, hom moes toewy. Hy het op 6 Mei 1707 in die Kaap aangekom en op 3 Junie by Willem A. van der Stel oorgeneem. Toe Louis van Assenburg op 1 Februarie 1708 die bewind as goewerneur oorgeneem het, het D'Ableing as opperkoopman en

---

[123] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 32.

[124] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C J5, Raad van Justisie 1709-1717, p.3.

[125] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., pp. 30, 43.

[126] H.C. Hopkins, *Die moeder van ons almal* ..., p. 42.

sekunde aangebly. Dit blyk egter dat hy nie met die nuwe gesagvoerder oor die weg kon kom nie en op 4 Julie 1710 het hy afgetree en kort daarna na Batavia vertrek.[127]

Interne gisting en volksvorming

Betreffende die uitkoms en nawerkinge van die koloniste se stryd teen goewerneur W.A. van der Stel is nog 'n enkele verwysing gepas. Leo Fouché sluit sy redigering van *Die Dagboek van Adam Tas* af met die volgende uitspraak,

> *De navorser die in onze geschiedenis zoekt na de eerste sporen van politieke leven onder de kolonisten, naar de eerste kiemen van een nationaal bewustzijn, zal ze zonder enige twijfel vinden in de beweging van 1705. Het is de belangrikste politieke gebeurtenis tijdens 't bestuur der Compagnie.*[128]

Dit is een van die uitsprake in 'n groot soektog deur die loop van die geskiedenis om die identiteit en bestemming van die Afrikaner gedurende die tydperk van sy volkswording te definieer. Volgens G.D. Scholtz in sy werk, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1 1652-1806 en meer bepaald hoofstuk 8, *Die wording van die Afrikaanse volk,* en F.A. van Jaarsveld in sy *Wie en wat is die Afrikaner?* het 'n veelheid faktore die ontwaking van 'n nasionale gevoel en die besef van 'n aparte volksbestaan by die Afrikaner in die hand gewerk. Verdere gesigspunte hieroor word ook gegee deur H. Giliomee.[129]

Van Jaarsveld dring seker tot die kern van die vormingsfaktore deur as hy sê, *Veel van die houding en aard van die Afrikaner kon verklaar word uit sy grens-ervaring as pionier vir bykans 250 jaar.*[130] Hierby sluit die bevinding van N. Penn direk aan waar hy ook klem lê op die grens-ervaring. Hoewel landsuitbreiding en die al verder verskuiwing van grense wat deur die trekboere gelei is, 'n "natuurlike" proses was, was

---

[127] G.J. Schutte, "Joan Cornelis D'Ableing", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, p. 156.

[128] L. Fouche, *Het dagboek van Adam Tas* ..., p. 390.

[129] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die* Afrikaner, deel 1, p. 160 e.v. & F.A. van Jaarsveld, *Wie en wat is die Afrikaner*, p.1 e.v; & H. Giliomee, "Voëlvlug van 'n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar," *Historia*, 46(1) Mei 2001, pp. 7, 12.

[130] F.A. van Jaarsveld, *Wie en wat is die Afrikaner?*, p. 27.

dit nie maklik nie en soms inderdaad tragies. *But it was in triumphing over tragedy and natural hardship that a distinctive nation rose – the Afrikaner.*[131] *Grens* word hier meer bepaald gebruik in die sin van *voorpos* of *baanbrekersone* met voortbrengsels soos individualisme, selfstandigheid, selfvertroue, gehardheid, ondernemingsgees, demokrasie en nasionalisme.[132] Die *grens-ervaring* word ook deur C.C. Nepgen in sy *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekende,* beklemtoon.

> *Die Afrikaner is vir 'n groot deel van sy samestelling die produk van 'n kompleks van invloede wat op hom ingewerk het in sy afsondering in die binnelande van Suid-Afrika.*[133]

Scholtz wys op 'n verdere belangrike feit: *'n Volk is 'n geestelike eenheid,* [en daar is] *'n aantal faktore wat 'n klomp mense sodanig beïnvloed dat hulle 'n geestelike eenheid kan word.*[134] Die Kaapse samelewing het ten tye van die afloop van die Van der Stel-woelinge net meer as vyftig jaar bestaan. Dit was beslis 'n te kort tyd om 'n betekenisvolle geestelike eenheidsband onder die vry bevolking te kweek; veral ook as in gedagte gehou word dat die plattelanders en die dorpsbewoners nie geesgenote in die stryd was nie en die blanke bevolking van die kolonie ... *'n bonte mengelmoes van heterogene bevolkingselemente.*[135]

In die jare van die Van der Stel-episode het die Kaapse hoofplek buitendien geen rol in die vorming van 'n onderskeidende volksgemeenskap gespeel nie.

> *Kaapstad, die kroeg van die see, het jare lank 'n kosmopolitiese stad gebly. ... Vir die nuwe, eg-Afrikaanse produk wat daar op die platteland ontstaan het, het die middelpunt van die beskawing weldra iets uit die vreemde geword, waar hulle nie tuis gevoel het nie.*[136]

---

[131] N. Penn, *The northern Cape frontier*, p. 6.

[132] M. Boucher, "The frontier and religion", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1968,* deel 2, pp. 4, 101.

[133] C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekende*, p. 52.

[134] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1, 1652-1806, p. 185.

[135] P.J. van der Merwe, *Trek,* p. 89.

[136] P.J. van der Merwe, *Trek,* p. 91.

Die bande wat die binnelandse boere aan die dorp en sy omgewing gebind het, het mettertyd verslap.

> *Dit het nie die verspreiding van die koloniste in die binneland regstreeks in die hand gewerk nie, maar daardeur is vrye teuels gelaat aan die middelpunt vliedende kragte wat die veeboere gedurende die pioniersperiode dieper die land ingedryf het.*[137]

Nuwe goewerneurs

Die stryd teen Willem van der Stel het pas afgeloop en die afgesette goewerneur was nog aan die Kaap toe Louis van Assenburg die bewind op 1 Februarie 1708 van waarnemende goewerneur D'Ableing, oorgeneem het. Almal se oë was op hom gerig om die ontevredenheid onder die burgers te laat afneem en om toe te sien dat die amptenare hulle by die opdragte van die Here XVII gehou het. Dit het spoedig uit verslae van hoë toesigamptenare geblyk dat veral die owerhede in Batavia nie baie ingenome was met Van Assenburg se onbeslistheid en sy persoonlike lewensstyl nie. Hy was ongetroud en sy flankeerdery met vroue van twyfelagtige sedes, en sy liefde vir ligsinnige vermaak, het aanstoot gegee. Wyl die Kaap 'n algemene indruk van verwaarlosing gegee het, het die goewerneur sy verjaarsdae met luisterryke feesverrigtinge en vuurwerke gevier. Dit is te betwyfel of daar onder sulke omstandighede 'n band van toegeneentheid tussen die goewerneur en die burgery gegroei het. Agt maande voor sy dood op 27 Desember 1711 het Van Assenburg bedlêend geword. Hoewel 'n beoordeling van sy kort regeringstyd nie baie positief is nie, het Van Assenburg tog daarin geslaag om die Kaapse burgery tot 'n mate met die kompanjie se gesag te versoen.[138] Dit ly geen twyfel nie dat Jan en Meendert Cruywagen wel persoonlik met goewerneur Van Assenburg geskakel het. Jan het sy eis om die herstel van sy goeie naam en eer in sy saak teen Olof Berg, direk aan die goewerneur gerig. By sittings van die Raad van Justisie, voor wie hierdie eis in 1711 en 1712 gedien het, is dit onwaarskynlik dat Jan nie met die goewerneur kennis gemaak en gesprek gevoer het nie. Dit was ook die geval met Meendert se betrokkenheid by van die drankpagte en veral tydens die jaarlikse opveiling van die pagte waar die goewerneur, volgens voorskrif van die Here XVII, teenwoordig moes gewees het.

---

[137] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 112.

[138] A.J. Böeseken, "Louis van Assenburg", C.J. Beyers (red,), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 4, p.710.

In hierdie ondersoek sal die name van goewerneurs genoem word, *nie om aan hulle betekenis te gee wat hulle nie toekom nie, maar omdat hulle 'n kronologiese reeks vorm, wat vir verwysingsdoeleindes nuttig kan wees,* om Gie se woorde te herhaal.[139] Deur hulle te noem, word die kontinuïteit nie verbreek nie maar die hele ontwikkelingslyn van mense in aksie, ook die gewone landsburger, weergegee.

Alhoewel die burgers die gesag van die kompanjie aanvaar het, hoe teësinnig ookal, was daar aan die Kaap gedurende die agtiende eeu weinig spore van samewerking tussen burgers en amptenare te vind. Die hewige twis tussen grondbesittende burgers en die vernaamste amptenare wat aan die begin van die eeu in die tyd van Willem A. van der Stel gewoed het, het wantroue geskep wat maar nie wou wyk nie. Besoekende kommissarisse het deurgaans probeer om die spore van bitterheid tussen burgers en amptenare te verwyder en 'n nuwe opflikkering van die stryd te verhoed.

Met die aankoms van kommissaris Joan Simons in 1708 in Tafelbaai het die vuur van tweedrag nog gesmeul. Burgers het hulle in die oorwinning verlustig en dit selfs triomfantelik vertoon soos Van der Heyden, een van die toonaangewende leiers in die stryd teen Van der Stel, in 'n spot-rympie op sy voorhek gedoen het. Dit is in opdrag van kommissaris Joan van Hoorn met 'n verfkwas deurgehaal. Die uiterlike spore van die stryd het wel langsamerhand verdwyn, maar *die innerlike betekenis van die oorwinning wat die burgers oor die amptenare behaal het, was egter teen die end van die 18de eeu nog merkbaar.*[140] Die burgers het ten spyte van hulle oorwinning hulle waaksaamheid nie vir 'n oomblik verslap nie. Die instruksie van 26 April 1668, dat amptenare nie grond mag besit of bewerk nie, is nadruklik deur die Politieke Raad herhaal. Hieroor was die amptenare ontevrede en het dadelik toestemming gevra om 'n tuintjie te mag hê waarin groente vir eie gebruik gekweek mag word. Kommissaris Simons was die amptenare hierin ter wille en het die bewindhebbers daarop gewys dat daar geen groente- of vrugtemark in die Kaapse Vlek was nie en versoek die bewindhebbers dat die amptenare 'n *gering stukje lands of thuÿn mogten besitten.* Vir

---

[139] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., deel 1, p.156.

[140] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 7, 1944, p.25.

amptenare was dit moeilik om produkte in die hande te kry want sekere burgers het geweier om vrugte of gewasse aan amptenare te verkoop. Nieteenstaande Simons se voorspraak het die Here Meesters die versoek van die hand gewys.[141]

Regulasies teen grondbesit deur amptenare was streng maar in die toepassing van die voorgeskrewe reëls was daar dikwels groot leemtes. Moontlik was daar 'n gevoel dat die bewindhebbers die amptenare onbillik behandel het en daarom dat die doelbewuste oortreding van die regulasies spoedig weer voorgekom het. In 1716 het oud-burgerraadslede en offisiere uit die burgermilisie sonder die medewete van die Politieke Raad 'n klagskrif aan kommissaris Abraham Douglas, wat toe die Kaap besoek het, oorhandig. Douglas het die klagtes dat aan kompanjiesdienare weer *considerable landerÿen* toegestaan was en dat hulle produkte verkoop het, na Amsterdam deurgestuur. Hoë amptenare soos die landdros, die sekretaris van die Politieke Raad en ander was die aangeklaagdes. Daar is dadelik opgetree, gronde teruggeneem en die sekretaris is ontslaan.[142]

Na hierdie tweede nederlaag het die amptenare weer versoek om tuingrond te mag besit. Hulle moes wag tot in Julie 1721 toe hulle vergun is om tuine van tot twee morg groot te bewerk.

> *Hoewel dit later wel voorgekom het dat amptenare in besit van groter tuine was, as deur die regulasies toegestaan, het hulle dit tog nooit weer gewaag om op groot skaal te boer nie.*[143]

Soos vroeër aangedui, het die Cruywagens geen rol gespeel in die stryd teen Willem A. van der Stel nie. Toe die gebeure wat so pas geskets is, afgespeel het, was hulle reeds goed gevestigde vryburgers en grondbesitters wat skade sou ly indien amptenaar-boerderye in kompetisie met hulle sou opereer. Daar kan aanvaar word dat hulle deel

---

[141] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 26, 27.

[142] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 27-29.

[143] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p.29.

was van die waaksame burgery wat maklik sou kla veral wanneer daar 'n besoekende kommissaris aan die Kaap was. Behalwe persoonlike versoeke van allerlei aard is ook petisies en klagskrifte van algemene belang deur burgers aan kommissarisse oorhandig. Daar is byvoorbeeld gekla dat groter laste op hulle gelê is weens stygende kostes terwyl die kompanjie minder vir hulle produkte betaal het. Daar was onder andere die betaling van een riksdaalder maandeliks vir weilisensies en aksyns van een riksdaalder vir elke lêer wyn wat geproduseer was. Daarteenoor het die kompanjie een riksdaalder minder per mud boontjies of ertjies betaal en ook minder vir koring. 'n Ossewa wat vroeër f180 gekos het kon in 1716 nie vir minder nie as f300 gebou word.[144] Op 'n dag is 'n versoekskrif wat deur 12 graanboere onderteken is en waarin hulle gekla het oor die lae pryse van *tarwe* (koring) asook *jaarliks vele onkosten aan smits, wagenmakers, onderhouding van slaaven en verlies van deselve*, aan kommissaris Douglas oorhandig.[145] Die uitkoms van die versoekskrif, wat na Nederland gestuur is, was bedroewend: graanpryse is nie verhoog nie, ander finansiële beletsels is nie verlig nie en die bewindhebbers het hulle verontskuldig deur te sê dat dit nie die kompanjie se skuld was nie *dat eenige ingeseetenen aldaar arm, andere daar en tegen schatryk worden.*[146]

Die gees van onrus en wantroue wat voortgespruit het uit die botsing tussen burgers en amptenare het met wisselende intensiteit voortgelewe deur die loop van die agtiende eeu. Namate die ekonomiese probleme van die kompanjie toegeneem het, het die teenstrydige belange van die burgers en die amptenare skerper na vore getree, soos sal blyk uit die verdere verloop van gebeure soos dié rustelose eeu gevorder het.

Waar die meer gevestigde deel van die boerderygemeenskap en hulle betrokkenheid by belangrike ontwikkelinge geskets is, is daar 'n ander deel van die boerebevolking wie se bydrae nie minder belangrik was nie en aandag vra. Dit is hulle wat veral weens die

---

[144] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p.33, ook voetnoot 46 op p.32.

[145] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p.33, ook voetnoot 46 op p.32.

[146] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p.33.

beperkte markte die veeboerdery gekies het en sodoende die snelle uitbreiding na die binneland bevorder het.

Die veeboerdery brei uit – Meendert se aandeel

Meendert Cruywagen het deel gehad aan die vooruitskuiwe van grense en die skep van voorpossones in die binneland; daar waar volkstrekke en -oortuiginge onder die druk van allerlei omstandighede stadigaan vorm aangeneem het. Dit is egter te betwyfel of Meendert met goeie reg onder die "parasieten" ingedeel kan word want hy het nie bloot ten koste van ander 'n bestaan gemaak nie. Feit is dat hy ook by die boerdery betrokke geraak het. Teen die tyd dat hy hom op daardie terrein gewaag het, het die boerderybedryf egter reeds weens owerheids-manipulasie 'n ontstuimige ontwikkelingsgang deurloop. Vir hulle wat dit aan die begin van die agtiende eeu in die bedryf gewaag het, was daar heelwat meer moontlikhede en beter vooruitsigte as wat vir die eerste vryburgerpioniers beskore was. Die verloop van sake in die landbou word vervolgens kort en oorsigtelik geskets.

Die akkerbou, en veral die kweek van graan, kon maar nie goed op dreef kom nie. Allerlei probleme het veral die graanbou erg aan bande gelê. Die belangrikste beletsels en struikelblokke het gewentel om lae pryse. Die eerste petisie deur die vryburgers oor die prysprobleem het reeds in 1663 voor die Politieke Raad gedien.[147] Voorts was arbeid skaars en soldate-arbeiders wat van die kompanjie "geleen" is, was swak en duur. Voeg hierby die wispelturigheid van die Kaapse klimaat en die venynige suidoostewind wat vele kere net voor oestyd die koringkorrels uit die are gewaai het en menige belowende opbrengs in 'n misoes omskep het.[148] Veronderstelde graanprodusente het, benewens vir enkele gunstige jare, soms nie eens hulle eie broodkoring geproduseer nie. Daar was jare dat hongersnood gedreig het en groot hoeveelhede rys ingevoer moes word – tot groot wrewel en teensinnigheid van die kant van die kompanjie.[149]

---

[147] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842,* pp. 4, 5.

[148] P.J. van der Merwe, *Die trekboer*..., pp. 5, 6.

[149] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p. 10.

In 1679, sowat 20 jaar na die vestiging van die eerste vryburgers was die akkerbou steeds nie 'n voorkeurbedryf onder die vryburgers nie en het 'n hoë beampte verklaar dat uit die 62 burgerfamilies waaruit die nedersetting toe bestaan het, nouliks 22 as akkerbouers in die regte sin van die woord beskou kon word.[150]

Van die vryburgers wat nie 'n bestaan uit die landbou kon maak nie is terug na Nederland en enkeles het versoek om weer in kompanjiediens te tree. Ander het bakkers, slagters en vissers geword, of hulle tot ambagte soos skoenmakers, smede, timmermans, kleremakers en houtsaers gewend. Die meeste van hierdie mense het digby die fort gaan woon. As dorpsbewoners was baie van hulle nie 'n aanwins nie en deur hul ledigheid, bedelry en dronkenskap het hulle gou 'n baie slegte naam verwerf. Al hierdie dorpsbewoners het 'n tweede beroep beoefen deur losieshuise aan te hou. Pogings om van hierdie dorpenaars op die land te kry, het misluk. Die akkerbou was onpopulêr en het onpopulêr gebly.[151]

Gedurende die regeringstyd van Simon van der Stel het die uitbreiding na Stellenbosch en Drakenstein geskied om die akkerbou te bevorder en dit het mettertyd vinnig vooruitgegaan. Die vordering was tewens so goed dat voor Simon van der Stel se uittrede die produksieprobleem in 'n afsetprobleem, weens oorproduksie, verander het.[152]

Sommige boere wat nie hul eiendomsgrond verkoop het of dit nie bewerk het nie, het wel op die platteland gebly.

> *Op Stellenbosch en Drakenstein was daar nie geleentheid om losieshuise te hou of smokkelhandel met die skepe te drywe nie. Maar soos die stad vir sommiges wat nie hul lewens as akkerbouers kon of wou maak nie, bestaansmoontlikhede gebied het, het die binneland met sy goeie weivelde, fabelagtige wildrykdom, en veeryke inboorlinge vir ander 'n uitkoms gebied. En voor die end van die agtiende eeu het die eksodus van die jagter-trekboere na die binneland al begin.*[153]

---

[150] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p. 12.

[151] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 12, 13.

[152] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 18, 19.

[153] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 19, 20.

Nog voor Simon van der Stel se bewindsaanvaarding was daar reeds vryburgers wat uitsluitlik met skape en beeste geboer het. Die eerste weilisensies was ook al uitgereik aan mense sonder eiendomsgrond. Van der Stel het nie gehou van die ontwikkeling van die veeboerdery as selfstandige bedryf nie, dit moes 'n by-bedryf, 'n soort aanvulling, by die akkerbou bly. Die vryburgers kon nie hulle vee op die klein eiendomsplasies behoorlik aan die lewe hou nie. Tog het die regering nie vir die verkryging van partikuliere, dit wil sê privaat of persoonlike weiregte, voorsiening gemaak nie. Die voorsiening van gemeenskaplike weiding, vir die gebruik van almal, wat in Nederland in swang was, is ook aan die Kaap toegepas.[154] Toe die veeboerdery as selfstandige bedryf, los van die akkerbou gedurende die laaste jare van die 17e eeu ontwikkel het, het 'n stelsel van partikuliere weiregte baie wenslik geword. Onuitgegewe kroongrond in die onmiddellike omgewing van die nedersetting kon gemeenskaplik deur die koloniste gebruik word.[155] Die reg op gebruik van kompanjiesweiveld was gekoppel aan die besit van eiendomsgrond. Van der Stel het bepaal dat vryburgers wat vee aangehou het 'n vaste erf of plasie moes besit. Hy wou ook nie gehad het dat veebesitters op soek na weiding vir langer as agt dae van hul plase af moes wegtrek nie. Die goewerneur se pogings het niks gehelp nie en intussen het die belangstelling in die veebedryf toegeneem en het die veeboere goed daarmee gevaar.[156]

> *Volgens die opgawes van 1692, wat ongetwyfeld veels te laag opgegee is, het Henning Huising destyds nie minder as 5 300 skape besit nie, terwyl verskeie ander boere meer as 1 000 gehad het en kuddes van 500 'n doodgewone ding was.*[157]

Willem Adriaan van der Stel was, in teenstelling met sy pa, 'n groot veeboerpionier. Hy het pas na sy diensaanvaarding plase met eiendomsreg uitgegee in die Land van Waveren, die teenswoordige Tulbaghvallei. Hierdie plase was bedoel vir akkerbou. Die toekenning van weilisensies, wat die behoefte aan weiding in die bewoonde

---

[154] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p. 63.

[155] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p. 65.

[156] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p.60.

[157] P.J. van der Merwe, *Die trekboer*..., pp. 20, 23.

gebiede moes aanvul, het die uitbreiding van die Kaapse gebied nog verder verhaas. 'n Menigte plakkate wat veeruil met die Khoi-Khoin verbied het en veeboere wou verhoed om te ver met hulle vee te gaan staan, is teruggeroep. Die plakkate teen veeruil is tussen 1658 en 1680 sestien keer her-afgekondig, wat daarop dui dat die voorskrifte selde gehoorsaam is en totaal ondoeltreffend was om die veeboerpionier in sy voortgang te stuit.[158] Die vryburgers wat in 1657 gevestig is, sou na drie jaar alle bewerkte grond as eiendomsplase ontvang. Soms is grond ook vir gelewerde diens in eiendom gegee. Later is leningsplase vir tuinbou of vir veeweiding gratis toegeken.

Op 3 Julie 1714 is die betaling van rekognisiegeld ingestel. Diegene wat veeweiding in lening wou verkry, moes 'n rekognisiefooi van rds.6 vir ses maande en rds.12 vir een jaar betaal. Hierdie betaling moes geskied vóór lisensiebriewe by die sekretaris van die Politieke Raad geregistreer sou word. Indien 'n persoon op so 'n toegekende leningsplaas sou saai, moes hy 'n tiende van die graanopbrengs afgee. Die rekognisiegeld is in 1732 verhoog tot rds.24 per jaar.[159] Daar is later na weiregte wat toegeken is soos hier beskrywe, verwys as leningsplaas-ordonnansies. Soms is daar met nuwe toekennings inbreuk gemaak op 'n ordonnansiehouer se regte. Dit is gewoonlik na 'n ondersoek reggestel as 'n nuwe aansoeker 'n bestaande ordonnansiehouer benadeel het en is die nuwe toekenning ingetrek.[160]

Die rekognisiegeld was 'n erkenning dat besitreg by die heer van die gebied, dit wil sê die kompanjie, berus het. In 1732 is ook die *erfpagstelsel* ingevoer wat veeboere in staat sou stel om stukke grond aangrensend aan die leningsplaas vir vyftien jaar in erfpag te besit. Die nuwe stelsel het te min voordele gehad om die leningsplaasstelsel te vervang.

Die aankoop van die plaas, Maastricht, in 1703 is reeds in die vorige hoofstuk aangeraak asook die redes waarom aanvaar kan word dat Meendert die eienaar van die plaas was. Meendert moes die voorneme gehad het om Maastricht in 'n spogplaas te ontwikkel en wanneer later na die aangetekende inligting in die opgaafrolle gekyk

---

[158] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 53, 59.

[159] G.C. Visagie, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806,* p.82.

[160] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 82, 83.

word, het hy wel deeglik daarin geslaag. In 1721 het Meendert Maastricht (60 morg) vir f12 000 en die plaas Roosboom (61,550 morg) vir f3 000 aan sy seun Johannes verkoop[161] Die aanname dat hy vanaf 1721-1722 van sy bedrywighede begin afskaal het, word al duideliker. Meer word oor Maastricht en ander plase in die volgende hoofstuk gesê.

Vanaf 1703 is die eerste geregistreerde weilisensies uitgereik. Word die eerste weilisensies met die jaarlikse opgawes (opgaafrolle) vergelyk, blyk dit dat veral persone wat reeds op eiendomsplase gevestig was, weilisensies aangevra het en dat die tydsduur van die vergunnings verskil het van tussen drie maande tot 'n jaar. Die besit van eiendomsgrond was steeds die voorvereiste vir veeboerdery. *Die eerste weilisensies was dus sporadiese vergunnings om in tydelike en verbygaande behoeftes te voorsien.*[162] Die lisensies was nie bedoel vir ekstensiewe veeboere wat geen eiendomsgrond besit het nie en teen die begin van die 18e eeu was daar al sulke veeboere wat op eie houtjie in die binneland rondgeswerwe het. Hulle het eers 'n paar jaar later weilisensies begin uitneem. Die ontwikkeling van ekstensiewe veeboerdery het meegebring dat daar langsamerhand uit die stelsel van weilisensies 'n vaste vorm van grondbesit vir boere sonder eiendomsgrond ontwikkel het.[163] So 'n weilisensie het nie 'n definitiewe plek aangedui waar die boere hulle vee kon laat wei nie. Dit het slegs 'n vae aanduiding van 'n lokaliteit bevat.[164]

Aangesien 'n weilisensie nie duidelik omskrewe weigebiede aangedui het nie, het 'n weilisensie 'n veeboer nie aan 'n plek gebind nie en as weiding skaars geword het, of te veel boere in sy nabyheid kom "posstaan" het, soos dit bekend was, het hy eenvoudig sy vee na 'n ander plek verskuif. Weens dié rondtrekkery het veeboere aanvanklik nie van veeposte hul permanente tuistes gemaak nie. Met die verloop van tyd en weens verskeie omstandighede is veeposte meer gereeld bewoon en word gevind dat tydelike weilisensies gereeld hernu is. Na gelang veeboere rekognisiegeld begin betaal en bepaalde veeposte blywend bewoon het, het die gebruik om aan verskillende boere in

---

[161] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book...*, p.97

[162] P.J. van der Merwe, *Die trekboer...*, p. 68.

[163] P.J. van der Merwe, *Die trekboer...*, p. 68.

[164] P.J. van der Merwe, *Die trekboer...*, p. 68.

dieselfde vaagomskrewe omgewing weiregte te verleen, stadigaan verdwyn. Gaandeweg het dit 'n vasstaande gebruik geword om aan elke lisensiehouer 'n definitiewe en meer duidelik omskrewe plek aan te wys waar hy met sy vee kon gaan wei. Dit het heel vroeg 'n gewoonte geword om die leningsplaas 'n naam te gee en stadigaan het die name aan die medeboere en die regering bekend geraak en was daar groter orde in die vestigingspatroon.[165]

Daar kan gerieflikheidshalwe gesê word dat veeposte waarop weilisensies gehou is geleidelik vanaf 1714, toe rekognisiegeld gehef is, leningsplase geword het. Een van die maatstawwe wat die regering by die toekenning van nuwe leningsplase gebruik het om te verseker dat die gevestigde ordonnansie-houer nie benadeel sou word nie, was die afstand tussen die opstalle. 'n Afstand van een uur stap tussen twee opstalle is as 'n geskikte minimum-ruimte beskou.[166] Daar is gevalle waar plase verder van mekaar geleë was en waar een boer, as hy twee plase in lening gehad het, gebruik gemaak het van vyf tot ses ure loopruimte tussen twee punte, waar hy eintlik op slegs twee geregtig was.[167]

Meendert Cruywagen, *vrijlandbouer,* is op 31 Maart 1706 deur goewerneur Willem A. van der Stel gemagtig om vir ses maande in Groenkloof met sy vee *te mogen leggen, en laaten wijden.*[168] Hierdie vergunnings vir die bepaalde weigebied was deurgaans op voorwaarde dat niemand anders reeds daar gevestig was en dat die begunstigde niemand sou hinder nie. Meendert het hierdie vergunning telkens laat hernu tot 1712.[169] Op 10 Januarie 1712 word ook 'n aansoek van hom toegestaan om met vee vir drie maande te gaan staan *agter den graauwe heuvel,*[170] die omgewing van die huidige

---

[165] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 69, 75.

[166] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 83, 84.

[167] A.J.H. van der Walt e.a. (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p.121.

[168] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1712, p.146.

[169] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1712, p.254, p.278.

[170] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1712, p.332. Dr Dan Sleigh, skrywer van *Die buiteposte,* het in Oktober 2002 in 'n persoonlike mededeling gesê dit dui op die huidige Mitchellsplein-omgewing.

Mitchellsplein. Op 28 November 1712 kry Meendert toestemming om vee te laat wei in die Kaapse duine.[171]

Die pokke-epidemie van 1713

Die trek dieper die binneland in kon selfs vroeër en vinniger geskied het as dit nie was vir die gevaar wat die Khoi-Khoin aanvanklik ingehou het nie, maar ook hulle kon nie vir lank die trek van die veeboere na die binneland keer nie.

> *Terwyl die blankes se getalle aangegroei het, het die mag van die Hottentotte gaandeweg verminder. Hul onderlinge oorloë asook die aanvalle van die Boesmans, het baie hiertoe bygedra, maar ongetwyfeld het die siektes wat die witman dikwels na die Kaap gebring het en waarteen die Hottentotte onbeskerm was, ook baie gehelp om hul getalle uit te dun.*[172]

Die Khoi-Khoin se getalle is reeds in 1665 en in 1674 deur die uitbreek van siektes verminder. In 1687 volg weer 'n soort koors wat hulle in groot getalle afgemaai het. Die siektes, pas genoem, was van plaaslike oorsprong. Toe volg die pokke-epidemie, 'n 'ingevoerde' siekte, wat die Kaap in Maart van 1713 getref het en waarin die dood geen perke geken het nie. Niemand van die bemanning van skepe wat daardie tyd in Tafelbaai vasgemeer het, het die pokkevirus gehad nie maar die virus het in die vuil wasgoed op een van die skepe geskuil. Slawe-wasvroue van die kompanjie wat die wasgoed hanteer het, het siek geword en van hulle af het die siekte vinnig versprei. Daar is bereken dat 'n derde van 'n geskatte bevolking van 2 000 binne tien maande omgekom het.[173] Hospitaalfasiliteite om die siekes te behandel was swak. Van die 500 kompanjieslawe is 200 binne ses maande dood. Die Khoi-Khoin is die ergste getref. In Februarie 1714 het 'n groepie uit die omgewing van Piketberg by die kasteel aangekom en versoek dat vier nuwe kapteins aangestel moes word in die plek van die wat pokkeslagoffers was. Hulle het berig dat beswaarlik een uit tien van hulle stamgroep die epidemie oorleef het.[174] 'n Paar baie ligte uitbrake, soos dié van 1748 (ook met

---

[171] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 2, Ontvanger van landinkomste, 1712-1714, p.27.

[172] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p. 34.

[173] R.S. Viljoen, "Disease and society: VOC Cape Town, its people and the smallpox epidemic of 1713, 1755, and 1767", *Kleio...*, no. 27, 1995, pp. 26, 27.

[174] R.S. Viljoen, "Disease and society...", *Kleio...*, pp. 27, 28.

wasgoed van oorsee gebring) het voorgekom maar geringe skade aangerig. Onder die Khoi-Khoin het selfs die name van stamme verdwyn want hulle is omtrent heel uitgewis, die eenheid tussen stamme is verwoes en die nasionale gevoel van die ras totaal vernietig.[175] In die Kaapse Vlek het hele blanke families omgekom en mense is sonder doodskiste begrawe omdat hout vir dié doel opgeraak het.[176]

Daar is gelukkig niemand van die klein Cruywagen-familie oorlede nie. Daar is geen melding van 'n sterfgeval opgespoor nie en sterfdatums wat bekend is, val buite die tyd van die pokke-epidemie. 'n Rede vir dié gelukkige omstandighede mag wees dat die twee families toe moontlik nie voltyds in Kaapstad gewoon het nie maar buite die stad op een van die plase waar die besoedelingsgevaar so te sê afwesig was.

Gesondheidsorg, siektes en geneesmiddels

Benewens die periodieke uitbreek van pokke-epidemies, was daar ook ander ongesteldhede en omstandighede wat vir die Kaapse inwoners lewensbedreigend was en ongevalle meegebring het. Daarom is dit nodig dat gelet word op die gesondheidstoestande aan die Kaap, op siektes wat meer algemeen voorgekom het en op geneesmiddels en behandelingsmetodes. Hoewel die oorgrote meerderheid van die klein Kaapse bevolking Christengelowiges was, was daar ook (soos selfs in moderne tye) elemente van oergelowe, wat eenvoudige mense se denke en optrede beïnvloed het, teenwoordig. Die religieuse denke van 'n volk vorm 'n magtige stuk van sy kultuur-geskiedenis soos in die inleidende hoofstuk aangedui is. Daar is egter ook die volksgeloof (te onderskei van die geloof van 'n volk) en die volkswetenskap, 'n onderkultuur en substraat van die kultuur, wat nie misgekyk mag word nie.[177]

---

[175] G.M. Theal, *History of South Africa since 1795,* pp. 475, 476; C.E.G. Schutte, "Dr John Philip's Observations regarding the Hottentots of South Africa", *Archives year book for S.A. History*, third year, 1940,, part 1, p. 153.

[176] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope ...,* pp. 216, 217.

[177] P.W. Grobbelaar, "Volksgeloof", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur*, deel 6, *Boerewysheid*, vooraf & p. 3.

Vir die VOC was die gesondheid van sy amptenare, ter see en op land, van die uiterste belang. Sterftes onder die bemanning van skepe was ongelooflik hoog. Vir die mediese sorg van hierdie mense is *chirurgijns* op skepe en by vestigingsplekke aangestel. Dit moet nie met die hedendaagse chirurg verwar of gelykgestel word nie, want 'n *chirurgijn* was 'n geneesheer met onvolledige bevoegdheid, sonder universiteitsopleiding met slegs 'n leerjongtydperk van drie tot vier jaar. Hulle is opgelei in bloedlaat (om bloed af te tap deur 'n aar te open), in die behandeling van wonde, en die aanbring van verbande, om ledemate te spalk, tande te trek en om allerlei salwe en poeiers te meng.[178]

Die chirurgyns in die kompanjie se diens het ook nie almal dieselfde rang of status gehad nie. Op 'n 1750-lys van kompanjiesamptenare kom onder die hoof, *De Geneeskunst*, die name van 11 beoefenaars van dié beroep voor. Hulle is ingedeel in *oppermeester, tweede oppermeester, chirurgijn* en *ondermeester*. Die laaste naam op die lys is die van die *apothecer* wat hom ook by die geneeskundiges bevind het.[179] Onder die kompanjies-"geneeshere" was daar in 1750 dus niemand met 'n kwalifikasie hoër as die van chirurgyn nie.

Die eerste hospitaal was 'n ruimte in die fort. In Simon van der Stel se tyd is 'n hospitaal aan die bergkant van die Heerengracht naby die kompanjiestuin gebou – dit is in 1696 voltooi.[180] Goewerneur Van Plettenberg het in 1772 die hoeksteen vir 'n nuwe hospitaal gelê maar met die Britse oorname in 1795 was dit nog nie behoorlik voltooi nie.

Die kompanjieshospitaal het slegs siek amptenaar, matrose, soldate en kompanjieslawe behandel. Vir armlastiges het die diakonie gesorg.

> *For ordinary burghers and the poorer servile population, access to medical care was clearly not a right, but a privilege ... ordinary people were generally responsible for their own health and treatment when*

[178] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 17.

[179] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 44, Verbatimkopieë, p. 4.

[180] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 17.

> *sick. Only the wealthy of Cape Town could really afford the services of a surgeon and proper medical treatment. Moreover, with very few doctors available in Cape Town, medical care was very expensive.*[181]

Gedurende veral die 17e eeu was die behandeling en voorkoming van siektes *more closely allied to life afloat than ashore*. Die meeste sterfgevalle op land het voorgekom as gevolg van geweld, aanvalle deur wilde diere, verdrinkings en alkoholisme. Verder het wonde en breuke, longontsteking, tuberkulose, geslagsiektes, keel- lewer- en oogontsteking algemeen voorgekom.[182] Dit is te verstane dat met die aanwesigheid van honderde en by tye selfs duisende matrose en soldate dit met heelwat onordelikheid, rumoerigheid en gewelddadigheid gepaard gegaan het. Dat geweld as oorsaak van baie ongevalle en dood genoem word, kom dus nie vreemd voor nie. Gevegte met messe, waarvoor die Nederlanders destyds berug was, het dikwels voorgekom. Matrose het maklik 'n mes 'getrek' en sy opponent daarmee gesteek terwyl soldate gewoonlik 'n degen of rapier gebruik het.[183] Daar is by geleentheid gerusstellend gerapporteer dat, met die verloop van die 18e eeu, die aantal aanrandings wat uit dronkenskap voortgespruit het, aan die afneem was.

Die algemene geloof was dat siektes veroorsaak is deur gifstowwe in die liggaam en dat dit verhelp kon word deur bloedlaat, purgeer- en braakmiddels. Dan is daar verder gedokter met poeiers, druppels, pleisters en die aftreksels van plante waarvan veral die boeremense baie geweet het.[184] Boegoe-blare en 'n aftreksel daarvan by 'n bietjie brandewyn het vir rumatiek gehelp en sommer die maag versterk. Hotnotsvy was die middel teen buikloop en vir brandplekke. As purgeer- en braakmiddel was niks beter as dawidswortel nie en as trekpleister is droë, fyngemaalde spaansvlieg gebruik. Baie van die kennis oor die helende waarde van plante is van die Khoi-Khoin verkry. Van die behandelinge, ook die gebruik van diere-uitwerpsels – skaap-, bok- en dassiemis – het op bygelowe berus en was min werd.

---

[181] R.S. Viljoen, "Disease and society: VOC Cape Town, its people and the smallpox epidemics of 1713-1755 and 1767", *Kleio..., no* 27, 1995, p. 43.

[182] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 18.

[183] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 140.

[184] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 18, pp. 18, 19, pp. 20, 21.

Soos ander families het Jan en sy huisgenote vir mindere ongesteldhede en kwale hulle seker gewend tot van die medikamente en preparate wat algemeen in gebruik en redelik beskikbaar was – veral middels van plantaardige oorsprong. Dit is natuurlik ook nie uitgesluit nie dat hulle preparate wat met bygelowe verband gehou het, gebruik en aangewend het. Alles dui daarop dat Jan en later sy kinders van die redelik bemiddelde inwoners aan die Kaap was. Vanuit dié bevoorregte posisie was hulle, anders as baie van hulle mede-Kapenaars, instaat om vir die dienste van 'n chirurg te betaal indien daar ernstige siekte was.

'n Duitse geneesheer wat hom aan die Kaap gevestig het, dr. Johan Friedrich Häsner, het in 1793 'n mediese handboek, *Huiselijke Geneeskundig Handboek* geskrywe maar dit is nooit gepubliseer nie. Hy het hom in 1804 by die Caledonse warmbron gevestig.[185] Sodanige bronne met hulle helende waters was 'n gewilde besoekplek vir bekwaaldes uit die hele Kaapse samelewing.

Vanaf die vroegste tye het die vroedvrou ("vroedmoeder" of "wijze vrouw") 'n onmisbare plek in die gemeenskap ingeneem. Aan die Kaap het die VOC vroedvroue, wat deur "geneeshere" geëksamineer is, aangestel. Alle vroedvroue was nie goed onderleg nie en baie vroue het by kindergeboorte gesterf. Die sterftesyfer onder pasgebore babas was baie hoog – nie net aan die Kaap nie maar wêreldwyd.[186]

Word die aanwas van die Cruywagens in ag geneem – veral later toe verskeie van die afstammelinge groot gesinne gehad het – moet "vroedmoeders" 'n groot rol gespeel het met die geboorte van baie van die nakomelinge. In hoofstuk vyf word aandag gegee aan die groot gesin van Gerhardus Hendrik Cruywagen en sy vrou Cornelia Sophia Ehlers. Van die 18 kinders wat hulle in die wêreld gebring het, het vyf klein of redelik jonk gesterf. Dit gee die gesin 'n oorlewingsyfer van 72% wat hoog was vir daardie tyd

---

[185] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 20.

[186] J.C. Pretorius, "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries", *South African Journal of cultural history*, no. 1, January 1984, p. 19.

en getuig van die bekwame diens van vroedvroue en/of chirurgyns wat Gerhardus-hulle bevoorreg was om te kon bekostig.

R.S. Viljoen wat geskrywe het oor die pokke-epidemies aan die Kaap het die volgende stelling gemaak:

> *Cape Town was not an ideal place to live during the latter half of the eighteenth century. It was a colonial city constantly plagued by various diseases, and together with the more densely populated eighteenth century European and Latin American cities ... Cape Town was one of the unhealthiest cities in the world at that time.*[187]

As die gesonde Kaapse klimaat in gedagte gehou word, en die feit dat die dorpie aan die voet van Tafelberg beswaarlik as digbevolk beskrywe kon word, wil dit voorkom of die voorgaande stelling baie oordrewe kan wees. Toenmalige dorpsmense, ook van die Cruywagens, sou so 'n uitspraak oor hulle blyplek nie geredelik aanvaar het nie.

Dit is waar dat alles in die hawedorpie nie in orde en sindelik was nie. Ten spyte van sy strategiese belangrikheid vir die kompanjie was die Kaapse Vlek 'n onbenullige en afgeleë klein stadjie, 'n stadjie wat van *algemene verwaarlosing, verslonsing en armoedigheid* getuig het. 'n Eertydse goewerneur-generaal, Joan van Hoorn, het in 1710 al 'n verdoemende oordeel oor die Kaap uitgespreek toe hy hier aangedoen het op weg na Batavia. Hy was verontwaardig oor die fisiese toestand van die kasteel, pakhuise en ander owerheidsgeboue. Sy vrou het selfs onvleiende opmerking oor die goewerneurswoning en ander blyplekke binne die kasteelmure gemaak.[188]

Jagters en voertuie

Suid-Afrika met sy diererykdom en -verskeidenheid was vanaf die Nederlandse vestiging aan die Kaap 'n jagtersparadys. Die koloniste was algemeen gesproke almal jagters, mense wat in die moederland vertroud geraak het met gewere en op hierdie bodem volop oefening gekry het in die voortdurende stryd teen wilde diere. Hulle

---

[187] R.S. Viljoen, "Disease and Society...,", L. Twyman (et al) (ed.),, *Kleio* ..., no. 27, 1995, p. 44, 45.

[188] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 150.

skerpskuttersvermoë is verder verbeter deur die gereelde milisie-oefeninge op Stellenbosch. Die omstandighede was in allerlei opsigte gunstig en die jag op wild het gou gewild geword.[189] Die koloniste het die gewoonte ontwikkel om die land met waens in te gaan om vir die onderhoud van hulle families en slawe grootwild te gaan jag.[190] Teen 1656 byvoorbeeld was seekoeie in die nader omgewing van die nedersetting al só uitgeskiet en verjaag *dat die koloniste 8, 10 tot 12 dagreise ver – selfs tot aan die Olifantsrivier – moes gaan voordat hulle van die gewilde spek in die hande kon kry.*[191] Waar die pioniers op die grense deur die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis as't ware van jag gelewe en hulle vee vir die mark gespaar het, is daar in baie gevalle ook gejag vir die plesier wat daaraan verbonde was. Simon van der Stel het met jagters nog minder simpatie gehad as met die veeboere. Wat hom betref, was vleis wat met seekoeijag bekom was duur en dat *het schieten deser beesten meer tot een uitspanning als tot voordeel by die vrijluiden gepracticeert werd.*[192]

'n Onvermydelike gevolg van die uitgebreide jagtery was dat dit die wild vinnig laat verminder het. By die regering het die vrees begin ontstaan dat die wild totaal uitgeroei gaan word. Gevolglik is daar beperkings op jagaktiwiteite geplaas en is jag sekere tye van die jaar verbied. Op 13 Oktober 1687 het Simon van der Stel 'n plakkaat uitgevaardig met allerlei voorskrifte aan jagters. Daar word pertinent onder die aandag gebring: *NB September, Oktober, November, Xber* [Desember] *verboode maande om te schieten enige wild* [en] *gevogelte wegens de broeij tyd.*[193] Die koloniste was verplig om lisensies uit te neem en die name wat in die wildskutboeke aangeteken is, toon hoe gewild jag onder alle lae van die Kaapse gemeenskap was. Die name van onder andere Henning Hüsing, Frans van der Stel, ds. Petrus Kalden, Olof Berg (kaptein van die garnisoen), Samuel Elsevier (die sekunde), ook die name van burgerrade, landdroste, die boekhouer en die winkelier word daar gevind. Dié here moes lief gewees het vir jag want hulle name het dikwels voorgekom.[194]

---

[189] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1721, p.19.

[190] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie,* p.43.

[191] P.J. van der Merwe, *Die trekboer ...,* pp. 43, 44.

[192] P.J. van der Merwe, *Die trekboer ...,* p. 45.

[193] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1712, p.19.

[194] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, R.L.R. 1, Ontvanger van landinkomste, 1687-1712, in volgorde van die name, p.21, p.56, p.98, p.99, p.108.

Dit is beswaarlik nodig om te sê dat baie van die plakkate wat jag verbied het, kragteloos was en dikwels geïgnoreer is asof hulle nie bestaan het nie.

> *Veral bepaalde vorme van wetsoortreding wat nie met die volksetos strydig was nie, het nogal dikwels onder die pioniersbevolking voorgekom. Al het die wet dit verbied, het hulle gejag op wild, smokkelhandel met die Hottentotte gedrywe, en met hul vee oor die grense getrek om weiveld te gaan soek. En hulle het dit gedoen sonder dat hulle die skuldige gevoel gehad het dat hulle 'n misdaad begaan het.*[195]

Toe wild skaarser begin word het, moes die jagters al verder die land intrek. Die seekoeijagters het die riviere gevolg en het in die jare tagtig van die 17e eeu al so ver as die Olifantsrivier gegaan. Teen die end van voorgenoemde eeu was die populêrste jaggebiede in die rigting van Groenkloof, Riebeekkasteel, in die omgewing van die Klein Bergrivier en Roodezand. Dié gebiede is aanvanklik net deur jagters besoek maar op hulle spore het spoedig die veeboere gevolg. Die jagters was voorlopers vir die veeboere want in die begin van die 18e eeu is die eerste weilisensies uitgereik in gebiede wat teen die end van die vorige eeu deur jagters besoek is.[196] Daarom is dit nie te verwonder nie dat Meendert Cruywagen, sy skoonseun, H.O. Eksteen en later sy seun, Johannes, weilisensies in van die voorgenoemde gebiede en verder noord in die rigting van St. Helenabaai en die Bokkeveld uitgeneem het. As die gewildheid van jag in ag geneem word, sou dit uiters vreemd gewees het as Meendert-hulle nie ywerig aan jag deelgeneem het vir die voorsiening van vleis aan hulle eie huishoudings, hulle knegte en slawe op die veeposte nie en heel moontlik vir die ontspanning wat dit gebied het; en waarom vir jaglisensies aansoek doen as so baie ander hulle ook nie aan die owerheidsvoorskrifte gesteur het nie?

Die klein Kaapse nedersetting moes van die grond af opgebou word sonder 'n enkele element van wat in moderne tye as infrastruktuur bekend staan. 'n Vervoerprobleem is reeds ondervind met die aanvoer van materiaal vir die bou van die fort. Die gebrek aan

---

[195] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., p.44.

[196] P.J. van der Merwe, *Die trekboer* ..., pp. 46, 47.

infrastruktuur moes eenvoudig oorkom word maar die proses was stadig en moeitevol en vervolgens word beskrywe hoe daar gevorder is.

Jan van Riebeeck het geen rytuie of vragwaens met hom saam na die Kaap gebring nie. Kruiwaens wat met die bou van die fort gebruik is, was nie geskik vir swaar vervoer nie. Houtbalke wat van die gestrande *Haarlem* (1647) herwin is, kon weens hulle gewig nie vervoer word nie. Van Riebeeck het op Maandag 20 Mei 1652 in dié verband geskryf dat hulle *carren soude moeten maacken gelijck wij oock voornemens sijn*[197] en dat die "karre" hoofsaaklik gebruik kon word om sout te karwei wat die invoer daarvan onnodig sou maak. Die eerste kar is nie lank daarna nie gebou, 'n tweewielvoertuig wat oorspronklik deur slawe getrek is en waarmee hout van agter Tafelberg gehaal is. Intussen is trekgoed ontwikkel wat die trekwerk deur osse moontlik sou maak en vervoerwerk sou vergemaklik.

Met die instel van die vryburgers in 1657 en in daaropvolgende jare was meer waens nodig. *Die smid en die timmerman was waarskynlik in die begin die wamakers, aangesien geen sodanige vakman saam met Van Riebeeck gekom het nie.*[198] In 1657 was daar reeds *twee wagenmakers* wat weens slegte paaie en teen groot koste vir die kompanjie voortdurend aan stukkende waens *werck sij te repareren.*[199] Daar word voorts gesê dat vryburgers se waens nie meer op kompanjieskoste gerepareer sou word nie. Met die loop van tyd en soos die aanvraag vir waens toegeneem het, het die getal wamakers en vakmanne in verwante steunbedrywe – smede en skrynwerkers – ook gegroei. Alles denkbaar is met waens vervoer, ook siekes en gewondes, want waens was die algemene vervoermiddel.

Met die eerste ekspedisies na die binneland is van pakosse gebruik gemaak. Die eerste ekspedisie wat van 'n wa gebruik gemaak het, het op 2 November 1658 onder leiding van vaandrig Jan van Harwarden en 17 soldate van die fort vertrek. Sy wa, getrek deur

---

[197] D.B. Bosman & H.B. Thom (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck,* deel 1, p.37.

[198] J. Malan *Rytuie van weleer,* p.19.

[199] D.B. Bosman & H.B. Thom, (reds.), *Daghregister* ..., deel 2, p.205.

ses osse, was gelaai met geskenke vir die Cochoqua-kaptein, Oedasoa, asook ruilmiddels om beeste te bekom.[200]

Soos wat die nedersetting uitgebrei het, het waens paaie in baie rigtings oopgetrap na nuwe vestigingsgebiede en die kompanjie se buiteposte. Ekspedisies na die binneland is nie meer met pakosse onderneem nie maar met waens. Simon van der Stel se reis na Namakwaland in 1685 was 'n omvangryke onderneming met die goewerneur se koets, agt karre en agt waens, met nog ses vryburgers en hulle waens, in die konvooi.[201]

Die eerste waens wat aan die Kaap gebruik was, was gebou volgens die Nederlandse wa-tradisie wat aan die plaaslike wamakers bekend was. Ervaring het spoedig geleer hoe die ligte waens aangepas en verbeter moes word om die ruwe Suid-Afrikaanse oppervlaktes sonder paaie, te kan trotseer. Hollandse *boerewagens* wat in 'n stadium ingevoer is, het nooit gedeug nie. Hierdie waens, wat vir 'n plat en gelyk wêreld bedoel was, het byvoorbeeld geen remstelsel gehad nie. Aan die Kaap moes swaargelaaide houtwaens se spoed teen bergsteiltes af beheer word deur *altijt enige sware tacken ...agter de wagens* aan te sleep. Later was dit die gebruik om balke in plaas van takke te gebruik en so die balke nader te bring aan die plekke waar hulle benut kon word.[202] Die takke en balke was die voorgangers van die remskoen en die wabriek.

Vir ander voertuie as waens was daar aan die Kaap beperkte gebruiks- of ontwikkelings moontlikhede. Die klein bevolking en die gebrek aan paaie was die vernaamste beperkende faktore. Die gebrek aan begaanbare paaie het die wa die enigste vervoermiddel wat kon standhou gemaak. Die toestand van die paaie was haglik omdat die burgers reeds van vroeg af nie die plaaslike belasting, wat onder andere vir die maak van paaie bedoel was, betaal het nie. Vir hulle *corvée,* dit wil sê verpligte, onbesoldigde diens wat gelewer moes word om byvoorbeeld paaie te bou en te onderhou, het hulle ou en afgeleefde slawe gestuur. Die gevolg was dat verder wonende burgers tevrede moes wees met *rough tracks instead of roads, and the oxwagon became the most popular vehicle for transporting farm produce and*

---

[200] D.B. Bosman & H.B. Thom, (reds.), *Daghregister* ..., deel 2, p.408.

[201] J. Malan, *Rytuie van weleer,* p.20.

[202] D.B. Bosman & H.B. Thom, (reds.) *Daghregister* ..., deel 2, p.95; J. Malan, *Rytuie van weleer,* p.21.

supplies.[203] En as trekdier is die os gebruik. Al was osse stadig was hulle geskik om swaar vragte oor die Kaapse sandvlaktes te trek en boonop kon hulle van die veld af lewe. Die afwesigheid van perde het ook die gebruik van osse bevorder. Osse was waardevol en is selfs as deelbetaling in die plek van rekognisiegeld aanvaar, soos later sal blyk. *Die perdebevolking het in 1652 nul getel, maar aan die begin van die agtiende eeu was daar darem 928 waarvan 633 in privaatbesit.*[204] Die swak vervoerstelsel het nadelig ingewerk op die uitruil van goedere en dienste tussen plaas en dorp en op die hele ekonomiese ontwikkeling. Kaapse boere moes daarom baie meer selfstandig en innoverend wees as hulle Europese eweknieë.[205]

Die veeboer wat trekboer geword het, was onlosmaaklik verbonde aan sy wa. Die waens wat daardie pioniers gebruik het was groter en swaarder gebou as die eerste waens wat vroeg in die Kaapse geskiedenis gebruik is. Een van die nuwe verskynsels wat die blanke op die bodem van Afrika geskep het, is die voorposte: daardie grensstrook tussen die min of meer volledig besette gebied agter die pioniers, en die onbesette gebied vorentoe.[206] Die skepping van 'n pioniersone met mense wat tot 'n eiesoortige volkstipe ontwikkel het, sou sonder die wa, 'n span osse, 'n ryperd en 'n geweer nie moontlik gewees het nie. Jag wat so populêr was, sou beswaarlik kon geskied het sonder die gebruik van 'n wa, veeruil met die Khoi-Khoin sou sonder waens gestagneer het en die veeboer-trekboer sou sonder die wa as vragdraer en tuiste geen mobiliteit gehad het nie.[207]

Meendert moes 'n wa of kar besit het toe hy in 1707 bier vir sy taphuise by die Menssink-brouery by Papenboom in Nuweland gaan haal het. Word daar gekyk na die weilisensies wat hy uitgeneem het, moes daar by menige geleentheid voorrade vir die knegte en slawe wat die vee opgepas het, aangery word. Maastricht en De Grendel kon onmoontlik tot groot wingerd- en graanplase uitgebou gewees het sonder die gebruik

---

[203] L. Guelke, "Freehold farmers and frontier settlers, 1657-1800," A. Disney (ed.) *Historiography of Europeans in Africa and Asia, 1450-1800, An expanding world,* vol 4, p.183.

[204] J. Malan, *Rytuie van weleer,* p.22.

[205] L. Guelke, "Freehold farmers and frontier settlers, 1657-1800 ..., p.183.

[206] F.J. Potgieter, "Suid-Afrika as kultuurbodem", P.W. Grobbelaar (red.) *Die Afrikaner en sy kultuur,* deel 1, p.129.

[207] P.J. van der Merwe, *Trek,* p.9, p.13, p.17, p.20, p.30, p.44.

van waens. Dieselfde geld vir Johannes wat later hierdie twee plase besit het, en op duisende morge grond in die binneland met beeste geboer het, soos later sal blyk. Sy hulp aan goewerneur De Chavonnes, waaroor in die volgende hoofstuk berig word, is 'n aanduiding dat hy oor waens beskik het. Hoewel hy hom nie permanent in die voorpossone gevestig het nie, het hy met sy groot troppe vee gehelp om so 'n pioniersgebied te skep en dit bewoonbaar te maak.

Kommissaris Van Imhoff was die eerste wat noukeurige ondersoek na die moontlike verbetering van die verkeer ingestel het. Hy het aanbeveel dat die Bergrivier ondersoek moes word of dit *niet mogenlyk ware deselve met eenige vaartuijgen van naam te bevaren* en met vlotte produkte en ander goedere na onbereikbare dele te vervoer nie.[208] Dit is te betwyfel of so 'n ondersoek ooit gedoen is omdat koloniste wat die Bergrivieromgewing goed geken het die owerhede sou kon meedeel dat die Bergrivier onbevaarbaar was. Die bewindhebbers in Nederland het later, deur die verslag van kommissaris Daniël Nolthenius in 1748, bevestiging gekry dat al die riviere *en insonderheijd* die Bergrivier geheel onbevaarbaar was.[209] Alles moes per as vervoer word en daar is by geleentheid aanbeveel dat geskikte jongelinge, veral van hulle wat deur die diakonie of die weeskamer versorg is, as wamakers en smede opgelei moes word.[210]

Meendert, veeboer en akkerbouer

Die pad na die binneland was oop en soos met die meeste veeboere gebeur het, het Meendert se veetroppe hom steeds dieper die Noord-Kaapse geweste ingeneem op die spoor van jagters wat van die beste weigebiede geweet het. St. Helenafontein, 'n beesplaas, aan die noord-oos kus van St Helenabaai geleë, is in 1725 deur *Jan Myndertz Cruywagen de oude* uitgeneem.[211] Om onderskeid te tref tussen Meendert en sy seun Johannes, wat ook die naam *Jan Meyndertsz* gedra het, is aansienlik vergemaklik deur die feit dat na Meendert in baie gevalle verwys word as *Jan*

---

[208] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, p.584.

[209] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," p.113.

[210] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," p.113.

[211] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,* p. 58.

Meyndertsz Cruywagen de oude terwyl Johannes weer aangedui word met *de jonge*, na die naam.[212] Ná sy pa se dood in 1728 het Johannes op St. Helenafontein en 'n hele paar ander plase voortgegaan met grootskaalse veeboerdery. Toe Meendert die weiregte op St. Helenafontein uitgeneem het, het die naasliggende plase, Klipfontein, Modderfontein en Bottelfontein nog onbeset gelê en hy het hierdie drie weiposte vryelik gebruik vir sy veetroppe. Modderfontein is inderdaad van die eerste dag af as deel van St. Helenafontein beskou.[213] Omdat weidingsgebiede, veeposte en plaasgroottes vaag omskrywe was, het dit algemeen voorgekom dat beskikbare weiding benut is al was dit oor 'n heel groter gebied as wat met die vergunning toegestaan is.

Die keuse van 'n veepos is bepaal deur goeie weiding en bruikbare water. Sodra 'n veeboer 'n staanplek uitgekies het, het hy naby goeie water 'n takkraal vir sy vee en 'n rietpondok vir sy wagters opgeslaan. Sy vee is onder toesig van 'n volwasse seun gelaat, of 'n blanke kneg bygestaan deur 'n paar betroubare slawe of ontstamde Khoi-Khoin. Van 'n duursame opstal was daar in die eerste helfte van die 18e eeu weinig sprake. Die veeposhouers was mense wat elders 'n vaste verblyfplek gehad het.[214]

Meendert was volgens alle aanduidings nie 'n trekboer in die egte sin van die woord nie maar het die geriefliker woonomstandighede op plase vlak aan die Kaap verkies of in die Kaapse Vlek waar hy baie belange gehad het. Dat sy seun, Johannes, wel met 'n aantal veewagters toesig oor veeposte gehou het, is nie uitgesluit nie. Daar is reeds gewys op die samewerking tussen Meendert Cruywagen en sy skoonseun, H.O. Eksteen, in die drankbedryf. Dit sou vreemd gewees het as hierdie onderlinge vennootskap nie in die veeboerdery voortgesit was nie veral waar hulle met boerderye in dieselfde omgewing besig was.

Die kompanjie se vleiskontrak het bepaal dat alleen gekontrakteerde slagters weiregte in die Groenkloof gehad het. In weerwil van hierdie voorskrif is aan ander burgers ook permitte gegee om vee daar aan te hou. Later is daar ondersoek gedoen na die wenslikheid om die hele Groenkloof in plase te verdeel om aan veeboere uit te gee.

---

[212] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad 1729-1734, deel 8, Voetnoot 40, p.11.

[213] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,*, pp. 58, 59.

[214] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,* p.19, p.60 oor elders wonende eienaars.

Voor goedkeuring hiervoor verkry is, het waarnemende gesagvoerder, W. Helot, aan 'n vyftal boere, onder wie H.O. Eksteen, weiregte in die slagtersveld, soos dit ook genoem is, gegee.[215] Meendert het ook weiregte in die Groenkloof gehad en dit is net natuurlik dat hy en Eksteen dikwels saam daarheen gereis het en oor hulle gemeenskaplike belange vryelik geskakel het. Cruywagen-teenwoordigheid in die Groenkloof het neerslag gevind in die plaasnaam Cruywagenskraal. In *Die buiteposte* maak D. Sleigh ook melding van 'n plaas, Cruywagenspost, in die Groenkloof-omgewing wat saam met ander plase as weipos vir die kompanjie uitgehou is.[216] Daar kan byna met sekerheid aanvaar word dat die twee name betrekking het op dieselfde plaas.

In die omgewing van St. Helenabaai het beide Meendert en Eksteen ook plase gehad. Eksteen het in 1715 die veepos bekend as Spanjaardsbosch (vroeër bekend as Brakkefontein) aan die onderloop van die Bergrivier, waar dit in St. Helenabaai uitmond, van die erfgename van Gerrit Visser oorgeneem.[217] Meendert het regte op St. Helenafontein aan die baai in 1725 uitgeneem – soos reeds vermeld. Eksteen en sy swaer, Johannes Cruywagen, se samewerking in later jare was slegs 'n voortsetting van die goeie saamwerkverhouding tussen Eksteen en skoonpa, Meendert, wat oor baie jare gestrek het.

Die Opgaafrolle gee nie die plaasname aan waar veeboere gewoon het nie. In die meeste gevalle word slegs die distrik vermeld. Daar moet aanvaar word dat Meendert tot 1703 voltyds 'n dorpenaar was. In daardie jaar is die plaas Maastricht in die Tygerberg aangekoop en later ook die aangrensende plaas, De Grendel. Na die verkryging van die plase het hy waarskynlik meeste van sy tyd daar deurgebring en sy aandag aan sy boerdery bestee. Word die ontwikkeling van dié plase en die omvang van die boerderyaktiwiteite oor die jare in ag geneem, moes hy baie tyd daar spandeer het. Dat hy egter ook 'n dorpshuis aangehou het, is nie uitgesluit nie. Sy beskeie besittings het stadig aangegroei en na hy tot die boerdery toegetree het, dramaties vermeerder soos uit die volgende sal blyk.

---

[215] D. Sleigh, *Die buiteposte: V.O.C.-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795,* p.498.

[216] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p.501.

[217] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,* p.18.

Waar Meendert in 1692, die jaar van sy huwelik, nie veel besittings gehad het vir opname in die opgaafrol van daardie jaar nie, toon sy bates 'n geringe groei met die opgawe van 1695. Benewens homself, sy vrou Catharina en 'n seun (Johannes, gebore 1695) wat aangeteken is, besit hy twee slawemans en drie varke, asook een snaphaan en een degen. Dit moet dieselfde wapens wees wat hy reeds in 1692 opgegee het.[218] Die stand van sy besittings was in 1700 nie veel gunstiger nie want toe was hy slegs een slawevrou en twee slawedogters beter daaraan toe.[219]

Binne sewe jaar lyk die prentjie ten opsigte van Meendert se bates heel anders. Op Maastricht en De Grendel is hard gewerk en in 1709 staan daar die volgende in die opgaafrol vir dié jaar: Die hele familie van pa, ma, een seun en twee dogters – wat nie by name genoem word nie maar na Johannes, Everdina en Catharina verwys – is aangeteken. Nou is daar 14 mansslawe, vier vroue en ses slawekinders. Hy besit ook 16 perde, 160 beeste en 950 skape. Verder is daar op die plase, Maasstricht en De Grendel, reeds 9 000 wingerdstokke en is 190 mud koring geoes.[220] Teen 1712 toon die veegetalle 'n toename terwyl die getal wingerdstokke tot 20 000 aangegroei het.[221] Volgens die opgawe vir 1719 het die veegetalle (behalwe varke) aansienlik gedaal. Daar is egter met die wynbou goed gevorder want 25 000 wingerdstokke wat op daardie tydstip 25 lêers wyn gelewer het, verskyn in die opgawe.[222]

Met die opgawe vir 1721 is dit duidelik dat hy met die wingerdboerdery voortgegaan het op dieselfde skaal as dié wat opgeteken was in die vorige opgawe behalwe dat daar meer wyn gemaak is. Interessant is egter dat daar geen melding van enige vee is nie. Hy moes om een of ander rede van sy vee ontslae geraak het – moontlik omdat weiding skraps begin raak het of omdat hy die vee oorgedra het aan Johannes wat stadig maar seker in statuur as veeboer gegroei het.[223]

---

[218] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; nr. 356 vir 1695.

[219] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; nr 356 vir 1695.

[220] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; nr. 457 vir 1709.

[221] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; 42 vir 1712.

[222] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; 152 vir 1719.

[223] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, 1682-1751; nr. 169 vir 1721.

Nog nuwe gesagvoerders

Meendert-hulle het sedert hulle aankoms die wisseling van verskeie goewerneurs beleef. Na die dood van Louis van Assenburg het Willem Helot (27.10.1675-7.11.1749) wat toe sekunde was, as goewerneur van 1711 tot 1714 waargeneem. Maurits P. de Chavonnes is as goewerneur aangestel en Helot het weer sy vorige pos as tweede in bevel opgeneem. Hy word in Mei 1714 deur die nuwe goewerneur en die Politieke Raad aangekla van oneerlikheid en pligsversuim. Die bewyse teen hom was verdoemend en nadat hy vir 'n tyd geskors was, is hy uit die diens van die VOC ontslaan en het hy en sy gesin na Nederland teruggekeer.[224]

Maurits Pasques de Chavonnes (1664-1724) was van Franse afkoms. Sy edelman-grootvader het om geloofsredes uit Frankryk na Nederland gevlug. Maurits was 'n offisier in die leër van die Verenigde Provinsies en het later in diens van die V.O.C. getree. Na sy aanstelling as Kaapse goewerneur het hy op 24 Maart 1714 in Tafelbaai aangekom en word hy op 28 Maart ingesweer. Sy broerskind, Dominique Marius Pasques de Chavonnes, het hom vergesel en word kaptein van die garnisoen in die kasteel.

Van De Chavonnes is verwag om die inkomste van die kompanjie te verhoog. Hy was in 1714 verantwoordelik vir die instel van rekognisiegeld op leningsplase asook heffings op sekere produkte en oordraggelde by grondverkope. Die laaste twee reëlings het onmin onder die boere veroorsaak en tot vertoë en petisies gelei waarna reeds verwys is.

Een van die deurslaggewende sake waarby De Chavonnes betrokke was, was die kommentaar wat die kompanjie in 1716 gevra het oor die gebruik van blanke of slawearbeid. Soos reeds gemeld het De Chavonnes en die res van die Politieke Raad hulle ten gunste van slawearbeid uitgespreek. Die enigste dringende teenstem was van Dominique, die kaptein van die garnisoen. Die meerderheidsbeslissing

---

[224] A.J. Böeseken, "Willem Helot," D.W. Kruger en C.J. Beyers (reds.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 3, p.395.

> *moet beskou word as 'n keerpunt van beslissende belang wat in die toekoms nie alleen die arbeidspatroon en sosiale verhouding tussen Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika sou bepaal nie, maar ook die hoofoorsaak sou wees vir die onbeduidende groei van die Blanke bevolkingsgetal deur immigrasie uit Europa in die agtiende eeu.*[225]

Die veeboere is in De Chavonnes se regeringstyd swaar getref deur veesiektes – bek-en-klouseer en perdesiekte maak albei gedurende hierdie jare hulle verskyning in Suid-Afrika. Veeboere was ook al meer blootgestel aan rooftogte deur die Khoi-Khoin en in saaistreke het droogte die koringoes geweldig geknou.[226]

'n Ander belangrike verwikkeling wat deur De Chavonnes geïnisieer is, was die instel van die *Ordonnantie op de Schoolordening* op 21 Augustus 1714. Daarin is bepaal dat *bequame en godvreesende leermeesters* die kinders moet onderrig, wat die leerinhoud moes wees en dat seuns en meisies op afsonderlike skoolbanke moes sit en buite die skoollokaal ook soveel moontlik van mekaar geskei moes word.[227] Die sekunde, die predikant en die kaptein is aangestel om onder die goewerneur en sy raad as toesigliggaam gesag oor die onderwys uit te oefen.[228]

De Chavonnes was diep godsdienstig en stil van geaardheid... Hy het die agting en vertroue van sowel die Here XVII as die koloniste geniet.[229] Hy is vereer met die titel Raad-Ordinaris van Indië, 'n eer wat geeneen van sy voorgangers geniet het nie. De Chavonnes is na 'n siekte van slegs een dag op 8 September 1724 oorlede en onder blyke van groot openbare meelewing en belangstelling in die kerk by die tuine begrawe. Die kerkklokke het vir ses weke elke dag gelui as blyk van deelneming met sy vrou en dogters.

---

[225] G.C. de Wet, "Maurits Pasques De Chavonnes", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek,* deel 2, p.171.

[226] G.C. de Wet, "Maurits Pasques De Chavonnes", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 2,* p.171.

[227] J.P. Claasen, *Die sieketroosters in Suid-Afrika* 1652-1688, pp. 156, 157.

[228] C.F.J. Muller (red.), *Vyf honderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.68.

[229] G.C. de Wet, "Maurits Pasques De Chavonnes", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, p.171.

Beide Meendert en sy seun Johannes het by meer as een geleentheid kontak met goewerneur De Chavonnes gehad. Daar is reeds genoem dat Meendert en sy skoonseun, Eksteen, in Februarie 1717 met hulle aansoek om brandewyn vir hulle taphuise by die kompanjie aan te koop, voor die Politieke Raad verskyn het waar die goewerneur voorgesit het. Johannes het ook kontak met die goewerneur gehad met die veiling in Februarie 1724 toe 'n perseel van die vleispag aan hom toegeken is. Verder was daar aansoeke om weilisensies wat deur die goewerneur onderteken is, en ontmoetings by kerkgeleenthede, met die koms van retoervlote uit die ooste asook met die inhuldiging van die goewerneur het voorgekom.

Meendert en Catharina se testament

In die opgawe van 1719 kom Meendert se vrou (Catharina) se naam vir die laaste maal voor en 'n verwysing na haar ontbreek in die opgawe van 1721. Daar kan aanvaar word dat sy aan die einde van 1720 of aan die begin van 1721 oorlede is. In Meendert en Catharina se testament van 15 Desember 1720 waarna reeds telkens verwys is, word gemeld dat beide die erflaters gesond van verstand was maar ten opsigte van die liggaam, *de testatrise siekelijk*,[230] 'n toestand wat moontlik haar dood verhaas het.

Testamente van daardie dae is interessante en uiters waardevolle dokumente soos afgelei kan word uit verwysings na allerlei inligting wat uit Meendert Cruywagen en sy vrou, Catharina, se testament verkry is. Genoemde testament dien as voorbeeld vir die inligting wat volg.

Opvallend is die godsdienstige inslag en aard van die dokument. Die opskrif spreek duidelik daarvan, *Inden name godes Amen*. Die hoofletters met swierige krulle en die skrif is kenmerkend van die dokumente. Gewoonlik word die naam van die "agent" of beampte met sy ampsomskrywing, die datum en die tyd van die dag, *d Clokken omtrent twaalff uuren*, aangegee. Vervolgens word die name van die testamentmakers genoem met hulle ouderdomme. Baie gevalle het voorgekom waar die testateur of testatrise nie hulle presiese ouderdomme geken het nie – in Meendert se geval *omtrent neegen en*

[230] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof, 1721-1725, nr. 3.

vyftig. Gewoonlik word ook verwys na die fisiese gesteldheid en verstandelike bevattingsvermoë van die partye. Die erflaters gee voorts te kenne dat by *overdenking van der menshen sterflijkhijt* en vóór hulle die *droevige traanendal* verlaat, hulle wil bepaal op watter wyse daar met die *tijdelijke goederen hun door god almagtigh verleend,* gehandel moet word. Daar word onder andere bepaal dat f100 die diakonie van Drakenstein toekom en Catharina se klere sal na haar dogter, Catharina gaan. Johannes en Catharina (die oorblywende kinders na Everdina se afsterwe) en Catharina Rosina, wyle Everdina se dogtertjie by H.O. Eksteen, kry by mondigwording of huweliksluiting elk f10 000. Op die langslewende word die verpligting geplaas om die kinders *in alle Christelijke deugde op te voeden.* Vreemd genoeg is hierdie testament nie deur die testamentmakers onderteken nie, anders as 'n ooreenstemmende kopie wat in besit van die Raad van Justisie was. Daar is aangeteken dat die testament op 8 Februarie 1721 aan die weeskamer voorsien is wat daarop dui dat Catharina in die omgewing van daardie datum oorlede is.[231]

Dit is opmerklik dat geen vaste eiendomme in die testament vermeld word nie. Dit is moeilik om te sê hoeveel dorpseiendomme ten tye van sy dood nog in Meendert se besit was. Wat plase betref, is die prentjie effe duideliker. Op een na is al die plase aan familielede verkoop. In 1713 is Brandenburg wat hy in 1712 aangekoop het aan sy skoonseun, H.O. Eksteen, verkoop.[232] Die volgende verkope was in 1721 toe Maastricht en Roosboom die eiendom van sy seun, Johannes, geword het.[233] Wanneer Roosboom in Meendert se besit gekom het, kon nie bepaal word nie. Die plaas Staart van de Paardeberg is in 1724 aan die ander skoonseun, Cornelius Heufke, verkoop.[234] Die enigste plaas wat Meendert aan 'n "buitestander" verkoop het, was Landskroon wat hy in 1710 verkry het.[235] Al plaas wat volgens die beskikbare inligting nie verkoop is nie, is Fredriksburg wat in 1705 in Meendert se besit gekom het. Bloed was voorwaar dikker as water en boonop was die bevoorregte familielede in eie reg skatryk, volgens

---

[231] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof 1721-25, nr. 3.

[232] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book ...*, p.64.

[233] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book ...*, p.97

[234] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book ...*, p.115.

[235] L. Guelke & R. Shell, *The deeds book ...*, p.126.

HOOFSTUK 5

JOHANNES CRUYWAGEN DIE INVLOEDRYKE ENTREPRENEUR

Die eerste Kaapsgebore Cruywagen se jeugjare

Die eerste Cruywagen wat op Suid-Afrikaanse bodem gebore is, sien sy eerste lewenslig op 13 Maart 1695 in die Kaapse Vlek. Hy is op die dag van sy geboorte gedoop en in die doopregister is hy aangeteken as *een Kind van Johan Mijndertz Kruijwagen en Katharina van Marsen genaemt Jan Mijndertz.*[1] Die vader wat hier ongewoon as *Johan Mijndertz* aangeteken staan, is Meendert. Daar word dikwels na dié derde Jan Meindert verwys as Johannes.[2] In sommige dokumente word hy aangedui as *Jan Meyndertse Kruywagen de jonge.*[3] Daar sal deurgaans by die naam Johannes gehou word.

Sy eerste jare het Johannes in Kaapstad deurgebring waar sy pa, Meendert, soos vele ander ingesetenes aan besoekers van skepe herberg gegee het en later sy taphuise bedryf en drank volgens die pagte in sy besit, verkoop het. Sy skoolopleiding het hy ontvang in die skool vir blanke kinders wat in 1663 tot stand gekom het en naas 'n skool vir slawekinders teen die einde van die agtiende eeu die enigste twee "openbare" skole in Kaapstad was.[4]

Johannes was nog klein toe sy pa, Meendert, hom ook in die boerdery begewe het. Daar is reeds op gewys dat die plaas, Maastricht, in 1703 deur Meendert gekoop is. Later het hy ook eienaar geword van die aanliggende plaas, De Grendel. Dit is moeilik om te bepaal van wanneer af Johannes met die plaaslewe kennis gemaak en self by die boerdery betrokke geraak het. Dat hy as jong kind by geleentheid wel op

---

[1] N.G. Kerkargief, Kaapstad, G1 1/1, Doopregister, 1665 – 1695, p.56

[2] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the Archives of the Cape of Good Hope: Requesten (Memorials), 1715-1806, vol. 2, p. 240, p. 241, p. 245.

[3] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, voetnoot 44, p.11

[4] P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die kompanjie*, 1652-1795, p. 68.

Maastricht en De Grendel gekom het, kan geredelik aanvaar word. Hy het hom op die landbou toegelê en is reeds vroeg in sy lewe vir sy ywer en harde werk beloon. In sy ouers se testament van 15 Desember 1720 word o.a. f2000 aan hom bemaak vir sy *getrouwelijk cultiveering* van die testateurs se landerye.[5] Wanneer die uitbreiding van die boerderybedrywighede op Maastricht en De Grendel vanaf 1712 in ag geneem word soos weergegee in die opgaafrolle wat in die vorige hoofstuk beskryf is, is dit duidelik dat Johannes 'n aansienlike deel daartoe bygedra het.

Om af te lei dat Johannes voor sy troue op een van die plase gewoon het, sou geregverdig wees. Hy kon beswaarlik vir sy vlyt beloon gewees het as hy hom nie ywerig aan die boerdery gewy het nie. Sy latere betrokkenheid by owerheidsake het seker 'n einde gebring aan die plaaslewe. Soos mettertyd sal blyk, het gegoede burgers hulle boerderye in die hande van betroubare knegte en slawe gelaat en was hulle dorpsgebonde landhere wat toevallige of geleentheidsbesoeke aan hulle plase gebring het. 'n Veilige aanname is dat Johannes mettertyd ook in daardie kategorie geval het.

Johannes het die voordeel en gebruik van sy ouers se besittings gehad want sy eie was maar karig. In die opgaafrolle van 1712 verskyn sy naam – te onderskei van sy pa deur die "Jr" (junior) by die naam – en het hy slegs 'n perd, 'n snaphaan, 'n pistool en 'n degen gehad om te verklaar.[6] Sewe jaar later in 1719 vermeld hy nie 'n rydier nie, maar wel dieselfde wapens as voorheen.[7]

Huwelik en gesin

Johannes se bateposisie was 'n perd en 'n pistool beter as dié van sy pa, Meendert, toe laasgenoemde in 1692 getroud is. Sy voorneme om te trou het die goedkeuring van die *Collegie van Commissarissen van Kleine Civiele en Huwelijks Zaken* weggedra en

[5] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/3, Meester van die Hooggeregshof, 1721-25, nr 13, 15 Des. 1720.

[6] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr 254.

[7] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A 2250, Opgaafrolle, nr 153.

hy is op 27 April 1721 met Susanna Margaretha Meyer (1695 – 1770) in die eg verbind.[8] Haar vader het voor 1693 aan die Kaap geland en haar moeder was 'n dogter van Franse vlugtelinge.[9] Die kerklike huweliksbevestiging moes waargeneem gewees het deur ds. Johannes Godefridus d'Ailly wat tot 1726 predikant van die Kaapse gemeente was.[10] Die jonggetroudes was minstens die eerste klompie jare plaasbewoners.

Voor daar aan Johannes se boerderye, sy sakepraktyk en gemeenskapsbetrokkenheid aandag gegee word, word kortliks na sy gesin verwys. Vir Johannes en Susanna word 'n seun, ook *Jan Meyndertse*, gebore. Hy is op 13 September 1722 gedoop[11] en daar kan aanvaar word dat hy vroeër in September gebore is omdat die geboortedatum gewoonlik nie ver van die doopdatum gelê het nie. Daar sal later meer oor hom gesê word. Die tweede kind was Susanna, gedoop op 24 Desember 1724. Op 15 Maart 1744 trou sy met Adriaan van Schoor (gedoop 28 Julie 1722 en oorlede middel Januarie 1789), boekhouer en klerk by die Raad van Justisie.[12] Sy vader Jan van Schoor was 'n opperchirurgyn wat in diens van die V.O.C. was vanaf 1721 tot 1747. Adriaan is in 1748 op die jeugdige ouderdom van 26 jaar aangestel as landdros van Stellenbosch en Drakenstein. Hy was van 1752 tot 1763 die eienaar van die plaas Welgevallen in die distrik Stellenbosch. Later was hy lid van die Politieke Raad en president van die kollege van huweliksake. In 1772 het hy koopman geword en was hy so te sê alleen in beheer van alle landbouprodukte wat aan die kompanjie gelewer is. In 1783 het hy uit die Politieke Raad getree en president van die Weeskamer geword, 'n betrekking wat hy tot met sy dood beklee het.[13]

---

[8] Genealogiese Instituut van Suid Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen,* 16 April 1999, p. 1 & Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 6/1, Meester van die Hooggeregshof, deel 1, 1758–1775.

[9] C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 571

[10] A. Dreyer, *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924*, p. 35.

[11] C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164.

[12] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 621, Verbatim kopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 48

[13] B.J.T. Leverton, "Adriaan van Schoor", C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 5, p. 879.

Adriaan was heel bedrywig in die eiendomsmark. Op 1 Maart 1756 is 'n woonhuis en drie pakhuise (stoorkamers) van die heer A. van Schoor per vendusie verkoop vir die aansienlike bedrag van f107 250. Die koper was Jacobus J. van der Berg wat o.a. 'n wynpagter was en houer van 'n paar drinkplekke vir Franse soldate.[14] In 1766 het hy 'n groot deel van die huidige Seepunt van goewerneur Ryk Tulbagh ontvang. Daar het hy die "Heeren Huis" of "Societeit Huis" gebou wat as gastehuis en restaurant deur sy vrou, Susanna, bedryf is.[15] Uit die huweliksverbintenis van Adriaan en Susanna is sewe kinders gebore.[16]

'n Tweede dogter, Catharina Everdina, was die derde kind in die Cruywagen gesin. Sy is op 31 Januarie 1732 gedoop. Op 6 Desember 1750 is sy ook met 'n Van Schoor by name Evert, getroud. [17] Evert was Adriaan, die eggenoot van suster Susanna, se broer; dus twee susters wat met twee broers getroud was. Evert was 'n boekhouer in diens van die kompanjie en ook lid van die burgerraad. Daar is nie veel van hulle bekend nie, maar die volgende feite kan vermeld word: Op 31 Desember 1750 verskyn Evert en Catharina voor Olof Martini Bergh, eerste geswore klerk van die *politique secretarije* in verband met hulle testament waarvolgens alle bates die langslewende sal toeval en wie die bates sal bestuur tot voordeel van kinders wat gebore mag word.[18] By hierdie testament is daar 'n aantekening, *Verthoond ter Weescamer aan de Cabo de goede Hoop den 7 Junij 1774.* Omdat die Weeskamer omgesien het na die belange van kinders volgens die bepalings van 'n testament is die dokument seker "geregistreer" en, moet hierdie datum nie gesien word as die sterfdatum van of Evert, of Catharina nie. Evert is vroeg in 1778 oorlede. Op 5 Mei van daardie jaar word 'n versoek van sy weduwee Catharina Everdina deur die Politieke Raad toegestaan

---

[14] G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778-1792*, Van Riebeeck-Vereniging, 2e reeks, nr.13, p. 221

[15] B.J.T. Leverton, "Adriaan van Schoor", C.J. Beyers & J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 5, p. 879.

[16] C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, p. 860

[17] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 621, Verbatim kopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 63.

[18] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, M.O.O.C. 7/1/21, Meester van die Hooggeregshof, nr. 21, 31 Desember 1750.

> *om haar zoontjie genaamd Meijndert Adriaan, Oud 7: Jaren ter verdere erlanginge ener goede Educatie, met het Schip Willem de Vijfde, naar't Vaderland over te zenden.*[19]

By die toegestane vergunning word gemeld dat die jong kind onder die sorg van burger Johannes Kilian sou reis. Kilian het na Nederland teruggekeer en sou 'n passasier op dieselfde boot wees. Catharina moes die voorgeskrewe *transport- en kostpenninge* in die kompanjieskas gestort het. Veral ouers wat 'n belangrike aandeel gehad het in die openbare en politieke lewe aan die Kaap het hulle die weelde veroorloof om hulle kinders na skole in die moederland te stuur. Gewone burgers het wel ook van sodanige geleenthede gebruik gemaak. Die Politieke Raad het sulke versoeke in die reël nie geweier nie solank die gewone transport en kosgeld betaal is. Dit is treffend op hoe 'n jong ouderdom kinders die ouerhuis vaarwel moes toeroep om te vergoed vir die gebrek aan goeie onderwys aan die Kaap. Op 7 Mei 1778 volg 'n brief van die Politieke Raad aan die Kamer van Middelburg in Nederland waarin daar berig word oor die Van Schoor seun se voorgenome vertrek na Nederland. In dié brief word egter gesê dat sy moeder aansoek gedoen het *om met haar zoontjie te repatrieeren.*[20] Hier het seker 'n skryffout ingetree. Die 5 Mei-resolusie van die Politieke Raad het betrekking gehad op toestemming om die seuntjie na Nederland te stuur en nie op beide Catharina en die seun wat na Nederland wou gaan nie. Catharina het in 1790 nog in Kaapstad gewoon. Op 16 September 1790 het haar seun Evert (jnr) 'n pakhuis en stal in blok 10 Tafelvallei te behoewe van sy moeder verkoop.[21]

Dit is nie bekend wanneer die jong Meindert van Schoor na Nederland vertrek het en hoe lank hy daar vertoef het nie. Hy het na sy geboorteland teruggekeer en het ook in kompanjiesdiens getree. Hy is op 18 Maart 1798 met sy niggie, Catharina Everdina – naamgenoot van sy ma – getroud. Sy was die dogter van Gerhardus Hendrik Cruywagen (sy ma se broer) en Cornelia Sophia Ehlers.[22] Meindert Adriaan van

---

[19] K.M. Jeffreys, Kaapse argiefstukke lopende over het jaar 1778, p. 80.

[20] K.M. Jeffreys, Kaapse argiefstukke ..., p. 406.

[21] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, DOC 5/1/1. Registrateur van Aktes, 16 September 1790.

[22] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Stellenbosch, *Genealogiese Verslag 16 April 1999*, Nageslag van Jan Cruywagen, p.4.

Schoor was die jongste van 10 kinders wat vir Evert en Catharina gebore is. Vier van die kinders is blykbaar klein of redelik jonk oorlede.[23]

Die volgende inligting oor een van die kinders is ook vermeldenswaardig: Louis Michel Thibault (1750-1815), die befaamde goewermentsargitek en boumeester kom in 1783 in die Kaap aan as luitenant-ingenieur in een van die buitelandse regimente wat deur die V.O.C. gehuur is. Thibault het die Kaap sy tuiste gemaak en trou op 2 April 1786 met Elizabeth van Schoor, die oudste dogter van Evert en Catharina.[24]

Daar is vir Johannes-hulle nog 'n seun, Gerhardus Hendrik, gebore. Hy is na sy oupa Meyer vernoem en is op 21 September 1738 gedoop. Sy geskiedenis word in 'n volgende hoofstuk geboekstaaf.

Houer van die vleispag

Johannes se betrokkenheid by die veeboerdery en die lewering van vleis as gekontrakteerde pagter, verteenwoordig 'n groot deel van sy lewensloop en hou verband met interessante en belangrike gebeure aan die Kaap. Daar sal egter eers gelet moet word op die verloop van sake met die kompanjie se veestapel en die vleishandel.

In die eerste jare van die Kaap se bestaan was die kompanjie vir sy vleisbehoeftes van die veebesittende Khoi-Khoin afhanklik. Die vryburgers is aanvanklik nie toegelaat om vee te ruil nie maar later het kommissaris Ryklof van Goens hulle verlof gegee om aan die ruilhandel mee te doen mits hulle nie meer as die kompanjie vir die vee betaal het nie. Later is die vergunning om vee te ruil weer ingetrek omdat die vryburgers te sterk met die kompanjie meegeding het. Menige voorsorgmaatreël en plakkaat om veeruil te verbied, het die koloniste egter nie van dié praktyk weerhou nie.[25] Die

---

[23] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, pp. 860, 861.

[24] H. Roy de Puyfontaine, *Louis Michel Thibault 1750-1815. His official life at the Cape of Good Hope*, pp. 126, 127 & G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr ....*, Voetnoot 26, p. 246.

[25] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)*, pp. 35, 40.

veeboere se troppe het steeds gegroei en vir die kompanjie was dit al moeiliker en duur om vee in die hande te kry.

In 1695 het die bewindhebbers Simon van der Stel opdrag gegee om die kompanjie se veestapels tot niet te maak. Die goewerneur het die opdrag nie dadelik uitgevoer nie omdat hy bevrees was dat vleistekorte mag voorkom – 'n klag wat dikwels van die gesagvoerders van skepe en vlote gehoor is. 'n Finale afskaffingsbevel is in 1699 aan W.A. van der Stel gegee met die gevolg dat die kompanjie se veestapel in 1700 verdeel is in slagvee en trekvee. Die slagvee, 3 747 beeste en 522 skape, is vir f17 505 aan Henning Hüsing verkoop. 'n Uitgestrekte stuk weiveld in die Groenkloof en omstreke (in die omgewing van die huidige Mamre) is tot sy beskikking gestel.[26] Valentijn het van Groenkloof gesê dat daar nie koring gekweek of wyn gemaak word nie maar dat die strook *treffelyke weiden voor't vee hebben, en aldaar de beste somerweiden geven, alzoo 'er water en gras genoeg is.*[27] Tydens die besoek van kommissaris Wouter Valckenier in 1700 is daar 'n tienjaar-kontrak met Hüsing gesluit vir vleisvoorsiening aan die kompanjie wat na die behoeftes van die skepe, hospitaal en garnisoen moes omsien.[28] Hüsing het nou oor die alleenreg beskik om die kompanjie van vleis te voorsien. Met hierdie reëling is 'n skeiding gemaak in die voorsiening van vleis aan die kompanjie en die dorpsbewoners van die Kaapse Vlek.[29] Weens Hüsing se rol in die stryd teen Willem A. van der Stel is sy vleiskontrak summier aan die einde van 1705 beëindig. Om orde te skep in die ongewenste toestande wat meegebring is deur die onaanvaarbare optrede van Willem A. van der Stel en van sy meelopers het die Here XVII bepaal dat vleisvoorsiening aan die kompanjie ook soos sekere ander kommoditeite in vier persele verpag moet word. Vier Kaapse ingesetenes wat vleis teen die laagste prys per pond aan die kompanjie kon lewer, sou voortaan vir die voorsiening van slagvee verantwoordelik wees.

---

[26] D. Sleigh, *Die buiteposte, V.O.C. buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795,* p.9 & pp. 494, 495.

[27] Francois Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daartoe behorende,* Van Riebeeck- Vereniging, 2e reeks, deel 1, p.166.

[28] A.J. Böeseken, "Henning Hüsing", C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek,* deel 4, p.262; N. Penn, *Northern Cape frontier zone,* p.262.

[29] G.C. de Wet (red.), *Vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707,* p.89.

Hierdie groot pagters was nie gemoeid met vleisvoorsiening aan die inwoners van Kaapstad nie, kleiner slagters het in hulle behoeftes voorsien.

Weiregte in Groenkloof is ook aan ander veebesitters toegeken maar dit het klagtes van die gekontrakteerde slagters, wat 'n voorkeurreg daar gehad het, uitgelok. Toe Groenkloof in plase verdeel is, het die ontevredenheid toegeneem en die vleispagters het die kompanjie die stryd aangesê. 'n Toestand het ontstaan wat die kompanjie byna beweeg het om weer self met vee te boer en so terug te keer tot die monopoliestelsel wat vóór 1699 in swang was. Hierdie onaanvaarbare alternatief het die veeboere afgeskrik en goewerneur De Chavonnes en sy onmiddellike opvolgers kon daarin slaag om die burgerslagters tot laer pryse en 'n dienswillige houding te dwing. Dit was vir die kompanjie nooit nodig om weer slagvee aan te hou nie.[30]

Goewerneur Willem A. van der Stel het skippers wat in Saldanhabaai op wind gewag het, of weens siek en verswakte bemanningslede nie verder kon vaar nie, aangesê om nie vleis uit die Kaap te verwag nie maar om boodskappers na Groenkloof te stuur en daar hulle behoeftes bekend te maak.[31] Een van die plase in Groenkloof is toegeken aan Heinrich Ostwald Eksteen, Meendert Cruywagen se skoonseun en Johannes se swaer.[32] Meendert en sy skoonseun se noue samewerkingsverhouding in die tapbedryf is reeds vermeld. Dat die vennootskap tussen die twee swaers voortgesit is, veral na Eksteen ook 'n deel van die vleispag bekom het, is nie te betwyfel nie.

By besluit van die Politieke Raad op 1 Februarie 1724 is die eerste kwart van die vleispag aan Johannes Cruywagen toegeken vir *der leverantie van vers vleesch en levendige schapen aan 's Comps. Scheepen, en hospitaal.*[33] Die lewendige skape was o.a. bedoel vir verbyvarende skepe wat vars vleis en ook lewendige diere aan boord geneem het.[34] Oor die tydperk 1725-1728 het die kompanjie 104 545 kg vleis per jaar verbruik benewens die lewendige diere waarna pas verwys is. Teen 1779-80 was

---

[30] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., pp.498-499.

[31] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 495.

[32] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 498.

[33] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, p. 22.

[34] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p.10.

die konsumpsie 409 090 kg. per jaar en vir die periode September 1789 tot September 1790 het dit gestyg tot 454 546 kg. per jaar, lewendige vee asook die voorsiening van vleis aan vreemde skepe uitgesluit.[35]

Met die voormelde toekenning aan Johannes blyk dit dat hy die enigste kontraktant was want daar word verder besluit dat indien daar nie binne veertien dae ander aanbiedinge ontvang word nie, die ander *drie vierde parten* volgens die pagkondisies ook aan die aannemer van die *eerste vierde part* d.w.s. Johannes Cruywagen, gegee sou word.[36] Op 17 Februarie 1724 het die Politieke Raad 'n spesiale vergadering gehou en besluit dat ook Jacob van Bochem en Pieter Wion elk 'n kwart van die vleispag sou kry. Die laaste vierde kwart is ook aan Johannes Cruywagen toegeken wat dus oor twee pagdele beskik het en sodoende die helfte van die vleisleweringskontrak vir 1724 in sy hande gehad het.[37] As pa Meendert goeie sake gedoen het met drankpagte wat hy van tyd tot tyd gehou het, was Johannes met die vleispag in 'n voordeliger posisie.

> *Die slagtersberoep, en veral die voorsiening van vleis aan die kompanjie, het groot winste opgelewer. Die slagters was gewoonlik self veeboere wat oor groot veetroppe beskik het.*[38]

Die Politieke Raad het op 30 Mei 1724 'n petisie van die pagters Johannes Cruywagen, Jacob van Bochem en Pieter Wion oorweeg. Die pagters het gekla dat ander slagters vleis verkoop het teen drie en 'n halwe stuiwer per pond terwyl hulle gekontrakteer was om vleis te lewer teen drie stuiwers die pond. Die Politieke Raad het 'n besluit hieroor uitgestel tot later.[39] Johannes het elke jaar ná 1724, toe dele van die vleiskontrak die eerste keer aan hom toegeken is, 'n aandeel in die lewering van vleis gekry tot in 1728.[40] In 1729 het die Politieke Raad besluit om dit op die proef te stel om die kontrak se tydsduur te verleng *voor den tijd van drie jaaren.* Die kontrak

---

[35] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 269 & p. 358.

[36] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, p. 22.

[37] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, p. 25.

[38] G.C. de Wet, *Die vryliede en vry swartes* ..., p. 89.

[39] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, pp. 54, 55.

[40] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, pp. 120, 121 (1725); pp. 227, 228 (1726); p.319 (1727); p.386 (1728).

word egter steeds in vier gelyke dele aangebied en die begunstigdes vir die proefperiode was Johannes Cruywagen, Heinrich O. Eksteen (Johannes se swaer), Pieter J. van der Heijde en Jacob van Bochem.[41] Dit het beteken dat Johannes 'n kontrak gehad het vir 1729, '30 en '31.

Die verrigtinge van die Politieke Raad is gedurende hierdie jare gelei deur 'n nuwe goewerneur, Pieter Gysbert Noodt (1681-1729) met wie Johannes en sy slagterkollegas seker dikwels in aanraking was. Noodt was 'n fortifikasie-ingenieur in diens van die V.O.C. wat op pad na Batavia in 1718 die Kaap aangedoen het. Hier het hy 'n verslag opgestel wat nie vleiend was oor die Kaapse vestingwerke en selfs nie die kasteel nie. Noodt het in 1719 in Batavia aangekom waar hy verskeie senior posisies beklee het. Op 30 Augustus 1726 het die Here XVII hom as goewerneur van die Kaap aangestel. Hy het, vergesel van sy vrou en twee kinders, op 13 Februarie 1727, in die Kaap aangekom en is op 25 Februarie ingesweer.

Gedurende sy regeringstyd van bietjie meer as twee jaar het daar min noemenswaardig aan die Kaap gebeur.

> *Noodt was 'n hardvogtige en onsimpatieke man met 'n opvlieënde humeur wat dit moeilik gevind het om met ander saam te werk. As gevolg hiervan was hy dan ook nooit baie gewild onder die koloniste nie.*[42]

'n Probleem waarmee Noodt te kampe gehad het, was die voortdurende drostery van soldate. In April 1729 het 13 man uit die garnisoen gedros. Agt van hierdie belhamels is gevang en vier wat weerstand gebied het, is na 'n verhoor deur die Raad van Justisie opgehang. *Op die dag van die teregstelling is Noodt plotseling aan 'n hartaanval oorlede.*[43] Noodt is op 30 April 1729 in die kerk aan die Heerengracht begrawe. Jan de la Fontaine is na 'n kort rukkie as sekunde in Noodt se plek as goewerneur aangestel.

---

[41] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p.11.

[42] G.C. de Wet, "Pieter Gysbert Noodt," W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, pp. 531, 532

[43] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.70; G.C. de Wet, "Pieter Gysbert Noodt," *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2 p.532. Nota: C. Louis Leipoldt se drama *"Die laaste aand"* is op hierdie gebeure gebaseer.

Dit blyk dat Johannes nie net by vleislewering aan die kompanjie, wat die skepe, hospitaal en die garnisoen moes bedien, betrokke was nie. By besluit van die Politieke Raad op 9 Mei 1730 word aan Johannes Cruywagen toegestaan *om ten behove deeser ingesetenen teegens twee sijwers het pond soo schaapen als beesten vleesch te mogen slagten.* Hy het hierdie kleinmaat-kontrak gekry op dieselfde voorwaardes wat vir die ander twee dorpslagters, Jonas van der Pool en Ernst Frederik de Swart, gegeld het. Die voorwaardes waarvolgens hulle vleis gelewer het, was reeds sedert Desember 1714 in swang.[44]

Die proefneming met die langer looptyd van die kompanjieskontrak het blykbaar bevredigend verloop want in 1732, met die verstryking van die drie jaar, het die Politieke Raad oorweeg of die kontrak se looptyd nie vyf jaar moes wees nie. Die Raad het geoordeel dat 'n vyfjaarkontrak voordeliger sou wees en op 1 Februarie 1732 word besluit om die kontrak *voor den tijd van vijf jaaren* aan die vorige pagters Johannes Cruywagen, Eksteen, Van der Heijde en Van Bochem toe te ken.[45] Die pagters kon dus hulle aktiwiteite voortsit tot 1736. Die kompanjie moes vleislewering deur hierdie slagters só bevredigend gevind het dat hulle weer op 1 Februarie 1737 vyf jaar-kontrakte ontvang het. Al verskil was dat Van Bochem se naam nie weer voorgekom het nie en hy vervang is deur Aletta van Es, die weduwee van Steeven Vermeij. Die leweringsprys was *elf sware duiten per pond geslagt ... en veerthien schellingen ieder leevendige schaap.*[46] Hierdie besluit van die Politieke Raad het Johannes 'n deelgenoot in vleisvoorsiening gemaak tot in 1741 wat beteken dat hy vir 17 jaar eintlik die toon in die bedryf aangegee het.

Veeposte, weilisensies en baie plase

In die vorige hoofstuk is daar aandag gegee aan Johannes se pa, Meendert Cruywagen, en veral ook aan al die veeposte waar hy weiregte vir sy vee verkry het – van die Kaapse duine in die omgewing van die Valsbaaise kus, in Groenkloof waar die Cruywagen-naam aan 'n plaas gekoppel is, en tot oor die Bergrivier aan St.

[44] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p.96.

[45] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 189.

[46] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, p. 103.

Johannes weilisensies in dieselfde gebied uitgeneem het, het dié praktyk nog voorgekom en het kommisaris Van Imhoff sake verder vir Johannes vergemaklik.

Van Imhoff het in 1743, blykbaar in 'n poging om groter bestendigheid in die grensdistrikte te bewerkstellig en die trekgees in 'n mate te stuit, 'n nuwe grondbesitstelsel aanbeveel. Aan veeboere is vergun om 60 morge van 'n leningsplaas in volle eiendom te bekom by betaling van 'n *moderate* bedrag. Die betaling van die voorgeskrewe rekognisiegelde op die res van die plaas het van krag gebly. Die stelsel was nie verpligtend nie en slegs enkele kapitaalkragtiges het daarvan gebruik gemaak. Gewoonlik is die 60 morg wat om die "opstal" geleë was, gekoop. Hierdie lenings-eiendomsplaasstelsel het min daartoe bygedra om die veeboerpioniers tot meer permanente vestiging te beweeg.[50]

Johannes het onmiddellik na die aankondiging van die voorgenoemde vergunning aansoek gedoen om die plase Aan't St Helena Baaij en Kaarsefontein, waarop hy weiregte gehad het, as leningsplase op sy naam te kry. Waar hy eers 'n tydelike vergunning gehad het, word hy nou 'n ordonnansiehouer en met die aankoop van sestig morg vir 'n *moderate* bedrag volgens Van Imhoff se lenings-eiendomsplaasstelsel, die eienaar van 'n groot plaas. Sy aansoek is toegestaan en teen 'n kontantbetaling van 100 riksdaalders vir elk van die plase en die voortgesette betaling van die jaarlikse rekognisiegeld van rds.24 word hy in werklikheid die eienaar van vier plase in plaas van slegs twee.[51] (Kaarsefontein, Doornfontein, Aan't St Helenabaai en Modderfontein.) Die sestig morg wat volgens die Van Imhoff-bepaling vir Kaarsefontein uitgemeet moes word, is verdeel in 40 morg op Kaarsefontein en 20 morg op Doornfontein. Ondanks die feit dat laasgenoemde sedert 1728 as afsondelike leningsplaas bestaan het, is die twee op sy grondbrief onder die naam Kaarsefontein saamgevat.[52]

Op presies dieselfde manier is te werk gegaan met St Helenafontein. Die twee groot veeposte Klein-Klipfontein en Bottelfontein is by St Helenafontein gevoeg. Op

---

[50] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,* p. 58.

[51] H.C.V. Leibbrandt, Requesten, vol 1, nr. 57, 1744, p. 247.

[52] Registrateur van Aktes, Kaapstad, Old Cape Freeholds, 2/472, CQ 7/52.

Bottelfontein is 12 morg as vryhoewe opgeneem en op St. Helenafontein en Klipfontein 24 morg elk. Die drie saam is onder die naam St. Helenafontein opgeteken.

> *Vir die betreklike geringe bedrag van 200 riksdaalders en 'n jaarlikse rekognisie van 24 riksdaalders het J.M. Cruywagen dus leningseiendomsreg op nagenoeg 39 000 morg grond om die kus van St. Helenabaai verkry!*[53]

Voorgenoemde feit word deur Nigel Penn in sy *Northern Cape Frontier Zone* bevestig. Hy verwys na Johannes se gebruik van Groenkloof, sy baie plase in die omgewing van St. Helenabaai en die Bokkeveld asook aan die Gouritsrivier in die Suid-Kaap en bereken ook dat hy op ongeveer 39 000 morg grond in die omgewing van St Helenabaai geboer het.[54]

Wat plase aan die Gouritsrivier betref, moet die feite versigtig beoordeel word. Onder datum 2 Mei 1732 word 'n vergunning aan burgerraad Jan M. Cruywagen, d.w.s. Johannes, toegestaan om vir 'n jaar oorkant die Gouritsrivier op *Houteniquasbosch* met sy vee te wei teen betaling van die toepaslike rds.24. Hierdie vergunning is vir die opvolgende jare tot 1736 hernu.[55] Hy het nog 'n plaas in daardie kontrei besit maar dit is nie verkry by wyse van 'n weilisensie of as leningsplaas nie. Die verkryging van dié plaas word later behandel. Daar is wel nog twee plase se weiregte oorkant die Gouritsrivier aan 'n aansoeker Jan Meynderts Cruywagen toegeken. Op 27 Desember 1742 kry voorgenoemde Cruywagen vergunning om op *Ruijterskraal* en *Houteniqua's Bosch, synde de verlaaten plaas van sijnen vader Jan Meijndersz Cruywagen senior*, met sy vee te staan.[56]

Dit is interessant dat die vereiste 24 riksdaalders rekognisiegeld vir Houteniquasbosch slegs gedeeltelik in munt betaal is. Daar is 12 riksdaalders betaal en die res by wyse van *twee goede en bequaam vier jarige trek ossen.*[57] Dit was wel 'n erkende gebruik

---

[53] M.H.D. Smith, *Boerepioniers van die Sandveld,* p. 59.

[54] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 123.

[55] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 9/3, Ontvanger van landsinkomste, 1730-1731, p. 563.

[56] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 10/2 Ontvanger van landsinkomste, 1741-1744, pp. 295, 296.

[57] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 10/2 Ontvanger van landsinkomste, 1741-1744, p. 296.

en dikwels is trekosse in bepaalde gevalle aanvaar as betaling in plek van rekognisiegeld.[58] Die Cruywagen hier ter sprake, word in beide gevalle aangedui as *burger cornet Jan Meynderts Cruijwagen.* Johannes word op meer as een weilisensie geïdentifiseer as *burgerraad* en by ander sake waarby hy ook betrokke was as *ou-burgerraad.* Die *burger cornet*, verwys beslis nie na Johannes nie maar na sy oudste seun wat ook die Jan Meynderts-naam gedra het. Dié feit word verder bevestig deur die verwysing na *Houteniquasbosch* as die verlate plaas van die aansoeker se vader. Die weiregte op beide hierdie plase is vir jare ná Johannes se dood in 1745 deur sy seun hernu. Johannes het nie groot gronde in die Suid-Kaap gehad nie. Sy bedrywighede en veral sy groot veeboerdery vir die lewer van vleis aan die kompanjie was hoofsaaklik om St. Helenabaai gekonsentreer.

Rekognisie met vee afgelos

Die rede vir die gebruik om soms 'n deel van die rekognisie-verpligting in osse te betaal was om 'n praktiese probleem vir die kompanjie op te los. Die kompanjie se landvervoer, wat met ossewaens gedoen is, het by geleentheid te kort geskiet en selfs tot stilstand gekom weens 'n gebrek aan trekosse. In 1711 byvoorbeeld moes van burgerwaens gebruik gemaak word om boumateriaal soos kalk, klip, timmerhout en dekriet vir herstelwerk aan die kasteel te vervoer. Huurgelde vir hierdie waens het ekstra uitgawes meegebring wat die kompanjie ten alle koste probeer vermy het. Daarom is daar spoedig opgetree en 'n ruiltog is na die Khoi-Khoin gestuur om osse te probeer bekom.[59]

In 1728 het die Politieke Raad egter 'n makliker oplossing bedink om osse in die hande te kry. Die burgers is aangemoedig om die jaarlikse rekognisiegeld op hulle leenplase met drie goeie vierjarige trekosse te betaal in plaas van die gebruiklike 12 riksdaalders per jaar.[60] Twee jaar later was die kompanjie goed voorsien van trekosse en moes die burgers hulle verpligte rekognisiegelde weer in kontant betaal.[61] In 1740

[58] G.C. Visagie, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806,* p. 79.

[59] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 33.

[60] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 34.

[61] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, (18.7.1730), p. 105.

en 1741 het oorvloedige reën en koue weer 'n kwaai tol aan kompanjiesvee geëis en het die owerheid se karweiwerk weer so te sê tot stilstand gekom. Die 1728-plan om trekosse in die hande te kry, is weer ingestel. Die rekognisiegeld is intussen verhoog na 24 riksdaalders per jaar en dit kon afgelos word met 'n geldpaaiement van 12 riksdaalders en twee goeie vierjarige osse.[62]

Die bou van die breekwater in Tafelbaai, om die aanlêplek van skepe teen stormweer te beveilig, is in 1743 deur goewerneur-generaal baron Van Imhoff gelas. Dit het 'n groot las op die vervoerstelsel geplaas. Terselfdertyd is Simonsbaai as tydelike skeepsbuitepos gestig en die vervoer van voorrade oor 40 kilometer ongebaande paaie het die verlies aan trekosse laat toeneem. Die Politieke Raad het in 1750 die probleem opgelos deur weer die burgers deel van hul rekognisiegeld in trekvee te laat betaal. 'n Deel van die leengeld moes van daardie jaar af met drie geskikte vierjarige osse betaal word. Dié tydelike maatreël is in 1756 onder goewerneur Ryk Tulbagh weer opgehef.[63]

Na skatting was daar ongeveer 400 plase waarop deel van die rekognisiegeld met trekosse betaal moes word.[64] Dit was 'n heel oorspronklike oplossing wat die Politieke Raad bedink het en 'n plan wat dadelik vrugte afgewerp het. Dit het natuurlik gebeur dat van die boere van hul slegste, wildste en ontembare osse aan die kompanjie afgestaan het.[65] Toe die betaalstelsel met osse in swang was, moes Johannes met sy baie leenplase heelwat osse afgestaan het. Daar kan aanvaar word dat hy sy verpligtinge nagekom het, maar of daar soms ook van die slegstes en wildstes uit sy veestapel vir die kompanjie se gebruik uitgekeer is, sal niemand ooit weet nie!

Met die besoek van baron Van Imhoff, in 1743 het hy aan die goewerneur toestemming verleen om *Alle de leening plaatsen dewelke nog wel circa 400 zijn, ... in eygendom aff te geven,* indien die huidige eienaar daarvoor aansoek sou doen en

---

[62] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 34.

[63] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., pp. 34, 35.

[64] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 34.

[65] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 35.

mits sodanige plaas/e opgemeet was. Die *tegenwoordige impositie van rds 24* per jaar, wat sedert 28 Februarie 1732 betaalbaar was, sou steeds geld.[66]

Johannes se hulp is telkens ingeroep wanneer daar in die St. Helenabaai-gebied omstandighede opgeduik het wat spoedige optrede vereis het of waar sy goeie kennis van die gebied voordelig benut kon word. Op die wyse het Johannes telkens met die goewerneur en die hoogste gesag in aanraking gekom soos uit die volgende gebeure blyk.



Baron Gustaaf Willem van Imhoff, goewerneur-generaal van die Nederlandse besittings in die Ooste wat die Kaap in 1743 besoek het. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)

'n Gebeurtenis wat vir 'n wyle aan die Kaapse gemeenskap se redelike eentonige bestaan bietjie kleur gegee het, was die aanstelling van 'n nuwe goewerneur. Jan de la Fontaine (1684 (gedoop) – 1743) het vir 'n jaar of wat as V.O.C. amptenaar in

[66] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CV 36 Verbatimkopieë, 28 Februarie 1743, pp.591, 592.

Batavia gewerk. Hy het in Maart 1710 in Tafelbaai aangekom en vinnig gevorder in owerheidsdiens, onder andere as lid van die Politieke Raad en later as koopman. Met die dood van goewerneur De Chavonnes op 8 September 1724 word hy aangestel as waarnemende gesaghebber. Hy het voortgegaan om as tweede in bevel te dien tot Pieter Gysbert Noodt op 25 Februarie 1727 sy pligte as goewerneur aanvaar het. Na Noodt se oorlye het De la Fontaine weer vir ongeveer twee jaar as goewerneur waargeneem tot 8 Maart 1730 toe hy deur die Here Meesters as goewerneur aangestel is. Gedurende sy bewind het die uitbreiding na die binneland teen 'n snel tempo toegeneem.[67]

Handige helper en raadsman

Die Politieke Raad het op 30 Desember 1731 'n *extraordinaire* vergadering belê om aan 'n dringende saak aandag te gee. Berig is ontvang van 'n skip, *Huijs te Vlotter*, wat in St. Helenabaai in seer *sobere gesteltheijd* verkeer het. Soos dikwels gebeur het, was soveel van die bemanning dood of ernstig siek dat daar nie verder gevaar kon word nie. Die dreigende verlies van 'n handelsvaarder was 'n ernstige saak wat spoedige optrede vereis het. Die Raad het besluit dat die brigantyn *Fijenoord*, ('n ligte vrag- of oorlogskip met twee maste) dadelik in gereedheid gebring moes word om na St. Helenabaai te vaar. Voorts het Jan Dietloff, wat aan die *Piquet Bergen* gewoon en die nuus oor die skip na Kaapstad gebring het, opdrag gekry om met die korporaal by Groenkloof ook na St. Helenabaai te gaan. Verder het die goewerneur, Jan de la Fontaine, versoek *dat het volk van de post van den burgerraad Johannes Kruijwagen* wat naaste aan die baai was, die nodige voedselbehoeftes moes verkry en die nodige *behulpsaamheden* aan die skip moes lewer.[68] Die uitkoms van hierdie hulpplan is nie bekend nie maar daar kan aanvaar word dat dit suksesvol afgeloop het.

Gewoonlik, sodra berig die Kaap bereik het dat 'n skip in nood Saldanhabaai of St. Helenabaai binnegeseil het, is spoedig opgetree, veral wat voedselvoorsiening en

---

[67] G.C. de Wet, "Jan de la Fontaine," W.J. de Kock (red.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, pp. 222, 223.

[68] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 180; D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., pp. 4, 5.

meer bepaald die lewering van vleis aan die opvarendes, betref. Die naaste poshouer het opdrag ontvang om skape by veeboere te koop en wat kortgekom het by die vleispaghouers in Groenkloof te gaan verkry. Vleisvoorsiening aan skepe het geskied volgens 'n vasgestelde tabel wat die grootte van die skip in ag geneem het. Die gemiddelde voorsiening het op ongeveer tien skape per week neergekom.

> *Skippers het 'n ontvangsbewys geteken waarvolgens die poshouer in kontant vir sy eie skape, en die gekontrakteerde slagters en die vryburgers vir hulle s'n vergoed is.*[69]

Die feit dat al meer skepe wat probleme ondervind het St. Helenabaai as toevlugsoord binne gevaar het, het dit nodig gemaak om 'n hulpdienspos in die omgewing aan te lê.[70] Goewerneur De la Fontaine en die Politieke Raad het op 3 Mei 1734 vergader ten einde aan die

> *oudburgerraden, Hendrik Oostwald Eksteen en Johannes Kruijwagen, neevens den burger Johannes Colijn, als sijnde de voornaamste deeser ingeseetenen de welke hare plaatsen omtrent de St. Helena Baaij hebben,*

die geleentheid te gee om 'n voorlegging oor die baai te maak.[71] Die goewerneur en die owerheid wou inligting bekom oor die gesteldheid van St. Helenabaai en of daar ander bruikbare baaie en inhamme aan daardie deel van die kus was. Verder wou hulle geweet het of die gebied geskik was vir die lewer van *eenige ververssingen* en of daar goeie water te bekom was. Hulle het ook belang gestel in 'n geskikte plek waar 'n kompanjiespos gevestig kon word. Die drie here word verder versoek om behulpsaam te wees met die bakenstene wat vervoer en by 'n te stigte pos geplant moes word.[72]

Intussen is De la Fontaine, wat 'n vermoënde man was, op sy versoek uit sy amp ontslaan. Enkele maande nadat hy die bestuur van sake op 31 Augustus 1737 aan sy opvolger Adriaan van Kervel oorhandig het, het hy na Nederland teruggekeer.

---

[69] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 445.

[70] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 471.

[71] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 349.

[72] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 349, 350.

Cruywagen en Colijn het gerapporteer dat hulle die strand van St. Helenabaai en verder, wat *groot en ruim van uijtgestrektheid* was tot omtrent aan die Olifantsrivier te perd afgery het. Daar was geen ander baaie of inhamme nie, die land bestaan uit sanderige duine en vlaktes wat geskik was vir veeweiding maar nie vir die kweek van groente of ander gewasse nie. Hulle as boere van die omgewing was self verplig om broodkoring vir die onderhoud van hulle knegte en slawe te laat aanry. Voorts het hulle daarop gewys dat die water van die Bergrivier in die somer tot ver stroomop brak was en dat posvolk hulle water ver sou moes gaan haal. 'n Pos sou aan die suidekant van die rivier, vanwaar daar 'n uitsig oor die hele baai sou wees, geplaas kon word. Die twee here het aangebied om mee te help deur *haar volk ordre te geeven* om sodra 'n skip sou aanland sonder versuim tyding daaroor Kaap toe te bring want dit sou, volgens hulle oordeel, vinniger geskied as wat die kompanjiesvolk dit sou kon doen.[73] Waarom Hendrik Eksteen nie aan die verslaggewing meegedoen het nie, word nie vermeld nie. Moontlik het sy swaer, Johannes Cruywagen, hom die moeite gespaar en aangebied om ook namens hom te praat.

Die voorgenoemde gebeure is 'n goeie voorbeeld van die optrede van die kompanjie om alles in werking te gestel het om te verseker dat skepe ververs word en hulle bestemmings bereik want die handel moes vlot en verliese beperk word. Wanneer skepe in nood wel St. Helena- of Saldanhabaai as tydelike skuiling ingevaar het, het die boere van die omgewing 'n welkome verdienste gehad uit die produkte wat hulle voorsien het.

Die kompanjie was altyd bedag daarop dat mededingers inbreuk kon maak op sy handelsbelange en dat 'n vreemde moondheid in 'n gebied waar die kompanjie reeds belange gehad het, sou kon vestig. Die gevaar van so 'n vestiging het die Here XVII in 1733 ter ore gekom. Hulle waarsku die Kaapse owerhede dat 'n skip van die Franse Oos-Indiese Kompanjie aan die Afrikaanse weskus, tussen 24° en 33° suiderbreedte, 'n geskikte plek vir 'n verversingspos gesoek het. Die Here XVII het ook verneem dat die Franse by Angra Pequena (by die huidige Lüderitz-bucht) 'n steen met die Portugese koninklike embleem daarop gevind het. Dit het glo die Franse onder die

[73] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 350; D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 472.

indruk gebring dat die baai reeds aan die Portugese behoort het en daarom het hulle suidwaarts gevaar tot by St. Helenabaai. Die Here XVII het betroubare inligting gesoek om die V.O.C. se aanspraak op St. Helenabaai te bevestig. Die Bewindhebbers het voorts versoek dat die goewerneur 'n bakensteen by St. Helenabaai moes laat inplant. Dit was die gebruik om 'n gebied waarop reeds gevestig was of waarop aanspraak gemaak word, met 'n bakensteen te merk. Op sodanige stene is die embleem van die State-Generaal en die monogram van die V.O.C. op teenoorstaande kante aangebring is. Stene wat aan die Suid-Afrikaanse kuste geplant is, is deur bandiete op die buitepos, Robbeneiland, gekap en gegraveer.[74]

Die Politieke Raad is ingelig dat die Franse Oos-Indiese Kompanjie *deese Africaanse kust hebbe doen visiteeren* en wat hulle planne was. Op 'n vergadering op 29 April 1734 het die Raad die aangeleentheid behandel en daar is besluit om 'n buitepos aan die suidekant van St. Helenabaai te vestig.[75] Die korporaal en die ses man wat hom sou bystaan, is deur onder andere H.O. Eksteen en J. Colijn, na wie reeds verwys is, na die pos vervoer.[76] Die Politieke Raad het besluit dat die nodige bakenstene met die wapen van die staat en die kompanjie daarop vervaardig moes word en *niet alleen in de St. Helena Baaij, maar ook by het uijtloopen van de Oliphands Rivier in zee, sijnde nog omtrent dertig mijlen verder op bequamen plaatsen sullen word opgeregt.*[77] Die plant van die bakenstene en die teenwoordigheid van die korporaal en sy manskappe sou duidelik laat blyk dat die Kaapse grondgebied nie net so ver uitgebrei het nie maar ook dat die kompanjie *een weesentlijke besetting van haare militie te dier plaats kompt te houden.*[78]

In die kladnotule van die Politieke Raad se vergadering van 2 November 1734 verskyn in verband met die plant van bakenstene die volgende aantekening: *Wegens de stenen in die Mosselbaaij door De Wet; en aan de Oliphants Rivier Kruijwagen –*

---

[74] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., pp. 472, 473.

[75] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 346, 347.

[76] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 472.

[77] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 346, 347.

[78] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 347.

wat natuurlik bedoel Johannes.[79] Van die Franse bedreiging het niks gekom nie en al die voorsorgmaatreëls, veral die vestiging van 'n buitepos te St. Helenabaai, was oorbodig. Omdat hierdie pos geen nut sou dien nie, is daar in 1736 besluit om die stigting van 'n pos te laat vaar. Die bakenstene waarop besluit is, is wel ingeplant *om die V.O.C. se aanspraak te bevestig.*[80] Die Franse se voorgenome stigting van 'n verversingspos het weer op 'n vergadering van die Politieke Raad op 7 Mei 1737 aandag gekry en aangesien die bedreiging *sonder grond van waarheijd wierden gevonden,* is die besluite in verband met voorsorgmaatreëls teruggetrek. Daar word ook gesê dat daar wel bakenstene geplant was wat die kompanjie se eiendomsreg aangedui het en die Raad het dit blykbaar as genoegsame aanspraak en beskerming beskou.[81]

Gemeenskapsbetrokkenheid

Wyl etlike kere na burgerraad Johannes Cruywagen verwys is, is dit gepas om sy gemeenskapsdiens en betrokkenheid by verskeie Kaapse instellings kortliks te behandel. Daar was omtrent geen owerheidsliggaam waarop Johannes nie gedien het nie en was hy kerklik ook betrokke. Op 18 Desember 1725 is hy tot diaken gekies, 'n aanduiding dat hy in die dorp gewoon het. Met sy toetrede tot die kerkraad was Ryk Tulbagh, die latere goewerneur, een van die uittredende diakens.[82] Diakens en ouderlinge is deur die owerheid uit 'n dubbeltal, wat deur die kerkraad genomineer is, gekies.[83] Die diakenamp was belangrik in die kerklike opset van destyds. In die Gereformeerde Kerkorde (bv. Dordrecht 1619) is die diaken-amp en -taak geformuleer op grond van wat onder andere Calvyn in die verband geleer het. Die diaken-amp was die grondslag vir barmhartigheidswerk wat onder toesig van die kerkraad verrig is. Die taak het neergekom op die *insameling en uitdeling van gawes*

---

[79] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, voetnoot 207, p. 380.

[80] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 473.

[81] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, pp. 113, 115. Nota: Dit is betekenisvol dat die bakensteen wat Johannes by die monding van die Olifantsrivier geplant het, behoue gebly het. D. Sleigh skrywe in *Die buiteposte* op p. 472, *Die steen van die Olifantsriviermond word in die S.A. Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad bewaar.*

[82] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, pp. 204, 205.

[83] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1804*, deel 1, pp. 28, 29.

ten behoewe van die armes en die vertroosting en opheffing van nooddruftiges.[84] Armes was nie net behoeftiges nie maar het ook krankes, bejaardes en liggaamlik-ongeskiktes ingesluit. Behoeftige ouers en veral weduwees het baie aandag gekry ter wille van die versorging en opvoeding van hulle kinders.[85] Wanneer Johannes van sy diakonie-verpligting onthef is, kon nie opgespoor word nie. Dit kon nie verder as die einde van 1731 gestrek het nie want op 13 Desember van daardie jaar is hy as ouderling verkies. Na twee jaar in dié kerklike amp het hy weer uitgetree.[86]

Vanaf die tyd dat die burgermilisie in Mei 1659 deur die Politieke Raad ingestel is,[87] was Kaapse burgers onderhewig aan 'n stelsel van diensplig. Die burgermilisie moes die garnisoen aanvul. Die sterkte van die garnisoen het voortdurend gewissel na gelang daar vrede was, of oorlog gedreig het.[88] Wanneer 'n vyandige vloot in aantog was, is daar van seine gebruik gemaak om boodskappe oor lang afstande te stuur. Die seine het bestaan uit die afskiet van grofgeskut (kanon) en ook die aansteek van vure vir rookseine. Hoë spitse in die omgewing van die skiereiland en so ver as die Piket- en Hottentots-Hollandberge, is vir die vuurseine gebruik. As seinmanne is betroubare burgers wat naby die seinposte gewoon het, aangestel. Weerbare manne wat seine gesien of kanonskote gehoor het, moes *hulle ten spoedigsten in hunne volle waapenen herwaards* (wend) *en op de genoteerde versamelplaats* byeenkom.[89] Algaande is die burgery uit noodsaak al meer in plaaslike militêre operasies betrek.

Johannes het sy milisiepligte nagekom en op 8 Januarie 1726 het die Politieke Raad goedgekeur dat hy tot korporaal bevorder word.[90] Inligting oor ander bevorderings of besondere aktiwiteite is nie gevind nie. Omdat dit nodig was om die burgers se

---

[84] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk ...*, deel 1, p. 54.

[85] M.M. Marais, "Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 6, 1943, p. 62.

[86] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 176, 178 & p. 315.

[87] D.B. Bosman & H.B. Thom (reds.), *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, deel 3, 1659-1662, p. 34.

[88] P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie,* pp. 30, 31.

[89] P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap ...*, pp. 66, 67.

[90] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 7, p. 211.

krygskuns op te skerp en hulle paraat te hou vir enige gebeurlikheid, is burgers van tyd tot tyd opgeroep om *wapenschouwinge* by te woon. Militêre oefeninge was 'n vaste instelling en sou 'n kenmerk van die lewe in die volksplanting dwarsdeur die Nederlandse tydperk wees.[91] Op die Politieke Raad se sitting van 2 November 1734 word onder andere ook 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering wat die burgerkrygsraad vroeër op 11 Oktober gehou het, in behandeling geneem. Die name van die persone wat vir die skiet van seinskote by die verskillende seinposte verantwoordelik was, word in dié notule aangegee. Die seinpos *agter de Groene Cloof op de Klipberg* was die verantwoordelikheid van Johannes Cruywagen.[92] Hoe lank Johannes vir die seinpos verantwoordelik was en of hy dit ooit nodig gevind het om seinskote af te vuur, is nie bekend nie. 'n Verdere en belangwekkende militêre operasie waarby hy betrokke was en wat verband hou met die Barbier-opstand en die Khoisan-oorlog van 1739, word later volledig geboekstaaf.

Daar was erns gemaak met burgers se militêre verpligtinge. As voorbeeld word 'n voorval aangehaal waarby H.O. Eksteen, Johannes se swaer, betrokke was. Eksteen was 'n offisier wat in die burgerkrygsraad gedien het. Hy en sy mede-offisiere het 'n klag by die Politieke Raad ingedien teen vier burgers wat hulle aan *onordentlijke leevensgedrag* skuldig gemaak het. Hulle het versuim om die *schutters eed* af te lê, die militêre oefening by te woon, of te sê waar hulle gewoon het. Verder is hulle aangekla van *gepleegde brutaliteiten en dronkenschap.* Die petisionarisse het versoek dat sulke *onnutte* burgers verban moes word of op ander wyses, wat die edele raadslede goedgevind het, gestraf moes word. Die klagskrif is deur die Politieke Raad op 9 Desember 1738 in behandeling geneem en daar is besluit om drie van die burgers *met die eerste occasie als onnutte subjecten naar Europa* te stuur terwyl daar later met die vierde gehandel sou word.[93] Hierdie drastiese optrede moes sonder twyfel ander voornemende pligontduikers afgeskrik het. Dit is interessant om daarop te let dat daar in Desember 1687 verordineer is dat kinders, *knegjes van negen tot derthien jaren*, elke Saterdag in *wapenhandeling* onder die drilmeester moes oefen.[94] Hoe lank

---

[91] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1, p. 158.

[92] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 379.

[93] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, voetnoot 288, p. 237.

[94] A.J. Böeseken, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 3, p. 176.

daar met hierdie praktyk volgehou is, is nie duidelik nie. Dit is egter moontlik dat Johannes as jong seun reeds begin het om 'n geweer te hanteer – 'n vaardigheid wat op sy vele togte na sy plase in die binneland bruikbaar te pas gekom het.

Johannes het ook gevorder tot die hoogste siviele pos wat vir burgers aan die Kaap beskore was. Op 8 Desember 1729 is hy tot burgerraad verkies.[95] Dit was 'n pos wat reeds in die tyd van Jan van Riebeeck ingestel is. Voor die instelling van 'n afsonderlike regsprekende liggaam aan die Kaap het lede van die Politieke Raad, die hoogste owerheids- en bestuursliggaam aan die Kaap, as geregshof (Raad van Justisie) opgetree om sake te verhoor. Kommissaris Ryklof van Goens senior het in April 1657 bepaal dat vryburgers wat voor die Raad van Justisie verskyn het, verteenwoordig moes word deur een van die oudste en eerlikste vryburgers. Hy het verder bepaal dat by 'n sitting van die Raad die burgerraad 'n eervolle plek moes inneem, tussen die sekunde (tweede in bevel na die goewerneur) en die sersant van die garnisoen. Van Riebeeck het die volgende jaar besluit dat twee vryburgers as burgerrade genomineer moes word. Elke burgerraad moes twee jaar dien en dan beurtelings aftree.[96] Die burgerrade het net sitting in die Raad van Justisie gehad maar die Politieke Raad het ook hulle mening ingewin wanneer sake van belang vir die vryburgers bespreek is. Hulle het namens die burgers petisies ingedien en hul belange in die algemeen behartig. In 1675 is die getal burgerrade tot drie vermeerder.[97] Dieselfde drie burgerrade het ook diens gedoen in twee ander liggame: hulle was ook weesmeesters en kommissarisse vir huweliksake. Hierdie toedrag van sake is deur kommissaris Pieter de Vos, wat die Kaap in 1711 besoek het, afgekeur. Burgerrade het gekla dat hulle te veel werk gehad het en dat die Raad van Justisie se sittings met dié van die ander instansies gebots het. De Vos het voorgestel dat die werk onder meer burgers verdeel moes word *tot aankweking van bequaame subjecten.* Die voorstel is aanvaar en die fondament is gelê vir die *aankweek* van bekwame burgers wat amptenare in die bestuursliggame kon bystaan.[98] Dit was 'n besondere

---

[95] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 70, 71.

[96] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* pp. 65, 66.

[97] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 66.

[98] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, pp. 38, 39.

geleentheid vir Kaapse burgers om 'n direkte aandeel te kry in landsake wat hulle eie belange geraak het.

> *Die instelling van die burgerrade was in navolging van die bestaande stelsel in Batavia, en tewens die natuurlike uitvloeisel van die demokratiese gees van die Nederlanders.*[99]

Die gestadigde skeiding tussen regeringsfunksies word nie beskou as die belangrikste ontwikkeling in Suid-Afrika se konstitusionele geskiedenis nie, maar wel die *toelating van die volk tot medeseggenskap in sy regering* wat die sterk selfstandigheidsin van die Nederlandse voorouers ook onder die Kaapse burgers laat voortleef het.[100]

Johannes het vir 'n jaar as burgerraad gedien. Op 'n vergadering van die Politieke Raad op 7 Desember 1730 word hy as *afgaande* burgerraad genoem.[101] Dit het moontlik gebeur omdat hy tot lid van die Weeskamer gekies en die beleid om meer burgers die geleentheid te gee om op liggame te dien, toegepas is.[102] Hy is weer op 25 November 1734 as burgerraad verkies en het vir die gebruiklike twee jaar tot 11 Desember 1736 gedien.[103] Die posisie van burgerraad het nogal gewig gedra en is as aanspreekvorm vryelik gebruik. Waar Johannes byvoorbeeld vir weiregte aansoek gedoen het, is die vergunning deurgaans toegeken aan burgerraad Johannes Cruywagen. In die gevalle waar vergunnings gegee is toe hy nie meer in die amp gedien het nie, word verwys na oud-burgerraad Cruywagen. Dié betitelingsgebruik word ook teruggevind in ander ampsbekledings soos byvoorbeeld met Johannes se seun, cornet Cruywagen, na wie reeds verwys is.

Die liggaam waarop Johannes die langste gedien het, was die weeskamer. Die weeskamer het in 1674 tot stand gekom om die erfporsies van onmondige kinders vir hulle te bewaar. *Die Weeskamer het weldra oor aansienlike kapitaal beskik wat op verbande uitgeleen is. Dit was dus 'n bank waar koloniste geld kon kry.*[104] Die

---

[99] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 80.

[100] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 80.

[101] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 117, 119.

[102] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 117, 119.

[103] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, pp. 383, 386 en deel 9, p. 95.

[104] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 96.

bevolking van die Kaap bestaan uit 959 kompanjiesdienaars, 'n vrye bevolking van 758 (585 blanke vryburgers en 200 vryswartes). Verder was daar 'n onvry bevolking van 1 333 slawe – 566 wat aan die kompanjie behoort het en 767 in privaatbesit asook 80 bandiete. Laasgenoemdes was veroordeeldes en bannelinge uit die Ooste.[111]

Reis na Mosselbaai

In Junie 1734 vaar die kompanjieskip, *Huijs te Marquette*, deur stormskade geknou en met baie siek matrose aan boord, Mosselbaai binne. Mosselbaai was toe 'n vreemde en onbekende aanloopplek vir skepe. Weer was dit 'n geval van moontlike lewensverlies en groot skade as hulp nie spoedig opgedaag het nie. Gelukkig het daar al heelwat boere in die streek gewoon en een van hulle, Esaias Meyer, was byderhand en het hulp verleen. Op 11 Junie vertrek hy te perd Kaap toe met 'n brief aan die goewerneur van die skipper van die *Huijs te Marquette*. Hy kom op 17 Junie in Kaapstad aan na 'n rit van sewe dae, waartydens hy vyftien keer van ryperd verwissel het. Die Politieke Raad het dadelik reëlings getref dat 'n brigantyn met seilgereedskap, timmerlui en 30 matrose na Mosselbaai vertrek. Meyer het onderneem om self die skip in die baai van vleis en ander behoeftes te voorsien. Soos met boere aan St. Helena- en Saldanhabaai was dit 'n seldsame maar welkom geleentheid om kontant te bekom. Meyer het nie lank in Kaapstad vertoef nie en was op 26 Junie weer terug by Mosselbaai met die goewerneur se boodskap aan die skipper. Die afstand wat Meyer op sy heen- en terugreis afgelê het, was ongeveer 800 kilometer. 'n Besondere prestasie as die afstand en die tyd wat die heen- en terugrit geduur het, in aanmerking geneem word. Meyer is wel vir sy diens en opoffering beloon en het die eiendomsreg van sy leenplaas, Hartenbosch, ontvang.[112]

Goewerneur Jan de la Fontaine het besluit om die omstandighede te gebruik om Mosselbaai te besoek, die landstreek tussen die Kaap en die baai te verken en volledig daaroor aan die Here XVII te rapporteer. Die goewerneur se geselskap het bestaan uit die sekretaris van die raad, Ryk Tulbagh, nog 'n paar senior amptenare en 12 soldate. Vier welvarende Kaapse burgers, Johannes Cruywagen, Jan Hop en Jan en Andries

---

[111] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 165.

[112] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 598.

Grove, wie se veeplase naby Mosselbaai in die sorg van familielede of knegte en herders was, het waarskynlik gedagtig aan die vergoeding wat Esaias Meyer vir sy dienste ontvang het, baie hulpvaardig hulle waens en trekvee tot beskikking van die goewerneur gestel. Die boere se vriendelike aanbod is aanvaar en die goewerneur en sy reisgenote het Kaapstad op 7 Julie 1734 verlaat, die *Huijs te Marquette* is in haar nood gehelp en die baai en die hele gebied is geïnspekteer. Die geselskap het verder gereis na die bosryke Outenikwastreek oos van Mosselbaai maar is deur swaar reën en vol riviere gedwing om die tog, wat nie 'n volle twee maande geduur het nie, te beëindig.[113]

Die Politieke Raad het toe nood gedreig het, gepas opgetree maar na die episode afgeloop was, ook aandag aan die goewerneur se reis geskenk. In die notule van 'n vergadering van die Raad op 7 September 1734 word gewag gemaak van Johannes Cruywagen en sy mede-boere wat die goewerneur *op desselfs vojagie na de Mosselbaaij soo met haare persoonen als hulp van waagens, paarden en beesten ... vergeselschap het.* Hulle het *boovensdien groote behulpsaamhede* betoon deur drinkwater, brood, vleis en ander *behoeftigheden* na die *Huijs te Marquette* aan te ry. Die Raad was van oordeel dat dit net redelik sou wees om hiervoor *eenige erkentenis* van die kant van die kompanjie te gee. Tegelyk sou dit ook ander burgers aangemoedig het om in soortgelyke dringende gevalle die welsyn van die kompanjie te dien. Die Raad het ook aandag aan 'n versoek van die burgers gegee vir kompensasie vir hulle hulp. Daar is aan die versoek van die burgers voldoen en aan elkeen is *een veepost, die zij in leening quaam te besitten in eijgendom* te gee.[114] Johannes het die plaas Hartebeeskraal *geleegen bij de Mosselbaaij* as vergoeding ontvang.[115] Dit is seker geregverdig om op te merk dat Meyer diensgereed was sonder om vergoeding te verwag terwyl die ander met voorbedagte rade gehandel het en met hul versoek eintlik vergoeding verwag het.

Johannes het weens sy betrokkenhede by soveel instellings aan die Kaap noodwendig noue voeling met die onderskeie goewerneurs en senior amptenare gehad. Hy het

---

[113] D. Sleigh, *Die buiteposte ...*, pp. 598, 599; G.M. Theal, *History of South Africa (1691-1795)*, p. 99.

[114] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 369.

[115] G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 8, p. 369.

saam met hulle in vergaderings gesit toe hy onder meer burgerraad was; hy was die houer van 'n deel van die vleispag en het in menige onderhandeling met die Politieke Raad, waarvan die goewerneur die voorsitter was, verkeer. Voorts het Johannes bepaalde opdragte gekry om uit te voer soos byvoorbeeld die afvuur van seinskote en die plant van die bakensteen by die mond van die Olifantsrivier, opdragte wat nie in isolasie gegee is nie maar minstens amptenare-kontak geverg het. Sy verslag oor St. Helenabaai is mondelings aan goewerneur Jan de la Fontaine oorgedra. Sy verhouding met onderskeie goewerneurs kon selfs op vriendskapsvlak bestaan het soos onder andere afgelei kan word van die hulp wat goewerneur De la Fontaine aangebied is met sy Mosselbaaitog.

Drosters, landlopers en vabonde

Aan die Kaap was daar ook 'n ander groepie mense wat vermelding verdien maar beswaarlik as 'n bevolkingsdeel getipeer kan word. Hulle was voortvlugtiges en swerwelinge wat alles moontlik gedoen het om die gereg te ontwyk. In sy werk, *Those in bondage,* handel De Kock met hulle in 'n hoofstuk, "In search of liberty,"[116] terwyl Penn in *Rogues, rebels and runaways*[117] na hulle verwys as *Fugitives on the Cape frontier.* Hulle het egter nie altyd diep die binneland in gevlug nie want om en naby die Kaap, soos in Hottentots-Holland, was ruwe berge met onbegaanbare klowe en grotte wat goeie skuiling gebied het. Hierdie wegloop-slawe, droster-matrose en -soldate, landlopers, vabonde, skuldontduikers, voortvlugtige moordenaars, voëlvry verklaardes en struikrowers, 'n bonte verskeidenheid misdadigers, was 'n las en bedreiging vir 'n geordende gemeenskap maar in baie opsigte die speerpunt van koloniale uitbreiding.[118]

Die mees algemene voortvlugtiges was wegloop-slawe wat na vryheid gehunker het en wou wegkom van die werk-druk en kwaai strawwe vir geringe misstappe waaraan hulle as onvry mense onderworpe was. Daar was by baie van hierdie drosters die onrealistiese verwagting dat hulle hulle lande van oorsprong of ander veiliger hawes

[116] V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 71, 85.

[117] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, pp. 73, 99.

[118] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 73.

[119] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, pp. 73, 74.

[120] M.K. Jeffreys, (samesteller) Kaapse plakkaatboek, deel 1, p. 292.

[121] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 81.

[122] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 72.

[123] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 71.

ontsnapping was uiters wreed en totaal onmenslik veral wanneer ook ander oortredings naas ontvlugting, uit desperaatheid gepleeg is.[124]

Omdat die bevolking in die grensgebiede ver van Kaapstad af yl verspreid gewoon het, het dit die opsporing van voortvlugtiges vanselfsprekend bemoeilik. Opsporing is in 'n mate vergemaklik deur die Khoi-Khoin wat die teenwoordigheid van suspisieuse vreemdelinge aangemeld het. Die Khoi het geweet dat rondlopers naby hulle krale en weigebiede niks goeds voorspel het nie en het gou uitgevind dat drosters alleen aan die lewe kon bly deur vee te roof. Interessant dat die drosters later eerder aansluiting by die Xhosastamme in die ooste van Kaapland gevind het. Die swartmense het anders as die Khoi die voortvlugtiges beskerm omdat die nuwe aankomelinge deur desperaatheid gedrywe, onverskrokke vegters was wat vir niks gestuit het nie.[125]

Vir trekboere dieper die binneland in, was die *landlopers* ook 'n bedreiging en verhale van veewagters wat vermoor, vee wat gesteel en vuurwapens en ammunisie wat geroof is, is talryk. Johannes Cruywagen het ook met drosters en wegloop-slawe te doen gehad. In 1724 het slagters aan wie weiregte in Groenkloof gegee is, gekla dat vee wat aan ander boere behoort het besig was om die wêreld daar kaal te vreet. Hulle het 'n ernstige versoek tot die owerhede gerig dat die indringers opdrag moes kry om hulle vee te verwyder.[126] Dit het later geblyk dat van hierdie vee aan Johannes Cruywagen en Peter Wion behoort het - twee nuwe toetreders wat in 1724 persele van die vleispag ontvang het. 'n Ander pagter, Jacob van Bochum, het die rede vir die "oortreding" van Cruywagen en Wion verduidelik. Volgens hom wou die twee pagters niemand doelbewus verontrief nie. Hulle het vee wat hulle aangekoop het onder toesig van slawe na 'n naburige plaas laat aanjaag. Die slawe is egter deur drosters wat hulle kos en sakke met ander besittings van hulle geroof het, verras en hulle vasgebind in die veld agtergelaat het. Daar was gevolglik niemand om na die

---

[124] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 74. V. de Kock, *Those in bondage,* p. 80.

[125] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 76, 77.

[126] H.C.V. Leibbrandt (compiler), Precis of the archives of the Cape of Good Hope, Requesten (Memorials) 1715-1806, vol 1, p. 56.

vee om te sien nie en die diere het Groenkloof ingedwaal en vir 'n tyd daar gewei. Die vee is later wel op aandrang van die regering verwyder.[127]

Word Johannes se uitgebreide veeboerderye in ag geneem, was gevalle van molestering en selfs lewensverlies van slawe en knegte en die roof van vee byna 'n vanselfsprekendheid, veral as die ligging van sy plase in die omgewing van St. Helenabaai in ag geneem word. Die roete langs die weskus tot agter die Piketberg en in die rigting van Saldanhabaai en verder was redelik gewild onder drosters. Een rede vir die keuse van dié roete was dat voortvlugtiges hier kon oorleef op seekos soos mossels en kreef.[128] Die poshouers by Saldanha het in 1726 gerapporteer oor 'n groot groep drosters wat in die omgewing bedrywig was; 'n verdere aanduiding dat die weskus-ontvlugroete gewild was.[129] In 1726 het 'n groep drosters se optrede dit genoodsaak dat burgers van Stellenbosch en van die Kaap aangesê is om op Hendrik Eksteen se plaas by Saldanhabaai saam te trek.[130] Die sukses van hierdie operasie is nie bekend nie maar daar kan aanvaar word dat die drosters uit mekaar gespat het en dit vir 'n tyd rustiger was. Eksteen was Johannes Cruywagen se swaer en daar is reeds melding gemaak van hulle noue samewerking ten opsigte van hulle plase en hulle aandeel in vleislewering aan die kompanjie. Ter beskerming van sy belange moes Johannes op 'n wyse by aksies soos die voorgaande betrokke gewees het.

Die Hanglipbende – misdadigheid en spanning

Selfs nader aan die Kaap was kwaadwillige optrede deur slawe 'n verontrustende verskynsel. 'n Groep drosters, wat onder leiding van ene Leander, 'n Buginese slaaf (*Boagineezen* volgens Valentijn) uit Indonesië gestaan het, het om en by 1725 herberg gevind in rotsskuilings by Hanglip aan die oostelike ingang van Valsbaai en met die kuslyn oos van die huidige Gordonsbaai. Die drosterbende het uit ongeveer 50 lede bestaan, 'n getal wat redelik konstant gebly het oor die jare. Indien van die drosters aangekeer is, het nuwe rekrute bygekom. Soms het onderlinge twiste tot moord in eie

[127] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives ..., vol. 1, p. 57.

[128] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 76.

[129] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 85, 86.

[130] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 85, 86.

geledere gelei, of die bende het in twee of meer faksies opgebreek maar, afhangende van omstandighede, is versoening weer bewerk en was die groep vir 'n tyd 'n hegter eenheid.[131] Hulle het met die loop van jare *the most notorious band of runaway slaves in the history of the Cape Colony* geword[132] Lede van die bende was byvoorbeeld verantwoordelik vir brandstigting in die Kaapse Vlek op 12 Maart 1736 toe gelukkig net vyf huise verwoes is in 'n brand wat die hele stadjie in puin kon gelê het. Een van drie ander brande gedurende 1735-36 is ook aan die toedoen van dié bende toegeskryf.[133] Daar was ook 'n poging deur 'n bendelid om die dorp se watervoorraad te vergiftig en so die hele dorpsgemeenskap te tref. Selfs die leier, Leander, het hom nie met hierdie verregaande daad vereenselwig nie.[134] Benewens strooptogte op plase in die Hottentots-Holland en op die Kaapse vlakte en aanvalle op togwaens het lede van die bende ook Kaapstad ingesluip en deur slawe-simpatiseerders op die swartmark van die Kaapse onderwêreld klere, gewere, lood, kruit en vuurstene bekom.[135] Daar is op verskeie geleenthede kommando's uitgestuur om van die booswigte ontslae te raak. Op enkele uitsonderings na, toe bendelede wel aangekeer is, was die militêre operasies nie juis geslaagd nie. Die mislukking van party van hierdie pogings word toegeskrywe aan inligting wat Kaapse slawe aan die Hanglipbende deurgegee het.[136] 'n Kommando wat in 1735 uitgestuur is, was redelik suksesvol. In hierdie operasie is Leander nie gevang nie maar daar word aanvaar dat hy wel doodgeskiet is.[137]

Waar Leander van die toneel verdwyn het, is dit gepas om op sy Buginese herkoms te wys omdat daar nog ander van sy volksgenote in die Kaapse samelewing teenwoordig was wat volgens alle aanduidings redelik bedrywig was met kwaadstokery en onwettige bedrywighede. Daar is deur talle navorsers klem gelê op die feit dat die slawe hoofsaaklik 'n heterogene groep enkelinge was en dat samehorige optrede op vele lewensterreine afwesig was. Binne die groot verskeidenheid was daar egter wel

---

[131] R. Ross, *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa,* pp. 59, 66.

[132] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 54, 55.

[133] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 54, 66.

[134] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 66.

[135] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 57, 58, 67.

[136] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 63, 66, 67.

[137] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 67, 68.

groepies by wie gemeenskaplike kenmerke afkomstig uit dieselfde lande en gebiede soos beskawingspeile, handvaardighede, gebruike, houdings en ingesteldhede waarneembaar was. Die Buginese was so 'n groep wat weens die optrede van sekere indiwidue die meeste aandag getrek het.

Die Buginese was afkomstig uit Suid-Sulawesi, 'n deel van die eertydse Celebes, oos van Borneo.[138] Die koloniste was op hulle hoede vir Buginese slawe omdat hulle beskou is as die gevaarlikste en brutaalste van al die Oosterlinge. In 1760 is 'n senior amptenaar van die kompanjie deur een van sy eie wegloopslawe, wat die leier was van 'n groep drosters wat teen die hange van Tafelberg geskuil het, vermoor. Hierdie gebeure het aanleiding gegee tot 'n volskaalse noodtoestand in die Kaap. 'n Moontlike Buginese komplot is deur slawe-eienaars gevrees.[139] Daar moet nie vergeet word nie dat gedurende die totale regeertyd van die VOC die Kaap ook as 'n strafkolonie gebruik is vir ongewenste indiwidue en veral politieke teenstanders van die kompanjie uit sy Oosterse besittings. Baie van hierdie persone was aristokrate en goed-onderlegde Islam-leraars. Uit hulle geledere het ook die eerste imams, of amptelike godsdienstige voorgangers, gekom toe die Islam teen die einde van die 18e eeu 'n populêre slawegodsdiens geword het.[140]

Die misdadige optrede van die Hanglipbende het vir die Kaapse owerhede al groter sorg gebaar. Gedurende 1735 en 1736 het stemme opgegaan oor die toenemende misdaad wat krisisafmetings begin aanneem het. Die fiskaal was van oordeel dat die drostery van slawe in besit van die burgery aan die toeneem was en hy het aangedring op veel swaarder strawwe. Die kwaaddoeners het oral rondgedwaal en in groepe saamgesweer om toenemende wanorde te skep en onreëlmatighede in die platteland te pleeg. Diegene wat gevang is, kon nie langer vir strafoplegging in die hande van hulle eienaars gelaat word nie, daar moes van hulle 'n voorbeeld gemaak word en baie

---

[138] Internet, www.ethnologue.com, 16 Augustus 2002, & Internet, www.travelmarker.nl/bestemmingen/azie/indonesie/geschiedenis/sulawesi.htm.

[139] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 20.

[140] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 20.

swaarder strawwe was nodig. Die veiligheid en welsyn van die gemeenskap het nou swaarder geweeg as die private belang van die slawe-eienaars.[141]

Die toestand het so ernstig geword dat die nagtelike patrolleer van die dorpsgebied deur die ratelwag opgeskerp is. Sedert die instelling van die wagstelsel is die nagtelike bedrywighede van slawe fyn dopgehou en waar nodig, is opgetree; maar nou met die omstandighede wat gegrens het aan 'n noodtoestand is slawe nog strenger beheer en vir nietige oortredings aangekeer. Die toenemende betrokkenheid van hoër rangbeklеders by die drosterprobleem is 'n aanduiding van die besorgdheid, indien nie paniek nie, wat by owerheidspersone in Kaapstad geheers het. Die Hanglip-drosterbende se teenwoordigheid was bekend en is selfs gevrees.[142]

Daar was min inwoners van alle stande in Kaapstad en omstreke wat nie op een of ander manier slagoffers van die optrede van die Hanglippers was nie: verliese deur diefstal en roof, lewensverlies en finansiële skade omdat met die wegloop van 'n slaaf of slawe 'n bate verlore gegaan het. Johannes Cruywagen het ook slawe aan die Hanglip-bende afgestaan. Een van sy slawe wat weggeloop het, Joumath, was al voor 1725 by Hanglip. Hierdie droster het 'n broer in Kaapstad gehad met wie hy seker ondergronds kontak gehad het. Joumath was leier van 'n splintergroep en hy is nooit gevang nie.[143] Van Johannes en ander koloniste wat slawe verloor het, was bekend as skatryk landhere wat huishoudings in Kaapstad en op hulle plase gehad het en dit was nie altyd moontlik om te sê waar 'n slaaf gewerk het voor hy gedros het nie.[144] 'n Ander wegloopslaaf van Johannes, Toesina, is deur die bendeleier, Leander, Kaapstad toe gestuur om vuurklip te gaan koop. Hy het beduie dat hy totaal onbekend was met die dorp en nie geweet het hoe om die opdrag uit te voer nie.

> *Since his master, Johannes Cruywagen, was one of the largest landowners in the colony, he may well never have lived in the town, and thus did not know how to make contact with its underworld.*[145]

---

[141] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 64, 65.

[142] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 65.

[143] R. Ross, *Cape of torments* ..., aanhangsel, p. 123.

[144] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 60.

[145] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 66.

Miskien was die hele oefening 'n verskoning om van Toesina ontslae te raak want hy is deur 'n bendelid met 'n kierie oor die kop doodgeslaan en op die Kaapse vlakte begrawe.[146]

Die Hangliprowerbende, wat Kaapstad en sy plattelandse omstreke in die rigting van die Kaapse vlakte en verder tot in die Hottentots-Holland in beroering gehad het, het volgens alle aanduidings bestaan tot met die afskaffing van slawerny.[147] Hulle was deel van die Kaapse samelewing vir meer as 'n honderd jaar. Die verskil tussen die oorspronklike Hanglipdrosters en dié wat teen 1800 nog steeds verstekelinge en rowers was, is dat laasgenoemdes baie swak of geen kontak met Kaapstad self gehad het nie. Behalwe seekos waarvan hulle in 'n groot mate afhanklik was, het hulle gelewe van wat op plase in die onmiddellike omgewing gesteel is.[148] Die skrywer, Ross, wie se navorsing hoofsaaklik gebruik is vir inligting oor die Hanglip-bewoners, gee as antwoord op die vraag wat uiteindelik van die rowerbendes geword het, die volgende antwoord, ... *my guess is that the ex-maroons became the core of the communities of 'Coloured' fishermen in such villages as Hermanus and Hawston.*[149]

Terwyl die Politieke Raad baie tyd aan die optrede van drosters en loslopers bestee het, was daar ook ander sake wat aandag gevra het. Die opvolger vir goewerneur Jan de la Fontaine is aangewys en moes ingesweer word sodat hy sy bestuurspligte kon aanvaar. Adriaan van Kervel (1681-1737) was nie 'n onbekende aan die Kaap nie. Hy het reeds in 1708 na die Kaap gekom en hy het verskillende poste beklee waaronder sekretaris van die Politieke Raad en later lid van die Raad, fiskaal, sekunde en president van die weeskamer. Met die uittrede van Jan de la Fontaine in 1737, het die bewindhebbers Van Kervel benoem as sy opvolger. Hy het op 31 Augustus 1737 sy pligte aanvaar maar sterf minder as drie weke later na 'n kort siekbed. Hy word op

---

[146] R. Ross, *Cape of torments* ..., pp. 66, 124.

[147] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 69.

[148] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 71.

[149] R. Ross, *Cape of torments* ..., p. 71.

24 September 1737 begrawe – op sy eie versoek gedurende die aand en sonder die gebruiklike militêre eerbetoon.[150]

Die Politieke Raad het op 17 Augustus 1738 'n *extraordinaire* vergadering belê om 'n verontrustende berig van nog 'n geval van slawe wat weggeloop het, te oorweeg. Tyding is ontvang dat 'n aantal slawe van burgerraad Johannes Cruywagen, die burger Andries Hesselbaart en ander eienaars weggeloop het. Die slawe het mense gemolesteer, wyn in Hesselbaart se kelder laat uitloop en *alle moedswilligheden gepleeg.* Die gevaar het bestaan dat hulle selfs moord sou pleeg en ander *schemstucken* sou aanvang.[151]

Om die kwaad te stuit, het die Raad dit goedgevind om 24 grenadiers uit die kasteel te voorsien van die nodige krygs- en voedselvoorrade en hulle met 'n gelyke aantal burgers onder 'n vaandrig en ander onderoffisiere uit te stuur tot *agterhaling deeser vagabonden.*[152] Elkeen wat 'n booswig, lewendig of dood, aan die gereg sou oorlewer, sou 'n vergoeding van rds.25 ontvang het benewens moontlike vergoeding wat die eienaars van ontsnaptes kon aanbied. Die gebeure het ook daartoe gelei dat 'n besluit geneem is om goed wag te hou met patrollies en om die burgerwag te verdubbel om *voor te koomen alle verdere opschudding en welke deese godvergeetene booswigten* snags en op ander tye sou kon pleeg.[153]

In die oorweging van stappe wat ter bekamping van die slawebedreiging geneem moes word, het die Politieke Raad beslis ook die burgerrade, van wie Johannes Cruywagen een was, by besprekings betrek. Die burgerrade is gekies uit die geledere van vooraanstaande en gegoede burgers en vir hulle was dit uiters belangrik dat rus en vrede herstel word.

---

[150] G.C. de Wet, "Adriaan van Kervel", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, p. 809.

[151] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, p. 222.

[152] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, p. 220.

[153] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, p. 221.

Die voorgaande gebeure gee 'n aanduiding van die irritasie wat voortvlugtige drosters vir die Kaapse owerhede veroorsaak het en met watter vasberadenheid daar gehandel is om die optrede van die wetsverbrekers aan bande te lê en hulle ontwrigtende en skadelike invloed op die gemeenskap te beperk.

Benewens kompanjiesdienaars wat gedros het was daar in die verskuiwende grensgebiede van die kolonie ook ander blankes wat as loslopers en potensiële misdadigers beskou is. Die reg om in die Kaapse binneland te vestig d.w.s. te gaan boer of selfs daar besoek af te lê en te jag, was van kompanjiesgoedkeuring afhanklik. Van elke losloper wat nie oor 'n eie leningsplaas beskik het nie, het die owerheid verwag om aan te dui by watter ordonnansiehouer hy gewoon het. Knegte was deur hulle kontrakte gebonde om vir 'n *baas* op sy plaas te werk en hulle was verplig om hulle te laat registreer op die lys van eenlopende persone. Enigeen wat nie in kompanjiesdiens was of op 'n geregistreerde plek gewoon het nie, is as 'n swerwer of rondloper beskou en was daarom 'n moontlike moeilikheidmaker.[154]

Omdat vryburgers drosters soms heimlik gehuisves het, het die Politieke Raad ernstig gewaarsku dat enigeen wat nagelaat het om sodanige persone te rapporteer 'n verraaier van die gemeenskap was en dienooreenkomstig gestraf sou word. Daar was ook geleenthede dat die kompanjie pogings aangewend het om drosters terug te lok deur hulle kwytskelding aan te bied. Drosters en loslopers was vir die owerhede 'n voortdurende kwelling. In Junie 1709 het die Politieke Raad bekend gemaak dat baie

> *servants of the Company have deserted and fled with other offenders and Englishmen and other foreigners towards the wilderness and mountains, leading a thievish and godless life.*[155]

Die Raad het besluit om grasie aan al diesulkes te verleen behalwe brandstigters, moordenaars, inbrekers, veediewe en struikrowers. Diegene wat dié kans te baat wou geneem het, moes binne twee maande van die afkondiging van die plakkaat by die kasteel aangemeld het. Daar moet aanvaar word dat hierdie oproep nie veel steun geniet het nie want 42 jaar later in 1751 het regeringsproklamasies koloniste steeds

---

[154] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 87, 88.

[155] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 88.

gewaarsku om nie aan drosters beskerming te verleen nie. Die getalle loslopers het gegroei soos die grense verder vooruit geskuiwe het!

Teen 1740 het die kolonie se grense reeds so ver uitgebrei dat blanke drosters onopgemerk en onaangemeld by veraf-wonende koloniste werk en onderdak kon vind. Hulle was nuttige handlangers vir menige grensboer, en ook nie duur nie omdat hulle as voortvlugtiges nie hoë lone kon eis nie.[156] Die droster-elemente was in sekere opsigte ook pioniers want hulle was steeds op soek na die verste limiete van die grens en voorposte, hulle en die grens het saam beweeg en hulle het die kolonie met hulle saamgeneem.[157] Hulle wat met 'n verterende ambisie na vryheid die bande van gehoorsaamheid, godsdiens en moraliteit verbreek het, het limietfigure gebly. Tog het enkelinge as't ware die voorblaaie gehaal deur die owerheid mateloos te irriteer soos uit die volgende gebeure sal blyk – gebeure waartydens Johannes Cruywagen 'n noemenswaardige rol gespeel het.

Daar moet in gedagte gehou word dat Johannes met al sy betrokkenhede goed op die hoogte was van algemene toestande aan die Kaap en ook omtrent die ingesteldhede en gevoelens van die inwoners. As boer op sy spogplase in die Tygerberg het hy, soos sy mede-landbouer, geworstel met 'n uiters beperkte mark en afsetgebied. As slawe-eienaar was hy bekend met arbeidsprobleme en die noodsaak van die goeie behandeling van sy werknemers. Omdat hy by meer as een geleentheid slagoffer was van die misdadigheid van wegloopslawe en ander vabonde, het hy ook daardie sy van die Kaapse leefkultuur geken. Ter nakoming van sy deel van die vleiskontrak het hy kennis gehad van en kontak met ander veeboere dieper die binneland in. Hy was bewus van die bestaansprobleme en behoeftes van die afgesonderde vee- en trekboere en dat hulle hulle al meer afgeskei het van 'n onsimpatieke en in baie opsigte, onmagtige owerheid.

Hy was egter nie net ingelig omtrent burgerlike aangeleenthede nie. Sy betrokkenheid by en lidmaatskap van verskeie owerheidsliggame het hom op die hoogte gehou van wat in owerheidskringe gebeur het. Hy het geweet van

---

[156] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 78.

[157] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 98.

owerheidsbeleid en besluite, van groterwordende owerheidslaste en ook van owerheidsonvermoë om ten opsigte van baie sake betekenisvol rigting te gee en veranderinge aan te bring. Dit sou vreemd gewees het as 'n prominente leiersfiguur soos Johannes afsydig sou gestaan het en nie betrokke geraak het by saakmakende gebeure van die dag nie.

Die veeruilers van 1738 en Estiénne Barbier

Veeruil met die Khoi-Khoin het sedert die dae van Jan van Riebeeck allerlei probleme opgelewer en het daartoe gelei dat dié handelspraktyk telkens stopgesit en dan weer oopgestel is.

Bepaalde omstandighede het daartoe gelei dat die Politieke Raad op 4 April 1727 weer 'n plakkaat uitgevaardig het om ruilhandel tussen burgers en die Khoi-Khoin te verbied, soos telkemale reeds voorheen gedoen is.[158] Vir die owerheid was dit 'n ernstige saak en die verbod is op 8 Desember 1739 herhaal. In 1743 het Van Imhoff in sy Rapport as kommissaris sy stempel van goedkeuring daarop geplaas.[159]

Soos in die geval van baie ander plakkate het ook die verbod van 1727 nie by almal inslag gevind nie en het 'n groep burgers in 1738 met gelaaide waens 'n onwettige ruiltog na die Oranjerivier onderneem waar hulle vee by die Groot en Klein Namakwas wou bekom.[160] V. de Kock se datering van die ekspedisie as vroeg in 1739 in sy artikel oor Estiénne Barbier in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* is nie korrek nie. Na die ruilekspedisie suksesvol sake met die Klein Namakwas gedoen het, is die vee in die sorg van hulle slawe gelaat en is die groep na die Groot Namakwas oorkant die Groot- of Oranjerivier waar hulle by Gal, 'n kaptein van die Groot Namakwas, oorgebly het. Die ruilekspedisie is nie net belangwekkend omdat dit onwettig was en onrus in die grensgebiede veroorsaak het nie maar omdat dit die eerste aangetekende ekspedisie deur blankes na die Grootrivier was. Dit is bekend dat

---

[158] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 7, p. 76.

[159] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, 25 Februarie 1743, p. 596.

[160] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, p. 112.

ivoorjagters reeds by en oor die rivier was maar hulle het geen geskrewe bewyse nagelaat nie.[161]

Na ongeveer 'n maand se verblyf by die kaptein se kraal het die burgers stilletjies weggeglip. Hulle het egter aan hulle knegte wapens voorsien en hulle opdrag gegee om terug te gaan, die Namakwas aan te val en van hulle beeste weg te voer. Die handlangers was gewillig om die opdrag uit te voer want hulle is 'n groot deel van die buit belowe. In 'n verrassingsaanval is sewe Namakwas, insluitende kaptein Gal gedood. Die ekspedisie is terug na die omgewing van Piketberg en op pad daarheen is die kraal van Aresie, 'n kaptein van die Klein Namakwas ook aangeval. Sy vrou is geskiet, haar baba gewond en nog 'n stamlid gedood. Die vrybuiters het op skelmagtige wyse van die gebuite vee versteek en ook aan welwillende bure uitgedeel. Die knegte is erg verkul en het niks van die buit gekry nie. Van die verontregtes het Kaap toe gereis en by die owerhede gaan kla en hulle ingelig oor die hele ekspedisie en die ongelukkige gebeure. Hierdie verdoemende getuienis is bevestig deur kaptein Aresie, die seun van die vermoorde kaptein, Gal, en ander lede van 'n Namakwa-sending wat ook Kaap toe is om die gebeure te gaan rapporteer.[162]
Die Kaapse regering was genoodsaak om op te tree, nie alleen omdat kompanjies-voorskrifte voortdurend omseil en oortree is nie, maar om te probeer om Khoisan aanvalle op die kolonie se noord-wesgrens te onderdruk.

> *These attacks, which should be seen in a broader context of Khoisan resistance to colonial penetration, intensified after the expedition of 1738. Indeed, the Khoisan resistance of 1738 and 1739 were to assume the proportions of an anti-colonial war and was, in many cases, led by the frustrated servants of the Orange River raiders.*[163]

In die grensgebied was daar plaasbewoners en ander belanghebbendes wat geen aandeel aan die onwettige ruil- en rooftogte gehad het nie en ongelukkig nou die spit moes afbyt. Een van hulle was Johannes Cruywagen met sy plase in die rigting van Piketberg en die Bokkeveld. Weerwraak-aanvalle en die Khoisan se dreigemente om blankes tot suid van die Bergrivier te verdryf, het Johannes se belange in die

---

[161] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 112.

[162] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 113.

[163] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 113, 114.

teikengebied van Khoisan-optrede geplaas en groot skade was nie uitgesluit nie.[164] Om met vee te moes vlug, was 'n enorme onderneming en weiding is oorbeset want op leningsplase verder suidwaarts het wettige ordonnansiehouers se vee gewei. Vir Johannes was daar 'n verdere probleem. Hy was 'n houer van 'n perseel van die vleispag en gekontrakteer vir vleislewering aan die kompanjie. 'n Uitgerekte grensoorlog met gepaardgaande dreigende burgerrebellie kon die aanvoer van slagvee kwaai ontwrig en die uiters lonende vleiskontrak in gedrang gebring het.

Die owerhede se eerste poging om die vergryp teen die Khoin-Khoin reg te stel was om beeste wat moontlik van hulle geroof was, te konfiskeer en aan die regmatige eienaars terug te besorg. Hierdie taak is aan die landdros van Stellenbosch opgedra, omdat die noordelike grensgebied tot aan die Olifantsrivier, waar die burgervergrype plaasgevind het, onder die distrik Stellenbosch geressorteer het.[165] Die uitkenning van geroofde beeste was nie maklik nie omdat hulle eenvoudig tussen die burgers se troppe ingejaag is. Daar het spoedig groot ongelukkigheid geheers onder burgers omdat beeste wat regmatig aan hulle behoort het ook gekonfiskeer is. Hierdie ontevredenheid is deur die oortreders misbruik en hulle het geweier om voor die hof van landdros en heemrade op Stellenbosch te verskyn. Die burgers se weiering het meegebring dat hulle saak na die Raad van Justisie oorgeplaas is waar hulle nou tereg moes staan, 'n aksie wat hulle wrewel teen die owerheid verder laat oplaai het. Twee burgers wat 'n aandeel aan die rooftog gehad het, was al 'n geruime tyd onder arres in die kasteel.[166]

Op hierdie tydstip het nog 'n rolspeler, Estiénne Barbier op die voorgrond getree en die ongestadige omstandighede verder omgekrap. Barbier het die ontevredenheid oor die owerheid se hantering van die veekwessie uitgebuit en vir hom 'n steunbasis onder die gegriefde burgers opgebou. Hy het sy ondersteuners selfs tot

---

[164] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 9, p. 265.

[165] A.J. Böeseken, (opsteller), *Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika, kaarte 55 & 56.*

[166] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 114; V. de Kock, "Estiénne Barbier", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 55.

wetsongehoorsaamheid aangespoor.[167] Die vrybuiter se optrede het saamgeval met 'n rustelose en onseker periode in die Kaapse geskiedenis. Goewerneurs het mekaar met kort tussenposes opgevolg en van bestendige bestuur was daar nie juis sprake nie.

Barbier is in 1699 naby Orleans in Frankryk gebore. Hy het gedurende 1734 as soldaat in diens van die V.O.C. getree en in Oktober van dieselfde jaar in die Kaap aangekom waar hy in die garnisoen opgeneem is en tot die rang van sersant gevorder het.[168] Hy het 'n bietjie kennis van vestingbouwerk gehad en het hom as ingenieur voorgedoen. Volgens getuienis was hy 'n opstandige, twisgierige en eksentrieke mens. Hy was nie ongeneë om vryelik drank te gebruik nie en was daarvan beskuldig dat hy sterk drank aan gevangenes onder sy sorg verkoop het.[169]

Barbier het 'n onverkwiklike vete gevoer teen Rudolph Siegfried Alleman, wat in 1720 as soldaat na die Kaap gekom het en met die Barbier-episode vaandrig en lid van die weeskamer was.[170] Toe, na ondersoek, dit geblyk het dat Barbier se aantygings teen Alleman ongegrond was, is hy gelas om voortaan die stilte te bewaar. Later het hy Alleman weer van die ergste wanpraktyke beskuldig en op grond daarvan is Barbier vir 21 dae in die donker gat in die kasteel opgesluit met slegs brood en water om aan die lewe te bly. Terwyl hy besig was om te verhonger, is die vete tussen hom en Alleman in laasgenoemde se guns beslis. Die ingewikkeldhede van die reg was vir Estienne Barbier 'n beslommernis en sonder om verder op regsprosesse te wag, het hy op die aand van 24 Maart 1738 uit die kasteel weggeglip en met behulp van 'n tou wat aan een van die kanonne vasgemaak was, vryheid bereik.[171]

---

[167] V. de Kock, "Estiénne Barbier", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 55.

[168] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* pp. 105, 106.

[169] V. de Kock, "Estiénne Barbier," W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 1, p. 54.

[170] G.C. de Wet, "Rudolph Siegfried Alleman," D.W. Kruger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 3, p. 19.

[171] V de Kock, "Estiénne Barbier", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 1, pp. 54, 55.

Sy eerste gedagte om aan boord van 'n skip in die hawe te gaan het hy laat vaar en koers gekry na 'n plaas aan die buitewyke van die dorp. Vandaar is hy na Drakenstein waar hy tot in Februarie 1739 op die plaas, Orleans, van die weduwee Celliers vertoef het.[172] By hierdie blyplek, by 'n vrou wat Frans magtig was, het Barbier hom vir nog 'n lang tyd onopgemerk skuilgehou.

Laat in Februarie 1739 het hy daadwerklik opgetree ten behoewe van sy ondersteuners en 'n brief gerig aan waarnemende goewerneur Swellengrebel. In dié geskrif kla hy o.a. vir landdros Lourens van Stellenbosch aan oor vee wat wederregtelik van burgers geneem is en dui daarop dat hy geensins met Lourens sou saamwerk nie.[173]

Toe kerkgangers op 1 Maart 1739 die kerkgebou op Drakenstein verlaat het, het 'n groep van agt man onder leiding van Barbier hulle voorgekeer. Hy het aan hulle 'n dokument, gerig aan sy Afrikaner-broers, voorgelees. In dié geskrif het hy die landdros van Stellenbosch, Pieter Lourens, en die waarnemende goewerneur, Daniël van Hengel, van dwingelandy, korrupsie, wangedrag en wanbestuur aangekla. Na die dokument voorgelees is, het Barbier dit op die kerk se deur geplak en met sy gevolg vertrek.[174] Om wye publisiteit aan 'n saak te gee, het destyds afkondigings soms van die preekstoel, of na die diens buite die kerk plaasgevind.[175] Barbier moes van dié gebruik kennis gedra het maar met sy uittartende beskuldigings teen die owerheid het hy wetsverbreking en opstand gepredik en boonop die kerkdeur, 'n voorkeurposisie wat vir die staat se afkondigings gereserveer was, misbruik.

Op 21 Maart 1739 was die Politieke Raad weer in sitting. By hierdie vergadering het die Raad 'n vorige besluit in verband met optrede teen Barbier bevestig. Dit het daarop neergekom dat landdros Lourens van Stellenbosch *alle practicabele middelen* in werking moes stel om Barbier *het sy leevendig of dood aan de Justitie oor te*

---

[172] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways*, pp. 111, 112.

[173] N. Penn, *Rogues, rebels and runaways,* p. 115.

[174] V. de Kock, "Estiénne Barbier", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 1, p. 55; G.M. Theal, Belangrijke historische dokumenten, deel 1, p. 4.

[175] G.G. Visagie, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806,* p. 64.

leeveren.[176] By die reedsgenoemde vergadering het die landdros en heemrade verslag gedoen oor hulle vordering met Barbier se gevangeneming. Uit hulle verslag het dit geblyk dat Barbier, wat hom sedert sy eerste verskyning by Drakenstein se kerk skuil gehou het, weer op 16 Maart 1739 daar opgedaag het en *het placcaat het welk ter ordere van de Caapse Regeering aldaar was opgeplakt hadde afgenome.*[177] Die plakkaat wat Barbier verwyder het, het gehandel oor sy inhegtenisneming. Hy het glo slegs 'n *copij* daarvan gemaak en dit daarna weer aan die kerkdeur geheg. Die bende het lank in die Bergrivier-Waveren-omgewing rondgeswerf en die burgers opgesweep. Die buitepos, 't Land van Waveren, het die steunpunt van die soektog na Barbier in 'n uiters owerheids-onvriendelike gemeenskap gevorm.[178]

Vir Johannes Cruywagen, wie se boerderybelange in die noord-Kaapse grensomgewing erg deur die Khoisan-weerwraak bedreig is, moes Barbier se toetrede tot die stryd uiters ontmoedigend gewees het. Eksterne en interne bedreigings het niks goeds vir ondernemende burgers en die kompanjie se ekonomiese welsyn ingehou nie. Die onverkwiklike nasleep van onderlinge verdeeldheid met die W.A. van der Stel-episode, moes nog vars in die geheue gewees het en 'n herhaling daarvan moes voorkom word. 'n Strategie om beide bedreiginge teen te gaan, was gewis besig om by Johannes vorm aan te neem en toe die tyd geleë was, het hy daarmee vorendag gekom.

Om die burgerlike ontevredenheid enigermate by te lê, het die Politieke Raad op 28 April 1739 'n toegewing aan die gegriefde veebesitters gemaak en hulle toegelaat om na Groenkloof te gaan en beeste wat hulle as hulle eiendom tussen die gekonfiskeerde beeste uitgeken het, terug te neem. Die Raad het selfs verder gegaan en bepaal dat beeste wat reeds aan die onderskeie kapteins gegee was, teruggeneem moes word. Die rede vir hierdie stap was dat hulle oor inligting beskik het dat van die diere nie aan die kapteins behoort of van hulle geroof was nie.[179]

---

[176] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 2.

[177] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 9,10.

[178] D. Sleigh, *Die buiteposte ...*, p. 532.

[179] G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die* Politieke Raad, deel 9, p. 266; D. Sleigh, *Die buiteposte..., 1652-1795,* p. 502.

Die Politieke Raad se optrede, wat gemik was op die kalmering van gemoedere onder die burgers, het die teenoorgestelde uitwerking op die Khoisan gehad. Reeds op 20 April het berigte die Kaap bereik dat 'n groot getal Khoi-Khoin *waarvan sommige met snaphanen gewapen was* in die omgewing van Piketberg en die Bokkeveld vee van die ingesetenes geroof en twee boere en 'n aantal slawe vermoor het.[180] Daar is verder berig dat *eenige huijsen in brand gestooken* [is] *en dat de daaromstreeks woonende menschen tot redding van hun leeven de vlugt moeten neemen.*[181]

Die onbenydenswaardige taak om die vloeibare toestande op die Kaapse noordgrens te hanteer en die binnelandse onrustigheid by te lê, het vir Hendrik Swellengrebel, die nuwe goewerneur, seker menige slaaplose nag besorg. Swellengrebel (1700-1760) is aan die Kaap gebore en het in 1713 op dertienjarige leeftyd as *assistant schrijver* in diens van die kompanjie getree. Hy het so goed deur verskeie range gevorder dat hy as goewerneur aangestel is ten spyte van die voorrang wat Daniel van den Hengel in die pos van sekunde bo hom gehad het. Die nuwe goewerneur sou sy pligte op 14 April 1739 aanvaar. Swellengrebel was die eerste en enigste Kaapse goewerneur wat aan die Kaap gebore is.

Die gewone dorpsmense was min geraak deur wat in die onstuimige grenssones gebeur het en die Kaapse lewe het voortgegaan op sy redelik eentonige gang. By hoë uitsondering het 'n bietjie opwinding gewag – die aankoms van 'n vloot of die inhuldiging van 'n goewerneur; en in die jongste jare was daar 'n redelike wisseling van gesagvoerders. Hendrik Swellengrebel se bekendstelling aan die ingesetenes op 14 April 1739 was 'n groot geleentheid en 'n welkome afwisseling.[182] Reeds op Sondag 12 April 1739 het die Kaapse leraars, die eerwaarde here Franciscus le Seur en Hendricus Cock *na het eijndigen van de Predicatie* elkeen 'n *sielsroerende*

---

[180] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 34.

[181] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 34.

[182] G.C. de Wet, "Hendrik Swellengrebel", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, pp. 745, 746.

aanspraak gemaak oor die pligte en verantwoordelikhede wat die goewerneur op hom geneem het om die beste belange van die kompanjie te bevorder.[183]

Daar was 'n feestelike atmosfeer in die lug en selfs die weer het saamgespeel. Die Politieke Raad se dagregisterhouer het Dinsdag 14 April 1739 met kleurryke taal soos volg beskrywe, *Stond den Hemel nog met wolken aangedaan, waaruijt 'smorgens ook wat reegen op het aardrijk neerviel.*[184] Die weer het ná die verfrissende bui opgeklaar en teen sewe uur was die garnisoentroepe met trompetgeskal en die gerammel van tromme by die kasteel opgestel. Dit was tegelyk die teken dat die burgery ook hulle plekke moes inneem. Daarna het Ryk Tulbagh, die sekunde die woord gevoer en die goewerneur voorgestel. Almal is opgeroep om die goewerneur te gehoorsaam en hom getrou bystand te verleen soos dit *opregte dienaren en ingeseetenen betaamt.* Om hulle instemming met hierdie sentimente te betuig, het die skare "Ja" geantwoord. Daarna het leidende amptenare en burgerlike ampsbeklеders sy edele 'n voorspoedige regering *tot welsyn van een yder* toegewens. Nadat die goewerneur met *veel genoegentheijd* 'n dankwoord gespreek het, is salvo's deur die versamelde soldate gevuur en het skepe in die hawe met kanongebulder meegedoen. Hoë gaste en militêre gesagvoerders onder wie burgeroffisiere is ter afsluiting *seer vriendelijk ter middagmaal genoodigt en onthaeld.*[185]

Johannes Cruywagen wat die ampsaanvaarding van die nuwe goewerneur as die geskikste tyd gesien het om sy plan vir 'n veldtog teen die Khoisan bekend te maak, was ongetwyfeld met sy gade een van die gaste by die verrigtinge en onthaal. As vooraanstaande en invloedryke burger kon hy beswaarlik oor die hoof gesien gewees het.

Swellengrebel was as 'n pligsgetroue en hardwerkende dienaar baie gewild onder die Kaapse inwoners, 'n gesindheid waartoe sy Kaaps-gebore status ongetwyfeld bygedra het. Swellengrebel se vrou het hom in 1746 ontval en in 1749 is sy versoek om uit kompanjiesdiens te tree, toegestaan. Sy opvolger was sy swaer, Ryk Tulbagh.

---

[183] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C.1981, Politieke Raad, p. 8.

[184] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C.1981, Politieke Raad, p. 8.

[185] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C1981, Politieke Raad, pp. 8-10.

Swellengrebel het nie in die Kaap aangebly nie maar het die res van sy jare in Nederland geslyt waar hy in 1760 oorlede is.[186]

Johannes en die kommando van 1739

Om gemoedere in die noordelike grensgebied tot kalmte te probeer bring, was geen geringe taak nie. Die grensgebied was in vlamme. Die Politieke Raad wat enersyds gemoedere onder die burgers wou kalmeer en 'n burgerrebellie wou verhoed, het andersyds Khoisan teenstand aangevuur en bygedra om 'n grensoorlog te ontketen. Die eintlike aanstokers van Khoisan woede was nou in die veld saam met Barbier. Vir die Kaapse owerhede was die dubbele bedreiging voorwaar 'n enorme probleem.

Die landdros en heemrade van Stellenbosch het intussen plaaslike veldkorporaals aangestel en kommando's op die been gekry.[187] Meer as plaaslike aksies was egter nodig om die dubbele bedreiging wat dele van die kolonie in beroering gehad het, teen te gaan. Op hierdie kritieke moment het Johannes Cruywagen na vore getree. Op 20 April 1739 het die Politieke Raad berig ontvang dat *den oud burgerraad, Johannes Krijwagen ....zig uijt eijgen beweeging quam aan te bieden om in persoon de Hottentotten teegen te gaan.*[188] Op grond van hierdie aanbod het die Politieke Raad besluit om 'n kommando op die been te bring om van die geroofde vee te herwin. Verder word oud-burgerraad Johannes Cruywagen, wat *seer bequaam geagt* was, se aanbod om die kwaaddoeners teen te gaan, aanvaar. Hy word beklee met gesag om hulle te vervolg op die wyses wat hy raadsaam geag het en verder word die *magt ende qualifikasie* aan hom gegee om uit die koloniste soveel man te kies en op te kommandeer as wat hy tot hulp en bystand nodig sou hê. Van die boere sou versoek word om hom van *waagens, mondcost en andere noodwendigheden* te voorsien.[189]

---

[186] G.C. de Wet, "Hendrik Swellengrebel", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, pp. 745, 746.

[187] N. Penn, *Northern Cape frontier zone,* p. 119.

[188] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 34

[189] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 35

Die voorgenoemde voorbereidings en aksies was meer bepaald daarop gerig om die onrus op die grense te besweer. Die tweede bedreiging, die burgeronrus, met Barbier aan die spits, het ook ernstige aandag verdien. Daarvoor het Johannes Cruywagen wel 'n plan gehad. Hy het te kenne gegee dat van die inwoners wat hulle by Estiénne Barbier bevind het, of voorheen gemene saak met hom gemaak het van groot nut vir sy voorgenome ekspedisie sou wees. Hy was van oordeel dat van die Barbier-simpatiseerders sonder moeite *niet alleen van haare dwaaling soude kunnen werden te regt gebragt maar ook van ... Barbier afgetrocken* sou kon word. Dit sou egter alleen kon gebeur as hulle opstandige optrede vergewe sou word en hulle kwytskelding van hulle misstap sou ontvang.[190] Cruywagen se insig het byval gevind en die Politieke Raad het eenparig besluit om, gesien die heersende omstandighede, die Barbier-aanhangers *blijven* [te] *pardoneert.* Dit het ook gegeld ten opsigte van persone wat hulle met die veeruil-ekspedisie aan vergrype skuldig gemaak het. Die uitdruklike voorwaarde was dat hulle Cruywagen met die voorgenome veldtog *als getrouwe onderdanen* van sy kommando sou bystaan.[191]

Johannes Cruywagen se optrede kan uit twee gesigspunte beoordeel word. Daar kan gesê word dat hy bloot deur eie-belang, ter beskerming van sy uitgebreide boerderybelange en die instandhouding van sy vleiskontrak, gemotiveer was om grootmoedig na vore te tree. Dat hy ten dienste van breër belange opgetree het en die welsyn van die hele Kaapse gemeenskap op die oog gehad het, is 'n gelyke moontlikheid. Oor wat by Cruywagen die swaarste geweeg het, gee die gebeure geen aanduiding nie en swyg die geskiedenis. Feit is egter dat hy sy veiligheid en lewe op die spel geplaas het, en dat die Kaapse owerhede geen ander opsie gehad het nie as om sy fyn uitgewerkte plan en voorwaardes te aanvaar.

Voor die wedervaringe van Johannes aandag kry, word inligting oor die Kaapse verdedigingstelsel en militêre organisasie verskaf. Die eerste linie van verdediging was die garnisoen, dit wil sê kompanjiesoldate wat die Kaapse vestingswerke beman het. Naas die garnisoen se primêre taak moes soms opgetree word om vee- en ander diewery te bekamp. Vir hierdie funksie was die garnisoen selde of ooit onmiddellik

[190] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 35, 36.

[191] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 35.36.

op die toneel en dan het hulle die taak met 'n mate van halfhartigheid en terughoudend uitgevoer omdat die owerheid 'n paaibeleid ten opsigte van die inlandse mense gevolg het.[192] Die uitgestrektheid van die binneland het 'n mobiele beskermingseenheid noodsaaklik gemaak. Waar strafekspedisies aanvanklik suiwer uit garnisoentroepe bestaan het, het burgerdeelname egter stadigaan uitgebrei. Wanneer regeringskommando's betrokke was, was hulle nie juis suksesvol nie omdat hulle nie met 'n bepaalde omgewing bekend was nie en nie die gewoontes van die oorspronklike landsbewoners geken het nie. Teen 1715 het die aantal vryburgers die aantal soldate op kommando oortref en vanaf 1739 is kommandodiens verpligtend gemaak.[193] Naas die garnisoen in Kaapstad en later in Stellenbosch het daar 'n burgermilisie bestaan.

> *Dit was 'n militêre hulpdiens verskaf deur die gevestigde burgery, hoofsaaklik die dorpsbewoners, Vryburgers sowel as amptenare... As 'n burgermag gestasioneer in die dorpsgebiede, moet die milisie onderskei word van die landelike burgerkommando's wat in die Kolonie se omvangryke grensgebiede opgetree het.*[194]

'n Veeboerburger met die rang van korporaal is as bevelvoerder van 'n strafkommando aangestel. Om dié offisier van die korporaal van die garnisoentroepe te onderskei, het hy later as 'n veldkorporaal bekend gestaan. Elke veldkorporaal het 'n wyk gehad om te organiseer. Om kommunikasie tussen wyksoffisiere te reël en as samebindende bevelvoerder op te tree, is een van die veldkorporaals tot kommandant verkies met die status van *cornet.* Die owerheidspersoon met wie die cornet geskakel het, was die landdros.[195] Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat Johannes nie een van die voorgenoemde range gedra het nie want daar word verwys na oud-burgerraad Cruywagen. As aanvoerder van die kommando word dus nie na hom as kommandant of cornet verwys nie. Hy was wel, soos vroeër genoem, 'n lid van die burgermilisie en omdat hy die Noord-Kaapse onrusgebied geken het, nie onkundig oor die taak wat hy moes verrig nie.

---

[192] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," p. 75, 76; C.M. Bakkes, "Die kommando-stelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur," P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner,* p. 295.

[193] C.M. Bakkes, "Die kommandostelsel ..., pp. 296-297.

[194] C.M. Bakkes, "Die kommandostelsel ..., pp. 297-298.

[195] C.M. Bakkes, "Die kommandostelsel..., p. 298.

Daar moet ook bepaal word wie die kommando se teenstanders, dit wil sê die vyand, was, die Khoi-Khoin, die San of die Khoisan. Kundige historici soos Van der Merwe, Böeseken en Scholtz wys daarop dat as gevolg van vroeëre strafoptredes, maar veral die pokke-epidemie van 1713, die stamstrukture van die Khoi-Khoin en die mate van samehorigheid wat tussen hulle bestaan het, totaal verbrokkel het. Baie van die Khoi wat die epidemie oorleef het, het dieper die binneland ingetrek. In 1717 het die landdros van Stellenbosch aan die goewerneur geskrywe dat daar nie meer vrees vir die Khoi gekoester hoef te word nie en dat dit nie langer nodig was om soldate op die kompanjie se buiteposte te plaas nie.

> *Sowat tien jaar later was daar in die omtrek van ongeveer 250 tot 300 myl rondom die Kaap nie meer Hottentot-krale aan te tref nie, hoewel daar hier en daar nog 'n geïsoleerde familie of twee saamgewoon het.*[196]

Scholtz verwys na die eerste Khoi-Khoin-oorlog (1659-1660) asook die tweede botsing (1672-1677) en skrywe:

> *Ruim vier jaar lank* [verwysende na die tweede oorlog] *het daar 'n toestand van oorlog tussen blank en nie-blank op Suid-Afrikaanse bodem geheers. Eers op 25 Junie 1677, is daar 'een bondige en vaste vrede' gesluit. Dit sou die laaste maal wees dat daar oorlog teen die Hottentotte gevoer moes word.*[197]

Die San is reeds teen 1690 uit die berge van Stellenbosch en Drakenstein verdryf en vir etlike jare daarna word nie veel van hulle verneem nie. Die toedrag van sake het egter verander nadat die blankes hulle in 1700 in die Tulbaghkom (Waveren) gaan vestig het.[198] Die veediewery, moord en brandstigting wat die Noord-Kaapse grensgebied in beroering gehad het en kommando-optrede genoodsaak het, word dus eintlik voor die deur van die San gelê.[199]

---

[196] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie,* p. 143

[197] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1, pp. 206, 207; sien ook A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...," pp. 73-76 en veral voetnoot 27, p. 76.

[198] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1, p. 209.

[199] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* deel 1, p. 210.

Op grond van die voorgaande inligting duik daar egter 'n probleem op wanneer daar gevra word na die vyand in die geval van die 1739-kommando. In die gebeure wat volg, is daar sprake van krale waar inlandse mense gewoon het en van veekrale met beeste. Hierdie verwysings kan nie op die San dui nie omdat dié jagter-versamelaars geen vaste woonplek in krale gehad het nie en ook nie veebesitters was nie. Dit is duidelik dat daar in hierdie grensbotsing ook Khoi-Khoin betrokke was, nie as toevallige teenwoordiges of deel van 'n onskuldige burgerbevolking wat in 'n konflik vasgevang was nie, maar as deelnemers. Daar was Khoikrale nader aan die Kaap as wat sekere ondersoekers aanvaar het, in hulle krale is vee wat van grensboere geroof was, gevind en hulle dus 'n vyand gemaak het teen wie opgetree moes word. Dit wil voorkom of 1677 nie die laaste jaar was waarin daar teen die Khoi oorlog gevoer is nie. Dat die San, na aanleiding van wat reeds gesê is, die eintlike booswigte was, is aanvaarbaar maar dat hulle Khoibondgenote gehad het, kan nie betwis word nie.

Waar daar in die verhaal van die kommando se aktiwiteite dus na gelang van die omstandighede na die Khoi verwys word en in 'n ander konteks weer na die Khoisan, moet dit in die lig van die aangehaalde toeligting geïnterpreteer en verstaan word.

Deur Cruywagen se voorstelle te aanvaar, het die Kaapse owerhede die geleentheid gekry om die skyn te wek dat hulle opgetree het om die boosdoeners van beide partye, die veeruilers en die Khoisan, te straf. In werklikheid het die aanvanklike kwaadstokers skotvry daarvan afgekom. Al verantwoordelikheid wat hulle moes nakom, was om kommandodiens te doen en so algehele kwytskelding te verkry. Hulle wat die Khoisan deur hulle optrede benadeel het, is nou die instrument gemaak waarmee die Khoisan tot vergelding geroep moes word.

Johannes Cruywagen het in 'n rapport verslag gedoen aan goewerneur Swellengrebel en die Politieke Raad oor *de togt door hem ter ordere deser Regeering ondernomen tegen de Hottentotten sorteerende onder de Bosjesmansnatie.*[200] Hierdie rapport het op 2 Junie 1739 voor die goewerneur en sy raad gedien.

---

[200] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 53.

Geoordeel aan die rapport was Johannes 'n energieke aanvoerder wat dadelik aan die werk gespring het om sy opdrag, om teen die Khoisan op te tree, ten uitvoer te bring. Blykbaar het hy van die begin 'n paar manne by hom gehad – seker uit die onrusgeteisterde noordelike deel van die Stellenboschse distrik. Sy taak was om dié kommando uit te bou en te versterk met behulp van die ontwettige veeruilers en die afvallige Barbier-volgelinge. Op 25 April 1739 het hy instruksies na Roodezands (die omgewing van Piketberg) gestuur. Sy opdrag was dat almal wat deel gehad het aan die ruil van vee by die Namakwas en almal wat hulle by Estiénne Barbier aangesluit het, ten volle gewapen op die plaas van Hendrik Kruger by die Piketberg moes versamel.[201] Terselfdertyd het die aanvoerder en 'n paar burgers na Groenkloof vertrek. Op pad daarheen is beeste van die Khoi-kapteins wat by die owerhede kom kla het oor die optrede van die onwettige veeruilers, weggeneem. Daar was aanduidings dat hierdie beeste nie aan die kapteins behoort het nie maar wel van burgers geroof was. Van die kapteins is aangesê om na hulle krale terug te keer en hulle wetsgehoorsaam te gedra. Omdat Johannes hulle nie juis vertrou het nie, het hy 'n gewapende geleide met hulle saamgestuur.[202]

Op Kruger se plaas in Piketberg aangekom, het Johannes daar vertoef tot 4 Mei. Op dieselfde dag het tien burgers by die kommando aangesluit. Die leier het die resolusie waarin die vrywarings-voorwaardes vervat was, voorgelees en die burgers het onderneem om hulle by die aanvoerder te skaar en dat

> *zij sig voortaan stil in hare huijsen soude houden en gemelde Barbier laaten vaaren, sonder sig voortaan met hem in gene deele te bemoeijen.*[203]

Boodskappers is na Vier-en-twintig-riviere gestuur om burgers van daardie omgewing aan te sê om hulle ten volle gewapen op Hendrik Kruger se plaas aan te meld. 'n Groepie het opdrag gekry om na die Olifantsrivier te gaan om daar te verneem watter *qwaad de Hottentotten aldaar mogten hebben gepleegt.*[204] Die berigte uit daardie oord was nie bemoedigend nie want die aanvoerder moes verneem van plundery,

---

[201] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 55.

[202] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 53.

[203] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 62.

[204] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 59-63.

diefstal, geroofde vee en die dood van enkele persone. Onrusbarend was ook die inligting dat gewere, kruit en lood gesteel is. Intussen het nog burgers wat die vrystellingsvoorwaardes aanvaar het by die kommando aangesluit. Op 9 Mei 1739 kon die aanvoerder aankondig, *die onder my staande commando is aangegroeit tot een getal van 36 coppen.*[205] Onder hierdie getal was 'n paar knegte en 'n tiental Khoi-Khoin.

Op 10 Mei is die kommando oor die Olifantsrivier op soek na spore van die plunderaars. Waar daar wel Khoikrale gevind is, was daar geen teken van die inwoners nie. Verder noord het die klein burgermag die Doringrivier, 'n weswaarts-vloeiende tak van die Olifants, oorgesteek en op die plaas van Sybrand van Dyk in die Bokkeveld aangeland. Die Bokkeveld is 'n bergagtige gebied wes van vandag se Calvinia. Op Van Dyk se plaas was vate met botter verbrand en koringmiede verniel. In 'n Khoi-veekraal het hulle 'n vuur wat nog gesmeul het, gevind, 'n aanduiding dat daar Khoisan in die onmiddellike nabyheid was.[206] Johannes se kommando het nie as 'n eenheid geopereer nie. Terwyl party burgers in een rigting na vermeende kwaaddoeners gesoek het, was ander weer in 'n ander koers aan die spoorsny en nog ander is by die waens agtergelaat om die ammunisie en ander voorrade te bewaak.

Johannes is op 17 Mei 1739 met tien man, ses burgers en vier Khoi, ooswaarts die ruwe wêreld van die Bokkeveld in, sonder dat hulle teenwoordigheid opgemerk is. Op 18 Mei, toe dit begin lig word, het hulle 'n Khoikraal genader en word hulle teenwoordigheid *door 't blaffen van hare honden,* verraai. Toe dit gebeur, het pandemonium losgebreek. Daar word van oral geskree en Johannes-hulle het gehoor hoe die Khoi aangesê word om te skiet. Die eerste skoot was vanuit 'n grot waarin etlike Khoi geskuil het. Die volgende episode, in Johannes se woorde, het soos volg verloop:

> Op daardie oomblik word *een schoot op my gedaan, werden door de terug stuyting van de koogel tegen de kolf van mijn snaphaan, waarvan deselve stuckent brak in mijn linkerhant seer swaar gequest*

[205] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 67.

[206] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 68-71.

> *mitsgaders een wijnig op de borst door een stuk van de cogel die daarteen vloog.* [207]

('n Skoot, wat weggeskram het van die kolf van sy geweer en die kolf versplinter het, kwes hom swaar in sy linkerhand. Hy word ook lig in die bors verwond deur 'n splinter van die koeël).

Daar het steeds 'n heen en weer skietery plaasgevind waartydens Johannes se *onderhebbende volk braaf geschooten* het op die skuiling vanwaar op hulle gevuur is. Of die Khoisan se ammunisie opgeraak het, is nie duidelik nie want hulle het hulle met giftige pyle verder probeer verdedig. Johannes het opdrag gegee dat beeste uit 'n Khoikraal aangekeer moes word en in die rigting van die rotsskuilings aangejaag moes word. 'n Paar burgers kon dan agter die skild of verskansing wat die beeste gebied het, inbeweeg terwyl hulle makkers van omringende rotse dekking verskaf het. Johannes se manne het nie met dié maneuver genoeë geneem nie, nie uit lafhartigheid of onwil om 'n bevel te gehoorsaam nie, maar omdat hulle *bedugt waaren dat wanneer sij mij alleen quamen te laaten staan, ik soude dood bloeden,* verhaal Johannes.[208] Die gevolg was dat Johannes verplig was om na die waens op Van Dyk se plaas terug te keer. Hier is behoorlik omgesien na die wonde wat hy opgedoen het.

'n Ander kommandogroep, wat ook in 'n skermutseling met Khoisan betrokke was, het opgedaag met 100 beeste en 1 000 skape wat na Verlorevlei afgevoer is. Drie van die burgers wat aan hierdie oefening deel gehad het, was gewond, naamlik Gous, Olivier en Van Wyk. Gous is later aan sy wonde oorlede.[209] Sover bekend, was dit die enigste ongeval onder lede van die kommando. Met dié dat manskappe ook vir ander doeleindes afgesonder moes word, het Johannes nie genoeg manne by hom gehad nie om die Khoi met wie hy reeds gebots het *opnieuens te kunnen attacqueer* (opnuut aan te val).[210]

---

[207] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 71-73.

[208] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 75,76.

[209] G.C. de Wet (red.), "Resolusies van die Politieke Raad," deel 9, p. 275.

[210] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 78.

Die gebied waar die oorlog teen die Khoisan gevoer is, het die hedendaagse Piketberg, Nieuwoudtville, Clanwilliam, Tulbagh, Ceres en Prince Alfred Hamlet ingesluit,[211] 'n streek wat vir Johannes bekend was. Sybrand van Dyk se plaas waar die kommando hom nou bevind het, was naby een van Johannes se eie plase, naar d' Uijlekraal, wat in die omgewing van St. Helenabaai geleë was.[212] Dit was die streek waar Johannes weiregte en erfpageiendomme besit het. Hierdie geweste was as't ware die sentrum van sy aktiwiteite en die houplek van die meeste van die vee wat nodig was om sy deel van die vleiskontrak met die kompanjie na te kom.

Intussen het Johannes en van die burgers redelik rondbeweeg. Daar is beskerming gebied aan plase waarop daar opnuut aanvalle en die wegroof van vee voorgekom het. Vee wat tydens die veldtog teruggevind is, moes na veiligheid gebring en aan die regmatige eienaars terugbesorg word. Teen 24 Mei 1739 het Johannes die grootste deel van sy kommando weer op Hendrik Kruger se plaas byeen gehad.[213]

Die grensgebied was ver van rustig en daaroor het Johannes soos volg berig:

> *Dit is niet te beschrijven in welken consternatie de menschen ten platten lande woonde sig door den inval en roovinge dier bosjesmans bevinden, synde de schrik en vrees voor haar woede niet blootgesteld te zijn* [ge]*bruijkers van agt en vyftig veeposten de selve gansth en al verlaaten hebben.*[214]

Johannes kon min gedoen het om die toestand te verander. Sy kommando was te klein vir die veelvuldige take, die onrusgebied te groot en bergagtig en die skuilplekke van die vyand moeilik bereikbaar. Teen die einde van Mei was hy terug in die Kaap om sy verslag voor te berei en in te dien.

Aan die einde van sy verslag het hy gesê dat dit hom seker nie ten kwade gereken sou word, indien hy sekere voorstelle wat nodig was *tot stuytinge van dat quad,* aan die goewerneur en Politieke Raad sou voorlê nie. Sy eerste voorstel het behels die spoedige uitstuur van 'n tweede kommando wat maklik in twee kon verdeel *yder*

---

[211] D. Sleigh, Die buiteposte ..., p. 536.

[212] N. Penn, *The northern Cape frontier,* voetnoot 118, p. 120.

[213] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 79-85.

[214] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 89.

gedeelte aan het hoofd hebbende een goede officier. Hy het aanbeveel dat hulle die Khoisan met geweld moet dwing om geroofde vee en gesteelde wapens en ammunisie terug te gee en hulle te verplig tot 'n onderneming om in vrede met die *Europeanen* te lewe.[215]

Johannes was verder van oordeel dat die taak van kommando's vergemaklik sou word indien twee militêre poste by *het Warmebad* en by *Comp*[agnies]*drift* aan die Olifantsrivier onderskeidelik, gestig sou word. Die poste moes beman word deur 'n onder-offisier en agt man elk wat daar op diens moes bly tot die owerheid die Khoisan tot *reeden sullen hebben gebragt.* Die manskappe by die poste sou maklik in gevalle van nood tot hulp van die boere kon optree.[216] Die insiggewende verslag oor die veldtog is deur Johannes afgesluit met die woorde *Uwe .... Seer onderdanige en gehoorsame dienaar,* en daarna volg sy handtekening en die datum 28 Mei 1739.[217] Hy moes die verslag aan iemand gedikteer het want die skrif daarvan verskil van sy handtekening.

Die Politieke Raad het na deeglike raadpleging besluite geneem wat eintlik neergekom het op die aanvaarding van Johannes Cruywagen se aanbevelings. 'n Kommando onder bevel van twee offisiere sou uit die burgers van Stellenbosch en Drakenstein saamgestel word. Hierdie mag sou verder versterk word deur burgers van die Kaapse distrik wat veeplase in lening besit het, *ofte wel dat zij ymand hunnentwegen, het zij knegte, ofte anderen ten dien synde sullen moeten versorgen.*[218] Die reël het gegeld dat indien 'n burger self nie vir militêre diens beskikbaar was nie, hy iemand in sy plek moes voorsien, hetsy 'n kneg of iemand anders. Die aanbeveling om militêre poste by Warmbad en Compagniesdrift op die been te kry, het ook die goedkeuring van die Politieke Raad geniet. (Die Warme Bad waarna Cruywagen verwys het, was waarskynlik die warmbron by die huidige dorp Clanwilliam en Compagniesdrift 'n drif oor die Olifantsrivier.)

---

[215] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 90,91.

[216] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 91,92.

[217] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 93.

[218] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 94,95.

Dit is interessant dat die Politieke Raad die aandag gevestig het op 'n tekort aan geskikte perde waarmee die kompanjie te kampe gehad het – *behalven de merriën en vuelens nog veel oude en gebrecklijke* diere. Daar is besluit om enkele perde aan te koop vir algemene gebruik en vir aanteel.[219] Perde was natuurlik onontbeerlik vir kommandodiens. Die kompanjie moes vir sy manskappe perde voorsien terwyl die burgers self hulle rydiere moes verskaf.

Die nuwe goewerneur Hendrik Swellengrebel, wat sy pligte op 14 April 1739 aanvaar het, het geen uitstel geduld nie. Hy het twee korporaals met 14 man gestuur om die nuutgeskepte buiteposte te gaan beman. Die reaksie van burgers om by die opvolg-kommando aan te sluit was bra traag.[220] Die offisiere, onder andere ene kaptein Botha, wat aangewys was om die kommando te organiseer en voorrade vir 'n veldtog byeen te kry, het teen die einde van Junie 1739 aan hulle meerderes gerapporteer dat hulle moes terugkeer sonder dat die missie uitgevoer is. Die hoofrede vir hulle onvermoë om iets uitgerig te kry, was die onwilligheid van burgers om vir kommandodiens aan te meld en om proviand te voorsien. Die Kaapse owerhede het nie rekening gehou met die trae en halfhartige houding van die burgers nie. Die burgers se optrede moet ook nie bloot aan dislojaliteit toegeskrywe word nie. Koue winterweer, swaar reëns en vol riviere was faktore wat kommandodiens erg belemmer het. Verder is aangevoer dat die ploeg- en saaityd voor die deur was en dat dit moeilik was om dan van die plaas weg te wees.[221] Dit is egter ook duidelik dat burgers hulle nie meer geredelik aan die gesag van die kompanjie onderwerp het nie. Die kompanjie was stadigaan besig om sy houvas op die voorposte te verloor. Dit ly ook geen twyfel nie dat burgers steeds die onwettige veeruilers verantwoordelik gehou het vir die onstabiliteit wat in die grensgebiede geheers het. Al het van die skuldiges hulle plig gedoen deur Johannes Cruywagen op sy veldtog by te staan, was die gevoel dat dit steeds hulle plig was om ook die volle las van die nuwe militêre

[219] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 98, 99.

[220] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 535.

[221] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 105,106; N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 121.

onderneming te dra.[222] Die Kaapse regering het op 7 Julie 1739 besluit om die voorgestelde kommando tot September uit te stel.[223]

Hoewel Johannes se kommando nie daarin geslaag het om die Khoisan-opstandigheid te onderdruk nie, het hy dit reggekry om Barbier van sy ondersteuners te skei. Barbier se drome om 'n gewapende opstand aan te stook was aan die vervaag, en daarom het hy die swaard vir die pen verruil. Hy het sy vete teen die amptenaarburokrasie voortgesit en etlike briewe aan goewerneur Swellengrebel gerig, die man wat hy gehoop het hom sou steun om amptelike korrupsie uit te wis. Dit is onseker of sy briewe ooit hulle bestemming, naamlik die goewerneur se lessenaar, bereik het. Barbier het egter voortgegaan en sy skrywery verskerp.[224]

Dit is ook nie vreemd dat Barbier sy misnoeë teen Johannes Cruywagen gerig het nie; dit was immers die man wat sy gewapende volgelinge weggerokkel het. Die man teen wie Barbier nou gal gebraak het, was een van die invloedrykste landboukapitaliste van die Noord-Kaapse grensgebied. *He was without doubt, one of the wealthiest and most influential men in the colony.*[225] Barbier het Johannes Cruywagen voorgeskilder as 'n man met 'n posisie gelyk aan 'n tweede goewerneur met inspraak en invloed op elke beslissing wat gefel word. Barbier het hom beskou as 'n vyand van die burgery want sy uitgestrekte boerderye het verhoed dat grondlose burgers plase bekom het en dat ander voorsieners ook vleis aan die kompanjie kon lewer.[226]

Barbier se einde

Terwyl die noordelike grensgebied aandag gekry het en daar 'n strategie teen die Khoisan uitgewerk was, was dit vir die owerheid nodig om opnuut aan Barbier aandag te gee. Die opdrag aan die landdros van Stellenbosch is herhaal om al sy kragte in te span om *den fugeerenden* ["fugitive" – voortvlugtenden] *en ten platten lande*

---

[222] G.C. de Wet (red.), "Resolusies van die Politieke Raad," deel 9, pp. 280, 281.

[223] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 120.

[224] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone*, p. 123

[225] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 123.

[226] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* pp. 123, 124.

rondswervenden sergeant Estienne Barbier 't sij dood of leevendig gekregen, aan die man te bring.[227]

Die toestande in die grensgebiede was steeds kritiek. Die Khoisan was terdeë daarvan bewus dat die veeboere besig was om hulle vestigingsgebied in te dring en oor te neem. Die Khoisan wou dit verhoed en het so hardnekkig teenstand gebied dat dit hulle blanke teenstaanders verstom gelaat het. Die burgerkaptein, Theunis Botha, een van die bevelvoerders van die nuwe offensief, het geskryf dat die Khoisan hulle

> *desperatlijk hebben verweert, schietende vreesselijk soos met geweer als met pijlen, sonder dat om pardon, wilden versoeken.*[228]

Dit het stadig tot die burgers deurgedring dat die Khoisan bedreiging ernstige afmetings begin aanneem het en dat om met Barbier te heul, of die kompanjie teen te gaan, min voordeel sou bring of veiligheid sou verseker. Die plakkaat van 2 Junie 1739 wat vrywaring belowe het aan alle kompanjie-drosters wat hulle binne drie maande sou aanmeld, het verder bygedra om ondersteuning aan Barbier, moreel en fisies, aansienlik te laat afneem. Met die terugkeer van Cruywagen teen die einde van Mei 1739 het Barbier se voormalige kamerade nie weer by hom aangesluit nie.[229]

Die militêre aksies teen die Khoisan het voortgegaan en het vir die Kaapse owerheid resultate begin lewer. Die kommando's se soek- en vergeldingstrategie het 'n einde gemaak aan die moontlike onafhanklike bestaan van die Khoisan in die Bokkeveld. Vir die verstrooide reste van stamme in dié gebied was dit duidelik dat hulle *could not prevent the entry of colonial 'trekboers' into the Onder Bokkeveld.* Eintlik het die Hantam en die Roggeveld ook vir die veeboere oopgelê en het gedien as 'n vastrapplek om Namakwaland binne te dring.[230]

'n Klein insident wat gedurende hierdie tyd voorgekom het, is vermeldenswaardig omdat 'n term wat deur die Khoisan gebruik is in sy breër betekenis tot vandag groot

---

[227] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, p. 122.

[228] G.C. de Wet (red.), "Resolusies van die Politieke Raad," deel IX, 28.10, 1739, pp. 301-307.

[229] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, C110, Politieke Raad, pp. 100, 102.

[230] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 129.

emosionele gewig dra binne die Afrikanerkultuur en die Suid-Afrikaanse politieke huishouding.

'n Skip het aan die Namakwalandse kus gestrand. Toe die Politieke Raad inligting ontvang het oor die gebeure het hulle 'n ekspedisie onder Jan Gibbelaas, voorman van die kompanjieskuur, met 'n groep van in die 30 man gestuur om ondersoek na die voorval te gaan doen. Vir die owerheid was dit 'n verontrustende gedagte dat die Khoisan moontlik wapens en lood van die wrak kon bekom, 'n moontlikheid wat in die heersende oorlogstoestand verhoed moes word. Na twee dae se reis het Gibbelaas en sy kommando op 'n groep Khoisan met vee en gewere afgekom wat dadelik op die vlug geslaan het. Hierdie optrede was verdag, te meer ook omdat berugte individue onder wie Swartbooi, 'n Khoisan leier, in die groep opgemerk is. Op die vraag waarom hulle gevlug het aangesien die kommando kompanjiesmense was wat hulle nie leed sou aangedoen het nie, het Swartbooi geantwoord dat hulle die stem van Willem van Wyk erken het en gedink het die manne was *booren.* Die Khoisan was reg; Willem van Wyk was lid van die ekspedisie.

> *They were incorrect, however, to assume that the Company was less dangerous than the "booren" – though their use of the latter term is a fascinating indication that, at least in the eyes of the Khoisan, the fontier farmers had achieved a separate identity.*[231]

Van die lede van die kommando was boere maar 'n meer-seggende term en identiteitsaanduiding, *Boere*, sou egter hulle en komende geslagte se waarmerk bly! Gibbelaas se "booren" het, omdat hulle aanvalle op plase gevrees het, op die Khoisan-groep geskiet en 'n groot getal van hulle gedood. Teen 28 November 1739 was die kommando terug in die Kaap.[232]

'n Deel van die Kaapse owerhede se probleem is opgelos toe Estiénne Barbier, die glibberige voëlvryverklaarde droster, op 9 September 1739 in Roodezands gevange geneem is. By sy aankoms by die kasteel is hy in die donker gat aangehou. Die Politieke Raad se saak teen hom het op 22 Oktober 'n aanvang geneem.[233] 'n Ellelange

---

[231] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* pp. 131, 132.

[232] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* pp. 131, 132.

[233] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 125.

klagstaat was opgestel met onder andere die volgende as die vernaamste en grofste oortredinge wat hy begaan het: Die pleeg van *crimen lasa Majestatis*, of majesteitskennis in die hoogste graad weens *het opstellen der Landbouwers tegens hunne overhyd.* Daarbenewens word verwys na die *aanslaan van placcaten* (verwysende na Barbier se optrede by die Drakensteinse kerk) en die *afraden aan de gemeente om de gewonelijke schattinge aan den heer van het land te betalen.*[234] Barbier met sy *quaadaardigen oproerende imborst* moet behoorlik gestraf word sodat dit *ander diergelijke booswigten, oproermaakers, faemroovers en stoorders* sou afskrik. (Majesteitskennis is 'n regsterm wat gebruik word vir enige misdaad waarby die oppergesag van die staat, of soewerein, of die verteenwoordigers daarvan opsetlik beledig, in gevaar gestel, of in diskrediet gebring word, o.a. deur hoogverraad of landverraad.)

Die *sententie* of vonnis, geteken deur onder andere goewerneur Swellengrebel en Ryk Tulbagh, is op 12 November 1739 opgelê.[235] Barbier moes gebring word na die plek waar kriminele vonnisse uitgevoer word en aan die *scherpregter* (beul of laksman) oorhandig word. Hy moet aan 'n kruis gebind word waarna eers sy regterhand afgekap moes word en daarna sy kop, daarna moes die liggaam in vier gedeel word. Die hoof en die hand moet op pale geplaas word en in Roodezandskloof vertoon word. Die in-vier-gedeelde liggaamsdele moes ook aan pale opgehang en langs die mees gebruikte paaie geplaas word *ten proye* (prooi) *van de lugt en vogelen des hemels*. Hierdie onmenslik wrede vonnis is voltrek op 14 November 1739, twee dae ná die vonnis gevel was.[236]

Die teregstellingsplek waar Barbier tragies aan sy einde gekom het, was aan die westekant van die kasteel regoor die bastion Leerdam. Die skavot of stellasie waarop vonnisse voltrek is, was binne 'n ommuurde gebied waar die galgpaal gestaan het met martelapparaat vlakby. Daar was ook 'n verhoog waar die lede van die Raad van Justisie hulle plek ingeneem het om ooggetuies te wees dat die opgelegde vonnis uitgevoer is. 'n Doodsvonnis is van die balkon in die kasteel afgelees waarna die

---

[234] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 21, Raad van Justisie, 22 Oktober 1739, pp. 69, 70.

[235] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 21, Raad van Justisie, 12 November 1739, pp. 75-79.

[236] G.M. Theal, (red.), *Belangrijke historiese dokumente*, deel 1, p. 12.

prosessie met die veroordeelde onder militêre begeleide na die teregstellingsplek beweeg het. In die prosessie was ook die kommissarisse van Justisie, die fiskaal of publieke aanklaer en 'n predikant. Na die voltrekking van 'n vonnis is die kommissarisse terug na die kasteel om aan die goewerneur verslag te doen.

> *The bodies of the criminals were left on the gibbets for days to the full gaze of all persons who passed in or out of town.*[237]

Die galgeveld, die terrein waarheen tereggesteldes se liggame later verwyder is om ten prooi van die element en tot waarskuwing van voornemende oortreders te bly hang, was in die rigting van die Duintjies, die latere Mouillepunt.

> *Hier het daar mettertyd 'n aantal begraafplase vir matrose, soldate, Makassarse bannelinge en plaaslike Chinese ontstaan, en later ook vir die blanke inwoners van die gemeenskap wat tot vroeg in die twintigste eeu aan die begin van die huidige Somersetweg te sien was.*[238]

Daar kan aanvaar word dat lede van die Kaapse publiek toevallige toeskouers was as met die verbystap 'n teregstelling plaasgevind het. Kommissarisse wat nie die "hart" gehad het om 'n teregstelling by te woon nie, is seker van bywoning vrygestel. Die verkryging van getuienis deur marteling en wrede en swaar vonnisse, selfs vir geringe oortreding, was nie vreemd vir dié tyd en strydig met wat wêreldwyd gebeur het nie. Dit was instrumente om die gesag van die staat te handhaaf. Indien die samelewing meer humaan ingestel was, is die houdings en ingesteldhede van sy lede wel deur die hardvogtige owerheidsoptrede geraak en beïnvloed.

Sonder om Barbier se optrede enigermate te onderskryf, of goed te keur, neig Penn se tekening van Barbier as prototipe van die "social bandit" om 'n mate van simpatie vir hom by die leser te wek.

> *The lone wolf on the margins of society; the fugitive from the State who is protected by the people; the friend of widows and the poor; the champion of the oppressed and defier of the oppressor....*[239]

---

[237] C.G. Botha, *Social life and customs during the eighteenth century*, p. 19.

[238] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 132.

[239] N. Penn, *The Northern Cape frontier zone*, p. 137.

Johannes Cruywagen se kommando was die speerpunt wat gelei het tot voortgesette militêre optrede en so die finale disintegrasie van die Khoikhoi meegebring het. Teen 1740 het die beroeringe op die Kaapse noordgrens tot so 'n mate afgeneem dat boere na hulle plase kon terugkeer. Jacob van Zyl en Pieter Cloete, met wie Johannes tydens die militêre operasie saamgewerk het, kon na 'n afwesigheid van ongeveer veertien maande weer met hulle boerderybedrywighede voortgaan.

Op 10 September 1740 het vier Khoisan-kapteins in die Kaap om hulle rottangkieries met koperknoppe gevra. Dit was die gebruik om hierdie kieries te oorhandig by "vredesluiting."[240] In hierdie geval was die kieries meer as 'n simboliese gebaar van rus en vrede wat voortaan sou heers, dit was ook 'n teken van onderwerping aan kompanjiesgesag.[241] Ook Johannes, vry van sy opgelegde verantwoordelikhede en ontwrigtende hindernisse, kon normaalweg voortgaan met vleisvoorsiening aan die kompanjie. Die groter rustigheid het minder van sy teenwoordigheid op die veraf grensplase gevra en kon hy meer aandag aan sy plase in die Kaapse distrik en sy ampspligte gee.

Johannes was baie aktief en by vele sake betrokke. Sy uitgestrekte veeplase en intensiewe boerderye nader aan die Kaapse Vlek is reeds vermeld. Daar is ook reeds genoem dat hy die plase Maastricht en Roosboom in 1721 by sy pa gekoop het. In 1732 het boere die vergunning gekry om stukke plaasgrond, vandag bekend as uitvalgrond, vir 15 jaar in erfpag te bekom en by hulle bestaande plase in te lyf. In die notule van die Politieke Raad van 2 Oktober 1732 word vermeld dat sekere gronde in die Tygerberg vir *vier schellingeen voor ijder morgen* aan boere gegee is. Een van die begunstigdes was Johannes Cruywagen wat iets meer as 3 morge (± 2 ½ hektaar) by sy plaas Maastricht, om en by 29 morge (± 25 hektaar) by Kleijne Stinkrivier en ongeveer 14 morg (± 11 hektaar) by Roosboom toegevoeg gekry het.[242] ('n *Schelling* was naastenby gelykstaande aan 'n derde van 'n gulde.)

---

[240] A.J. Böeseken,, "Die Nederlandse kommissarisse ...," p. 82.

[241] G.C. de Wet (red.) "Resolusies van die Politieke Raad," deel 9, pp. 275,276; N. Penn, *The Northern Cape frontier zone,* p. 136.

[242] G.C. de Wet (red.), "Resolusies van die Politieke Raad," deel 8, pp. 237-240.

Die spogplase in die Tygerberg

In die opgaafrol van 1721 het Johannes homself en sy vrou laat aanteken. Dit was die jaar toe hy getroud is. Verder is aangeteken twee knegte, 25 mansslawe, 20 perde, 190 beeste, 800 skape en 50 varke.[243] Dit is bykans onmoontlik om te bepaal op watter eiendom die voorgenoemde bates betrekking gehad het. Daar kan aanvaar word dat dit was voor hy Maastricht aangekoop het want sy vader het ook 'n opgawe vir 1721 ingedien wat op Maastricht betrekking gehad het en toe was daar reeds 25 000 wingerdstokke op die plaas. Johannes se opgawe kan moontlik aan Roosboom of Kleijne Stinkrivier gekoppel word, twee plase waaroor daar min bekend is.

Die volgende opgawe was vir 1725. Die gesin het intussen aangegroei, want behalwe vader Johannes en moeder Susanna, het daar nou ook Jan Meyndertsz (1722) en klein Susanna (1724) bygekom. Verder is daar twee knegte, 50 mans- en 2 vroueslawe en een slaweseun aangeteken. Die veegetalle het aangegroei na 36 perde, 500 beeste en 3 000 skape en van 40 000 winderdstokke is 10 lêer wyn gemaak en is daar 580 sak koring geoes. Sekere inligting wat in die opgaafrol aangeteken is, verdien meer aandag:

Die verhouding tussen manlike en vroueslawe val dadelik op. Net twee slawemans kon hier huweliksmaats kry – as dit deur die heer toegelaat sou gewees het. Die slaweseun kon uit so 'n verbintenis gebore gewees het, so nie was hy gebore uit 'n buite-egtelike verhouding. Die afwesigheid van enige gesinslewe waarin die kultuurwaardes van slawe oorgedra kon word, en waarna reeds verwys is, is duidelik te begrype.

Word die swak Kaapse weiding en die grootte van die plase in die Kaapse distrik in ag geneem, was dit nie moontlik dat die getal vee, soos in die opgaafrol vermeld, daar aangehou kon word nie. Van hierdie vee het moontlik betrekking gehad op die veeplase in die Kaapse grensstreke. Omdat Johannes nie op die buiteplase gewoon het nie, het hy blykbaar geen opgawes vir dié plase gemaak nie. Sy opgawes verwys

[243] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr. 170.

almal na die Kaapse distrik. Dit is ook bekend dat landbouers en veeboere hulle besittings baie laag opgeteken het.[244] Die veegetalle was dikwels 'n verkeerde minimum-getal en nie die korrekte maksimum nie.

'n Verdere groei in Johannes se materiële vermoë word weerspieël in die opgawe van 1735. Nou is daar saam met die ouers drie kinders, want Catharina Everdina (1732), die tweede dogter, het intussen bygekom. Die getal slawe het met sowat tien vermeerder. Die beeste het met 200 toegeneem en die skape met nie minder nie as 3 000. Nou het Johannes beskik oor 100 000 wingerdstokke en 40 lêers meer wyn is gemaak.[245] Daar moet aanvaar word dat die wingerdboerdery nie tot een plaas beperk was nie en die prentjie ten opsigte van Maastricht, De Grendel en Roosboom en moontlik Kleijne Stinkrivier weergegee het.

Teen die einde van die sewentiende eeu is aan die Kaap genoeg wyn, koring, groente en vleis geproduseer om in die behoeftes van die inwoners en die skepe te voorsien. Stadigaan het die produksie die aanvraag begin oortref en daar moes na uitvoermarkte gesoek word.

> *Eers in die 18de eeu is daar 'n matige uitvoer van graan, onder andere na Batavia, opgebou. Kaapse wyne, behalwe dié van Constantia, was van so 'n swak gehalte dat dit geen uitvoermark kon verower nie.*[246]

Uit Patria en Batavia is gekla dat die Kaapse wyn *slegt gestelt en kragteloos sijn bevonden* en die Bataafse owerhede het dringend versoek dat die kompanjie se keldermeester moes sorg dat geen minderwaardige wyn aangekoop word nie.[247] Om 'n bedryf wat baie voordele vir die Kaap kon ingebring het teen die *sloffigheijd of baatsugtigheijd van leverantier of aannemers* te beskerm, moes afgevaardigdes van

---

[244] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie,* p. 58.

[245] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr. 28.

[246] C.G.W. Schumann, "Die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner," C.M. van den Heever & P de V. Pienaar, (reds.) *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* deel 1, p. 430.

[247] J.I.J. van Rensburg, "Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu, 1652-1752", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 17, 1954, deel 2, p. 89.

die Raad van Justisie vanaf 1744 toegesien het dat net die beste soorte wyn uitgevoer word.[248]

Maastricht, De Grendel en die ander plase was beslis nie Constantias nie maar met al die maatreëls wat getref is, kan aanvaar word dat ook die wyn wat hier geproduseer is, mettertyd in gehalte verbeter het. Kommissaris Van Imhoff was bekend met die probleem, hy het immers tydens sy besoek self van die Kaapse wyn geproe en het in sy memorie van 25 Februarie 1743 aan goewerneur Swellengrebel en die Politieke Raad daarna verwys. Hy was eintlik diplomaties toe hy geskrywe het dat die behandeling van wyn nog

> *gants niet tot die perfectie gekomen was en daarom zal ik de heeren Bewindhebberen versoeken, dat zij een paar wijngaardiers van den Rijn en een paar andere uyt Vrankrijk, zoo enigsints te bekomen zijn, herwaarts gelieven te zenden, om de Coloniers de regte behandeling daarvan te leeren.*[249]

Die goeie advies van die kommissaris moes opgevolg gewees het want die gehalte van Kaapse wyne het mettertyd só verbeter dat dit later algemeen in aanvraag was.

Van Johannes se harde werk het die uitbreiding op sy Kaapse plase getuig. Die gesegde, *die oog van die meester* (baas) *maak die perd* (os) *vet,* het vir hom gegeld want goeie toesig en persoonlike omsien na sy sake het sukses verseker. Die algemene indruk dat hy 'n harde leermeester was, is miskien geregverdig, hoewel dit nie beteken het dat hy onregverdig of sonder deernis was nie. 'n Maatstaf is miskien die feit dat hy in 1721 twee knegte gehad het – vry mense wat hulle dienste aangebied het volgens eie keuse. In 1725 het hy steeds twee knegte (moontlik dieselfde twee) en in 1735 vyf knegte in diens gehad – mans wat nie omgegee het om vir 'n streng maar regverdige plaaseienaar te werk nie.

By geleentheid het Johannes as lid van die weeskamer ook 'n stukkie opheffingswerk probeer doen wat egter nie geslaagd was nie. Joost van Dyk, 'n minderjarige en ouerlose jongeling, was onder voogdyskap van die weeskamer geplaas. Die

---

[248] J.I.J. van Rensburg, "Die geskiedenis van die wingerdkultuur ...," *Argief-jaarboek ...*, 1954, deel 2, p. 89.

[249] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 36, Verbatimkopieë, p. 581.

weeskamer het hom by boere ingeboek om hom in boerderypraktyke op te lei. Hy het egter nooit sy leerjongtyd by enige van die werkgewers voltooi nie en tydig en ontydig weggeloop – dikwels binneland toe soos 'n regte droster. Ernstige teregwysings het nie veel vrugte afgewerp nie en as laaste uitweg is hy by burgerraad Johannes Cruywagen ingeboek. Johannes was 'n uitstekende keuse: sy uitgestrekte boerderye het 'n gulde opleidingsgeleentheid gebied en daar was genoeg toesighouers om 'n ogie oor die droslustige jongman te hou. Dit blyk egter dat Johannes ook nie met die woelgees iets positief kon uitvoer nie en hy het gevra om liefs van Van Dyk ontslae te raak. Niemand was angstig om hom te aanvaar nie en die weeskamer het versoek dat hy in kompanjiesdiens opgeneem moes word, waar hy moontlik minder kattekwaad sou aangevang het.[250] Of Van Dyk ooit gerehabiliteer is en iets van boerdery geleer het, word nie vertel nie. Sy rekord verlei die ondersoeker om die teendeel te vermoed.

Die opgawe wat Johannes in 1741 ingedien het, was die laaste waarvan die opgaafrolle melding maak. Die inligting het in vergelyking met die vorige opgawe baie min verander.[251] Die opmerklikste is dat die familie benewens die ouers steeds uit een seun en twee dogters bestaan het terwyl nog 'n seun, Gerhardus Hendrik in 1738 gebore is. Die verklaring hiervoor is dat dit wel die jongste seun is na wie in die opgawe verwys word en dat die oudste, Jan Meynderts, nie meer in sy pa se opgawe verskyn het nie aangesien hy reeds selfstandig 'n opgawe ingedien het.[252] Om een of ander rede het die skaapgetalle met die helfte gedaal na 3 000 terwyl op een sak na 1 000 sakke koring geoes is. Met die boerdery het dit steeds voorspoedig gegaan.

Vandisies

Vir Johannes was daar ook afwisseling in sy bedrywige program. Hy het soos baie ander Kapenaars graag vandisies bygewoon. Veilings en verkope van verskillende aard het voorgekom. So was daar byvoorbeeld geregtelike verkope in nakoming van 'n hofbevel wat hanteer is deur die bode van die hof (die Raad van Justisie). Verkope

[250] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 4, 1735-'36, p. 1272.

[251] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr. 5.

[252] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr. 6.

op bevel van en onder beheer van die weeskamer met die oog op die belange van minderjarige kinders was redelik algemeen. Voorts was daar ook vrywillige veilings om van huise, grond of vaste bates ontslae te raak wat nie voordelig uit die hand verkoop kon word nie. In alle gevalle is verkopings goed geadverteer met kennisgewings in publieke plekke.[253] Die grootste winskope was moontlik met die verkope van afgestorwe matrose of offisiere se nagelate bates. Daar was wel nougeset daarna omgesien dat die verkoping tot voordeel van die afgestorwene se boedel was; maar winskope was daar altyd. Die rede daarvoor was vermoedelik omdat die afslaer nie aanbiedings uitgelok het nie en 'n bod vinniger toegeslaan het.[254] 'n Goeie voorbeeld van 'n gewone vandisie was toe oud-goewerneur Jan de la Fontaine in 1738 sy meubels en ander van sy besittings laat opveil het voor hy die Kaap verlaat het.[255]

> *Vandisies was baie gesellige byeenkomste. In die stad is wyn en 'n pyp tabak aan die kopers aangebied, maar op die platteland is hulle selfs op 'n maaltyd trakteer.*[256]

Enkele voorbeelde van veilings wat Johannes bygewoon het volg hierna. Dit gee 'n aanduiding van die artikels en eiendom wat hande verwissel het. Op 25 en 26 Oktober 1723 het Johannes, sy pa en sy swaer, Cornelis Heufke, 'n veiling *op de Hofstede Rijgersdaal aan de Liesbeekse revier* bygewoon. Johannes het *partij houtwerk*- en huishoudelike artikels gekoop, sy pa 'n paar leë vate en Heufke 'n perd en 'n slaaf, Jantje van Bengale vir rds. 200.[257] By 'n veiling op 8 en 9 November 1724 het Johannes 26 beeste en 'n slaaf, Paul van Ceylon, gekoop. Laasgenoemde het hom rds. 85 uit die sak gejaag.[258] In Junie 1726 het Johannes vier geraamde skilderye op 'n vandisie gekoop.[259] Aan die einde van Maart 1728 het Johannes 'n publieke veiling wat deur die weesmeesters gelas is, bygewoon. Op hierdie veiling was roerende

---

[253] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, vol. 2, p. 93.

[254] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, vol. 2, p. 97.

[255] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, vol. 2, p. 98.

[256] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 148.

[257] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 46.

[258] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 64.

[259] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 60.

eiendom nagelaat en *met de doodontruijmt door den burger Jan Myndertsz Cruywagen (d oude),* dit wil sê Johannes se vader, onder die hamer.[260] Johannes en sy swaer, Cornelis Heufke, het elk 'n paar artikels op die veiling gekoop. Wat van hierdie veiling opvallend is, is die baie servette (308), kussingslope (72) en bedlakens (84) wat te koop was. Die groot voorrade was seker bedoel vir besoekers wat by Meendert en Catharina se herberge oorgebly het. Daar was ook nie minder nie as 28 manshemde, 28 kravatte en 40 sakdoeke te koop waarvan Johannes en swaer Cornelis die meeste gekoop het. Cornelis het ook 'n jong slaaf, Domingo, vir rds. 70 aangeskaf.[261] 'n Interessante aankoop was dié van 13 *regtsgeleerden boeken* wat Johannes op 'n veiling teen die middel van November 1726 bekom het.[262] 'n Laaste voorbeeld is die visskuit met toebehore wat Johannes op die veiling van 28 Junie 1727 aangekoop het.[263] Daar is geen inligting gevind wat Johannes met visvangbelange kan verbind nie en die skuit is moontlik aangeskaf vir hengeluitstappies. Gedurende sy jare diens as weesmeester het Johannes baie opdragte vir verkopings ten behoewe van erfgename, waarop hy en sy kollegas besluit het, onderteken.[264] Anders as wat die gebruik was en blyk uit omtrent elke ander handtekening het Johannes nie sy naam groot geteken met swierige krulle nie maar eenvoudig en duidelik in 'n "gewone" handskrif *Jns Cruijwagen.*

Johannes se testament ... en die einde

Op 20 Maart 1741 bevind Johannes en sy vrou Susanna hulle in die kantoor van Daniel Godfried Karnspek, sekretaris van die Raad van Justisie, om hulle testament te laat opstel. Soos gebruiklik was, het hulle laat aanteken dat hulle bewus was van *de seekerheijd des doods en de onsekerheid van den tyd en uure der stervens.* Daarom sou hulle nie van hierdie wêreld wou skei alvorens daar oor die aardse middele wat die Here aan hulle verleen het, beskik is nie. Die kinders het in volgorde van hulle

[260] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 77.

[261] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 77.

[262] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 68.

[263] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 70.

[264] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MIS 69, Diverse dokumente, 11 September 1738; Kaapse Argiefbewaarplek, MOOC 10/3, Testamente, April 1731, nr. 94; 19 Oktober 1731, nr. 99.

ouderdomme die volgende geldelike erfdeel gekry: Jan Meynderts f15 000; Susanna f18 000; Catharina Everdina f18 000 en Gerrit Hendrik f20 000. Voorts sal by die afsterwe *van een van bijden* die twee plase *d' een Mastrigt en d' andere de Grendel gen*[aamt]*bijden in de tygerbergen geleegen,* Jan Myndertsz Cruywagen (die oudste seun) toeval. Die twee plase se waarde word as f12 000 en f7 000 onderskeidelik aangegee. Indien Jan Myndertsz die twee plase aanvaar, sal f19 000 van sy erfporsie afgetrek word, indien nie, sal die plase weer aan die *gemeenen boedel behooren.*[265] Die twee dogters en Gerrit Hendrik kry by mondigwording of by huweliksluiting elk 'n verdere f25 000.[266] Susanna het haar geld in 1744 gekry toe sy met Adriaan van Schoor getroud is en Catharina Everdina in 1750 toe sy Evert van Schoor se vrou geword het. Gerrit Hendrik het in 1759 mondig geword en hy is in dieselfde jaar getroud.

Dat hier van 'n groot boedel van 'n welgestelde egpaar sprake is, bewys die groot bedrae geld wat aan die kinders toegedeel is. In 1745 het Susanna, Johannes se weduwee, 'n opgawe ingedien. Dit moes kort na Johannes se dood gedoen gewees het want alles, die aantal slawe, die koring, gars en rog wat geoes is, verskil nie veel van die 1741-opgawe nie. Wat wel opval is dat benewens 120 perde geen beeste en skape aangeteken is nie, en die getal wingerdstokke staan op 60 000 teenoor die vorige 100 000.[267] As in aanmerking geneem word dat haar oudste seun, Jan Myndertsz, ook in 1745 'n opgawe ingedien het, kan afgelei word dat sy gegewens op Maastricht en De Grendel betrekking gehad het, die plase wat hy geërf het. Die inligting in sy moeder se opgawe het dan heel moontlik betrekking gehad op bates onder haar sorg op Roosboom en Kleijne Stinkrivier.

Die feit dat Johannes en sy gade in 1741 'n testament laat opstel het, kan daarop dui dat hy oorweeg het om van sy bedrywighede in te kort en dat die erfgename stadigaan moes begin oorneem het. Hy het beslis nie dadelik gaan terugsit en die vrugte van sy arbeid geniet nie. Hy is in 1743 weer voorgestel as burgerraad.[268] Intussen was hy

---

[265] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/6, Meester van die Hooggeregshof, p.149.

[266] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/6, Meester van die Hooggeregshof, p.150.

[267] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, A2250, Opgaafrolle, nr. 170.

[268] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol 1, p. 247.

ook nog besig om sy bateposisie te versterk. Hy het versoek dat, volgens die Van Imhoff-reëling, sestig morge van die plaas St Helenafontein in eiendom aan hom toegestaan moes word. Die versoek is goedgekeur en is met 'n dokument waarin al die voorwaardes uiteengesit is en deur goewerneur Hendrik Swellengrebel op 20 November 1744 onderteken is, bekragtig.[269]

Aan die 1741-testament is in Desember 1744 en weer in Januarie 1745 klein verstellings in sekere voorwaardes aangebring.[270] Dit is opmerklik dat Johannes se 1745-handtekening aansienlik verskil van dié van die vorige jaar. Selfs vir die niekennersoog is dit duidelik dat met 'n bewende en onvaste hand geskrywe is – die ouderdom het hom ingehaal, of hy was reeds siek.

Johannes se bedrywige lewe het in 1745 op 50 jarige ouderdom ten einde geloop. Die oorsaak van sy dood is nie bekend nie. Daar kan aanvaar word dat hy in die begraafplaas by die kerk te ruste gelê is. Sy vrou het hom lank oorleef want Susanna is eers op 19 Maart 1770 oorlede.[271]

Die eerste Cruywagen wat op Suid-Afrikaanse grond gebore is, het 'n besondere impak op Kaapse gebeure in die jare dertig en begin veertig van die 18e eeu gemaak. Hoewel hy ook veeboer was, het hy nie trekboer geword nie. Tog het die eienskappe en hoedanighede waaroor hy beskik het van hom 'n voorpospionier gemaak, welgeplaas in tyd en omstandigheid!

---

[269] Registrateur van Aktes, Kaapstad, 12/1744, folio 149. (Kopie in skrywer se besit).

[270] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, CJ 2657, Raad van Justisie, nr. 57.

[271] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 6/1, Meester van die Hooggeregshof, deel 1, 1758-1775.

HOOFSTUK 6

JAN CRUYWAGEN IV (c1722-1791)

In die vorige hoofstuk is gehandel met Johannes Cruywagen (ook gedoop Jan Myndertsz), die eerste Cruywagen wat op Kaapse grond gebore is. Die tweede manlike Cruywagen wat die eerste lewenslig op Afrikabodem gesien het, was Johannes se oudste seun, Jan Myndertsz, die vierde vanaf die stamvader met dieselfde naam. Dit is daarom dat hy in die hoofstuktitel volgens 'n gebruik wat deesdae soms voorkom as Jan Cruywagen die vierde onderskei word. Omdat hy tydsgewys ver van sy oupagrootjie verwyder is en daar geen gevaar van verwarring bestaan nie, sal hy deurgaans op sy doopnaam, Jan, genoem word.

Sy jeug, boerderybelange en huwelik

Jan is op 13 September 1722 in die kerk aan die Heerengracht gedoop, soos gebruiklik, seker die eerste Sondag na sy geboorte. Die getuies by die doop was oupa Meendert en ouma Catharina.[1] Die leraar van die Kaapse gemeente was destyds ds. Lambertus Slicher en daar kan aanvaar word dat hy die doop aan klein Jan bedien het.[2]

Dit is moeilik om te bepaal waar Jan se ouers hulle meesal bevind het, in die dorp of op van die plase, moontlik De Grendel en Maastricht. In die vorige hoofstuk oor Johannes en meer bepaald oor slawe wat hy deur drostery verloor het, is reeds daarop gewys dat ryk grondbesitters huishoudings in die stad en op hulle plase gehad het.

> *Historians have used the term 'gentry' for the very wealthy plantation-owners and the reasonably well-off farmers in the western Cape to distinguish them from the great majority of hard-working yeoman farmers.*[3]

---

[1] N.G. Kerkargief, Kaapstad, G1, 8/2, Doopboek van Christen kinderen van January 1713 tot 1742 en van slaven kinderen van der E. Compagnie January 1713 tot September 1742, p. 22.

[2] A. Dreyer, *Eeufeestalbum van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika,* p. 35.

[3] H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*, p. 29.

Ook O.F. Mentzel, beampte van die VOC en skrywer, het in die merkwaardig akkurate indrukke van sy agt jaar lange verblyf aan die Kaap reeds melding gemaak van die ryk koloniste wat plase besit het maar hoofsaaklik op die dorp gebly het.

> *Among the capitalists may be included such people who live in town but own estates in the country, which are worked by slaves and managed by an overseer or steward who has to render a proper account periodically to his employer.*[4]

Volgens hom het dié here nou en dan hulle plase besoek, veral met die aanbreek van die lente, om opdragte aan voormanne en opsigters te gee. Daarna het hulle teruggekeer na hulle gemaklike dorpshuise om in vrede te lewe en die oorvloed te geniet.

Dit is nie maklik om vas te stel wie dorpwonende landhere was nie. By geleentheid duik inligting oor minder prominentes tog op. So staan aangeteken van Jacobus Johannes Vos en sy vrou wat in Pleinstraat 32 Kaapstad gewoon het maar plase besit het met 60 000 wingerdstokke, 139 perde, 101 beeste en 145 skape. Hulle het 39 slawe en 8 slavinne besit.[5]

Johannes, Jan se vader, was beslis een van die vermoënde koloniste wat in die 'gentry'-kategorie met dubbele huishoudings geval het. Word die kerkraad en die owerheidsliggame waarop hy gedien het in ag geneem en die tyd wat hy daarvoor moes afstaan, dat hy twee spogplase moes bestuur en verder nog aandag aan sy vergeleë veeplase vir die instandhouding van sy deel van die vleiskontrak moes gee, kan aanvaar word dat hy en sy gesin hulle in Kaapstad tuisgemaak het en vir korter tye ook plaasbewoners was.

Jan moes van vroeg af in sy lewe met die plaaslewe en boerdery te make gehad het. Die feit dat De Grendel en Maastricht in Maart 1741, toe hy maar 19 jaar oud was, aan hom bemaak is, ondersteun die voorgaande stelling.[6] Dit is kwalik te bedink dat

---

[4] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the African Cape of Good Hope,* vol. 2, p. 85.

[5] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J37, Opgaafrolle, nr. 639, Mei 1800.

[6] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/6, Meester van die Hooggeregshof, p. 149.

Johannes, sakeman, entrepreneur en boer wat hy was, die twee genoemde plase aan 'n nie-belangstellende, onervare en nie goedonderlegde boerseun sou oorgedra het. Jan was die boer soos blyk uit die feit dat geen van die plase aan sy broer, Gerhardus (Gerrit) Hendrik, bemaak is nie. Laasgenoemde, soos mettertyd sal blyk, het kompanjiesamptenaar geword.

In aansluiting by Mentzel se verwysing na kapitaliste wat plaas- en dorpseiendomme besit het, is dit geleë om daarop te wys dat ryk burgers en groot landhere, die 'gentry', se bates ook volgens ander maatstawwe bepaal is Daar is byvoorbeeld gekyk na slawebesit en is burgers wat 16 of meer slawe besit het in die 1730's gesien as behorende tot die "kapitaliste"-klas. Volgens dié maatstaf het omtrent sewe persent van die landelike bevolking op daardie tydstip tot die bevoorregte kategorie behoort. Maar as die ander maatstaf naamlik plaasgroottes, die aantal wingerdstokke en graan geoes, aangelê is, het landhere tussen 10 en 20 persent van die landelike bevolking verteenwoordig. Alles dui daarop dat daar naas sukkelende boere, beginners en jonggetroudes 'n groepie vermoënde burgers in die Kaapse landelike samelewing teenwoordig was.[7]

Jan Cruywagen se pa, Johannes, het volgens al drie die maatstawwe reeds bo aan die leer gestaan en was volgens Mentzel 'n kapitalis met dorps- en plaaseiendomme. Volgens 1735 se opgaafrolle het hy meer as 60 slawe besit en was op sy plase reeds 100 000 wingerdstokke aangeplant. Jan wat die erfgenaam van die boerderybates was, was reeds van vroeg in sy lewe skatryk.

Die voorsiening van verblyf aan opvarendes van besoekende skepe was steeds 'n winsgewende bedryf vir Kaapse inwoners. Die reeds vermelde skrywer, Mentzel, het daarop gewys dat dit nie slegs die gewone burgers was wat losieshuise bedrywe het nie. Ook vooraanstaande burgers by wie skeepskapteins, hoër offisiere en vername besoekers tydelike huisvesting gevind het, het losieshuise aangehou en is daar goeie winste gemaak. Daar is vir die hoë besoekers gesellige aandbyeenkomste en danse gereël waar wyn en duur snoeperye voorgesit is, die koste waarvan op die besoeker se

[7] H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*, p. 29.

rekening verskyn het.[8] Hierdie gegoede burgers het ook die tyd gehad om veilings en verkopings by te woon waar hulle altyd op die uitkyk was vir winskopies. Niemand was te trots om op die wyse iets tot sy inkomste toe te voeg nie.[9]

Hierdie ingesteldheid is bevestig deur admiraal Johan Splinter Stavorinus wat die Kaap by twee geleenthede besoek het op sy reise na die Nederlandse besittings in die Ooste en terug tussen 1768 en 1778. Hy het 'n duidelike onderskeid getref tussen die dorpsbewoners en die plattelandse boere wat in menige opsig aansienlik van mekaar verskil het. Van die dorpsmense het hy gesê:

> *The chief trait in their character which appears the most evident to a stranger, after a little reflection, is the love for money ... both in men and women, that one must be more than prejudiced in their favour, to attempt to deny it.*[10]

Hy het voorts geskrywe dat vreemdelinge gou geïmponeer is deur die vriendelikheid, hoflikheid en gasvryheid van hierdie mense maar dat dit slegs voorgehou is om hulle eie-belang te bevorder. Daar het afguns bestaan teenoor diegene wat voorspoedig geword het en dit was ook merkbaar in die optrede teenoor hulle wat akkommodasie verskaf het aan vreemdelinge – die hoofbron van inkomste van die grootste getal dorpelinge.[11]

Daar is geen partikuliere inligting van individuele losieshuishouers gevind nie en die moontlikheid dat Jan Cruywagen en selfs sy ouers losiesverskaffers was aan besoekers van aansien, moet nie uitgesluit word nie. Van die feit dat Jan se pa, Johannes, graag veilings bygewoon het, is reeds melding gemaak. Jan het ook van veilings gehou en sy pa se voorbeeld gevolg. In April 1731, toe hy slegs nege jaar oud was, het hy reeds 'n bulsak en komberse op 'n vendusie gekoop. Ook in Mei van daardie jaar en later in Oktober was hy by verkopings waar hy kleinighede gekoop het. In laasgenoemde maand het hy by so 'n geleentheid timmermansgereedskap en 'n

---


[8] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope,* vol. 2, p. 81.

[9] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope,* vol. 2, p. 85.

[10] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East-Indies*, (Translated from the Dutch by S.H. Wilcocke), vol. 3, pp. 435, 436.

[11] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East-Indies*, (Translated from the Dutch by S.H. Wilcocke), vol. 3, pp. 436, 437.

paar flessies lynolie gekoop – 'n produk wat toe al in gebruik was. Die appel het blykbaar nie ver van die boom geval nie![12]



Die Kaapse volksplanting in 1750. (Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika.)

Jan het ook belang gehad by veeboerdery in die Suid-Kaap oorkant die Gouritsrivier. Hy het op 27 Desember 1742 owerheidsvergunning gekry om op Ruiterskraal en Houteniquas Bosch oorkant die Gouritsrivier met sy vee te gaan staan. Op laasgenoemde plaas het sy pa, Johannes, vroeër weiregte gehad.[13] Dit blyk dat Jan met verskillende boerderyvertakkinge in die voetspore van sy vader gevolg het.

[12] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 10/3, Meester van die Hooggeregshof, nr. 94, 95 en 99 in volgorde van aankope.

[13] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, RLR 10/2 Ontvanger van landinkomste, 1741-1744, pp. 295, 296.

Op 2 Januarie 1744 is Jan met Geertruida Agnita Heyning getroud.[14] Die troudatum deur De Villiers en Pama aangegee as 2 Februarie is dus nie korrek nie.[15] Haar vader, Nicolaas Heyning, het in 1709 van Delft in Nederland in die Kaap aangekom waar hy in 1713 met Geertruida Vermey getroud is.[16] Jan en Geertruida was geseën met twee seuns, Johannes Meijndert (1747-?) en Nicolaas (1750-?). Voorgenoemde Johannes is in 1781 getroud met Johanna Arnoldina Voltelen.[17] Van die tweede seun, Nicolaas, is geen verdere inligting gevind nie, behalwe dat hy as volwassene as doopgetuie vir familielede se kinders opgetree het. Aangesien hulle vir doeleindes van hierdie ondersoek nie in die direkte afstammelingslyn lê nie, word hulle en hulle nageslag daar gelaat.

Kerklike betrokkenheid en die 1637-Statebybel

Benewens sy betrokkenheid by verskillende vertakkinge van die boerdery was Jan ook bedrywig op kerklike gebied. Hy is in Desember 1761 gekies as ouderling van die Kaapse gemeente.[18] Hoewel geen aantekening daarvan gevind is nie, moet aanvaar word dat hy vroeër ook as diaken gedien het omdat ook in daardie dae daar normaalweg van diaken na ouderling gevorder is in kerklike diens. In 1771 was hy nog steeds 'n dienende ouderling en met 'n gewone gebaar van welwillendheid het hy sy naam laat voortleef.

In die kerkraadsnotule van die Kaapse gemeente van 7 Mei 1770 staan aangeteken dat ds. Henricus Kroonenburg bekend gemaak het dat ouderling Jan Myndertsz Cruywagen aan die kerk, vir gebruik op die preekstoel, *een groot foliant-Bybel* (baie groot formaat) *met platen, in swart sagaryne bant* (in leer gebind) *en silver beslag*

---

[14] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC621, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p.47.

[15] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families,* deel 1, p. 164.

[16] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families,* deel 1, p. 316.

[17]Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag 16 April 1999: nageslag van Jan Cruywagen,* p. 1.

[18] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 261.

geskenk het.[19] Ds. Kroonenburg rapporteer verder dat hy die skenking met dank aanvaar en die heer Cruywagen namens die kerkraad bedank het met hartgrondige wense dat dit die *Almoogende* mag behaag om hom en sy huisvrou se siele te heilig.[20]

Die kerkraad het besluit om ter herinnering aan die mooi gebaar twee silwerplate te laat maak, een om op die omslag aan die voorkant en die ander op die agterkant van die Bybel aangebring te word. Die inskripsie op die eersgenoemde plaat was:

> *Ter Gedagtenisse gegeeven door den Heer J.M. Cruywagen, Burger-Ritmeester en Regeerende Ouderling en desselfs huysvrou Juffr. G.A. Heijning.*

Op die agterste plaatjie was gegraveer, *In den jaare onzes Heeren 1770, den 7 May.*[21] (Dit was destyds algemene gebruik om na 'n getroude vrou op haar nooiensvan te verwys.)

Uit die notule van die kerkraad word daar afgelei dat die Statebybel nie by 'n formele geleentheid in die kerk oorhandig is nie maar aan ds. Kroonenburg – daarom sy verslag aan die kerkraad. Ds. Kroonenburg is in 1756 getroud met 'n ouer suster van Geertruida Heyning, Jan se vrou. Jan en die dominee was dus swaers. Geertruida se jongste suster was ook met 'n predikant, ds. Johannes Appeldoorn van Stellenbosch getroud.[22] Die kanselbybel is waarskynlik deur ds. Kroonenburg met 'n gepaste redevoering in gebruik genoem.

Omdat die Statebybel wat Jan aan die gemeente geskenk het seker een van die oudste Bybels in Suid-Afrika en tot op die huidige dag nog 'n kosbare kleinood in besit van die Groote Kerk in Kaapstad is, is verdere inligting daaroor gepas. Die Bybel wat

---

[19] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 974.

[20] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 974.

[21] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 975.

[22] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 974, 975; C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families,* deel 1, p. 317.

hier ter sprake is, het sy oorsprong in 'n besluit wat die Sinode van Dordrecht (meer algemeen bekend as die Dordtse sinode) tydens sy sitting van 1618-1619 geneem het en 'n opdrag van die State-Generaal, dit wil sê die Nederlandse staatsowerheid, in dieselfde verband. Aan 'n kommissie is opdrag gegee om die Bybel uit die grondtale – Grieks en Hebreeus – te vertaal om die toe-bestaande Nederlandse Bybelvertaling te vervang. Die produk van die kommissie se werk, die eerste druk van die Statevertaling, en vandaar die Statebybel, het in 1637 in Leiden verskyn. Die "Cruywagen"-Bybel is 'n eksemplaar van hierdie eerste druk en daarom so uiters waardevol.[23]

Die Bybel het vanaf 1770 diens gedoen op die preekstoel van die kerk aan die Heerengracht. Valentyn die reisiger-skrywer het die preekstoel beskrywe as so mooi as wat daar weinig te sien was.[24] Hierdie indrukwekkende gestoelte se hout was later so *verstikt en van de wormen doorknaagd* dat die kerkraadsnotule van 4 Augustus 1788 vermeld dat daar besluit is om dit met 'n nuwe te vervang en die werk is aan *Anthony Anreith* die bekende beeldhouer opgedra. Sy eerste model wat op drie vrouefigure, Geloof, Hoop en Liefde, gerus het, was nie vir die waardige kerkraad aanvaarbaar nie omdat die figure naak en dus onwelvoeglik was. Boonop het die beelde na oordeel van die kerkraad te veel aan die beeldediens van die Rooms-Katolieke herinner. Volgens oorlewering sou Anreith hieroor gesê het dat Kapenaars geen kunswerk kon waardeer nie, *zij weten van niets anders dan leeuwen en luipaarden.*[25] Sy tweede voorstel, 'n preekstoel wat op twee leeus rus, is goedgekeur en dit het die pragtige maar verweerde voorganger vervang. Die nuwe preekstoel, seker tot vandag die mooiste van sy soort in Suid-Afrika, is op 22 November 1789 deur ds. J.P. Surrurier, die oudste diensdoende leraar *plegstatig en godsdienstig*


---

[23] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 974.

[24] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 975, 976.

[25] A. Dreyer, *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924,* p. 79; C. Opperman, "Die Groote Kerk – moeder van ons almal", *Die Huisgenoot,* 1 Oktober 1965, pp. 42-50.

ingewy.[26] Die Statebybel wat Jan Cruywagen geskenk het, het toe deel van die nuwe indrukwekkende preekstoel geword. Dit is interessant om daarop te let dat die Bybel wel weens 'n klein defek aan die omslag vir 'n veertiental jare (1870-1884) nie op die kansel in gebruik was nie. Twee nuwe ouderlinge het die afwesigheid van die groot en statige Boek onder die aandag gebring. Dit was gelukkig veilig weggebêre en ná die nodige herstelwerk gedoen is op 27 Julie 1884 weer deur dr. J.J. Kotze in gebruik geneem.[27] Sedert 1770 tot in die onlangse verlede het die Statebybel deur die Cruywagen-familie geskenk vir ongeveer 200 jaar (die 14 jaar wat dit in onbruik was nie bygereken nie) die kansel van die oudste Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika versier. Die beroemde Bybel is steeds in besit van die Groote Kerk in Kaapstad maar word om veiligheidsredes nie meer op die kansel vertoon nie.



Die beroemde preekstoel in die Groote Kerk met die Cruywagen-Bybel op die kateder. (*Die Huisgenoot*, 1 Oktober 1965.)

[26] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 976.

[27] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 977.

Daar is ook ander gebeure op kerklike gebied en tendense ten opsigte van die godsdiens wat aandag verdien. Godsdiensverslae van die drie gemeentes wat gedurende die 17e eeu aan die Kaap bestaan het, het gespreek van goeie kerklik-godsdienstige toestande. Indien daar minder gunstige verskynsels soos swak kerkbywoning en nalatigheid ten opsigte van die Nagmaal was, kan die rede daarvoor in die pioniersomstandighede, die uitgestrekte gemeentes, 'n wydspreide en groeiende bevolking, 'n tekort aan predikante en onvoldoende en gebrekkige onderwysfasiliteite, gesoek word.

Byna die hele 18e eeu staan in skrille kontras hierteenoor:

> *Die historiese wetenskap is eenstemmig in sy oordeel dat by name die Aufklärung (Verligting) in die agtiende eeu gesien moet word as die groot keerpunt in die geestesgeskiedenis van Europa. Dit het 'n totale geestelike omwenteling teweeggebring en die betekenis van hierdie rasionalistiese stroming op kerklik-godsdienstige terrein was in menige opsig fataal.*[28]

Die Kaap is die invloed van hierdie stroming nie gespaar nie sodat die kerklik-godsdienstige lewe ook dikwels gestaan het in die teken van ontbrekende lewenskrag, van 'n koudheid en doodsheid wat dit ontsier het. Bekende reisigers wat die Kaap besoek het, Valentyn (1714) en Le Valliant (1780) het geskrywe van 'n louheid onverskilligheid in die godsdiens en van weelde en sedelike verval in die lewenswyse.[29] Karel Schoeman vat die heersende omstandigheid goed raak waar hy kerkbesoek aan 'n formele plegtigheid of sosiale geleentheid gelykstel en verder sê dat dit vir heelwat mense op niks meer neergekom het nie as 'n optog langs die strate gevolg deur 'n slaaf of slavin met 'n sonsambreel, dit was 'n vertoon van nuwe klere en 'n ooglopende bevestiging van sekere kerkgangers se rang en aansien.[30]

Vir mense wat nie deur vertoonsug en eie-waarde gedryf was nie, was daar egter ook geregverdigde redes waarom lidmate afsydig teenoor die kerk gestaan het. Die prediking het gestaan onder die heersende rasionalisme, dit was dor en intellektualisties met min aansluiting by die praktiese geestelike lewe.

---

[28] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 79.

[29] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 80.

[30] K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., p. 116.

> *Daarby was die preke gegiet in die analitiese metode, waar van splinterige onderverdelings soms tot in die oneindigheid gebruik gemaak is. Die gevolg was uitgerekte predikasies – 'n erediens het soms drie uur geduur – tot vermoeienis van die hoorders en met vanselfsprekend weinig geesdriftige reaksie.*[31]

Daar is by meer as een geleentheid reeds melding gemaak van die groot getal vreemde skepe wat die Kaap gedurende die oorloë tussen Engeland en Frankryk en gedurende die tussenperiodes aangedoen het. Met die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775-1783) waarin die twee lande weer die hoofvegtende partye was, was skeepsverkeer weer redelik druk. Met 'n groot Franse teenwoordigheid het die Kaap 'n kosmopolitiese aansyn gekry en allerlei invloede en denkbeelde het saam met die besoekers gekom. Weelde, gemak- en genotsug het heelwat inwoners se sober bestaan en konserwatiewe denke omgekeer. Die onderworpenheid van die kerk aan die staat en die feit dat predikante eintlik dienaars van die kompanjie was – in 'n tyd toe lojaliteit aan dié groot handelsliggaam aan skerwe gelê het, was nie bevorderlik vir die gesag en lokkrag van die kerk nie.

Die opkoms van 'n godsdienstige beweging bekend as die Piëtisme het tot redding van die kerk gekom. Dit het sy oorsprong in Duitsland gehad, maar ook in Engeland het 'n entoesiastiese kerklike verskynsel, die Metodisme, sterk na vore getree.

> *Die Piëtisme het gevra na die vroomheid van hart en 'n suiwer Christelike lewenswandel. Hulle predikers het met nuwe aksente gekom – nie langer starre dogmatiese begrippe en spitsvondige redenasies nie, maar hulle werk op die gevoel en verbeelding; persoonlike bekering en daadwerklike belewenis van die geloof het voorop gestaan.*[32]

Die Gereformeerde Piëtisme soos dit in kerklike kringe genoem word vanuit Nederland het onuitwisbaar op die kerklik godsdienstige lewe aan die Kaap ingewerk. Die manne van die *Nadere Reformasie* was vroom en doelbewus ortodoks. Benewens dat hulle gepleit het vir 'n persoonlike Christus-verbintenis, het dit ook gegaan oor die onderhouding van die Sabbat en die suiwering van die kerk van alles wat onheilig was.

---

[31] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 81.

[32] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 82.

Die sug van baie Kaapse inwoners wat uitgesien het na inniger godsdiensbelewinge, is beantwoord met die koms van dr. Helperus Ritsema van Lier as leraar by die kerk in Kaapstad en ds. Michiel Christiaan Vos, met standplase Tulbagh, Swartland en Caledon opeenvolgend. Hoewel die invloed van die Piëtisme sterk was, sê Van der Watt, die kerkhistorikus, dat Van Lier nie 'n piëtis was nie maar 'n man van vroomheid van lewe. Volgens hom het die voorgenoemde leraars onteenseglik op die praktiesgodsdienstige lewe van hul tydgenote groot invloed gehad en vir 'n oplewing gesorg.[33]

Hulle het ook baie geput uit die spiritualiteit van die Lutherane en Morawiërs daarom dat daar onder hulle leiding ook 'n aansienlike sendingontwaking was. 'n Derde predikant, ds. Christiaan Fleck word ook genoem as behorende tot dié groep wat besondere invloed uitgeoefen het.[34] Hy was getroud met Susanna Cruywagen, een van Gerrit Hendrik Cruywagen se dogters. Onder die aangetroude familie was daar seker ook diegene wat kerkbesoek gebruik het om aan hulle vertoonsug en statusbeheptheid uiting te gee. Of ds. Fleck enigsins daarin geslaag het om die peil van die geestelike lewe van diesulkes te verhoog, vertel die geskiedenis nie.

Die Nederduitse kerksang het blykbaar nie bygedra om 'n sielsverheffende en meevoerende uitwerking op gemeentelede te hê nie. Dit is beskrywe as 'n onbeholpe *gerijmel* wat 'n swak dunk van die letterkundige sin van die Gereformerdes gegee het. Desnieteenstaande is die psalms op die beryming van Pieter Dateen uit 1566 vir twee eeue in Nederlandse kerke gebruik, en van die begin van die volksplanting ook aan die Kaap. Dit is in 1775 vervang met 'n nuwe beryming wat met ingenomendheid aan die Kaap ontvang is en tot in 1814 hier gebruik is.[35]

Daar kan aanvaar word dat die nuwe psalmboek gehelp het om die sang by eredienste te verbeter. Dat daar vanuit die Kaap min op die gebied van die destydse kerklied bygedra is, spreek uit die feit dat slegs één Nederlandse gesang aan die Kaap ontstaan het: Die gesang *Moet gij steeds teen onspoed strijden* wat in sy vertaalde vorm as

---

[33] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 83.

[34] J.C. Pretorius, Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, p. 228.

[35] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, p. 80.

gesang 41 in die ou gesangeboek opgeneem was en tans as lied 576 in die *Liedboek van die Kerk*, voortleef. Die teks was die skepping van Catharina Allegonda van Lier, suster van dr. Van Lier, wat hom na die Kaap vergesel het.

Offisier in burgermilisie

Jan was aktief in die burgermilisie waarin elke burger in moderne terme diensplig moes doen. Hy is volgens Politieke Raadsbesluit van 7 November 1741 as cornet aangestel.[36] In hierdie besluit word na Jan as Johannes Cruywagen (de jonge) verwys. Dit het die redigeerders van die argiefstukke mislei om in 'n voetnoot te verduidelik dat dit Johannes Cruywagen, Jan se vader, was. Dat dit nie korrek is nie word bevestig deur die feit dat cornet Cruywagen weiregte op plase wat sy vader vroeër gehou het, oorgeneem het soos in hoofstuk vyf verhaal is. In 1741 toe Jan as cornet aangestel is, was Johannes sy vader, reeds 'n man van 46 jarige ouderdom. Hy het reeds in 1726 as 31 jarige, die rang van korporaal gehou en op sy ouderdom was sy dienspligjare eintlik verby. Jan moes hom goed van sy taak gekwyt het want teen Desember 1746 is hy reeds tot die rang van luitenant bevorder.[37] In September 1751 het hy weer bevordering gekry na die rang van ritmeester, dit wil sê kaptein en aanvoerder van die ligte ruitery van die Kaapse burgermilisie.[38] Die bekleër van die rang van ritmeester was swierig geklee in 'n kort jas met tresse (omboorsel van gevlegte goud of silver draad) met 'n beervelmus as hoofbedekking.[39]

Die ritmeester het blykbaar oor aansienlike magte beskik en kon strawwe oplê vir allerlei oortredings en die nie-nakoming van bevele. So byvoorbeeld het hy 'n burger beboet wat van 'n militêre oefening (*exercitie)* afwesig was. In 'n ander geval word 'n korporaal gedemoveer omdat hy hom *seer onbetaamelijck tegens den officier en zergeant van de wagt heeft gedragen.* Jan het ook 'n sekere Warnick beboet omdat hy

---

[36] Internet, www.tanap.net, C119, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 61-67.

[37] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, 7 Desember 1746, p. 189.

[38] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, 1 September 1751, p. 211.

[39] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statenbybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode,* 24 November 1937, p. 974.

onredelike *segswoorden* teen sy korporaal gebruik het. Dit kon moontlik redelik gekruide taal gewees het wat gebesig was maar blykbaar het die korporaal aanleiding tot die uitbarsting gegee want hy is dieselfde boete as Warnick opgelê.[40] Daar kom gevalle voor waar diensplichtiges wat aangekla was dat hulle nie vir geskeduleerde oefeninge opgedaag het nie, kwytskelding ontvang het by *vertoont* [van] *een attestatie van den chirurgijn* – wat gelyk gestel kan word met wat vandag as 'n dokters- of siektesertifikaat bekend is.[41]



Groentemarkplein, Kaapstad deur Johannes Rack in 1764. Die gebou in die agtergrond is die Burgerwaghuis, die hoofkwartier van die Burgerkrygsraad. (500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.)

By 'n vergadering van die burgerkrygsraad op 15 September 1755 is ernstig oorweging geskenk aan die wenslikheid of met 'n wapenskou en oefening wat vir Oktober van daardie jaar geskeduleer was, voortgegaan moes word. Die gevaar was dat die ernstige pokke-epidemie wat uitgebreek het met so 'n saamtrek van manskappe en baie toeskouers makliker na die platteland sou kon versprei. Daar word onder meer die vrees uitgespreek dat ook manskappe op skepe in die baai die siekte kon opdoen. Indien dit sou gebeur, het die gevaar bestaan dat daar nie genoeg hulp beskikbaar sou wees om al die siekes by te staan nie. 'n Ander gevaar was dat die

[40] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, (in volgorde van die gevalle soos aangehaal) 3 Mei 1752, p. 214; 5 Mei 1756, p. 236; 6 November 1754, p. 228.

[41] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, 7 November 1759, p. 260.

veiligheid van die land bedreig kon word deur *quaaddoeners en vagabonden* wat die *swacke gesteldheijd* sou gebruik om voordeel te behaal met hulle *geweld en moedwil.* Daar word gerapporteer dat baie van die kompanjie se trompetblasers en tamboerslaners reeds siek en sommige oorlede was en om met sulke uitgedunde slagordes 'n behoorlike wapenskou te probeer hou, sou 'n swak indruk geskep het. Daar word op grond van al die ontmoedigende inligting besluit om die wapenskou af te stel en die mense op die platteland met biljette daarvan in kennis te stel.[42] Die breë kennisgewing van 'n gebeure met biljette is interessant. Om handgeskrewe pamflette vir die uitgestrekte plattelandse gebiede voor te berei, het seker 'n groot werk afgegee en dit was volgens aanduidings die enigste weg om gevolg aan die besluit van die burgerkrygsraad te gee. Op daardie tydstip was daar geen drukpersgeriewe aan die Kaap beskikbaar nie, dié was eers beskikbaar na die eerste Britse oorname in 1795.

Die gebruik om rookseine op te stuur en grofgeskut van bepaalde plekke te vuur as waarskuwing dat vyandelike skepe in sig gekom het, was steeds in gebruik, ten minste die laasgenoemde metode. Soos reeds genoem, was dit bedoel om weerbare burgers op te roep om op voorafbepaalde versamelpunte te vergader wanneer 'n vyand in aantog was. Op 25 September 1759 het ritmeester Cruywagen 'n besoek aan Plattekloof gebring om die kanon daar te inspekteer en ook die vuurmond op *de hoge bergh.*[43] Plattekloof is deel van die Tygerberg reg noord van Kaapstad en nie ver van Cruywagen se plaas, De Grendel, nie. Dit is moeilik om die ander besoekpunt nader te bepaal want die Tygerberg het geen kenmerkende hoë spits nie en dit moet aanvaar word dat dit moontlik dui op die hoër berge in die rigting van Stellenbosch. Daar is geen verdere inligting gevind wat aandui vir watter ander van dié waarskuwingspunte die ritmeester verantwoordelik was nie. Die beskikbare gegewens dui daarop dat ritmeester Cruywagen en sy medeoffisiere wat die ruitery betref, hulle verpligtinge met die toepassing van goeie orde en dissipline en volgens goed gereelde oefenprogramme uitgevoer het.

---

[42] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, 15 September 1755, p. 232, 233.

[43] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, BKR 1, Sekretaris van die burgerkrygsraad, 25 September 1759, p. 258.

Jan Cruywagen het vir baie jare aan jig gely. Die pynlike las op sy ledemate kon hy blykbaar vir lank hanteer maar teen 1773 het die belemmering vir hom te erg geword. By tye was dit vir hom byna onmoontlik om sy perd te bestyg en as hy wel in die saal gekom het, was die afklim net so moeilik. Onder dié omstandighede het hy versoek om van sy pligte as kaptein van die eerste afdeling van die burgerruitery vrygestel te word.[44]

Aan die Kaap was die Nasionale Bataljon (ook genoem Nasionale troupes) die gereelde permanente militêre mag wat in sowel vredes- as oorlogstryd diens moes doen.[45] Soldate wat uit aktiewe diens ontslaan is weens hoë ouderdom, krankheid, en so meer is in die Corps des Invalides saamgetrek. Dié regiment moes dien as 'n soort polisiemag teen interne *ongereeldhede* en ook wanneer die gereelde troepe elders besig was. Die Invalideskorps het sedert 1734 tot 100 manskappe aangegroei en selfs burgers is by die korps bygevoeg. In 1762 het die owerhede dit goedgevind om die bruikbaarste en bekwaamste manskappe uit die korps se geledere te haal en 'n aparte kompanjie, die Compagnie de Reserves te vorm.[46] Onder hierdie stelsel was dit heel moontlik dat uitgetrede ritmeester, Jan Cruywagen, ook by die Invalides-korps ingedeel was om sodoende sy ervaring en bekwaamhede as burgeroffisier vir die militêre organisasie te behou.

Nog 'n interessante militêre afdeling was die Penniste korps waarin meesal mindere dienare van die kompanjie en ook reeds uit diens getrede amptenare ingedeel was. Die korps is so genoem omdat die lede daarvan klerke was, persone wat 'n lewensverdienste gemaak het deur die pen te hanteer.[47] Van die Cruywagennasate wat later in kompanjiesdiens getree het en aanvanklik in klerklike poste gedien het, het heel moontlik deel van hulle militêre verpligtinge in hierdie korps verrig.

Daar is vroeër reeds gewys op die Compagnie der Vrijzwarten waarin vryswartes gedien het omdat hulle nie soos vrygebore burgers in burgermag-eenhede opgeneem

---

[44] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives ..., vol. 1, p. 265.

[45] P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese kompanjie,* p. 39.

[46] P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese kompanjie,* p. 39, 40.

[47] P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese kompanjie,* p. 41.

is nie. Later is na lede van hierdie korps as "pandoere" verwys. Die taalkundige herkoms van die woord is interessant. In die Serwo-Kroatiese tale is die woord *pàndûr* gebruik vir 'n gewapende dienaar. Deur oordrag is die naam ook aan soldate gegee. Die naam het mettertyd na Nederland oorgewaai waar dit soms skertsend vir 'n gewone voetsoldaat gebruik is. Dit was dus geen onbekende naam wat aan die Kaap aan die korps van vryswartes gegee is nie.[48] Blykbaar was baie van hulle nie juis militaristies aangelê nie en het die Franse reisiger en skrywer, Francois le Vaillant, gesê dat die soldate 'n koddige vertoning gelewer het by militêre oefeninge: hulle het nie mooi die onderskeid tussen hulle linker- en regterhand geken nie en kon moeilik die bevele van offisiere gehoorsaam. Hy het afgesluit deur te sê,

> V*oor hem is de konst* (kuns) *van vechten niets anders dan de konst* (kuns) *om het gevaar te ontwijken.*[49]

In 1708 was daar in die Tafelvallei twee kompanjies voetvolk en een ruitery kompanjie waarin 240 man gedien het. In Stellenbosch en Drakenstein was 204 man by die infanterie en 69 by die perdevolk ingedeel. Daar was dus 513 burgers onder die wapen.[50] Dit is interessant hoe hierdie syfer klop met die manlike bevolking wat op 31 Desember 1706 aangegee is as 513.[51] Soos wat die bevolking vermeerder het, het die aantal burgers onder wapen ook toegeneem. Baron Van Imhoff het met sy besoek in 1743 'n herindeling van kompanjies in die Kaapse en Stellenboschse distrikte gemaak.

Alle burgers moes in April en Oktober van elke jaar vir wapenoefening bymekaargekom het. Klagtes oor hierdie reëling het oor die jare toegeneem veral omdat boere met die milisiebyeenkomste hulle families onbeskermd op hulle plase moes agterlaat. Teen 1753 is die voorskrifte verander en is een wapenoefening per jaar gehou wat ses dae geduur het in plaas van drie soos vroeër. Vir die Kaapse

---

[48] J. de Villiers, "Hottentot-regimente aan die Kaap, 1781-1806, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaaanse geskiedenis*, jg. 33, 1970 deel 2, pp. 129, 130.

[49] F. le Vaillant, *Reize in de binnenlanden van Afrika,* deel 3, Inleiding pp. XIX, XX.

[50] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse Kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg.7, 1944, p. 55.

[51] C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte* ..., bylaag H, p. 240.

burgers het die nuwe maatreëls vanaf 1754 gegeld. Die jaarlikse wapenoefeninge was ook 'n groot sosiale geleentheid en het gewoonlik gepaard gegaan met heelwat vrolikheid. Die skiet van salvo's met snaphane is beantwoord met kanonskote. Die bedrywighede en vertoon het herinner aan die ontvangs van kommissarisse. Die burgeroffisiere, burgerrade en oudburgerrade is saam met die hoogste amptenare deur die goewerneur vir 'n ete genooi.[52] Jan Cruywagen wat vanaf 1746 'n burgeroffisier was tot in 1773 toe hy met die rang van ritmeester uitgetree het, was in die voorgestoelte by hierdie geleenthede. Die oefeninge het gewoonlik op die strand plaasgevind en wanneer buitelandse gevare gedreig het, is skyngevegte gehou met die oog op groter paraatheid. Die gereelde oefeninge het van die burgers uitstekende skutters gemaak en sover dit die ruiterkuns aangaan was daar min wat hulle dit kon nadoen. Sekunde Van Cloppenburg het by geleentheid oor die *Afrikaan te paard* geskrywe dat hulle *allen ruiters van die vier waereld* [wêreld] *delen overtreffen zoude*.[53]

Dat die wapenoefeninge die gewenste resultate gelewer het en 'n goed-geoefende burgermag tot gevolg gehad het, word gestaaf deur gunstige uitsprake van besoekende kommissarisse. Goewerneur-generaal Van Imhoff het reeds gesê dat hy meer gesien het as wat hy verwag het van die milisie. Kommissaris Daniël Nolthenius was in 1748 net so beïndruk en was van gevoel dat daar flink op gevaarseine gereageer sou word en dat die burgers *met haare snaphanen gewapend sijnde geen leeuw of tijger* [sou] *ontsien*. Kommissarisse Nederburg en Frykenius wat die Kaap in 1792 besoek het en danig krities was oor baie sake, het oor 'n revue van die Kaapse burgery wat hulle bygewoon het, geskrywe dat *ons* [ons] *niet genoeg kunnen verwonderen over den goeden staat waarin de cavallerie as infanterie zig voordeed*.[54]

Verskillende tipes gewere en pistole is sedert die stigting van die Kaapse verversingspos gebruik. Die sogenaamde lontgeweer (musquet), toegerus met 'n lang

---

[52] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse Kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg.7, 1944, p. 56.

[53] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse Kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg.7, 1944, voetnoot 134, p. 57.

[54] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse Kommissarisse ...," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg.7, 1944, p. 57.

los lont wat aangesteek moes word voor daar tot aksie oorgegaan is, was spoedig in die nat Kaapse omstandighede onbruikbaar. Die snaphaan, 'n doelmatige vuursteen-pangeweer, het al meer in gebruik gekom en is deur soldate en vryburgers gebruik. Dit was gelyktydig verdedigingswapen en jaggeweer, met sy vuurslagslot maklik om te hanteer en betroubaar, selfs in reënweer.[55] Naas snaphane, wat met hael en lopers kon skiet, was *vogelroers*, dit wil sê haelgewere, en pistole van die ander *skietgewere* wat in gebruik was.

Die Hollandse snaphaan is gaandeweg met die verbeterde Franse vuurslagslot-pangeweer vervang. *Hollandse vuursteen-pangewere is tot diep in die 19de eeu, lank na die Hollandse tydperk, nog in Suider-Afrika gebruik.*[56] (Omdat die deursnee inwoner selde of ooit met swaargeskut te doen gekry het, word geen verwysing daarna gemaak nie.)

Daar was reeds in die tyd van Simon van der Stel voorskrifte in verband met die veilige bewaring van wapens en die eienaars van slawe moes 'n deel van die snellermeganisme van 'n snaphaan afskroef sodat dit onbruikbaar was wanneer dit in ongewenste hande beland het. As daar onverskillig met die berg van vuurwapens omgegaan is, kon 'n boete van 25 riksdaalder opgelê word.[57]

In Kaapstad en die omliggende landelike gebiede is die rustige gang van die lewe selde versteur deur gebeurtenisse van meer as gewone belang. Die hoofrigting van ontwikkeling gedurende ongeveer die eerste tagtig jaar van die 18e eeu was die stille en haas onopgemerkte inbesitneming van die binneland deur die veeboerpionier.[58] Aangesien die Cruywagens nie deelgenote aan hierdie uitbreiding was nie, word die aanleidende oorsake daartoe nie onder oë geneem nie. Dit is voldoende om in gedagte te hou dat hierdie uitbreiding vanaf die einde van Willem A van der Stel se regeertyd in 1707, onverpoosd en verbasend snel voortgegaan het en boere teen 1836,

---

[55] F.V. Lategan & L. Potgieter, *Die Boer se roer tot vandag. Die ontwikkeling van vuurwapens in Suid-Afrika*, p. 77.

[56] F.V. Lategan & L. Potgieter, *Die Boer se roer tot vandag* ..., p. 82.

[57] F.V. Lategan & L. Potgieter, *Die Boer se roer tot vandag* ..., p. 81.

[58] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 113.

voor die aanvang van die Groot Trek, reeds in die teenswoordige suidelike Vrystaat gewoon het.[59] In die smeltkroes van die pionierslewe met sy grenservaringe het op Suid-Afrikaanse bodem 'n nuwe produk ontstaan. Verder is dit van belang om in gedagte te hou dat toe die trek na die binneland eers begin het, het daar weldra 'n breuk gekom tussen die boere van die agterveld en, vir hulle die afgeleë hoofstad en hawe, die setel van die beskawing en die deur na Europa.[60] Dat daar wel ook 'n "eendersheid" bestaan het in opvattings en oortuigings, kan nie betwis word nie soos reeds in die inleidende hoofstuk verduidelik.

In die *setel van die beskawing* waar Jan en die syne hulle bevind het, het daar wel gebeure plaasgevind wat vermeldenswaardig is en die lewe van stads- en naderwonende burgers intiem geraak het.

Jan Cruywagen het soos sy pa en ander van sy voorsate kontak gehad met van die Kaapse goewerneurs en regerende amptenare. Dit het reeds in 1742 gebeur toe hy aansoek gedoen het vir weiregte op plase in die Suid-Kaap in die tyd van goewerneur Hendrik Swellengrebel, wat vroeër in die hoofstuk genoem is. Met sy pa, Johannes, se vele betrokkenhede en groot bekendheid en invloed kan aanvaar word dat Jan en ander lede van die gesin dikwels in die hoogste sosiale en bestuurskringe beweeg het. Die rol wat hy in die kerklike lewe en op militêre gebied gespeel het, het hom in die voorste gestoeltes geplaas.

Die Ryk Tulbagh-tydvak

Jan het die hele regeertyd van Ryk Tulbagh (1751-1771) deurleef. Tulbagh is in 1699 in Nederland gebore en het op 'n jong leeftyd in diens van die kompanjie getree. Na sy aankoms aan die Kaap in 1718, in die tyd van goewerneur De Chavonnes, het hy as vlytige amptenaar vinnig van een pos na 'n ander gevorder. Hy was onder andere lid van die Politieke Raad en voorsitter van die Raad van Justisie en sekunde. Tulbagh het ook as diaken en ouderling verskeie termyne op die kerkraad van die Kaapse gemeente gedien. Later is die hoogste rang, naamlik dié van opperkoopman, aan hom

[59] P.J. van der Merwe, *Trek*, p. 1.

[60] P.J. van der Merwe, *Trek*, p. 90.

toegeken. Deur sy huwelik met Elizabeth Swellengrebel, die goewerneur se suster, het hy nog nouer by die bestuurskader aan die Kaap betrokke geraak.

Toe goewerneur Swellengrebel versoek het om uit diens te tree en die Kaap te verlaat, het die Politieke Raad die Here XVII versoek om Tulbagh as sy opvolger te benoem. Hierdie versoek is toegestaan en op 27 Februarie 1751 het Tulbagh die bewind van Swellengrebel oorgeneem. Op 15 April het die amptelike inhuldiging en voorstelling plaasgevind. In 1754 is Tulbagh vereer met die rang Raad Extraordinaris en in 1766 het hy slegs die tweede Kaapse goewerneur geword wat tot die rang van Raad Ordinaris verhef is.

Goewerneur Tulbagh was, hoewel 'n goeie administrateur en geliefd onder die Kaapse burgery, eintlik ook in een opsig 'n tragiese figuur. Die gesin se twee seuntjies is vroeg oorlede en sy vrou het hom op 13 Oktober 1753, ietwat meer as twee en 'n half jaar na sy bewindsaanvaarding, ontval. Eensaam het hy in die kasteel agtergebly. Benewens sy ampspligte wat hom besig gehou het, is sy dienstyd veraangenaam en verryk en sy eensaamheid verlig deur verskeie besoekers van aansien. Van die belangrikste gaste wat Tulbagh namens die Kompanjie in die kasteel onthaal het, was die Engelse krygs- en staatsman lord Clive, die Engelse ontdekkingsreisiger admiraal James Cook en die Franse skrywer Bernardin de St. Pierre.[61]

Sommige van die belangrike gaste is in die kompanjie se gastehuis in die Tuine gehuisves terwyl ander verkies het om by burgers tuis te gaan. So was lord Clive die gas van Petrus Johannes de Wit, 'n vooraanstaande Kapenaar. Op die wyse het die hoë besoekers seker ook ander prominente ingesetenes soos Jan Cruywagen ontmoet. Die stadjie het in die tyd van Tulbagh al 'n aansienlike bevolking gehad en vreemdelinge het die Kaap al by die naam Kaapstad begin ken.[62] Volgens 'n opgawe van die kollege van burgerrade het die Kaap reeds 534 huise gehad.

---

[61] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 73.

[62] J.J.F. Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, (ongep. MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1942), p. 45.

Die Goewerneur was lief vir boeke en in sy eie versameling was heelwat Franse werke en 'n goeie versameling regsboeke. Hy kan as 'n intellektueel getipeer word en het byvoorbeeld sy korrespondensie met buitelandse geleerdes in Latyn en Frans gevoer.[63]

Wat sy liefde vir boeke betref, het die goewerneur 'n geesgenoot aan die Kaap gehad, Joachim Nikolaus von Dessin, 'n Duitse adellike wat in kompanjiesdiens gevorder het tot sekretaris van die weeskamer. Op 2 Julie 1761 het hy met 'n *swacke hand* sy testament, waarin hy aan die Kerk in Kaapstad sy hele biblioteek, manuskripte, matematiese en astrologiese instrumente en skilderye bemaak het, onderteken. Die boekversameling moes strek *tot een grondslag van een publique Biblioteek te nutte van 't algemeen.*[64]

Hy het ook 'n kapitaalbedrag van 1 000 riksdaalders aan die Kerk nagelaat met die opdrag dat die rente daarop gebruik moes word om werke in alle vertakkinge van die wetenskap by te koop. Hierdie bedrag geld is vandag nog in die besit van die Groote Kerk in, Kaapstad, en die rente word jaarliks aan die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek uitbetaal.[65]

Admiraal Stavorinus, die Nederlandse besoeker, het in een van die drie volumes wat hy geskrywe het melding gemaak van die *Bibliotheke Publica* wat naby die kerk ingerig was.[66] Die leraar en later die koster het die pligte van bibliotekaris op hulle geneem maar was nie juis besig nie omdat die biblioteek nie veel gebruik is nie. Daar is min van die Dessiaanse versameling verneem totdat dit in September 1820 na die Suid-Afrikaanse openbare biblioteek oorgeplaas is en vandag nog steeds daar bewaar word. Die versameling bestaan uit sowat 4 500 dele waarvan ongeveer 500 tussen

---

[63] G.C. de Wet, "Rijk Tulbagh", W.J. de Kock & D.W. Kruger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* deel 2, pp. 775, 776.

[64] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/15, Meester van die Hooggeregshof, nr. 29.

[65] W. Tyrrell- Glynn, "Joachim Nikolaus von Dessin", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, pp. 889, 890.

[66] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East-Indies*, vol. 1, p. 552.

Von Dessin se dood en 1820 aangekoop is. Die boeke, hoofsaaklik in Nederlands, Frans en Duits handel oor elke denkbare kennisveld van daardie dae en bevat uiters skaars en waardevolle volumes. Die verdere waarde en betekenis van die versameling lê

> *in sy geskiedkundige assosiasie opgesluit, en ook in die feit dat dit 'n deursnee van al die aspekte van die Kaapse kultuur tydens die eerste eeu van die blanke nedersetting bied soos 'n mens nêrens elders in Suid-Afrika verteenwoordig vind nie.*[67]

Die feit dat Von Dessin baie boeke as geskenke en ander uit bestorwe boedels gekry het,[68] is 'n aanduiding dat die Kaapse samelewing nie geheel boekarm was nie. Daar is reeds op gewys dat baie van die Duitsers wat vroeër in kompanjiesdiens getree het persone was wat 'n goeie akademies begronding gehad het. Dit word bevestig deur Karel Schoeman in sy *'n Duitser aan die Kaap* waarin hy verskeie name noem van kompanjiesdienaars wat hulle op wetenskaplike gebied onderskei het.[69] 'n Persoon wat ook in dié kategorie geval het en 'n goeie vriend van Von Dessin was Tobias Christian Rönnekamp (1739-1793), 'n VOC-amptenaar, leier van die Lutherse gemeenskap en boekeversamelaar. In sy boedelstukke is die titels van 400 boeke aangeteken, boeke oor die regte, godsdiens, reisbeskrywings, aardrykskunde, letterkunde en seevaart in Hollands, Latyn, Frans en Engels. Van dié versameling is niks verder bekend nie.[70]

Die lang afstand na die vaderland en die lang tydsverloop tussen die aankoms van skepe vanuit patria, was 'n groot belemmering vir goeie kommunikasie en die uitruil van kennis, 'n afgesonderdheid wat nadelig was vir meer geleerde Kapenaars op vele terreine. Tog het beskawingswaardes nie dermate agteruitgegaan dat die Kaapse samelewing in onbeskaafdheid, ongeletterdheid en verwildering teruggeval het nie. Die teenwoordigheid van persone van die gehalte van Von Dessin en van sy

---

[67] W. Tyrrell- Glynn, "Joachim Nikolaus von Dessin", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 890.

[68] W. Tyrrell- Glynn, "Joachim Nikolaus von Dessin", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 890.

[69] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765*, tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 50.

[70] R.F.M. Immelman, "Tobias Christian Rönnekamp", D.W. Kruger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 3, pp. 619, 620.

geesgenote en van intellektueel begaafdes soos goewerneur Tulbagh het 'n verrykende invloed op Kaapse inwoners gehad.

Hierdie positiewe omstandigheid het egter ook 'n teenkant gehad. Besoekers aan die Kaap het ook gevind dat 'n baie groot deel van die inwoners onkundig was en omtrent net kennis gedra het van dit wat hulle daagliks ervaar het. Stavorinus, die seeman-besoeker, het van hulle gesê:

> [T]*hey can form no ideas, abstract speculations are unknown to them; and they do not possess any inclination to exercise their understanding by reading, or to become acquainted with the manners and customs of other civilized people, and to reform their own.*[71]

Hy het eintlik van die dorpsmense gepraat en gesê dat hulle hele ingesteldheid gewyt moes word aan 'n traagheid wat grens aan luiheid. Daarin het hulle na die Oosterlinge geaard wat eintlik nie te wagte was by mense wat in 'n gematigde klimaat gelewe het nie. Vir Stavorinus was dit met die vroue egter ander gesteld. Hy het hulle aangename ingesteldheid en lewenslustigheid aan hulle opvoeding toegeskrywe. Moeders het groot sorg geneem met die opvoeding en afronding van hulle dogters, om in voorkoms en houding aanvaarbaar te wees. Musiek, dans, sang en wat ookal verder kon bydra om die pragtige jong Kaapse dames nog meer elegant te laat voorkom en hulle aantreklikheid te verhoog, is hulle nie ontsê nie.[72]

Hierdie pogings het vrugte afgewerp en sommige vriendskappe ook met verbyvarende seemanne het gelei tot huweliksverbintenisse. Ongelukkig, het Stavorinus bygevoeg, het baie van hierdie mooi en lieftallige dames na hulle huwelike en na kinders gebore is, baie van hulle sjarme en netheid prysgegee en verval in ongeërgde slordigheid.[73]

Anders as met die moeders het die vaders nie veel moeite gedoen om hulle seuns te onderrig nie; wat kinders in die skool geleer het is as voldoende beskou om hulle deur die lewe te dra. Daarom dat meganiese kennis en die skone kunste hier geen vooruitgang getoon het nie, het Stavorinus verder geskrywe. Die bevolkingsgetalle het gegroei maar nie met baie bruikbare mense nie. Die kinders het jonk getrou, kinders

---

[71] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East Indies*, vol. 3, p. 437.

[72] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East Indies*, vol. 3, p. 438.

[73] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East Indies*, vol. 3, pp. 438, 439.

gehad *and resort*[ed] *to the family, as most others, namely the keeping of a lodging and boardinghouse for strangers....*[74]

Dat seuns se onderrig aandag nodig gehad het, word onderstreep deur goewerneur Jan Willem Janssens pas na die Kaap in 1803 deur die Bataafse Republiek oorgeneem is. Hy het verwys na 'n *Fransche Jufferschool* wat aan die Kaap bestaan het en bygevoeg, *Soortgelijke instituten zijn hier buiten mate kostbaar en instructie voor de jongeling van het mannelijk geslacht, is dringender als voor meisjes noodzaaklijk.*[75]

Stavorinus het dit weereens beklemtoon dat die plattelanders en boere verskil het van die dorpenaars. Die kinders van die eersgenoemde groep het die beroep van hulle ouers aangeleer en oop en onbewerkte grond waarop hulle gaan vestig het, het spoedig die vrugte van hulle arbeid opgelewer. Ook in hulle persoonlike verhoudings word aangevoel dat die geniale hartlikheid uit die hart gespruit het en nie gekoppel kon word aan selfsugtige motiewe nie.

> *Their words may be confided in; to break their word, or to act deceitfully, with any one, is unknown among them, at least amongst by far the greatest portion of these happy rustics.*[76]

Daar kan geredeneer word dat Stavorinus se waarnemings mank gaan aan 'n indringende kennis van die Kaapse stadsbewoners en plattelandse mense omdat sy besoeke so kort was, of skeefgetrek is deur persoonlike voorkeure en vooroordele. Nogtans moet aanvaar word dat elemente van die karaktertrekke en ingesteldhede waarna hy verwys het deel was van die persoonlikheid-samestelling van mense met wie hy in aanraking gekom het.

Soos vroeër reeds aangeteken, was die ekonomie van die Kaapse gewes afhanklik van skeepsbesoeke en dat veral tydens oorloë in Europa verhoogde skeepsverkeer periodes van voorspoed vir die Kaap beteken het. In 1748 was daar so 'n tydelike opflikkering toe 'n vloot van 26 Engelse skepe 'n tydlank aan die Kaap vertoef het.

---

[74] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East Indies*, vol. 3, pp. 439, 440.

[75] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806*, p. 162.

[76] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East Indies*, vol. 3, pp. 441, 442.

Die boere het vir 'n wyle die voordeel van 'n goeie en verhoogde aanvraag geniet.[77] Nie lank na hierdie opflikkering nie het ekonomiese aktiwiteit weer só afgeplat dat bestaansnood by burgers ingetree het. Met Ryk Tulbagh se bewindsoorname het daar juis 'n depressie aan die Kaap geheers. Veral die wynplase het swaar gekry. Teen 1755 is baie minder as die 500 lêers van vroeër jare na Batavia uitgevoer. Een van die redes hiervoor was die swak gehalte van die Kaapse wyn wat 'n krimpende mark in die Ooste beleef het. Die besoeke van vreemde skepe het afgeneem en oorproduksie het gestyg en *in 1757 en 1758 was bankrotskappe onder die wynplase aan die orde van die dag.*[78] Daar is niks opgespoor wat daarop dui dat Jan Cruywagen ook onder die slagoffers getel het nie. Dat hy wel saam met 'n aantal ander prominente inwoners erg bekommerd was oor die ekonomiese stelsel, of *constitusie* soos die verontrustes dit gestel het, kry later aandag. Dit is vreemd dat onder toestande van geringe konsumpsie deur die klein Kaapse bevolking en dalende uitvoere die Kaapse owerhede dit goed gedink het om 'n nuwe belasting in te stel, die sogenaamde vyftigste penning.[79] Hierdie belasting is ook genoem die "liberale gifte" en was 'n belasting op besittings wat omtrent alles ingesluit het behalwe *wat tot de huishouding en handteering van ambagten noodsaakelijk is*, d.w.s. klere, porselein, asook koper, tin, yster, ensovoorts. Die toepassing van die wet het probleme opgelewer en het mettertyd 'n dooie letter geword.[80]

Die ekonomiese wiel het gelukkig weer ten goede vir die Kaap gedraai met die uitbreek van die Sewejarige Oorlog in 1756. Engeland en Frankryk het mekaar die stryd aangesê vir oppermag in die Ooste en die beheer van handel met Indië. Baie van die vegtende partye se skepe het die Kaap aangedoen en weer was daar tot met vrede in 1763, 'n welkome afsetgebied met hoë pryse vir Kaapse produkte.[81]

---

[77] G.C.W. Schumann, "Die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner," C.M. van den Heever & P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* deel 1, p. 431.

[78] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p.186.

[79] G.C. de Wet, "Rijk Tulbagh", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 775.

[80] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 202.

[81] E. Walker, *History of South Africa*, p.92. & G.C. de Wet, "Rijk Tulbach", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 775.

Vrede het natuurlik niks goeds vir die Kaap voorspel nie en stadigaan was daar weer 'n terugval in ekonomiese onaktiwiteit en teen 1771, pas na Tulbagh se dood het daar weer 'n ernstige handelslapte aan die Kaap geheers.

Tulbagh het as kompanjiesamptenaar hard gewerk; daarvan getuig die vordering wat hy gemaak het tot goewerneur van die Kaapse vestiging. As goewerneur het hierdie werkywer nie afgeneem nie en 'n veelheid van sake het aandag gekry. Die bestuur en beheer van die steeds groter wordende getal slawe en toenemende wangedrag onder dié bevolkingsdeel het dit noodsaaklik gemaak dat bestaande wette gehandhaaf moes word en waar nodig aangepas moes word. Die opeenhoping van wette gedurende die byna honderd jaar van slawerny aan die Kaap het verwarring veroorsaak en Tulbagh het die bestaande wette in een plakkaat saamgevoeg.[82] Hierdie kodifikasie van die slawewette is in September 1754 bekendgestel.

Slawe-aangeleenthede

Aangeleenthede wat die gewone burgery geraak het en met die kodifikasie van die slawewette aandag gekry het, is onder andere die volgende: Omdat wangedrag en brutaliteit toegeneem het, is slawe-eienaars buitengewoon goed beskerm. Die doodstraf was van toepassing gemaak waar slawe die hand teen eienaars opgetel het. Uittartende en onrespekvolle gedrag kon tot geseling gelei het en ook dat oortreders in boeie geslaan is. Slawe was lief om te dobbel en dié praktyk het tot vegterye en rumoerige byeenkomste aanleiding gegee. Om dit te voorkom, is slawe verbied om in groepe van drie, vier of meer in die strate of elders bymekaar te kom. Indien groter groepies saamgedrom het, is geregsdienaars toegelaat om die rottang in te lê om die "oortreders" uit mekaar te jaag.[83]

---

[82] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 74, 75.

[83] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 75.

Slawe is ook verbied om saans na tienuur sonder 'n brandende lig in die strate rond te loop. Geen slaaf mag 'n wapen gedra het nie en die wat te perd, waens en rytuie deur die strate gejaag het, sou gestraf word. Om lawaai te voorkom, is slawe verbied om met swepe te klap, om saans deur die strate te loop en sing of mekaar met luidrugtige gefluit of geskree uit hulle woonplekke te lok. Om die verwisseling van gesteelde goedere te bekamp, is slawe slegs toegelaat om eetware van huis tot huis te verkoop.

By die begrafnisse van 'n blanke is geen slawe binne die ringmuur van die kerkhof toegelaat nie. Wanneer 'n slaaf begrawe is, is die aanwesige slawe tot ses, agt of uiters tien beperk. Die aantal mede slawe by 'n begrafnis het afgehang van die rang van die lyfheer.[84]

Die vrystelling van slawe deur hul eienaars het dikwels voorgekom; soos vroeër aangedui is. Indien sulke vrygesteldes hulle egter aan skandalige gedrag en ongeoorloofde optrede skuldig gemaak het, kon hulle weer tot slawe gemaak word en dit het ook by geleenthede gebeur.[85] Dié optrede was nie beperk tot slawe nie want dit het ook gebeur dat vrygestelde kompanjiesamptenare die voorregte van vrylating verbeur het deur hulle optrede en weer in kompanjiesdiens teruggeplaas is. Dit is ook bekend dat vrygestelde slawe nieteenstaande die borgstellings om verarming te voorkom, weer aansoek gedoen het om onder die juk van slawerny opgeneem te word omdat hulle nie as vrymense 'n gangbare leeftog gehad het nie.[86]

Slawe, hoewel hulle hulself in alle opsigte in 'n onbenydenswaardige posisie bevind het, se lewe was nie sonder vooruitsig en hoop nie. Die goedgesindheid wat eienaars teenoor hulle slawe betoon het, word geïllustreer deur die testamente van burgers. Menigeen van hulle was maar te bewus van die probleme wat vir die afhanklike en hulpbehoewende onvry mense gewag het ná die dood van hulle eienaars.

---

[84] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 75.

[85] V. de Kock, *Those in bondage. An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company*, p. 202.

[86] V. de Kock, *Those in bondage*... pp. 202, 203.

Herhaaldelik word bewyse raakgeloop wat daarop dui dat goeie base genoegsame testamentêre voorsiening gemaak het vir hulle slawe.[87]

Vryswartes, dit wil sê vrygestelde slawe, het ook heel dikwels van hulle slawe vrygestel. Jan en sy broer Gerhardus en van hulle kinders was ook slawe-eienaars en moes soos alle ingesetenes deur goeie toesighouding en simpatieke voorligting toesien dat slawe nie wetverbrekers was nie. Indien dit nodig was om 'n slaaf te tugtig, was die weg om te volg om die slaaf aan die regsplegende gesag te oorhandig. Owerheid-assistente sou die taak onder toesig verrig. Om die gesagdraers tyd en moeite te spaar, was die kompanjie van oordeel dat aan eienaars genoeg ruimte gelaat moes word om self straf toe te pas. Die opdrag was dat sodanige straf van "huishoudelike aard" moes wees, bedoelende dat dit nie swaarder moes wees as wat die hoof van 'n huishouding aan sy kinders sou toedeel nie. Niemand was toegelaat om 'n slaaf in kettings te slaan of te martel nie. Die regulasies was eintlik 'n weerspieëling van die houding van die breër gemeenskap dat strawwe nie oormatig moes wees nie. Die groot vrees was dat slawe wat te erg moes ly onder hardvogtige eienaars in opstand kon kom; en dit moes ten alle koste verhoed word.[88]

Die wet was daar nie net om slawe te straf nie maar ook om hulle te beskerm. Die oorwegende belang van die Romeins-Hollandse reg in die Kaapse samelewing van die agtiende eeu

> *was its apparent universality, that is, it was made applicable to all. The slave in Roman law was not only property or Res (object of rights), but also persona, by which the Roman lawyers meant human being.*[89]

Daar was nie wetlike gelykheid tussen slawe en hulle here nie, maar slawe kon hulle eienaars aangekla en getuienis in 'n hof afgelê het.

Dat die verhouding tussen Jan Cruywagen en sy slawe redelik goed was, spreek uit die feit dat daar geen getuienis gevind is dat hy in dispute of regsgedinge oor slawe

---

[87] V. de Kock, *Those in bondage...*, p. 203.

[88] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47.

[89] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47.

betrokke was nie. Daar is wel getuienis dat Cruywagens slawe vrygelaat het en sodanige gevalle sal individueel behandel word.

Een van die wesenskenmerke van die Wes-Kaapse samelewing was die opmerklike verbreidheid van slawe-besit. [90] Klein slawe-eienaars was verreweg in die meerderheid. Teen die middel van die agtiende eeu het 57 persent net een slaaf gehad. 'n Verdere 22 persent het ses tot tien slawe gehad en minder as vyf persent was die eienaars van meer as 26 slawe.

> *Slaves were part of almost every facet of burghers' lives. They looked after the burghers' children, prepared the meals, bought food for the household at the market and often accompanied their owners when they rode out.*[91]

Hoewel slawe nou met die ekonomie geïntegreer was en onontbeerlik was vir feitlik elke huishouding was hulle ook verantwoordelik vir 'n gevoel van ongerustheid en selfs vrees. Melding is reeds gemaak van die onrus wat wettelose loslopers vir Kaapse inwoners veroorsaak het. Daarmee saam was daar 'n alomteenwoordige vreespsigose vir 'n slawe opstand. Nieteenstaande bestaande maatreëls om so 'n moontlikheid te voorkom, het burgers ander uitweë gesoek om hulle veiligheid te verseker.[92] Hulle het ondermeer versoek om toegelaat te word om weg te bly van wapenskoue en –oefeninge want in hulle afwesigheid was plase en gesinne maklike teikens vir wettelose slawe. Anders Sparrman, die Sweedse geneesheer en natuurvorser, wat die Kaap die eerste keer in 1772 besoek het en in 1775 – 1776 'n reis na die suidoostelike binneland onderneem het, het aangeteken dat slawe hulle eienaars baie ongemaklik laat voel het oor hulle veiligheid. Hy skrywe onder andere dat omtrent almal in die land hulle verplig gevoel het om snags agter slot en grendel te slaap en 'n gelaaide vuurwapen byderhand te hê.[93]

Waar in sekere kringe die vrees vir 'n algemene slaweopstand nie so sterk was nie, was eienaars steeds daarop bedag dat hulle eie slawe hulle kon vermoor of hulle huise

---

[90] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 45.

[91] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 46.

[92] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47.

[93] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 48.

aan die brand sou steek. In verband met die vreeskompleks maak Giliomee die volgende betekenisvolle opmerking:

> *The insecurity springing from life on isolated farms produced phobias that were to mark white society in the centuries to come.*

In dispute oor die behandeling van slawe het wette dikwels nie die deurslag gegee nie maar die reputasie van slawe-eienaars.

> *The views of the gentry were vital in determining the reputations of masters in establishing the sanctions. There are also indications that the gentry often brought such cases to court. To an important extent this was a form of class rule.*[94]

Die "gentry" of groot landhere en kapitaliste kon natuurlik in ongestadigde toestande wat deur slaweonrus meegebring kon word, die meeste skade gely het. Dit is daarom te verstane dat hulle voorstanders was van 'n meer humane ingesteldheid teenoor slawe. As betekenisvolle deel van die "openbare mening" sou hulle woord in hofgedinge swaar geweeg het wanneer kleiner slawebesitters en opsieners, veral die wat 'n swak reputasie gehad het, buite die aanvaarbare perke van straf opgetree het.

Jan Cruywagen was met sy uitgebreide boerderybelange en groot slawebesit 'n lid van die "gentry" en het seker, algemeen gesproke, die sienswyses gedeel wat in daardie kringe gangbaar was. Hulle oordeel en standpunte het soveel gewig gedra dat daar met goeie reg van 'n "klasbestuur" sprake was.[95] Die stem van hierdie invloedryke groep is ook op ander terreine gehoor soos later sal blyk.

Prag-en-Praalwette

'n Aangeleentheid wat gewoonlik aan Tulbagh verbind word, die prag-en-praalwette, het baie min met hom te doen gehad, behalwe dat dit tydens sy bewind uitgevaardig is. Hierdie bepalings het hul oorsprong in die Ooste gehad en was uitgevaardig om die uitspattighede van amptenare aldaar in toom te hou. Goewerneur-generaal Jacob Mossel het 'n afskrif van die 124 bepalinge wat vir die Oosterse besittings gegeld het

---

[94] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47.

[95] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47.

na die Kaap gestuur met die opdrag om dit so te wysig dat dit op plaaslike omstandighede van toepassing sou wees. Goewerneur Tulbagh wat hard gewerk het om die tweede pokke-epidemie, dié van 1755, te bestry, het drie van sy raadslede opdrag gegee om die wette te verwerk om by Kaapse omstandighede aan te pas.[96]

Hoewel baie van die bepalings wat die keusevryheid van individue aan bande gelê het hedendaags vreemd mag voorkom, was owerheidsvoorskrifte volop en destyds meer geredelik aanvaar. Die raadslede wat die Prag-en-praalwette vir toepassing aan die Kaap moes hersien, het plaaslike omstandighede goed in ag geneem en met redelik prakties aanvaarbare voorstelle voor die dag gekom. So byvoorbeeld was die afskaffing van rytuie vir mindere amptenare nie aan die Kaap van toepassing gemaak nie. Weens die ongestadigde Kaapse weer is alle raadslede toegelaat om rytuie en perde te besit. Slegs die goewerneur kon egter 'n koets met wapenskilde versier en met goue verf beklee, gebruik. Dit was ook net die goewerneur en raadslede wat hulle koetsiers in livrei, d.w.s. formele, dikwels rykversierde drag, mag geklee het. Die aantal perde wat voor die koetse en rytuie ingespan moes word, is egter nie beperk soos in Batavia nie. Die kommissie was van oordeel was dat die slegte paaie en lang afstande vier tot ses en meer perde noodsaaklik gemaak het en dat dit nie as luukse beskou moes word nie.[97]

Wat kleredrag betref, is slegs 'n paar van die Bataafse bepalings op Kaapse mans van toepassing gemaak. Amptenare wat 'n rang benede die van onderkoopman beklee het en nooit in 'n bestuursliggaam aan die Kaap gedien het nie, asook hulle vroue, is nie toegelaat om 'n sonsambreel te gebruik nie. Die gebruik van 'n sonsambreel of *kiepersol* was klaarblyklik 'n statussimbool. Terwyl mans lig afgekom het met die Bataafse wette, is daar wat kleredrag betref, 'n paar vir vroue en dogters toegevoeg.

Mans onder die rang van onderkoopman se vrouens en dogters was nie toegelaat om skouermantels van fluweel of wat met sy geborduur was te dra nie. Die nuwe mode

---

[96] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 75.

[97] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 75, 76

van rokke wat op die grond gesleep het, is totaal verbied en niemand aan die Kaap kon met so 'n rok geklee gegaan het nie.[98]

Van slawe was verwag om stemmige klere te dra maar die regulasies van Batavia is weens verskille in klimaat nie op Kaapse slawe van toepassing gemaak nie. Die prag-en-praalvertoon by begrafnisse is ook aan bande gelê.

Daar is reeds vroeër gewys op die rang- en statusbewustheid (in menige opsig beheptheid) in die Kaapse samelewing en dat dit sterk by vroue van die Kaapse Vlek teenwoordig was. Kerkrade het selfs reglemente opgestel vir die korrekte plasing van stoele in die kerk waar vroue en mans apart gesit het. Lagwekkende voorbeelde van die optrede van verontregde *Juffrouwen*, soos getroude vroue in daardie jare genoem is, wie se stoele verkeerd geplaas is, staan aangeteken.[99] By onthale en ander sosiale geleenthede was dit nie anders nie.

Hierdie ingesteldheid is vanselfsprekend ook in vroue se kleredrag weerspieël. Daar kom interessante beskrywings van individuele vroue en die kleredrag van hulle tyd voor in onder andere Celestine Pretorius se *Al laggende en pratende*. Skilderye van vroue uit verskillende periodes weerspieël ook heelwat oor die heersende kleredrag. Die vroue oor wie geskrywe is, of van wie afbeeldings bestaan, was gewoonlik die vroue en dogters van prominente burgers en hoër amptenare. Daar kan gevolglik aanvaar word dat *Juffrouwen* van die Cruywagen-gesinne wie se mans in die hoër kader van die Kaapse samelewing geval het, volgens die heersende maatstawwe heel modieus geklee was. Waar daar diegene was wat sober was met hulle kleredrag, mag daar ander gewees het wat modegewys die toon aangegee het. As deursnee verteenwoordigers van hulle sosiale groep is hulle seker ook tot meerdere of mindere mate geraak deur die bepalings van die Prag-en-praalwette – die soberes ongeaffekteerd, die modebewustes erg gekrenk omdat hulle uitspattighede redelik aan bande gelê is.

---

[98] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 76.

[99] C. Pretorius, *Al laggende en pratende: Kaapse vroue in die sewentiende en agtiende eeu*, pp. 57, 58.

Die kompanjie het nie net ten opsigte van ekonomiese sake voorgeskryf nie, maar ook op maatskaplike gebied is sake in fyn besonderhede bestuur en beheer. Die samelewing is aan bande gelê en geykte rangsverskille is gehandhaaf.

'n Verdere voorbeeld van owerheidsingryping in die lewe van ingesetenes op alle terreine het in 1765 voorgekom toe die Politieke Raad opgetree het om Sondag-ontheiliging teen te werk. Op Sondae is gebou, gemessel en getimmer *selfs op den tyd dat des Heeren Heyligen Avondmaal word gehouden.*[100] Wat ook gesteur het, was die gebruik om eet- en koopware op Sondae te verkoop terwyl die kerkdiens aan die gang was. Dit alles sowel as enige werk in die openbaar en buitenshuis op Sondae, is verbied. Selfs predikante het voorskrifte in verband met hulle preke gehad.

> *In preke moet hulle net die sonde in die algemeen bestraf, sonder enige verwysing na 'n persoon, omstandigheid of amp; want indien almal van die regeerder se foute weet, sal dit tot wanorde lei en minagting van die godsdiens self.*[101]

'n Geleidelike wegbeweeg van die geordende en gereguleerde leefwyse en gedragspatrone deur van die Kaapse inwoners en die navolg van nuwerwetse idees en modes moet gewyt word aan die teenwoordigheid op bepaalde tye van soveel vreemdelinge, veral Franse en Engelse, in die Kaapse uithoek. Een van die navorsers oor die Tulbagh-era, Joubert, uit wie se werk reeds aangehaal is, verwys o.a. ook na die Franse invloed en sê:

> *Die eenvoudige huislikheid en die natuurlikheid het plek gemaak vir 'n onnatuurlike stywe seremonieel wat geheel en al vreemd was aan die Calvinistiese lewensopvatting van die Koloniste. Daarmee het gepaard gegaan die vernietiging van baie deugde wat voorheen hoog op prys gestel is. ... Die voorheen so sedige vrouens en meisies was nie meer te herken nie, en het aan ligvaardighede* [ligsinnigheid en oppervlakkigheid] *gewen wat hulle aan stille huislike deugde verloor het.*[102]

Alle skrywers oor hierdie maatskaplike veranderinge en aanpassings beklemtoon deurgaans: hoe verder van die Kaap hoe soberder die lewe.

---

[100] J.J.F. Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, p. 74.

[101] J.J.F. Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, p. 75.

[102] J.J.F. Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, p. 86.

Resolusie op resolusie en voorskrif op voorskrif van die goewerneur en die Politieke Raad, plakkate van die Hoë Regering van Batavia en bevele van die Here XVII gee enigermate 'n begrip van die breë beheernetwerk waaraan Kaapse inwoners onderworpe was. Hierdie oorvloed van regulering het min verligting gebring vir burgers wat met ernstige bestaansprobleme geworstel het en het vir min van hulle hoopvolle vooruitsigte ingehou. Baie van die regulasies, ook bepalinge van die prag-en-praal-wette, het daartoe bygedra dat klasse- en rasseverskille aan die Kaap duideliker en prominenter as ooit tevore op die voorgrond geplaas is. Spanning was aan die opbou en ernstige vrae oor bestaans-, regterlike en konstitusionele aangeleenthede het vermenigvuldig.

Jan Cruywagen en van sy familielede was, soos die ander ingesetenes, deur dieselfde knellende beperkings geraak en verontrief. As welgestelde en notabele burger het sy ekonomiese posisie en sosiale aansien en status vir hom bepaalde voordele meegebring en hom groter beweegruimte gegee as wat menige minderbevoorregte burger geniet het.

Weer pokke

Die skiereilandse bevolking is in Mei 1755 weer erg in beroering gebring deur die uitbreek van 'n kwaai pokke-epidemie. Die pokkeuitbraak is veroorsaak deur besmette wasgoed van 'n skip van Ceylon wat aan die Kaap gewas is.[103] Die Kaapse owerhede was blykbaar beter voorbereid om dit te hanteer as met die 1713-uitbraak. Sterker klem is geplaas op voorkomingsmaatreëls en afsondering as op genesing omdat daar gedurende die 18e (en selfs die 19e eeu) geen geneesmiddel vir pokke was nie, ook nie in Europa nie. Die gewone burger en sy gesin was in die geval van siekte nie die verantwoordelikheid van die kompanjie nie en hulle het geen hulp ontvang nie. Die diakonie se optrede het tot die onversorgdes se redding gekom. 'n Onbewoonde plaas, Vreedenhof, die eiendom van Jan de Waal, is bekom, die woonhuis omskep in 'n hospitaal en 'n klompie assistente is aangewys om na siekes om te sien. Die getal siekes het so toegeneem dat ook 'n skuur as hospitaal ingerig is. Die huis en skuur op

[103] J.J.F. Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, p. 125.

Vreedenburg moet beskou word as die eerste burgerlike hospitaal wat in die Nederlandse tyd in Suid-Afrika tot stand gekom het.[104]

'n Totaal van 2 072 persone, van wie 963 burgers, 870 burgerslawe en vryswartes en 239 kompanjieslawe was, het binne 'n periode van ses maande na die aanvang van die epidemie gesterf.[105] Die sterfte-opgawes verskil want in 'n ander bron word beweer dat in 1755 die Kompanjie en die burgers, in die maand Julie alleen, 580 slawe verloor het, terwyl van Mei tot Oktober in Kaapstad alleen 239 van die Kompanjie en 870 van die burgers se slawe gesterf het.[106] Al sou die getalle verskil, is dit nogtans duidelik dat die epidemie 'n hoë tol aan burgers en slawe geëis het. Die Kaapse bevolkingsgetalle het, sonder dat dit deur immigrasie aangevul is, veral as gevolg van 'n hoë geboortesyfer goed aangewas. Ongelukkig het die pokke-epidemie op die getallewins ingevreet. In een jaar het die getal blankes van 6 110 tot 5 123 gedaal – 'n verlies van 987 persone.[107]

Die Cruywagens, Jan en sy naaste aanverwantes, was weer gelukkig soos met die epidemie van 1713 dat daar nie sterftes onder hulle voorgekom het nie. Dat hulle wel ook slawe verloor het, moet aanvaar word.

Toe die epidemie teen Maart 1756 uitgewoed was en geen verdere sterftes voorgekom het nie, is 'n dag van verootmoediging en gebed uitgeskrywe.[108] Dankbare inwoners het seker vryelik hieraan meegedoen.

In Mei 1767 het die derde groot pokke-epidemie toegeslaan. Hierdie keer is die gevreesde siekte na die Kaap gebring deur 'n Deense skip, *De Kroonprins van*

---

[104] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 29, 30 & p. 33.

[105] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 26.

[106] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 67.

[107] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 76.

[108] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 76.

Deenenmarken. Soos voorheen is pok-besmette wasgoed aan land gebring.[109] Die meeste van die plakkate en voorskrifte wat met die 1755-uitbraak van krag was, is weer afgekondig en die strawwe vasgestel vir diegene wat oortree het. Volgens die goewerneur se joernaal het 280 burgers, 373 slawe in privaatbesit en 67 kompanjieslawe pas na die aanvang van die epidemie gesterf.[110]

Die diakonie van die Gereformeerde kerk het weer 'n belangrike rol gespeel nadat die goewerneur by hulle aangedring het om hulp. Hulle het soos voorheen 'n huis as hospitaal ingerig en vrywilligers en ses slawe het na die siekes omgesien en die dooies begrawe. Persone wat voorheen die siekte opgedoen en herstel het, was gelukkig immuun teen verdere besmetting en kon sonder vrees oral help. Die kompanjie het hierdie keer meer bystand verleen aan die vrywillige hulpgroep met skenkings van beddens, komberse en lakens. Die helfte van die boetes wat van oortreders van die plakkate verkry is, is ook aan die diakonie geskenk. Hierdie geld is gebruik as vergoeding aan geneeshere, hulle assistente en grafgrawers. Teen die einde van 1769 het geen nuwe gevalle voorgekom nie en die goewerneur het so aan die Here XVII berig.[111] Die onderskeie epidemies het geweldig ontwrigtend op die lewe van veral die dorpsbewoners ingewerk. Dié mense was baie afhanklik van produkte wat vanaf die plase aangevoer is. Die boere was egter teësinnig om dit dorp toe te waag weens vrees om pokke op te doen. Eers was vrugte en groente skaars en later ook graan en vleis. Die toestand het natuurlik die armes en nooddruftiges die ergste getref. Dat in 1767 slegs 523 mense oorlede is, is eintlik merkwaardig.[112]

Die pokke-epidemies wat van elders "ingevoer" is, het die Kaapse owerhede permanent op hulle hoede gestel en alles is gedoen om verdere uitbrake te voorkom. So byvoorbeeld is die skip, *Avenhorn*, in Februarie 1788 nie toegelaat om Tafelbaai binne te vaar en vas te meer nie omdat daar vermoedelik gevalle met *de kindersiekte*

---

[109] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 36.

[110] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 36.

[111] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 37.

[112] R.S. Viljoen, "Disease and society ...", *Kleio...*, no 27, p. 37, 38 & p. 40; A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 67.

aan boord was. Vreemd dat dit genoem is "kinder-siekte" want dit het geen verband met waterpokkies nie. Die eerste opper-chirurgyn-majoor van die burgerlike militêre eenhede en burger-chirurgyn het opdrag gekry om met mekaar te skakel. Hulle moes noukeurig nagaan en oorweeg *welke middelen en precauties soude kunnen werden genomen en in het werk gesteld* om die skip te laat vasmeer maar sonder gevaar dat *in deze Colonie de besmetting der gemelde voor haar zoo gevaarlike ziekte zouden kunnen ontstaan.*[113]

Slawe wat op die skip was moes op Robbeneiland afgelaai word om te sien of hulle mettertyd tekens van die siekte sou toon. Klere wat moontlik besmet was, moes oorboord gegooi word en die ander op die eiland gewas word. Die *Avenhorn* is na al die voorsorgmaatreëls gedurende Maart 1788 weer in Tafelbaai toegelaat.[114] Geen getuienis is gevind dat die besoek van die skip enige siektetoestand of besmetting tot gevolg gehad het nie. Dit was 'n genadige uitkoms vir die Kaapse gemeenskap. Vir die *Avenhorn* self was die uiteinde minder gunstig want in kil woorde is daar later sprake van die *alhier verongelukte schip Avenhorn.*[115] Nog 'n verlies vir die VOC en nog 'n skip om te voeg by die lang lys van seevaartuie wat deur dieselfde lot getref is!

In die Kaapse Vlek was die lewensomstandighede wat algemene sindelikheid betref, nie altyd so aangenaam nie. Dit was geen ongewone gesig om te sien hoe vullis in die strate en tussen huise uitgegooi word en ophoop nie. Die gebruik het later ontstaan dat twee keer per jaar 'n inspeksie deur die fiskaal en burgerraad gehou sou word waarvan die inwoners veertien dae voor die tyd kennis gekry het. Ten spyte van boetes wat opgelê is, was dit moeilik om sanitêre toestande te verbeter. Slawe wat verantwoordelik was om nagvuil te verwyder, het dikwels nie geskroom om houers op oop terreine en in kanale leeg te maak nie in plaas daarvan om die afval in die see te gaan gooi.[116]

---

[113] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 129.

[114] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, pp. 155, 156.

[115] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 353.

[116] C.G. Botha, *Social life at the Cape in the 18th century*, p. 22.

Aan die Kaap was daar min geriewe vir vermaak en ontspanning. Die eerste teatergebou het eers in 1800 tot stand gekom en perdewedrenne ook met die Engelse bwind. Tuis was daar wel vele binnenshuise vermake: kaartspeel, omberspel ('n kaartspel sonder ags, neges en tiens in die pak en in die 18e eeu baie gewild in Europa), biljart, dambord, bakspel (met dobbelstene en skyfies) en skaak. Die dames het die spinet en harp bespeel en die mans viool, fluit en ander blaasinstrumente. Die Kaapse mense het 'n passie gehad vir dans – wals, minuet en kwadril (kwadriel). Was daar jonges in 'n gegoede huis, was dans 'n gereelde tydverdryf. Die musiek by sodanige geleenthede is deur slawe verskaf.

> *The cook exchanged his saucepans for the flute, the groom left the curry-comb* [roskam] *and took up his violin and the gardener threw down his spade and sat down to his vioncello* [tjello].

Selfs by maaltye het slawe op 'n verhogie in die groot eetkamer gesit en die gaste se eetlus met musiek gestimuleer.[117] Dat van hierdie algemene gebruike in Cruywagen-huishouding nagevolg is, is nie te betwyfel nie.

Lees was in 'n land sonder 'n enkele boekwinkel nie 'n gewilde tydverdryf nie. Wat in die buitewêreld gebeur het, is miskien gelees in koerante wat 'n paar maande oud was maar is makliker verneem by seemanne van besoekende skepe.[118]

Wanneer dit eettyd was, het die meer bemiddelde Kapenaars, onder wie die Cruywagens getel het, by welvoorsiende tafels aangesit. Vrugte, groente en vleis was volop. Verskeie reisigers is getref deur die oorvloed. *In het algemeen zijn de tafels opgepropt met spijzen* was die algemene kommentaar en gegoede Kapenaars is as smulpape uitgemaak.[119] Die Hollandse koskultuur aan die Kaap was nie 'n egte Hollands erfenis nie. Daar was 'n aansienlike oorvleueling van die Nederlandse, Duitse en Vlaamse kulture en dit moet in die oorweging van die koskultuur van die Kaapse inwoners verreken word. Vroeëre aannames dat die slawe groot invloed op die Hollands/Kaapse koskultuur gehad het, was die resultaat van gebrekkige

---

[117] C.G. Botha, *Social life at the Cape in the 18th century*, p. 58.

[118] C.G. Botha, *Social life at the Cape in the 18th century*, pp. 58, 59.

[119] H.W. Claassens, Die geskiedenis van Boerekos (ongepubliseerde DPhil-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2003), pp. 128, 129.

navorsing, beweer Claassens; en verklaar verder: *Die persepsie dat die Oosterse slawe sowel die speserykookkuns as bekende geregte na die Kaap gebring het, het op geen gronde berus nie.*[120] Boerekosresepte se oorsprong moet in die Persies-Arabiese wêreld gesoek word wat via die Europese koskultuur na Suid-Afrika gekom het. Die slawe se bydrae tot Boerekos is tot naamgewing beperk.[121] Drinkgoed was tee, koffie, sjokolade, bier, wyn en brandewyn. Hoewel Suid-Afrikaners sogenaamde groot koffiedrinkers is, was tee in die vroeë Kaapse tyd byna net so gewild. Koffiehuise soos in Europa was daar nie maar daar was meer tavernes as wat vir die bevolking van die stadjie nodig was, dit was waar die gewone onder-middelklas-mense ledige uurtjies deurgebring het.[122]

Pruike is deur gegoede mans en vroue gedra maar 'n hoed was 'n baie opmerklike deel van 'n man se drag en soos in Nederland is die gewoonte gehandhaaf om 'n hoed binnenshuis op die kop te hou, selfs aan tafel. Mentzel het daarna verwys:

> *It is customary to take your wine and eat your meals with covered head. This practice has given rise to the saying 'do not touch your hat at meals lest you stain it' – a reference to the state of your fingers while sampling rich dishes.*[123]

Dit blyk dat vurk en lepel soms ongebruik gelaat is en die hand die gemaklikste stuk "eetgerei" was.

Vleis was op die gewone man se tafel die hoofdis. *Mutton forms the staple diet, excellent mutton*, het Mentzel geskrywe. Mense in hierdie kategorie het mekaar ook selde genooi vir etes, want waarom 'n gas nooi *to the same sort of fare as he has at his own table. He might as well eat his own mutton under his own roof.*[124] Bees- en varkvleis was bra van swak gehalte en pluimvee was skaars. Wild was naby die Kaap nie meer te kry nie en om wildvleis oor lang afstande in warm weer te vervoer, het die

---

[120] H.W. Claassens, Die geskiedenis van Boerekos ...., p. 459.

[121] H.W. Claassens, Die geskiedenis van Boerekos ...., p. 457.

[122] C.G. Botha, *Social life at the Cape in the 18th century*, pp. 56-58.

[123] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* ..., vol 2, p. 106 & K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., pp.64, 65.

[124] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* ..., vol 2, p. 101.

vleis gou onbruikbaar gemaak. Gerookte en gepekelde vleis uit Nederland is dikwels verkies bo die eentonige skaapvleis.

Goewerneur Tulbagh het aandag gegee aan maatreëls om die lewe van dorpsbewoners te veraangenaam. So was daar gebeurlikheidsplanne in die geval van die uitbreek van oorlog en brande. Ook straatverkeer en –verbetering het aandag gekry: Om verkeersongelukke, wat seker nie dikwels voorgekom het nie, te vermy, moes waens wat deur agt perde getrek is deur 'n slaaf gelei word. Paaie is verbeter en in 1771 het Tulbagh opdrag gegee om die strate wat dikwels in 'n swak toestand was, gelyk te maak en die herstelkoste op die huiseienaars te verhaal.[125]

Die burger- en ratelwagte se patrolering van die strate was doeltreffend. Alles in ag genome het dit die stadjie aan die voet van Tafelberg 'n aangename woonplek gemaak.

Ryk Tulbagh se regeringstyd verteenwoordig 'n periode van redelike welvaart vir die Kaap. Hoewel hy 'n goeie bestuurder was, moet die gunstige omstandighede toegeskrywe word aan toestande en gebeurtenisse waarvoor hy hoegenaamd nie verantwoordelik was nie.

> *Dit kon selfs beweer word dat die roem wat hy onder die burgers en hulle afstammelinge verwerf het, grotendeels die uitvloeisel was, nie soseer van sy werklike verdienste nie, as van 'n ekonomiese opbloei wat in geen verband tot enige maatreël, deur hom of sy raad getref, gestaan het nie.*[126]

Europese oorloë wat normaalweg voorspoed vir die Kaap gebring het, is reeds behandel.

Na 'n dienstyd van net meer as 20 jaar is Ryk Tulbagh na 'n ernstige siekbed van drie maande op 11 Augustus 1771 oorlede. By sy siekbed was net drie bloedverwante, drie nefies, die seuns van ds. Franciscus le Suer en Johanna Swellengrebel,

---

[125] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 77.

[126] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p.186.

teenwoordig.[127] Hy is ses dae later onder blyke van groot belangstelling in die aand by die lig van baie lanterns in dieselfde graf as sy oorlede vrou en skoonvader in die Kaapse kerk te ruste gelê en 'n routyd van ses weke vir die lede van die Politieke Raad en hulle gesinne is afgekondig. Destyds was daar nie 'n begrafnisdiens nie behalwe as die teraardebestelling in die kerk plaasgevind het soos die geval met Tulbagh was.[128] Daar kan aanvaar word dat Jan Cruywagen, lede van sy gesin en ander verwante van die voorste begrafnisgangers was.

Die Politieke Raad het op 13 November 1764 ondermeer ook begraafsake op die agenda gehad. Daar is gereageer op 'n skrywe wat van die *Collegie van Kerkenraaden* ontvang is na hulle vroeër op 5 November byeen was. Die kollege het dit gehad oor *het buijten kerkhoff tot meerdere inkomsten der armen alhier* ....[129] Die broeders van die kerkrade was van oordeel dat geld geïn kon word deur tien *huur graven ten dienste van de kerk op 't buyten kerkhof* eenkant te hou, te laat uitmessel, van *boven steenen* te voorsien, te nommer en vir f25 beskikbaar te stel aan persone wat verkies het om daarin begrawe te word – met bybetaling van die gewone kerkonkoste vir die baar en doodskleed. Persone wat *een graft in Eijgendom* in 'n buitekerkhof as laaste rusplek wou gehad het, moes f75 betaal en ook vir die uitmessel en bo bevloering van die grafkelder van 8 voet (2,44 meter) lank, 5 voet (1,524 meter) breed en 5 voet (1,524 meter) diep, instaan.[130]

Die buitekerkhof waarvan hier sprake is, het betrekking op 'n begraafplaas anders as die grafte binne die kerk waar baie mense te ruste gelê is. In hierdie geval kon dit ook nie gedui het op die begraafplaas langs die kerk aan die Heerengracht nie, want die aanbeveling het gekom van 'n gesamentlike vergadering van verskillende kerkrade. Daarom moet aanvaar word dat dit betrekking gehad het op alle "buitebegraafplase".

---

[127] G.C. de Wet, "Rijk Tulbagh", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 775.

[128] D. Sleigh, "Vroeë Kaapse begrafnisgebruike en grafte", G. Hofmeyr, (hoofred.), *N.G. Kerk 350* ..., p. 38.

[129] Internet, www.tanap.net, C142, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 369-407.

[130] Internet, www.tanap.net, C142, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 369-407.

Waar daar van huurgrafte sprake is, word daar nie gemeld hoe lank die huurperiode was nie. Interessant egter is dat die *Doodgraver* opdrag gekry het om *twee beenhuijsen in ieder hoek van't kerkhoff te maken.*[131] Hierdie beenhuise was seker bedoel om enige menslike oorskot, hoofsaaklik beendere, wat na die uitloop van die huurtyd in grafte gevind was, te bewaar. Ongelukkig word sekere terme en benaminge (huurgrafte, beenhuis) wat vir mense van destyds bekend was, en sekere gebruike wat algemeen bekend was nie omskrywe en verduidelik nie en vind navorsers dit moeilik om gebruike vollediger te rekonstrueer.

Omdat die kerkrade ook gekla het oor *moedswillige persoonen* wat begraafplaasmure nie ontsien het nie en oorgeklouter het om gras vir perde en ander vee te sny, het die Politieke Raad ook boetes vasgestel om die *onbehoorlijke gedoente te beletten.*[132] Die Politieke Raad wat die aanbevelings van die Kerkrade i.v.m. buitebegraafplase aanvaar het, het versoek dat die nuwe reëlings en ook die boetes vir oortredings met aanplakbiljette algemeen bekend gemaak moes word. Gerrit Hendrik Cruywagen, oor wie later vollediger berig word, was die skriba van die gesamentlike vergadering van die kerkrade en die ondertekenaar van die voorlegging wat aan die Politieke Raad gemaak was.[133]

Goewerneur Van Plettenberg

Na die dood van Ryk Tulbagh het die sekunde, baron Joachim Ammema van Plettenberg (1739-1793) as goewerneur waargeneem. Hy is in Nederland gebore waar hy ook sy regsgeleerde skoling gehad het. Hy het in diens van die VOC getree en het in 1765 in Batavia aangekom en by die Raad van Justisie begin werk. Na ongeveer twee jaar diens is hy aangestel as independente fiskaal aan die Kaap waar hy in Desember 1767 aangeland het. Vanaf 1770 vul hy naas die amp van fiskaal ook die pos van waarnemende sekunde. Met die oorlye van Tulbagh op 11 Augustus 1771 het hy as goewerneur waargeneem tot die nuwe rangbekleër aangestel sou word. Die aangewese goewerneur, baron Pieter van Reede van Oudtshoorn is onderweg na die

[131] Internet, www.tanap.net, C142, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 369-407.

[132] Internet, www.tanap.net, C142, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 369-407.

[133] Internet, www.tanap.net, C142, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 369-407.

Kaap oorlede en die keuse vir die pos het op Van Plettenberg geval wat sy pligte op 18 Mei 1774 aanvaar het.[134]

Baron van Rheede van Oudtshoorn is in die Groote Kerk in Kaapstad begrawe met 'n vertoon waaroor die inwoners vir weke kon gesels. Dit was 'n indrukwekkende seremonie met afdelings van die ruitery, voetvolk en kanonne, die rouperd met 'n roukleed gedrapeer en persone in enkelgelid wat persoonlike items van die gestorwene soos sy skild, helm, handskoene, spore en swaard vertoon het. Daarna het gevolg agt begrafnisondernemers, die lyk gedra deur boekhouers en assistente en op hulle hakke lede van bestuursliggame aan die Kaap, predikante en intieme vriende.[135]

Dit is aangewese om nog 'n paar algemene opmerking oor begrafnisse te maak. Die deftigheid van 'n begrafnis is deur die oorledene se sosiale status bepaal. Boodskappers of aansprekers soos hulle genoem is, is gestuur om familie en ander bekendes na die begrafnis te nooi en die tyd en plek daarvan aan te kondig.[136]

Later is ook sogenaamde doodsbriefies gebruik vir die kennisgewing van 'n sterfgeval en die uitnodiging na die begrafnis. Selfs met die briefies is daar gewedywer en die grootte van die briefies het gegroei. In 1754 is persone laer in rang as boekhouer en hulle vrouens belet om briefies op groot formaatpapier te skrywe tensy hulle verlof daartoe gehad het.[137] Begrafnisse was bloot 'n teraardebestelling wat slegs deur mans bygewoon is. Dit het geskied sonder godsdienstige plegtigheid en in die meeste gevalle selfs sonder die aanwesigheid van 'n predikant. Gewoonlik is verrigtinge by die begraafplaas gevolg deur 'n samekoms by die oorledene se huis waar die testament gelees en die begrafnismaal gehou is.[138]

---

[134] G.C. de Wet & G.J. Schutte, "Joachim Ammema van Plettenberg", C.J. Beyers & J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 5, p. 870.

[135] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, afbeelding p.78.

[136] D. Sleigh, "Vroeë Kaapse begrafnisgebruike en grafte", G. Hofmeyr, (hoofred.), *N.G. Kerk 350* ..., p. 38.

[137] J.J.F Joubert, Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771, p. 90.

[138] K. Schoeman, *Dogter van Sion* ..., p. 103.

Begrafnisse is gewoonlik bedags gehou maar uitsonderinge is wel gemaak, soos in die geval van Ryk Tulbagh. Aandbegrafnisse het met die tyd al gewilder geword en het teen 1797 so toegeneem dat die gevaar groot was dat met al die lanterns en liggewende voorwerpe, 'n brand in die kerk kon ontstaan. Die hulp van generaal Dundas, die Britse bevelhebber, is ingeroep om hierdie misbruik te belet.[139]

Die armes en laagbesoldigde arbeiders, soldate en matrose is vroeër net in 'n kombers toegedraai. Vanaf 1710 is VOC-amptenare wel in kiste begrawe. Verskillende tipes doodkiste is gebruik waarvan een by die voetenent oop was sodat die lyk in die graf kon afgly en die kis weer gebruik kon word.[140] Afgesien van begraafplek in die oorspronklike fort en die kasteel en die begraafplaas langs die tuine naby die kerk, was daar ook ander begraafplase. Met die pokke-epidemie van 1755 is die Kaapse gemeente se kerkhof gesluit en 'n nuwe begraafplaas aan die Buitengracht aan die gemeente toegewys. Meer as 'n 1 000 mense waaronder ses goewerneurs is in wat later as die Groote Kerk bekend was, begrawe.

Benewens enkele opwindende geleenthede was die lewe in die hawestadjie bra eentonig. Tot aan die einde van die kompanjiesbewind was daar nie 'n hoërskool, teater en 'n publieke vergadersaal vir onthale nie, ook nie 'n boekwinkel en nuusblad nie. Die meeste mense het nie gelees nie en geleenthede vir vermaak was beperk. In die huise van die welvarendste burgers is wel gedans op musiek wat slawe verskaf het.[141] 'n Groot begrafnis, nou en dan, was iets om te beleef en goeie afwisseling van die vervelige gang van sake.

Min van die senior amptenare van die kompanjie het kennis gehad van die binneland en onkunde oor die behoeftes van die grensboere was nog groter. Goewerneur Van Plettenberg het besef dat kennis van die binneland en sy bewoners nodig was vir die

---

[139] C. Opperman, "Die Groot Kerk ...," *Die Huisgenoot*, 1 Oktober 1965, p. 50.

[140] D. Sleigh, "Vroeë Kaapse begrafnisgebruike en grafte", G. Hofmeyr, (hoofred.), *N.G. Kerk 350 ...*, p. 38.

[141] H. Giliomee, *The Afrikaners: ...*, p. 28.

gesonde administrasie van die land en die beter versorging van die verafwonendes.[142] Met die oog hierop het Van Plettenberg en 'n klein geselskap amptenare die kasteel op 3 September 1778 verlaat. Na 'n reis van ongeveer drie maande waartydens die geselskap gevorder het tot in die Camdebo (in die omgewing van die latere Graaff-Reinet), kennis gemaak het met heelwat van die grenspioniers en met die Xhosas onderhandel is oor ondermeer die Visrivier as grens, was die reisigers op 26 November 1778 terug by hulle vertrekpunt.[143]

Hierdie reis word aangestip om die deurlopendheid van gebeure nie te versteur nie, maar aangesien dit min direkte betrekking het op die Cruywagen-verhaal geniet dit nie volledige en verdere aandag nie. Daar was egter ander gebeure waarby Jan Cruywagen en sy broer, Gerhardus Hendrik, betrokke was wat aandag verdien.

Heersende toestande

Hoewel die volksplanting geweldig uitgebrei het en reeds vir 'n paar geslagte Kaaps-gebore burgers die enigste tuiste en vaderland, het die Kaap de Goede Hoop vir die kompanjie en sy bewindhebbers 'n verversingspos gebly, 'n vestiging en gebied ondergeskik aan die belange van die kompanjie en aan die algemene handelsbelange van die Nederlandse Republiek.[144] Die merkantilisme wat ten grondslag van die kompanjie se ekonomiese beleid gelê het, was 'n ekonomies-politieke stelsel wat deur nasionale state toegepas is in hul strewe na welvaart vir die staat, welvaart wat deur middel van onder andere handelsmonopolieë en die besit van kolonies gegenereer is en waaraan alle belange ondergeskik geag was.[145]

Daar is vele bewyse gevind dat die belange van die kompanjie, byna sonder uitsondering, altyd voorop gestel is by besluite wat geneem is. In rapporte aan die

---

[142] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 79, 80.

[143] A.J. Böeseken, "Die kompanjie en sy onderdane", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 80, 81; S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 190-192.

[144] A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 138.

[145] D.J. van Schalkwyk, e.a. (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, tiende deel, p. 298.

Here XVII val dit op hoe dikwels die goewerneur en die Politieke Raad skrywe, *Hebbe wij dier halven voor de belangen der Maatschappye best geoordeeld en dienvolgens beslooten.*[146] By ander geleenthede weer is *ten dienste van der Edele Compagnie* opgetree en besluit. Elke optrede, besluit of handeling is uitgevoer met die vraag wat die *Compagnies wegen meest te pas komen kan.*[147] Die VOC het sy handelsmonopolie naarstiglik beskerm en dit het uitgeloop op volgehoue spanning en baie probleme tussen die kompanjie en die burgery.

Die kompanjie was die alleenhandelaar en die gemis aan handelsvryheid het vir die aangebore en verder ontluikende vryheidsin van die inwoners 'n steen des aanstoots gebly. Dit was veral die onvoldoende en onbestendige afsetgebiede vir Kaapse produkte wat die gemoedere van tyd tot tyd gaande gemaak het. Gedurende die laaste ongeveer 18 jaar van die kompanjie se bewind het die burgers in normale jare deurgaans meer geproduseer aan koring en ander graan, verskillende soorte wyn, brandewyn, vleis, stertvet (van die Afrikanerskaap), botter en seep as wat hulleself en die kompanjie, ook vir die behoeftes van die Oosterse besittings, nodig gehad het.

Daar is reeds in hoofstuk drie beskryf hoe die kompanjie se monopolitiese beleid min bestaansmoontlikhede aan setlaars gebied het. Die meeste Kaapse inwoners het met losieshuise 'n lewe gemaak, ander wat drankpagte gehou het, het met hulle taphuise goed geld gemaak en ander het heimlik genegosieer. Nieteenstaande owerheidsbeperkinge het enkele klein algemene handelaars-besighede tot stand gekom. Hierdie prentjie het gaandeweg verander want *in the last third of the eighteenth century did large-scale merchants begin to acquire the leading positions they would maintain throughout the pre-industrial period.*[148] Teen 1770 het veral twee belangrike invoerondernemings, La Febre & Kie en Cruywagen & Kie op die been gekom. Om en by die einde van die sewentigerjare het hierdie ondernemings feitlik die handel gemonopoliseer omdat hulle eerste toegang tot inkomende skepe,

---

[146] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 84.

[147] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 84 en p, 358.

[148] R. Elphick & H. Giliomee, *The shaping of South African society*, p. 263.

eerste aanspraak op oorplasing van geld na Nederland en voorkeur op verkryging van vragruim op VOC-skepe gehad het.[149]

Die afsetgebiede was egter onbestendig en wisselvallig na mate skepe, veral van Engeland en Frankryk, na druk besoeke soms weer lank weggebly het.[150] Die oordrewe en voortdurende vooropstelling van die VOC se handelsbelange het meegebring dat die kompanjie en die meeste van sy amptenare die vryburgers as 'n noodsaaklike euwel beskou het.[151] Soos vanaf die tyd van die Van der Stel-botsing is die burgers beskou as die *bastards of the Company* en die amptenare *the Company's legitimate children.*[152] Daar was Cruywagens in beide van dié kampe: Jan 'n boer en vryondernemer en Gerrit, sy broer, 'n senior kompanjiesdienaar.

Amptenare: vergunnings en misbruike

Ten opsigte van handelsbedrywighede is dit duidelik dat die Here XVII se instruksies van 30 Oktober 1706 aan die Politieke Raad nie meer toegepas is nie. Dit het gelui *dat geen Compagnies Bediendens aan de Caab van de meeste af tot de minste toe, eenige Handel mogen drijven, met Koorn, Vee, of Wyn...*[153]

Die algemeen onaanvaarbare optrede en magsmisbruik van amptenare het die koloniste die ergste gegrief en uiteindelik tot daadwerklike optrede laat oorgaan. Goewerneur-generaal Van Imhoff het reeds tydens sy besoek in 1743 besef dat die rede vir veral die oneerlike optrede van amptenare gelê het in hulle lae vergoeding. Die vrees het bestaan dat amptenare op willekeurige wyse hulle inkomste kon aanvul. Van Imhoff het gevolglik die wyse waarop veral die hoogste amptenare hulle inkomste kon aanvul duidelik uiteengesit.[154]

---

[149] R. Elphick & H. Giliomee, *The shaping of South African society*, p. 263 & C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., p. 127.

[150] A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, pp. 138, 139.

[151] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.83.

[152] E.A. Walker, *A history of South Africa*, p.69.

[153] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 11.

[154] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 124.

Hy het vasgestel dat daar vir ongeveer 30 jaar 'n gebruik gevestig was om 'n deel van die koopprys van elke lêer wyn onderskeidelik vir die goewerneur en die sekunde agter te hou.

> *In die geval van wyn moes 3 Rds. afgaan as tiende vir die Komp. en verder moes van die pryse 10 Rds. afgaan by wyse van emolument vir die goewerneur en die Sekunde; eersgenoemde het twee-derdes daarvan gekry.*[155]

Van die Rds. 40 vir 'n lêer wyn het die produsent dus slegs Rds. 27 uitgekry. Van Imhoff het hierdie reëling bekragtig en dit is voortgesit. Die amptenare in die laer range het egter nie so 'n voordeel ontvang nie en moes maar voortsukkel *uyt de hoope van te enige tyd nog eens tot een van de vooraanstaande functien op te klimmen.*[156]

Om op hoop te moes lewe was vir die meeste amptenare aan die Kaap en Nederlands-Indië 'n te geringe aansporing om nougeset en toegewyd te arbei. In plaas van toegewyde arbeid was 'n ander ingesteldheid blykbaar by die amptenary, van die hoogste tot die laagste, teenwoordig: om binne 'n minimum van tyd 'n maksimum van voordele en rykdomme in te samel.[157] Hierdie soort ingesteldheid was die oorsaak van groot ontevredenheid by die burgers en tot enorme nadeel van die kompanjie.

Die independente fiskaal, die regterlike beampte wat opgetree het vir die belange van die owerheid en gewaak het oor die nakoming van wette, was vir sy dade rekenskap alleen aan die Here Meesters verskuldig. Hierdie amptenaar het hom dikwels aan verregaande misbruike skuldig gemaak soos buitensporige boetes wat vir eie voordeel en op eie gesag opgelê is. Die burgers het veral gekla oor die optrede van fiskaal, W.C. Boers. Hulle klagtes het min gebaat want van sy opvolgers, onder wie J.J. Surrurier en Gabriel Exter, *wat der Nederlandsche taal en gewoontens onkundig* was en in 1786 tydelik waargeneem het, het nie juis beter gevaar nie. Die hoër owerhede het hulle blykbaar nie laat leer deur die swak en ondeurdagte optredes van amptenare in dié belangrike pos nie, want 'n jaar later het die Here XVII vir Johan Nicolaas

---

[155] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, voetnoot 4, p. 16.

[156] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 126.

[157] A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 143.

Steeven, baron van Lijnden, van Bitterswyk, vriend van die prins van Oranje na die Kaap gestuur om die amp te beklee. Sy loopbaan, wat as misdadig bestempel kan word, het in 1791 geëindig toe die Burgerkrygsraad teen hom opgetree het en hy hom *clandistine ... by nacht* uit die voete gemaak het.[158]

Hierdie amptenare-dwingelandy en swak bestuur gee enigsins 'n aanduiding van die onbeholpenheid en misbruik waaraan Kaapse koloniste onderworpe was. Hoewel dit nie te verskoon was nie, was daar naas korrupsie 'n belangrike oorsaak vir dié toedrag van sake: daar was by die kompanjie 'n groeiende onvermoë om bestuursake op 'n hoë en aanvaarbare peil te hou soos die volgende samevatting dit duidelik stel:

> *The great Dutch East India Company entered on the last stage of its decline in the 'seventies of the eighteenth century. It still made an imposing show; dividends were forthcoming, 20,000 Netherlanders still found employment and the upper classes gained advancement in its service; but deep-seated official corruption sapped its vitality; expensive wars drained its resources; the English Company ... went from strength to strength in Indian waters and took away the China trade ... in tea.*[159]

Bankrotskap, lank reeds 'n werklikheid, het voortgesleep en tekorte het gegroei. Die Nederlandse Republiek was op die afdraendepad en het stadigaan agter geraak teen Europese konkurrente. Politieke woelinge en magsverskuiwinge het die eertydse leierland van Europa verder verswak.

Die eise wat die administrasie van 'n uitgestrekte koloniale gebied en ewe groot handelsryk aan die hulpbronne van die klein landjie gestel het, het sy tol geëis.

> *Alleen daardie nasies wat redelik daarin geslaag het om die optrede en gedrag van hulle amptenare te beheer, was suksesvol in hulle ondernemings. Die skep en instandhou van 'n koloniale administrasie wat vry was van korrupsie, wat genoeg bestaansruimte aan koloniste gegee het en sterk genoeg was om goeie opbrengste aan die moederland te verseker, het hoë eise gestel.*[160]

---

[158] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 126, 127.

[159] E.A. Walker, *A history of South Africa*, pp. 104, 105.

[160] W.A. Cruywagen, "Die VOC, wins en verlies: 'n Perspektief vanuit 2002.", *Historia*, jg. 47(1), Mei 2002, p. 265.

Burgerwoelinge – aanloop en verloop

Wat tot hiertoe geskets is, moet beskou word as agtergrond waarteen belangrike gebeure afgespeel het, gebeure wat die Kaapse samelewing aan die praat gesit het en betekenisvolle beroeringe tot gevolg gehad het.

In Meimaand 1778 is verseëlde briewe geadresseer aan verskillende burgers in die geheim in Kaapstad versprei. By elke brief was daar 'n ongetekende dokument ingesluit wat gehandel het oor *De magt en de vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de gevoelens der voornaamste Regtsgeleerden, opgedragen aan het oordeel der Caapsche Burgerij.*[161] 'n Verdere anonieme stuk onder die opskrif *Aan onse Broeders, Meedeburgers van dit Colonie van Cabo de Goede Hoop word deese opgedraagen en in hunne bedenking,*[162] het ook die rondte gedoen.

Die verspreiding van dié geskrifte was nie sonder uitwerking nie want daar was 'n ongewone bedrywigheid merkbaar en verskeie byeenkomste is gehou. Goewerneur Van Plettenberg en die Politieke Raad het die Here XVII oor die gistinge wat oral hoorbaar en sigbaar was, ingelig.[163]

Jan Cruywagen, 'n nugter denker en 'n man met 'n gebalanseerde oordeel het sonder twyfel ook van die geskrifte onder oë gehad. Hy het egter 'n neutrale houding ingeneem en later 'n betekenisvolle bydrae gemaak in 'n poging om die onstabiele en onseker toestande positief tot die voordeel van die grootste getal ingesetenes om te draai.

Die vonk vir daadwerklike aksie van burgerkant was die inhegtenisneming van 'n burger, Carel Hendrik Buytendag. Buytendag was in onguns by die owerhede weens

---

[161] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 1.

[162] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 1.

[163] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, pp. 1, 2; A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 148.

'n klag wat sy vrou ingedien het. Sy het ook aangedui dat sy van hom wou skei. Op 20 Januarie 1779, toe daar al weer vrede was tussen man en vrou, het die Fiskaal, van sy beamptes na Buytendag se huis gestuur met die opdrag om hom te arresteer.[164] Buytendag was met sy gesin aan tafel toe die geregsdienaars die huis ingestorm en hom met geweld teen die grond gegooi en vasgebind het. Skoppe en slae het gevolg en die gevangene word vir opsluiting weggevoer. Buytendag is na die skip, *Honkoop*, gebring en in ballingskap na Batavia weggevoer met 'n opdrag van die geweldiger dat hy meer slae as kos moes ontvang.[165]

Die verbanning van burgers het wel meermale voorgekom, maar die wyse waarop met Buytendag gehandel is, sonder dat bepaalde prosedures gevolg is, is deur die ontevrede burgers beskou as 'n ernstige vergryp teen hulle regte en vryhede. Die burgers het sekere regte as ewig en onvervreembaar beskou en hulle gedwonge gevoel om die regte te verdedig ten einde 'n beter bestaansreg vir hulle en hulle nakomelinge te verseker.[166]

Op 1 Mei 1779 het sekere Kaapse burgerrade en heemrade van Stellenbosch en Drakenstein namens hulleself en 404 medeondertekenaars verlof gevra om vier afgevaardigdes, *als gesamentlyke reprasentatien van den geheelen Burgerstaat* na Nederland te stuur om voor die Here XVII te gaan getuig oor *den kwynende staat der Burgers en Vrye Coloniers aan Cabo de Goede Hoop.*[167]

Die afgevaardigdes was oud-burgerraad Jacobus van Reenen, oud-burgerluitenant Barend Jacob Artoys, en die burgers Tielman Roos en Nicolaas Godfried Heyns.[168] Hierdie vier here het 'n lywige dokument, wat die goedkeuring van hulle lasgewers weggedra het en bekend gestaan het as die Burgermemorie van 7 Mei 1799, opgestel. Die dokument moes aan die Here XVII voorgelê word.[169]

---

[164] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 14.

[165] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 14.

[166] A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, p. 150.

[167] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, p.1 (titelblad en inleiding).

[168] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, pp. 2, 3.

[169] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 4, voetnoot 2.

Die gesamentlike aansoek van die vier afgevaardigdes om na Nederland te reis, is deur die Politieke Raad afgekeur. Verlof vir die reis is wel later afsonderlik aan elke aansoeker toegestaan. Die reis was voorspoedig en op Saterdag 16 Oktober 1779 het die vier gevolmagtigdes verskyn in 'n vergadering van die Here XVII.[170] Die petisie wat hulle aan die hoë here voorgelê het, het uit drie afdeling bestaan: In die eerste afdeling word die produksie- en afsetprobleme uiteengesit asook hoe die probleme vererger word deur die ongeoorloofde partikuliere handel wat kompanjies-amptenare bedryf.[171] Die tweede afdeling het in 16 artikels beskrywe hoe *willekeurig, overheershend en onderdrukkend* amptenare o.a. die independente fiskaal, Boers, teen lede van die burgery opgetree het.[172] In artikel vier van hierdie afdeling word spesifiek verwys na die optrede van die dispensier, Adriaan van Schoor (Susanna Cruywagen se man) wat belas was met die voorsiening van lewensbehoeftes aan skepe. Die onregmatige wyse waarop hy gelde gevorder het van burgers wat proviand aan skepe gelewer het, het groot onmin veroorsaak. In artikel vyf kom Gerrit Hendrik Cruywagen aan die beurt en sy vennootskap met verskeie amptenare onder andere die onderkoopman en poshouer by Valsbaai, Christoffel Brand, H.J. de Wet, 'n boekhouer in die kompanjies-pakhuis en Abraham Chirion, boekhouer van die kompanjieskas. Onder die naam Cruywagen en Kie het hulle glo die totale binnelandse en vreemde negosie beheer. Daar word na Cruywagen verwys as *een der rykste en grootste Negotianten.*[173] Verder word daar gesê dat hy 'n pakhuis en magasyn met *allerhande Goederen, Koopwaaren en Manufactuuren* aangehou en daarop groot wins gemaak het. Die gerespekteerde historikus, C.F.J. Muller skrywe dat Brand die poshouer in Valsbaai, met 'n paar oud-burgerrade en amptenare eintlik die handelsgenootskap Cruywagen en Kie gestig het.[174] Deur sy naam aan die onderneming te koppel, het Gerrit Cruywagen wel veel van die kollig gesteel en was hy meestal in die spervuur.

Die 37 artikels waaruit die derde afdeling bestaan het, het voorstelle ter verbetering van die onbevredigende toestand bevat. Gemoedere aan die Kaap het hoog opgevlam

---

[170] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, pp. 4-7.

[171] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, pp. 1,2.

[172] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, pp. 5-10.

[173] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, p. 16.

[174] C.J.F. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 87.

omdat Oosterse bannelinge wat as polisiemanne aangewend is (en as "caffirs" bekend gestaan het) gebruik is om burgers te arresteer.[175] Die vertoëmakers het pertinent versoek dat *een burger niet anders dan door Burgeren sal mogen worden gearresteerd.*[176] Voorts word daar ook uitdruklik versoek dat burgers nie hulle vryheid ontneem sal word en weer in kompanjiesdiens opgeneem sal word nie – 'n prosedure wat by geleenthede teen oortreders toegepas was. 'n Verdere versoek was die aanstelling van sewe burgerrade in die Politieke Raad en vir gelyke verteenwoordiging in die Raad van Justisie met die oudste burgerraad as president.[177]

Die Here XVII het na ontvangs van die burgerpetisie besluit om die *Audi [et] alterem partem*-reël toe te pas en ook die ander kant van die saak te verneem. Op 23 Oktober 1779 is twee briewe na die Kaap gestuur, één aan goewerneur Van Plettenberg en die ander aan die goewerneur en die Politieke Raad. Daarin is versoek dat Kompanjies-dienaars teen wie enigiets, self by implikasie, in die memorie te laste gelê was, hulle daarop moes verantwoord en hulle getuienis aan die goewerneur moes verstrek.[178] Gerrit Hendrik Cruywagen, een van die aangeklaagdes, se verweer sal in die hoofstuk oor hom nadere aandag kry.

Goewerneur Van Plettenberg het in sy *Consideratien*, onder datum 20 Maart 1781, ontken dat die kolonie in 'n kwynende staat was en daarin was hy korrek. Die oorlogstoestande wat geheers het as gevolg van die Nederlandse Republiek se deelname aan die Amerikaanse Vryheidsoorlog (van die einde van 1780 tot Mei 1784) en die teenwoordigheid van Franse troepe aan die Kaap, het 'n tyd van oorlogswelvaart geskep. Verder het die goewerneur betoog dat die klein aantal ondertekenaars van die burgerpetisie kwalik beskou kon word as die mondstuk van die *gehelen Burgerstaat* van bykans 3 000 Kaapse burgers.[179] Van Plettenberg het egter 'n ernstige behoefte aangevoel dat die onderlinge verhouding tussen burgers en

---

[175] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 55.

[176] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, p. 28.

[177] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, p. 30; C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., pp. 8-37.

[178] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte*..., p. 38.

[179] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.89; C. Beyers, *Die Kaapse patriotte*..., pp. 42-45..

amptenare op 'n gesonder grondslag geplaas moes word. Die welvaart van die Kaapse vestigingsgebied wat deur soveel wisselvallighede geknel was, moes ook op meer bestendige voet geplaas word.

Die goewerneur het verder gehandel met 'n reeks ander sake wat betrekking gehad het op ekonomiese en bestuursaangeleenthede, die vrywaring van burgers teen verbanning en by wetsoortreding hulle arrestasie deur mede burgers en nie deur die geweldiger en sy buitelandse handlangers nie. Van Plettenberg het ook gesuggereer dat *'n kleine drukkery van nut sou wees* want ingesetenes kon *omtrent de landwetten en respective orders der Edele Compagnie* beter ingelig word en baie skryfwerk met die hand kon uitgeskakel word.[180] Goewerneur Van de Graaf, Van Plettenberg se opvolger, het die Here XVII herinner aan die versoek vir 'n drukpers. In 'n brief gedagteken 5 Desember 1783 het die Here XVII die versoek geweier en ook een wat drie jaar later herhaal is.[181]

In 1784 het Johan Ritter 'n Duitser en die seun van 'n boekbinder in die Kaap aangekom as boekbinder in diens van die kompanjie. Geen drukwerk is gedurende kompanjiestye aan die Kaap gedoen nie en dit was eers gedurende die eerste Engelse bewind dat Ritter daarin geslaag het om 'n klein drukpersie in die hande te kry waarmee hy in 1795, '96 en '97 almanakke gedruk het.[182] Nog 'n Duitser, Valentin Alexis Schönberg, word gemeld as een van die Kaap se vroegste drukkers maar van sy drukpogings is niks verder bekend nie.[183] In 1799 het 'n Engelse drukker, Harry Harwood Smith in die Kaap aangekom maar hy is in 'n klerklike pos in 'n regeringsdepartement aangestel. Drukwerk waaraan die voorgenoemde here hulle hande gewaag het, het onder streng regeringsbeheer gestaan.

---

[180] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, pp. 69-71.

[181] P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, (Die tweede Trekreeks), nr. 25, p. 3.

[182] P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, nr. 25, p. 4.

[183] C.F. J. Muller, *Sonop in die suide. Geboorte en groei van die Nasionale pers 1915-1948*. p. 2.

> *Net soos die owerheid van die kompanjie was die nuwe Britse regering ook bevrees dat rewolusionêre opvattings deur middel van perspropaganda aan die Kaap sou posvat.*[184]

Die Kaapse handelshuis van Alexander Walker en John Robertson het op 21 Julie 1800 by proklamasie magtiging gekry om 'n drukpers op te rig en 'n weeklikse nuusblad te publiseer. Op 16 Augustus 1800 het Walker en Robertson se eerste nommer van *The Cape Town Gazette and African Advertiser / Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter* by Pleinstraat 35, Kaapstad, die lig gesien. Onder die vakmanne wat ingevoer is, was 'n Hollandse vertaler. Die uitgewers het daarna gestrewe om met die blad die Hollandse Kapenaars en die Engelse nader na mekaar te bring *into Bonds of mutual Harmony and good Understanding.*[185]

Gedurende 1801 het druk op die Britse regering toegeneem om die begunstigde posisie van die drukkersfirma te beëindig. Vir die regering was die maklikste uitweg om die drukkery te koop en dit is gedoen teen 'n vergoeding van £2 000 (f12 000) aan Walker en Robinson. Die drukkery is nie dadelik na 'n ander perseel verskuif nie want die *Trootelyk Gesprek tusschen den Here Jesus en de Moedeloose Ziel*, het nog by die goewermentspers in Pleinstraat verskyn.[186]

Vir die Kaapse mense wat, behalwe vir briewe en mondelinge mededelings deur skepelinge van die buitewêreld afgesny was, was die koms van die drukpers en die verskyning van 'n koerant en ander publikasies 'n beskawings-invloed wat hulle lewens verryk en hulle verder laat sien het as die grense van hulle eie klein wêreldjie.

Terwyl die ontevrede Kaapse burgers in spanning gewag het op die uitslag van die eerste burgermemorie het hulle nie stilgesit nie. Daar is 'n tweede dokument 'n *Nadere Memorie* met datum 17 April 1782 opgestel. Dit was eintlik 'n toevoeging tot die inhoud van die memorie van 1779.[187] Die agiterende party, almal wat die

---

[184] C.F. J. Muller, *Sonop in die suide* ..., p. 3.

[185] C.F. J. Muller, *Sonop in die suide* ..., p. 3.

[186] P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, nr. 25, p. 7 & C.F. J. Muller, *Sonop in die suide* ..., p. 6.

[187] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte*..., p. 54.

burgersaak ondersteun het, het die naam Patriotte aangeneem. Die burgers wat nie met hulle wou meedoen nie is soms Mamelukke genoem.[188] Laasgenoemde benaming het oorspronklik verwys na slawe wat in die Egiptiese geskiedenis mettertyd tot 'n heersersklas gevorder het. Die figuurlike betekenis daarvan het gedui op 'n afvallige of geloofsversaker.[189] Dit was seker wat die Patriotte gedink het van Kaapse burgers wat hulle nie gesteun het nie.

Anders as met die stryd teen Willem A. van der Stel het daar nieteenstaande burgerlike verdeeldheid, nou 'n groter mate van politieke bewustheid onder die Patriotte geheers. Hulle het hulle inspirasie uit Nederland gekry waar die Patriotbeweging onder Joan Dirk van der Capellen tot den Pol daarna gestrewe het om die Nederlandse regente-owerheid, wat die aspirasies van die burgery onderdruk het, omver te werp. Engelse vrydenkers het 'n groot invloed op die denke van die Nederlandse Patriotte uitgeoefen en die Amerikaanse Vryheidsoorlog was vir hulle en Europese koloniste oor die wêreld 'n groot inspirasie.[190] Van hierdie denkbeelde het na die Kaap deurgesyfer en neerslag gevind in die denke van die plaaslike Patriotte.

Die patriotte se kommer was oor ekonomiese aangeleenthede en hulle het ook 'n aantal politieke eise gestel. Die kern van hierdie woelinge en stryd het basies gesentreer om die verskil in siening oor die doelstellings wat onderliggend was aan die stigting van die Kaapse nedersetting. Fiskaal Boers het soos Willem van der Stel geglo dat die Kaap daar was vir die voordeel van die kompanjie en nie vir die voordeel van die burgers nie. Dit was dus geregverdig om opstandige en weerspannige burgers hulle vryheid te ontneem en hulle weer in kompanjiesdiens op te neem – daarom die optrede teen Buitendag. Die Kaapse Patriotte daarenteen het die beginsel van natuurlike regte vooropgestel. Hulle het geredeneer dat 'n persoon wat uit kompanjiesdiens getree het dieselfde voorregte moes geniet as 'n persoon wat nooit in diens van die Kaapse owerheid gestaan het nie.[191]

---

[188] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 51.

[189] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, voetnoot 2, p. 51.

[190] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 54.

[191] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 54.

sy vader geërf het nie, sou hy 'n *rampzaligt en veraglijke Schepsel* in die oë van die gemeenskap gewees het. Hy het verder beweer dat Artois bekend was as iemand *die als een hoereerder zijne dagen alhier doorgebragt het*, net soos sy vader wat 'n gruwelike egbreker was en verskeie *onegtelinge onder ons heeft nagelaten.*[194]

Tielman Roos het ook nie lig daarvan afgekom nie: soos vele ander kon hy ingedeel word by die *twistsaaijers! ... autheurs van haat nijd en tweedragt.* Daar word ook gewys op die aandeel wat Roos gehad het aan die voortslepende onenigheid in die gemeente Drakenstein, 'n man wat *zijn meyneedige ziele aan den Satan opgeoffert heeft.* Van Nicolaus G. Heyns word gesê dat hy in sy siel dieselfde kleur as die van sy liggaam gehuisves het (verwysende na sy onaanvaarbare optrede). Hy kon beswaarlik in sy eie en sy huisgesin se behoeftes voorsien het en nou is hy ook 'n afgevaardigde. Half triomfantelik laat die skrywer die indiwidue daar as hy deklameer, *Zie daar dan mijne geliefde en waarde medeburgers een viertal van Ambassadeurs, in haare waare en natuurlyke afbeeldsels fraaije voorwerpen waarlijk!*[195]

Oor burgerregte en -vryhede het die skrywer ook 'n interessante siening gehad, teenstrydig met die opvatting van die Patriotte. Hy praat van *de hollende paard van burgervryheijt den teugel reeds van de necke gegooit, tragt ook den geheelen breydel* [toom] *te verbreeken*, die perd sal in sy vaart *den eygen hals* [nek] *nog breeken.*[196]

Twee sake kom uit wat pas verhaal is na vore: die venyn waarmee mense aangeval en beskuldig is. Of daar wetlike beskerming teen karakterskending of reg op skadevergoeding (regres) bestaan het in geval die skrywer se identiteit bekend sou word, is nie duidelik nie. Die diep verdeeldheid onder die Kaapse burgers word deur die voorgenoemde geskrif onderstreep. Daar kan aanvaar word dat daar erge spanning in die gemeenskap geheers het, spanning wat deur die onvermoë van 'n bankrot kompanjie om sake enigermate reg te bestuur, seker aansienlik verhoog is. Voorts is dit duidelik dat burgervryheid nie by almal ewe veel gewig gedra het nie.

---

[194] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 161, Verbatimkopieë, pp. 10, 11.

[195] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 161, Verbatimkopieë, pp. 12, 13.

[196] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 161, Verbatimkopieë, p. 14.

Terwyl sommige daarin 'n toekomstige utopia gesien het, het ander dit as ongebondenheid en selfs 'n resep vir rampspoed en selfvernietiging beoordeel.

Dit is moeilik om vas te stel of die firma Cruywagen & Kie. voortgegaan het met handelsaktiwiteite terwyl verdeeldheid tussen partye verdiep het en geskrifte met teenoorstaande standpunte die rondte gedoen het. Dit sou logies wees om te aanvaar dat transaksies aansienlik afgeskaal is om die beswaardes nie meer skietgoed te gee nie en om nie die indruk te wek dat die firma nieteenstaande besware, uitdagend voortgaan nie. Die onderneming kry in die volgende hoofstuk voortgaande aandag.

Die direkteure het eers in Desember 1783 hulle eerste besluit in verband met die klagskrif geneem. Burgerverteenwoordiging op die Politieke Raad is verwerp, maar op die Raad van Justisie sou ses, in plaas van drie, burgerrade sitting kon neem. Beamptes word streng verbied om grond te besit en daarop te boer. Burgervryheid sou nie aangetas word deur koloniste weer in kompanjiesdiens op te neem nie. Vry handel met eie skepe is nie toegestaan nie hoewel burgers met vreemde skepe kon handeldrywe – maar eers as die kompanjie se behoeftes bevredig was. Op die ander burgerversoeke het die Here XVII eers teen die middel van 1785 geantwoord.[197]

Die onbevredigende antwoorde vanuit Nederland en aanduidings dat die nuwe goewerneur C.J. van de Graaff hulle nie baie simpatiek gesind was nie, het die Patriotte tot verdere aksie aangespoor. Vier afgevaardigdes, M.A. Berg, Johannes Roos, J.H. Redelinghuys en J.A. Bresler, word gekies om persoonlik die burgersaak aan die State-Generaal te gaan voorlê. Na onenigheid onder die vier verteenwoordigers en Berg se bedanking, het die ander drie in April 1786 'n petisie by die State-Generaal ingedien. Weens die onderlinge geskil en die feit dat die State-Generaal nie geneë was om hom in te laat met kompanjiesake nie, het hierdie burgeroptrede ook op niks uitgeloop.[198]

---

[197] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., pp. 55, 56.

[198] C.F.J. Muller, "Die stryd na binne en na buite", C.J.F. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.90.

Die burgermemories het 'n paar indirekte gevolge gehad. 'n Aantal invloedryke amptenare het bedank. Onder hulle was baron Joachim van Plettenberg wat eervolle ontslag gevra het, maar sy bedanking is teruggehou tot ná die beëindiging van vyandighede tussen Nederland en Engeland. Die independente fiskaal, Willem Boers, het, nadat hy geantwoord het op aantygings teen hom in die burgerpetisie, ook sy ontslag aangevra. Dieselfde het gebeur met die ekwipasiemeester, Hugo Staring, ook bekend as die "Bloedsuier" en majoor Van Prehn, hoof van die milisie – hulle het onverwyld na Nederland teruggekeer.[199]

Onderlinge verdeeldheid het steeds vlak aan die oppervlakte gelê en by die Politieke Raad het groot kommer geheers dat klein persoonlike vetes die smeulende kole kon aanblaas en die vlam van verdeeldheid sterker kon laat brand. In 1788 het byvoorbeeld so 'n twis tussen C. Brand, koopman en resident in Valsbaai en eertydse vennoot in die firma Cruywagen en Kie, en ene Van der Poel die Politieke Raad beweeg om daaroor aan die Here XVII te rapporteer. In die skrywe aan die direkteure word gewys op die vrese vir 'n oplewing van die *verderfelyke wreedheden* wat 'n geruime tyd in die kolonie geheers het en

> *waardoor verwijderingen en verbitteringen tussen ingezeeten en ingezeetenen, ja selfs ook tussen de zodanige die anderzints door de teerderste banden van namaagdskap* [verwantskap] *aan elkander verbonden zijn waren ontstaan.*[200]

Vir die lede van die Politieke Raad was die toestand so onaanvaarbaar dat hulle die skerp verdeeldheid as "wreedhede" beskou het. Dit is ook duidelik dat hulle enige optrede wat die verdeling wat selfs tussen familielede en bloedverwante voorgekom het, verder kon aanwakker, ten alle koste wou verhoed het.

Die groot belang van die Patriot-beweging was daarin geleë dat

> *for the first time we have a burgher document addressing the issue of their survival in a way that transcended the immediate self-interest of the authors.*

---

[199] A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* deel 1, pp. 159-160.

[200] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 160.

Die Wes-Kaapse gebied vanwaar die leiding gekom het, was gedurende die vroeë 1780's heel voorspoedig maar die leidsliede het "nasionaal" gedink. Hulle hoofargument was dat die *constitutie*, die ekonomiese stelsel en beleid van die kolonie, so geskonde en gebrekkig was dat die toekoms van die hele burgery in gevaar verkeer het – veral ook gesien die posisie van die grensbewoners wat aan verwildering en vermenging blootgestel was.[201]

Jan Cruywagen en die rekwes van 1784

By die vergadering van die Politieke Raad op 17 Februarie 1784 het goewerneur Van Plettenberg ter tafel gelê

> *Zeeker request door den oud burgerraden Johannes Meijndertz Cruijwagen en Hendrik Oostwald Eksteen, mitsgaders den oud Heemraad aan Stellenbosch Hendrik Cloete neevens nog Elf Ingeseetenen zo uijt dit Caabse district as die van Stellenbosch en Drakenstein onderteekend ....*[202]

In hierdie geskrif het die vertoëmakers 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die *praesente Constitutie*, d.w.s. die ekonomiese beleid en toestand van die kolonie en hulle vrees dat daar weer teruggeval sal word in die swak ekonomiese omstandighede wat voor die oorlog geheers het. Daar word versoek dat die Here XVII moet tussenbeide tree dat meer geleenthede geskep kan word vir koloniste om hulle produkte te verhandel.[203] Die ondertekenaars van die versoekskrif het ook die vrees uitgespreek dat die misnoeë wat onder die burgers waarneembaar was sou toeneem en dat dit tot nadeel van die algemene welvaart sou wees. Hulle het dit beklemtoon dat die *constitutie* die vernaamste rede was waarom rus en geluk soos hulle voorouers dit geken het nie meer bestaan het nie en dat hulle nakomelinge al minder daarvan sou kon geniet.[204] Hulle het ook nadruk daarop gelê dat met die uitbreiding van die kolonie, as gevolg van die veeteelt waartoe mense hulle toevlug geneem het en die lang afstande na die markte, toenemende verarming en verwildering sou voorkom.

---

[201] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 55.

[202] Internet www.tanap.net, C166, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 131-152.

[203] Internet www.tanap.net, C166, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 131-152.

[204] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., bylaag E, (volledige dokument) p. 227.

Die goewerneur het sy verwondering uitgespreek oor die standpunt dat die *constitutie* van die kolonie swak was terwyl dit sedert die stigting nooit in 'n *beeter en florisanter* [voorspoediger] *Staat* verkeer het nie. Daar is wel ingestem dat die toestand voor die oorlog rede tot kommer gegee het.[205] Daar is eenparig besluit om die voorgenoemde dokument in sy geheel aan die Here XVII te stuur met van die kommentaar wat daarop gelewer is.

Die prentjie wat die groepie geskets het oor die ekonomiese gesteldheid van die burgers het ooreengestem met wat in die eerste gedeelte van die burgermemorie van 1779 geskrywe was. Die groot verskil tussen die twee dokumente lê daarin dat die ondertekenaars van die 1784-versoekskrif geen melding gemaak het van die optrede van amptenare nie.

Dit is duidelik dat van die name op die versoekskrif heelwat gewig gedra het by die Kaapse owerheid. Die eerste drie ondertekenaars, Jan Meyndert Cruywagen en Hendrik Oostwald Eksteen was eerbare ou-burgerrade en Hendrik Cloete die oud-heemraad was 'n bekende Kaapse boer; vanaf 1778 bestuurder van sy vader sy plaas Groot Constantia en van 1799 eienaar van die landgoed.[206] Die Politieke Raad het die drie here uitgesonder en op 19 April 1786 verklaar dat hulle nie alleen van die vermoëndste, oudste en vernaamste families van die Kaapse burgerstand was nie, maar ook dat al die ondertekenaars

> *zig altoos afkeerig hebben getoond van het gedrag en de handelswijze bij een ander gedeelte der inwoonderen gehouden.*[207]

Die laaste opmerking was 'n sinspeling op die Patriotte.

'n Brief wat Joachim van Plettenberg, die afgetrede goewerneur na sy vestiging in Nederland, aan Hendrik Swellengrebel, die Kaapsgebore seun van 'n vroeëre goewerneur met dieselfde naam, geskrywe het, bevat ook interessante inligting oor

---

[205] Internet www.tanap.net, C166, Resolusies van die Politieke Raad, pp. 131-152, & C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., p. 122

[206] D.J. van Zyl, "Hendrik Cloete", D.W. Kruger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 3, p. 165.

[207] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte*..., p. 120.

Jan Cruywagen. Hendrik Swellengrebel (jnr.) het 'n lewendige belangstelling in Kaapse sake behou hoewel hy ná sy studies in Nederland nie na die Kaap teruggekeer het nie. Hy het die Kaap wel gedurende 1776-77, gedurende die regeertyd van Van Plettenberg, besoek en twee reise waarvan een na die binneland, onderneem. Daarna het hulle redelik gereeld aan mekaar geskrywe.[208] Van Plettenberg het op 26 November 1785 'n brief geskrywe ter nakoming van 'n vroeëre belofte dat hy 'n kopie van sy memorie oor die Kaap aan Swellengrebel sou stuur. Hierdie memorie was eintlik die *Consideratiën*, of Van Plettenberg se antwoord op die burgerpetisie van 1779 wat hy in 1781 aan die Here XVII gestuur het. Verwysende na dié dokument skrywe hy dat die enigste persoon uit die Kaapse burgerstand met wie hy die geskrif bespreek het en aan wie hy 'n kopie gegee het,

> *is geweest den Oud Burger Raad en Capitein der Cavalery, Jan Meindertsz Cruywagen, bij Uw bekend. Ik dagt dat hij een der raisonnabelste en onpartydigste der Burger Patriotten was...*[209]

Van Plettenberg bedoel hier seker ook oud-kaptein van die kavallerie as in ag geneem word dat Jan weens sy jig-probleem in 1773 van sy bevelsposisie afstand gedoen het. Indien hy wel sodanig herstel het dat hy weer sy vroeëre pos opgeneem het, is niks wat daarop dui, raakgeloop nie.

Die Politieke Raad het Jan Cruywagen aangeprys omdat hy homself afkerig betoon het van die gedrag van die Kaapse Patriotte. Van Plettenberg noem hom wel 'n burger-patriot maar 'n rasionele en onpartydige persoon. Dat Jan Cruywagen, soos die Patriotte, erg bekommerd was oor die *constitutie* of ekonomiese toestand van die kolonie en uitweë gesoek het uit ongesonde en toekomsbedreigende omstandighede, blyk uit die versoekskrif wat hy en sy medeondertekenaars aan die Here XVII laat deurstuur het. Genoemde geskrif het merendeel dieselfde sake as die Patriot-voorleggings bevat. Dat Cruywagen nie 'n ondertekenaar van die burgermemorie van

---

[208] G.J. Schutte, "Hendrik Swellengrebel (die jonge)", D.W. Kruger & C. J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 3, p. 798.

[209] G.J. Schutte e.a. (reds.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel jr. oor Kaapse Sake 1778-1792*, Van Riebeeck-Vereniging 2e reeks nr. 13, p. 218. NOTA: Die datum van die brief word aangegee as 26 November 1725. Dit moet 'n drukfout wees want in 1725 was beide die skrywer en die ontvanger nog nie gebore nie. Dat dit 1785 moet wees, blyk ook uit die datum-orde waarin die briewe in die bundel op mekaar volg.

behoeftes voorsien was en daar ook rekening gehou was met wat Indië en Europa benodig het,

> *kan die Goewerneur* [dit] *opkoop vir rekening van die Kompanjie; teen pryse wat jaarliks vasgestel moet word deur 'n kommissie bestaande uit 6 lede, aangestel deur die Goewerneur en Politieke Raad uit die Raad van Justisie; 3 Kompanjiesdienare en 3 burgerrade.*[211]

Die verstokte en vasgewortelde merkantilistiese beleid van die kompanjie het min ruimte gelaat vir dramatiese veranderinge in en aanpassings aan beleidsrigtings en die bestuursopset aan die Kaap. Dit is egter duidelik dat die versoekskrifte nie sonder uitwerking was nie en dat besluite wat 'n mate van verligting kon bring daaruit gespruit het.[212] Gesien die tydsomstandighede en die stand van die kompanjie se sake, is daar van owerheidsweë nie veel vermag nie.

Die burgermemorie van 1779 het reaksie van die goewerneur en ander ingesetenes uitgelok en 'n onverkwiklike twis en tweespalt onder die Kaapse ingesetenes tot gevolg gehad. Die rekwes van Jan Cruywagen en sy klein groepie mede-ondertekenaars het volgens alle aanduidings geen negatiewe reaksie van medeburgers uitgelok nie. Die reaksie wat daar was, was uiters positief: aanprysing deur die Politieke Raad en goewerneur Van Plettenberg soos reeds genoem. Jan Cruywagen-hulle was seker ook baie in hul skik dat die Here XVII kennis geneem het van hulle vertoë en daarop gereageer het deur meer ruimte te skep vir die verhandeling van landbouprodukte.

Die woelinge onder die Kaapse burgers het voortgeduur. Binne die Kaapse koloniale gemeenskap, klein soos dit was, het twis en onmin op baie lewensterreine voorgekom. Die kerk is in dié opsig ook nie gespaar nie. 'n Uitgerekte gemeentelike en kerklike twis het ontstaan met die verkiesing van die heemraad en burgerluitenant, Thomas Arnoldus Theron, as ouderling van die gemeente Drakenstein in Desember 1771. Hy is as kandidaat vir die amp deur die Politieke Raad geskik bevind vir verkiesing. Daar was egter gemeentelede wat beswaar aangeteken het teen Theron se benoeming omdat hy glo in onvrede en liefdeloos teenoor sy bure gelewe het en hulle roekeloos skade

---

[211] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, pp. 78, 79.

[212] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 82.

berokken het met waterleibeurte uit die rivier. Een van die beswaarmakers was Tielman Roos, een van die vier ondertekenaars van die burgerpetisie van 1779. Roos en drie ander beswaarmakers se volgehoue verset teen Theron se verkiesing het daartoe gelei dat hulle weens [h]*unne halstarrigheid en ongehoorsaamheid aan de bevelen van hunne wettige Overigheid ... als wegens hunne onverzoenelijkheid* onder kerklike sensuur geplaas is.[213] Die hele aangeleentheid het ook by die Here XVII en in die Klassis van Amsterdam weerklank gevind.[214] Uitgerekte korrespondensie tussen die partye het gevolg en intussen het gesindhede verhard en het ds. Petrus van der Spuy, die leraar, so erg in die spervuur beland dat hy in 1781 om sy ontslag gevra het. 'n Jong Duitse proponent, Robert N. Aling, wat in die vakature aangestel is, het die gemeente Drakenstein weer tot vrede en eensgesindheid gelei.[215]

Dit was onvermydelik dat strydpunte algaande verstrengel geraak het en dat Kaapse burgers kerksake en ekonomies-politieke aangeleenthede lustig vermeng en in hulle twiste bygesleep het.

Die rol van *notabele burgers*

In moderne staatkundige en politieke denke neem die demokrasie, breedweg omskryf as die gelykheid in politieke mag van elke individu, 'n baie prominente plek in. Hierdie gelykheidsideaal waarna ook as volksoewereiniteit verwys word, blyk selfs vir teoretici nie in die politieke praktyk realiseerbaar te wees nie.

> *Teenoor die demokrasie staan die idee van elitisme waarvolgens as noodwendige eienskap van alle samelewings aanvaar word dat dit deur 'n minderheid regeer word. Tussen die kernidees van hierdie twee benaderings bestaan klaarblyklik 'n onoplosbare spanning.*[216]

---

[213] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 92.

[214] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte...*, p. 91 & G.J. Oberholtser, "Die geskiedenis van die gemeente: 1691-1795", *Kwartmillenium gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Paarl*, p. 59.

[215] G.J. Oberholtser, "Die geskiedenis van die gemeente: 1691-1795", *Kwartmillenium gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Paarl*, pp. 65, 66.

[216] P.J. van Niekerk, "Rol van die elite in die demokrasie", A.M. Faure, D.J. Kriek e.a. (reds.) *Suid-Afrika en die Demokrasie*, p. 179.

Aristoteles, die Griekse wysgeer, het in sy klassifikasie van politieke stelsels naas regering deur een (monargie) en regering deur baie (demokrasie) ook regering deur 'n paar (aristokrasie of elite) in die kollig geplaas. Hierdie klassifikasie is vir eeue lank deur teoretici aanvaar maar is deur elite-teoretici van die laat 19e en vroeg 20e eeu bevraagteken.

> *Hulle ontken die moontlikheid van monargie en demokrasie omdat een persoon nie die samelewing kan regeer sonder die hulp van 'n regerende klas nie en die massas te onbevoeg en ongeorganiseerd is om hierdie verantwoordelik te aanvaar.*[217]

Hoewel daar nie eenstemmigheid onder teoretici oor die saak bestaan nie, word die invloed van elite-groepe nie betwis nie. Op grond hiervan word aandag aan die Kaapse samelewing gegee en gelet op die rol wat prominente en leidinggewende individue, die bolaag van die samelewing, gespeel het.

Dit is bekend dat die State-Generaal, die Nederlandse owerheid, baie regte en voorregte aan sy burgers toegeken het sodat hulle beskou is as van die vryste mense in Europa. Die VOC as stigter van die Kaapse verversingstasie het egter sy handelsmonopolie krampagtig beskerm en min geleenthede, veral op ekonomiese gebied, aan Kaapse burgers gelaat. Hierdie beleid het vir baie jare ook 'n invloed gehad op die natuurlike en vrye ontwikkeling en strukturering van die Kaapse gemeenskap want daar was min ruimte vir differensiasie en stratifikasie binne die klein sosiale opset. In Kaapstad kon koloniste klerke word, gastehuise bedrywe en by handelsaktiwiteite, selfs smokkel, betrokke raak. Geeneen van hierdie aktiwiteite was 'n besondere bron van welvaartskepping nie met die gevolg dat slegs 'n klein gegoede bolaag of hoër stand na vore getree het.[218]

Groter ekonomiese aktiwiteit teen 1778, veral weens die groter toeloop van vreemde skepe, het sake aansienlik laat verander. Groot produsente wat dit kon bekostig om hulle wyn terug te hou dat dit kon verouder en hulle graan opgeberg het vir tye van

---

[217] P.J. van Niekerk, "Rol van die elite in die demokrasie", A.M. Faure, D.J. Kriek e.a. (reds.) *Suid-Afrika en die Demokrasie*, pp. 179, 180.

[218] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought: Analysis and documents*, volume 1: 1780-1850, p. 2.

hoë aanvraag, het opgang gemaak. Op die wyse ontwikkel daar 'n elite wat ekonomies en polities dominant was:

> *a small fairly prosperous bourgeoisie, consisting of top government officials (some born at the Cape), the monopolists and the entrepeneurs of Cape Town, and a few wealthy wine and wheat farmers who lived on large farms ... employed white foremen and owned many slaves.*[219]

Tot die ontstaan van 'n "hoër stand" binne die gemeenskap het die kompanjie en meer bepaald die Politieke Raad, ook 'n bydrae gelewer. Hoewel daar min sprake van enige demokratiese geneigdheid by die kompanjie teenwoordig was, het burgers algaande groter verteenwoordiging op regeringsliggame gekry soos reeds beskrywe is. Die *aankweeking van bequaame subjecten* sou die vrugbare resultaat van uitgebreider burgerdeelname wees. Inwoners is versoek om voorstelle te maak van *de fatsoenlykste burgers ofte haare soons* wat geskik sou wees om op plaaslike liggame te dien.[220] Dit is van hierdie bekwame en fatsoenlike onderdane, 'n elite of aristokrasie, wat dikwels leiding geneem het om die burgery se belange te bevorder en te beskerm en invloed op die owerhede uit te oefen.

Daar is reeds verwys na 'n paar oudburgerrade wat in 1716, sonder medewete van die Politieke Raad, 'n klagskrif oor amptenaar-boerderye aan kommissaris Abraham Douglas voorgelê het – 'n dokument wat positiewe resultate ten gevolg gehad het. Ook gedurende die woelige jare tussen 1779 en 1785 het die burgerrade 'n groot rol gespeel. Dit was burgerrade en heemrade van Stellenbosch en Drakenstein, wat die petisie van 1779 ingehandig het.[221]

Onder die ondertekenaars van memories, die indieners van versoekskrifte en in die geledere van burgerafgevaardigdes om met die Here XVII en die State-Generaal te onderhandel, was manne wat in die elite-kategorie geval het. Met die besoek van kommissarisse Nederburg en Frijkenius in 1792 het burgerrade daarin geslaag om al

---

[219] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought...*, p. 5.

[220] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 38, 39.

[221] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 39.

die pligte, wat hulle so lank as 'n nie-wettig-erkende liggaam vervul het, konstitusioneel erken te kry.[222]

Hierdie nuut-erkende kollege het nie op sy louere gerus nie. Van die lede het die kommissarisse versoek dat later voorsiening gemaak moes word vir die verkoop van burgers se produkte in die vaderland. Terwyl die burgerrade voorspraak gemaak het vir die belange van die burgers het hulle hulle nie vereenselwig met die verontwaardiging wat onder alle dele van die bevolking toegeneem het nie. Die kommissarisse is op 9 April 1792 gewaarsku dat *een aantal van meer as 150 burgers bestaande in zommige notabele dog voor het grootste gedeelte van mindere classe* besig was om 'n klagskrif op te stel teen nuwe belasting wat gehef is.[223]

Die verdeling van die bevolking in '*notabeles*' en '*mindere classe*' het ook in die kerklike lewe van daardie tyd voorgekom.[224] Aangesien kerk en staat in die 18e eeu nou verbonde was, was daar oor die terrein en taak van elkeen dikwels botsings. In die meeste van hierdie geskille was verteenwoordigers van die burgers betrokke en hulle was meestal die *notabeles*.[225]

Verskeie kommissarisse het hulle oor onderwystoestande aan die Kaap uitgespreek en in hulle verslae voorstelle gedoen vir die verbetering van die onderrig en opvoeding van kinders. Die rykste burgers en amptenare wat nie met die onderwys aan die Kaap tevrede was nie het hulle kinders op 'n jong ouderdom na Nederland gestuur vir onderrig aldaar. Kommissarisse Nederburg en Frykenius het ook hulle bes gedoen om sekondêre onderwys aan die Kaap te bevorder maar tog *was dit ... die vernaamste*

---

[222] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 43.

[223] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 43.

[224] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 45.

[225] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, pp. 46, 47.

ingesetenes van Kaapstad, sowel burgers as amptenare wat die eerste stappe in hierdie rigting gedoen het.[226]

Soos reeds bekend, het burgers en burgeroffisiere gedurende die 18e eeu 'n belangrike rol gespeel as verdedigers van hulle land. Militêre diens was verpligtend maar nieteenstaande die dwang wat daaraan verbonde was, het offisier en burger hulle plig geken. Johannes Cruywagen het, soos reeds verhaal, hom in 1739 uit eie beweging aangemeld om 'n kommando teen die Khoisan te lei. Van die aanbevelings wat hy gemaak het ter beter beveiliging van burgers se lewe en eiendom in die noordelike grensgebied het gewig gedra en is sonder verwyl geïmplementeer. Kaapse goewerneurs het dikwels van *notabele* burgers gebruik gemaak om met besondere take te help. Die geskiedenis van Johannes is daarvan genoegsame bewys. Van hom staan daar in hoofstuk vier immers aangeteken *he was without doubt, one of the wealthiest and most influential men in the colony.* Hy was 'n *notabele* heer en een van die elite by uitnemendheid wat koers aan sake in die breër gemeenskap gegee het en wat ongetwyfeld aansienlike invloed op die denke en optrede van bewindhebbers gehad het.

Dit blyk dat Jan Cruywagen baie na sy vader geaard het. Hy moet ook as 'n *notabele*, in die geledere van die elite en deel van die *gentry* gereken word. Daarvan getuig sy uitgebreide belange, sy betrokkenheid by en diens op owerheidsliggame en in die burgermilisie en kerklike aangeleenthede en die invloed wat hy en ander in daardie kringe uitgeoefen het.

Die 1784 versoekskrif wat Jan en sy mede-ondertekenaars aan die Here XVII en die Politieke Raad gerig het, was van indringender betekenis as die geringe ekonomiese regstellings wat dit tot gevolg gehad het. Giliomee wys daarop dat daar gedurende die 18e eeu nie 'n intellektuele elite bestaan het wat hulle op 'n sistematiese en deurlopende grondslag besig gehou het met die voortbestaan van die Kaaps-geborenes van Europese afkoms of Afrikaners as 'n kollektiewe eenheid nie. As kollektiwiteit of groepering het die inwoners hulleself gesien as kompanjiesamptenare of as burgers.

---

[226] A.J. Böeseken, "Die Nederlandse kommissarisse ...", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944, p. 54.

Hy oordeel dat daar 'n uitsondering was en wel in die voorspraak wat Jan Cruywagen gemaak het in die 1784-dokument waarvan hy eerste ondertekenaar was.[227] Daarin word immers kollektief vir die ingesetenes *en hunne Nakomelingen in de Colonie* voorspraak gemaak dat hulle *gelijk hunne Voor-Vaderen een gelukkig bestaan bestendig te mogen hebben en aan de Vaderlande zoo veele brave Burgers* kon verseker.[228]

Die meeste van die *notabeles* of elitegroep aan die Kaap het redelik groot of omvangryke ekonomiese bronne gehad om op te steun. Hulle was landhere, sakemanne en paghouers. Dit kan die indruk wek dat hulle betrokkenheid om die ekonomiese posisie van die Kaap te probeer verbeter op eie belang gerus het. Dat daar enkelinge was wat met daardie gesindheid opgetree het, kan seker nie betwyfel word nie. Giliomee beklemtoon die gewig wat die sienings en invloed van die *gentry* gehad het en dat daar vir die eerste keer voorleggings aan die owerhede gemaak was wat verder gestrek het as die belange van die opstellers.[229] By die afwesigheid van 'n intellektuele elite was daar wel 'n belangrike bolaag, 'n leidinggewende elite wat vanuit 'n ander steunbasis, die ekonomiese, probeer het om die breër belang te bevorder. In die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke denke was dit ook hierdie elite-bolaag wat die toon aangegee het.

> *From the outset Afrikaner political thinking was not the unified product of an undifferentiated group consciousness, but tended to reflect the social differences and economic cleavages which existed within the settler community at large.*[230]

Nieteenstaande sosiale strukturele verdelings en ekonomiese verskille was daar tog 'n gemene deler soos in die eerste hoofstuk verduidelik: almal het gevoel en aanvaar hulle was Afrikaners, 'n benaming om op trots te wees! Die Cruywagens was deel van hierdie ontwikkelingsgang en enkeles het as notabeles hierin 'n betekenisvolle rol gespeel.

---

[227] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 56.

[228] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., p. 232.

[229] H. Giliomee, *The Afrikaners:* ..., p. 47 & pp. 55, 56.

[230] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought*, p. 4.

Sy testament

Jan het toe hy so 60 jaar oud was, 'n redelike gevorderde ouderdom vir daardie tyd, daaraan begin dink hoe oor sy aardse besittings beskik moes word. Sy eerste testament is op 3 Mei 1782 opgestel.[231] Hierdie testament het op 14 Februarie 1788 'n hersiening ondergaan en ander eksekuteurs is aangestel. Die nuwe eksekuteurs was Johannes Meijndert Cruywagen, Jan se oudste seun, Cornelius Cruywagen, een van Jan se broerskinders en burgerraad Hendrik P. Warneke. Hierdie verandering was genoodsaak deur die dood van die oorspronklike eksekuteurs of dat hulle na die vaderland vertrek het.[232]

In die testament het Jan bepaal dat persone oor wie hy en sy vrou doop- of huweliksgetuies was elk f1 000 sou ontvang. Twee kinders oor wie sy seun Nicolaas peet- of doopgetuie was, sou 'n gelyke bedrag erf. Voorts moes 10 slawe en vyf slavinne wat by name genoem word en hulle kinders na sy dood vrygestel word. Twee van die slawe moes by vrystelling elk f100 ontvang. Aan die diakonie van die kerk word f3 000 nagelaat om van sy slawe wat vrygestel sou word op hulle oudag, of wanneer hulle liggaamsgebreke sou opdoen, te help onderhou. Die 13 oorlewende kinders van sy broer, Gerrit Hendrik en die Van Schoor-kinders van sy twee susters, Susanna en Catharina Everdina, word gelykop uit die boedel begunstig.

Wat vreemd is van hierdie bemakinge is dat sy eie kind nie as erfgenaam genoem word nie. Sy seun, Nicolaas, was moontlik met die opstel van die boedel reeds oorlede, daarom dat ter herinneringe aan hom kinders oor wie hy getuie was, as erfgename genoem is. Sy oudste seun, Johannes Meijndert, was 'n eksekuteur, maar nie 'n erfgenaam nie. Die aanvaarbaarste verduideliking vir hierdie toedrag van sake is dat Jan reeds voor sy dood goed vir sy enigste oorlewende seun gesorg het en vaste eiendom, kontant en ander bates aan hom oorgedra het. Jan het op 26 Februarie 1784 'n verdere interessante wysiging aan sy testament laat aanbring. Hy het die bepaling waarvolgens Jeftha, een van sy slawe vrygestel sou word, herroep omdat hy hom

---

[231] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/35, Meester van die Hooggeregshof, nr. 20.

[232] Kaapse Argiefbewaarplek, CJ 2646, Raad vir Justisie, pp. 252, 253.

swak gedra het. Wat Jeftha se misstap was, word nie genoem nie – hy was nie vir vryheid bestem nie. Jan het hom verkoop.[233]

Dat slawe vrygestel is op die wyse soos in Jan se testament, het redelik gereeld aan die Kaap voorgekom. Die mensliewende verhouding wat tussen eienaars en hulle ondergeskikte en onvry dienaars ontwikkel het, word deur verskillende dade van welwillendheid gedemonstreer. Onthou moet word dat daar owerheidsvoorskrifte was, onder andere oor die geldelike voorsiening wat gemaak moes word om te verhoed dat slawe na vrylating 'n las vir die owerheid en die diakonie sou word. Bo en behalwe hierdie verpligte gelde wat betaal moes word, het eienaars, soos duidelik spreek uit Jan se voorbeeld, bykomende voorsiening gemaak vir slawe wat swaar en ongelukkige omstandighede tegemoet kon gaan. Waar Jan soos ander notabele burgers, druk uitgeoefen het op slawe-eienaars wat hulle aan swak arbeids-en verhoudingspraktyke skuldig gemaak het, is dit duidelik dat hy op navolgenswaardige wyse die voorbeeld gestel het – en daar was baie soos hy.

Jan se bedrywighede het met die ouderdom al meer afgeneem. Teen 1788 het hy nog na meer persoonlike sake omgesien soos wysigings aan sy testament maar van openbare betrokkenheid is geen verdere vermelding gevind nie. As invloedryke notabele burger en as sobere en gebalanseerde raadgewer is hy seker nog deur kinders en vriende uit die burgery asook amptenare wat wyse leiding verlang het, besoek. Dat familielede welwillend aandag aan hom gegee het en dat hy hulle bedagsaamheid waardeer het, spreek uit die feit dat 'n groot aantal van hulle met erflatings begunstig is.

Hierdie gerespekteerde en hoogaangeskrewe Kaapse burger is in 1791 oorlede. Niks is bekend van sy gesondheidstoestande en die oorsake van sy dood nie. Pynlike jig, wat veroorsaak het dat hy sy bevelsposisie by die ruitery moes ontruim, kon 'n bydraende faktor gewees het. Dit is nie bekend wanneer Geertruida oorlede is nie.

Jan se spore lê diep oor 'n groot deel van die Kaapse geskiedenis van die tweede helfte van die 18e eeu – wat geskrywe is oor sy kerklike en militêre betrokkenheid is

[233] Kaapse Argiefbewaarplek, CJ 2646, Raad vir Justisie, p. 265.

daarvan 'n goeie bewys. As notabele burger was sy invloed egter groter. Hy het invloed gehad op die denke en optrede van owerheidspersone en besluitnemers tot by die Here XVII; hy het die ingesteldhede van medeburgers oor hulle slawearbeiders positief help ombuig en die voorbeeld gestel. Vir hom het die breër belang van die gemeenskap en sy tuisland beslis swaarder geweeg as eie voordeel.

HOOFSTUK 7

GERHARDUS HENDRIK CRUYWAGEN VAN *CRUYWAGEN & KIE*

Jeug en toetrede tot kompanjiesdiens

Gerrit soos daar ook soms na hom verwys word, die vierde kind van die groot boer en baie invloedryke burger, Johannes Cruywagen en sy vrou, Susanna Margaretha (gebore Meyer), is gedurende die tweede helfte van 1738 gebore. Dit word gesê op grond van die datum van sy doop op 21 September 1738.[1] Die Gerhardus-naam kom van sy oupa Meyer na wie hy vernoem is. Die gebruik om te vernoem, dit wil sê om familiename aan kinders te gee, was baie algemeen. Die Cruywagens, met die naam Jan Meijndert wat van oupa na pa en verder langs die afstammelingslyn voorkom, is hiervan 'n goeie voorbeeld. Vernoeming het nadruk gelê op herkoms en het ook gedui op familietrots.[2] Soos reeds aangeteken is, was Jan M. Cruywagen (Jan IV van hoofstuk ses) Gerrit se broer en hulle het twee susters gehad, Susanna en Catharina Everdina, wat met die broers, Adriaan en Evert van Schoor onderskeidelik getroud was. Soos ook reeds vermeld is, het van die groot grondbesitters of landhere in Kaapstad gewoon en slegs op gesette tye besoeke aan hulle plase gebring. Gerrit het na alle waarskynlikheid as dorpskind grootgeword en sy skoolopleiding ook daar ontvang. Periodieke besoeke aan De Grendel, Maastricht en ander plase in sy pa se besit, het seker gereeld voorgekom maar blykbaar by hom geen belangstelling vir die boerdery gekweek nie. Bewys daarvan is dat geen van sy vader se plase aan hom bemaak is nie maar wel aan sy broer.[3]

Gerrit het as nering nie 'n privaat onderneming of bedryf gekies nie maar kompanjiesamptenaar geword. Op sewentienjarige ouderdom word hy in 1755 as

---

[1] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164.

[2] B. Booyens, "Wesenskenmerke van die Afrikaner se identiteit", *Handhaaf*, Augustus 1970, p. 33.

[3] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/6, Meester van die Hooggeregshof, p. 149.

soldaat in owerheidsdiens opgeneem.[4] Dit het egter nie beteken dat hy by 'n militêre gevegseenheid ingedeel was nie. Die rede daarvoor was die andersoortige rangstrukture van die VOC wat soos volg daar uitgesien het: soldaat, assistent, boekhouer, junior koopman en senior koopman.

> *And here it becomes perfectly clear that a person described as a 'Soldier' was, as a rule, no more a 'Soldier' than a 'Junior' or 'Senior Merchant' was a Merchant. After a short probation the 'Soldier' became 'Assistant' or clerk, and received a salary attached to the grade; after that he might obtain the rank of bookkeeper, and later on be promoted to the coveted position of junior or senior merchant; and should he possess the necessary ability, rise still higher.*[5]

Gerrit se vordering in die kompanjie se diens het presies verloop soos pas uiteengesit is. Van soldaat is hy in 1757 tot assistant bevorder en in 1765 tot boekhouer. In 1773 het hy superintendent van die kompanjie se houtstoor en die slawelosie geword. Hy het na 'n tyd as superintendent versoek om tot die rang van junior koopman bevorder te word en om die salaris aan die pos verbonde, te ontvang.[6]

Huwelike en belangrike take

Op 14 Oktober 1759 is Gerrit met Cornelia Sophia Ehlers getroud.[7] Sy was die dogter van Cornelis Ehlers van Amsterdam wat in diens van die kompanjie was en in 1728 aan die Kaap getroud is met Johanna Catharina van der Poel.[8] Vir hulle lewensonderhoud het Gerrit en Cornelia heelwat meer gehad as die klein salaris van 'n kompanjiesamptenaar. Volgens sy ouers se testament sou Gerrit by mondigwording in 1759 f25 000 ontvang het. Hierdie bemaking het vir die jong egpaar seker handig te pas gekom want hulle is nie lank na sy 21e verjaarsdag nie getroud.[9] Soos later sal blyk, is hulle nog verder deur Gerrit se ryk ouers bevoordeel en het hy, strydig met

---

[4] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 266.

[5] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, To the reader, p. iv.

[6] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 266.

[7] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerk-registers), p. 8.

[8] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 191.

[9] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/6, Meester van die Hooggeregshof, p. 149.

kompanjiesvoorskrifte, ook 'n aandeel in een van die grootste handelsbesighede aan die Kaap gehad. Gerrit was ook 'n slawe-eienaar, maar oor die aantal slawe wat hy besit het, is daar nie duidelikheid nie. In 1746 het hy aansoek gedoen vir die vrylating van 'n slaaf, Isaac van die Kaap. Of dié vrylating uit humanitêre oorwegings was of geskied het onder bepalings van die kompanjie, word nie vemeld nie. Hy het wel die vereiste waarborge gegee soos wat die kompanjie by vrystelling van slawe van eienaars vereis het sodat Isaac nie 'n las vir die diakonie of die owerheid sou wees nie.[10] 'n Soortgelyke versoek met die meegaande waarborge vir die vrylating van 'n slavin, Trijn, en haar vierjarige kind, Sara, het in 1779 voor die owerhede gedien.[11]

Soos sy pa was Gerrit ook betrokke by kerklike en owerheidsaktiwiteite. Hy is o.a. in 1764 as diaken gekies en het by ander geleenthede as sekundes verskyn op die lys van aspirant diakens wat die kerkraad aan die Politieke Raad voorgelê het. Hy het van 1768 tot eind 1778 wisselend ook as ouderling van die Kaapse gemeente gedien.[12] As die dienstye van Gerrit en sy broer, Jan, vergelyk word, het hulle by tye saam op die kerkraad van die Kaapstadse gemeente gedien.

Gerrit was van 1765 tot 1777 vir verskillende termyne die kompanjies-verteenwoordiger op die huweliksraad en die weeskamer.[13] Hy is op 24 Maart 1778 ook aangewys as kompanjieslid op die Raad van Justisie.[14] In daardie stadium was hy reeds onderkoopman en opsiener van die kompanjie se houtmagasyn. Sy opsienerspligte is later uitgebrei toe ook die slawelosie onder sy toesig geplaas is. Soos gebruiklik het die lede na twee jaar diens 'n "rusperiode" geneem en is daarna dikwels weer heraangestel. In 1786 was Gerrit nog 'n dienende lid van die Raad van Justisie toe daar 'n ernstige tekort aan brood aan die Kaap was as gevolg van 'n swak

---

[10] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, pp. 266, 263.

[11] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 268.

[12] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 264. & K.M. Jeffreys, Kaapse Argiefstukken lopende over het jaar 1778, p. 121.

[13] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 2, p. 765 (1765); p. 861 (1769); p. 862 (1975); p. 864 (1777).

[14] K.M. Jeffreys, Kaapse Argiefstukken lopende over het jaar 1778, p. 62. & G.J. Schutte e.a. (reds.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel oor Kaapse sake 1778-1792*, Van Riebeeck Vereniging, 2e reeks, nr. 13, p. 48.

koringoes. Met vorige voedseltekorte, veral gedurende die aanvangsjare van die Kaapse nedersetting, is hoofsaaklik rys uit Batavia bekom om die nood te verlig. In 1786 is koring egter uit 'n heel ander en ongewone bron aangekoop.

Teen 1785 het 'n toenemende aantal skepe uit die Verenigde State van Amerika na die Kaap gekom om handel te dryf. Op 17 Februarie 1786 is, na aanleiding van 'n besluit van die Politieke Raad, 'n ooreenkoms aangegaan met Benjamin Carpenter, kaptein van die Amerikaanse skip, *The Benjamin*, wat toe in Tafelbaai was, om so spoedig moontlik 'n vrag koring en meel in Amerika te gaan haal. Hierdie belangrike lading moes die Kaap voor 15 Oktober bereik. Carpenter het terselfdertyd ongeveer tien lêers (±5770 liter) Kaapse wyn saamgeneem om die Amerikaanse mark te toets.[15] Die eerste Amerikaanse skip wat die Kaap aangedoen het, het in 1784 in Tafelbaai anker gegooi. Dit was pas na die afloop van die Amerikaanse Vryheidsoorlog (September 1783) waartydens die toe bestaande 13 Amerikaanse state vry geword het van Britse oorheersing. Daarna het skeepsbesoeke jaarliks toegeneem en gestyg tot 25 in 1792.[16]

Die groot vrees was dat beskikbare voorrade aan koring, meel, beskuit en rys nie sou hou totdat verligting o.a. uit Amerika verwag kon word nie. Vir die Kaapse gemeenskap was dit 'n droewige vooruitsig as in gedagte gehou word dat beskikbare voorrade eers vir die behoeftes van skepe, die garnisoen en personeel op die buiteposte en slawe aangewend sou word. Baie inwoners het reeds begin kla oor die broodtekort en indien daar nie ernstig bespaar kon word, of ander maniere van verligting bedink kon word nie, het die uitkoms maar droewig voorgekom.[17]

Goewerneur Cornelis van de Graaff het die kommissarisse van die Raad van Justisie, wat die klagtes van die inwoners onder sy aandag gebring het, versoek om met maatreëls vorendag te kom om die dreigende situasie te verlig. Suksesvolle voorsorgmaatreëls kon met die hulp van Bo die slegte nagevolge van 'n dreigende

---

[15] G.J. Schutte e.a. (reds.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel* ..., Van Riebeeck-Vereniging 2e reeks nr. 13, p. 224 en voetnoot 6, p. 224.

[16] C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte 1779-1791*, Bylaag G, Statistieke van skeepsverkeer aan die Kaap 1700-1793, p. 239.

[17] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 160.

toestand verlig en moontlik voorkom. Die kommissarisse, van wie Gerrit Cruywagen 'n prominente lid was, het op 10 Mei 1786 'n negetal aanbevelings gereed gehad en aan die goewerneur voorgelê. Op één na is die aanbevelings aanvaar.[18]

'n Uitvloeisel van hierdie oefening was dat kommissarisse Cruywagen en Johannes Smuts aangesê is om land in te gaan en koring wat die boere nog in voorraad gehad het, op te koop. Die dispensier het ook opdrag gekry om met die brouer van Kaapse moutbier, Dirk Gijsbert van Reenen, te onderhandel ten einde hom te beweeg om brouery te staak, of as dit nie moontlik was nie, bierproduksie so te reël dat nie te veel koring gebruik sou word nie. 'n Deel van sy voorraad moes as verdere voorsorgmaatreël aangekoop word.[19] 'n Plakkaat om besparing aan te moedig is skandalig geïgnoreer deur

> *the licensed bakers and others who have only their self-interest in view, and fatten on the necessities of the poor.*[20]

Ander tekorte het ook gedurende die broodskaarste voorgekom. In Augustus 1786 het die kommissarisse van die Raad van Justisie hulle verplig gevoel om ernstig te wys op 'n tekort aan botter and harde vet (kersvet) en die hoë pryse daarvan. 'n Deel van die probleem was dat sekere indiwidue alle beskikbare botter en vet opgekoop het en in plaas daarvan om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien het hulle die opgehoopte voorrade heimlik en ongeoorloof uitgevoer. Dit was totaal strydig met 'n kennisgewing van Oktober 1781 wat die uitvoer van botter, Kaapse seep, kersvet en vervaardigde kerse verbied het. Die kommissarisse het aanbeveel dat die verbod herproklameer moes word as voorsorg teen die verskeping van botter en kersvet. Die eerste handtekening wat op hierdie dokument verskyn, is dié van Gerhardus Cruywagen gevolg deur die van die ander kommissarisse. Die aanbevelings is deur die goewerneur en Politieke Raad aanvaar.[21]

---

[18] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 163.

[19] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, pp. 163, 164.

[20] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, pp. 164, 165.

[21] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, pp. 930, 931.

Teen die einde van 1786 het Gerrit se lidmaatskap van die Raad van Justisie ten einde geloop as gevolg van 'n toevallige sameloop van omstandighede. Op 10 September is sy dogter, Dorothea Hendrika, getroud met Johannes Izaak Rhenius, die sekundus en dus tweede in bevel van die Kaapse regering. Rhenius het voor gesit op vergaderings van die Raad van Justisie en dit sou volgens voorskrifte van die Here XVII, wat in Julie 1717 geneem was, vir Gerrit onwettig gewees het om saam met sy skoonseun op dieselfde liggaam te dien. By besluit van die Politieke Raad is Gerrit uitgesluit van verdere sessies van die Raad van Justisie. Daar is bygevoeg dat hy weer vir aanstelling oorweeg moes word indien die omstandighede sou verander.[22]

'n Groot gesin: die eerste vyf

Ten opsigte van Gerrit se gesin is daar 'n drastiese afwyking van die drie en vier kinders wat uit vorige Cruywagen-huwelike gebore is: hy en sy vrou Cornelia het 18 kinders gehad! Die eersgeborene was Johannes Meijndert wat in Juliemaand 1760 gebore is en op 20 Julie gedoop is. Hier is ook 'n afwyking van die naam Jan Meijndert wat in drie geslagte agtereenvolgens voorgekom het. Die seuntjie kry wel sy oupa se naam, maar sonder die Jan wat vervang word met sy oupa se algemene noemnaam, Johannes.[23]

In 1771 het Gerrit aansoek gedoen om passaat vir sy seun, Johannes Meijndert, na die vaderland om daar onderrig te gaan ontvang. Dié knaap was toe slegs 11 jaar oud.[24] Dit is nie bekend hoe lank hy in Nederland gebly het nie maar hy het na sy vaderland teruggekeer en in 1777 in diens van die kompanjie getree as seeman. Hy is in 1779 na die pos van assistent bevorder en het in die tesourie getrou diens gedoen *not only during the indisposition of his late father, but during the vacancy of the cashiership.*[25]

---

[22] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 3, p. 991.

[23] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag:* nageslag van Jan Cruywagen, *16 April 1999*, p. 4.

[24] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 264.

[25] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 335; C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 172.

Omdat hy buitelandse sakebelange gehad het waaraan hy aandag wou gegee het met die oog op 'n groter inkomste, het hy aansoek gedoen om vryburger te word.

Die tweede kind van die groot familie was 'n dogter, Johanna Catharina, wat op 2 Mei 1762 gedoop is. Sy is op 22 Januarie 1783 getroud met Jacob Pieter Deneys ook de Neijs (29 Augustus 1742 – 25 November 1793). Dit was Deneys se tweede huwelik. Hy het kompanjiesdienaar geword en het tot die rang van koopman gevorder. Hy was o.a. "opperhoof" van die Nederlandse handelspos Sadraspatnam aan die ooskus van Indië en later "pro-interim" (waarnemende) fiskaal aan die Kaap.[26] Johanna is na die dood van Deneys op 16 September 1804 getroud met Dirk Gysbert van Reenen (1754-1828), 'n vaandrig in diens van die kompanjie.[27]

Die derde kind was ook 'n dogter, Susanna Margaretha, gedoop 31 Julie 1763. Sy is op 26 September 1784 getroud met ds. Christiaan Fleck (1756-1820).[28] Die bruidegom word aangeteken as die *Bedienaar des Goddelyken Woords by de Hervormde Gemeente alhier*. Soos reeds aangedui is die wisselvorme Hervormende en Gereformeerde vir die kerk aan die Kaap gebruik. By die nagaan van die kerkregisters is dit opmerklik dat die mans wat 'n besondere amp, of hoë pos in die kompanjiesdiens beklee het, volgens hulle status in die kerkboeke aangespreek word. Later word so 'n geval verder toegelig. Waar 'n blanke dame in die huwelik bevestig is, word sy deurgaans aangedui as *jonge dogter*. Was die bruid egter 'n vrygestelde slavin word sy byvoorbeeld aangeteken as *Cecilia van de Caab vrygegeven lyfeygene*.[29] Voorbeelde is ook gevind waar vrygestelde slavinne wat getrou het, aangeteken is as *vrye Christen*.[30] Hierdie vorm van identifikasie het nie net in huweliksregisters voorgekom nie maar ook in doopboeke en lidmaatregisters. So

---

[26] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 80.

[27] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, p. 763.

[28] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 86.

[29] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 117.

[30] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 140.

byvoorbeeld staan in die gemeente Kaapstad se registers aangeteken: as lidmaat aangeneem *Pieter Johannes Lucas een bastaart Hottentot*, en dan volg *op gedaan belijdenis gedoopt.*[31] Op 8 Desember 1803 is ingeskryf *Jan Nicolaas Swart een Bastaard die op afgelegde belydenis staat gedoopt te worden.*[32]



Ds. Christiaan Fleck een van die eerste drie Kaapse jong mans wat teologiese opleiding in Nederland ontvang het. Hy was predikant in Kaapstad en getroud met Susanna Margaretha Cruywagen, dogter van Gerrit Hendrik Cruywagen en Cornelia Sophia Ehlers. (*Groote Kerk-versameling / Lux Verbi.BM*)

In die registers van die kerk en seker ook by ander geleenthede, is vrygestelde slawe en hulle nakomelinge blykbaar steeds gekonfronteer met hulle eertydse onvrystatus. Synde van nie-suiwer blanke afkoms was hulle die enigste wat aangeteken was met 'n kwalifikasie agter hulle name. Hoewel afkoms wel vroeër heelwat gewig gedra het by die bepaling van indiwidue se status, het dit teen die tweede kwart van die 18e eeu nie

---

[31] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 50.

[32] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 55. Nog voorbeelde p. 56, p. 66.

meer so swaar geweeg nie want die oorgrote getal koloniste was Kaapsgebore, op die punt om volledig Afrikaners te word. Inskrywings soos die voorgenoemdes moet dus grotendeels aan 'n kleuringesteldheid gekoppel word, 'n ingesteldheid wat algaande meer uitgesproke geraak het.

Fleck was een van die eerste drie Suid-Afrikaans gebore jong mans wat in Nederland vir predikant gaan studeer het. Die ander twee was di. Petrus van der Spuy (1722-1809), leraar te Kaapstad en later ook Drakenstein en P.J. van der Spuy predikant van Swartland en daarna Drakenstein.[33] Ds. Fleck se vader het vier van sy seuns na Europa gestuur vir studie en opleiding. Twee is in 1757 oorsee en Christiaan, die latere dominee en sy broer, Johannes, in 1765. Johannes is as leerjonge by 'n horlosiemaker ingeskryf en Christiaan by 'n goudsmit, beide in Duitsland. Christiaan is egter later na Nederland waar hy in die teologie gestudeer het.[34] Ds. Fleck was van 1781 tot 1822 predikant van die Kaapse gemeente. Hy was saam met ds. J.P. Serrurier en dr. H.R. van Lier die dienende leraars toe die pragtige Anton Anreith-preekstoel, waarvan in die vorige hoofstuk geskrywe is, in 1789 ingewy en die Cruywagen-Bybel daarop geplaas is.[35] Ds. Fleck het as predikant die eerste (1795) en tweede oorname (1806) van die Kaap deur Groot Brittanje belewe. Daar is nie aanduidings dat hy hom enigsins met die politiek bemoei het nie, maar hy was die Britse owerhede nie goedgesind nie.[36]

Ongelukkig is niks oor Susanna self bekend nie. Daar kan aanvaar word dat sy as pastoriemoeder haar man getrou bygestaan het en dat sy, gebore in die Kaapse Vlek, aan almal in die gemeenskap bekend was en as predikantsvrou moontlik geliefd was onder die gemeentelede. Sy is in 1795 oorlede en in 1796 is ds. Fleck getroud met Maria Smuts.[37]

---

[33] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1, voetnoot p. 25.

[34] J. Hoge, "Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806", *Archives yearbook for South African history*, 9th year, 1946, p. 99.

[35] A. Dreyer, "Die preekstoel en die Statebybel daarop in die Grote Kerk Kaapstad", *Die Kerkbode*, 24 November 1937, p. 976.

[36] B. Booyens, "Kerk en staat 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p. 33.

[37] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 225. & Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 182.

In 1764 is daar weer 'n seun, Izaak, vir Gerhardus en Cornelia gebore. Hy is op 16 September 1764 gedoop. Daar is geen verdere inligting oor hom opgediep nie en daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hy klein of op 'n betreklike jong ouderdom oorlede is.[38]

Die vyfde gesinslid was Cornelis Cruywagen – gebore op 31 Januarie 1765 en gedoop op 3 Februarie, die vierde dag na sy geboorte. Hy het in Kaapstad opgegroei en in 1781 op 16 jarige ouderdom daar begin werk as soldaat belas met sekretariële werk teen f9 per maand. In dieselfde jaar is hy bevorder tot assistent teen f20 per maand. In September 1786 word hy boekhouer en eerste klerk in die betaalkantoor, *and finally ... pay-ledger-keeper*, maar het aangedui dat hy graag tot die rang van junior koopman bevorder wil word.[39] In 1788 toe die *ledger-keeper*, J.F. Kirsten, opdrag gekry het om na Plettenbergbaai te gaan i.v.m. goedere wat aan wal gespoel het van die wrak van die *Maria*, is sy pligte tydens sy afwesigheid oorgeneem deur Cornelis Cruywagen *who possesses the natural qualifications for the office.*[40]

Cornelis het op 18 Februarie 1787 in die huwelik getree met Margaretha Hendrika Appeldoorn (1769-1854).[41] Haar vader, Johannes Appeldoorn het in 1753 in die Kaap aangeland en was predikant op Stellenbosch van 27 Oktober 1753 tot met sy dood op 20 September 1772. Cornelis was 'n lid van die Raad van Justisie nieteenstaande die feit dat hy nie *groot regtsgeleerde kundighede* besit het nie. Hy was bedrewe in soldywerk en het negosie (koop-handel) goed onder die knie gehad.[42] Op die jong ouderdom van 29 het hy reeds die gesogte rang van koopman beklee.[43]

In die opgaafrol van 1800 kom Cornelis en sy vrou, Margaretha se name voor en word hulle adres aangegee as Bergstraat 18 Kaapstad. Daar word verder melding gemaak

---

[38] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164.

[39] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 318.

[40] H.C.V. Leibbrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 652.

[41] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 99.

[42] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 162, Verbatimkopieë, p. 14.

[43] Internet, www.tanap.net, C 228, Resolusies van die Politieke Raad, 13 Februarie 1794, pp. 274-313.

van vier seuns en twee dogters asook 9 slawe, 5 slavinne en 6 slawekinders. Behalwe vir 6 perde word daar nie na ander bates verwys nie.[44] Voor die aanvang van 1800 was daar vir Cornelis en sy vrou 'n sewende kind gebore. In die opgawe van 1800 word egter slegs ses vermeld omdat 'n dogtertjie, Dorothea Johanna, op drie maande ouderdom oorlede is. Vanaf die einde van 1800 is egter nog sewe seuns en dogters gebore – met ander woorde in totaal 14 kinders. Van hulle is ses egter redelik jonk oorlede.[45]

Omdat Cornelis se kinders nie in die direkte afstammelingslyn waaroor dit in hierdie ondersoek gaan, val nie, word hulle daar gelaat. Dit loon egter om een en ander oor die een seun, Johannes Jacobus (1793-1865) te sê. Hy was 'n sakeman en boer wat Newlands House en ongeveer 22 morge grond in die hedendaagse Nuweland in 1829 van sy skoonvader, Willem Isak Louw, vir £4 600 gekoop het. Die Nieuwe Lande waar later veral groente vir die voorsiening aan skepe gekweek is en meegebring het dat die oorspronklike kompanjiestuin in die stadjie in 'n siertuin omskep is, was geleë aan die laer hange van Duiwelspiek (Windberg) en het gegrens aan die latere Kirstenbosch.[46] Benewens hierdie eiendom het groot dele van Kaapstad, *die hele Tamboerskloof en gedeeltes van Wynberg, Claremont en Nuweland* aan die Cruywagens behoort.[47] Newlands House was lank die buitewoonplek van die Hollandse en later Engelse goewerneurs.[48] Johannes Cruywagen het die eiendom in Januarie 1859 verkoop. Die huis het veranderinge ondergaan maar bestaan nog.

Gerhardus en Cornelia se volgende kind was 'n dogter, Johanna Catharina. Al wat van haar bekend is, is dat sy op 19 Januarie 1766 gedoop is en daar moet aanvaar word dat sy jonk oorlede is.[49]

---

[44] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J37, Opgaafrolle, 22 April 1800, nr.221, p.3.

[45] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165; Genealogiese inligting ontvang van mnr. Reginald Umney, 'n Cruywagenbloedverwant (reeds oorlede) eertyds van Gosforth, Nieu-Suid-Wallis, Australië en in skrywer se besit.

[46] J. Newton Thompson, *The Story of a House*, p.3 & pp. 88-90; Sien ook kaart voor titelblad.

[47] C. Pama, " Dr. T.E. Dönges se stamvaders", *Die Huisgenoot*, 2 Februarie 1968.

[48] J. Newton Thompson, *The Story of a House*, p. 90.

[49] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165

Nog dogters en seuns

Die ouerpaar was geseën met 'n volgende dogter, Dorothea Hendrika wat op 17 Junie 1768 gedoop is. Sy is op 18 jarige ouderdom op 10 September 1786 getroud met Johannes Izaak Rhenius (gedoop 1750-1808) opperkoopman en later sekunde. Rhenius se vader, Johannes Theophilus, was kompanjiesamptenaar wat in 1743 as die eerste landdros van Swellendam aangestel is. Die nuwe distrik is eers in 1745 van Stellenbosch afgestig.[50] Dit het beteken dat toe Rhenius as landdros aangestel is daar nog nie eers 'n gehuggie was wat as hoofsetel vir die landdros en heemrade kon dien nie. Hy en sy heemrade het op die ligging vir die dorp Swellendam besluit.

Izaak Rhenius was met sy troue reeds 'n senior-amptenaar en 'n gesiene man. Dit blyk uit die huweliksregister waarin daar, getrou aan die gebruik en tydgees, erkenning gegee is aan die bruidegom se status. Daar staan hy aangeteken as *Den E Achtbaaren Heer ... opperkoopman en geëligeerd secunde dezes Gouvernements.*[51] Nog 'n voorbeeld van statusvermelding het 'n heer uit Nederland te beurt geval toe hy sy attestaat by die gemeente in Drakenstein ingedien het. Die attestaat was 'n skriftelike verklaring namens die kerkraad van sy gemeente in die vaderland dat hy 'n lid van die kerk was, gesond in die geloof en onbesproke van wandel en lewe. In die Drakensteinse kerkregister is aangeteken, *Geattesteerd van het vaderland op den 1 Maart 1778 Den Hoogwelgeboren Heer Barend Baron van Niewkerk en Nijvenheim.*[52] Attestasie was algemeen in gebruik vir beweging van lidmate tussen gemeentes plaaslik maar ook tussen die Kaap en Nederland en omgekeerd.

Die beweging van mense tussen die kolonie en patria was afhanklik van die kom en gaan van skepe. Soos voorheen verduidelik, het vlote op gesette tye uitgevaar en die tuisvaart vanuit die Ooste aangepak. Dit is gevolglik te verstane dat daar maar

---

[50] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, p. 780; M.E. & A. Rothman, *Die drosdy op Swellendam*, p.3.

[51] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 97.

[52] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 671, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 1.

sporadies aankomelinge geland het vanuit Nederland of die Oosterse koloniale gebiede. Reise vanaf die Kaap is onderneem deur amptenare wat op bevordering na Oos-Indië verplaas is, of vandaar vir dieselfde rede na die Kaap moes kom. Hoër amptenare het na voltooiing van hulle kompanjiesdiens gewoonlik, op uitsonderings na, in Nederland gaan aftree en so het Kaapse nedersetters vroeër ook soms verkies om na die vaderland terug te keer. Dat jongelinge vir beter onderrig, opvoeding en studie Nederland toe is, is reeds bekend. Kerklik is dan met attestasie by 'n gemeente ingeskakel.

Waar die kom en gaan van enkelinge nie besondere gebeurtenisse was nie, is daar tog gevalle wat die aandag getrek het. Dit is o.a. die geval met Frans van Malabar en Agatha van Java wat op 4 Augustus 1746 *Met kerklijke attestatie van Zwolle* na die Kaap gekom het.[53] Die vraag duik dadelik op of dit slawe was wat deur hulle eienaar na Nederland geneem is en vryheid verkry het met hulle aankoms aldaar en of dit vry Oosterlinge was wat om een of ander rede Nederland toe is, daar tot die Christelike-Gereformeerde leër bekeer is en later besluit het om aan die Kaap te vestig.

Die pasvermelde inligting gee 'n aanduiding van hoe die Kaapse gemeenskap deur aankomelinge van elders aangevul is. Daar was nooit groot getalle immigrante nie maar enkelinge, pare en soms ook gesinne. Onder hulle was daar edelliede (notabeles), mense van nie-Europese oorsprong en ook van *mindere classe*. 'n Vreemde versameling maar saam met die Cruywagens en ander ingesetenes (ook van diverse oorspronge) later 'n deel van die gevestigde bevolking.

Izaak Rhenius is in 1786 (voor sy troue) aangestel as sekunde, m.a.w. tweede in bevel van die Kaapse nedersetting. Ná die vertrek van goewerneur Van de Graaff het hy van 24 Junie 1791 tot 3 Julie 1792 as waarnemende goewerneur gedien. Kommissarisse Nederburg en Frykenius het nie 'n hoë dunk van Rhenius as amptenaar gehad nie en hom nie in die vakante pos as goewerneur aangestel nie. Toe die Engelse die Kaap in 1795 oorgeneem het, het Rhenius hom as amptenaar onder die nuwe bewind beskikbaar gestel as ontvanger-generaal en tesourier. Hy is ook in die

---

[53] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 621, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters) 4 Augustus 1746.

pos van kommissaris-politiek, wat hy onder die kompanjie beklee het, herstel en het die regering op kerkraadsvergaderings verteenwoordig om so toe te sien dat die kerk binne die grense van sy bevoegdhede opgetree het.[54] Hoewel Rhenius 'n eerlike man was en *voorbeeldig in de samenleeving* was hy nie 'n baie dinamiese gesagsdraer nie. Hy het hom baie op ander verlaat *tot detriment van zyn gesag en den verreyschten* (vereiste) *invloed in zaaken.*[55]

Aan die einde van 1804 het kommissaris De Mist tydens die Bataafse administrasie aan die Kaap 'n pensioen van 1 500 Kaapse riksdaalders aan Rhenius toegeken vir sy lang diens.[56] Hy het egter die pos van kommissaris-politiek behou omdat die kompanjie voorkeur aan afgetrede amptenare gegee het. Die geringe besoldiging wat aan die pos verbonde was, het jonger amptenare daarvan laat wegskram.[57] Die verhouding tussen Rhenius en die Kaapstadse kerkraad was gedurende sy dienstyd altyd gespanne en die politieke owerhede moes op vele geleenthede ingryp om sake te ontlont en na kalmer waters te voer.

Soos vir die goewerneur het die sekunde ook 'n amptelike woonplek gehad. Na die Britse oorname van die Kaap moes die Rhenius-egpaar die staatskwartiere verlaat. Hulle het toe in die buitewyk, Wynberg, gaan woon.[58] Die huwelik tussen Dorothea Cruywagen en Izaak Rhenius was kinderloos. As vrou van die sekunde wat vir 'n jaar as goewerneur waargeneem het, het sy seker 'n besige lewe gelei met die bywoon en aanbied van amptelike funksies en die ontvang van belangrike gaste, ook van oorsee. Daar is geen aanduiding dat Dorothea nie meer in die lewe was toe hy die Kaap verlaat het nie. Sy het hom seker vergesel na Duitsland waar hy in 1808 oorlede is.[59]

---

[54] A.J. Böeseken, "Johan Isaac Rhenius", C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 4, p. 526.

[55] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 162, Verbatimkopieë, p. 11.

[56] B. Booyens, "Kerk en staat 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, pp. 23, 24.

[57] B. Booyens, "Kerk en staat 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p. 25.

[58] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J37, Opgaafrolle, nr. 890, p. 5.

[59] A.J. Böeseken, "Johan Isaac Rhenius", C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 4, p. 526.

In 'n ontvangslokaal/sitkamer in Tuynhuys, vroeëre goewerneurswoning en latere Kaapstadse kantoor van Suid-Afrika se staatspresident het twee olieverfskilderye van onderskeidelik Johannes Izaak Rhenius en sy vrou Dorothea Hendrika Cruywagen gehang. In 'n brosjure oor Tuynhuys is daar 'n foto van 'n laaikas en twee stoele met die twee skilderye teen die muur.[60] Die byskrif by die foto in die brosjure meld nie wie se afbeeldinge dit is nie maar skrywer het by menige ampsbesoek aan Tuynhuys (tot 1988) voor die skilderye gestaan en met eerbied dié twee lede van die voorgeslag se name op die gegraveerde plaatjies gelees. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat die skilderye tans nie meer in die bepaalde lokaal pryk nie en moontlik êrens saam met ander historiese werke in 'n kelderverdieping 'n oneervolle rusplek gevind het.

Van Gerhardus Hendrik, die volgende seun in die gesin, wat in 1769 gebore is en op 25 Junie 1769 gedoop is, kon geen verdere inligting gevind word nie, 'n aanduiding dat hy moontlik op 'n jong ouderdom oorlede is.[61]

Gerhardus-hulle se negende kind was 'n dogter, Cornelia Sophia. Sy is op 1 Julie 1770 gedoop.[62] Behalwe vermelding dat sy met Adriaan Vincent Berg, 'n wewenaar en lid van die kollege van Weesmeesters, op 9 November 1801 getrou het, swyg die geskiedenis verder oor haar.[63]
Nog 'n dogter, Anna Jacoba word op 3 Mei 1772 gedoop. Sy is op 31 Mei 1795 met luitenant Frans Sebastiaan Valentijn le Seur getroud.[64] Van haar ontbreek meerdere inligting.

Seuns en dogters het mekaar redelik gereeld gevolg want op 12 September 1773 word klein Adriaan Jacobus gedoop nadat hy vroeër in dieselfde maand die eerste lewenslig

---

[60] C.R.E. Renken (opsteller) *Tuynhuys die Kaapse kantoor van Suid-Afrika se staatspresident*, p.12.

[61] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165.

[62] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, p. 165, 42.

[63] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 240.

[64] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 177.

aanskou het. Adriaan is op 30 Junie 1793 met Maria Magdalena Karnspek getroud.[65] Haar grootvader, Daniel Gottfried Karnspek het in 1721 uit Duitsland in die Kaap aangekom. Hy het as soldaat in kompanjiesdiens getree en later tot onderkoopman gevorder.[66] Adriaan en sy familie, wat benewens sy vrou Maria, in April 1800 uit twee seuns en 'n dogter bestaan het, het in Heerengracht 27 gewoon. Daar was ses slawe, drie slavinne en sewe slawekinders in hulle diens. In sy stal het Adriaan twee perde aangehou.[67]

Adriaan was in diens van die kompanjie in verskillende poste. In 1788 was hy werksaam as klerk in die kantore van die Politieke Raad. Hy het aan die einde van 1792 begin werk as geswore klerk by die sekretariaat van kommissarisse Nederburg en Frykenius wat toe aan die Kaap besoek gebring het. Hy moes heel bevredigende werk gelewer het want die kommissarisse het aan hom die rang van onder-koopman toegeken en hom geplaas as assistent-boekhouer in die inkomstekantoor. Met die Britse oorname van die Kaap in 1795 het hy sy betrekking verloor,

> *but true to his fatherland, he had committed the fate of the colony with patience and submission, to the direction of Providence.*[68]

Toe die Kaap in 1803 aan die Bataafse bewind oorgedra is, het hy homself by kommissaris-generaal De Mist aanbeveel en gunstige oorweging versoek wanneer aanstellings gemaak sou word. Of hy suksesvol was met sy poging om tot owerheidsdiens terug te keer, is nie bekend nie.

Die laaste ses

Gerhardus-hulle se twaalfde kind was 'n dogter Elizabeth Wilhelmina (1775-1840). Sy is op 15 Oktober 1775 gedoop.[69] Op 22 Februarie 1801 het sy met die wewenaar

---


[65] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 160.

[66] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 383.

[67] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J 37, Opgaafrolle, 25 April 1800, nr.256.

[68] H.C.V. Leibrandt, Precis of the archives..., vol. 1, p. 344.

[69] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165.



Ds. H.W. Ballot. Hy was predikant op Graaff-Reinet en later Tulbagh. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)



Elizabeth Wilhelmina Cruywagen, dogter van Gerrit Hendrik Cruywagen en Cornelia Sophia Ehlers. Sy was getroud met ds. H.W. Ballot. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)

ds. Heinrich Wilhelm Ballot (c.a.1766-7.1.1814) in die huwelik getree.[70] In die huweliksregister is sy naam ver-Hollands na Hendrik Willem. Die troudatum, 1

[70] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 233.

Maart 1801, in De Villiers en Pama (p. 19) en ook die lewensbeskrywing van Ballot deur Immelman in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1 (p. 49) stem nie ooreen met die datum wat in die huweliksregister aangegee word nie.

Wilhelm Ballot is op Iserlohn in Wesfale, Duitsland gebore. Hy het eers in Duitsland studeer maar begin in 1785 as student in die teologie by Leiden. Hy word in 1790 as predikant georden nadat hy 'n beroep uit Oos-Indië ontvang het. Kort daarna vertrek hy met sy eerste vrou, Hermingonda van Lil na die Ooste waar hy te Malakka in diens van die VOC geplaas was. In Augustus 1797, terwyl die Napoleontiese oorloë gewoed het, het hy met sy vrou en dogtertjie met 'n Deense skip in Tafelbaai aangekom. Hy het die Britse owerheid, wat toe beheer oor die Kaap gehad het, versoek om as predikant aan die Kaap te mag aanbly. Die versoek is toegestaan en hy het vir enkele maande tydelik in Tulbagh gearbei. Op eie versoek is hy in Oktober 1798 as predikant op Graaff-Reinet aangestel waar hy tot Oktober 1800 in die bediening gestaan het.[71]

> *By die eerste vergadering* (van die kerkraad) *moes hy van ouderling Marthinus Wessel Pretorius, vader van kommandant-generaal Andries Pretorius, verneem dat daar geen aantekeninge gehou was van die vorige besluite van die kerkraad nie.*[72]

Tydens sy dienstyd het die kerk afgebrand maar Ballot het ywerig gewerk om 'n nuwe bedehuis op te rig wat, hoewel onvoltooid, in 1800 voor sy vertrek ingewy is. Weer word hy op eie versoek verplaas want die beroeringe onder die burgers en die ongestadigde en gevaarlike toestande op die oosgrens (Derde grensoorlog 1799-1802) was vir die fynbesnaarde Europeër eenmaal te veel. Onder dié spannende omstandighede het hy ongelukkig ook sy vrou aan die dood afgegee.

Dominee Ballot het vir 'n wyle in Kaapstad vertoef waar hy met Elizabeth Wilhelmina Cruywagen getroud is. Na 'n kort tydelike bediening op Stellenbosch word hy in April 1802 predikant op Swellendam. Sy verblyf van skaars 'n jaar hier was ook nie

---

[71] R.M.F. Immelman, "Heinrich Wilhelm Ballot", *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 49.

[72] P.L. Olivier (samesteller), *Ons gemeentelike feesalbum. Oorsig van ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met die geleentheid van die Van Riebeeck-fees 1952*, p. 35.

gelukkig nie en weereens vra hy 'n verplasing. Op 25 Junie 1803 woon hy die eerste kerkraadsvergadering van die gemeente Roodezand (Land van Waveren, Tulbagh) by. Die volgende jaar is naby die kerk en Ballot se pastorie die terrein vir die drosdy van die nuwe distrik Tulbagh aangewys.

Die Duitse reisiger, geneesheer, natuurkenner en skrywer oor die Kaap, Lichtenstein, het die land van Desember 1802 tot die begin van 1806 besoek en deurreis. Op 'n reis saam met kommissaris-generaal De Mist wat in Oktober 1803 begin het, het Lichtenstein ook by die Ballots op Tulbagh aangedoen.[73]

> *Lichtenstein verwys na Ballot as 'n opgeruimde en goedhartige man met 'n vriendelike vrou uit een van die vooraanstaande Kaapse families. Augusta de Mist wat by die geselskap was, getuig in dieselfde sin van die predikant en sy minsame vrou.*[74]

Dit is gelukkig dat hierdie positiewe opmerkings deur die besoekers gemaak was, anders sou daar ook oor Elizabeth, die vriendelike en minsame predikantsvrou van Tulbagh niks aangeteken gewees het nie. Sy kon vir 'n kort glorie-oomblik uit die skadu van haar man tree en in eie reg haarself bekendstel. Min ander vroue het so 'n vermeldingsvoorreg beleef.

Met die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 was een van die voorwaardes van oorgawe dat *Public Worship as at present in use shall be maintained without alteration.* Kommissaris De Mist se Kerkorde sou dus van krag bly. De Mist was deurtrek van revolusionêre denkbeelde en vir hom was die kerk in die eerste plek 'n werktuig van die staat en moes die staat help om die goeie orde te handhaaf. Die Gereformeerde Kerk was dwarsdeur kompanjiesbewind ondergeskik aan die staat en dat hierdie verhouding gehandhaaf sou word, het sir David Baird, die Britse militêre goewerneur, reeds by almal ingeskerp. Die landdros van Tulbagh, H. van de Graaff, broerskind van die gewese goewerneur Van de Graaff,

---

[73] R.M.F. Immelman, "Heinrich Wilhelm Ballot", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 49 & G.H. Spohr, "Martin Heinrich Carl Lichtenstein", *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 3, pp. 533, 534.

[74] R.M.F. Immelman, "Heinrich Wilhelm Ballot", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 49.

> *het die plaaslike leraar, ds. Ballot kennis gegee dat Baird se agt perde op 'n bepaalde Sondag by hom ingekwartier sou word. Ballot het beleefd verduidelik dat dit weens sy pligte op die Sabbat onmoontlik was.*[75]

Oor die weiering is Ballot summier na Kaapstad ontbied en ondanks 'n brief waarin hy sy houding as verkeerd bely het, is hy verbied om na sy huis en gemeente terug te keer alvorens hy slaafse gehoorsaamheid beloof het. Hoe lank Ballot in Kaapstad vertoef het, is nie seker nie maar die optrede teen hom kon hom beswaarlik meer simpatiek ingestel het teenoor die nuwe bewind. Dreigemente van verplasing na ander standplase en weerhouding van die leraar se traktement, is ook teenoor ander predikante gebruik.[76] Of Elizabeth haar man na Kaapstad vergesel het, is nie bekend nie. Moontlik het sy geduldig tuis gewag en sake daar in orde gehou.

Ds. Ballot was 'n groot boekeversamelaar en het reeds met sy vertrek na die Ooste 'n aansienlike boekery met hom saamgeneem. Vandaar het sy versameling hom na die Kaap vergesel waar sy seun Johan Stephen Simeon Ballot (later predikant van George) dit geërf en uitgebou het. Die Universiteit van Kaapstad het die Ballotversameling aangekoop. Die ongeveer 950 boeke handel oor alle moontlike onderwerpe en is 'n belangrike voorbeeld van 'n plattelandse boekeversameling wat 170 jaar lank in een familie in partikuliere besit was.[77]

Heinrich Ballot is op 47 jarige ouderdom op Tulbagh oorlede en is voor die preekstoel in die historiese Tulbaghse kerkgebou (tans 'n museum) ter ruste gelê.[78] Sy weduwee, Elizabeth, het nog vir jare in die huis wat hy naby die pastorie laat bou het, gewoon – 'n gebou wat vandag nog staan. Sy is op 65 jarige ouderdom in September 1840 in Stellenbosch ten huise van G.G. de Wet, oorlede. Uit haar huwelik met ds. Ballot is

---


[75] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 129, 130.

[76] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.130.

[77] R.M.F. Immelman, "Heinrich Wilhelm Ballot", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 49.

[78] R.M.F. Immelman, "Heinrich Wilhelm Ballot", W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 49.

twee kinders gebore: die predikantseun na wie reeds verwys is en 'n dogter, Jacoba Johanna Catharina, wat later getroud is met Gert Hendrik de Wet.[79]



Die oorspronklike kerk van die gemeente Roodezands in die land van Waveren (Tulbagh). Dit is die oudste kerkgebou in Suid-Afrika wat nog staan soos dit in 1756 gebou is. Ds. Ballot is in dié kerk (tans 'n museum) voor die preekstoel begrawe. (*Eeuwfeest-album van de NG Kerk ... 1824-1924.*)

Die dertiende gesinslid in Gerhardus en Cornelia se huis was weer 'n dogter, Catharina Everdina, gedoop op 3 November 1776. Sy is op 18 Maart 1798 getroud met Meyndert Adriaan van Schoor (1770 - ?) op daardie tydstip 'n assistent in diens van die kompanjie.[80] Sy was 'n niggie van haar man soos reeds aangetoon in die hoofstuk oor Johannes. Oor hierdie gesin kon min besonderhede opgediep word. Dit is bekend dat hulle 'n dogter, Cornelia Sophia Johanna (1799-?) in die lewe gebring het.[81] Hulle het in Kortmarkstraat gewoon en het oor die dienste van ses slawe en 'n gelyke getal slavinne beskik. Die gesin het ook 'n perd gehad.[82] Die perd is seker gebruik om die

---

[79] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 6/9/22, Meester van die Hooggeregshof, p. 46, 45.

[80] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165, deel 2, p.861.

[81] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 2, p. 861.

[82] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J 37, Opgaafrolle, nr. 1033.

"speelwagen", 'n vierwiel-perdewaenjie met 'n vaste tent, te trek. "Speel" dui hier op "plesier" omdat die waentjie 'n gesinsrytuig was wat op Sondae en spesiale geleenthede gebruik was. Op die oog af wil dit lyk asof die "speelwagen" die voorloper van die latere verewaentjie of nagmaalwaenjie was.[83]

Uit voorgaande inligting kan die geregverdigde afleiding gemaak word dat die Van Schoors 'n redelike welvarende Kaapse gesin was. Catharina Everdina is op 28 Maart 1803 op 26 jarige ouderdom oorlede.[84]

In 1777 word nog 'n seun, Jan Frederik vir Gerhardus-hulle gebore. Hy is op 3 September 1777 gedoop. Daar kan aanvaar word dat hy betreklik jonk oorlede is, want in 1781 word Gerhardus en Cornelia se sewentiende kind gebore en ook gedoop met die naam Jan Frederik – 'n aanduiding dat die eerste Jan Frederik nie meer daar was om dié naam voort te dra nie.[85] Ná Jan Frederik volg weer 'n seun, Hendrik Everhard, wat op 18 Februarie 1801 getroud is met Anna Jacomina Heyneman.[86] Die huweliksdatum verskil van dié in De Villiers en Pama wat as 3 Januarie 1801 aangeteken is. Voor sy troue het hy in Heerengracht 23 in die Kaapse "middestad" gewoon. Hy was die eienaar van een slavin, vier slawejonges en 'n perd.[87] As stadsbewoner was hy moontlik in diens van die kompanjie of hy het 'n eie onderneming bedryf.

Die sestiende kind was weer 'n seun, die agtste, Mynhard Johannes Cornelis. Die heilige doop word aan hom bedien op 19 Maart 1780. Naas dié skamele inligting is daar niks verder oor hom bekend nie. Dit dui daarop dat hy klein of redelik jonk oorlede is.[88]

---

[83] J. Malan, *Rytuie van weleer*, pp.21, 22.

[84] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 6/2, Meester van die Hooggeregshof, (vol. 1), p. 150.

[85] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165.

[86] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 622, Verbatimkopieë, (Kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 233.

[87] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J 37, Opgaafrolle, 25 April 1800, nr. 304, p. 19

[88] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165.

Die voorlaaste kind was ook 'n seun, Jan Frederik, na wie pas hier voor verwys is. Hy is op 21 Oktober 1781 gedoop.[89] Aangesien sy pa, Gerrit, 'n senior amptenaar van die kompanjie was, kan aanvaar word dat hy in Kaapstad opgegroei het. Hy was getroud met Jeanetta van Brederode (troudatum onbekend) en hulle het, volgens die opgaafrolle van 1821 en 1822, ses kinders gehad van wie twee seuns en vier dogters was. Volgens dieselfde opgaafrolle het hulle op De Hoop gewoon, twee uur se ry van die drosdy.[90] Waar De Hoop geleë was, word nie aangedui nie maar waar daar van 'n drosdy sprake is, moes die plaas in 'n buitedistrik geleë gewees het.

Een van voorgenoemde Jan Frederik se ses kinders, Gerhardus Albertus Frederik, gebore 4 April 1821, is op 3 Junie 1821 in die Swartlandse gemeente (later Malmesbury) gedoop.[91] In die doopkennisgewing staan agter die gemeente se naam Tygerberg. Dit dui seker op die bepaalde wyk van die gemeente wat tot aan die Tygerberg gestrek het. De Hoop kon dus in die noord-westelike omgewing van die Tygerberg-heuwelreeks geleë gewees het wat die twee uur se ry van die drosdy op die latere Malmesbury in konteks plaas.

Gerhardus Albertus Frederik is skrywer se grootjie en omdat hy nie weer voor die einde van hierdie ondersoek ter sprake kom nie, word een en ander oor hom gesê. In die *Genealogiese verslag* oor die nageslag van die stamvader word sy geboortedatum as 1820 aangegee. Daar word van hom gesê dat hy 'n wamaker van die Heksrivier was. Hy is op 16 Februarie 1841 op Worcester getroud met Hester Johanna Magdalena Celliers. Haar vader was Willem Adriaan Celliers. Sy naam het oorgegaan op Willem Adriaan Cruywagen, skrywer se oupa en skrywer is weer na hom vernoem.[92]

---

[89] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen,* 16 April 1999, p. 33.

[90] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, J 52, Opgaafrolle, nr. 14, p. 11.

[91] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 668, Verbatimkopieë (kopieë van N.G. Kerkregisters), p. 19.

[92] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen,* 16 April 1999, p. 33.

Die laaste kind in Gerhardus se groot gesin was Justinus Johannes Cornelis wat op 21 Oktober 1783 gedoop is.[93] Van hom kon ook geen verdere inligting opgespoor word nie wat die vermoede laat ontstaan dat hy ook nie lank in die lewe gebly het nie.

Van hierdie groot familie is vyf kinders klein of redelik jonk oorlede. Dit laat 13 kinders oor wie inligting opgediep kon word soos pas hiervoor aangeteken staan. Hierdie ontleding is korrek want Gerhardus verwys self na sy groot familie van 13 wat hy moet voed en kleed, soos later vermeld word.

***Cruywagen en Kie*: verweer teen aanklagte**

In hoofstuk vyf is redelik breedvoerig uitgewy oor die wisselvallige ekonomiese toestande aan die Kaap en die onaanvaarbare optrede van amptenare wat tot woelinge en onrus onder 'n groot deel van die Kaapse koloniste aanleiding gegee het. Die burgerpetisie van 1779 het ook ruim aandag gekry en die klagtes teen die onderneming Cruywagen en Kie met Gerrit Hendrik blykbaar aan die hoof, is aangestip.

In goewerneur Van Plettenberg se kommentaar op die burgermemorie onder die opskrif *Consideratien en Bylagen van den gouverne. Plettenberg ... 1781*, het hy ook na Gerrit se handelsaktiwiteite verwys. Hy het onder meer geskrywe *dat den burgerstand lijd uit de particuliere commerci die zo door den equipagiemeester* ... [en ook] *die Compagnie van Cruywagen gedreven word,* ... [en waaroor] *reeds generale murmureeringen hebben plaats gehad ....*[94]

Soos onthou sal word, het die Here XVII opdrag gegee dat alle amptenare teen wie beskuldigings geopper was daarop moes reageer. Dit spreek vanself dat amptenare alles in die werk sou stel om hulle self te verontskuldig. Hulle het onder andere gewys op voorregte waarop hulle geregtig was waarvan die petisionarisse onkundig was en die amptenare gevolglik ten onregte verdink is. Daar is ook nie geskroom om deelnemers van die burgerbeweging in die donkerste terme voor te skilder nie.

---

[93] C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 165.

[94] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 170.

Willem Boers, die independente fiskaal was een van die belangrikste getuies van amptenare-kant. Sy wydlopende getuienis is vervat in sy *Verantwoordiging*. Dit word, behalwe vir latere verwysings daarna, daar gelaat met die toevoeging dat dit gekenmerk word deur die onsimpatieke houding wat hy teenoor die Kaapse burgers geopenbaar het en die barse toon van sy hele voorlegging.[95]

Dit wil voorkom of daar van Cruywagen-kant twee verweerstukke ingedien is: een deur die vennote van die firma Cruywagen en Kie. en 'n ander waarin Gerrit sy persoonlike betrokkenheid en posisie uiteengesit het. Die vennote het geantwoord dat hulle slegs matig handel gedrywe het en nie probeer het om die ganse negosie te beheer nie. Voorts wys hulle daarop dat die maatskappy nie alleen uit kompanjiesamptenare bestaan het nie maar ook uit burgers. Hierdie dokument is onderteken deur *Mev. Die weduwee Oudburgerraad P.J. de Wit* [hy is op 13 Augustus 1779 oorlede] *A.J. Blankenberg, Oudburgerraad A.G. Muller, G.H. Cruywagen, C. Brand, H. (J.) de Wet, Abr. Chirion en W.J.A. van Schoor.*[96]

Daar is in die vorige hoofstuk reeds na die amptenare Brand, De Wet en Chirion verwys. Van Schoor bly 'n onbekende behalwe dat hy kan afstam van die twee Van Schoor-broers wat met Gerrit se twee susters getroud was. In die Van Schoor-geslagsregister in De Villiers en Pama kom nie 'n Van Schoor met die voorletters W.J.A. voor nie. Van die burger-vennote, Blankenberg en Muller, kon niks opgespoor word nie. Om as burgerraad verkies te kon word, moes Muller en De Wit eerbare en gesiene burgers gewees het. P.J. de Wit, wie se weduwee geteken het, was 'n welvarende groot grondbesitter en 'n ondernemer van naam. Hy het in 1761 die eerste uitvoerder van aalwynsap, wat op een van sy plase geproduseer was, geword.[97]

Gerrit Cruywagen se *Justificatie op expresse ordere van den Wel Edelen Gestr. Heeren Mnr. Joachim van Plettenberg, Raad extraordinaris van Nederlands India en*

---

[95] C.Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., pp. 38, 39.

[96] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., p. 41.

[97] J.H. Mienie, "Petrus Johannes de Wit", D.W. Kruger & C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 3, p. 237.

Gouverneur van Cabo de Goede Hoop dra die datum 1 November 1780. Dit was 'n redelike lang relaas van 11 handgeskrewe bladsye.[98]

Hy het nie ontken dat hy oor redelike besittings beskik het nie, maar verduidelik dat dit nie deur handeldryf verkry was nie. Hy het ruim van sy ouers, wyle oud-burgerraad Johannes Cruywagen geërf (hy verswyg sy moeder se naam) en daarby het hy 'n goeie huwelik aangegaan. Onmiddellik het hy bygevoeg *dat hy eene swaare familie van dertien levendige kinderen heeft waarvoor hy verpligt is te moeten zorgen.* ('n Vroeëre stelling dat van sy 18 kinders vyf oorlede is en 13 nog gelewe het, word hier deur Gerrit bevestig.)

Soos te verwagte het hy hom sterk uitgespreek teen die burgerafgevaardigdes, Van Reenen, Artoys, Roos en Heyns. Hy noem egter 'n vyfde naam, Taute. Laasgenoemde was die burger, Barend Taute, wat 'n hele aantal briefies geskryf en rondgestuur het om koloniste van geheime byeenkomste te verwittig.[99] Die kern van wat Gerrit die voorgenoemde here toegevoeg het, word woordeliks weergegee om reg te laat geskied aan sy keurige taalvermoë, of dié van hom en die "wetsagent" deur wie hy die dokument laat opstel het. Hy beweer hulle het

> [d]*eel gehad in veelerly twisten, zo in Kerk als burgerstaat, trouwens zij zijn by de welmenende genoeg bekent of voor hoogmoedige en waanwijse grootsprekers of doorbrengers en bedervers hunner eigene huyshoudens, of nijdige en bedilsieke lediglopers, in't korte voor lieden, die door weelde bedorven nog voor wet of overigheid op verre na niet de plichtschuldige eerbied thonende te hebben.*[100]

Watter mate van oorlegpleging daar tussen teenstanders van die Patriotte was, is onbekend maar dat hulle redelik gelykluidende uitsprake oor die burgervoormanne gemaak het, is nie te betwis nie.

Gerrit het toegegee dat hy handel gedryf het maar *niet in de grootheyd als de deposanten* voorgegee het nie. Hy het voortgegaan om daarop te wys dat hy nie 'n onderdrukker van die vryliede was nie, inteendeel, hy het altyd getrag om diegene

---

[98] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, pp. 445-456.

[99] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., pp. 1.2.

[100] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 449.

onder hulle in wie daar iets gesteek het en graag vooruit wou gaan *onder de armen te grypen en haar te ondersteunen.* Indien dit nodig was sou hy, by wat hy reeds genoem het, nog voorbeelde van bewese weldade kon verskaf.[101]

Hy het voorts erken dat hy 'n plaas besit het maar dat daar nie koring, rog, gars of enige ander graan, of ander produkte gekweek, of wyn gemaak was om te verhandel nie. Hy het die plaas hoofsaaklik *gekogt tot een uitvlugt voor sijne swaare familie en om wat groente, vrugten en hout voor sijne huyshouding te hebben.*[102] Hy wys daarop dat hy die plaas in 1767 met die voorkennis en toestemming van goewerneur Tulbagh gekoop het. Hy was van voorneme om op die plaas *allerhande hout voort te qweeken als waartoe ondergetekenden seer genegen is en dit land veel gebrek heeft.* Die plaasgrond was sanderig en nie vrugbaar nie en hy moes broodkoring, perdevoer, wyn en vleis van ander burgers aangekoop het.

Gerrit het pertinent daarop gewys dat hy *alhier te lande gebooren sijnde en wel van burgerlijke ouders* en dat hy natuurlikerwys *een sugt voor't land heeft, en niet meer wenscht, als het land in de beste fleur te zien.*[103] Hierdie laaste patriotiese vereenselwiging met sy geboortegrond was seker bedoel om hom te onderskei van hoër amptenare uit Nederland of Batavia wat hierheen gestuur is en anders as hy, nie 'n gevoel vir die land ontwikkel het nie en maklik landskadelik sou kon opgetree het. In sy betoog het hy verder aangevoer dat indien hy werklik van plan was om te boer hy 'n graan- of wynplaas sou gekoop het, of in die binneland met skape en beeste gaan boer het, in welke geval hy wel in kompetisie met die boere sou gestaan het. Hy het anders opgetree as van die klaers wat smids-, wamakers-, timmermans-, en kuiperswinkels bedrywe het en sodoende *het brood als uijt het mond* van ambagslui geneem het.[104]

Baie van diegene wat klaaglied op klaaglied aangehef het, het volgens Gerrit weinig jare gelede nog min besit en nouliks krediet gehad maar nou het hulle huise van

---

[101] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 449.

[102] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 451.

[103] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 452.

[104] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 453.

f30 000 tot f40 000 aangekoop. Hulle het van die *fraaiste en kostbaarste meubilen, staande horlogien ... silwerwerk en glase klocken* besit. Gister nog was hulle *genoegsaam naakt* sodat hulle nie eers hulle oortoggeld kon betaal het nie en nou het hulle volop besit.[105]

Gerrit het sy betoog afgesluit met 'n dwarsklap na baie van die gewone vryliede wat, volgens hom, net soos die groot here skuldig was aan *luyheyd, vadsigheyd* [ledigheid] *en andere lage hoedanigheeden.* Die regsinniges het diegene wat so ingestel was *in den hoogsten graat verfoeyt.*[106]

Dit is te begrype dat in 'n betoog soos die voorgaande die beskuldigde alle aanklagte in heftige terme sou ontken en onvleiende opmerkings oor die aanklaers en hulle motiewe sou maak. Daarom sou dit veilig wees om die inhoud van die betoog versigtig met groot oorleg te oorweeg. Sonder om enige van die stellings wat ter verweer aangevoer is, te aanvaar of te verwerp, moet na twee sake verwys word: Die eerste wat reeds telkens aangeraak is, is die groot verdeeldheid binne die Kaapse gemeenskap. Goewerneur Van Plettenberg het in sy *Consideratien* aan die Here XVII reeds klem gelê op die *twist tweedragt en oneenigheid* tussen kompanjiesamptenare en burgers onderling. Die erge verdeeldheid het die *grondsuilen* van bestendigheid en welvaart ondermyn.[107] Die swakhede in die ekonomiese gesteldheid van die nedersetting en in die bestuursopset het negatief op die totale bestaans- en toekomsvooruitsigte van die burgerbevolking ingewerk. Die onderlinge verskeurdheid het dit vererger en aanleiding gegee tot 'n geestesingesteldheid wat vir elke ander lewensterrein en bestaansfaset uiters skadelik was.

Die afbrekende persoonlike verwysing na die burgerafgevaardigdes en die veroordeling van hulle motiewe en werkswyses uit soveel monde, moes hulle geloofwaardigheid en effektiwiteit 'n kwaai knou toegedien het. In sommige opsigte het die 1784-versoekskrif van Jan (IV) Cruywagen en sy medeondertekenaars, wat die geloofwaardigheid van die indieners betref, groter gewig gedra as dié van die Patriotte

[105] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, pp. 454, 455.

[106] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 455.

[107] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 8.

gekom het. (Simonsbaai waar die buitepos geleë was, is 'n inham binne Valsbaai. Soms word na Brand verwys as poshouer te Valsbaai). Op al die aanklagte teen hom

[108] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 157, 158.

[109] R. Elphick & H. Giliomee (reds.), *The shaping of South African Society*, p. 263.

moes Brand aanvaarbare verduidelikings gegee het. Hy het ook bewys gelewer van opofferinge wat hy hom ten behoewe van die kompanjie getroos het.

> *Sy opofferinge in die VOC se belang het die direkteure blykbaar tevrede gestel. Die direkteure het hom nie vervolg of sy voorregte verminder nie, en hy het dieselfde praktyke voortgesit.*[110]

Die direkteure het seker so 'n getroue en offervaardige dienaar as Brand in gedagte gehad toe hulle poshouers van sekere verbiedinge uitgesluit het. Met die herorganisasie van die Kaapse administrasie deur kommissarisse-generaal Nederburg en Frykenius gedurende 1792-1793 het Brand nuwe pligte en voorregte gekry. Hulle was so tevrede met Brand se werk in Simonsbaai en sy amp is van soveel belang geag dat die kommissarisse hom as 'n lid van die Politieke Raad aangestel het.[111] Sy seun, die 21 jarige klerk, J.H. Brand, is op sy vader se versoek tot adjunk-poshouer bevorder.

Wanneer die ernstige klagtes van die petisionarisse van 1779 teen die groot handelsvennootskappe in ag geneem word, is dit vreemd dat daar nie met groter daadkrag teen senior amptenare wat hulle misgaan het, opgetree is nie. Die onvermoë of onwil van die owerhede om op te tree, word in 'n mate duideliker wanneer ag geslaan word op wat fiskaal Boers gesê het in sy *Verantwoording* voor die Here XVII. Hy het geskrywe dat hy met sy aankoms aan die Kaap verbaas was om te vind dat byna elke ingesetene handel gedryf het. Hy het die *monopoliers* ongehinderd laat voortgaan want 'n verandering sou tot ruïnering van die kolonie gelei het. *Volgens Boers was dit 'n gebruik wat al die stilswyende krag van wet verkry het.*[112] Die owerhede was seker van gevoele dat hulle 'n deel van die skuld moes gedra het omdat hulle oogluikend toegelaat het dat sake te ver ontwikkel het. Praktyke wat met hulle instemming beoefen was, kon moeilik deur 'n skielike opflikkering van daadkrag reggestel word. Die weg van min weerstand vermeng met 'n gesagsdemonstrasie hier en daar, sou moontlik die grootste getal tevrede gestel het.

---

[110] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 323.

[111] D. Sleigh, *Die buiteposte* ..., p. 323.

[112] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 412.

Dit was 'n onomstootlike waarheid het fiskaal Boers voorts betoog dat geeneen van die kompanjiesdienare van die besoldiging wat hy van die kompanjie ontvang het, kon lewe en bestaan nie, veral nie as hy 'n vrou en kinders gehad het om te onderhou nie. Die waarheid daarvan het hy beweer, word bevestig deur die memories van byna al die kommissarisse wat regeringssake aan die Kaap ondersoek het. Om vir hierdie gebrek te vergoed, was kompanjiesdienare vanaf die totstandkoming van die nedersetting toegelaat om handel te drywe; dus nog vóór daar enige vryman of burger was. Dit was dan ook die standpunt van die fiskaal dat kompanjiesdienare die eerste,

> *de voornaamste en de noodsaakelykste voor die Maatschappye* [was en dat] *de burgers ... naar de origineele intentie en genuine oogmerk van het bewind alhier aan die Hoofplaatse eigenlik niet behoorden te zyn.*[113]

Daar moet aanvaar word dat daar, gesien die oorspronklike oogmerke met die daarstelling van slegs 'n verversingspos, baie here in beleidmakende posisies was wat Boers se sieninge gedeel het. Verskille in standpunte oor die vestigingsdoelwitte het dwarsdeur die kompanjiesbewind voorgekom. Dit het gesorg vir voortdurende spanning tussen amptenare en die burgery en meegebring dat beslissings soms opsigtelik tot voordeel van amptenare uitgeval het. Die skynbare willose optrede teen oortreders, onder andere ook teen Gerrit Cruywagen, moet ook teen dié agtergrond oorweeg word.

Pogings om 'n wolfabriek te begin

Terwyl die gisting in die Kaapse gemeenskap voortgeduur het en verskeurdheid selfs verdiep het, is daar met afwagting uitgesien na die antwoord van die Here XVII op die burgervertoë. Gerrit Cruywagen het seker met 'n mate van ongemak en spanning die Here en Meesters se bevindinge afgewag. Dit het hom egter nie verhinder om met sake wat tot welsyn van die kolonie kon gedien het, besig te wees nie. 'n Groepie vername kompanjiesamptenare waaronder Tobias Rönnenkamp, onderkoopman en sekretaris van die weeskamer en Gerrit Cruywagen asook sy broer, oud-burgerraad

---

[113]S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 410.

Jan Cruywagen en nog enkele vooraanstaande burgers het 'n versoek aan die Politieke Raad gerig wat op 12 Februarie 1782 voor dié liggaam gedien het.

Die petisionarisse het gewys op die toenemende gebrek aan wolware wat onder andere onontbeerlik was vir die kleding van slawe. Hulle het die noodsaak aangevoel om van die land se wolopbrengs karsaai (grofgeweefde en geriffelde wolstof), pyplaken en wolkomberse te vervaardig. Vir die vervaardigingsproses het hulle reeds die dienste van 'n burger by name Frederik Hyneman van Stellenbosch verkry en versoek dus toestemming vir *het fabriceeren der gezegde Articulen te gerieve der Ingezeetenen...*,[114] Daar word dus toestemming gevra vir die oprigting van 'n wolfabriek.

Met meerderheid van stemme was die lede van die Politieke Raad van mening dat toestemming vir die *verzogte proefneeming* gegee moes word, maar fiskaal Willem Boers het hom teen die gedagte uitgespreek. Volgens hom was die tekort aan wolgoedere te wyte aan die heersende oorlog tussen Nederland en Groot-Brittanje wat van 1780 tot 1784 geduur het. Wanneer vrede gesluit word, sou die noodsaak vir so 'n fabriek dus verval. Boers het verder betoog dat volgens die heersende beleid die Kaapse inwoners veronderstel was om produkte uit die vaderland te koop. Plaaslike fabrieke sou reëlreg teen die bestaande beleid inwerk en die invoer van vaderlandse produkte nadelig getref het.[115] Boers was van oordeel dat die versoek vir die oprigting van 'n fabriek afgekeur moes word. Die Politieke Raad het die hele aangeleentheid na die Here XVII verwys. Die bewindhebbers het met Boers se sienswyse saamgestem en in die antwoord op die burgerklagtes in Desember 1783 onder meer verklaar dat die Kaap *in haare Origine niet anders als eene Ververschingplaats der Nederlandsche Oostindiesche Compagnie is beschoud* en dat dit ondergeskik was aan die belange van die kompanjie en die algemene handelsbelange van die Republiek.[116]

---

[114] Internet, www.tanap.net, C161, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 216-240.

[115] Internet, www.tanap.net, C161, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 216-240.

[116] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 430.

Die Kaapse burgers was ongelukkig dat hierdie progressiewe stap in die ontwikkeling van die Kaapse ekonomiese lewe misluk het en kon hulle nie versoen met die sienswyse wat die gehate fiskaal oor die fabriek en Kaapse sake gehuldig het nie. Vir hulle was dit 'n verdere bewys van die onderdrukking wat hulle moes verduur en hoe die fiskaal geleenthede vir selfverryking geskep het.[117]

Dat die burgery in hulle sienswyse korrek was, word onderskryf deur 'n geskrif, *Memorie over de Caap de Goede Hoop, aan het gouverment der Fransche republiek*, wat Egbertus Bergh, 'n eertydse opperkoopman en lid van die Politieke Raad, in 1801 die lig laat sien het.[118] Voornoemde dokument was 'n kritiese beskouing van die kompanjiesbeleid en die misnoeë wat geskep was omdat die burgers nie vrylik oor hulle produkte kon beskik nie. (Frankryk was Nederland se bondgenoot en die skrywer het seker geglo dat die Franse hulp kon verleen het, daarom dat dit aan die Franse regering gerig was.)

Uit die geskrif blyk dit dat die bereiding van leer, hoedemakery en die verwerking van goud en silwer die vernaamste Kaapse nywerhede was. Bergh spreek sy verwondering uit dat mense nog 'n bestaan kon gemaak het as in aanmerking geneem word *de schandelijke tegenwerking, waarmede iemand te worstelen had, die iets wilde ondernemen tot bestwil der Colonie en van het publiek* ... Niks moes gebots het met die *staatkunde* van die Kompanjie of die partikuliere belang van haar *voornaamste amptenaren* nie.[119] Bergh het beweer dat die oprigting van 'n fabriek aan die Kaap geen Nederlandse onderneming sou benadeel het nie. Hy was van oortuiging dat die enigste dryfveer agter die fiskaal se optrede *vuil eigenbelang* was. Daardeur het hy nie alleen die welsyn van die kolonie opgeoffer nie maar ook die geluk en vrede van die samelewing en bowenal *het eeuwig heil der ingezetenen.*[120]

---

[117] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 430.

[118] J. Ploeger, "Egbertus Bergh", D.W. Kruger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 3, p. 62.

[119] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, pp. 430, 431.

[120] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 431.

Daar moet onthou word dat die verspreide Nederlandse oorsese gebiede steeds van die moederland afhanklik gebly het. Teen die einde van die agtiende eeu was die

> *Kaap, wat geen inheemse nywerhede besit het nie, steeds op Nederland aangewese vir 'n wye verskeidenheid goedere: metaalware en werktuie, touwerk, seildoek, verfware, huismeubels, glasruite en glaswerk, papier, penne en inkpoeier, Marseillaanse en groenseep, laken en ander tekstielstowwe soos duffel* [dik dubbelgeweefde wolstof vir oorjasse en matroosklere], *serge en baai* [dik, growwe eenkleurige wolstof vir o.a. tafelkleedjies en gordyne], *garing, katoen- en wolkouse, hoede, musse, linte, garing 'vaderlandsche kaas' en jenewer.*[121]

Broos kleipype van daardie tyd is in groot hoeveelhede ingevoer wat toon dat die rookgewoonte nog steeds gewild was.

Vestigingsdoel en vestigingsverloop

Hierdie episode illustreer die verskil in sieninge oor die vestigingsdoel met die Kaapse nedersetting. Hoewel die oorspronklike oogmerk slegs 'n verversingsplek vir skepe was met aanverwante bedrywighede het die oppervlakte wat bewoon is uitgebrei, die administratiewe struktuur het verander en ook die samestelling van die bevolking; nou het daar mense gewoon wat geen ander tuiste gehad het nie. Die klein buitepos het teen die einde van die 18e eeu 110 000 vk. myl (284 900 vk. km) beslaan en die bevolking het bestaan uit 21 746 "Christene" van wie rofweg 20 000 Europeërs was, 25 754 slawe en 14 447 Khoi-Khoin. Binne die grense was daar ook 'n onbekende getal Xhosas, Khoi-Khoin bittereinders en swerwende tradisionele jagters.[122] Vreemd dat na die verloop van byna 150 jaar nog oor die oorspronklike vestigingsdoel geredeneer is en dat dit as uitgangspunt en grondslag vir kompanjiesbeleid en -optrede voorgehou is. Die Here XVII en elemente in die Politieke Raad en ander owerheidsliggame, veral hoër amptenare van oorsese oorsprong en agtergrond (van wie Willem Boers 'n goeie eksponent was), het eenvoudig nie aanvaar nie dat die Kaapse opset 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan het. Die noodsaak om beleidsaanpassings te maak en bestuursmatig die

---

[121] K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap*, 1724-1765 tans nog ongepubliseerde manuskrip, p. 85.

[122] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought*, pp. 1, 2.

wordende kolonie te akkommodeer, is deur hulle geïgnoreer. Dat die koloniste konstitusionele vryhede en regte gehad het, het beswaarlik tot hulle deurgedring.

Die resultaat van hierdie owerheidsingesteldheid was, soos Egbertus Bergh tereg gesê het, die bevordering van eie-belang tot nadeel van die kompanjie en tot die ruïnering van die heil van die ingesetenes. Dat daar groot verdeeldheid was, is reeds beklemtoon en om 'n beskrywing van die Kaapse samelewing te gee, is bepaald nie eenvoudig nie. Daar moet onthou word dat daar tussen die inwoners van Kaapstad en die omringende landelike gebiede merkbare verskille was. Voorts was daar tussen die nader-wonende landelike bevolking, dit wil sê 'n gevestigde en meer welvarende gemeenskap, en die veraf-wonende, dikwels versukkelde, veeboerpioniers aansienlike wesensverskille – nieteenstaande gemeenskaplike gebondenhede en oortuiginge. Laasgenoemde groep se oorlewing en bestaan is min geraak deur owerheidoptrede en amptenare-inmenging.[123]

Die gevestigde en meer welvarende burgers is meer direk geraak deur besluite en handelinge van die owerheid. Hulle het die leiding geneem in anti-regeringsoptrede en hulle verset teen amptenaarsdwingelandy soos met die memorie van 1779 en verbandhoudende aksies. Daar was egter nie eenheidsoptrede nie en veral onder die notabele burgers was daar verskille in sieninge en optrede, soos bewys deur Jan Cruywagen IV en sy groep se versoekskrif van 1784. Voorts was dit ook nie 'n eenvoudige verdeling tussen amptenare en koloniste nie. Daar was samewerking tussen koloniste en amptenare soos in die geval van die groot vennootskap-ondernemings waaronder Cruywagen en Kie (vir persoonlike voordeel) en met die versoek tot oprigting van 'n fabriek vir die vervaardiging van wolstowwe (tot voordeel van die breër gemeenskap). Hoewel 'n aansienlike aantal kompanjies-amptenare eenvoudig as die vernaamste vyand van die volksplanting beskou is, wys G.D. Scholtz daarop dat dit merkwaardig is

> *hoeveel van die afstammelinge van hierdie amptenare vandag goeie en eerbare Afrikaners is. Onder hulle vind 'n mens die Berghs, die Van Schoors, die Cruywagens, die De Wets, die Kirstens, die Van Rynevelds en die Brands. Dat hierdie amptenare-families wat hulself aanvanklik*

---

[123] P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p. 137 & pp. 150, 151.

> *as 'n aparte klas beskou het, op die duur in die Afrikaanse volk opgeneem is, getuig wel van die vroeë vermoë om te assimileer.*[124]

Scholtz is korrek in sy siening oor die vermoë om te assimileer. Dit sou egter verkeerd wees om te aanvaar dat die amptenare-families opgeneem is in 'n Afrikaner-groep wat reeds klaar gevorm was. Dat daar reeds die kernelemente van 'n wordende volksgroep teenwoordig was, is korrek. Feit is egter dat amptenaar en vryman saam verantwoordelik was vir die proses van assimilasie, hulle was medewerkers of deelhebbers aan die wording van die Afrikaner-volksgroep.

Oor die jare het al meer Kaapsgebore jongelinge tot kompanjiesdiens toegetree en hulle opvattings oor kompanjiesbeleid en die regte en vryhede van koloniste het verskil van dié van Willem Boers en sy geesgenote. Gesien hulle karige vergoeding en gespook om 'n leefbare bestaan, kon hulle beswaarlik pro-kompanjie gewees het.

In die hoër kaders van die amptenarekorps was daar dikwels ook nie eenstemmigheid nie, soos blyk uit die wolfabriekepisode. Tobias Rönnekamp was 'n gebore Duitser wat 34 jaar pligsgetroue diens aan die kompanjie gelewer het, maar omdat hy 'n Lutheraan was, het hy nie die bevordering gekry wat hom regmatig toegekom het nie. (Die Politieke Raad het sy dienste erken en hom in hoër poste aangestel maar op aandrang van die Here XVII is hy gedemoveer.)[125] Hy en Gerrit Cruywagen, ook 'n senior-amptenaar, was onder die inisieerders van die wolprojek maar deur die toedoen van 'n ander amptenaar, die fiskaal, Willem Boers, word 'n ontwikkeling wat groot ekonomiese moontlikhede ingehou het, verongeluk. Dit sou insiggewend gewees het om Rönnekamp en Cruywagen se reaksie op die mislukking van hulle voorgestelde projek te kon verneem – ongelukkig is geen aantekeninge daarvan gevind nie. Die meeste wat gesê kan word, is dat dit sekerlik vir hulle 'n groot teleurstelling moes gewees het en nog 'n bewys dat kortsigtige kompanjiesbeleid nie alleen Kaapse koloniste van geleenthede beroof het nie, maar in die breë bygedra het tot die uiteindelike ondergang van die groot handelsonderneming.

---

[124] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, p. 266.

[125] R.F.M. Immelman, "Tobias Christiaan Rönnekamp", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 619.

Die kompanjie begin wankel

Die ongesonde toestand waarin die kompanjie verkeer het, was geen geheim nie. Kommissaris baron Van Imhoff het reeds so vroeg as 1742 geskrywe dat die gesteldheid van die kompanjie nie naastenby so florerend was as in vorige jare nie. In opvolgende jare het ook ander hoë amptenare op die verslegtende toestand gewys. Admiraal Stavorinus na wie reeds voorheen verwys is, het redelik breedvoerig oor die steeds verslegtende posisie van die kompanjie geskrywe.[126] Ingeligte Kapenaars moes kennis daarvan gedra het dat die kompanjie op wankelende bene gestaan het en dat sy ondergang onvermydelik was. Dit moes 'n besliste invloed gehad het op die ingesteldhede en optrede van leidinggewende koloniste en beheervoerende amptenare. Benewens interne spanninge was daar eksterne faktore wat die druk verhoog het.

Die heersende oorlog het die moontlikheid van 'n vyandelike aanval baie relevant gemaak. Dat daarmee rekening gehou is, spreek uit bepalings wat die Politieke Raad op 28 Mei 1782 bekend gemaak het. Die besluite wat geneem is, het juis gespruit uit *de teegenwoordige tijdsomstandigheid* en die moontlikheid dat daar 'n vyandelike aanval op Tafelbaai of 'n ander strategiese baai gedoen kon word. Mense wat in die omgewing van sodanige moontlike landingsplek gewoon het, moes by verskyning van die vyand *met al hun Vee, mitsg:s* [afkorting vir mitsgaders, d.w.s. asook] *proviand, Wapens, paarden* ensovoorts landwaarts getrek en alle lewensmiddels weggevoer het. [W]*ijn en Brandewijn gevulde Vaaten* se bodems moes ingeslaan word om niks bruikbaar die vyand ten prooi te laat val nie.[127] Enigeen wat nie hieraan gehoor gegee het nie sou sonder genade met die dood gestraf word.

Dit is te verstane dat sodanige maatreëls om die paraatheid van landsburgers vir 'n noodtoestand op te skerp, die spanning onder ingesetenes verhoog het en hulle onder 'n wolk van onsekerheid laat leef het, maar ongelukkig ook ruimte gelaat het vir skraapsug en korrupsie.

---

[126] J.S. Stavorinus, *Voyages to the East-Indies*, vol. 3, pp. 420, 421. Sien ook deel 3, pp. 409-416.

[127] Internet, www.tanap.net, C162, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 295-309.

Franse teenwoordigheid

Die teenwoordigheid van Franse troepe aan die Kaap vanaf Junie 1781, toe admiraal De Suffren die Engelse voorgespring en verhoed het dat hulle toe reeds beslag op die Kaap gelê het, het 'n betekenisvolle invloed op die Kaapse inwoners gehad. Omdat daar skielik 'n groot afsetgebied ontstaan het, het die pryse van allerlei Kaapse produkte so die hoogte ingeskiet dat maksimumpryse vasgestel moes word om die Hollanders se Franse bondgenote en die inwoners te beskerm.[128] Vir drie jaar het troepe gekom en gegaan; die regiment van Pondicherry, vir wie se koste die kompanjie moes instaan, en na hulle die regiment Van Waldener. Huise, eiendomme, slawe, perde, omtrent alles het tussen 50 en 500 persent in waarde toegeneem.[129] Kaapstad is in 'n "Klein Parys" verander en het 'n weelderige lusoord geword. Danspartye en opvoerings was aan die orde van die dag. Die eertydse bestendige burgery wou in modieuse kleredrag en maatskaplike verfyning nie by die vreemdelinge agtergestaan het nie. *Pragtige koetse, met slawe in livrei op die bok, het deur die hobbelrige strate gegaan of in drastoele lê 'a la Paris'-geklede afstammelinge van Geus en Hugenoot besoek by mekaar af.*[130]

Besoekers aan die Kaap, onder wie La Vaillant, die Franse natuurkundige, het gevind dat Kaapse dames hulle met karikature van Franse modes opgesmuk het met pluime, vere, linte en prullerige ornamente, alles saamgegooi. Haarkappers van die Pondicherry-regiment moes nogal bontstaan om die dames se kapsels in orde te hou. Volgens Hattersley het Mentzel, wat toe reeds lank uit die Kaap weg was, na aanleiding van wat hy verneem het, geskrywe, *The presence of a French garrison has proved disasterous to the simple tastes of the Cape ladies.*[131]

Die stadjie het tot laat in die 18e eeu geen georganiseerde vermaak en ontspanning geken nie; daar was geen teater, operahuis, vergadersaal of koffiekroeë nie. Hoewel die kompanjie probeer toesien het dat inwoners nie skandalig gelewe het nie was daar

---

[128] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 212.

[129] E. Walker, *A History of South Africa*, p. 108.

[130] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 214.

[131] A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 29.

nie teenkanting teen skadelose vrolikheid nie solank dit nie met selfbevrediging gepaard gegaan het nie. Franse teenwoordigheid het selfs dié ingesteldheid laat verslap.[132]

Franse offisiere wat bietjie openbare vermaak gesoek het, het dramas opgevoer en gehore getrakteer met *Die barbier van Seville* wat pas die eerste keer in 1775 in Parys uitgevoer was. Weens die afwesigheid van sosiale klubs en koffiekroeë was daar min vergaderplekke. Die Heeren Huis of Society House van Susanna van Schoor (née Cruywagen) aan die Atlantiese kus in die omgewing van Seepunt het in 'n mate die leemte aangevul. Dit was egter meer bedoel vir die vakansie-ontspanning van gesinne en nie vir die uitruil van nuus en politiek nie. Inligting van oorsee was ongereeld, daar was nie koerante en boekwinkels nie. Eintlik was die lewe van die gemeenskap doodvervelig, 'n simptoom van leegheid en verveeldheid. Omdat gespreksonderwerpe skaars was en spoedig uitgeput geraak het, het skinderbekke floreer.[133]

'n Boukoors wat as *eene drift, een dolheid, een besmettelijke razernij*, beskryf is, was onder die meeste mense vaardig – en die huise is toegerus met net die beste en spoggerigste meubels en ander toebehore. Toe J.A. de Mist as kommissaris-generaal van die Bataafse bewind aan die Kaap geland het, het dit hom nie lank geneem om die invloed van Franse teenwoordigheid waar te neem nie. Volgens hom het die Franse die lewensstandaard aan die Kaap totaal verwring,

> *and extravagance and indulgence in an unbroken round of amusement and diversions have come to be regarded as necessities... It will be the work of years to transform the citizens of Capetown again into Netherlanders.*[134]

Die Franse taal is baie aan die Kaap gebruik veral in diplomatieke korrespondensie. Stukke in Frans het gereeld tussen die Politieke Raad en die Franse konsul aan die

---

[132] A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, pp. 28, 29.

[133] A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 29.

[134] E. Walker, *A History of South Africa*, p. 109.

Kaap gewissel asook tussen die Raad en die Franse goewerneur-generaal van Mauritius.[135]

Frans is egter nie net op inter-regeringsvlak of in diplomatieke korrespondensie gebruik nie. Meertaligheid was algemeen en verskeie reisigers het daarna verwys dat Frans, Engels, Portugees en Maleisiese tale redelik algemeen gebruik is. Anders Sparrman, die Sweedse reisiger, het by geleentheid opgemerk, *At the Cape I have heard very young children speak two or three different languages with equal readiness and facility.*[136] Die Kaapse Cruywagens was ongetwyfeld deel van die tydgees wat Frans-deurspek was. Veral die notabeles en meer gegoedes onder hulle kon nie agter gestaan het in die wedywering om ook in die mode te wees nie.

'n Tekort aan kontantgeld het die Kaap ernstig geknou en tydens die oorlog is die oordrag van geld vanuit Nederland erg in die wiele gery. Op 30 April 1782 was die Politieke Raad verplig om *pergament gedrukte munt*, met ander woorde, papiergeld (eintlik kartongeld) uit te gee. Daar is ook besluit op die verskillende denominasies in stuiwers en riksdaalders wat gedruk moes word. Die Raad het ook verordineer dat die papiergeld vir munt teruggeruil kon word teen die heersende plaaslike koers wanneer munte weer beskikbaar sou wees en dat ingesetenes in kennis gestel sou word dat die gedrukte "note" as *deugdsame munt in alle handelen geaccepteeren* sou word. Aan Gerrit Cruywagen, die kassier en twee ander amptenare is opgedra om die drukwerk te fasiliteer en die note te onderteken om die egtheid daarvan te bevestig.[137]

Op 28 Mei 1782 het Gerrit Cruywagen en sy mede-ondertekenaars aan die Politieke Raad verslag gedoen dat die opdrag met betrekking tot die druk van papiergeld uitgevoer was. Hulle het rapporteer dat *het bedragen van Zeven en Veertig duijsend Honderd Ses en Neegentig en eenhalve rijxd:s zo aan Pargamente als Papiere munte*

---

[135] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 656, Verbatimkopieë, verskeie bladsye korrespondensie tussen 1781 en 1787 & VC 655, Verbatimkopieë, Januarie-September 1781. Byna die hele bundel bestaan uit briewe in Frans.

[136] K. Schoeman, *Dogter van Sion. Machtelt Smit en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap 1749-1799*, pp. 40, 41.

[137] Internet, www.tanap.net, C162, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 216-220.

gedrukt en geslagen was en dan volg die hoeveelhede van die verskillende waardes wat gedruk is – van 1/8 rds. opwaarts tot rds.60.[138] Dit is verbasend hoeveel ander vreemde goue munte in omloop was – van die Portugese *Johannes*, sogenaamde *goude mooren ... persiaanse of Moorse Ducaten* en 'n vyftal ander, blykbaar van Europese en Oosterse oorsprong. Die Politieke Raad het ook vasgestel teen watter Kaapse valuasie hierdie geld *in 'S Comp: Cassa alhier sullen werden geaccepteerd.*[139] Daar kan aanvaar word dat ingesetenes wat skeepsvolk gehuisves het en deur agente genegosieer het ook van dié vreemde munte gehanteer het. Vir die vennootskap Cruywagen & Kie wat 'n aansienlike handel, ook invoer, bedryf het, was dié munte beslis nie vreemde betaalmiddele nie.

Die Kaapse sosiale orde

Benewens die aanklag teen Gerrit Cruywagen dat hy en sy vennote met Cruywagen en Kie 'n monopolie gehad het oor 'n groot deel van die Kaapse handel en goed geld daaruit gemaak het, is nêrens gevind dat hy hom andersins in die uitvoering van sy pligte misgaan het nie. Dat hy ryk was, ly geen twyfel nie: hy en sy vrou het aansienlik geërf en in die burgermemorie het die vertoëmakers beweer dat hy *een der rykste en grootste Negotianten* was en groot wins gemaak het.[140]

Gerrit-hulle, ander amptenare in die hoër hiërargieë van die kompanjie se diens asook ander voorspoedige vryondernemers en ryk boere met spoggerige landgoedere het nie noodwendig spandabelrig nie, maar weelderig gelewe. Vir so 'n stelling is daar genoegsame bewyse. J.P. van Braam, bevelvoerder van die eskader oorlogskepe wat gestuur was om die Nederlandse besittings in Oos-Indië te gaan beskerm, het in 1783-84 een en ander aangeteken oor wat hy aan die Kaap waargeneem het. So skrywe hy byvoorbeeld:

---

[138] Internet, www.tanap.net, C162, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 216-220.

[139] Internet, www.tanap.net, C162, Resolusies van die Politieke Raad, 12 Februarie 1782, pp. 216-220.

[140] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 143, Verbatimkopieë, pp. 5-10.

> *Eene pragt die ik my verzeekerd houde, over het generaal nergens in eene Colonie, zelve niet in de rijkste steeden van enige land gevonden word.*[141]

Hendrik Breton, raadordinaris en direkteur-generaal van Nederlands-Indië, het die Kaap gedurende Januarie en Februarie 1784 op reis van die Ooste aangedoen. Hy het sy bevindinge van Kaapse toestande in November 1784 aan die Here XVII voorgelê. Volgens hom het hy by die ingesetenes *niets dan florisantie en welvaart* aangetref. Hy het op die plekke wat hy doelbewus besoek het min van 'n eenvoudige landelike lewe aangetref. Wat hy wel waargeneem het, was *pragt en praal in Kleederen en Rytuijgen de Huizen deftig met modieuse Meubelen voorzien ..., de Tafels met silverwerk gestoffeerd, en door propre bekleeden Slaven wierden bedient.* [142] Bygevoeg moet word dat Breton erken het dat die Engels-Nederlandse oorlog die Kaapse burgers besonder bevoordeel het. Fiskaal Boers het in sy *Verantwoording* ook van voorspoed en weelde getuig, *De uytwendige vertooning van praal en pragt welke men alomme soo in als buyten de huysen van alle onse ingezetenen gewaar word...*[143] Goewerneur Van Plettenberg het in sy *Consideratien* van *ingesetenen van hoger staat* (gegoede inwoners) melding gemaak. Ongelukkig het indiwidue op die laagste trap van die ekonomiese leer hierdie rykes probeer na lewe in plaas van met *oppassen en suinigheid tragtenden voorwaarts te komen,* het die goewerneur die minder gegoedes die verwyt gemaak.[144]

Die gang van sake in die Kaapse samelewing, van die daaglikse kontaksituasies tot die politieke opset en denke is deur die sosiale orde bepaal.

> *It was of particular significance that though this order had distinct class features, it ultimately was that of a caste society.*[145]

---

[141] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 413.

[142] C. Beyers, *Die Kaapse patriotte* ..., p. 117.

[143] S.D. Naude, "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950 deel 2, p. 413.

[144] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 61, Verbatimkopieë, p. 21.

[145] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought*, p. 6.

Die dominante groep het bestaan uit amptenare en burgers wat die sleutel-posisies van mag beklee het, hulle was die eienaars van slawe en grond en het die bronne van produksie beheer. Op enkele uitsondering na was hierdie groep blankes van Europese afkoms. Aan die onderpunt van die rangorde was die dienaars, hoofsaaklik slawe aangevul deur groeiende getalle Khoi-Khoin en vryswart bediendes. Daar was ook 'n gemengde middelgroep: sommige was wit maar arm, ander weer swart maar vry. Alhoewel hulle almal arm was, het hulle nie 'n hegte groepering gevorm nie. Die arm blankes het eerder geïdentifiseer met vermoënde wittes en eintlik aangedring op die beskerming van die regte wat hulle as burgers toegekom het. Hierdie beskerming het hulle van die owerheid gekry en ook van die dominante groep wat hulle byvoorbeeld as bywoners aanvaar het. Die vryswartes (d.w.s. oud-slawe) het 'n klein vervreemde groepie gebly wat, soos die 18e eeu sy einde genader het, al meer aan diskriminasie onderworpe was. Daar het veral in Kaapstad nog 'n mate van verbastering voorgekom. Afstammelinge uit hierdie gemengde verbintenisse het geneig om by die gekleurdes aan te skakel omdat hulle as buite-egtelik beskou was.[146]

Hulle wat besig was om Afrikaners te word, het tot die dominante groep behoort en is versterk deur die arm blankes. Die bestaan van so 'n afsonderlike en "gerespekteerde" blanke gemeenskap naas arm, slaafse en onvry groeperinge sou in tye vorentoe 'n sterk vormende invloed op die ontwakende politieke denke van die Afrikaner uitoefen. Dit was 'n kollektiewe ontwikkelingsgang waarvan die grootste getal totaal onbewus was. Dat enkelinge uit die dominante groep, notabele burgers en amptenare, koers aan die ontwikkelingsverloop gegee het, kan nie betwis word nie. Gerrit Cruywagen en van sy voorgangers het deur die poste waarin hulle gestaan het en die posisies wat hulle beklee het, dus deur hulle sosiale stand en hulle invloed, 'n beskeie bydrae tot die gang van sake gemaak.

Testament en laaste jare

Gerrit en Cornelia het nie lank na hulle huwelik nie op 17 Desember 1759 'n testament laat opstel. *Uij hoofde van Sonderlinge Liefde ende geneegdentheyd* het die

---

[146] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought*, pp. 6, 7.

19 Februarie 1788 aangegee word nie.[149] Gerrit is in die kerk wat hy getrou gedien het, die latere Groote Kerk, ter ruste gelê.[150]

Cornelia, Gerrit se weduwee, wat as langslewende al die bates geërf het, het op 16 Januarie 1792 'n testament laat opstel waarin haar 13 kinders, toe nog almal in lewe, as erfgename benoem word. As eksekuteurs het sy die twee oudste seuns, Johannes Meijndert en Cornelis, asook twee van die skoonseuns, ds. Christiaan Fleck en Johannes Izaak Rhenius, *gezaghebber deeses gouverments*, aangewys[151] Verskeie kinders moes reeds by mondigwording hulle erfporsies ontvang het soos in Gerrit en Cornelia se testament van 1759 bepaal was. Daar was egter van moederskant ook nog toedelings in hulle voordeel. Cornelia is op 21 Oktober 1798 oorlede.[152] Haar testament is op 6 Augustus 1799 aan die weeskamer besorg ter nakoming van al die stipulasies. Daar is geen aanduiding gevind dat Cornelia ook in die Groote Kerk begrawe is nie.

Die einde en uitgang van die agtiende eeu het ook 'n einde gebring aan die betekenisvolle invloed wat enkele notabele Cruywagens vir byna 'n hele eeu op Kaapse sake uitgeoefen het. Omdat hulle weens hulle betrokkenheid meer op die voorgrond was, is daar, hoewel fragmentaries, tog heelwat oor hulle opgeteken. Ná hierdie era van die meer prominentes word die spore van hulle nouliks-vermelde nakomelinge al dowwer. Hulle stiller en minder opsigtelike bestaan, hulle lewens-tydsomstandighede, saam met die van tydgenote, is en bly deel van die historiese verloop; hulle lewensuitinge en handelinge deel van die kultuurproses. Hulle dowwe spore bly van belang selfs as voetnote tot die groter verhaal.

---

[149] G.G. de Villiers & C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, deel 1, p. 164 & Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen*, 16 April 1999, p. 4.

[150] Argief van die NG Kerk, Kaapstad, G 1, 14/1. Lyst der grafsteeden te vinden in de Gereformeerde Kerk van Cabo de Goede Hoop, nr. 155.

[151] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 7/1/44, Meester van die Hooggeregshof, nr. 45.

[152] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen*, 16 April 1999, p. 4.

HOOFSTUK 8

CRUYWAGENS UIT DIE KOLLIG EN DIE VOC SE SON SAK

Onstuimige tye

Sedert die middel van die sewentiger jare van die agtiende eeu is die betreklik rustige Kaapse lewe versteur deur betekenisvolle gebeure wat mekaar vinnig opgevolg het. Daar is reeds aandag gegee aan die burgerwoelinge van 1779 en hoe die onbevredigende reaksie van die Here XVII baie min bygedra het om burgerontevredenheid te besweer en die kompanjie se bestuur en beleid positief te verander. Gerrit Cruywagen was prominent betrokke en was die skyf van aanvalle omdat hy, teenstrydig met kompanjiesvoorskrifte, te ver gegaan het met sy handelsaktiwiteite. Sy broer, Jan IV, 'n man van goeie insig en met 'n gebalanseerde oordeel, het met ander vooraanstaande ingesetenes 'n nugter oordeel oor die stand van sake aan die Kaap in 1784 in 'n versoekskrif saamgevat en voorstelle ter verbetering van die Kaapse *constitutie* aan die owerhede besorg.

Diep in die Kaapse binneland waar die Visrivier in 1775 deur die Politieke Raad as Kaapse oosgrens geproklameer is, het die koloniste reeds vir jare tevore met die Xhosas in aanraking gekom.[1] Hierdie kontak het tot botsings gelei wat algaande toegeneem het tot die eerste grensoorlog in die winter van 1779 uitgebreek het. Die kompanjie het maar stadig gereageer op berigte van aanvalle oor die Visriviergrens, oor moorde en afgebrande plaaswonings. Die eerste kommando's het aanvanklik nie veel uitgerig nie. In die winter van 1780, toe die toestand reeds kritiek was, is Adriaan van Jaarsveld deur die Politieke Raad as veldkommandant benoem. Sy optrede was effektief en toe die kommando's in 1781 ontbind is, was daar geen vyandige Xhosas wes van die Visrivier nie. In 1785 is die nuwe distrik Graaff-Reinet, vernoem na die goewerneur en sy vrou, Reinette, geproklameer.[2]

---

[1] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 190.

[2] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 217, 218.

Vir Kaapstad, die *Klein Parys*, was dié gebeure te ver weg om die inwoners te ontstel en was stadig deursypelende berigte vanaf die oosgrens vir hulle nuus soos uit enige ander landsdeel. Buitendien het die uiterste spandabelrigheid tydens goewerneur Van de Graaff se bewind – ook aan spoggerige geselligheide en onthale – baie van die Kaapse inwoners beter geval as kommer oor die lot van medeburgers aan die oosgrens.[3] Daar is geen rede om te aanvaar dat enige van die Cruywagens anders oor die oorlogsgerugte gevoel het nie. Waar hulle gewoon het was daar opwinding genoeg en min ander sake sou hulle aandag aftrek. Opvattings van die *Eeu van Verligting*, wat Europese denkrigtings radikaal verander het, het die Kaap begin bereik, benewens wat die aanwesige Franse reeds oorgedra het. By sommige Kapenaars het van dié idees byval gevind en by hulle 'n onnatuurlike simpatie vir die "edel barbaar" gewek.[4] Hoe lede van die Cruywagen-families hieroor ingestel was, bly onbekend.

Oor die ernstige geldtekort en die besluit om papiergeld te druk, is reeds berig. Aanvanklik was dit slegs as noodmaatreël bedoel maar daar is met die praktyk voorgegaan. Teen 1791 was daar reeds meer as 'n halfmiljoen riksdaalders se papiergeld in omloop.[5]

Goewerneur Van de Graaff het sekere administratiewe en bestuursveranderinge aangebring en die handel geliberaliseer; veral laasgenoemde poging was meer kosmeties as wesenlik ... en te laat! Om die ekonomie te stimuleer, was daar buitendien nie veel om uit te voer nie; boonop het 'n koringtekort die owerheid in 1786 verplig het om rys van Java en meel van Europa in te voer om hongersnood af te weer. Na afloop van die Anglo-Nederlandse oorlog (1780-1784) was die finansiële posisie aan die Kaap eers beklaenswaardig.

---

[3] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 98.

[4] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 219, 220; T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 76..

[5] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 98.

> *The States General had to come to the rescue, but the Company's debts more than tripled in the course of seven years and they showed no sign of stopping. Of all its liabilities overseas, the Cape was the most grievous. ... In short, the Colony was costing the embarrassed Directors more than all their East Indian stations combined.*[6]

Dit is vermeldenswaardig dat die kompanjie in sy laaste skemerjare geteister was deur van dieselfde probleme wat in die beginjare hul tol geëis het. Een daarvan was die verlies aan mannekrag. Die skip *Geertruida* wat Nederland op 5 Augustus 1788 verlaat het, het op 30 Desember voor Dasseneiland anker gegooi omdat reeds 67 bemanningslede gesterf het en die oorblywende 74 te siek was om verder te vaar. Die baie swak toestand *wierd toegeschreeven aan het slegt water*. Voorrade is na die skip gestuur en met buitehulp is die skip na die hawe gebring.[7] Oor meer as byna 200 honderd jaar van skeepsvaarthandel het mense steeds gesterwe weens ondrinkbare water en was die hoë lewensverliese steeds 'n enorme belemmering.

Oor al die jare het skepe wat hulle siek bemanningslede in Tafelbaai agtergelaat het met kleiner bemannings na die Ooste vertrek. In 1788 was dit nog die geval. In dieselfde berig waarin die goewerneur en die Politieke Raad die Here XVII ingelig het oor die lot van die *Geertruida*, doen hulle verslag oor *De Phoenicier* en die *Oud Haarlem*. Eersgenoemde het Nederland verlaat met 'n bemanning van 349 en vertrek van die Kaap met 219, dus 130 man minder. Die tweede skip het sy reis begin met 286 bemanningslede en vertrek van die Kaap met 178, dit wil sê 108 minder. Van die siekes wat oorleef en herstel het, is gebruik om die uitgedunde bemannings op ander skepe aan te vul.[8]

Goewerneur Van de Graaff is teruggeroep en hy het die Kaap in Junie 1791 verlaat. Saam met hierdie aksie was daar ook 'n dringende opdrag dat uitgawes drasties besnoei moes word. In opvolging daarvan is alle bouwerk gestaak en die arbeiders ontslaan, die verskillende huurtroepregimente, goeie kliënte vir 'n geruime tyd, is weggestuur. Die sekunde Rhenius met sy vrou, Dorothea Cruywagen, aan sy sy sou as

---

[6] E.A. Walker, *A history of South Africa*, pp.110, 111.

[7] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 35.

[8] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 63, Verbatimkopieë, p. 28.

goewerneur waarneem. Dit was voorwaar 'n onbenydenswaardige taak met 1 500 amptenare, 14 000 burgers en 17 000 slawe so te sê aan hulleself oorgelaat.[9]

Die State-Generaal het vier kommissarisse aangestel met uitgebreide bevoegdhede om die sake van die kompanjie in die verskillende belangegebiede te ondersoek. Twee van die here, Sebastiaan Cornelis Nederburg en Simon Hendrik Frykenius was afgesonder om die Kaapse ondersoek te hanteer. Hulle het in Junie 1792 op hierdie bodem geland.[10]

In die verslag wat die kommissarisse aan die Here XVII gestuur het, het hulle 'n somber prentjie geskets: die grootste deel van die ingesetenes was finansieel geruïneer en hulle het nie die middele gehad om te herstel nie; die Raad van Justisie se sittings het omtrent uitsluitlik sake gehanteer wat met die betaling van skuld te make gehad het. Bankrotveilings was aan die orde van die dag, klinkende munt het omtrent totaal verdwyn en vaste eiendom het hulle waarde byna totaal verloor. Vermoëndes sowel as minder vermoëndes is deur ondergang bedreig. Algemene misnoeë en verbittering teen die regering het toegeneem en was oral te bespeur.[11]

Daar was openlike verset teen regeringsproklamasies en van onderdanigheid aan die owerheid was daar byna geen sprake nie. Regstellings in die administrasie, uitskakeling van nie-essensiële uitgawes, algehele onderdrukking van sluikhandel, die beter invordering van belastings en die heffing van nuwes, het die boeke laat klop en die finansiële posisie van die kompanjie aan die Kaap tot 'n mate verbeter. Die keersy hiervan was egter dat die ekonomiese posisie van die burgers al hagliker geword het en die belastingdruk al swaarder. Die streng deurvoering van die verbod op alle partikuliere handel, of sluikhandel, soos dit genoem is, het daartoe gelei dat die handel met vreemde nasies die nekslag toegedien is en nog meer mense van 'n lewenstog ontneem is.[12]

---

[9] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 215; E.A. Walker, *A history of South Africa*, p. 111.

[10] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 175.

[11] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 176.

[12] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 176.

Waar dit blyk dat vermoëndes én onvermoëndes deur ondergang bedreig is, kom die Cruywagens weer in die prentjie. Gerrit (nou reeds oorlede), het aangeteken gestaan as 'n ryk man. Die bates waaroor hy en sy vrou beskik het, het gegaan aan sy 13 kinders – party het by mondigwording geërf en die ander by die dood van Cornelia in 1798. 'n Groot boedel, verdeel onder 13 erfgename, het nie van hulle noodwendig vermoënde mense gemaak nie. Hoe die ekonomiese nood hulle getref het, is onbekend. Party, veral die dogters, het goeie huwelike gedoen met lewensmaats wat hulle kon onderhou. Ander soos die oudste, Johannes Meyndert was 'n vry ondernemer en Cornelis was goed geplaas in kompanjiesdiens. Saam met baie medeburgers was hulle slagoffers van 'n bedeling wat voorspoedig kon verloop het as die VOC nie in beheer was nie, of vroeër sy beleid aangepas en sy bestuur opgeknap het.

Die volgende persoon van belang in die afstammelingslyn waarmee hierdie ondersoek handel, is Jan Frederik Cruywagen, die sewentiende kind van Gerrit Cruywagen en sy vrou Cornelia (gebore Ehlers). Hy was die jongste van die 13 kinders van die groot gesin van 18 wat oorleef het. Hy is op 21 Oktober 1781 gedoop[13] en was as kind redelik onkundig oor al die verwikkelinge en hoe die leefwêreld van die Kapenaars aan die verander was.

Daar was egter van die ouer kinders van Gerrit Hendrik en Jan IV met hulle aangetroudes wat die laaste jare van die kompanjie en die toetrede van die Britse veroweraars belewe het. Van die dogters is nie baie bekend nie, maar as getroue lewensmaats en huisvroue het hulle hulle mans bygestaan en word heelwat van wat hulle beleef het bekend deur wat hulle mans gedoen het. Van Gerrit se 13 oorlewende kinders is in die vorige hoofstuk kort, en in enkele gevalle, uitgebreider sketse gegee. Dit sal egter vir duidelikheid loon om terug te verwys na van hierdie rolspelers en om hulle in die prentjie te hou.

---

[13] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, *Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen April 1999*, p. 4.

Oor die oudste, Johannes Meyndert, die jong seuntjie wat na Nederland is om daar skool te gaan, is dit bekend dat hy by sy terugkeer in kompanjiesdiens getree het. Hy het later die diens verlaat en vryburger geword. Kommissarisse Nederburg en Frykenius het, in 'n poging om meer bestaansmoontlikhede vir burgers te skep, die walvisvangs in Valsbaai in September 1792 vir private ondernemers oopgestel.

> *Jan Mijnderts Cruijwagen and Arnoldus Kirsten were the first local entrepreneurs to hunt whales in False Bay. ... Cruijwagen asked towards the end of 1792 that a shed be erected at Kalk Bay for the rendering of the whale oil.*[14]

Soos by menige geleentheid in die ondersoek lewer die naam Jan Meinderts weer probleme op. Die naam kan slegs op twee persone betrekking hê naamlik Johannes Meinderts, Jan IV se oudste seun, en Johannes Meinderts, Gerrit se oudste. Wie van die twee by die walvisvangs betrokke was, is uit die karige inligting nie vas te stel nie. Wat wel na vore kom is die feit dat van die Cruywagens steeds ondernemend was, as dit nie 'n poging was om 'n wolfabriek te begin nie, is walvisse gejag en olie uitgebraai. Al was die kompanjie se son so te sê onder, het Suid-Afrikaanse hulpbronne vir ondernemende landsburgers nog geleenthede gebied.

Johanna Catharina, Gerrit en Cornelia se tweede kind en oudste dogter, wat met Jacob Pieter Denys getroud was, het hom oorleef en het op 19 September 1804 'n tweede huwelik met Dirk Gijsbert van Reenen (1754-1828) aangegaan. Hy was 'n Kaapse grondbesitter, bierbrouer en burgeroffisier, die seun van die Patriotte-leier, Jacob van Reenen. Teen die einde van die 18e eeu was die Van Reenens van die welvarendste ingesetenes aan die Kaap. Dirk het goed geld gemaak met die brouery by Papenboom in Nuweland en was bekend vir die maak van die beste wyne in die Kaap. Hy was ook die houer van 'n perseel in die vleiskontrak en daaruit het hy baie verdien. Hy en sy broers was ook van die eerstes wat wolskape uit Spanje ingevoer het.[15] Van Reenen het goewerneur Janssens in 1803 op sy reis na die oosgrens vergesel. Sy dienste was so waardeer dat die plaas Paardeneiland aan die mond van die Soutrivier wat in Tafelbaai uitmond, aan hom geskenk is. Hy was egter 'n slagoffer van sy eie

---

[14] A.E. Bekker, *The history of False Bay up to 1795*, p.107.

[15] D.J. van Zyl, "Dirk Gijsbert van Reenen", W.J. de Kock en D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, pp. 818, 819.

vooruitstrewendheid, veral binne 'n opset wat nie ryp was vir progressiewe boerdery nie, en was by sy dood insolvent. Hy was een van die *notabele* burgers met 'n verligte siening, maar baie prakties en presies. Hy het met sy volksgenote meegeleef en was vir die Bataafse regeerders en die Britte na die tweede verowering 'n besondere bate met sy ervaring en kennis van al die boerderyvertakkings.[16] Hy en Johanna Cruywagen het nie kinders gehad nie.

Dit is bekend dat ds. Fleck, dominee by die gemeente in Kaapstad, wat met Susanna Margaretha Cruywagen getroud was die Britte nie goedgesind was nie. Izaak Rhenius, Fleck se swaer, het egter 'n teenoorgestelde gesindheid openbaar. Hy was onder andere tydens die tweede Britse besetting die kommissaris-politiek, die toesigamptenaar oor kerklike sake en die skakel tussen die kerk en die staat. Gedurende November 1806 was daar juis 'n dispuut tussen die Kaapse kerkraad en die kommissaris-politiek wat na die goewerneur, sir David Baird, verwys is. Ds. Fleck, een van die predikante, en sy kerkraad en die kommissaris-politiek het mekaar nie vertrou nie.[17] Dié voorval word aangehaal om enigsins 'n aanduiding te gee van die gevoel en ingesteldheid van familielede onderling. Die Cruywagens en hulle verwante het die spanninge van die besondere tyd nie vrygespring nie en die verdeeldheid in die samelewing het dwarsdeur families gesny. Skeefgetrekte verhoudings op alle terreine was 'n kenmerk van die Kaapse samelewing.

Nog 'n Cruywagen wat die laaste stuiptrekkings van die kompanjie en die Britte se eerste bewind belewe en meegemaak het, was Cornelis. Soos reeds vermeld, het hy ook in Britse diens getree. Dat hy dié stap geneem het, beteken nie noodwendig dat hy die Britte goedgesind was nie. As 'n redelik senior-amptenaar in kompanjiesdiens het hy moontlik net seker gemaak dat hy wel 'n lewensverdienste gehad het.

---

[16] D.J. van Zyl, "Dirk Gijsbert van Reenen", W.J. de Kock & D.W. Kruger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 819.

[17] B. Booyens, "Kerk en staat, 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2, p. 31.

'n Ander prominente paar wat die vinnig opeenvolgende gebeure aan die Kaap meegemaak het, was Elizabeth Wilhelmina Cruywagen met haar eggenoot ds. Heinrich W. Ballot. Hulle is in 1801 getroud en het hulle later op Tulbagh gevestig. In die voorgaande hoofstuk is gemeld dat hy ook 'n uitval met die Britse owerheid gehad het omdat hy nie sir David Baird, die Britse militêre goewerneur, se perde in sy stal wou laat versorg nie. Dié openlike botsing getuig daarvan dat hy nie ingenome was met die nuwe heersers aan die Kaap nie.

Adriaan Jacobus en Hendrik Everhard, twee jonger seuns uit Gerrit Cruywagen se groot gesin, het ook die eerste Britse bewind en die Bataafse era meegemaak maar word daar gelaat. Genoeg is gesê om aan te dui dat daar tydens hierdie veranderings- en oorgangsepisodes 'n betekenisvolle Cruywagen-teenwoordigheid aan die Kaap was, direkte afstammelinge en ook hulle wat buite die stamreeks val. By die lees van die historiese gebeure met die oorgang na die 19e eeu moet dit deurentyd onthou word dat inwoners van Kaapstad en nadere omgewing, die Cruywagens en hulle tydgenote baie direk geraak is deur owerheidswisselinge en gebeure wat daarmee verband gehad het. Almal is gekonfronteer met minder bekende en vreemde omstandighede, omstandighede wat party se verwagtinge en vooruitsigte tot niet laat gaan het, omstandighede wat vir ander weer geleenthede geopen het – niemand is onaangetas gelaat nie.

Toe kommissarisse Nederburg en Frykenius wat die ondergang van die kompanjie effe vertraag het, in September 1793 na Indië vertrek het, het hulle 'n bankrotboedel agtergelaat waarmee Abraham Sluysken as kommissaris met die beste wil in die wêreld nie veel sou uitrig nie.[18]

> *Die VOC se beheer oor die Kaap het nou vinnig sy einde genader. Die Franse Rewolusie van 1789 het nuwe kragte in Europa ontketen. In Januarie 1795 het prins Willem van Oranje na Engeland gevlug en is die Bataafse Republiek in Nederland uitgeroep. In Desember 1795 het die staat die VOC oorgeneem en 'n paar jaar later was die Kompanjie tot niet.*[19]

---

[18] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 248.

[19] T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 74; W.A. Cruywagen "Die VOC, wins of verlies: 'n perspektief vanuit 2002", *Historia*, vol 47(1), Mei 2002, pp. 264-267.

Die oosgrens

Op die oosgrens het Xhosa-strooptogte so toegeneem dat oorlog weer uitgebreek het. In die Tweede Grensoorlog van Junie 1793 het die optrede van landdros Maynier van Graaff-Reinet met sy verligte denkbeelde eintlik die werk van die kommando's belemmer. Nieteenstaande baie toutrekkery kon in November 1793 vrede met van die opperhoofde gesluit word.[20]

Die grensbotsings, wat die lewe vir die boere byna onmoontlik gemaak het, swak ekonomiese omstandighede met waardelose papiergeld en slegte pryse en 'n onsimpatieke owerheid het die Graaff-Reinetters in Februarie 1795 in opstand gebring. Hulle het hulleself onafhanklik van die VOC verklaar, die gesag van die State-Generaal in Nederland erken, die regeringsbeamptes verjaag en 'n "nasionale vergadering" met eie ampsdraers ingestel. Die Swellendammers het spoedig die voorbeeld van hulle bure gevolg.[21]

Die eerste Britse oorname (1795)

Ná die vertrek van Willem V (Willem van Oranje) na Brittanje in Januarie 1795 en met die Franse oorname van die Republiek van die Verenigde Nederlande en die totstandkoming van die Bataafse bewind, het 'n sterk Britse vlootmag na die Kaap gevaar om die Franse voor te spring. Vir die kolonieryke Engelse was die Kaap se waarde in Engeland baie hoog aangeslaan. In Februarie 1793 was daar reeds Engels-Nederlandse samesprekings oor moonlike Britse versterkings vir die Kaap. Die Nederlanders het hulle bereid verklaar om 'n Engelse vlooteskader ter beskerming te aanvaar, maar van 'n troepbesetting wou hulle egter glad nie hoor nie.[22]

---

[20] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 249, 250.

[21] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, pp. 250, 251; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 101, 102; F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, pp. 31-34.

[22] C.J. de Villiers, "Die Britse vloot aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 32, 1969 deel 1, p. 1.

In besit van die Britse aanvoerders, wat die vlootmag na die Kaap gelei het, was 'n brief van Willem van Oranje aan die Kaapse owerheid met 'n versoek dat die Britte as vriende ontvang moes word en dat die militêre mag gesien moes word *as Troops & Ships of a Power in Friendship and Alliance with Their High Mightiness. ...*[23] Kommissaris Sluysken wou nie die opdrag wat in die voorgenoemde brief vervat was, uitvoer nie en het tot ongerief van die Engelse ook voorrade van hulle weerhou. Gedurende Julie en Augustus 1795 het 'n redelik groot Engelse troepemag in Simonstad aan wal gestap. Aan die Kaap het die garnisoen uit

> *ongeveer duisend man bestaan, maar hoewel die offisiere Oranjegesind was, was die manskappe grotendeels buitelanders van twyfelagtige lojaliteit, onder andere restante van die Wurttembergse en Meuron-regimente, tesame met plaaslike KhoiKhoi of Pandoers op wie se steun daar ook nie ... sonder meer staatgemaak kon word nie.*[24]

Hierdie magte was by Muizenberg aan die kus van Simonsbaai in 'n kamp saamgetrek. Wat proviand betref is hierdie manskappe goed voorsien. By die vaste spyse is ook nog 'n bottel wyn en 'n twaalfde van 'n bottel brandewyn per manskap daagliks voorsien. Aangesien daar 'n hele aantal weerbare Cruywagen-mans en verwante aan die Kaap was, kan aanvaar word dat ook van hulle deel van die Kaapse verdedigingsmag was en aan diens in die Muizenbergkamp.

Op 6 Augustus het die batterye van Muizenberg op die Britse skepe in die baai teenoor die kamp geskiet. Die volgende dag het die skepe die vuur beantwoord en na 'n bombardement van anderhalf uur het die verdedigers die kamp ontruim en in die rigting van Kaapstad teruggeval. Na 'n kort verposing in die operasies het die Britse opmars na Kaapstad op 14 September 1795 in alle erns begin. By Wynberg is die vordering van die Britte effe vertraag deur 'n halfhartige poging van die Kaapse magte. Die pleknaam Retreat vertel tot vandag toe eintlik wat gebeur het. *Skaars twee dae later onderteken Sluysken en die Politieke Raad die Akte van Oorgawe by Rustenburg*

---

[23] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, p. 102.

[24] K. Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 324.

by Rondebosch.[25] Die Akte van Oorgawe is benewens deur kommissaris Sluysken en lede van die Politieke Raad ook onderteken deur Izaak Rhenius, wat reeds vir jare as sekundus gedien het en na die vertrek van goewerneur Van de Graaff vir 'n kort wyle as goewerneur waargeneem het.[26] Weens sy Cruywagen-verbintenis was hy vir familielede seker 'n interessante bron van inligting en waardevolle raadgewer oor hoe sake kon ontwikkel en wat van die nuwe bewind verwag kon word. Na die vertrek van Nederburg en Frykenius het Rhenius as sekunde aangebly en hom met die Britse oorname as amptenaar beskikbaar gestel soos later verhaal sal word.

Omdat die hoofdoel van Britse aanwesigheid was om die Kaap teen Frankryk te beskerm, het die Britse owerhede aangeneem dat die besetting van die Kaap slegs tydelik sou wees. Dit blyk ook uit die voorwaardes van oorgawe waarin duidelik gestipuleer is dat *De Colonisten zullen alle haare Voorregten, welke thands genieten, blyven behouden, zo wel als der presentie Godsdienst, zonder eenige Verandering.*[27] Die Britte se hooftaak sou wees om wet en orde te handhaaf en die lojaliteit van die nuwe onderdane te wen. Daarby was dit die strewe dat die kolonie selfonderhoudend gemaak moes word en om dit te bewerkstellig was die Britse gesagvoerders daarop ingestel dat die delikate sosiale en politieke ewewig nie versteur moes word nie.[28]

Aanvanklik was die Kaap in die hande van 'n militêre bestuur met generaals Craig, Clark en admiraal Elphinstone as hoogste regeringsmag. Na die vertrek van laasgenoemde twee het die gesag by Craig alleen berus. Die belangrikste verandering wat dadelik ingetree het, was die verdwyning van die Politieke Raad. Die nuwe bevelvoerder het wel sy ondergeskiktes geraadpleeg maar hy het die verantwoordelikheid gedra en sy mag was outokraties. Ook die kollege van

---

[25] C.J. de Villiers, "Die Britse vloot aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 32, 1969 deel 1, pp. 6-9 & K. Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 324.

[26] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente ..., voorwaardes vir oorgawe September 1795, pp. 35-38.

[27] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente ..., voorwaardes vir oorgawe September 1795, p. 37.

[28] T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 76; A. Barnard, *South Africa a century ago*, Part 1, Letters written from the Cape of Good Hope, p. 5.

burgerrade is enigsins gewysig: dit sou voortaan as burger-senaat hoofsaaklik munisipale pligte verrig, omsien na behoeftes van burgers in die Kaapse distrik en vir die inwoners se belange by die owerheid instaan. Om die Kaap se status as strategies belangrike kolonie nie te skaad nie, het die Britse regering lord Macartney, 'n sestigjarige amptenaar met uitgebreide ondervinding, as goewerneur aangestel. Hy het sy pligte in Mei 1797 aanvaar.[29]

Die Kaapse samelewing verander

Die Kaap was sedert die helfte van die 18e eeu stadigaan besig om sy bevoogding van die kompanjie te ontgroei. Die middel van die 18e eeu was *in vele opsigte 'n keerpunt vir die klein blanke gemeenskap en die volgende paar dekades sou 'n tydperk van versnelde ontwikkeling en toenemende selfbewustheid en selfvertroue wees.*[30] Hiervan was reeds tekens te bespeur tydens die burgerwoelinge toe die burgers hulle eie owerheid oor die hoof gesien het en hulle op die Here XVII en die State-Generaal beroep het om hulle natuurlike regte te eerbiedig en in stand te hou. Met die groot Franse teenwoordigheid het baie inwoners hulle inhibisies afgeskud en selfs streng kerklike voorskrifte geïgnoreer. Eenvoud en gereserveerdheid is verontagsaam en daar is met die Franse modestroom meegegaan, gedans en hoog gelewe.

> *Uit die beskikbare bronne kan afgelei word dat die grootste gedeelte van die inwoners van Kaapstad en omgewing gedurende die 18e eeu nie as besonder godsdienstig beskryf kan word nie. In die gees van die rasionalisme, oppervlakkigheid en weeldesug van hierdie eeu het die godsdiens blykbaar 'n blote vorm en verstandelike aangeleentheid geword.*[31]

Daarom ook nie vreemd nie dat in verslae van kerkrade aan die klassis van Amsterdam onder wie hulle geresorteer het, gekla word oor *een laauwen onverschilligheyd* wat hand oor hand aan die toeneem was. In so 'n skrywe in 1788 het dit gegaan oor die *hoogmoed, praal, dartelheid, ijdelikheid in kleding en wandel*

---

[29] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 2, pp. 62, 63.

[30] K.Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 208.

[31] J.C. Pretorius, Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, (DPhil proefskrif, Universiteit van Pretoria), p. 225.

en oor die swak kerkbesoek.[32] Daar is gedans en jolyt gehou en op huweliksonthale is daar selfs op Sondae gedans ... en min predikante het hulle daarteen verset omdat dit as 'n *middelmatige saak* beskou is. Een dominee, die heer Arendtz van Stellenbosch, het wel in 1749 in 'n preek te velde getrek teen die *ijdele en ligtveerdige danserijen.* Die danspassies en –bewegings het hom blykbaar erg teen die bors gestuit:

> *Wat is het niet eene oneerbare ydelheit, ende ligtveerdige dartelheid als men de gangen van de dansers en danseressen aanmerkt, de omdraaijingen, de kapriolen* (kaperjolle), *de bok of geijte-* (herte) *sprongen, en dat hant-geklapt.*[33]

Die meeste Kapenaars het vanweë hulle politieke oortuigings die Engelse as onwelkome gaste beskou. Aan die ander kant was hulle welkome gaste want die Britse vlooteskader het vir 'n aansienlike ekonomies oplewing gesorg. Die verbruik van graan, wyn en vleis was so hoog dat bereken is dat die eskader en die garnisoen se behoeftes indertyd vir vyf-sesdes van die hele Kaapse handel verantwoordelik was.[34]

Gedurende die agtiende eeu was Engelse besoekers gewilde gaste aan die Kaap, hulle gewoontes is geredelik maklik nagevolg en Engels is betreklik algemeen gepraat. Die Franse besoeker La Valliant het in die tagtigerjare daaroor geskryf en dit deels daaraan gewyt dat die Nederlanders en Engelse baie ooreenkomste in gebruike en maniere gehad het. Dan skrywe hy verder bra afkeurend, dat sodra daar Engelse gearriveer het, was almal gretig om aan hulle huisvesting te verskaf. Binne die korte bestek van agt dae het alles in so 'n huis "Engels" geword: die huisheer, die huisvrou en die kinders het Engelse maniere aanvaar.[35]

'n Ander interessante nuwigheid en instelling van Britse oorsprong wat gekom het om te bly, was perdewedrenne.

> *The first British occupation of the Cape began in September 1795. ... In June 1796, a turf club was established and races organised by the*

---

[32] J.C. Pretorius, Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, p.226.

[33] K. Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 99.

[34] C.J. de Villiers, "Die Britse vloot aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 32, 1969 deel 1, p. 122.

[35] K. Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 326.

> *garrison. In September 1797 the first race meeting was held on the Green Point Common.*[36]

Wedrenne is in uitdunne gehardloop en beslis soos daardie dae gebruiklik was. In 1799 was plaaslike inwoners waaronder W.S. Cloete, wat later 'n prominente perdeteler geword het, reeds lede van die klub. Wedrenbyeenkomste was groot sosiale byeenkomste. Oosterlinge en meestal slawe was entoesiastiese wedrengangers en wedders. Gedurende die bestuur van die Bataafse Republiek (1802-1806) is perdewedrenne gestaak maar op 14 April 1807 is daar weer met die sport voortgegaan. Nou het Kapenaars wat voorheen net belangstellende toeskouers was, meer geredelik by wedrenne betrokke geraak.[37]

Die belangstelling in perdewedrenne het oor die algemeen byval gevind by die inwoners van Kaapstad en nie so seer by die plattelanders nie. Daar is geen aanduiding gevind van Cruywagens wat met die sport gemoeid was nie; nie as lede van die klub of as gereelde wedders nie. Dat nuuskierigheid oor die nuwigheid, of 'n toevallige uitnodiging van die Cruywagens by die renbaan gebring het, is 'n redelike moontlikheid.

Daar moet in die Kaapse geskiedenis nie aan Engelse teenwoordigheid gedink word net vanaf 1795 met die eerste Britse oorname van die Kaap nie. Gedurende die loop van die 18e eeu het baie Engelse by die Kaap aangedoen en die getal Engelse skepe wat van vroeg af die Kaap aangedoen het, getuig daarvan.

> *Met die verloop van die 18e eeu het die Engelse in aansien en invloed sterk aangegroei om mettertyd die posisie van die mees begunstigde nasie aan die Kaap te word ... Die hele Europa ondergaan sterk Engelse beïnvloeding en hierby het Nederland die rol van pro-Engelse propagandis en bemiddelaar beklee, en hom daarby sterk begin keer teen die Franse invloede wat eeue lank op kultuurgebied oorheers het.*[38]

---

[36] J. Jaffee, *They raced to win 1797-1979. A history of racing in South-Africa*, p. 12.

[37] J. Jaffee, *They raced to win 1797-1979. A history of racing in South-Africa*, p. 12.

[38] W.J.B. Pienaar, "Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding", C.M. van den Heever & P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 1, p. 221.

Daar kan gerus in gedagte gehou word dat van die voormanne van die Franse rewolusionêre denke, Voltaire, Montesquieu, en Rosseau, elkeen geruime tyd in Engeland deurgebring het en teruggekeer het met heelwat bewondering vir die Engelse. Die Engelse letterkunde en wysbegeerte wat vroeër onbekend en ongeag was, was nou die ontdekking van die eeu, en elkeen wat as beskaaf bekend wou staan moes slegs blyke gegee het van sy of haar kennis van die Engelse kultuur.[39]

Hoewel die Franse soms bondgenote van die Nederlanders was en die kortstondige teenwoordigheid van die Franse eskader in die vroeë 1780's 'n geweldige ekonomiese inspuiting vir die sukkelende Kaapse inwoners beteken het, is daar genoegsame getuienis dat die Engelse baie meer welkom was as die Franse. Die Sweedse reisiger, Thunberg, het byvoorbeeld opgemerk dat 'n Franse offisier, fyn uitgevat, dikwels met 'n ster op die bors, maar min ontsag ingeboesem het, terwyl 'n Engelse stuurman met sy hare oor sy ore, hoog gewaardeer was want hy en sy volk was bondgenote van Nederland.[40]

As daar gevra word waarom die verhouding tussen Afrikaners en Britte later versuur het, voer ondersoekers aan dat so 'n ingesteldheid reeds gedurende die Patriotbeweging ontwikkel het. Daar word geredeneer dat 'n breër nasionale bewuswording gedurende die burgerwoelinge na vore gekom het, iets van die vryheidsin van Geus en Hugenoot wat weens kompanjies-regulering en amptenare-dwingelandy uiting gesoek het, selfs 'n republikeinse strewe wat ontkiem het met die optrede van die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam. Die stryd was meer as 'n stryd tussen vryburger en amptenaar.

> *In 1795 word vir die eerste maal met 'n beslissende dringendheid die toetsvraag aan die Afrikaner gestel om te kies tussen moederlandse en binnelandse belange, tussen land van sy afstamming en land van sy geboorte, ja, selfs tussen die land en belange van die veroweraar en sy eie. ... Die Patriot het gekies. Sy keuse was nie Kompanjie, Nederland,*

---

[39] W.J.B. Pienaar, "Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding", *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 1, p. 221.

[40] W.J.B. Pienaar, "Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding", *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 1, p. 221.

> *Duitsland, Frankryk of selfs Engeland nie. Dit was Suid-Afrika: hy was Afrikaner; hy kon nie anders nie.*[41]

Die Engelsman het hom teen 'n volk in wording vasgeloop, nie teen 'n klomp setlaars, los afstammelinge van baie volke nie, maar teen 'n geslag met 'n gemeenskaplike kultuur en gees. Die volksverhaal eindig nie hier nie maar die pad wat dit verder geloop het, val buite die bestek van hierdie ondersoek.

Engelssprekendes wat hulle na die besetting van die Kaap hier gevestig het, het geen toegewings of aanpassing gemaak nie. Benewens vrywillige vestigers was daar ook bestuurslui en die Britse besettingsmag wat sporadies met Britse immigrante aangevul is. Dit alles het die reeds aanwesige neiging tot verengelsing versterk. Robert Percival wat in 1804 sy *Account of the Cape of Good Hope* geskrywe het, het veranderinge in die leefstyl wat hy in 1796 waargeneem het en dié van later tye aangestip.

> *When I returned to the Cape in 1801 I was agreeably surprised to find that they* [die Kapenaars] *were considerably improved in their manners and mode of living by the intercourse which necessarily took place between them and our countrymen, and that they had adopted a considerable portion of our manners and customs.*[42]

Met kleredrag was dit lank reeds die geval terwyl daar ook berig is oor 'n wegbeweeg van die vetterige Kaapse kookkuns en 'n aanleer van die Engelse kossmaak.

Hoewel daar tydens die driejarige bewind van die Bataafse Republiek 'n kortstondige terugval was na die vertroude gang van sake, het die Britse invloed oorwegend geword. Dit was aanvanklik en hoofsaaklik tot Kaapstad en sy onmiddellike agterland beperk, en dit was veral diegene met sosiale pretensies of ambisies uit prominente families soos die Cloetes en die Van der Byls by wie die neiging tot verengelsing duidelik merkbaar was.[43]

---

[41] W.J.B. Pienaar, "Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding", *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 1, pp. 222-224.

[42] K .Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 326.

[43] K. Schoeman, *Dogter van Sion*, p. 327.

Die inwoners van Kaapstad was nie so geïsoleerd as diegene wat veraf in die nuwe distrikte of op die verste voorposte gebly het nie. Die Kapenaars het deur middel van mense op die skepe wat by hulle inwoning gekry het, asook met briefwisseling tot op sekere hoogte voeling gehou met wat in die buitewêreld gebeur het. Waar Scholtz handel met die Afrikanervolk en omstandighede wat tot hulle wording en groei gelei het, sê hy pertinent dat Kaapstad gering daartoe bygedra het.

> *Dit was selfs so in die Nederlandse tydperk. In die Britse tydperk was die Kapenaars natuurlik die eerste om geangliseer te raak. 'n Mens vind dan ook dat min persone wat in Kaapstad gebore en getoë is, 'n rol van enige betekenis in die Afrikaanse volkslewe gespeel het. Kaapstad beroem hom daarop dat hy die moederstad is. Dit is seker nie die geval wanneer op die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse volk gelet word nie.*[44]

Genoemde skrywer wys dan op die verskil tussen die stedelinge en die graan- en wynboere uit wie se geledere die Patriotte hoofsaaklik gespruit het. Dit is moeilik om te bepaal wat die rol en die plek van die Cruywagens in al hierdie ontwikkeling was. By hulle het hulle woon- en werkplek, die stad of die platteland, en hulle onmiddellike omringende gemeenskap seker grootliks hulle ingesteldheid gerig en hulle bydrae bepaal.

Cruywagens in Britse diens

Hoewel generaal Craig aansienlike bestuursveranderinge aangebring het, het benewens die Politieke Raad en die kollege van burgerrade, die ander Nederlandse bestuursliggame bly voortbestaan. So ver as moonlik is administratiewe poste met Nederlanders gevul en bestaande bekleërs in hulle poste behou. Izaak Rhenius was die hoogste kompanjies-amptenaar wat bereid was om in Britse diens voort te gaan. Op 10 Oktober 1795 is hy aangestel as ontvanger-generaal en tesourier. Hy is ook heraangestel in die pos van kommissaris-politiek wat hy onder die kompanjie beklee het soos reeds genoem.[45]

---

[44] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 176.

[45] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 162, Verbatimkopieë, p.11.

Rhenius sou moontlik as 'n "Angloman" aangesien gewees het, d.w.s. iemand wat die Engelse heerskappy redelik goedgesind was en met hulle kon saamwerk. Weens sy persoonlikheid, soos vroeër aangedui, sou so 'n aanname nie verkeerd gewees het nie. Daar was heelwat Kapenaars wat soos Rhenius ingestel was en opgetree het, maar manne wat nie noodwendig tot nadeel van die latere Bataafse bewind sou gehandel het nie.[46] Ook Cornelis Cruywagen, Gerrit se tweede oudste seun, *zyn overgegaan in dienst en soldy van 't Engelsch Governement.* Cornelis was toe lid van die Raad van Justisie en pakhuismeester en het in daardie betrekkings voortgegaan.[47]

Verdere verwikkelinge met die Britte aan die stuur van Kaapse sake word daar gelaat. Die opstandige Graaff-Reinetters en Swellendammers het hulle na baie teëstribbeling en uitgerekte onderhandelinge aan die Britse gesag onderwerp. Voortgaande botsing op die oosgrens het tot die derde grensoorlog (1799-1803) gelei. Die Kaap onder die Engelse het 'n ekonomiese bloeityd belewe soos soortgelyke oorlogsperiodes voorheen ook meegebring het.

Twee veranderinge of verbeteringe wat gedurende die Engelse bewind ingestel is, was die eerste poskantoor wat in 1798 in Kaapstad ingerig is. Privaat persone wat vroeër per guns of geleentheid briewe na Europa gestuur het en op dieselfde wyse pos ontvang het, kon dit nou teen 'n vasgestelde tarief deur 'n regeringsdepartement laat doen. In Augustus 1800 het die eerste Suid-Afrikaanse blad, die *Cape Town Gazette and African Advertiser* verskyn. Goewerneur Macartney het aan twee Engelse handelaars die vergunning verleen om die blad weekliks uit te gee. Benewens vir algemene nuus was die blad van kommersiële aard en is dit gebruik om proklamasies bekend te maak. In 1801 is die hele onderneming deur die regering oorgeneem, 'n onderneming wat die begin was van wat tans bekend is as die staatskoerant.[48] Beide dié nuwighede het positiewe maatskaplike gevolge gehad. Die bewoners van die

---

[46] H.B. Thom (toeligtende red.), *Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkinge over de verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop 1804*, Van Riebeeck – vereeniging nr. 23, p. 16.

[47] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, VC 162, Verbatimkopieë, p.11 & p. 14.

[48] S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 2, p. 94.

binneland het egter geen voordeel hiervan gehad nie en hulle isolasie, ook van die Britse gesag, het vergroot.

Die Bataafse bewind

In Europa het Frankryk en Engeland en hulle bondgenote in Oktober 1801 vrede gesluit en die vredesverdrag van Amiens is op 18 Maart 1802 onderteken. Die verdrag het bepaal dat alle besittings van die VOC behalwe die eiland Trinidad en Ceylon aan die Bataafse Republiek terugbesorg moes word.[49]


Jacob Abraham Uitenhage de Mist, 'n Nederlandse regsgeleerde wat onder andere ook lid van die Nasionale Vergadering was en in Augustus 1800 aangestel is as lid van die *Raad der Asiatische Bezittingen en Establissementen*, is deur die Nederlandse staatsbewind as kommissaris-generaal oor die Kaap die Goeie Hoop aangestel. Hierdie aanstelling het gevolg op 'n rapport waarin De Mist sy voorlopige sieninge oor die Kaap uiteengesit het; 'n dokument wat 'n besonder goeie indruk op die besluitnemers gemaak het.[50] De Mist was vergesel van luitenant-generaal Jan Willem Janssens wat as goewerneur en hoof van die militêre mag aan die Kaap sou dien. Hy het reeds op twaalfjarige leeftyd in militêre diens getree, het deur verskeie range gevorder maar is in 1793 aan die begin van die rewolusionêre oorloë, toe 'n Franse mag Nederland binnegeval het, swaar gewond. Hy het daarna in administratiewe poste gedien en was sekretaris-generaal van die ministerie van oorlog voor hy die nuwe pos aanvaar en op 5 Augustus 1802 na die Kaap vertrek het.[51]

---

[49] S.F.N.Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 2, p. 95 & F.A. van Jaarsveld (red.), *Honderd basiese dokumente...*, p. 39.

[50] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806*, pp. 7-15.

[51] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 51.



Die Kaap onder Bataafse Republiek. (Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika.)

De Mist was nie van plan om enige van sy voorgenome beleidsrigtings in werking te stel nie voor hy nie goeie kennis gedra het van die verdeeldheid en partyskappe wat in die Kaapse samelewing geheers het. Daarom het hy direk na sy aankoms daarvan werk gemaak om *die publieke opinie van die ingesetene en die hoofverskille van die destydse partyskappe aan die Kaap te leer ken.*[52] Hy het gevind dat partye mekaar skerp en geesdriftig teengegaan het soos in Nederland gedurende die eerste jare van die rewolusie van 1795. Hoewel die oorsake verskillend was, was die gevolge dieselfde: *haat, onderlinge jaloesie, verwydering en die belaglike eieliefde.*

Die verdeeldheid is deur De Mist na twee oorsake teruggevoer, oorsake wat beide hulle oorsprong gehad het in die historiese ontwikkeling van die klein blanke gemeenskap op Afrikabodem. Dit het gespruit uit die vestigingsdoel, 'n verversingstasie wat uitsluitlik die handelsbelange van die kompanjie moes dien; en die vestigingsverloop waartydens die verversingspos 'n kolonie geword het, 'n kolonie wat egter steeds met 'n beperkende verversingspos-beleid bestuur is. Teorie en

[52] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 99.

praktyk het al verder verwyder geraak en die hoofpartye, amptenare en vryburgers, het al heftiger gebots.[53]

De Mist het die veranderde toestand ingesien en geskryf,

> *Den Caabsche Uithoek, dan oorspronkelyk alleen tot eene ververschingsplaats bestemd, is, by toeval, ongevoelig en mischien tegen de wensch, maar zeker tegen de gedagten der eerste oprichters, in eene aanzienlyke landbouwende Colonie verander.*[54]

Die verandering, het hy beklemtoon, moes deur die regering raakgesien word. Om die nadele wat die beleid van die gestorwe VOC meegebring het te probeer teëwerk, is die Kaap ook losgemaak van die *Hoë Regering van Indië*, bedoelende die gesag wat vroeër van Batavia uitgegaan het. Die kolonie sou voortaan ondergeskik gewees het aan die Bataafse regering alleen. De Mist het die ingesetenes verseker dat in die vervolg *eene Vrijen Handel en uitvoer van 's Lands producten naar buiten* die beleid sou wees.[55]

Dit was egter meer as slegs 'n ekonomiese en bestuursteenstelling. Die amptenare was trots op hulle ampte en range van onderskeiding en op, oor die algemeen, meerdere kundighede waaroor hulle geskik het. Met hierdie meerderwaardige ingesteldheid en groter finansiële vermoë – wat hulle dikwels te koste van die kompanjie bekom het – het hulle met minagting op die amptelose burgers laat neersien.[56] Die amptenare was die uitvoerders van die bevele en beleid van 'n monopolitiese organisasie, dikwels skuldig aan ongewettigde en onderdrukkende optrede. Die burgers, ver verwyder van Europa en enige naburige beskaafde staat, en gevul met ontevredenheid en selfs veragting teenoor die toonaangewende bestuurskader, het onder invloed van rewolusionêre denkbeelde tot verset oorgegaan. (Dit verwys na die burgeraksies van 1779.) Die nawerkinge van die verset wat nie veel voordele en regstellings tot gevolg gehad het nie was nog merkbaar teenwoordig toe die Engelse die Kaap in 1795

---

[53] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 100.

[54] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p.p. 48, 49.

[55] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 49.

[56] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 101.

oorgeneem het. Die amptenaar-bestuurders het die Engelse eintlik gesien as hulle beskermers wat

> *tegen den moedwil eener losbandige menigte, die reeds doordrongen van de fatale denkbeelden der nieuwerwetsche vrijheid van die dagen en door allerly slegthoofden opgewonden en aangevuurd...*[57]

sou opgetree het.

Die feit dat die grootste gedeelte van die kompanjiesdienaars hulle by die Engelse bewind in diens gestel het, het die skeidslyn wat reeds bestaan het verder deurgetrek, wel in ander vorme en benaminge. Diegene wat deur die Engelse in diens geneem is en ander simpatiseerders is bestempel as "Anglomanne" en hulle teenstanders het die skandnaam, Jakobyne gekry. Die naam het verwys na lede van die radikale, invloedryke party van die Franse rewolusie wat die beginsels van uiterste demokrasie en van mees volstrekte gelykheid voorgestaan het. Volgens De Mist het hy onder die sogenaamde Jakobyne *vele braave, industrieuse en agtenswaardige* burgers aangetref, wie se sieninge hy met eerbied bejeën het; mense met *liefde voor het oude Moederland en gehegtheid aan het tegenswoordige Bataafsche Gouvernement....*[58] Volgens De Mist het inwoners wat só ingestel was die meerderheid van die bevolking uitgemaak.

Hierdie teenstellings het reeds 'n aanvang geneem toe die eerste paar burgers vrybriewe aan die Kaap gekry het. Van daardie tyd af het dit soos 'n goue draad deur die Kaapse geskiedenis geloop, dit het 'n betekenisvolle invloed op die Kaapse samelewing gehad en mag nooit uit die oog verloor word nie. Dit het grootliks gelei tot die uitbreiding van die nedersetting, dit het die bestaanstryd van die burgers verdiep en die lewensingesteldheid en die ekonomiese en politieke denke van elke inwoner beïnvloed.

De Mist en Janssens het hulle op die ordelike bestuur van die uitgestrekte Kaapse koloniaal-gebied toegespits. Die toepassing van so 'n bestuursmodel het egter tot

---

[57] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, pp. 101, 102.

[58] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 103.

groter sentralisasie van mag gelei. Dit het eintlik lynreg teenoor De Mist se geloof in die reg en regte en vryhede van die indiwidu gestaan. Die hoogste kolleges het De Mist beman met amptenare uit Nederland; dit het veral gegeld vir die Politieke Raad en die Raad van Justisie. Vir die vul van poste in die mindere kolleges moes hy die meeste amptenare aan die Kaap self gevind het. In sy keuse van hierdie amptenare het hy hom laat lei deur bekwaamheidseise, maar hy moes steeds in ag geneem het dat 'n egte Bataafse gees aan die Kaap gevestig moes word. Vir die uitvoer van sy beleid moes hy amptenare oordeelkundig geselekteer het want dit sou hom weinig gebaat het as diegene wat die beleid moes uitvoer heimlik die teenoorgestelde gepropageer het.[59] Die burgersenaat is omskep in die Raad der Gemeente, 'n liggaam met benoemde lede wat beskou is as die verteenwoordigers van die burgers. Hierdie raad sou voortaan ook verantwoordelik gewees het vir die bestuur van Kaapstad.

Die beheer van die sentrale owerheid is verder uitgebrei met die stigting van die drosdye Uitenhage en Tulbagh. Die distrikte is in wyke verdeel met 'n veldkornet ('n nuwe amptenaar) aan die hoof.

Met sy kerkorde (25 Junie 1804) het De Mist die kerk steeds afhanklik van die staat gehou. Elke kerkgenootskap sou die vryheid hê om sy besondere leerstelsels te besit en te verkondig dog die owerheid het vir hom voorbehou

> *de onvervreemdbare macht, om te kunnen beoirdeelen de uitwerkselen dier Leerstelsels op den Burgerstaat, en op den geest en de gedragingen der Ingezetenen.*[60]

Met die bou van kerke kon alleen begin word ná toestemming van die goewerneur verkry is; die hou van godsdienstige byeenkomste op ander tye as Sondae of erkende feesdae, kon geskied slegs met instemming van die goewerneur en die vermeerdering van die aantal leraars moes met medewete van die goewerneur geskied. Die twee gesagvoerders het die groot behoefte aan goeie onderwys raakgesien en met die skoolorde gepoog om dit reg te stel. Daar is voorsiening gemaak vir 'n eenvoudige

---

[59] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 99.

[60] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 390.

onderwysstelsel wat, indien dit deeglik toegepas kon word, veel sou gedoen het vir die intellektuele en kulturele ontwikkeling van al die inwoners.

Ten opsigte van die Khoi-Khoin en die Xhosas op die oosgrens is dit voldoende om daarop te wys dat daar vir die eerste keer vaste beginsels geformuleer is om die probleme van saambestaan en kontaksituasies na behore te hanteer. Van hulle voorgangers, die kompanjie en die Britte, het die nuwe bewindhebbers nie veel te leer gehad nie want van 'n beleid in kompanjiestyd kon kwalik gepraat word en die Britse filantropiese benadering het van vaste beginsels bra min gehad.[61]

Oor die twee Bataafse leidsliede, De Mist en Janssens, het Scholtz aangevoer:

> *Hierdie twee Nederlanders beklee in meer as een opsig 'n unieke plek in die geskiedenis van die Afrikaanse volk. ... De Mist en Janssens was die eerste manne wat na die Kaap gekom het met die groot doel om die volksplanting met die oog op die belange van die Afrikaners alleen te bestuur.*[62]

Dit het nou nie meer gegaan oor die welsyn en voordeel van 'n handelsmaatskappy nie want dié het nie meer bestaan nie. Die fokus was nou op die heil en voorspoed van die ingesetenes en die welsyn van die hele kolonie. Wanneer Scholtz skrywe dat die kort duur van die Bataafse bewind een van die groot tragedies in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is, kan met sy stelling min fout gevind word.[63]

Kort soos wat die bestuur van die Bataafse bewind aan die Kaap was, word dit deur historici hoog aangeslaan. Die beleid wat die leiers op al die belangrike bestaansvlakke van die Kaapse samelewing toegepas het, het groot potensiaal vir die regstelling van die dringende behoeftes van al die inwoners van die kolonie ingehou. Die bereiking van die ideaal sou nie maklik gewees het nie, maar een van die ondersoekers het met oortuiging geskrywe,

---

[61] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, pp. 391-401.

[62] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 414.

[63] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 414.

> *Des nieteenstaande teken hierdie kort periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis hom buitengewoon gunstig af in vergelyking met die beste dae, wat die Kaap onder die Oos-Indiese Kompanjie geken het en ook te opsigte van die sewejarige tussenbestuur van die Engelse. En wat die administratiewe inrigtinge betref, staan dit kop en skouers uit bo alles wat op daardie gebied voorafgegaan het en nog lang daarna sou volg.*[64]

Dit is uiters moeilik om aan te dui of enige van die Cruywagens 'n betekenisvolle rol gespeel het gedurende die kortstondige Bataafse periode aan die Kaap. Dat hulle nie eensdenkend was nie, sou 'n bloot natuurlike en vanselfsprekende aanname wees. Onder hulle sou daar Anglomanne die meer Brits georiënteerdes en Jakobyne, of meer Bataafsgesindes gewees het. Die Cruywagen-indiwidue wat aandag gekry het toe een en ander gesê is oor die Eerste Britse bewind, was nog in omloop tydens die Bataafse oorname. Van hulle was inwoners van Kaapstad, ander weer was verder-wonend soos Jan Frederik (1781) van die Tygerberg onder die gemeente Swartland, na wie in die vorige hoofstuk verwys is. Hulle opvattings en sieninge kon verskil het ook na gelang van die ingesteldheid van elkeen se omringende gemeenskap. Daar is telkens reeds gewys op die verskille tussen die "stedelinge" en plattelandse bewoners en tussen Cruywagens van verskillende woonomgewings kon dit nie veel anders gewees het nie. Onder hulle was daar diegene wat die "Patriot-keuse" gemaak het of moontlik 'n "getuigskrif" van generaal Craig ontvang het as *Persons who have distinguished themselves by an open activity in favour of His Majesty's interests.*[65]

Die tweede Britse besetting (1806)

Die vrede wat Engeland en Frankryk in 1802 gesluit het, het nie lank geduur nie. Napoleon Bonaparte was die konsul in Frankryk en sy ideaal om Frankryk die oorheersende mag in Europa te maak en uitvoering aan sy koloniale planne te gee, het stygende onrus by die Britse bewindhebbers veroorsaak. Een van die bepalings van die Vrede van Amiens was dat die Britte die eiland Malta moes ontruim. Weens vrees

---

[64] J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek...*, p. 384.

[65] W.J.B. Pienaar, "Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding", *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel 1, p. 223.

vir Bonaparte se politieke oogmerke wou die Britte nie die teruggawe-bepaling nagekom het nie en dit het meegebring dat oorlog weer in 1803 tussen die twee ou vyande uitgebreek het – slegs 'n paar maande ná De Mist en Janssens in Mei 1803 in die Kaap aangekom het.[66]

Dat die Kaap in hierdie Europese oorlog weer in die visier van die vegtende partye was, was van die begin af 'n aanvaarde feit. Een of ander tyd tydens die vyandelikhede sou 'n Engelse of Franse aanvalsmag na die Kaap gestuur word. Die Britte het hierdie keer die Franse voorgespring en teen ongeveer September 1805 het 'n Britse vloot van 61 skepe onder admiraal Popham met meer as 6 000 besettingstroepe onder bevel van generaal Baird aan boord na die Kaap vertrek. Vir die Bataafse Republiek was die Nederlandse koloniale besittings in die ooste wat nie reeds in Engelse hande was nie, en veral Java, van oorwegende belang. Generaal Janssens het dan ook opdrag gekry om 'n groot deel van die militêre mag aan die Kaap na die Ooste te stuur. Dit het die Kaap feitlik weerloos teen 'n Britse aanval gelaat. Om op die burgers as verdedigers te moes staatmaak, sou nie veel gehelp het nie omdat hulle slegs effektief was ter ondersteuning van 'n redelik sterk garnisoen. Janssens was eintlik gegrief oor die Bataafse bewindhebbers se houding. Hy het geskrywe dat onder sulke omstandighede die volksplanting tereg sou gevoel het dat dit 'n ramp was om onder Bataafse bestuur te staan en dat 'n verandering voordele kon ingehou het.[67]

Van militêre weerstand was daar nie veel sprake toe die Britse mag op 7 Januarie 1806 by Bloubergstrand, 25 km noord van Kaapstad, aan wal gestap het nie. Generaal Janssens se mag van 2 000 man het benewens 'n kort skermutseling nie veel teenstand gebied nie. Janssens het na die Hottentots-Holland-omgewing teruggeval en op 10 Januarie 1806 gekapituleer. Die oorgawe is by Papendorp, die huidige Woodstock, onderteken.[68]

---

[66] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 415.

[67] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 416.

[68] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse* Geskiedenis, p. 119; T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 79.

Dit het die einde van die Nederlandse bewind oor Suid-Afrika beteken en vir die mense van die suidland 'n nuwe tydvak in hulle bestaan. Generaal Janssens het in 'n skrywe aan generaal Baird 'n mooi getuigskrif oor die inwoners van die land nagelaat toe hy van hulle gesê het:

> *...they have their faults, but these are now more than compensated by good qualities. Through lenity, through marks of affection and benevolence, they may be conducted to any good.*

En dan het hy bygevoeg dat hy daarvan oortuig was dat dit die weg gaan wees waarlangs Baird die mense se welsyn sou bevorder.[69]

Die ou teenstellings en botsings het onder die nuwe bewind nie tot 'n einde gekom nie. Die redes vir voortgesette wrywing en stryd het mettertyd verander en onder die Britte ná die tweede oorname meer op kultuurgebied afgespeel. Op daardie terrein het Afrikaners 'n groter geestelike samehorigheid ontwikkel en 'n sterkerwordende volksgevoel het merkbaar geword.[70]

In die verhaal, wat vir doeleindes van hierdie ondersoek tot 1806 vertel word, was die Cruywagens vanaf die einde van die 17e eeu en veral gedurende die hele verloop van die 18e eeu prominente rolspelers op die Suid-Afrikaanse historiese verhoog. Terwyl hulle met die stryd teen Willem Adriaan van der Stel onverbonde toeskouers was, het hulle gedurende die belangrikste gebeure en episodes van die 18e eeu 'n groot rol gespeel en 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen. Meendert en Johannes, hoewel nie trekboere nie, het met hulle groot veetroppe bygedra om die Kaapse grense verder te skuiwe en die wêreld vir die trekboere oop te maak. Johannes het 'n rol gespeel in die Barbier-verhaal en alles wat daarmee verband gehad het. Hy was tot omtrent die middel van die 18e eeu betrokke by byna elke vermeldenswaardige gebeurtenis. Jan IV en sy broer, Gerrit, was midde die burgerwoelinge van 1779 en die baie belangrike Patriottestryd. Saam met hulle tydgenote het hulle lewensuitinge en aktiwiteite gehelp om hulle leefwêreld te vorm, te omvorm en te verander. Deur alles heen is kultuur

---

[69] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 417.

[70] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 1, 1652-1806, p. 420.

voortgebring en het hulle met hulle aktiwiteite 'n paar betekenisvolle reëls tot die vroeë Kaapse verhaal bygedra.

HOOFSTUK 9

SLOTWOORD EN EVALUERING

Die onderhawige studie het gefokus op 'n Kaapse familie, die Cruywagens en meer bepaald dié individue in die direkte afstammelingslyn van die ondersoeker. Daar is vir kontinuïteit en beter oriëntering by die kronologiese verloop van gebeure aan die Kaap gehou. Die kern en essensie van die ondersoek was egter *die bestudering van die mens en die proses van verandering binne 'n tydruimtelike konteks* ... Deur dié weg te volg is daar gepoog om 'n beskeie bydrae tot die geskiedenis, soos prof. Tempelhoff dit kernagtig in die voorgaande aanhaling gedefinieer het, te maak.[1] Daar is aandag gegee aan die leefwêreld van die Cruywagens en hulle tydgenote, aan die alledaagse lewensordening met gebruike, gewoontes, tradisies, onderlinge verhoudinge, die sosiale stratifikasie van die gemeenskap, die invloed van slaweteenwoordigheid en so meer. Daar is by huise ingeloer, saam kerk toe gegaan, begrafnisse bygewoon, 'n uitgerekte stryd met die owerheid is meegemaak en 'n verlammende onderlinge twis is beleef. Hierdie intiemer meelewing het inligting na vore gebring wat duideliker lig gewerp het op bepaalde periodes, en dieper begrip en insig gegee het in die proses van kultuurskepping, politieke ontwikkeling en volksvorming.

'n Aangeleentheid wat soos 'n goue draad deur die bykans 150 jaar van VOC-bestuur loop, en nie genoegsaam verreken word nie, het vollediger aandag gekry. Dit het betrekking op die kompanjie se onrealistiese vasklem aan beleidsrigtings in verband met die oorspronklike vestigingsdoel, naamlik 'n verversingstasie ter ondersteuning van die Oosterse handel. Daarteenoor het gestaan die realiteit van die vestigingsverloop en wel dat die oorspronklike nedersetting gegroei het tot 'n uitgestrekte kolonie met koloniste wat op 'n bestaanbare lewe en bepaalde regte en vryhede aanspraak gemaak het. Hierdie teenoor mekaar staande konsepte en sieninge het vanaf die plasing van die eerste vryburgers op hulle lappies grond in 1657 tot aan die einde van kompanjiesbestuur in 1795, hewige verskille en twiste tussen

[1] J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede...*, p. 29.

Kompanjiesamptenare in leiersposisies, veral Nederlandsgebore beamptes, en die Kaapse burgery aanleiding gegee soos in verskeie hoofstukke uiteengesit is.
Die kompanjie het ter beskerming van sy handelsmonopolie uiters voorskriftelik opgetree en 'n beleid, wat nie met die werklikheid rekening gehou het nie, in stand probeer hou. Dit het die reeds beperkte bestaansmoontlikhede van veral dié deel van die bevolking wat hulle op die landbou toegespits het nog verder verskraal. Daar was tye dat daar 'n stilstand van wapens was, gewoonlik wanneer 'n oorlog in Europa gewoed en verhoogde skeepsverkeer in Tafelbaai 'n welkome opbloei in ekonomiese aktiwiteite tot gevolg gehad het. Die voortslepende stryd om te ontkom aan 'n oorgereguleerde en geregimenteerde bestaanswyse, selfs kerklik-godsdienstig, het 'n merk gelaat op 'n groot deel van die Kaapse bevolking. Naas die negatiewe impak het die vlakke van konflik ook 'n positiewe resultaat gelewer. Dit het by die toekomstige Afrikaners 'n gevoel van eie-waarde gegee, 'n onafhanklikheids-ingesteldheid by hulle aangewakker en die selfbewustheid ten opsigte van hulle sosiale bestaan en politieke status verskerp.

> *This measure of independence of spirit was a prerequisite for the emergence of an indigenous political activity and thinking. The special strains and stresses which Cape society was undergoing ... gave rise to the Cape Patriot movement and also provided the object of its political activities and reflections.*[2]

Anders as in die stryd teen W.A. van der Stel het die Patriotte opgetree as 'n selfbewuste inheemse groep en het hulle kommer daaroor gegaan of hulle as Europeane en as beskaafde Christenmense in 'n nedersetting met sulke beperkte lewensmoontlikhede sou kon bly bestaan. Daar was nou gewigtige sake op die spel: die status van hulle burgerskap, hulle verhouding met die owerheid en hulle plek saam met en verhouding tot inheemse mense. Hier is reeds spore sigbaar van die sake wat in die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke denke vir geslagte, tot in die huidige dag, 'n deurslaggewende rol sou speel.

Die invloed en uitwerking van die Patriotbeweging op die Kaapse samelewing en die later verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis mag nie gering geskat word nie. Dit moet egter ook in 'n wyer verband as die optrede van 'n groep onvergenoegde koloniste in 'n afgesonderde koloniale uithoek gesien word. Die episode het tot 'n

---

[2] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought: Analysis and documents*, p. 5.

sekere hoogte die verbreking van die isolasie, wat die Kaapse uithoek vir geslagte afgesonderd gelaat het, ingelui. Die burgery se optrede en onderliggende oortuigings, hoewel vaag en sonder dramatiese impak, het aansluiting gevind by

> *general political ideas and theories coming into currency in the Western world at the time, such as the idea of 'the general welfare' and the claim to rights of citizenship, though these were put to somewhat different uses in the distant colonial context of the Cape.*[3]

In wyer kontak was nou meer as die verwisseling van handelsartikels op die spel. Idees is uitgeruil en leerstellings oor die basiese regte en vryhede van die burgery en die proletariaat het 'n wyer en selfs veraf gehoor in die Kaapse uithoek gevind. Hierdie uitruilproses is natuurlik versnel met die gebruik van die drukproses waarna in die manuskrip verwys word.

'n Wye spektrum van omstandighede bring mee dat 'n ondersoeker geneig mag voel om 'n spanning-skaduwee oor 'n groot deel van die 18e eeu te sien sweef. Dit vloei voort uit magsmisbruik wat veroorsaak is deur die krampagtige beskerming van handelsmonopolieë en die byna onverbiddelike handhawing van owerheidsgesag ten alle koste. Voorts was daar 'n strafstelsel waarin onmenswaardige behandeling en wrede vonnisse nie vreemd was nie. Voeg daarby die heimlike vrees vir 'n slaweopstand wat onder andere aangewakker is deur die optrede van sekere onverantwoordelike slawe-eienaars. Wanneer daar verder onthou word dat daar 'n nimmereindigende stryd was tussen burgers en amptenare, die botsing tussen vestigingsdoel en vestigingsverloop, en later die verskillende oorloë oor beheer van die oosgrensgebied, groei die spanningsbesef al sterker. Die geweldskarakter wat ook in die Kaapse samelewing teenwoordig was, veral institusioneel, kon net 'n negatiewe inwerking op almal gehad het.

Hoewel 'n sterk spanningsveld aanwesig was, het dit ook 'n positiewe uitwerking gehad omdat dit die kweekbodem was waaruit nuwe Afrikamense, die latere Afrikaners, gespruit het. Omdat die geskiedenis nie uit blote kragte bestaan nie, maar te alle tye deur mense gedra word,[4] is groter klem op mense en hulle alledaagse

---

[3] A. du Toit & H. Giliomee, *Afrikaner political thought:* ..., p. 231.
[4] F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy geskiedenis*, p. 37.

aktiwiteite geplaas deur die genealogie, kultuurgeskiedenis en ander aspekte van die historiografie te integreer. Dié benaderingsmetode het aan redelik bekende feite nuwe betekenis gegee, die uitsig is verbreed en dit het iets van die oneindige verskeidenheid van menslike handelinge onder die aandag gebring en sodoende nuwe gesigsvlakke en benaderingshoeke op die verlede-verhaal na vore gebring. Dit het ook die kennis oor die tydvakke waarin die Cruywagens geleef het verbreed en so meer lig gewerp op skadukolle van kennisgebrek wat die 18e eeu in 'n groot mate onbekend gelaat het.

Die eie-insig is verdiep en die meerdere kennis wat opgedoen is, is 'n onvervreembare bate wat in voortgesette navorsing vrugbaar aangewend sal word. Dit was 'n uitsonderlike voorreg om (in Tempelhoff se ietwat aangepaste woorde) oorpeinsende vanuit die hede na die verlede te kyk en bewus te word van die veelsydigheid van die menslike gees in 'n ou wêreld wat hom voortdurend nuut aan jonger geslagte manifesteer.[5]

[5] J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede*, p. 240.

BRONNELYS

NIE GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

ARGIEFBEWAARPLEK KAAPSTAD

Die lêers wat geraadpleeg is, is volledig in die teks gemeld. Daarom word slegs datums waarop die band betrekking het of die datum van die gebeure waarna verwys word, aangegee

Diverse dokumente (MIS)

MIS 69, 2 Januarie 1709, 7 Oktober 1709, 11 September 1738.

Meester van die Hooggeregshof (MOOC)

MOOC 6/1, 19 Maart 1770.

MOOC 6/2, 28 Maart 1803.

MOOC 6/9/22, September 1740.

MOOC 7/1/3, 15 Desember 1720-1725.

MOOC 7/1/6, 20 Maart 1741.

MOOC 7/1/15, 2 Julie 1761.

MOOC 7/1/21, Desember 1750.

MOOC 7/1/35, 3 Mei 1782.

MOOC 7/1/44, 16 Januarie 1792.

MOOC 10/3, Oktober 1723-April 1731.

Ontvanger van Landinkomste (RLR)

RLR 1, 1687-1712.

RLR 2, 1712-1714.

RLR 9/1, 1730-1731.

RLR 10/2, 1741-1744.

Opgaafrolle (J)

J 39, Mei 1800.

J 52, 1821-1822.

J 54, 1823.

A 2250 1682-1751. (Aanwinste)

A 2250 1682-1757. (Aanwinste)

Politieke Raad (C)

C 20, 19 Mei 1688.

C 35, 14 Februarie 1743.

C 40, November 1716-19 Februarie 1719.

C 110, 21 Maart 1739.

C 1981, April 1739.

Raad van Justisie (CJ)

CJ 3, 1688-Desember 1692.

CJ 5, 1709-1717.

CJ 21, 22 Oktober 1739-12 November 1739.

CJ 1027, 2 Augustus 1711-Desember 1711.

CJ 2646, 14 Februarie 1788.

CJ 2657, 18 April 1744.

CJ 2672, 17 Desember 1759.

CJ 2687, 20 November 1713.

Sekretaris van die Burgerkrygsraad (BKR)

BKR 1, Desember 1746, September 1751, September 1754, September 1755, September 1759.

Verbatimkopieë (VC)

VC (sonder nommer), 1689-1692.

VC 12, 1690-1699.

VC 36, Februarie 1743.

VC 44, 1750.

VC 58, 1768.

VC 61, 1 November 1780-20 Maart 1781.

VC 63, Februarie 1788.

VC 143, 1 Mei 1779-1884.

VC 161, Anonieme stuk, geen datum.

VC 162, 1791-1792.

VC 621, Kopieë van NG Kerkregisters, Augustus 1746.

VC 622, Kopieë van NG Kerkregisters, 14 Oktober 1759-1801.

VC 655, September 1781.

VC 656, 1781.

VC 668, 4 April 1821.

VC 671, Maart 1778.

NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

G1 1/1, Doopregister 1665-1695.

G1 8/2, Doopregister 1713-1742.

G1 13/1, Doopregister 1713-1725.

G1 14/1, Lyst der graftsteeden te vinden in die Gereformeerde Kerk van Cabo de Goede Hoop.

REGISTRATEUR VAN AKTES

2/472 CQ 7/52.

12/1744.

DOC 5/1/1 Kaapse Argiefbewaarplek, 16 September 1790.

INTERNET

Buginese (http://www.ethnologue.com.), 16 Augustus 2002.

De geschiedenis van Sulawesi (http://www.travelmarker.nl/bestemmingen/azie/indonesie/geschiedenis/sulawesi.htm.), 27 Julie 2004.

Op de schepen van de Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) http://voc-kenniscentrumnl/, 9 April 2002.

Resolusies van die Politieke Raad (http://www.tanap.net.)

C 119, 7 November 1741.

C 143, 13 November 1764.

C 153, 12 Desember 1775.

C 156, 24 Maart 1778.

C 161, 12 Februarie 1782.

C 162, 30 April 1782.

C 162, 30 Mei 1782.

C 163, 13 Augustus 1782.

C 165, 21 Oktober 1783.

C 166, 17 Februarie 1784.

C 188, 26 Julie 1790.

C 194, 8 Julie 1791.

C 225, 20 Augustus 1794.

C 228, 13 Februarie 1794.

GENEALOGIESE INSTITUUT VAN SUID-AFRIKA, STELLENBOSCH

Genealogiese verslag: nageslag van Jan Cruywagen, 16 April 1999.

BRIEWE (In persoonlike besit van skrywer)

DROST, A., Appeldoorn, Nederland, 1960.

PRETORIUS, F., Mediese Fakulteit, UP, 9 Maart 1982.

UMNEY, R., Eertyds van Gosforth, Nieu Suid Wallis, Australië, 1 November 1982.

GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 1-5 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1957-1963).

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad, deel 6-10 (Pretoria, Staatsdrukker, 1965-1983).

JEFFREYS, K.M., Kaapsche archiefstukken, 1778-1783 (Kaapstad, s.n., 1926-1938).

JEFFREYS, K.M., Kaapse argiefstukke: Kaapse plakkaatboek, 1652-1795 (Kaapstad, s.n., 1944-1949).

LEIBBRANDT, H.C.V., Precis of the archives of the Cape of Good Hope: Requesten (Memorials) 1715-1806 (Cape Town, Government Printers, 1905).

THEAL, G.M., Chronicles of the Cape commanders: or an abstract of original manuscripts in the archives of the Cape Colony dating from 1651 to 1691 (Cape Town, Richards, 1882).

VAN JAARSVELD, F.A., Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961 (Johannesburg, Nasou, s.a.).

ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE

CLAASSENS, H.W., Die geskiedenis van Boerekos 1652-1806 (DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2003).

JOUBERT, J.J.F., Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbagh 1751-1771 (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1942).

KRAUSE, G.J., Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die H.O.I.K. (M.A.-verhandeling, UOVS, 1955).

LOURENS, J.E., Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie (D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1954).

PRETORIUS, J.C., Die Afrikaanse vrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806 (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1977).

SCHOEMAN, K., 'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765 (Manuskrip beskikbaar gestel deur Protea Boekhuis, Pretoria).

JAARBOEKE

BLOMMAERT, W., "Het invoeren van de Slavernij aan de Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1938, deel 1 (Kaapstad, s.n., 1938).

BÖESEKEN, A.J., "Die Nederlandse kommissarisse in die 18e eeuse samelewing aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 7, 1944 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1945).

BOOYENS, B., "Kerk en staat, 1795-1843", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 28, 1965, deel 2 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1965).

BOUCHER, M., "The frontier and religion", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 31, 1968, deel 2 (Johannesburg, Staatsdrukker, 1969).

DE VILLIERS, C.J., "Die Britse vloot aan die Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 32, 1969, deel 1 (Johannesburg, Staatsdrukker, 1969).

DE VILLIERS, J., "Hottentot-regimente aan die Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 33, 1970, deel 2, (Johannesburg, Staatsdrukker, 1977).

FRANKEN, J.L.M., "'n Kaapse huishoue in die 18e eeu uit Von Dessin se briefboek en memorial", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 3, 1940, deel 1 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1940).

HOGE, J., "Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 9, 1946 (Kaapstad, Staatsdrukker, s.a.).

MARAIS, M.M., "Armsorg aan die Kaap onder die kompanjie, 1652-1795", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg, 6, 1943 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1945).

NAUDE, S.D., "Willem Cornelius Boers", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg, 13, 1950, deel 2 (Johannesburg, Staatsdrukker, 1971).

SCHOLTZ, G.D., "Ons Kerk die oudste en oorspronklike Kerk", of "Die naam van ons Kerk", J.N. Geldenhuys, (hoofkompilator), *Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke,* 1952 Van Riebeeck – feesuitgawe (Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1951).

VAN JAARSVELD, F.A., "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 13, 1950, deel 2 (Johannesburg, Staatsdrukker, 1971).

VAN RENSBURG, J.I.J., "Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 17, 1954 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1954).

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK

Vyf dele vanaf 1968-1987 gepubliseer.

Deel 1, DE KOCK, W.J. (hoofred.), (Kaapstad, RGN, 1968).

Deel 2, DE KOCK, W.J. & KRUGER, D.W. (hoofreds.), (Kaapstad, RGN, 1972).

Deel 3, KRUGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds.), (Kaapstad, RGN, 1977).

Deel 4, BEYERS, C.J. (hoofred.), (Durban, RGN, 1981).

Deel 5, BEYERS, C.J. & BASSON, J.L. (hoofreds.), (Pretoria, RGN, 1987).

PERIODIEKE PUBLIKASIES

CRUYWAGEN, W.A., "Die VOC, wins en verlies: 'n perspektief vanuit 2002", *Historia*, vol. 47(1), Mei 2002.

GILIOMEE, H., "Voëlvlug van 'n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar, *Historia*, vol, 46(1), Mei 2001.

PRETORIUS, J.C., "Medicine at the Cape in the 17th and 18th century", *South African Journal of cultural history*, vol 1, January 1984.

SWART, M.J., "Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850", *Hertzog-annale*, jb 5, Desember 1958.

VERSKEIE REFERENTE, Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Bloemfontein, Junie 1968.

VERSKEIE REFERENTE, *Besinning en uitsig*, Referate gelewer tydens die eeufeesjaar van die Teologiese Skool, PU. vir CHO, 1969.

VILJOEN, R.S., "Disease and society: VOC Cape Town, its people and the small pox epidemics of 1713, 1755 and 1767", *Kleio*, Journal of the department of history, University of South Africa, no. 27, 1995.

Genealogiese verslag, nageslag van Jan Cruywagen (Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Stellenbosch, 16 April 1999).

KOERANTE

Beeld, 14 Junie 1999.

Beeld, 26 Junie 2002.

TYDSKRIFTE (Populêr)

Die Kerkbode, 24 November 1937.

Die Huisgenoot, 1 Oktober 1965.

Die Huisgenoot, 2 Februarie 1968.

Handhaaf, Augustus 1970.

BOEKE

BARNARD, A., *South Africa a century ago (1797-1801)* (Cape Town, Maskew Miller, s.a.).

BEKKER, A.E., *The history of False Bay up to 1795* (Simon's Town, Simon's Town historical society, 1990).

BEYERS, C., *Die Kaapse Patriotte 1779-1791* (Kaapstad, Juta, 1929).

BIEWENGA, A., *De Kaap de Goede Hoop: een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730* (Amsterdam, Prometheus / Bert Bakker, 1999).

BLOK, P.J., *Geschiedenis van het Nederlandse volk* (Leiden, A.W. Sijthoffs, s.a.).

BOAK, A.E.R. et.al. (reds.), *The growth of European civilisation* (New York, Crofts, 1943).

BÖESEKEN, A.J., *Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1948).

BÖESEKEN, A.J., *Simon van der Stel en sy kinders* (Kaapstad, Nasou, 1964).

BÖESEKEN, A.J., *Slaves and free blacks at the Cape 1658-1700* (Cape Town, Tafelberg, 1977).

BÖESEKEN, A.J. & Cairns, M., *The secluded valley, Tulbagh: 't Land van Waveren 1700 - 1804* (Johannesburg, Perskor, s.a.).

BOSMAN, D.B. & THOM, H.B. (reds.), *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*: 3 dele (Kaapstad, A.A.Balkema, deel 1 1952, deel 2 1955, deel 3 1957).

BOTHA, C.G., *Social life at the Cape in the 18th century* (Cape Town, Juta & Co., s.a.)

BOTHA, C.G., *Social life and customs during the 18th century* (Kaapstad, Struik, 1970).

BRUGMANS, E., (red.), *Cultuurfilosofie: Katholieke reformatorische, humanistische, Islamitische en Joodse reflecties over onze cultuur* (s.l. Damon, 2002).

CAMERON, T., (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Kaapstad, Human & Rosseau, s.a.).

CLAASEN, J.P., *Die sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866* (Pretoria, N.G. Boekhandel, 1977).

COERTZEN, P., *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (Kaapstad, Tafelberg, 1988).

CRONJE, G. (red.), *Die westerse kultuur in Suid-Afrika* (Pretoria, Van Schaik, 1963).

CRONJE, G. (red.), *Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe* (Pretoria, Van Schaik, 1970).

DE KLERK, P., *Geskiedenis as kultuurontwikkeling: aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis* (Durban, Butterworth, 1981).

DE KOCK, V., *Those in bondage: an account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company* (Pretoria, Union Booksellers, 1963).

DE PUYFONTAINE, ROY H., *Louis Michel Thibault 1750-1815: his official life at the Cape of Good Hope* (Cape Town, Tafelberg, 1972).

DE VILLIERS, A., *Vrouegalery: die lewe en werk van 'n aantal bekende vroue in Suid-Afrika* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1962).

DE VILLIERS, C.C. & PAMA, C., *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*: 2 dele (Kaapstad, A.A. Balkema, 1981).

DE WET, G.C., *Die vryliede en die vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (s.l., Historiese Publikasie-vereniging 1981).

DOMINICUS, F.C., *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeu* (S Gravenhage, s.n., 1919).

DREYER, A., *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924* (Kaapstad, S.A. Bijbelvereniging, s.a.).

DU TOIT, A. & GILIOMEE, H., *Afrikaner political thought: analysis and documents, vol. 1, 1780 - 1850* (Cape Town, David Philip, 1983).

DU TOIT, P.S., *Onderwys aan die Kaap onder die kompanjie 1652 - 1795 : 'n kultuur-historiese studie* (Kaapstad, Juta & Kie, 1937).

ELPHICK, R. & GILIOMEE, H. (ed.), *Shaping of South African society* (s.l., Maskew Miller / Longman, 1979).

EVANS, R.J., *In defence of history (London, Granta Books, 1997).*

FAURE, A.M. e.a. (reds.), *Suid-Afrika en die demokrasie* (Pinetown, Owen Burgess, 1988).

FOUCHÉ, L. (red.), *Het dagboek van Adam Tas 1705 - 1706*: hersien deur A.J. Böeseken (Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1970).

GROBBELAAR, P.W., *Die Afrikaner en sy kultuur*, (Kaapstad, Tafelberg), deel 1, Mens en land (1974), deel 4, Families, familiename en familiewapens (1975), deel 6, Boerewysheid (1977).

GUELKE, L., *Freehold farmers and frontier settlers 1657-1780* (Bookfield, Vt: Variorum, 1995).

GUELKE, L. & SHELL, L., *The deeds book: the Cape cadastral calendar 1677-1731* (New Haven, Opgaaf-project, 1990).

GEYL, P., Geschiedenis van de Nederlandsche stam, 2 dele (s.l., Nedl Biblioteek, 1930).

GIE, S.F.N., *Geskiedenis van Suid-Afrika: of ons verlede*, 2 dele (Stellenbosch, s.n, 1942).
GILIOMEE, H., *The Afrikaners: biography of a people* (Kaapstad, Tafelberg, 2003).

HATTERSLEY, A.F., *An illustrated social history of South Africa* (Cape Town, A.A. Balkema, 1973).

HAYES, C.J.H., *A political and cultural history of modern Europe*, vol 1 (New York, Macmillan, s.a.).

HEESE, H.F., *Groep sonder grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap 1652 - 1795* (Belville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984).

HOFMEYR, G. (hoofred.), *N.G. Kerk 350 : eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 - 2002* (Wellington, Lux Verbi, 2003).

HOPKINS, H.C., *Die moeder van ons almal: geskiedenis van die gemeente Kaapstad 1665 - 1965* (Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, s.a.).

JAFFEE, J., *They raced to win 1797-1979: a history of racing in South-Africa* (Cape Town Struik, 1980).

LATEGAN, F.V. & POTGIETER, L., *Die Boer se roer tot vandag: die ontwikkeling van vuurwapens in Suider-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 1974).

LE VAILLANT, F., *Reize in de binnenlanden van Afrika, langs de Kaap de Goede Hoop, in de 1780-1785, gedaan door den Heer Le Vaillant*, uit het Fransch door J.D. Pasteur (Leyden, Honkoop & Allart, 1791-1788).

LEIPOLDT,C.L., *Die Hugenote* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1942).

LOMBARD, R.T.J., *Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika* (Pretoria, R.G.N., 1977).

MALAN, J., *Rytuie van weleer* (Pretoria, Van Schaik, 1981).

MATTHEE, D., *Pieternella van die Kaap: historiese roman oor Pieternella en Eva Krotoa* (Kaapstad, Tafelberg, 2000).

MENTZEL, O.F., *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, translated from the German by H.J. Mandelbrote (Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1925).

MOTLEY, J.L., *History of the United Netherlands from the death of William the Silent to the twelve years' truce - 1609* (London, John Murray, 1875).

MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academica, 1980).

MULLER, C.F.J., *Sonop in die suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1990).

NEL, P.G. (red.), *Afrikanerkultuur: Fondament en vergesig* (Pretoria, Navorsings en Publikasiekomitee UP, 1981).

NEL, P.G. (red.), *Kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria, HAUM, 1979).

NEPGEN, C.C., *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes* (Stellenbosch, CSV-Boekhandel, 1938).

NEWTON THOMPSON, J., *The Story of a house* (Cape Town, Howard B. Timms, 1968).

NIENABER, P.J., *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1943).

OBERHOLSTER, J.J., *Die historiese monumente van Suid-Afrika* (Kaapstad, Kultuurstigting-Rembrandt van Rijn, 1972).

OLIVIER, P.L. (samesteller), *Ons gemeentelike feesalbum. Oorsig van ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met die geleentheid van die Van Riebeeck-fees 1952* (Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1952).

PAMA, C., *Die groot Afrikaanse familienaamboek* (Kaapstad, Human & Rosseau, 1983).

PENN, N., *The Northern Cape frontier zone* (s.l., s.n., 1995).

PENN, N., *Rogues rebels and runaways: eighteenth century Cape characters* (Cape Town, David Philip, 1999).

PINE, L.G., *The genealogists' encyclopedia* (New York, s.n. 1969).

PRETORIUS, C., *Al laggende en pratende: Kaapse vroue in die 17e en 18e eeu* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1998).

RENKEN, C.R.E. (opsteller), *Tuynhuys, die kantoor van Suid-Afrika se staatspresident* (Kaapstad, Buro vir inligting, 1987).

ROSS, R., *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa* (London, Routledge & Kegan Paul, 1983).

ROTHMAN, M.E. & ROTHMAN, A., *Die drosdy op Swellendam* (Swellendam, Drosdykommisie, 1960).

ROUX, P.E., *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie* (s.l., s.n., s.a.).

RUNIA, K., *Calvijns betekenis in onze tijd* (Potchefstroom, Insituut vir bevordering van Calvinisme, 1970).

SCHOEMAN, K., *Dogter van Sion: Machtelt Smit en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap 1749-1799* (Kaapstad, Human & Rosseau, 1997).

SCHOLTZ, G.D., *Die ontwikkeling van die poltieke denke van die Afrikaner 1652 – 1806*, deel 1, (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967).

SCHOONEES, P.C. e.a. (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, dele 1 - 7 (Pretoria, Staatsdrukker, 1950 - 1984).

SCHOONEES, P.C. e.a. (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, dele 8 - 11 (Stellenbosch, Buro van die WAT, 1991 - 2000).

SCHUTTE, G.J. (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel jr. oor Kaapse sake 1778-1792* (Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, s.a.).

SLEIGH, D., *Die Buiteposte: V.O.C.-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795* (Pretoria, HAUM, 1993).

SLEIGH, D., *Eilande* (Kaapstad, Tafelberg, 2002).

SMITH, M.H.D., *Boerepioniers van die Sandveld* (Pretoria, s.n., 1985).

SMUTS, F. (red.), *Stellenbosch drie eeue* (Stellenbosch, Stadsraad van Stellenbosch, 1979).

SPILHAUS, A.M.W., *The first South Africans and the laws which governed them* (Cape Town, Juta & Co, 1949).

STAVORINUS, J.S., *Voyages to the East Indies containing a voyage to the Cape of Good Hope, Batavia, Bantam and Bengal with observations on those parts, etc. in the years 1786 – 1771,* vol. 1, translated from the original Dutch by C.G. Wilcocke (London, C.G. & J. Robinson, 1798).

STEYN, J.C., *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans* (Kaapstad, Tafelberg, 1980).

STOCKENSTRÖM, E., *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands Afrikaanse volk: 'n beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het in die 350 jaar tussen 1568-1918* (s.l., s.n. s.a.)

TEMPELHOFF, J.W.N., *Verhuidiglikte verlede* (Vanderbijlpark, Uitgewery Kleio, 2002).

THEAL, G.M., *Willem Adriaan van der Stel and other historical sketches* (Cape Town, Maskew Miller, 1913).

THEAL, G.M., *History of South Africa from 1795 to 1872*, vol. 1 (London, George Allen & Urwin, 1915).

THOM, H.B. (toeligtende red.), *Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen over de verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop 1804* (Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1942).

TOYNBEE, A.J., *A study of history: abridgement of vol. 1-6 by D.C. Somervell* (New York, Oxford University Press, 1947).

VALENTIJN, F., *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met den zaaken daar toe behoorende*, deel 1 (Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1971).

VAN BROEKHUIZEN, H.D., *Die wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke in Suid-Afrika 1652-1804* (Pretoria, J.H. de Bussy, 1922).

VAN DEN HEEVER, C.M. & PIENAAR, P DE V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, drie dele (onderskeidelik 1945, 1947, 1950) (Kaapstad, Nasionale Boekhandel).

VAN DER MERWE, H.W. (compiler), *Looking at the Afrikaner today* (Cape Town, Tafelberg, 1975).

VAN DER MERWE, J.P., *Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806* (Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1926).

VAN DER MERWE, P.J., *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938).

VAN DER MERWE, P.J., *Trek: studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1945).

VAN DER WALT, A.J.H. e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1 (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951).

VAN DER WATEREN, H., *Kultuur: kleed van die mens* (Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.a.).

VAN DER WATT, P.B., *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*, deel 1 (Pretoria, N.G. Kerk boekhandel, 1976).

VAN JAARSVELD, F.A., *Afrikaner Quo Vadis?* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971).

VAN JAARSVELD, F.A., *Die Afrikaner en sy geskiedenis* (Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1959).

VAN JAARSVELD, F.A., *Omsingelde Afrikanerdom* (Pretoria, HAUM, 1978).

VAN JAARSVELD, F.A., *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad, Tafelberg, 1981).

VAN PEURSEN, C.A., *Cultuur in stroomversnelling* (Leiden, M Nijhoff, 1987).

VENTER, E.A., *Die ontwikkeling van die Westerse denke: 'n oorsig van die geskiedenis van die filosofie gedurende 26 eeue* (Bloemfontein, Sacum, s.a.).

VENTER, E.A., *Wysgerige temas. 'n Keur van Christelik-wysgerige opstelle* (Bloemfontein, Sacum, s.a.).

VISAGIE, G.C., *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806* (Kaapstad, Juta & Kie, 1969).

WALKER, E.A., A *History of South Africa* (London, Longmans, Green, 1940).

ILLUSTRASIES

KAARTE

Skeepvaartroetes na die Ooste en die Nederlandse Oos-Indiese handelsryk. 53

Die Kaapse volksplanting na vyftig jaar. 92

Die Kaapse volksplanting in 1750. 265

Die Kaap onder die Bataafse Republiek. 401

ANDER

* Georg Schmidt van die Morawiese Broederskap. 30

* Genadendal, die sendingstasie van Georg Schmidt. 31

Die Nederlandse Oos-Indiëvaarder, die *Noord Nieuwlandt*. 55

Die Kasteel de Goede Hoop. 58

Lakafdruk van Jan Cruywagen se familiewapen. 59

Grondbrief van 'n Hugenoteplaas. 63

Die Parade in 1762 (Johannes Rach). 131

Ds. Francois Valentijn, die reisiger-skrywer. 132

Die eerste Gereformeerde kerk, Kaapstad (die latere Groote Kerk). 133

* 'n *Onkost rekening* uit 1701 met die bou van die eerste kerk. 134

'n Voorstelling van Vergelegen, Willem A. van der Stel se landgoed. 148

Baron Gustaaf Willem van Imhoff, goewerneur-generaal van die Nederlandse besittings in die Ooste. 204

Die preekstoel in die Groote Kerk met die Cruywagen-Bybel. 269

Groentemarkplein, Kaapstad met die Burgerwaghuis. 274

* Ds. Christiaan Fleck een van die eerste drie Kaapse jong mans wat teologiese opleiding in Nederland ontvang het. 343

Ds. H.W. Ballot, later predikant op Tulbagh en sy vrou Elizabeth Wilhelmina Cruywagen. 353

Die oorspronklike kerk van die gemeente Roodezands in die land van Waveren (Tulbagh). 356

* - Geneem met toestemming uit: *N.G. Kerk 350, G. Hofmeyr, (hoofredakteur), Lux Verbi.BM, Posbus 5, Wellington. 7654*

AFSTAMMINGSTABEL

Swaar omraamde name dui bloedlyn aan

VERKLARING

* = Geboortedatum
≈ = Doopdatum
x = Huweliksdatum
xx = Datum van 2e huwelik
† = Sterfdatum
? = Onbekend

a Jan Meindert Cruywagen
* ?
= ?
X ?
XX 27/08/1681
Swaantjen van Alsen
† Tussen 1712 en 1720

b1 Jan Meindert (Meendert)
* c. 1661
= ?
X 23/11/1692
Catharina van Maarsen
† 1728

c1 Jan Meindert (Johannes)
* 13/03/1695
= 13/03/1695
X 27/04/1721
Susanna Margaretha Meyer
† 1745

c2 Everdina
* Oktober 1697
= 13/10/1697
X 21/01/1714
Heinrich Ostwald Eksteen
† c. 1718

c3 Catharina
* 1707
= 05/06/1707
X 23/40/1723
Cornelis Heufke
† Tussen 1766 en 1772

d1 Jan Meindert (Jan IV)
* September 1722
= 13/09/1722
X 02/01/1744
Geertruida Agnita Heyning
† 1791

d2 Susanna
* Desember 1724
= 24/12/1724
X 15/03/1744
Adriaan van Schoor
† ?

d3 Catharina Everdina
* Januarie 1732
= 31/01/1732
X 15/12/1750
Evert van Schoor
† Na 1790

d4 Gerhardus Hendrik
* September 1738
= 21/09/1738
X 14/10/1759
Cornelia Sophia Ehlers
† 19/02/1788 (09/02/1788)

e1 Johannes Meindert
* Julie 1760
= 20/07/1760
X ?
† ?

e2 Johanna Catharina
* 1762
= 02/05/1762
X 22/01/1783
Jacob Pieter Deneys
XX 16/09/1804
Dirk Gysbert van Reenen
† ?

e3 Susanna Margaretha
* Julie 1763
= 31/07/1763
X 26/09/1784
Ds Christiaan Fleck
† 1796

e4 Izaak
* September 1764
= 16/09/1764
† Jonk oorlede

e5 Cornelis
* 31/01/1765
= 03/02/1765
X 18/02/1787
Margaretha Hendrika Appeldoorn
† 29/05/1808

e6 Johanna Catharina
* Januarie 1766
= 19/01/1766
† Jonk oorlede

e7 Dorothea Hendrika
* Junie 1768
= 17 Junie 1768
X 10/09/1786
Johannes Izaak Rhenius
† ?

e8 Gerhardus Hendrik
* Junie 1769
= 25/06/1769
† Jonk oorlede

e9 Cornelia Sophia
* Junie 1770
= 01/07/1770
X ?
Adriaan van Berg
† ?

e10 Anna Jacoba
* Mei 1772
= 31/05/1772
X ?
Frans Sebastiaan Valentijn le Seur
† ?

e11 Adriaan Jacobus
* September 1773
= 12/09/1773
X 30/06/1793
Maria Magdalena Karnspek
† ?

e12 Elizabeth Wilhelmina
* Oktober 1775
= 15/10/1775
X 22/02/1801
Ds H W Ballot
† September 1840

e13 Catharina Everdina
* Oktober 1776
= 03/11/1776
X 18/03/1798
M A van Schoor
† 28/03/1803

e14 Jan Frederik
* ?
= 03/09/1777
† Jonk oorlede

e15 Hendrik Everhard
* ?
= 03/01/1779
X 18/02/1801
Anna Jacomina Heyneman
† ?

e16 Mynhard Johannes Cornelis
* Maart 1980
= 19/03/1780
† Jonk oorlede

e17 Jan Frederik
* Oktober 1781
= 21/10/1781
X ?
Jeanetta van Brederade
† c. 1822

e18 Justinus Johannes Cornelis
* Oktober 1783
= 21/10/1783
† Jonk oorlede

f1 Dorothea Maria
* ?
= ?
X ?
† ?

f1 Gerhardus Albertus Frederick
* 1821
= 03/05/1821
X ?
Johanna Magdelena (Hester) Celliers
† ?

f3 Adriaan Jacobus
* 1808
= ?
X ?
† 29/08/1845

g1 Cornelia Dorothea Regina
* 04/03/1842
= ?
X 27/03/1860
Francois John de Wet
† 1926

g2 Jannetta Sophia
* c. 1843
= ?
X 16/12/1862
Carl Frederik Kirsteyn
XX 02/09/1873
Johannes Petrus Bruwer
† 26/08/1916

g3 Willem Adriaan
* 28/081847
= ?
X ?
Maria Elizabeth Storm
† 12/11/1925

g4 Hester Johanna
* 08/11/1849
= ?
X ?
† ?

g5 Gert Albertus Frederik
* c. 1852/3/4
= ?
X ?
† ?

g6 Abaraham Albertus Marthinus
* 12/06/1845
= ?
X ?
† ?

g7 Dorothea Maria
* 06/11/1857
= 18/12/1857
X ?
† ?

g8 Jacob Gabriël
* 26/01/1860
= 19/02/1860
X
† ?

g9 Adriaan Johannes
* 26/05/1864
= 09/07/1864
† ?

g10 Elizabeth Johanna Margaretha
* 27/06/1867
= 04/08/1867
† ?

h1 Gert Albertus Frederick
* 13/09/1871
= ?
† 13/06/1878

h2 Christiaan Andries
* 1873
= ?
† 23/12/1876

h3 Willem Adriaan
* 05/11/1875
= ?
X ?
XX ? Miemie Greyvenstein
† 06/07/1910 of 10/07/1910

h4 Johannes David
* 24/09/1877
= ?
† 19/11/1877

h5 Maria Elizabeth (Johanna)
* 03/11/1879
= ?
X ? Abraham Brink
† 09/09/1961

h6 Gert Christiaan
* 01/04/1882
= ?
X ?
† 18/08/1955

h7 Hester Johanna
* 12/06/1884
= ?
X ? Hentie Meyer
† 29/09/1909

h8 Abraham Albertus
* 29/05/1886
= ?
X 28/05/1918
Francina Christina Schutte
† 09/08/1966

h9 Hendrik Johannes
* 03/11/1888
= ?
† 30/05/1891

h10 Jacob Gabriël
* 13/04/1891
= ?
X ? Isabella Oosthuizen
† c. 1973

h11 Hermanus Johannes
* 13/03/1894
= ?
X ? Anna Greef
† 25/09/1949